

h ANALITIES - DESKRIPTIEWE UITEENSETTING EN EVALUASIE VAN DIE
KWAZULU-WET OP DIE WETBOEK VAN ZOELOEREG
16 VAN 1985

DEUR

JOHANNES JACOBUS BÜCHNER

VOORGELê LUIDENS DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER LEGUM

IN DIE

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN ZOELOELAND

PROMOTOR: PROFESSOR M G ERASMUS

MEI 1989

---o00o---

VOORWOORD

Graag wil ek my dank betuig teenoor my promotor, Professor M G Erasmus, vir sy leiding met die afhandeling van hierdie studie.

Voorts my opregte dank en waardering aan Professor N J C van den Bergh vir sy waardevolle raad, belangstelling en kritiese opmerkings.

Laastens my dank aan my vrou Petro, vir haar aanmoediging en die geduldige wyse waarop sy die tikwerk behartig het.

Ek verklaar dat hierdie verhandeling my eie werk is en dat die menings en gevolgtrekkings hierin vervat nie noodwendig deur bogenoemde persone ondersteun word nie.

OPSOMMING

Die Kwazulu-wet op die Wetboek van Zoeloereg 16 van 1985 is 'n voortsetting van 'n praktyk, wat reeds in 1878 'n aanvang geneem het, om Zoeloereg en -gebruik te kodifiseer.

Die Kwazulu Wetboek volg nie tradisionele Zoeloereg en -gebruik slaafs na nie. Die Zoeloe-samelewing self word blootgestel aan invloede en veranderinge met betrekking tot lewenswyse, waardestelsel en lewensomstandighede, en die Kwazulu Wetboek weerspieël in dié opsig klaarblyklik die normatiewe en ander opvattinge van die samelewing.

Die Kwazulu Wetboek reël veral privaatregtelike aspekte soos die persoonlike status van burgers van Kwazulu, voogdyskap, beheersbevoegdhede van familiehoofde ten aansien van familiewonings en huisgenote, die totstandkoming, egskeiding en nietigverklaring van gebruiklike huwelike en verwante verbintenisse, die lobolo-instelling, status van eggenotes, indeling van familiewonings in afdelings, affiliasie van huise en erfenis en erfopvolging.

Ander aspekte wat deur die Kwazulu Wetboek statutêr gereël word, behels, onder andere, die publiekreg, soos die strafreg (misdrywe wat teen die openbare orde, gesag, fatsoenlikheid en sedelikheid gerig is, of wat uit die regulasies aangaande gebruiklike huwelike en verwante verbintenisse voortspruit), en staats- en administratiefreg (die verhoudinge tussen stamgenote en persone wat in posisies van tradisionele gesag verkeer, die publiekregtelike bevoegdhede van dié gesagsinstansies en die aanstelling van opvolgers by die afsterwe van kapteins) sowel as sekere prosesregtelike

aangeleenthede, en die praktyk met betrekking tot genees- en kruiekundiges en vroedvroue.

Die strukturalistiese werkswyse wat gevolg word, identifiseer elke hoofstuk in die Kwazulu Wetboek as 'n afsonderlike entiteit met sy eie reëlende bepalings. Elke artikel of sodanige artikels wat bymekaar in 'n besondere hoofstuk hoort en wat judisieël beregbaar is, word in kronologiese volgorde aan 'n analities-deskriptiewe ondersoek en evaluasie onderwerp, en word veral aan die hand van die menings, opinies en beslissings van die toepaslike regs- en volkekundige literatuur en hofbeslissings, regskundig uitgelê. Enkele artikels word nie deur ons regskrywers bespreek nie en was ook nog nie aan 'n judisiële ondersoek onderworpe nie, en hulle word ook regskundig uitgelê.

Sommige van die bepalings verander tradisionele Zoeloereg en -gebruik ingrypend, soos onder andere, die verhoging van die status van swart vroue en die uitbreiding van hulle eiendoms-, erfenis- en opvolgingsregte. Daar word gevolglik aangedui of die huidige bepalings 'n afwyking of uitbreiding van Zoeloereg en -gebruik is. In sommige gevalle is gevind dat daar teenstrydighede tussen die Afrikaanse en Engelse tekste van die Kwazulu Wetboek bestaan. In sodanige gevalle of in daardie gevalle waar regsonsekerheid bestaan, word aanbeveel dat die besondere artikels paslik gewysig word.

SUMMARY

The Kwazulu Act on the Code of Zulu Law 16 of 1985 is the continuation of a practice which commenced in 1878, with the aim of codifying Zulu law and custom.

The Kwazulu Code is not a restatement of traditional Zulu law and custom. The Zulu community is exposed to influences and changes in relation to their way of life, perspectives on values and circumstances of life, and the Kwazulu Code apparently reflects the normative and other conceptions of the community in this regard.

The Kwazulu Code regulates aspects of private law such as the personal status of citizens of Kwazulu, guardianship, control of family heads over family homes and inmates, conclusion, divorce and nullification of customary marriages, lobolo institution, status of wives, division of family homes into sections, affiliation of houses, and inheritance and succession.

Other aspects that are statutorily regulated by the Kwazulu Code include, inter alia, public law, such as criminal law (offences against public order, authority, decency and morals, or in terms of the regulations in respect of customary marriages and cognate unions), and constitutional and administrative law (the relationship between the members of a tribe and those persons who are traditionally in positions of authority, the powers in terms of public law of the authoritative instances, and the appointment of successors to deceased chiefs) as well as certain procedural matters, and the practice relating to medicine men, herbalists and midwives.

The structuralistic method which is applied in this dissertation identifies each chapter of the Kwazulu Code as a separate entity with its own regulating provisions. Each section, or such sections in a chapter which can be grouped together, is subjected in chronological order to an analytic-descriptive investigation and evaluation, and especially on the basis of the views, opinions and decisions of legal and ethnological literature and court decisions, interpreted juridically. A few sections have not been discussed by our legal writers, nor have they been subjected to judicial investigation. These too are interpreted juridically.

Some of the provisions alter traditional Zulu law and custom drastically, for instance, the elevation of the status of Black women and the extension of their rights in respect of ownership, inheritance and succession. Consequently it is indicated whether existing provisions depart from or extend Zulu law and custom. In some instances it was found that contradictions exist between the Afrikaans and English texts of the Kwazulu Code. It is therefore recommended that where such contradictions or legal uncertainty exist, the relevant sections be amended appropriately.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	i
OPSOMMING	ii
SUMMARY	iv
HOOFSTUK I: INLEIDING	
1. Agtergrond	1
2. Probleemstelling	2
3. Beperking van die studiegebied	3
4. Begripsomskrywings	4
5. Navorsing	6
5.1 Bronnestudie	6
5.2 Metodologie	8
HOOFSTUK II: WOORDOMSKRYWING EN VERKLARENDE BEPALINGS	11
HOOFSTUK III: STAMGRENSE	
Omskrywing	16
Vermoede van stamlidmaatskap	18
Inter-distrikse verskuiwing	30
HOOFSTUK IV: KAPTEINS EN HOOFMANNE	
Magte, bevoegdhede, pligte, funksies, regte en voorregte	38
Geregtig op voorregte van geregshof	67
Erkenning en aanstelling van opvolger	78

HOOFSTUK V: PERSOONLIKE STATUS

Elke Swarte is familiehoof of huisgenoot	102
Eiendomsregte	106
Meerderjarigheidsouderdom	110
Kontraktuele bevoegdheid van minderjarige	115
Huise en families van minderjariges	119

HOOFSTUK VI: FAMILIEHOOFDE

Familiehoofde van familiewonings	128
Administrasie van boedels tydens minderjarigheid van erfgename	130
Verdienste van familielede	134
Familiehoof eienaar van familiewoning en het toesig en beheer oor huiseiendom	142
Huisgenote onder beheer van familiehoof	149
Verantwoordelik vir gedrag van huisgenote	150
Oortreders arresteer	153
Redelike lyfstraf toedien	155
Persoon aanstel om te ageer as familiehoof	156

HOOFSTUK VII: VOOGDYSKAP

Wettige voogde	170
Skorsing van familiehoof of voog	176
Sekerheid	176
Vergunning verkry vir regstappe	178
Redelike besoldiging eis	179
Aansoek om voogdy	181

HOOFSTUK VIII: SIVIELE EN GEBRUIKLIKE HUWELIKE EN VERWANTE
VERBINTENISSE

Siviele huwelike	188
Gebruiklike huwelike	193
Aanstelling en ontslag van offisiële getuies	204
Pligte van offisiële getuies	208
Bron van <u>lobolo</u> verklaar	208
Registrasie van gebruiklike huwelike	209
Gronde vir egskeiding	212
Gronde vir nietigverklaring	218
Pligte van party wat egskeiding verlang	221
Bevele met betrekking to <u>lobolo</u>	222
Toesig oor minderjarige kinders	228
<u>Ukungena-</u> verbinding	233
<u>Ukuvusa-</u> verbinding	238

HOOFSTUK IX: LOBOLO

Betaling en aflewering van <u>lobolo</u>	260
Sekere vroue beding en ontvang <u>lobolo</u>	263
<u>Lobolo</u> bestaan uit	265
<u>Lobolo</u> vir vroue in sekere katagorië	266
<u>Lobolo</u> -ontvanger verleen beskerming en asiel	271
Hulp aan jonger seuns en broers	274
Familie- en huiseiendom as <u>lobolo</u> gebruik	279
Eise vir verhaal van <u>lobolo</u>	281
<u>Nqguthu</u> -beeste	285

HOOFSTUK X: DIE FAMILIESTELSEL

Totstandbringings van senior of geaffilieerde huise	297
Status van eggenotes	303
Verdeling van familiewoning in afdelings	311
Status van vroue van kaptein by erfopvolging	317
Familiewoning in subwonings verdeel	319
Huisgenote kan familiewoning verlaat	321
Persoonlike eiendom van meisie in huwelik	321

HOOFSTUK XI: ERFENIS EN ERFOPVOLGING

Testate en intestate vererwing	331
Eersgeboortereg	334
Erfopvolging waar familiewoning in afdelings verdeel is	334
Vererwing in eiendom van ongetroude vrou	348

HOOFSTUK XII: GENEES- EN KRUIEKUNDIGES EN VROEDVROUE

Lisensiëring	354
Lisensiefooie	361
Eis van diensfooie	362
Aanspreeklikheid vir nalatigheid	365
Misdrywe	367

HOOFSTUK XIII: ONREGMATIGE DADE

Fundeer aksie vir skadevergoeding	379
Hof bepaal skadevergoedingsbedrag	383
Eerskennis (laster)	384

Vernietiging van gesaaides deur vee	392
Nalatige stig of beheer van veldbrande	395
Verleiding van ongetroude vrou	397
Owerspel	404
Ontvoering van kind, voogdelling of eggenote	407
Aksessore-aanspreeklikheid van familiehoof	409
Huisgenoot nie familiehoof aanspreek vir skadevergoeding	413

HOOFSTUK XIV: SIVIELE PROSEDURE EN DIVERSE BEPALINGS

Regsmag van howe	431
Goeie Zoeloemaniere	435
Vroue nie as eiendom of goedere behandel nie	437
Lewering	437
Opeis van gesteelde goedere	437
Verkoop is vir kontant tensy anders bepaal	437
Aanteel van vee	439
Lenings verhaalbaar	440
Rente onbekend	441
Insolvensiewette ontoepaslik tensy handelaars	442
Tradisionele wonings	443

HOOFSTUK XV: MISDRYWE EN ALGEMENE STRAFBEPALINGS

Misdrywe teen openbare orde, gesag, fatsoenlikheid en sedelikheid	448
Misdrywe rakende gebruiklike huwelike en verwante verbintenisse	461
Diverse misdrywe	461
Algemene strafbepaling	464
Herroeping van wette	465

BIBLIOGRAFIE

471

KWAZULU WETBOEK INDEKS

482

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. AGTERGROND

Die Wetgewende Vergadering van Kwazulu het gedurende 1985 die Kwazulu-wet¹ op die Wetboek van Zoeloereg 16 van 1985 aanvaar.² Hierdie wetboek is die resultaat van 'n behoefte om veral Zoeloereg te kodifiseer, wat reeds in 1878 sy beslag gekry het.

Die Natalse Kode van 1878 was 'n "amalgam of traditional law and such modification as has been introduced in the past by the Natal Government. The regulations under the Marriage Law of 1869, for instance, were woven into the Code. In so far as the Code embodied customary law, it was an exceptionally poor statement of that law".³

Die Natalse Kode van 1878 is deur die Natalse Kode van 1891,⁴ wat veel omvangryker, maar ook aan kritiek onderhewig was,⁵ vervang. Die Natalse Kode van 1891 is in 1932 hersien en is gevolg deur die promulgasie van die Natalse Kode van 1932.⁶ Whitfield⁷ dui aan dat laasgemelde Kode "does not and cannot possibly embrace all the juristic practices of the Natives, but where included, the provisions have the force of law".⁸

Die Natalse Kode van 1932 is in 1967 hersien en herpromulgeer,⁹ en afgesien van enkele minder belangrike daaropvolgende wysigings, is die Natalse Kode van 1967 van toepassing gewees in -

- (i) Natal tot en met die aanname van die Natalse Kode van 1987;¹⁰
 (ii) Kwazulu tot en met die aanname van die Kwazulu Wetboek van 1981.¹¹

Die Kwazulu Wetboek van 1981 het ten doel gehad om die status van Swart vroue te verhoog; om die eiendoms-, erfenis-, en opvolgingsregte van Swart vroue uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan. Bekker en Coertze (1983)¹² meld dat die Kwazulu Wetboek die patroon volg van die vorige Kodes, maar dat dit belangrike ver-¹³anderings aangebring het. Hulle meld dat sommige van hierdie veranderings "strike at the roots of the Zulu legal system".

Die Kwazulu Wetboek van 1985, wat op 28 November 1986 in werking getree¹⁴ het, dien tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings met¹⁵ betrekking tot die wetboek van Zoeloereg.

2. PROBLEEMSTELLING

Die doel van hierdie navorsing is om die Kwazulu Wetboek analities en deskriptief uit te lê. Die Kwazulu Wetboek is 'n belangrike kodifikasie van kontemporêre "Zoeloereg" en geen poging is tot nog toe aangewend om hierdie wetboek in geheel aan judisiële beregting te onderwerp nie.

¹⁶Stafford en Franklin het in 1950 wel die Natalse Wetboek van 1932 artikelgewys behandel om te voorsien in "a handy reference to Native law as practised in Natal", maar hierdie werk is tans verouderd. Olivier et al (1981) en (1989), Bekker en Coertze (1982) en Bekker (1989) lewer belangrike bydrae tot die beskrywing en analise van die Zoeloe se regsinstellings

en die relevante bepalings van die Kwazulu Wetboek, maar hulle bespreek nie alle bepalings in die Kwazulu Wetboek nie.

In hierdie verhandeling is dus alle artikels van die Kwazulu Wetboek wat judisieël beregbaar is, aan 'n analitiese en deskriptiewe uitleg onderworpe.

Aangesien die reg 'n kultuursverskynsel is, en binne die raamwerk en teen die agtergrond van die breë kultuur van die betrokke menslike samelewing gesien moet word, is ook nagegaan of die huidige bepalings van die Kwazulu Wetboek in ooreenstemming met oorspronklike Zoeloereg is, aldan nie.

3. BEPERKING VAN DIE STUDIEGEBIED

In hierdie verhandeling is slegs die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat judisieël beregbaar is, beskrywe en geanaliseer. Bepalings wat administratief van aard is of wat duidelik en vanselfsprekend is, is nie in artikel-¹⁷ komponente ingedeel en bespreek nie. Hulle is slegs volledigheidshalwe aangehaal en daarna is gemeld dat hulle nie bespreek sal word nie.

Daar word aanvaar dat die Kwazulu Wetboek nie 'n volledige kodifisering van¹⁸ al die regsinstellings van die Zoeloe is nie. In dié verband is slegs na¹⁹ sodanige bekende regsinstellings verwys, maar is hulle nie bespreek nie.

Die Natalse Kode van 1987 is nie in hierdie verhandeling bespreek nie. Aan die begin van elke hoofstuk in hierdie verhandeling is daarop gewys of die bepalings van die Natalse Kode van 1987 met die Kwazulu Wetboek ooreenkom, aldan nie. Indien daar verskille is, is die verskille in die voetnotas van

die toepaslike hoofstukke aangedui.

4. BEGRIPSBEPALINGS

Die woordskrywings²⁰ van die Kwazulu Wetboek verskyn volledig in Hoofstuk 2 van hierdie verhandeling.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling het die hierna genoemde woorde²¹ die volgende betekenis:

Artikelkomponent:

Is 'n woord of woorde, 'n frase of sin of sinne in 'n artikel wat bespreek word en wat uitleg vereis.

Kwazulu Wetboek van 1981:

Die Kwazulu-wet op die Wetboek van Zoeloereg, Wet 6 van 1981.

Kwazulu Wetboek:

Die Kwazulu-wet op die Wetboek van Zoeloereg, Wet 16 van 1985.

Natalse Kode van 1872:

Die Kode van 1872 wat deur Proklamasie 2 van 1887 ook op Zoeloeland van toepassing gemaak is.

Natalse Kode van 1891:

Wet 19 van 1891 (Natal).

Natalse Kode van 1932:

Die Natalse Wetboek van Bantoereg, afgekondig in Proklamasie R168 van 1932.

Natalse Kode van 1967:

Die Natalse Wetboek van Bantoereg, afgekondig in Proklamasie R195 van 1967.

Natalse Kode van 1987:

Die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie R151 van 1987.

Die volgende aanhalingswyse word gebruik in verband met hofverslae:

NHC: Verslae van die "Natal Native High Court".

NAC (N&T): Verslae van die Naturelle-appèlhowe (Natal en Transvaal) 1929-1948.

NAC (C&O): Verslae van die Naturelle-appèlhowe (Kaap en Oranje-Vystaat) 1929-1948.

NAC (C): Verslae van die Naturelle-appèlhowe (Sentrale Afdeling) 1948-1962.

NAC (S): Verslae van die Naturelle-appèlhowe (Suidelike Afdeling) 1948-1962.

BAC (N-E): Verslae van die Bantoe-appèlhowe (Noord-Oostelike Afdeling) 1948-1962.

BAC (C): Verslae van die Bantoe-appèlhowe (Sentrale Afdeling) 1963-1976.

BAC (S): Verslae van die Bantoe-appèlhowe (Suidelike Afdeling) 1963-1976.

ACCC (N-E): Verslae van die Appèlhof vir Kommissarishowe (Noord-Oostelike Afdeling) 1977-1983.

ACCC (S): Verslae van die Appèlhof vir Kommissarishowe (Suidelike Afdeling) 1977-1983.

ACCC (C): Verslae van die Appèlhof vir Kommissarishowe (Sentrale Afdeling) 1977-1983.

Verslae van die Hooggeregshof van Suid-Afrika word op die gebruikelike wyse aangehaal.

22

Die KwaZulu Algemene Regswysigingwet van 1987 bepaal onder andere, dat die amptelike titels van bekleërs van sekere ampte genoem in alle wette van toepassing in KwaZulu, as volg is:

Hoofkaptein - Sy Majesteit die Koning, of Inkosi Yamabandla Onke, of Ingonyana, of Inkosi Yohlanga

Kaptein - Inkosi

Kapteins - Anakhosi

Hierdie wet het onder my aandag gekom nadat die verhandeling voltooi is, en die Afrikaanse terme wat in hierdie verhandeling gebruik is, is nie in disrespek ten opsigte van die KwaZulu Wetgewer se reëlende bepalings gebruik nie.

5. NAVORSING

5.1 Bronnestudie

Die navorsing bestaan in die bestudering en samevatting van gepubliseerde

artikels, vakhandboeke en gerapporteerde hofbeslissings. Verskeie geskrewe bronne is nagegaan, en volkekundige werke was 'n belangrike sekondêre bron van inligting.²⁸

Regshandboeke waarin Zoeloereg soos toegepas deur ons howe uiteengesit is, is bestudeer.²⁴ Hulle moes omsigtig benader word aangesien van hulle verouderd is.

Gerapporteerde hofbeslissings is 'n belangrike bron van inligting, en is met omsigtigheid nagegaan.

Die belangrikste bron wat nagegaan is, is wetgewing. Die onderwerp onder bespreking is die Kwazulu Wetboek, en hierdie wet het in verskeie opsigte Zoeloereg gewysig.²⁵ In die uitleg van die Kwazulu Wetboek is ons gebonde aan die bepalings van die wetboek, maar daar moet ook in gedagte gehou word dat dit betrekking het op Zoeloereg, en dat die bepalings geïnterpreteer moet word in die lig van sodanige reg.²⁶ Verder is die bepalings van die Kwazulu Wetboek nie 'n volledige omvatting van Zoeloereg nie.²⁷ In die verband is gesê dat, "The provisions of the Code is not all definite and peremptory; they sometimes relate to custom which though generally, were not invariably observed. But where they embody rules of law in distinct terms, then these rules must be operative in all cases not expressly or impliedly excluded".²⁸

Ander wetgewing beperk of vul die Kwazulu Wetboek aan, en hul effek op die gemelde wetboek is nagegaan.²⁹

5.2 Metodologie

Aangesien die artikels van die Kwazulu Wetboek analisties-deskriptief geanaliseer word, is elke artikel of sodanige artikels wat bymekaar hoort, saamgevoeg en in artikelkomponente ³⁰ ingedeel. Alvorens 'n artikelkomponent bespreek is, is die beskikbare volkekundige- en regsliteratuur bestudeer, tesame met gerapporteerde hofbeslissings. Daarna is elke artikelkomponent uitgelê aan die hand van die menings, opinies en beslissings van die toepaslike literatuur en hofbeslissings. Na elke artikel of saamgevoegde artikels volg my evaluering daarvan, en indien nodig is aanbevelings gemaak met die oog op inhoudelike of strukturele verbeterings wat oorweeg behoort te word.

Literatuur en hofbeslissings wat voor die einde van Maart 1989 gepubliseer ³¹ is, is in hierdie verhandeling bygewerk.

Daar is baie setfoute, hetsy in die vorm van spelfoute of weglating van woorde, in die Afrikaanse teks van die Kwazulu Wetboek. Waar die woord (sic) voorkom, word dus aangedui dat 'n setfout of setfoute in die besondere artikel van die Kwazulu Wetboek voorkom.

VERWYSINGS

1. Ingevolge die bevoegdheid verleen in artikel 30, gelees met die Eerste Bylae van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971. Die Kwazulu Wetboek het op 28 November 1986 in werking getree. (Sien Kwazulu Goewermentskennisgewing 105 van 28 November 1986).
2. Hierna die Kwazulu Wetboek genoem.

3. Welsh (1971) 166. Hierdie Kode het ten opsigte van Natal gegeld, insluitende Zoeloeland. Sien Brookes 148; Hahlo en Kahn 323.
4. Law 19 of 1891 (Natal), in hierdie verhandeling die Natalse Kode van 1891, genoem.
5. Vir 'n volledige bespreking sien Dlamini (1983-4) 120-5; Welsh (1971) 168-71; Rogers 201-3.
6. Proklamasie 168 gedateer 23 September 1932. Hierdie Kode "Die Natalse Wetboek van Naturellereg", is in Natal en Zoeloeland van toepassing gewees (sien Stafford en Franklin 1), en word hierna die Natalse Kode van 1932 genoem.
7. Bladsy 7.
8. Die meeste kritiek teen die kodifisering van "Zoeloereg" handel oor die meriete van kodifisering, maar hierdie aspek regverdig 'n selfstandige studie. Sien Hahlo (1960) 432. Dlamini (1983-4) 141 meld: "What soon became clear was that the Code was not a natural outgrowth from the Blacks themselves as it tended to arrest the development of the law. This would invariably result in a discrepancy between the law as codified and the law as practiced by the Zulus. The codification presupposed that Zulu law had reached its ultimate stage of development which was not the case. Because of the number of social changes which had taken place among the Zulu to law applied to them had to change otherwise it would be bound to be inequitable".
9. Afgekondig in Proklamasie R195 van 1967 as "Die Natalse Wetboek van Bantoereg", en hierna die Natalse Kode van 1967 genoem. Vir 'n samevattende oorsig sien Attorney-General, Natal v Mngadi and others 1989(2) SA 13 (A); Khumalo 2-3.
10. In Natal (Kwazulu uitgesluit) geld tans die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie R151 van 1987, en hierna die Natalse Kode van 1987 genoem.
11. Afgekondig as die Kwazulu-wet op die Wetboek van Zoeloereg No. 6 van 1981 (Kwazulu), en hierna die Kwazulu Wetboek van 1981, genoem.
12. Bladsy 285.
13. Ibid. Sien ook Church (1983) 100; Dlamini (1984-2) 74.
14. Sien voetnota 1.
15. Sien die aanhef tot die Kwazulu Wetboek. Die belangrikste wysigings is vervat in artikels 28, 34, 59, 69, 81(5), (6) en (9) van die Kwazulu Wetboek.
16. Bladsy 1.
17. Sien byvoorbeeld artikels 43, 44, 46 en 47 van die Kwazulu Wetboek.

18. Vergelyk artikel 91 van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Mcunu v Mcunu 1918 AD 323 te 328; Whitfield 7.
19. Sien artikel 91 van die Kwazulu Wetboek.
20. Artikel 1.
21. Hierdie is nie werklike woordskrywings nie, maar eerder 'n verduideliking van wat in hierdie verhandeling met die woorde bedoel word.
22. Wet No 3 van 1987 (Kwazulu) en goedgekeur deur die Staatspresident op 31-8-1988.
23. Sien, onder andere, Ashton; Bryant (1960) en (1967); Bruwer; Callaway; Carpenter; Coertze (1960); De Clercq; Ellenberger en McGregor; Gelfand; Golden en Gelfand; Harries; Krige; Marwick; Reader; Schapera.
24. Byvoorbeeld Stafford en Franklin; Whitfield; Olivier et al (1981) en (1989). Bekker en Coertze (1982); Bekker (1989).
25. Sien, onder andere, artikels 12, 13, 19 en 27 van die Kwazulu Wetboek.
26. Vergelyk Dhlamini v Kuluse 1937 NAC 147 (N&T) 152.
27. Mahlo en Kahn 323.
28. Mcunu v Mcunu 1918 AD 323 te 328.
29. Byvoorbeeld die Swart Administrasie Wet 38 van 1927; Die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950.
30. 'n Artikelkomponent is omskryf op bladsy 4 van hierdie verhandeling.
31. Dit sluit in Olivier et al (1989) wat in April 1989 beskikbaar gestel is.

HOOFSTUK II

WOORDOMSKRYWING EN VERKLARENDE BEPALINGS¹

In die uitleg en beskrywing van die Kwazulu Wetboek is dit voor die hand liggend dat woordomskrywings, soos uiteengesit in artikel 1 van die Kwazulu Wetboek, 'n belangrike rol vervul. In hierdie hoofstuk word slegs die woordomskrywings, soos bepaal in die Kwazulu Wetboek, uiteengesit.²³

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"affiliasie" die aanhanklikheid van een of meer junior huise aan 'n senior of superieure huis, hetsy die Indlunkulu, die Ikhohlwa of die iqadi, ten einde voorsiening te maak teen 'n gebrek aan 'n erfgenaam in sodanige senior of superieure huis, en het "geaffilieer" 'n ooreenstemmende betekenis;

"burger" 'n persoon wat 'n burger van KwaZulu is ingevolge die Wet op Burgerskap van Nasionale State, 1970 (Wet 26 van 1970);

"ethula" vir sover dit by wet toepasbaar is, die gebruik waarby 'n junior huis 'n verpligting opgelê word vir die terugbetaling van lobolo wat van 'n senior huis mag geneem gewees het om sodanige junior huis tot stand te bring. Die lobolo van die oudste dogter van sodanige junior huis word gewoonlik aangedui as die bron waaruit die aanspreeklikheid gedelg moet word, maar die gebruik word nie erken as synde van toepassing op die oorhandiging van die "ethula" meisie self as 'n pand vir betaling nie;

"familie-eiendom" (sic) al die eiendom in 'n familiewoning uitgesonderd -

- (i) eiendom wat aan enige besondere huis van daardie familiewoning begiftig is of spesiaal daaraan verbonde is, en
- (ii) die persoonlike eiendom van enige mondig huisgenoot of van enige huisgenoot wat nie aan die familiehoof verwant is of tot hulle behoort nie;

"familiehoof" die eienaar of persoon belas met die toesig oor 'n familiewoning;

"familiewoning" die huislike inrigting en gewone woonplek van 'n Swarte en kan dit uit een of meer huise bestaan en omvat dit afsonderlike wonings bewoon deur Swartes op sendingstasies of op privaatgronde;

"gebruiklike huwelik" 'n gebruiklike verbinding soos omskryf in die Hoofwet, met dien verstande dat dit aangegaan is ooreenkomstig (sic) die essensiële vereistes by hierdie Wet voorgeskryf;

"Hoofwet" die Swart Administrasiewet, 1927 (Wet 38 van 1927);

"huis" die familie en eiendom, regte en status, wat begin met, verbonde is aan en ontstaan uit die gebruiklike huwelik van enige Swart vrou;

"huiseiendom" die eiendom wat aan enige huis in 'n familiewoning begiftig is of spesiaal daaraan verbonde is. Sodanige eiendom word verkry deur donasies of toedeling en deur die ontvangs van lobolo ten opsigte van die meisies van die huis;

"huisgenoot" met betrekking tot 'n familiewoning enigiemand wat gewoonlik daarin woon, en sluit die hoof van 'n familie in wat in 'n familiewoning onder die beheer van die familiehoof woon;

"Ikhohlwa" die linkerhandse senior huis van 'n familiewoning (sic) wat verdeel is in afdelings soos omskryf in artikel 71 en wat met sy geaffilieerde huise die Ikhohlwa-afdeling vorm; dit word gewoonlik met familie-eiendom tot stand gebring en waar 'n uitdruklike verklaring tot die teendeel ontbreek, geskied geen teruggawe van sodanige eiendom nie;

"Indlunkulu" die "groot huise" - die vernaamste huis in 'n familiewoning; die ligging daarvan bepaal die ligging van die ander huise en met sy geaffilieerde huise vorm dit die Indlunkulu-afdeling van die familiewoning;

"Induna" 'n persoon deur 'n Kaptein ingevolge gewoonte aangestel om stamsake in 'n bepaalde gebied te administreer of om 'n spesifieke funksie ten opsigte van die stamadministrasie te verrig;

"Iqadi" (Inqadi), die regterhandse senior huis van 'n familiewoning (sic) wat verdeel is in afdelings soos omskryf in artikel 71 en wat met sy geaffilieerde huise die Iqadi-(Inqadi)-afdeling vorm; vir opvolgingsdoeleindes volg dit in rang op die Indlunkulu-afdeling;

"Kabinet" die Kabinet van Kwazulu;

"Kaptein se plaasvervanger" die vervanging van die uitdruk-

king "distrikshoofman" wat voorheen in gebruik was, en ook iemand aangestel deur 'n kaptein kragtens die bepalinge van artikel 6 om enige besondere afdeling van sy stam te beheer;

"kommissaris" die kommissaris kragtens artikel 2 van die Hoofwet aangestel, met regsbevoegdheid, en sluit 'n addisionele en 'n assistent kommissaris in;

"lobolo" beeste of ander eiendom wat die voorgename eggenoot, sy ouer, voog of ander persoon akkoord gaan om aan die ouer of voog van die voorgename eggenote te lewer met die oog op 'n voorgename gebruiklike of siviele huwelik.

"Magistraat" 'n magistraat aangestel ingevolge die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944) en sluit 'n addisionele en assistent magistraat in;

"nguthu-bees" 'n bees wat betaalbaar is deur die eggenoot of verleier, na gelang van die geval, aan 'n vrou of aan die huis waartoe sy behoort, by die aangaan van 'n gebruiklike of siviele huwelik of by die verleiding van haar dogter;

"offisiële getuie" 'n persoon as sodanig aangestel kragtens artikel 41 om te fungeer by die viering van gebruiklike huwelike;

"Sekretaris" die Sekretaris van die Departement van die Hoofminister, behalwe waar anders vermeld;

"sisa" 'n gebruik waarvolgens beeste of ander vee deur hul eienaar by iemand anders agtergelaat word met die verstandhouding dat sodanige persoon van hulle gebruik kan maak maar dat die persoon wat hulle daar plaas, die eienaar bly en die aantel vee hom toeval;

"siviele huwelik" 'n huwelik aangegaan ingevolge die Huwelikswet, 1961 (Wet 25 van 1961);

"Swarte" iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaen;

"ukungena" 'n verbinding met 'n weduwee wat onderneem word ten behoeve van haar oorlede eggenoot deur sy volle of halfbroer of ander manlike familielid van vaderskant vir die doel om

- (i) ingeval sy geen seun by haar oorlede eggenoot het nie, 'n erfgenaam te verwek om die eiendom of die eiendomsregte wat aan die huis van so 'n weduwee verbonde is, te erf, of
- (ii) ingeval sy sodanige seun het, die nominale nakomelinge van die oorledene te vermeerder;

"ukuvusa" (sic) 'n vorm van plaasvervangende verbinding aangeen wanneer die wettige erfgenaam of ander verantwoordelike persoon gebruik maak van eiendom wat aan 'n oorlede persoon behoort of sy eie eiendom om 'n eggenote te neem ten einde die boedel van sodanige oorlede persoon te vermeerder of te her-nieu of sy naam te verewig en hom van 'n erfgenaam te voor-sien;

- (2) In hierdie Wet kan uitdrukkings wat familieverwantskappe soos "eggenoot", "eggenote", en soortgelyke inbegryp, benewens hul gewone betekenis, toegepas word op sodanige verwantskappe wat ontstaan uit ge-bruiklike huwelike, en die uitdrukkings "egskeiding", "nietigverklaring", "getroud" en "ongetroud" het 'n ooreenstemmende toepassing.
- (3) Onderstaande uitdrukkings word nie elders in hierdie Wet gebruik nie maar in Zoeloereg het hulle die betekenis wat aan hulle onderskeidelik hieronder toegeken is -

"insonyama" beteken sekere gesogte dele van 'n bees wat 'n ju-nior huis ooreenkomstig een vorm van die "ethula"-gebruik as erkenning van status aan die hoof van 'n superieure huis in die familiewoning oorhandig wanneer 'n bees deur sodanige ju-nior huis geslag word. Die nakoming van hierdie gebruik is van bewyswaarde by die bepaling van die status van die be-trokke huise, maar is nie by wet afdwingbaar nie;

"isizinda" beteken die aanstelling deur 'n familiehoof van een van sy sons, gewoonlik die eersgebore seun, as formele hoof van die gesin in sy eie plek na sy dood. Die aanstelling gaan nie gepaard met eiendomsregte of verpligtings nie;

"umhlubulo" beteken sekere dele van 'n bees wat die hoof van 'n superieure huis ooreenkomstig een vorm van die "ethula"-gebruik oorhandig aan en wat 'n junior huis in die familiewo-ning toekom wanneer 'n bees deur sodanige superieure (sic) huis geslag word. Die nakoming van hierdie gebruik is van bewyswaarde by die bepaling van die status van die betrokke huise, maar is nie by wet afdwingbaar nie.

VERWYSINGS

1. Artikel 1 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg afgekondig in Proklarasie No. R151 van 9 Oktober 1987 kom basies met die bepaling van artikel 1 van die KwaZulu Wetboek ooreen. Woorde soos "Direkteur-Generaal", "distriksbeaampte" se ooreenstemmende terme in die KwaZulu Wetboek is "Sekretaris" en "magistraat".
2. Aan iedere woord word in die reël 'n betekenis gegee, en die uitlegger moet versigtig wees om nie buite die betekenis te gaan van wat 'n wetge-

wer gestel het. Steyn 9.

3. Hulle is bepaal in die toepaslike artikels waarvan hulle 'n artikelkomponent vorm. Die omskrywing van die woord "kommissaris" is onnodig en kan weggelaat word. Met die afskaffing van kommissarishowe ingevolge Wet 34 van 1988, wat op 1 Augustus 1986 in werking getree het (sien Proklamasie R138 van 28 Julie 1986), is die pos van "kommissaris" uitgedien.

16
HOOFSTUK III¹
STAMGRENSE

In Hoofstuk 2 van die Kwazulu Wetboek word die geografiese omskrywing van stamgrense en lidmaatskap van stamme sowel as stamlede se interstam- en interdistrikverhuising beheer. Hierdie hoofstuk verwys na die regsgevolge wat verband hou met stamgrense, en word die gewoonte, wetgewing en regspraak in ag geneem by ontleding van watter persone stamlede van stamme is, wanneer 'n stamlid in 'n stamgebied woonagtig is, en aan watter vereistes hulle in die geval van interstam- en interdistrikverhuisings moet voldoen. Die regsposisie met betrekking tot die uitvaardiging van 'n verbanningsbevel word ook bespreek.

Omskrywing van stamgrense.

2. Stamgrense voorheen omskryf of gewysig kragtens die bepalings van enige Wet wat herroep is sal, tensy en totdat dit gewysig word kragtens artikel 5(1)(a) van die Hoofwet, geag word as synde omskryf of gewysig kragtens genoemde artikel.

Artikel 2 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. STAMGRENSE
2. HOOFWET

1. STAMGRENSE

In hierdie verhandeling is onder meer aangedui dat die uitvoerende bestuur in die huishoudelike aangeleenthede van 'n stam in die kaptein en sy stamraad gevestig is;² dat administratiewe en administratiefregtelike aangeleenthede deur die kaptein behartig word,³ en dat hy met regsmag⁴ beklee kan word om siviele en kriminele aangeleenthede te verhoor. Die

uitoefening van hierdie bevoegdhede, funksies en pligte is in die reël tot persone wat in die territoriale gebied onder beheer van die kaptein woonagtig of aanwesig is, beperk. Die territoriale gebied onder beheer van 'n kaptein is sy stamgebied, en hierdie stamgebied word ingevolge artikel 5(1)(a) van die Hoofwet omskryf.⁵

Geen kaptein mag oor inwoners van gebiede buite sy gebied van jurisdiksie beheer uitoefen nie. Administratiefregtelike bevels aan derglike inwoners is onregmatig, en indien hy sy straf- of sivielereregsmag oor gebiede buite sy toegewese stamgebied uitoefen, is derglike optrede nietig en onaf-dwingbaar.⁶

Die omskrywing van stamgrense geskied by wyse van 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer word.⁷

2. HOOFWET

Die Hoofwet is die Swart Administrasiewet 38 van 1927.⁸ Hierdie artikel dui aan dat stamgrense ingevolge artikel 5(1) van die Hoofwet omskryf of gewysig word, en dat stamgrensomskrywings ingevolge enige Wet wat herroep is,⁹ geag word as synde omskryf of gewysig is ingevolge die gemelde artikel 5(1) van die Hoofwet.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 2 fungeer in die praktyk effektief en geen verdere kommentaar is nodig nie.

'n Swarte word geag lid te wees van die stam binne wie se gebied hy woon en negering van stamgrense is 'n oortreding.

3. (1) 'n Swarte word geag 'n lid van die stam van die kaptein binne wie se regsgebied hy woonagtig is te wees: Met dien verstande dat wanneer 'n Swarte as gevolg van die omskrywing van enige grens van sy eie stam of kaptein afgeskei word, sodanige Swarte, behoudens die bepalinge van artikel 4, binne twee jaar na sodanige omskrywing kan trek na die streek wat vir sodanige stam of kaptein aangewys is, en as (sic) hy in gebreke bly om dit te doen, word hy, na verloop van voormelde tydperk van twee jaar, geag ingelyf te wees by die stam van en in alle opsigte onderworpe aan die kaptein in wie se regsgebied hy gebly het.

(2) Enige Swarte wat enige behoorlike omskrewe stamgrense of die gewoonte of regulasies wat interstam verplasings beheer, verontagsaam en sonder magtiging en teenstrydig met sodanige gewoonte of regulasies, uit die gebied van enige stam na dié van 'n ander verhuis is skuldig aan 'n oortreding.

Verskuiwing van familiewoning van een distrik na 'n ander.

4. 'n Swarte mag nie sonder die goedkeuring van die Kommissaris of Magistraat sy familiewoning van die een distrik na 'n ander verskuif nie.

Artikels 3 en 4 word in die volgende artikelskomponente bespreek:

1. 'n SWARTE

1.1 Basiese vereiste

1.1.1 Lidmaatskap van 'n inboorlingras of -stam

1.1.2 Van Afrika

1.2 Bykomstige bepaling: Of gewoonlik daarvoor deurgaen

2. 'n LID

3. STAM

4. KAPTEIN

5. REGSGEBIED

6. WOONAGTIG

7. DISKRESSIONÊRE VERGUNNING OM TE TREK NA VERANDERING VAN STAMGRENSE

SKRYWING

8. GEWOONTE OF REGULASIES WAT INTERSTAMVERPLASINGS BEHEER

9. VERBANNING

10. MISDRYF

10.1 Gewoonte

10.2 Regulasies

11. INTERDISTRIKSE VERSKUIWING

1. 'n SWARTE

10

Die Kwazulu Wetboek omskryf 'n Swarte as "iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaen".

Hierdie omskrywing, vir doeleindes van die Kwazulu Wetboek, wyk van die omskrywing van 'n Swarte in die Hoofwet af, ¹¹ maar kom met die omskrywing in ¹² die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 ooreen.

Die basiese definisie is dat 'n Swarte "iemand (is) wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is", en die bykomstige bepaling is "of (hy) gewoonlik daarvoor deurgaen".

1.1 Basiese vereiste

Die basiese vereiste bestaan uit twee aspekte, naamlik (1) lidmaatskap van 'n inboorlingras of -stam, en (2) van Afrika.

1.1.1 Lidmaatskap van 'n inboorlingras of -stam

In R v Radebe and others¹³ beslis Appelregter Schreiner dat "the natural meaning of membership of a race or tribe is membership by blood or descent." 'n Persoon se lidmaatskap van 'n inboorlingras of -stam is op afstam-¹⁴ming gebaseer. Biotiese afkoms is van primêre belang en indien getuie-
nis oor die aspek ontbreek is faktore soos gewoontes en voorkoms nie af-
doende bewys dat 'n persoon van 'n inboorlingras of -stam van Afrika afstam-¹⁵nie.

By beantwoording van die vraag of 'n persoon as gevolg van sy biotiese afstamming tot 'n inboorlingras of -stam van Afrika behoort, het ons howe-
eers die sogenaamde "oorwig van bloed"-toets ("preponderance of blood")¹⁶ toegepas. Hierdie leerstuk het egter probleme opgelewer,¹⁷ en is in
Lambert v Director of Census and another¹⁸ as kriterium verwerp. In
Mabitle v Secretary for the Interior¹⁹ is beslis dat alvorens gesê kan word
dat 'n Swarte 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is, hy 'n "full-
blooded member of an aboriginal race or tribe" moet wees, en hierdie²⁰
benadering word betreklik konsekwent deur ons howe nagevolg.

Die sogenaamde "suiwer afkoms"-toets is die kriterium wat aangewend word om²¹
te bepaal of 'n persoon 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is.
Dit beteken dat indien vasgestel word dat daar vanuit die voorgeslag van 'n
Swarte, by wyse van spreuk, "wit of gekleurde bloed" in sy are te lande
gekom het, hy nie lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is nie. Hy
kon egter moontlik nog steeds as gevolg van die bykomstige bepaling tot die²²
definisie van 'n "Swarte" as 'n Swart persoon kwalifiseer.

1.1.2 Van Afrika

Van der Vyver en Joubert²³ stel dit duidelik dat om by die basiese definisie van 'n Swarte in te pas, moet die inboorlingras of -stam waarvan daardie persoon 'n lid is, een van Afrika wees.

Afrika, in die opsig, behels ook die Arabiese volke wat in die noordelike deel van Afrika woon.²⁴

Doreenkomstig erkende aardrykskundige beginsels dat 'n eiland deel vorm van die kontinent waarby dit geleë is, blyk dit dat die eilande rondom Afrika, deel van Afrika is.²⁵

In die toepassing van bogenoemde riglyne het ons howe beslis dat 'n Griekwa²⁶ nie 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is nie,²⁷ maar dat 'n Ethiopiër²⁸ en 'n Housastamlid van Soedan²⁹ dit wel is.

Die blote feit dat 'n persoon 'n burger van 'n Swart staat in Afrika is, is nie eers prima facie bewys dat hy lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika nie is.³⁰

1.2 Bykomstige bepaling: Of gewoonlik daarvoor deurgaen

Indien 'n persoon nie as 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika kwalifiseer nie, kan hy nietemin as 'n Swarte geklasifiseer word as hy aan die bykomstige bepaling van die Kwazulu Wetboek se omskrywing voldoen, naamlik indien hy gewoonlik daarvoor deurgaan.³¹

Of 'n persoon gewoonlik as 'n Swarte deurgaen, beteken "gereken of beskou te word, bekend staan, aangesien of gehou word ... of geld" as 'n Swarte.³²

Die vraag of 'n persoon gewoonlik as 'n Swarte deurgaen, hang af van hoe ander mense met wie hy in kontak kom, sy maatskaplike verbintenisse bejeen.³³

Faktore wat hier 'n rol speel is waar daardie persoon gewoonlik sy verblyf het, in diens is of sake doen, of waar hy sosiaal verkeer of aan ander bedrywigheede deelneem, en met inagneming van die betrokke persoon se omgang met lede van sy gesin en ander persone met wie hy assosieer.³⁴ Dit gaan oor hoe ander Swartes hom aanvaar, en nie noodwendig dat almal wat die persoon ken hom as 'n Swarte moet beskou nie.³⁵ 'n Persoon van "gemengde bloed" kan byvoorbeeld saam met en in dieselfde omstandighede as Swartes leef, as 'n Swarte gedra,³⁶ en deur hulle as 'n Swarte aanvaar word in welke geval hy gewoonweg as 'n Swarte deurgaen.³⁷

Die volgende situasie kan plaasvind: A het die voorkoms van 'n Swarte maar sy agter-oumagrootjie aan moederskant was 'n Blanke. Alhoewel al A se ander voorgeslagte Swartes was, voldoen hy nie aan die suiwer afkoms-toets wat hom as 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika sou laat kwalifiseer nie. Hy word egter oor die algemeen in die gemeenskap waarin hy hom bevind as 'n Swarte beskou. Hy voldoen dan aan die definisie van 'n Swarte omdat hy gewoonlik as 'n Swarte deurgaen.

2. 'n LID

Lidmaatskap van 'n stam word deur geboorte, die huwelik, immigrasie, heropname of (tradisioneel) verowering verkry.³⁸

Kinders behoort tot die stam waaraan sy vader behoort het, ongeag waar hulle gebore word. Skenk h moeder geboorte terwyl sy tydelik in h ander stamgebied woonagtig is, behoort die kind steeds aan die stam van sy vader. In hierdie verband word dus die jus sanguinis, en nie die jus soli, gevolg. Kinders van h ongehude meisie of geskeie vrou word lid van die stam waaraan hul moeder behoort, dit wil sê, die stam van haar vader.³⁹

h Vrou van h vreemde stam verkry deur haar huwelik lidmaatskap van haar man se stam.⁴⁰ Selfs na haar man se dood bly sy lid van die stam. Indien h huwelik ontbind word, kan sy na haar vader en sy stam terugkeer.⁴¹

Met betrekking tot immigrasie en heropname sien die bespreking onder inter-stamverplasings⁴² en verbannings.⁴³

3. STAM

Die term "stam" is nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie.

Die basiese entiteit in die tradisionele konstitusionele struktuur was die stam,⁴⁴ en Schapera⁴⁵ verklaar dat "the tribe is essentially a body of people all paying allegiance to the same chief". Hierby moet in gedagte gehou word dat die kaptein se jurisdiksie oor h bepaalde gebied strek⁴⁶ en almal wat in die gebied woonagtig is betrek.⁴⁷

h Stam is nie h geslote eenheid wat slegs uit verwante groepe bestaan nie. Die nucleus is die stigtersgroep en die stam omvat verder nie-verwante (vreemdelinge). Die samebindende faktor is die trouverhouding waarin al

die stamlede tot die kaptein staan en die bewoning van 'n gemeenskaplike
48 grondgebied.

4. KAPTEIN

'n "Kaptein" is in Hoofstuk IV van hierdie verhandeling bepaal.⁴⁹

5. REGSGEBIED

Stamgrense word ingevolge artikel 5(1) van die Swart Administrasie Wet 38
50 van 1927 omskryf, en waar duidelike stamgrensomskrywings bestaan, behoort
dit nie moeilik te wees om te bepaal of 'n Swarte in 'n stam se regsgebied
woonagtig is nie.

6. WOONAGTIG

Die term "woonagtig" ("reside") is nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie
51 en in Ex parte Minister of Native Affairs waarsku Centlivres dat die
woord vir meer as een betekenis vatbaar is, en dat "the construction to
place upon it in a particular statute must depend upon the object and in-
tention of the Act". Die term het nie op domisilie betrekking nie, en na
52 analogie van Phillips v Commissioner of Child Welfare, Belville kan aan-
vaar word dat "woonagtig" ("resides") die plek waar 'n individu of sy gesin
eet, drink en slaap aandui, en dat dit 'n meer langdurige as tydelike ver-
53 blyf is. Ons howe se uitgangspunt is ook dat tydelike afwesigheid nie 'n
onderbreking van "woonagtig" is nie, "provided that the circumstances of
the departure and the length of the period of absence are not such as to be

inconsistent with the intention to retain residence at the place in ques-
 54
 tion". "Woonagtig" impliseer dus die plek waar 'n individu en of sy ge-
 sin hom vir 'n meer langdurige periode vestig met die bedoeling om daar aan
 55
 te bly.

7. DISKRESSIONÊRE VERGUNNING OM TE TREK NA VERANDERING VAN STAMGRENDSOM- SKRYWING

Artikel 3(1) omvat 'n weerlegbare vermoede dat 'n Swarte 'n lid is van die
 stam van die kaptein in wie se regsgebied hy woonagtig is. Hierdie
 vermoede word gerugsteun deur 'n vergunning dat 'n Swarte, indien hy as
 56
 gevolg van 'n grensoms krywing van sy stam of kaptein afgeskei word, binne
 twee jaar na sodanige omskrywing, maar onderworpe aan die bepalings van
 artikel 4 indien van toepassing, na die streek wat vir sy stam of kaptein
 aangewys is, kan trek.

Die woord "kan" in artikel 3(1) dui aan dat dit nie gebiedend is dat 'n
 Swart persoon moet trek na die stamgebied van sy oorspronklike stam nadat 'n
 57
 grensoms krywing gewysig is nie. Hy het 'n diskresie of hy wil trek, maar
 indien sy trek 'n tussendistrikse verskuiwing meebring, is artikel 4 van
 toepassing.

58

Na verstryking van die twee jaar termyn fungeer 'n weerlegbare* vermoede
 dat hy by die stam ingelyf is en in alle opsigte onderworpe is aan die
 59
 kaptein in wie se gebied hy verkies het om aan te bly.

8. GEWOONTE OF REGULASIES WAT INTERSTAMVERPLASINGS BEHEER

Die regulasies in artikel 3(2) vermeld, is die Regulasies Betreffende Grond
 60 61
 in Swart Gebiede wat op Trustgrond van toepassing is.

Die interstamgewoonte word nie in die Kwazulu Wetboek verder toegelig
 61 62
 nie, maar dit kan alleen na die Khonza-gebruik verwys wat op die
 verlening en beëindiging van stamlidmaatskap betrekking het. Indien 'n
 stamlid sy stamlidmaatskap wil beëindig en lidmaatskap van 'n ander stam wil
 verkry, moet hy die nodige toestemming van beide sy huidige kaptein sowel
 63
 as sy nuwe voornemende kaptein verkry. Gewoonlik nader hy sy huidige
 64
 kaptein vir goedkeuring om te emigreer na 'n ander stam en betaal hy aan
 65
 die kaptein 'n valelisa-fooi. Die nuwe voornemende kaptein word ook gena-
 der en laasgenoemde neem die volgende faktore in aanmerking by oorweging
 van die aansoek: die applikant se gedrag teenoor sy vorige stamowerheid en
 mede-stamlede; die redes waarom hy sy vorige stamgebied wil verlaat en by
 die nuwe stam wil aansluit; getuienis dat sy verpligtinge teenoor sy vorige
 stam (stamowerheid) nagekom is, en dat hy toestemming om te emigreer van sy
 vorige kaptein het; die vorige houding of optrede van die applikant
 teenoor die voorgenome nuwe kaptein; die beskikbaarheid van grond om in die
 applikant se behoeftes te voorsien; die aanvaarbaarheid van die applikant
 vir die indoena onder wie se beheer hy geplaas mag word, en enige ander
 66
 relevante inligting.

Nadat die nodige vergunning aan die applikant deur die voornemende nuwe
 kaptein verleen is, betaal die applikant die gebruikelike khonza-fooi aan
 sy nuwe kaptein.

9. VERBANNING

67
 'n Inheemse gebruik wat onder sommige stamme in Kwazulu sal voorkom, is
 die uitreiking van 'n verbanningsbevel deur 'n kaptein aan 'n onderdaan om sy
 68
 stamgebied te verlaat.

69 70
 In Masanya v Seleka Tribal Authority en S v Mukwevho en S v Ramukhuba
 was die uitgangspunt dat indien gelewerde getuienis so 'n stamgebruik bewys,
 'n kaptein, in oorlegpleging met sy stamraad, bevoeg is om 'n
 verbanningsbevel teen 'n stamlid uit te reik; voorts dat so 'n bevel nie
 noodwendig teen openbare beleid of die beginsels van natuurlike regverdig-
 heid indruis nie.

Die toepassing van die gebruik moet aan sekere billikheidsnorme gemeet word
 om te bepaal of dit aan die beginsels van natuurlike regverdigheid
 71
 voldoen.

Alhoewel sommige stamme in Kwazulu hierdie gewoonteregtelike gebruik mag
 toepas, sal die toepassing van die gebruik op Trustgrond ongeldig wees.
 Die bevoegdheid van die kaptein geld nie meer nie aangesien 'n persoon se
 verblyf op Trustgrond deur die Regulasies Betreffende Grond in Swart Ge-
 72
 biede gereguleer word. Woon en bewerkbare persele word deur 'n magi-
 straat, na oorlegpleging met die kaptein (stamowerheid), aan 'n bevoegde
 73
 persoon toegeken, en die afstanddoening van regte op persele is 'n admini-
 74
 stratiewe aangeleentheid onder beheer van 'n magistraat. In sekere omstan-
 dighede mag die Minister van Binnelandse Aangeleenthede (Kwazulu) 'n okku-

Die vraag ontstaan of in 'n vervolging weens verontagsaming van gewoonte die toestemming van beide kapteins nodig is.⁸⁵ Dit blyk nie die geval te wees nie. Elke kaptein is verantwoordelik vir die behartiging van die huishoudelike en administratiewe aangeleenthede van sy stam,⁸⁶ en indien dit teoreties moontlik is dat 'n Swart persoon sonder magtiging homself in die gebied van 'n kaptein sonder laasgemelde se toestemming vestig en homself as 'n onderdaan van die gemelde kaptein beskou, blyk dit dat hy heelwaarskynlik deur die kaptein verhoor kan word vir verbreking van die gewoonte.

Normaalweg is dit so dat indien 'n Swart persoon sy stamlidmaatskap beëindig, geskied dit voordat hy sy familiewoning finaal fisies verskuif. Die gebruik is gekoppel aan religieus-magiese opvattinge, en indien hy homself fisies verwyder voor die nodige "toestemming" van sy vorige kaptein verkry is, word hy blykbaar steeds 'n stamlid van laasgemelde kaptein geag te wees en kan hy deur laasgemelde kaptein vervolg word (mits hy in die territoriale gebied van die kaptein gevind word).

Verder moet in ag geneem word dat indien die interstamverplasing buite 'n bepaalde distrik is, is artikel 4 van toepassing.

10.2 Regulasies

87

Indien 'n beskuldigde ingevolge toepaslike regulasies vervolg word is dit gewens dat 'n vervolging ooreenkomstig die toepaslike bepalings van sodanige regulasies ingestel word.

Omdat 'n magistraat die verantwoordelike beampte is by die toekenning van woon en bewerkbare persele ⁸⁸ ingevolge die Regulasies Betreffende Grond in Swart Gebiede, welke regulasies op Trustgrond van toepassing is, volg dit dat vervolgings gebaseer op ongeoorloofde okkupering in 'n magistraatshof ingestel sal word.

11. INTERDISTRIKSE VERSKUIWING

Dit is 'n misdryf vir 'n Swarte om sonder die goedkeuring van die magistraat ⁸⁹ sy familiewoning van die een distrik na 'n ander te verskuif.

In 'n vervolging ingevolge artikel 4 is dit duidelik dat 'n werklike fisiese verskuiwing van 'n Swarte se familiewoning bewys moet word, maar die artikel stel dit nie duidelik of die toestemming van slegs een magistraat of dié ⁹⁰ van beide magistratre nodig is nie.

EVALUERING

Die artikelkomponente in artikels 3 en 4 is effektief deur ons regspraak sowel as etnoloë en juriste uiteengesit, en die toepassing van die artikels lewer nie probleme in die praktyk nie.

Die weglating van die woorde "without authority" in die Engelse teks van artikel 3(2) van die Kwazulu Wetboek is blykbaar 'n administratiewe ⁹¹ oorsig.

⁹²
Vervolgings gebaseer op artikel 4 van die Kwazulu Wetboek, is 'n

rariteit, maar die wetgewer sal moet aandui of die toestemming van slegs een magistraat of dié van beide magistrate nodig is alvorens 'n Swarte⁹⁴ sy familiewoning van een distrik na 'n ander mag verskuif.

'n Belangrike vraag is of die bepalinge van artikel 4 aan 'n behoefte voldoen? Ingevolge Zoeloereg is 'n persoon slegs 'n lid van 'n nuwe stam mits hy die khonza-gebruik nakom.⁹⁵ Slegs 'n stamlid is geregtig op woon- en bewerkbare persele in 'n stamgebied. Soosop reël die Regulasies Betreffende Grond in Swart Gebiede⁹⁶ 'n persoon se verblyf op Trustgrond,⁹⁷ en hierdie reëlings beperk die bewegingsvryheid van persone voldoende.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat -

- (a) artikel 3 van die KwaZulu Wetboek behoue bly, maar dat die woorde⁹⁸ "without authority" in artikel 3(2) van die Engelse teks ingevoeg word;
- (b) artikel 4 van die KwaZulu Wetboek geskrap word.⁹⁹

VERWYSINGS.

1. Die bepalinge van artikels 2 tot 4 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie R151 van 9 Oktober 1927, kom met die bepalinge van die KwaZulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Sien Hoofstuk IV.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.

6. Zulu v Mbata 1937 NAC 6 (N&T); Monete v Setshuba 1948 NAC 22 (C&O); Nkosi v Zwane 1952 NAC 110 (N-E).
7. Artikel 16 van die Interpretasiewet No. 33 van 1957.
8. Aldus die woordoms krywing en verklarende bepalings van artikel 1(1) van die Kwazulu Wetboek.
9. Stamgrense was voorheen ingevolge die Swart Administrasie Wet No. 26 van 1875 en No. 1 van 1909 omskryf.
10. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
11. Die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
12. Die Bevolkingsregistrasiewet No. 30 van 1950. Die weerlegbare vermoede van artikel 19(1) van die gemelde wet is noodwendig nie van toepassing nie.
13. 1945 AD 590 te 608.
14. Vergelyk Anderson v Green 1932 NPD 241; Minister of the Interior v Machadodorp Investments 1952(2) SA 395 (A) 399; Mkize v Race Classification Appeal Board and another 1964 2 PH K89 (D); Pither and others v Secretary for the Interior 1968(4) SA 238(C) 245).
15. Vergelyk Nkabinde v Nkabinde and another 1944 WLD 112, 118; R v Radebe and others supra; Ngqoyi v Da Conciecao 1946 NAC 49 (N&T); Vilakase v Masheshu 1947 NAC 24 (N&T); R v Abel 1948(1) SA 654 (A) 660 en 663-4; S v Engeldoe's Taxi Service Pty Ltd and another 1966(1) SA 329 (A) 338.
16. Hierdie toets het beslag gekry in 'n obiter dictum van Appèlregter Schreiner in R v Radebe and others supra 610, alhoewel daar reeds van 'n idee van "oorwig van bloed" sprake was in bv. R v Smuts 1912 CPD 538, 541; Ex parte Kinnear 1921 CPD 737, 740; R v Le Fleur 1927 ED 340, 342-3; Ex parte Larsen 1936 NPD 383, 385; Fakiri v R 1938 NPD 454, 459-60; Tarr v Estate Tarr 1940 NAC 75 (T&N); Randall v Randall 1942 NAC 63 (C&O); Ex parte Patel 1944 WLD 47, 51-2. Na die obiter dictum van Appèlregter Schreiner is dit nagevolg in o.a. R v Gill 1950(4) SA 199(C) 204-6; Goliath v Director of Census and another 1956 (3) SA 95(T) 100-1; Minister of the Interior v Machadodorp Investment 1957(2) SA 395 (A) 401.
17. Vergelyk S v Engeldoe's Taxi Service Pty Ltd and another 1966(1) SA 329 (A) 338.
18. 1956(3) SA 452 (T).
19. 1968(1) SA 29 (C) 30.
20. Vergelyk Mkize v Race Classification Appeal Board and another 1964 2 PH K89 (D); Pither and others v Secretary for the Interior 1968(4) SA 238

- (C) 247, Marks v Sekretaris van Binnelandse Sake 1969(1) SA 138 (T) 142; Kola v Secretary for the Interior 1969(1) SA 287(C) 291; Sekretaris van Binnelandse sake v Jawoodien 1969(3) SA 413 (A) 420; Parker v Sekretaris van Binnelandse Sake 1971(2) SA 383 (A) 386; Khamanga v Matete 1975 BAC 63 (C&O) 67-8. Sien ook Van der Vyver en Joubert (1985) 285 en Olivier et al (1989) 582-3.
21. Van der Vyver en Joubert (1985) 286; Büchner (1980) 183.
 22. Sien die bespreking van die bykomstige faktor op bladsy 21.
 23. (1985) 286.
 24. R v Kogan 1918 AD 521, 525-6; Sien ook Bekker (1989) 10; Nkabinde v Nkabinde and another 1944 WLD 112, 115.
 25. Van der Vyver en Joubert (1985) 286; Olivier et al (1989) 583. Die vraag is in R v Fakiri 1938 AD 237 te 240 en 243 geopper maar nie beslis nie.
 26. Weens sy erkende gemengde afkoms.
 27. R v Vinger 1951(1) SA 389 (GW); en vergelyk R v Le Fleur 1927 ED 340.
 28. Ntlako v Dejasmark 1952 NAC 103(C).
 29. Wangra v Geffen and Rand Township Registrar 1947(2) SA 288 (W).
 30. S v Yiyamiya 1972(3) SA 923 (N).
 31. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
 32. Vergelyk O v Rasseklassifikasieraad en andere 1962(3) SA 475 (GU) en R v Vilbro and another 1957(3) SA 223 (A) 232.
 33. Van der Vyver en Joubert (1985) 287.
 34. Ibid 280, 287.
 35. Ibid 281, en vergelyk Francisco v Secretary for the Interior and another 1967(2) SA 283 (C) 287. In die gemelde saak het dit gegaan of 'n persoon as 'n Blanke deurgaen maar diesefde beginsel is ten opsigte van 'n Swart persoon toepasbaar.
 36. Sien Ngqoyi v Da Conciecao 1946 NAC 49 (N&T); Vilikase v Masheshhe 1947 NAC 24 (N&T); R v Radebe and others 1945 AD 590; R v Abel 1948(1) SA 654 (A); Bekker (1989) 9-10; Olivier et al (1989) 583.
 37. Wyatt v Wyatt 1956 NAC 119 (S).
 38. Prinsloo (1983) 29-30; Erasmus 41-2; Myburgh (1986) 11
 39. Erasmus 41.

40. Erasmus 41; Prinsloo (1983) 30.
41. Erasmus 41.
42. Bladsy 26 van hierdie verhandeling.
43. Bladsy 27 van hierdie verhandeling.
44. Erasmus 20; Schapera (1937) 173; Lestrade (1937) 291.
45. Schapera (1963) 28.
46. Sien bladsy 41 tot 47 van hierdie verhandeling.
47. Erasmus 41. Vergelyk ook Gluckman (1940) 30: "The Zulu nation may therefore be defined as a group of people owing allegiance to a common head and occupying a defined territory".
48. Vir verdere besonderhede sien Erasmus 20-23. Sien ook Prinsloo (1983) 10; Coertze (1960) 109; Bruwer (1956) 58-9; S v Bhoolia en 'n ander 1970(4) SA 692 (A).
49. Sien bladsy 79 van hierdie verhandeling.
50. Sien die bespreking op bladsy 17 van hierdie hoofstuk.
51. 1941 AD 53.
52. 1956 (2) SA 330 (CPD): Vergelyk ook Majola v Luwandhla 1939 NAC 111 (N&T).
53. Ibid 334.
54. S v Pikashe 1975(2) SA 583 (C) te 589.
55. Sien verder die bespreking van stamlidmaatskap in paragraaf 2 op bladsy 22 van hierdie verhandeling.
56. 'n Grensoms krywing ingevolge artikel 2 van die Kwazulu Wetboek.
57. Vergelyk Steyn (1981) 57, 62.
58. Gemeld in artikel 3(1).
59. In die praktyk mag dit moeilik wees om die vermoede te weerlê, maar 'n hof sal na die agtergrond van die saak kyk, insluitend onderhandelinge wat met sy vorige kaptein en die kaptein in wie se gebied hy agter gebly het, om so sy bedoeling te bepaal.
60. Proklamasie R188 van 1969. In die gemelde regulasies bepaal artikel 64(2) o.a. dat "n Swart persoon mag nie sy intrek neem of homself metterwoon vestig op Trustgrond nie tensy hy die skriftelike toestemming van die magistraat daartoe verkry het wat in oorleg met die betrokke

kaptein of hoofman, as daar is, toegestaan word. -----."

61. Die gebruik van die woorde "interstamgewoonte" het nie in Proklamasie R195 van 1967 voorgekom nie.
62. "Ukukhonza" beteken "om eerbied te betoon".
63. Hy nader die kapteins deur bemiddeling van die verantwoordelike indunas.
64. Die goedkeuring is in meeste gevalle op skrif gestel.
65. "Ukuvalelisa" beteken "om totsiens te sê"; Sien ook Reader (1966) 68.
66. Prinsloo (1983) 86-87. Alhoewel die prosedure deur Prinsloo beskryf op Noord-Sotho stamme in Lebowa betrekking het, is hulle eweneens in Kwa-zulu van toepassings. Sien ook Erasmus 43.
67. Volgens mededeling deur enkele magistrate in Kwazulu, is die toepassing van die gebruik in distrikte waar hul gestasioneer was bespeur.
68. Prinsloo (1984) 302; Büchner (1983) 583; Mokhatle v Union Government (Minister of Native Affairs) 1926 AD 71; Lengisi v Minister of Native Affairs 1956(1) SA 786(C); Masanya v Seleka Tribal Authority 1981(1) SA 522 (T); S v Mukwevho en S v Ramukhuba 1983(3) SA 498 (V).
69. 1981(1) SA 522 (T).
70. 1983(3) SA 498 (V).
71. Vergelyk Mokhatle v Union Government 1926 AD 71; Khuta v Vercueil, 'n ongerapporteerde saak No. 259 van 1981 van die Hooggeregshof van Bophuthatswana; Masanya v Seleka tribal Authority supra; S v Makwevho en S v Ramukhuba supra. Sien ook Büchner (1983) 583. Die billikheidsnorme blyk te wees dat -
 - (a) 'n verbanningsbevel net in geval van ernstige oortreding of tarten-de moedswilligheid wat onrus in die betrokke stam kan wek, aangewend mag word (vergelyk Mokhatle supra);
 - (b) die uitreiking van die bevel nie deur mala fides gemotiveer moet word nie (Khuta supra);
 - (c) die betrokke stamlid bewus moet wees van die aard van die aanklag teen hom;
 - (d) die audi alteram partem-reël toegepas word (Khuta supra), alhoewel, wat Venda en Suid-Afrika betref, dit nie noodwendig is nie (Mkwavho en Mohatle supra);

- (e) die kaptein self sy diskresie moet uitoefen, m.a.w. dat hy nie slegs op versoek 'n trekpas teen 'n stamlid uitreik nie (Khuta en Mkwuvho supra).
72. Proklamasie R188 van 1969. Sien ook Sithole v Cebekhulu 1961 NAC 28 (N-E) waarin beslis is dat sodra wetgewing 'n gebeurlikheid reël wat vroeër deur die Inheemsereg gereël is, aangeneem moet word dat die wetgewing die betrokke inheemse reg vervang het.
 73. Artikel 49, Proklamasie R188 van 1969.
 74. Artikel 59, Proklamasie R188 van 1969; Prinsloo (1984) 302; Büchner (1983) 583.
 75. Vergelyk artikel 58, Proklamasie R188 van 1969.
 76. In welke geval die beslissing van S v Mkwavho en S v Mokhatle supra van toepassing sal wees. Sien ook Proklamasie R192 van 1967 die Regulasies vir die Beheer van die Bewoning en Okkupasie van Privaat of Stameiendomsgrond in Swart Gebiede.
 77. Die vorige KwaZulu Wetboek (Kwazulu Wet No. 6 van 1981) het die woorde "without authority" ingesluit. Die Natalse Wetboek van Zoeloereg (Proklamasie R151 van 1987) gebruik sowel die woorde "sonder magtiging" en "without authority".
 78. Die term Swarte is bespreek op bladsy 19 van hierdie hoofstuk.
 79. Die skuldbegrip is bekend aan en word toegepas in Zoeloereg maar is nie so verfynd soos die mens rea-begrip van die gemenereg nie. Sien Reader (1966) 301; Myburgh (1974) 295; Krige 228; Whitfield 420-1, 427, 479, 480; Myburgh (1969) 147; Makoba v Langa 1952 NAC 76 (S).
 80. Afgekondig ingevolge artikel 5(1) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927. Sien ook die bespreking op bladsy van hierdie hoofstuk.
 81. Dit wil sê wederregtelik handel. Zoeloereg erken regverdigingsgronde wat wederregtelikheid negatiewe. Sien Myburgh (1974) 296; Myburgh (1969) 154-5; Reader (1966) 303-4.
 82. Bladsy 26 van hierdie verhandeling.
 83. Sien voetnota 65.
 84. Sien voetnota 62.
 85. Vergelyk R v Hlongwane 1938 NPD 46.
 86. Sien die bespreking op bladsye 39 tot 41 van hierdie verhandeling.
 87. Sien voetnota 60.
 88. Sien voetnota 73.

89. Artikel 4, gelees met artikel 117, van die Kwazulu Wetboek. Die misdryf is strafbaar ingevolge artikel 118.
90. Sien R v Hlongwane 1938 NPD 46.
91. Sien paragraaf 10 op bladsy 23 van hierdie verhandeling.
92. Sien voetnota 89.
93. Magistrate in die distrikte van Enseleni, Mlabisa, Ongoye en Inkanyezi het aan my meegedeel dat derglike vervolging baie seldsaam is. In die Mdedwe distrik is vir die afgelope 20 jaar geen vervolging vir 'n oortreding van artikel 4 van die Kwazulu Wetboek ingestel nie.
94. Sien paragraaf 11 op bladsy 30 van hierdie verhandeling.
95. Sien paragraaf 8 op bladsy 26 van hierdie verhandeling.
96. Proklamasie R183 van 1969.
97. Vergelyk paragraaf 9 op bladsy 27 van hierdie verhandeling.
98. Vergelyk die evaluering op bladsy 30 van hierdie verhandeling.
99. Ibid.

38
HOOFSTUK IV
KAPTEINS EN HOOFMANNE¹

h Kaptein, as publiekregtelike gesagsinstansie, staan aan die hoof van sy stam en word deur indunas en leiers op laer vlakke wat deur hom aangewys is, bygestaan.² Die uitvoerende mag berus by die kaptein en in die³ uitoefening hiervan handel hy op advies van sy stamraad.

In artikels 5 tot 11 van die Kwazulu Wetboek word die magte, bevoegdhede, pligte, funksies, regte en voorregte van kapteins en hoofmanne beheer; hul bevoegdhede om indunas en kapteinsverteenwoordigers aan te stel en te ontslaan word bevestig; hul gesag om te eis dat regmatige publiekregtelike bevele nagekom word, word onderskryf; en die aanstelling van h opvolger by die afsterwe van h kaptein word gereël.

In hierdie hoofstuk word die aandag op enkele bevoegdhede, funksies, pligte en regte van kapteins en hoofmanne en die regseffek indien dit nie nagekom word nie, gevestig. h Onderskeid word tussen indoenas en kapteinsverteenwoordigers getref, en die aard en toepassingsgebied van administratiefregtelike bevele word in oënskou geneem. Laastens word na die regspraak by die erkenning en aanstelling van h opvolger van h erfkaptein sowel as dié van h hoofman, verwys.

Magte, bevoegdhede, pligte, funksies, regte en voorregte van kapteins en hoofmanne.

5. Die magte, bevoegdhede, pligte, funksies, regte en voorregte van kapteins en hoofmanne is soos bepaal in die Hoofwet en die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne, 1974 (Wet 8 van 1974) geles met hierdie Wet: met dien verstande dat waar hierdie Wet strydig is met enige bepaling van genoemde Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne met betrekking tot enige aangeleentheid

waarvoor hierin spesifiek voorsiening gemaak word, die bepalings van hierdie Wet geld.

Artikel 5 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VOORKEURORDE VAN WETGEWING
2. DIE KWAZULU WET OP KAPTEINS EN HOOFMANNE
3. BEVOEGDHEID OM STRAFGEDINGE EN/OF SIVIELE EISE TE VERHOOR
 - 3.1 Strafreghpleging
 - 3.2 Siviele regpleging

1. VOORKEURORDE VAN WETGEWING

Hierdie maatreël dien as toeligting van die wetgewer se bedoeling dat indien daar enige strydighede in bepalings van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne⁴ en die Kwazulu Wetboek is, die bepalings van laasgemelde Wetboek sal geld.

Indien daar enige strydige bepalings in die Kwazulu Wetboek met bepalings van die Hoofwet⁵ is, word die bepalings van die Hoofwet nagevolg, behalwe indien die bevoegdheid om oor 'n besondere aspek wette te maak aan die wetgewende vergadering van Kwazulu gedelegeer is.⁶

2. DIE KWAZULU WET OP KAPTEINS EN HOOFMANNE

Die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne⁷ is 'n breë uiteensetting van die pligte, funksies, bevoegdhede en diensvoorwaardes van kapteins en hoofmanne. Die uitvoerende gesag in die huishoudelike aangeleenthede van

h stam is in die kaptein en sy stamraad gevestig, en die aanstelling en afdanking van raadslede geskied ingevolge die gewoonte en gebruik van h be-
8
sondere stam.

Kapteins en hoofmanne is vir die administrasie van hul stamme
9
verantwoordelik en die volgende bevoegdhede is aan hulle verleen:
uitoefening van die pligte en funksies ingevolge die gebruik en gewoonte van die stam; uitvoering van wetgewing en bevele van die regering; oordraging van nuwe wetgewing en voorskrifte van die regering aan hul mense; versekering dat die wetgewing en voorskrifte nagekom word; toesiening dat omgemagtigde gewapende of oproerige byeenkomste of vergaderings of onwettige byeenkomste of vergaderings uiteen gejaag word; verbieding, in die geval van onrus of onwettigheid in hul gebied of h deel daarvan, van sekere vergaderings, brou van bier, dra van skildvelle en kieries, en die uitskree van oorlogskrete; voorkoming van dieremishandeling; nakoming van arrestasie-bevoegdhede van h vrederegter; en visentering en beslagneming ten aansien van gesteelde vee, sterk drank, gewoontevormende verdowingsmiddels, wapens en ammunisie.

Hulle moet voorts die volgende gebeurlikhede in hul gebiede by bevoegde
10
gesag aanmeld: lewensverlies as gevolg van geweld of onnatuurlike oorsake; aansteeklike siektes; praktyke van toordery; misbruik van staatseiendom en openbare fondse; ongeoorloofde vergaderings of byeenkomste; onrus en ander ernstige gebeurlikhede; verspreiding van ongewenste literatuur; teenwoordigheid van ongemagtigde vreemdelinge; en die pleeg van misdade wat hulle nie self mag verhoor nie.

Nie-nakoming van die bevoegdhede, funksies en pligte in die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne opgelê, kan tot 'n wangedrag ondersoek aanleiding gee.¹¹

3. BEVOEGDHEID OM STRAFGEDINGE EN/OF SIVIELE EISE TE VERHOOR

Tradisioneel is Zoeloegewoontereg deur die kaptein in die stamhof toegepas en is hy in die uitvoering van sy regsprekende funksie deur sy stamraad bygestaan.¹² Ingevolge wetgewing is die bevoegdheid bevestig en is erkenning aan die hof van 'n kaptein of hoofman verleen.¹³ Die hof van kapteins en hoofmanne vorm deel van die judisiële bestel van Kwazulu,¹⁴ en hul uitsprake word deur die hoër hof van Suid-Afrika erken.¹⁵

3.1 Strafregpleging

Die Minister van Justisie (Kwazulu) mag in 'n geskrif deur hom onderteken aan 'n kaptein of hoofman regsmag verleen om 'n Swarte te verhoor en te straf weens die pleging, in die gebied onder beheer van die kaptein of hoofman,¹⁶ van 'n misdryf ingevolge die gemenerereg of Swartreg en -gebruik,¹⁷ of 'n statutêre misdryf¹⁸ wat deur die Minister vermeld word, met uitsondering van sekere misdrywe.¹⁹²⁰

'n Kaptein of hoofman se strafregtelike bevoegdheid is dus ten opsigte van persone,²¹ misdrywe en gebied beperk.

Die misdrywe ingevolge die gemenerereg of Swartreg en -gebruik wat hulle nie mag verhoor nie is die volgende:²² hoogverraad; crimen laesae majestatis;

oproer; sedisie; moord; strafbare manslag; verkragting; roof; aanranding met die doel om ernstige liggaamlike letsels toe te dien; aanranding met die doel om te moor, te verkrag of te rowe; onsedelike aanranding; brandstigting; veelwywery; crimen injuria; vrugafdrywing; ontvoering; iedere misdryf kragtens 'n wet op veediefstal; sodomie; bestialiteit; omkoperij; inbraak of die binnegaan van 'n perseel met die doel om 'n misdryf, hetsy onder die gemenereg of in oortreding van 'n wetlike voorskrif, te pleeg; die ontvang van gesteelde goed wel wetende dat dit gesteel is; bedrog, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument wetende dat dit vervals is; iedere misdryf kragtens 'n wet op die onwettige besit of handel in edele metale of edelgesteentes; iedere misdryf kragtens 'n wet op die vervoer, besit of verskaffing van gewoontevormende verdowingsmiddels of sterk drank; iedere oortreding in verband met die muntwese; meineed; beweerde toordery; stamgevegte; menseroof; bloedskande; afpersing; verydeling of belemmering van die regspleging; en enige sameswering, aanhitsing of poging om enigeen van bogenoemde misdrywe te pleeg.

23

Die statutêre misdrywe wat tans deur kapteins en hoofmanne verhoor word, het betrekking op die lisensiëring en beheer van honde, asook die wanbetaling van stambelasting.

24

25

Die verhoorprosedure en tenuitvoerlegging van 'n opgelegde vonnis geskied ooreenkomstig Zoeloereg-en-gebruik. Indien egter nie geslaag kan word om die opgelegde boete in te vorder nie, is voorsiening gemaak vir 'n addisionele wyse van tenuitvoerlegging.

26

27

3.1 Siviele regspleging

Die Minister van Justisie (Kwazulu) mag aan 'n aangestelde of erkende
 28 29
 kaptein of hoofman die bevoegdheid verleen om siviele eise wat uit
 30
 Swartreg en -gebruik voortspruit, en wat deur Swartes teen Swartes
 31
 woonagtig binne sy regsgebied voor hom ingestel word, te verhoor en te
 32
 beslis. Hierdie bevoegdheid kan te eniger tyd deur die Minister ingetrek
 word.

'n Kaptein of hoofman kan slegs sake wat uit Zoeloegewoontereg voortspruit
 33
 verhoor en mag nie eise op die gemenerereg gebaseer, bereg nie. Eweseer is
 die siviëlregtelike bevoegdheid nie op enige kwessie van nietigheid,
 34 35
 egскеiding of skeiding wat uit 'n siviele huwelik voortspruit, nóg met
 betrekking tot die ontbinding of nietigverklaring van 'n gebruiklike huwe-
 36
 lik, van toepassing nie.

Die gewoontereg en gebruik toegepas in 'n kapteins- of hoofmanshof moet nie
 37
 met die staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid strydig wees nie.

Ingevolge artikel 12(6) van Wet 38 van 1927 is regulasies ten opsigte van
 kapteinshofe wat by die verhoorverrigting en tenuitvoerlegging van vonnis
 38
 gevolg moet word, uitgevaardig.

Die siviëleregspiegling van kapteins en hoofmanne is volledig deur ons
 39
 skrywers behandel.

EVALUERING

Artikel 5, op sigself, is reëlend van aard en voldoen aan die behoeftes van
 40
 die praktyk.

Aanstelling en ontslag van kapteinsverteenwoordigers.

6. (1) Kapteins is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n toereikende getal kapteinsverteenwoordigers en indunas vir afdelings van hulle stamme.
- (2) Die Kommissaris of Magistraat hou 'n register van alle kapteinsverteenwoordigers en indunas en sodanige register bevat alle sodanige detail en inligting soos deur die Hoofminister bepaal.
- (3) 'n Kaptein kan, met die goedkeuring van die Sekretaris, die aanstelling van enige kapteinsverteenwoordiger of induna ten opsigte van enige afdeling van sy stam beëindig en wanneer daartoe gelas deur die Sekretaris moet hy enige sodanige aanstelling beëindig. Met dien verstande dat die aanstelling van enige kapteinsverteenwoordiger, wat kragtens artikel 12 van die Hoofwet gemagtig is om siviele sake te verhoor en te beslis, nie beëindig kan word nie uitgesonderd met die goedkeuring van die Hoofminister.

Artikel 6 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. AANSTELLING
2. ONTSLAG

1. AANSTELLING

In die administrasie van sy stam is 'n kaptein ingevolge die gewoonte van die stam verantwoordelik om indoenas en/of kapteinsverteenwoordigers vir afdelings van hul stamme aan te stel of om spesifieke funksies ten opsigte van die stamadministrasie te verrig.

Dit is 'n kenmerk dat die polities-administratiewe struktuering van gesagsinstansies in 'n stam geografies afgebaken is en dat indoenas en kap-⁴¹ teinsverteenwoordigers in die stam aan die kaptein ondergeskik is. 'n In- doena word as "n persoon deur 'n kaptein ingevolge gewoonte aangestel om stamsake in 'n bepaalde gebied te administreer of om 'n spesifieke funksie⁴² ten opsigte van die stamadministrasie te verrig", omskryf.

'n Kapteinsverteenwoordiger is in die woordomskrywingsartikel van die Kwazu-⁴³ lu Wetboek as 'n "kaptein se plaasvervanger" aangedui,⁴⁴ en laasgemelde gesagspersoon word as "die vervanging van die uitdrukking distrikshoofman wat voorheen in gebruik was, en ook iemand wat aangestel (word) deur 'n kap- tein kragtens die bepalings van artikel 6 om enige besondere afdeling van sy stam te beheer", omskrywe.

Die onderskeid tussen 'n indoeana en kapteinsverteenwoordiger is daarin geleë dat laasgemelde statutêr bekleed is met magtiging om siviele aangeleenthede⁴⁵ en/of kriminele sake te verhoor.

Slegs op versoek van 'n kaptein word die bevoegdheid aan 'n kapteinsverteenwoordiger verleen om -

- (a) strafgedinge te verhoor, en sodanige kapteinsverteenwoordiger mag slegs die misdrywe wat deur die betrokke kaptein self verhoor mag⁴⁶ word, bereg;
- (b) siviele eise wat uit Swartreg en -gebruik voortspruit en deur Swartes teen Swartes woonagtig binne sy regsgebied voor hom ingestel word, te⁴⁷ verhoor en te beslis.

Die afsterwe van 'n kaptein beïnvloed nie die posisie van indoenas of kapteinsverteenwoordigers nie. Hulle kan slegs deur 'n nuwe kaptein soos hierna aangedui, ontslaan word.⁴⁸

2. ONTSLAG

Die aanstelling van indoenas en kapteinsverteenwoordigers geskied deur 'n kaptein ooreenkomstig die reg en gebruik van 'n stam.⁴⁹ Die ontslag van 'n indoea deur sy kaptein is aan die goedkeuring van Sekretaris van die Departement van die Hoofminister onderhewig,⁵⁰ en indien laasgemelde beamppte sodanig gelas,⁵¹ moet die kaptein 'n indoea ontslaan. Die beëindiging van die aanstelling van 'n kapteinsverteenwoordiger kan alleen met die goedkeuring van die Hoofminister geskied.⁵²

EVALUERING

'n Kapteinsverteenwoordiger is foutiewelik in die woordomsrywingsartikel van die Kwazulu Wetboek as 'n "kaptein se plaaservanger" aangedui. In die Engelse teks word 'n "chief's deputy" as "any person appointed by a chief under the provisions of section 6 to control any particular section of the tribe" omskryf.⁵³ Laasgemelde omskrywing is korrek.

Die implementering van die artikel lewer verder nie probleme in die praktyk nie.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die omskrywing van 'n "kapteinsverteenwoordiger" in die Kwazulu Wetboek reggestel word.

Kapteins en hoofmanne kan insiklikheid vereis, bevele gee en kan miskenning straf.

7. (1) Kapteins en hoofmanne het die bevoegdheid om te vereis dat persone wat aan hul regsmag onderworpe is, hul pligte ingevolge Zoeloereg moet nakom en kan vir dié doel bevele uitreik. Hulle het veral die bevoegdheid om gehoorsaamheid aan gesag, die plig van kinders teenoor hul ouers en die verpligtinge van huisgenote teenoor hul familiehoofde af te dwing. Daarbenewens moet hulle enige byeenkoms van gewapende persone wat sonder magtiging in hul gebiede gehou word, of enige oproerige of onwettige vergadering of byeenkoms uiteenjaag of gelas dat sodanige vergadering of byeenkoms uiteengejaag word, en wanneer daar in hul gebiede 'n toestand van wetteloosheid of onrus bestaan, het hulle die bevoegdheid om te gelas dat, vir 'n tydperk van hoogstens sewe dae of sodanige langer tydperk as wat die Kommissaris of Magistraat mag bepaal -
 - (a) die byeenkoms van persone in groepe, of die brou (sic) van bier by familiewonings binne die gebied wat hulle mag bepaal in die omgewing of nabyheid van 'n besondere familiewoning of familiewonings in die algemeen waar (sic) 'n huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou te word;
 - (b) die dra van 'n skildvel of meer as een kiere deur enige persoon;
 - (c) die uitskree van oorlogskrete en die blaas van beuels of fluitjies, verbied word.
- (2) Kapteins en hoofmanne kan by die uitoefening van hul ampspligte ingevolge hierdie artikel, 'n boete van hoogstens vyftig rand oplê vir die trotsering of verontagsaming van hul bevele.

Artikel 7 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE

2. BEVOEGDHEID OM BEVELE UIT TE REIK
3. PERSONE WAT AAN HUL REGSMAG ONDERWORPE IS
4. PLIGTE INGEVOLGE ZOELOEREG NAKOM
 - 4.1 Aard van Zoeloeregtelike pligte
 - 4.2 Ongemagtigde gewapende byeenkomste of onwettige vergaderings of byeenkomste uiteenjaag
 - 4.2.1 Enige byeenkoms van gewapende persone
 - 4.2.2 Sonder magtiging
 - 4.2.3 Enige oproerige vergadering of byeenkoms
 - 4.2.4 Enige onwettige byeenkoms of vergadering
 - 4.2.5 In hul gebiede gehou word
 - 4.2.6 Uiteen te jaag of te gelas dat dit uiteen gejaag word
 - 4.3 Bevoegdheid om byeenkomste en ander aktiwiteite in 'n stamgebied te verbied
 - 4.3.1 Toestand van wetteloosheid of onrus bestaan
 - 4.3.2 'n Tydperk van hoogstens sewe dae
 - 4.3.3 Sodanige langer tydperk as wat die magistraat mag bepaal
 - 4.3.4 Aktiwiteite verbied
 - 4.3.4.1 Byeenkoms van persone in groepe
 - 4.3.4.2 Die brou van bier
 - 4.3.4.3 By familiewonings binne die gebied wat hulle mag bepaal in die omgewing of nabyheid van 'n besondere familiewoning of familiewonings in die algemeen waar 'n huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou te word
5. VERHOOR VIR NEGERING VAN KAPTEINSBEVEL OF VERBOD

6. SKEPPING VAN DUBBELE MISDRYWE

In die bespreking van hierdie artikel word slegs die term "kaptein" gebruik, maar dit omsluit 'n "hoofman".

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE

'n "Kaptein" en "hoofman" is in artikel 10 van die Kwazulu Wetboek bepaal. ⁵⁴

2. BEVOEGDHEID OM BEVELE UIT TE REIK

Artikel 7 magtig kapteins om bevele aan persone wat aan hul regsmag onderworpe is uit te reik waarin vereis word dat hulle hul pligte ingevolge ⁵⁵ Zoeloereg nakom.

As uitvoerende hoof van die stam het 'n kaptein die bevoegdheid en plig om ⁵⁶ die organisasie en werksaamhede van die stamadministrasie te beheer. ⁵⁷ Tradisioneel het hy die bevoegdheid gehad om bevele uit te reik, en die statutêre erkenning van die administratiefregtelike bevoegdheid is 'n bevestiging van 'n Zoeloeregtelike gebruik.

Die administratiefregtelike bevele wat 'n kaptein uitreik, moet regmatige ⁵⁸ bevele wees, gebaseer óf op tradisionele Zoeloereg óf 'n statutêre bron.

Daar moet 'n regsplig ⁵⁹ op die persoon aan wie die bevel gegee is rus om daarvolgens op te tree.

Die bevel kan mondelings ⁶⁰ of skriftelik ⁶¹ deur 'n kaptein aan 'n persoon

onderworpe aan sy regsmag of aan 'n persoon in 'n gesagsposisie⁶² om die bevel aan die betrokke persoon oor te dra, gegee word. Om as 'n misdryf⁶³ by verontagsaming of nie-nakoming van die bevel te fungeer, moet die bevel onder die aandag van die betrokke persoon aan wie dit gerig is, gebring⁶⁴ word, en mag dit nie by wyse van 'n algemene kennisgewing geskied nie.

⁶⁵
 'n Onregmatige bevel is nie regtens afdwingbaar nie.

3. PERSONE WAT AAN HUL REGSMAG ONDERWORPE IS

Persone wat aan die regsmag van kapteins onderworpe is, is in die reël⁶⁶ stamgenote. 'n Kaptein se regsmag is tot persone binne sy beheergebied beperk en "does not extend either to persons or property in an area outside⁶⁷ that territory."

Tydlike besoekers moet die gesag van 'n kaptein eerbiedig en stamreg wat op⁶⁸ hulle van toepassing is, nakom. Die regmatigheid van bevels aan hulle gegee en die gevolg van nie-nakoming daarvan, sal aan die toepaslike stamreg getoets moet word. Vervolging is nie onmoontlik nie, maar indien tydelike besoekers 'n regmatige bevel van 'n kaptein verontagsaam, is dit ook⁶⁹ moontlik dat hulle sonder verhoor uit die stamgebied gesit kan word.

4. PLIGTE INGEVOLGE ZOELOEREG NAKOM

Alvorens hierdie faktor bespreek word, is dit belangrik om daarop te wys dat artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek verwys na die nakoming van regmatige bevels wat 'n kaptein mag uitreik in verband met pligte ingevolge

Zoeloereg, terwyl artikel 2(9) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927 na regmatige bevele wat 'n kaptein in verband met die uitvoering van sy ampspligte mag uitreik, verwys. Die ampspligte is statutêr geordende administratiewe bevoegdhede, funksies en pligte.⁷⁰ Nie-nakoming van 'n bevel ingevolge artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek word in die kapteinshof verhoor, terwyl negering van 'n bevel in die uitvoering van 'n statutêr geordende ampsplig ooreenkomstig artikel 2(9) van Wet 38 van 1927 uitgerek, 'n misdryf is wat in die magistratuurshof bereg word.⁷¹

Dit is dus duidelik dat daar in die aard van bevele gebaseer op "pligte ingevolgt Zulureg" en "ampspligte" 'n verskil is.⁷²

4.1 Aard van Zoeloeregtelike pligte

Zoeloeregtelike pligte is nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie. Artikel 7(1) meld dat kapteins veral die bevoegdheid het om gehoorsaamheid aan gesag, die plig van kinders teenoor ouers, en verpligtinge van huisgenote teenoor hul familiehoofde af te dwing. Laasgemelde twee Zoeloeregtelike verpligtinge is familieregtelik van aard,⁷³ maar eersgenoemde verpligting omvat gesag in die stamhuishouding in geheel.⁷⁴

Hierbenewens word in die gemelde artikel⁷⁵ voorsien dat dit verpligtend⁷⁶ vir kapteins is om ongemagtigde gewapende byeenkomste, of oproerige of onwettige byeenkomste of vergaderings in hul gebied uiteen te jaag of te gelas dat dit uiteengejaag word.⁷⁷ Verder word, in dieselfde sin, 'n diskresionêre bevoegdheid aan kapteins verleen, om wanneer daar in hul gebiede 'n toestand van wetteloosheid of onrus bestaan, die byeenkomste of

handelinge in artikel 7(1)(a), (b) en (c) gemeld, vir 'n tydperk van nie langer as sewe dae te verbied nie.

Hierdie laasgemelde twee bevoegdhede het op administratiefregtelike handelinge van 'n publiekregtelike aard, betrekking.

Uit die bevoegdhede in artikel 7(1) vermeld, is dit duidelik dat die bevoegdheid om regmatige administratiefregtelike bevels uit te reik 'n breër veld dek as net familieregtelike aangeleenthede. Die Kwazulu Wetboek verwys ook na publiekregtelike aangeleenthede. Volkekundiges en juriste huldig die mening dat kapteins administratiefregtelike handelinge ook met betrekking tot sosiale, religieus-magiese, ekonomiese en militêre funksies uitgevoer het.

78

79

'n Kaptein se administratiefregtelike bevoegdhede dek basies alle aangeleenthede wat die stamhuishouding raak. Die regmatigheid van 'n bevel van 'n kaptein sal egter volgens die toepaslike stamreg bepaal moet word, want dié kan van stam tot stam verskil.

80

Die volgende word as regmatig afdwingbare Zoeloeregtelike bevels beskou:

- (i) 'n Seun moet sy moeder respekteer. Ongehoorsaamheid kan daartoe lei dat die seun in die kapteinshof vervolg word.
- (ii) 'n Vader moet sy kinders versorg en beskerm. Nie-nakoming het gelei dat 'n vader in die kapteinshof as gevolg van sy luiheid en onverantwoordelikheid beboet is.
- (iii) 'n Kind moet 'n redelike aandeel van sy verdienste aan sy vader/voog oorhandig.

81

82

83

(iv) 'n Kind moet sy bejaarde ouers versorg.

85

(v) Stamgenote moet in belang van die stam gratis diens lewer, byvoorbeeld die familiewoning van die kaptein hervestig.

86

(vi) 'n Kaptein mag, by daardie stamme wat 'n vorm van die fees van die eerste vrugte toepas, blykbaar in oorleg met sy stamraad, 'n besondere datum bepaal en geen stamgenoot mag voor die datum oes nie. Verontagsaming van die reël (bevel) is strafbaar.

87

88

Die volgende is as onregmatige Zoeloeregtelike bevele beskou:

(i) 'n Stambesluit dat slegs kinders wat standaard ses geslaag het, belydenisklasse mag bywoon.

89

(ii) 'n Verbod deur 'n kaptein dat sy onderdane nie openbare dienste of private godsdiens mag hou nie.

90

(iii) 'n Bevel aan 'n nie-onderdaan woonagtig buite 'n kaptein se jurisdiksie-gebied en beslaglegging op so 'n persoon se goedere.

91

(iv) 'n Party in 'n siviele aangeleentheid tussen twee gedingvoerders, te bevel om die teenparty se beweerde regte te eerbiedig, terwyl die geding in 'n geregshof hangende is.

92

4.2 Ongemagtigde gewapende byeenkoms of onwettige vergaderings of byeenkomste uiteenjaag

Artikel 7(1) van die KwaZulu Wetboek bevestig die publiekregtelike funksie van kapteins, en lê statutêr 'n verpligting op hulle om enige byeenkoms van gewapende persone, welke byeenkoms sonder magtiging gehou word, of enige oproerige of onwettige vergadering of byeenkoms wat in hul gebiede gehou word, uiteen te jaag of te gelas dat dit uiteengejaag word.

93

Hierdie verpligting is ook in die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne⁹⁴
 bevestig, en die nie-nakoming van die verpligting⁹⁵ kan tot 'n wangedrag⁹⁶
 ondersoek teen 'n kaptein lei.

4.2.1 Enige byeenkoms van gewapende persone

Aan die woorde "enige byeenkoms van gewapende persone"⁹⁷ moet hul gewone⁹⁸
 betekenis gegee word.

Die woord "byeenkoms" (Engels "assembly") beteken 'n bymekaarkoms of⁹⁹
 samekoms. "Assembly" beteken "gathering together, concourse, meeting¹⁰⁰
 for discussion, etc."

Dit is dus duidelik dat 'n byeenkoms 'n samekoms van mense is,¹⁰¹ en in hier-
 die geval van gewapende persone. "Gewapende persone" is persone wat hulle
 van 'n voorwerp of toestel om mee aan te val, of te verdedig, of waarmee 'n¹⁰²
 letsel toegedien kan word, voorsien het. Om gewapend te wees is vuur-
 wapens, assegaaië en skildvelle nie nodig nie; mense met stokke en klippe¹⁰³
 kan as gewapend beskou word.

Die regsbetekenis geheg aan die woord "enige" (in Engels "any") is dat dit¹⁰⁴
 'n woord "of wide and unqualified generality" is. Dit is 'n onbepaalde
 term wat alles waarna dit verwys, inderdaad elkeen en alles waarna dit¹⁰⁵
 verwys, omvat. Dit is die "indeterminate derivative of one, an or a,
 and means whichever of whatever kind of whatever quantity. Quantitatively it¹⁰⁶
 means a quantity or number however large or small".

In artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek kwalifiseer die woord "enige" die woord "byeenkoms" ("any" die woord "assembly") en nie die woorde "gewapende persone" ("armed persons") nie. In S v Wood¹⁰⁷ het die Appèlhof die woorde "enige byeenkoms van enige aantal persone" ontleed, en tot die gevolgtrekking gekom dat die woord "enige" voor die woorde "aantal persone" die getal persone wat 'n byeenkoms van persone uitmaak, kwalifiseer.¹⁰⁸ Dit is "any number from two upwards".

Na analogie hiervan blyk dit dat die term "enige byeenkoms van gewapende persone" op 'n aantal gewapende persone dui. Wat die minimum getal persone is wat 'n byeenkoms van gewapende persone sal uitmaak, is nie maklik bepaalbaar nie. Met betrekking tot die gemeenregtelike misdryf van openbare geweld, word tien persone as 'n grensgeval beskou by bepaling van die getal persone wat 'n gewapende byeenkoms uitmaak.¹⁰⁹ ¹¹⁰ Hunt is egter van mening dat 'n dimensiefaktor 'n rol speel. Om te bepaal of daar 'n byeenkoms van gewapende persone was, moet faktore soos die beperkte aard van hul geskilpunt, die regs aard van die regsgoed wat aangetas staan te word, die aard van die lokaliteit waar die byeenkoms is, die aantal persone wat deelneem ensomeer, in ag geneem word. Met inagneming van al hierdie faktore, mag dit wees dat 'n hof sal beslis dat minder as tien maar meer as twee persone 'n byeenkoms van gewapende persone uitmaak.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat artikel 7(1) na 'Zoeloeregtelike verpligtinge verwys. 'n Hof behoort ook in ag te neem wat Zoeloereg en -gewoonte as 'n byeenkoms van gewapende persone sal beskou. Inligting oor hierdie aspek is nie beskikbaar nie.

Laastens moet gelet word dat die gemeenskaplike doel van die byeenkoms van gewapende persone nie relevant is nie.¹¹¹ Die feit dat daar 'n byeenkoms van gewapende persone is, is op sigself genoegsame rede om die byeenkoms uiteen te jaag.

4.2.2 Sonder magtiging

Tradisioneel kon slegs 'n kaptein toestemming tot 'n byeenkoms in sy stamgebied verleen.¹¹² Die byeenkoms van gewapende persone kan natuurlik slegs regmatiglik uiteengejaag word indien dit sonder magtiging gehou word, en in die opsig is die vereiste van "sonder magtiging" 'n vereiste vir regmatige optrede.¹¹³ Die blote byeenkoms van gewapende persone sonder die nodige magtiging is opsigself onregmatig, en selfverdediging fungeer nie as 'n regverdigingsgrond nie.¹¹⁴

4.2.3 Enige oproerige vergadering of byeenkoms

Die woorde "vergadering" of "byeenkoms" het 'n wye strekking.¹¹⁵ Na die woord "byeenkoms" ("assembly") is reeds verwys,¹¹⁶ en net so moet aan die woord "vergadering" ("meeting" of "gathering") sy gewone betekenis gegee word.

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beteken "vergadering" die "handeling van vergader; byeenkoms van persone; vergaderde mense", en "byeenkoms" 'n "bymeekaarkoms, samekoms".¹¹⁷ Die Concise Oxford Dictionary dui aan dat 'n "meeting" is 'n "assembly of people for entertainment, discussion, etc.; assembly for worship; persons

assembled" en "gathering" is 'n "assembly, meeting". Die konnotasies van die woorde oorvleuel mekaar, maar die betekenis van 'n byeenkoms en vergadering is basies sinoniem en omvat die samekoms of samebring van mense by 'n bepaalde lokaliteit. Met betrekking tot die getal mense benodig om 'n byeenkoms of vergadering te konstitueer, bestaan daar onsekerheid.

Die artikelkomponent onder bespreking in hierdie paragraaf is "enige oproerige byeenkomste of vergaderings" wat uiteengejaag moet word. Die feit dat artikel 7(1) na oproerige byeenkomste of vergaderings verwys, impliseer dat die vergadering of byeenkoms met die nodige toestemming gehou kan word. Die onregmatigheid is daarin geleë dat 'n regmatige byeenkoms of vergadering die grense van die vergunde toestemming oorskry en deur die "oproerigheid" onregmatig word.

'n Byeenkoms of vergadering is oproerig wanneer die openbare orde en vrede deur die optrede en gedrag van die aanwesiges of 'n gedeelte van die aanwesige persone, versteur word.

Die enkel optrede van 'n individu in die groep mag slegs neerkom op die misdryf van gewone aanranding; daar moet na die gedrag van die aanwesiges of 'n deel van die aanwesiges in geheel gekyk word, alvorens 'n byeenkoms of vergadering as oproerig bestempel kan word.

4.2.4 Enige onwettige byeenkoms of vergadering

'n Onwettige byeenkoms of vergadering impliseer dat die vergadering sonder die nodige toestemming gehou is, dit wil sê, die nodige toestemming is nie

voor aansoek gedoen nie, of 'n aansoek om toestemming is aan die kaptein gerig, maar die nodige magtiging is geweier.

4.2.5 In hul gebiede gehou word

Bogenoemde woorde verwys na die stamgebied van 'n kaptein en is reeds
125
bespreek.

4.2.6 Uiteen te jaag of te gelas dat dit uiteengejaag word

Artikel 7(1) plaas 'n verpligting op 'n kaptein om 'n gewapende byeenkoms of 'n oproerige of onwettige byeenkoms of vergadering wat in sy stamgebied gehou word, uiteen te jaag of te gelas dat dit uiteengejaag word. Die opdrag dat 'n derglike byeenkoms of vergadering uiteengejaag word, kan aan die stampolisie of die indoeana in wie se wyk die byeenkoms of vergadering plaasvind, gerig word.

Die verpligting "uiteengejaag" impliseer nie dat fisiese mag of krag aangewend moet word om derglike byeenkomste of vergaderings uiteen te jaag nie. So 'n optrede kan onder bepaalde omstandighede regmatig wees, maar daar moet in gedagte gehou word dat artikel 7(1) in geheel gesien, op regmatige Zoeloeregtelike bevele wat 'n kaptein kan uitreik, betrekking het, en dit is die nie-nakoming van hierdie bevele wat ooreenkomstig artikel 7(2) van die KwaZulu Wetboek strafbaar is.

4.3 Bevoegdheid om byeenkomste en ander aktiwiteite in 'n stamgebied te verbied

Laastens verleen artikel 7(1) aan 'n kaptein die diskresionêre bevoegdheid dat wanneer daar in hul gebiede ¹²⁶ (a) 'n toestand van wetteloosheid of onrus bestaan, te gelas dat (b) vir 'n tydperk van hoogstens sewe dae of (c) sodanige langer tydperk as wat die magistraat mag bepaal, die volgende (d) aktiwiteite, naamlik (i) die byeenkoms van persone in groepe, of (ii) die brou van bier (iii) by familiewonings binne die gebied wat hulle mag bepaal in die omgewing of nabyheid van 'n besondere familiewoning of familiewoning in die algemeen waar 'n huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou word; (iv) die dra van 'n skildvel of meer as een kiere deur enige persoon; (v) die uitskree van oorlogkrete en die blaas van beuels of fluitjies, verbied word.

4.3.1 Toestand van wetteloosheid of onrus bestaan

Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, ¹²⁷ bestaan "wetteloosheid" indien daar nie wet of gesag is nie, of opstandigheid of oproerigheid aanwesig is. Daar is "onrus" as daar "spanning, angs, oproerigheid" in die gebied of deel van die gebied onder beheer van 'n kaptein ¹²⁸ is. Die begrippe "wetteloosheid" of "onrus" is moontlik beter illustreerbaar indien in gedagte gehou word dat dit na openbare orde en vrede in 'n besondere gebied verwys. Openbare orde impliseer 'n toestand van algemene wetsgehoorsaamheid, en in die verband is gestel dat "in its ordinary sense the phrase "law and Order" refers to the law-abiding state of society, that is to say, the absence of riot, turbulence and violent crime and

the prevalence of constituted authority".

Slegs indien 'n kaptein van mening is dat wetteloosheid of onrus in sy stamgebied of 'n deel van sy stamgebied heers, mag hy sekere aktiwiteite verbied. Hy moet dus objektief tevrede wees dat daar 'n toestand van wetteloosheid en onrus heers alvorens hy die aktiwiteite mag verbied. Indien sy administratiefregtelike optrede onredelik is, naamlik sy verbieding nie wesenlik gegrond is nie, is sy handeling ultra vires en is die bevel ongeldig.

4.3.2 'n Tydperk van hoogstens sewe dae

Die aktiwiteite wat 'n kaptein mag verbied geld slegs vir 'n tydperk wat nie langer as sewe dae is nie. Indien hy dit verbied vir 'n periode langer as sewe dae, tree hy onregmatig op en is die bevel ongeldig. Die aktiwiteite kan vir 'n tydperk korter as sewe dae verbied word.

Die verbodsbepaling moet onder die aandag van die volgelinge woonagtig in die besondere gebied waaroor die verbod geld, gebring word.

4.3.3 Sodanige langer tydperk as wat die magistraat mag bepaal

Hierdie aspek het nog nie voor ons hore gedien nie, maar dit blyk dat alvorens 'n magistraat sy diskresie uitoefen, hy objektief oortuig moet wees dat in die besondere gebied wetteloosheid en onrus heers, in watter geval hy magtiging mag verleen dat die verbod vir 'n langer periode as sewe dae sal geld. Daar is geen aanduiding vir watter tydperk langer as sewe dae

die verbod mag geld nie, maar ons howe sal blykbaar verwag dat dit 'n redelike tydperk moet wees. Wat 'n redelike tydperk is, is tans slegs spekeleerbaar. My opinie is dat 'n verbod wel vir 'n sekere getal dae moet wees, en nie vaag moet wees soos byvoorbeeld "tot wet en orde herstel is" nie.

Hierteenoor is dit ook moontlik dat ons howe kan bepaal dat die reëling nietig is as gevolg van vaagheid. 'n Reël behoort redelik duidelik te wees ten aansien van die persone op wie dit van toepassing is, en dit geld ook met betrekking tot die tydsbestek waarvoor 'n verbod ingestel kan word.

4.3.4 Aktiwiteite verbied

4.3.4.1 Byeenkoms van persone in groepe

Daar is reeds aangedui ¹³³ dat 'n byeenkoms 'n bymekaarkoms of samekoms van mense is. Die wetgewer kompliseer die artikel deur te verwys na 'n "byeenkoms van persone in groepe". 'n "Groepe" beteken "n aantal persone of dinge van dieselfde soort, wat bymekaar en apart van ander is; 'n aantal persone of dinge wat deur iets gemeenskapliks aan mekaar gebind is; versameling ¹³⁴ byeengesikte mense of dinge."

'n "Byeenkoms van persone in groepe" blyk dus die bymekaarkoms of samekoms van persone in groepe van twee of meer mense te wees. Die artikel verwys na groepe, maar dit is nie duidelik of daar twee of meer groepe moet wees nie.

4.3.4.2 Die brou van bier

⁂ Kaptein kan of die byeenkoms van persone in groepe, of die brou van bier of beide handeling verbied. Brou verwys na die maak of bereiding van bier en nie die besit of gebruik daarvan nie. Die bier waarna verwys word is "utshwala", tans bekend as sorghumbier.

4.3.4.3 By familiewonings binne die gebied wat hulle mag bepaal in die omgewing of nabyheid van ⁂ besondere familiewoning of familiewonings in die algemeen waar ⁂ huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou te word

Hierdie gedeelte van artikel 7(1), waaroor die howe en ons regsrywers hulle nog nie uitgelaat het nie, magtig ⁂ kaptein om ⁂ byeenkoms van groepe en/of die brou van bier by familiewonings, in ⁂ gebied deur hom (die kaptein) bepaal, watter familiewonings in die omgewing of nabyheid van ⁂ besondere familiewoning is, of wat in die nabyheid of omgewing van familiewonings in die algemeen is, waar ⁂ huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou te word, te verbied.

Eerstens blyk dit dat die verbod slegs deur ⁂ kaptein ingestel kan word mits ⁂ huwelik of ander seremonie gehou of staan gehou te word. As dit nie die geval is nie, is die verbod ongeldig.

Tweedens moet die kaptein aandui in watter besondere gebied sy verbod sal geld, en derdens moet hy aandui ten opsigte van watter familiewonings sy verbod geld. Laasgemelde aspek verwys of na ⁂ familiewoning in besonder en

familiëwoning in die nabyheid of omgewing van sodanige familiëwoning, of na familiëwoning in die algemeen en familiëwoning in die nabyheid of omgewing van sodanige familiëwoning in die algemeen.

Kennis van die verbod aan elke familiëwoning blyk noodsaaklik te wees, want hulle kan alleen vir nie-nakoming van die verbod vervolg word indien hulle dit skuldiglik en wederregtelik oortree het.

135

Die aktiwiteite gemeld in paragraaf 4.3 (d)(iv) en 4.3 (d)(v) hierbo, d.w.s. die dra van 'n skildvel of meer as een klerie deur enige persoon, en die uitskree van oorlogskreite en die blaas van beuels of fluitjies, is duidelik en behoeft geen verdere kommentaar nie.

5. VERHOOR VIR NEGERING VAN KAPTEINSBEVEL OF VERBOD

'n Belangrike vraag wat ontstaan is of 'n kaptein wat 'n bevel waarvolgens 'n onderdaan gelas word om sy Zoeloeregterlike verpligtinge na te kom, of om sekere aktiwiteite nie te verrig nie, uitreik, sonder tussenkoms van 'n hof 'n persoon vir verontagsaming van sodanige bevel kan straf? Sodanige verontagsaming of trotsering van hul bevel is 'n misdryf ooreenkomstig artikel 7(2). Dit impliseer dat die aangewese optrede is om die oortreder voor die stamhof te daag sodat hy behoorlik verhoor kan word. 'n Skuldigbevinding kom op 'n geregtelike bekragtiging van die administratiewe bevel neer, en kan met straf, gewoonlik die oplegging van 'n boete, gepaard gaan. Dit is teenstrydig met die beginsels van natuurlike geregtigheid om 'n persoon te straf vir die verontagsaming van 'n bevel waarvan hy nie kennis dra nie.

136

137

6. SKEPPING VAN DUBBELE MISDRYWE

Die hoofdoel van artikel 7(1) van die Natalse Wetboek is dat kapteins regmatige en afdwingbare bevele kan uitreik wat met die nakoming van Zoeloregtelike pligte, sowel as met die verbod op sekere aktiwiteite wanneer daar toestande van wetteloosheid of onrus in 'n gebied onder beheer van 'n kaptein bestaan, in verband staan. Benewens hierdie magtigings word ook 'n verpligting op 'n kaptein geplaas om ongemagtigde byeenkomste van gewapende persone of oproerige of onwettige vergadering uiteen te jaag, of te gelas dat dit uiteengejaag word.

Voorts is die verpligting om ongemagtigde gewapende byeenkomste en oproerige en onwettige byeenkomste en vergaderings uiteen te jaag, of te gelas dat dit uiteengejaag word, sowel as die magtiging om in tye van onwettigheid of onrus in 'n gebied onder die beheer van 'n kaptein 'n verbod op sekere aktiwiteite te plaas, 'n funksie wat statutêr in die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne aan kapteins en hoofmanne opgedra is.¹³⁸ Indien 'n kaptein ingevolge laasgemelde wet optree en sy bevele verontagsaam word,¹³⁹ word oortreders kragtens artikel 2(9) van die Swart Administrasie Wet in 'n magistratuurshof vervolg.¹⁴⁰ Treë 'n kaptein egter ooreenkomstig artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek op, kan die oortreders in die kapteinshof vervolg word.¹⁴¹

In die praktyk kan dit gebeur dat 'n Swart persoon vir dieselfde oortreding weens verontagsaming van 'n kapteinsbevel eers in die magistratuurshof¹⁴² en daarna in die kapteinshof vervolg word,¹⁴³ of vice versa, maar 'n pleit van autrefois acquit of convict sal gehandhaaf word.¹⁴⁴

EVALUERING

Artikel 7(1) is 'n voorbeeld van swak wetsopstelling. In hierdie artikel word 'n kaptein onder meer gemagtig om bevele wat in verband staan met pligte ingevolge Zoeloereg uit te reik,¹⁴⁵ ongemagtigde gewapende byeenkomste of onwettige vergaderings of byeenkomste uiteen te jaag, of te gelas dat dit uiteengejaag word,¹⁴⁶ en byeenkomste en ander aktiwiteite in sy jurisdiksiegebied te verbied.¹⁴⁷ Daar is geen rede waarom hierdie bevoegdhede in een artikel gevoeg moet word nie, en 'n sinvolle onderverdeling kan bewerkstellig word.

Artikel 7(1) is 'n statutêre bevestiging van Zoeloeregtelike gebruik¹⁴⁸ en die bevoegdhede aan kapteins verleen is 'n belangrike instrument in die toepassing van hul beheerfunksie in die administrasie van hul stamme.¹⁴⁹

Die bepalinge van artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek en artikel 2(9) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927 gee ongelukkig aanleiding dat die nie-nakoming van kapteinsbevele wat in verband met pligte ingevolg Zoeloereg staan, en kapteinsbevele wat op ampspligte gebaseer is, in verskillende houe bereg word.¹⁵⁰ In die incengestrengele moderne lewe is dit sekerlik moeilik vir kapteins om te bepaal op watter grondslag hulle hul bevele uitreik. Die tendens wat ontwikkel is dat oortreders wat kapteinsbevele nie nakom nie, na 'n Magistraatshof vir vervolging verwys word. Regsekerheid en -eenvormigheid noop dat besin moet word of hierdie oortredings nie in een hof verhoor behoort te word nie.¹⁵¹

Voorts sal die wetgewer sy bedoeling duidelik moet uiteensit oor die

betekenis wat aan die woorde "enige byeenkoms van gewapende persone" geheg moet word. Mits hy dit nodig ag dat twee of meer gewapende persone 'n byeenkoms van gewapende persone daarstel, kan hy, in lig van die S v Wood-¹⁵² beslissing, die relevante bewoording in artikel 7(1) wysig om te lees "enige byeenkoms van enige gewapende persone".

Daar is gemeld dat 'n kaptein gemagtig is om byeenkomste en ander aktiwiteite in sy stamgebied te verbied,¹⁵³ en die tydperk van die verbod mag nie langer as sewe dae wees nie.¹⁵⁴ Hierdie voorskriftelike bepaling bots met die bepaling van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne waarin¹⁵⁵ bepaal is dat die verbod vir "enige periode in sy diskresie" sal geld. In lig van die bepalings van artikel 5 van die Kwazulu Wetboek is dit duidelik¹⁵⁶ dat die bepalings van die Kwazulu Wetboek, sal geld.

Die sinsnede "sodanige langer tydperk as wat die magistraat mag bepaal",¹⁵⁷ werk nie regsekerheid in die hand nie, en die wetgewer behoort die tydperk wat die magistraat mag bepaal, duidelik neer te lê.

Verder is die sinsnede "n byeenkoms van persone in groepe"¹⁵⁸ nie duidelik nie en die wetgewer kan ter wille van regsekerheid dit oorweeg om die sinsnede met die woorde "enige byeenkoms van 'n aantal persone"¹⁵⁹ of "enige byeenkoms van enige aantal persone"¹⁶⁰ te vervang.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die wetgewer -

- (a) artikel 7(1) heropstel en 'n sinvolle onderverdeling bewerkstellig;
- (b) sy bedoeling met betrekking tot die sinsnedes "enige byeenkoms van gewapende persone", "sodanige tydperk as wat die magistraat mag bepaal", en 'n byeenkoms van persone in groepe", duidelik uiteensit.

Voorts word dit nodig geag dat 'n ondersoek ingestel word na die wenslikheid van oortreders wat kapteinsbevele verontagsaam, hetsy die bevele in verband met pligte ingevolge Zoeloereg, of in die uitvoering van ampspligte uitgereik is, voor een forum, naamlik óf die kapteinshof óf die magistraatshof, moet verskyn.

Kapteins en hoofmanne geregtig op voorregte van geregshof.

8. (1) By die uitoefening van hul wetlike regterlike (sic) bevoegdhede is kapteins en hoofmanne geregtig (sic) op die voorregte van 'n geregshof ten opsigte van ongehoorsaamheid aan hul bevele of minagting van die hof en kan summier 'n boete van hoogstens vyftig rand vir sodanige misdryf oplê.
- (2) 'n Summiere boete opgelê deur 'n kaptein of hoofman kragtens die bepalinge van hierdie Wet word vir die doeleindes van appèl en invordering beskou as 'n boete opgelê by die uitoefening van regsmag kragtens artikel 20 van die Hoofwet.

Artikel 8 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. UITOEFENING VAN WETLIKE REGTERLIKE BEVOEGDHEDE
2. ONGEHOORSAAMHEID AAN BEVELE OF MINAGTING VAN DIE HOF
 - 2.1 Ongehoorsaamheid aan bevele
 - 2.2 Minagting van die hof
3. INVORDERING VAN BOETE OF APPÈL

1. UITOEFENING VAN WETLIKE REGTERLIKE BEVOEGDHEDE

In die bespreking van artikel 5 van die Kwazulu Wetboek¹⁶⁶ is daarop gewys dat die Minister van Justisie (Kwazulu) die bevoegdheid aan 'n kaptein of hoofman kan verleen om straf- en/of siviele sake te verhoor. Dit is alleen in die uitoefening van sy straf- of siviele regspleging dat 'n kaptein of hoofman sy wetlike regterlike bevoegdhede uitoefen,¹⁶⁷ dit wil sê, wanneer hy straf- of siviele sake in die stamhof verhoor.

Dit is geen minagting van 'n hof as die waardigheid, aansien of gesag van 'n nie-regtelike liggaam geskend word nie.¹⁶⁸ Indien 'n kaptein 'n administratiewe funksie verrig en in dié verband bevele uitreik wat geminag word, tree hy nie in 'n wetlike regterlike bevoegdheid op nie en is hy nie op die voorregte van 'n geregshof geregtig nie.¹⁶⁹

Om geregtig te wees op die voorregte van 'n geregshof ten opsigte van ongehoorsaamheid aan bevele of minagting van die hof, is dit 'n vereiste dat Kapteins of Hoofmanne as 'n geregshof moes fungeer het. In Makapan v Khope¹⁷⁰ word gestel, met verwysing na In re Dormer 4 S.A.R. 64, dat in die Romeins-Hollandse reg "all courts of justice possess an inherent power to deal summarily with contempts committed in facie curiae for it is necessary in the public interest that courts of justice should be empowered to punish acts which are calculated to prejudice the administration of justice."¹⁷¹

Artikel 8(1) verklaar inderdaad dat die genonereg met betrekking tot die voorregte van 'n geregshof ten opsigte van ongehoorsaamheid aan hul bevele of minagting van die hof, op kapteinskore van toepassing is.¹⁷²

2. ONGEHOORSAAMHEID AAN BEVELE OF MINAGTING VAN DIE HOF

In die praktyk word h onderskeid getref tussen strafregtelike en ¹⁷³privaatregtelike minagting van die hof. Aanvanklik het twyfel of h pri-
¹⁷⁴vaatregtelike minagting van die hof ook strafregtelik vervolgbaar is,
¹⁷⁵bestaan, maar in S v Beyers is beslis dat h strafregtelike vervolging
as gevolg van h privaatregetlike minagting van die hof, wel ingestel kan
word.

2.1 Ongehoorsaamheid aan bevele

Die woorde "ongehoorsaamheid aan bevele" dui op privaatregetlike minagting
van die hof. Privaatregetlike minagting van die hof is "the wilful and
¹⁷⁶mala fide refusal or failure to comply with an order of court." So is
¹⁷⁷byvoorbeeld h veroordeling tot gevangesetting as gevolg van
privaatregetlike minagting van die hof h prosedurregetlike wyse tot
afdwinging of nakoming van h bevel van die hof wat op skuldige en
¹⁷⁸wederregetlike wyse verontagsaam is.

Nie elke bevel van h siviele hof kan deur privaatregetlike minagting van
¹⁷⁹die hof afgedwing word nie; dit moet h bevel ad factum prestandum
¹⁸⁰wees. ¹⁸¹Die voorbeelde deur Van Winsen et al aangehaal, verwys onder
andere na die besit en oordrag van onroerende goedere, lewering van boedel-
en vennootskaprekeninge, en ooplegging van dokumente, wat nie Zoeloereget-
lik van aard is nie.

Omdat die tenuitvoerlegging van h stamhof se sivielregetlike bevele volgens

stamgewoonte en -reg, of die Hofreëls vir Stamhowe geskied, blyk dit in die stadium van regsontwikkeling dat geen bevele ad factum prestandum deur 'n kapteinshof opgelê word nie. Gevolglik is hierdie gemenereregtelike vorm van siviele minagting van die hof nie toepaslik nie. Dit wil nie sê dat die woorde "on gehoorsaamheid aan bevele" in artikel 8(1) weggelaat moet word nie, want met moontlike toekomstige uitbreiding van die regsmag van kapteins mag dit gebeur dat daar 'n toepassingsgebied geskep sal word.

2.2 Minagting van die hof

Strafregtelike minagting van die hof "consists in the unlawful and intentional violation of the dignity, repute or authority of a judicial officer in his judicial capacity, or of a judicial body, or the unlawful and intentional interference with the administration of justice in a matter pending before a judicial body".¹⁸³ In hierdie verband verwys minagting van die hof na die skending van die waardigheid, aansien, eer, reputasie en gesag van straf- sowel as siviele howe, ongeag of die handeling in facie curiae of ex facie curiae is.¹⁸⁴

Alhoewel regter Broome in R v Buthelezi¹⁸⁵ meld dat met betrekking tot die betekenis van artikel 8(1) "there is a dearth of direct authority" dui hy onomwonde aan dat 'n stamhof die bevoegdheid om minagting in facie curiae summier te bereg, het.¹⁸⁶ Verdermeer geld daar 'n vermoede dat aan 'n kaptein wat straf- of siviele sake verhoor wel die bevoegdheid verleen is om derglike sake te verhoor, welke vermoede nie weerlê kon word deur 'n blote verklaring dat die nodige regsmag nie aan 'n kaptein verleen is nie.¹⁸⁷

Aangesien die stamhof se bevoegdheid om die misdryf minagting van die hof te verhoor aan die gemenerereg ontleen word, spreek dit vanself dat 'n kaptein selfs minagting van die hof ex facie curiae kan bereg.¹⁸⁸

Die misdryf minagting van die hof is volledig deur ons regsrywers bespeek,¹⁸⁹ en behoef nie verdere toeligting nie.

3. INVORDERING VAN BOETE OF APPÈL

Artikel 8(2) dui aan dat indien die summiere opgelegde boete nie betaal word nie, die bepalings van artikel 20(5) van die Swart Administrasie Wet¹⁹⁰ vir tenuitvoerlegging van die vonnis, toegepas word.¹⁹¹

Indien die veroordeelde persoon appèl wil aanteken, geskied dit in ooreenstemming met artikel 20(6) van die Swart Administrasie Wet.¹⁹²

EVALUERING

Die bepalings van artikel 8 verklaar onteenseglik dat die voorregte van 'n geregshof ten opsigte van ongehoorsaamheid aan hul bevele of minagting van die hof, op kapteinshoue van toepassing is, en hierdie reëling, alhoewel dit nie Zoeloereg weerspieël nie,¹⁹³ is effektief en moet voortbestaan.

Onwettige teenwoordigheid of rusverstoring in familiewoning van kaptein of hoofman is 'n oortreding.

9. Enige Swarte wat in die familiewoning van 'n kaptein of hoofman aangetref word en nie in staat is om bevredigende rekenskap van homself te gee nie, of enige Swarte wat die vrede in die onmiddellike omgewing van sodanige familiewoning verstoort, is

skuldig aan 'n oortreding en kan op bevel van sodanige kaptein of hoofman gearresteer en voor die Kommissaris of Magistraat weens die oortreding aangekla word.

Artikel 9 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ENIGE SWARTE
2. SKULD
- 3.1 IN FAMILIEWONING VAN 'n KAPTEIN OF HOOFMAN AANGETREF WORD, EN
- 3.2 WAT NIE BEVREDIGENDE REKENSAP VAN HOMSELF KAN GEE NIE
OF
- 4.1 IN DIE ONMIDDELLIKE OMGEWING VAN DIE FAMILIEWONING VAN 'n KAPTEIN OF
HOOFMAN IS, EN
- 4.2 DIE VREDE VERSTOOR
5. OP BEVEL VAN KAPTEIN OF HOOFMAN ARRESTEER
6. VOOR DIE MAGISTRAAT AANGEKLA WORD

1. ENIGE SWARTE

194

Die term "Swarte" is reeds bepaal.

2. SKULD

195

Die oortreder sal in die magistraatshof vervolgt word en die skuldvereis-
196 197
te sal in aanmerking geneem word.

198

Die skuldvereiste is nie aan Zoeloereg onbekend nie. Kranksinniges is
199
ook in die inheemse gewoontereg nie toerekeningsvatbaar nie en dronken-

skap, wat dikwels 'n aanleidinggewende oorsaak by rusverstoring is, geld in die reël nie as 'n verskoning nie as die dader dronk geword het wel wetende dat drank hom lawaaierig maak.

3.1 IN FAMILIEWONING VAN KAPTEIN OF HOOFMAN AANGETREF WORD

'n "Familiewoning" word in die Kwazulu Wetboek omskryf as "die huishoudelike inrigting en gewone woonplek van 'n Swarte en --- dit (kan) uit een of meer huise bestaan en (dit) omvat --- afsonderlike wonings be- woon deur Swartes op sendingstasies of op privaatgronde".

Die omskrywingsartikel is uitbreidend in die opsig dat dit nie slegs na familiewonings op Trustgrond verwys nie, maar dat derglike wonings ook op sendingstasies of privaatgrond wat in die toegewese gebied van Kwazulu is, geleë kan wees. 'n Familiewoning was voorheen as 'n stat of 'n kraal bekend. Bekker (1989) dui aan dat familiewonings in die reël apart van mekaar geleë is, en in poligamiese huishoudings sal die familie-hoof en sy vroue almal in een familiewoning, elk met hul afsonderlike wonings (hutte), woonagtig wees, of hy mag afsonderlike familiewonings vir een of meer van sy vroue vestig. Stafford en Franklin meld dat daar vir elke vrou 'n afsonderlike huis (hut) is, en al die huise saam konstitueer die familiewoning. Simpliciter kan dit uit die familiehoof, een vrou en hul kinders bestaan, of in meervoudige vorm uit "a large number of huts, and divided up into three distinct sections, with perhaps a number of independent huts belonging to poor relatives and friends of the kraal head".

Bruwer toon aan dat 'n familiewoning tradisioneel 'n sirkelvormige

aanleg gehad het en dat die beeskraal 'n sentrale deel van die familiewoning
 211 gevorm het.

Die familiewoning is onder beheer van die familiehoof en gewoonlik is die
 212 grense van die familiewoning met pale of ander beskikbare materiaal omhein.

Die gebied van die familiewoning met sy ingeslote hutte en beeskraal is ge-
 woonlik afgebaken en dus bepaalbaar.

Op sendingstasies en privaatgrond is dit nie noodwendig dat die tradisio-
 nele uitleg van die familiwoning gevolg sal word nie. Gewoonlik is 'n be-
 paalbare stuk grond aan 'n kraalhoof vir bewoning uitgewys en sy woning en
 ander buitegeboue op die grond vestig sy familiewoning.

213
 In dorpe en woongebiede in verbeteringsgebiede is 'n woonperseel aan 'n
 familiehoof toegeken en sy woning en buitegeboue saam op die gewoonlik
 omheinde perseel, vorm 'n familiewoning.

In die konteks waarin familiewonings in artikel 9 aangewend word, moet dit
 natuurlik betrekking hê op 'n familiewoning wat onder beheer en kontrole van
 'n kaptein of hoofman is, dit wil sê dit moet die familiewoning wees waarin
 die kaptein en hoofman en hul enkelvoudige of meervoudige gesinne gewoonweg
 gehuisves is.

Enige Swarte wat dus fisies binne die omheinde of bepaalbare grense van 'n
 familiewoning aangetref word, en nie noodwendig in 'n huis of hut van die
 familiewoning nie, is aan 'n misdryf skuldig mits hy nie 'n bevredigende re-

kenskap van sy teenwoordigheid aldaar kan gee nie.

3.2 BEVREDIGENDE REKENSAP

h Swarte wat binne die grense van h familiewoning van h kaptein of hoofman aangetref word se aanwesigheid aldaar is wederregtelik, en die wederregtelikheid van sy optrede kan alleen opgehef word mits hy bevredigende rekenskap van sy teenwoordigheid kan gee.

Aangesien artikel 9 nog nie voor ons howe gedien het nie en daar h gebrek aan inligting oor wat as "bevredigende rekenskap" beskou word is, is die oorwoë mening dat noodweer,²¹⁴ noodtoestand,²¹⁵ saakwaarneming,²¹⁶ en handeling op gesag van h bevoegde persoon²¹⁷ moontlike objektiewe bevredigende redes sal vestig. In die konteks sal elke besondere stam se toepaslike reg en gebruike in ag geneem moet word.

4.1 ONMIDDELLIKE OMGEWING VAN FAMILIEWONING

In die Afrikaanse teks verskyn die woorde "onmiddellike omgewing" terwyl die woorde "within the precincts" van die familiewoning in die Engelse teks gebruik word. Die Zoeloe bewoording kom met dié van die Engelse teks ooreen.

Aangesien die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek deur die Staatspresident onderteken is, is die betekenis van die woorde "within the precincts" van deurslaggewende betekenis.²¹⁸

"Within" beteken "inside, to or at or on the inside, in (to) house or room,
internally; to or on or in the inside of, enclosed by", en "precinct"
beteken "space enclosed by walls or other boundaries of a place or building;
boundary".

Dit is dus duidelik dat die vrede binne die afgebakende gebied van die
familiewoning van die kaptein of hoofman verstoort moet wees.

4.2 VREDE VERSTOORT

Versteuring van die vrede kan verskeie vorms aanneem. Dit kan versteur
word deur 'n persoon wat opsetlik met luidrugtige woorde of ander
onbetaamlike gedrag die rus in die familiewoning van 'n kaptein of hoofman
verstoort. Skeltaal en aggressiwiteit is ook gedraginge wat die rus
verstoort.

Die oortreder se gedrag moet op versteuring van die vrede of rustigheid van
die huisgenote in die familiewoningkompleks gerig wees, welke gedrag dus
wederregtelik is. Regverdigingsgronde wat die wederregtelikheid kan ophef,
is moeilik denkbaar.

5. OP BEVEL VAN KAPTEIN/HOOFMAN ARRESTEER

Die oortreder kan, aldus die bewoording van die artikel, op bevel van die
kaptein of hoofman, wat die familiehoof van die familiewoning is, gearre-
steer word. Zoeloereglik behoort die woorde nie letterlik geïnterpreteer
te word nie, want sekere gesagsinstansies het die bevoegdheid om namens die

kaptein of hoofman op te tree.

Blykbaar sal dit voldoende wees indien 'n bevoegde gesagspersoon gelas het dat die oortreder gearresteer moet word.

Wanneer so 'n persoon gearresteer word kan 'n redelike mate van geweld,²²³ indien dit nodig blyk te wees, gebruik word.

6. VOOR MAGISTRAAT VERHOOR

Die oortreder moet in 'n magistraatshof verhoor word.²²⁴

EVALUERING

Behalwe die verskil tussen die Afrikaanse woorde "onmiddellike omgewing" en die Engelse woorde "within the precincts",²²⁵ lewer die ander artikelkomponente van artikel 9 nie probleme in die praktyk nie. Die Engelse woorde "within the precincts" blyk die korrekte bedoeling van die wetgewer te wees.²²⁶

Dit is nie duidelik waarom 'n beweerde oortreder slegs voor 'n magistraatshof, en nie 'n stamhof, vervolg moet word nie. Indien 'n oortreder in 'n stamhof vervolg mag word weens die nie-nakoming van 'n kaptein se bevel dat Zoeloeregtelike verpligtinge nagekom moet word of wanneer sy verbiedinge verontagsaam word kan 'n oortreder ook as gevolg van 'n beweerde misdryf in-gevolge artikel 9, in die stamhof verhoor word.

Alhoewel 'n kaptein of hoofman nie in 'n saak waarin hy self die klaer is kan regsprek nie,²²⁷ is dit per slot van sake die stamhof wat die saak verhoor en die kaptein is slegs die voorsittende beamppte wat, uit hoofde van sy kapteinskap, die bevoegdheid het om uitsprake volgens bevinding van die hof te lewer.²²⁸

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat -

- (a) in die Afrikaanse teks die woorde "in die onmiddellike omgewing" met "binne die gebied," vervang word;
- (b) ondersoek ingestel word of die regsmag van 'n kapteinshof nie uitgebrei moet word om ook 'n oortreding van artikel 9 van die Kwazulu Wetboek in te sluit nie.

Erkenning en aanstelling van opvolger van erfkaptein.

10. (1) Vir die doeleindes van algemene erfopvolging, soos omskryf in artikel 81, is die erfgenaam van 'n oorlede erfkaptein die persoon wat die Kabinet kragtens artikel 2 (7) van die Hoofwet as erfopvolger van die kapteinskap aanstel of vir aanstelling erken.
- (2) Alvorens kragtens artikel 2(7) van die Hoofwet besluit word wie om aan te stel of vir aanstelling te erken, as kaptein, in opvolging van 'n erfkaptein kan die Kabinet, indien hy as gevolg van 'n geskil of ander omstandigheid dit wenslik ag, ondersoek laat instel deur drie raadgewers deur hom aangestel en sodanige raadgewers word uitgekies op grond van hul spesiale kennis van die taal, gebruike en wette van die Zoeloes, en moet deur bemiddeling van die Sekretaris aan die kabinet verslag doen. Hulle besit al die magte wat by wet aan magistraatshowe (sic) verleen word vir die dagvaarding van getuies, hul ondervraging onder eed, en om die voorlegging van dokumente af te dwing.

Onderzoek moet gehou word in gevalle van geskille of ontevredenheid.

11. (1) In alle gevalle van geskille oor kapteinskappe van stamtwiste of ontevredenheid en van wrywing tussen kapteins of stamme, stel die Sekretaris persoonlik of op ander wyse, na goeë dunks, ondersoek in vir die inligting van die Kabinet.
- (2) By die uitoefening van sy funksies ingevolge subartikel (1) besit die Sekretaris of sy plaasvervanger al die bevoegdhede wat by wet aan 'n magistratuurshof (sic) verleen is vir die dagvaarding van getuies, hul ondervraging onder eed en om die voorlegging van dokumente af te dwing.

Voorgenoemde bepaling is meesal van 'n administratiewe, aard maar van belang is die vraag wat is 'n kaptein, wie word aangestel as 'n erfkaptein, en omdat die term "hoofman" deurgaans sinoniem met 'n "kaptein" gebruik word, wie word as 'n hoofman beskou en aangestel. Artikel 9 en 10 word in die volgende artikelskomponente bespreek:

1. KAPTEIN

1.1 Algemeen

1.2 Aanstelling

1.3 Afdanking

2. HOOFMAN

3. ONDERSOEK DEUR DRIE RAADGEWERS

4. ONDERSOEK DEUR SEKRETARIS

5. BEVOEGDHEDE VERLEEN AAN RAADGEWER/ONDERSOEK KOMMITEE

1. KAPTEIN

1.1 Algemeen

In die Kwazulu Wetboek word die woord "kaptein" konstant gebruik, maar die

belangrike gesagsposisie word nie omskryf nie. Blykbaar is dit 'n kennelike oorsig omdat geen definisie die allesomvattende rol van 'n kaptein kritiekloos kan saamvat nie.

229
Coertze sê dat die kaptein by elke stam die hoogste gesagsdraer is. Hy
230
is die "kop" van die stam en by die oorgrote meerderheid van stamme is
231
hy die "seun van die stam". Kapteinskap setel verdermeer in die linie
232 233
van die kaptein; en is patrilineaal.

In 'n kaptein is die algemeen erkende en bekende drieledige indeling van staatsmagte, naamlik uitvoerende-, wetgewende- en regsprekende mag,
234
gesetel. Die uitvoerende mag berus by die kaptein wat op advies van sy
235
private raad en die stamraad handel. Die onderdane is aan die kaptein onderhorig en hy is vir hulle algemene welsyn verantwoordelik. Op ekonomiese-, magies-religieuse- en militêre gebied is hy die leier, en hy is die skakel tussen sy onderdane en die voorvadergeeste. Hy het in die toekennings van woon- en bewerkbare persele 'n inspraak; is die spreekbuis van sy stam; beheer die toelating, al dan nie, van vreemdelinge in die stamgebied; en is vir die algemene administrasie van sy stam verantwoordelik, wat insluit wyksindelings en aanstelling van indoenas en andere gesagsposisies.
236

Die wetgewende mag berus by die stamvergadering en die kaptein is voorsitter van hierdie vergadering.
237
Voorgestelde wetgewing word deur die stamraad, as verteenwoordiging van die hele stam, bespreek en aanvaar of verworp en is hulle ten gunste daarvan, word dit na die stamvergadering vir 'n
238
besluit verrys.

Die regsprekende mag in die stamgebied berus by die kaptein en sy stamhof.²³⁹ Die sentrale figuur in die stamstruktuur is dus die kaptein en die stamhuishouding in geheel is onder sy beheer.²⁴⁰ Sy onderdane is aan hom gehoorsaamheid en onderdanigheid verskuldig en hy is die visuele simbool van die stam se eenheid en saamhorigheid.²⁴¹

Weens die eenheid wat 'n kaptein en sy onderdane vorm is 'n stam as 'n regspersoon erken.²⁴² 'n Kaptein kan dus namens sy stam regshandeling aangaan en in 'n geregshof dagvaar of gedagvaar word. 'n Vonnis wat teen 'n kaptein in sy verteenwoordigende hoedanigheid gegee is, bind die hele stam.²⁴³

1.2 Aanstelling

Die bevoegdheid om 'n kaptein te erken of aan te stel berus by die Kwazulu Kabinet,²⁴⁴ en in die opsig kan die Kwazulu Kabinet enigeen as 'n kaptein van 'n Swart stam erken of aanstel. Regstegnies beteken artikel 2(7) van Wet 38 van 1927²⁴⁵ dat die Kwazulu Kabinet enigeen as 'n kaptein van 'n Swart stam kan erken of aanstel,²⁴⁶ en dat 'n opvolger volgens Zoeloereg en -gebruik tot 'n kapteinskap, nie 'n reg het om aanspraak te maak op die kapteinskap nie,²⁴⁷ dit wil sê, hy kan nie die Kwazulu Kabinet deur middel van 'n hofbevel verplig om hom aan te stel nie. Daar is ook 'n onderskeid in die woorde "erken" of "aanstel". Die woord "erken" dui aan dat die Kwazulu Kabinet besluit om 'n de facto erfkaptein de jure te erken.²⁴⁸ Verdermeer lê die onderskeid van erkende en/of aangestelde kapteins in hul ampspligte en diensvoorwaardes. Slegs wanneer hulle aangestel is kan hulle die funksies, pligte en bevoegdhede uitoefen wat onder andere in die Kwazulu Wet op Kap-

teins en Hoofmanne van toepassing is.

Bogenoemde regsuitleg beteken egter nie dat die Kwazulu Kabinet na willekeur kan optree en die Zoeloeregtelike opvolgingsreëls sal verontagsaam nie. Volgens tradisionele Zoeloereg is 'n kapteinskop erflik, en 'n kaptein word deur die oudste seun van sy hoofvrou opgevolg. Die hoofvrou word as "moeder" van die stam beskou, onder meer omdat die stam tot haar lobolo bygedra het.²⁵¹ Die Kwazulu Kabinet pas die opvolgingsreg²⁵² sodanig toe dat erflike kapteinskappe sover moontlik in ere gehou word.²⁵³ Vir doeleindes van die Kwazulu Wetboek word alle kapteins in Kwazulu "who attained that position by virtue of birth, with the exception of the headmen of the Kholwa tribes/communities in the districts of Hlanganani, Mpumalanga, Inkanyezi, Emzumba and Vulindlela, (are) regarded as hereditary chiefs".²⁵⁴

In die toepassing van sy diskresie, met betrekking tot die erkenning of aanstelling van 'n kaptein, moet die Kwazulu Kabinet regsgeldig optree, en dit behels dat die tersaaklike regsreëls en omstandighede, die stam se belang, en die algemene openbare belang in ag geneem moet word.²⁵⁵ Gewoonlik is dit juis in die stam se belang²⁵⁶ en in die algemene openbare belang dat die aangewese opvolger aangestel word want hy geniet die lojaliteit van sy stam.²⁵⁷

²⁵⁸
'n Waarnemende kaptein kan deur die Hoofminister aangestel word indien 'n erfopvolger te jonk is om as kaptein aangestel te word, of gedurende die rouperiodes wat op die dood van die vader van die erfopvolger volg.

h Kaptein beklee in die reël sy amp tot die dood, maar kan as gevolg van hoë ouderdom sy amp neerlê.

1.3 Afdanking

Die Kwazulu Kabinet kan enige erkende of aangestelde kaptein afsit, ²⁵⁹ maar dit mag slegs met inagneming van die stelreël audi alteram partem ²⁶⁰ geskied. Die kaptein sowel as die stam moet geraadpleeg word.

2. HOOFMAN

In Kwazulu is hoofmanne ²⁶¹ aangestel. h Hoofman ²⁶²⁻ is nie in die Kwazulu ²⁶³ Wetboek omskryf nie.

Wat Kwazulu betref, verwys die term "hoofman" na "an elected head of a community or group of people with various tribal backgrounds who are grouped together because of religious affiliations or as a result of circumstances". ²⁶⁴

Die basiese onderskeid tussen hoofmanne en kapteins is dat eersgenoemde verkose is in teenstelling met kapteins wie se posisie in die reël erflik is. Aan hoofmanne word soos in die geval van kapteins straf- en/of siviele ²⁶⁵ regsmag verleen.

h Hoofman word deur die volwasse manlike lede van die betrokke gemeenskap verkies by wyse van opsteek van hande of h geheime stemming, welke wyse hulle moet aandui, by h vergadering wat vir die doel deur die magistraat

van die betrokke distrik belê is.

h Hoofman kan deur die Hoofminister ontslaan word, en die audi alteram partem - reël geld soos ten opsigte van kapteins wat van hul kapteinskappe afgesit word.

3. ONDERSOEK DEUR DRIE RAADGEWERS

Daar is geen verpligting op die Kwazulu Kabinet om 'n ondersoek deur drie raadgewers, ingevolge artikel 10(2) van die Kwazulu Wetboek, in te stel nie. Die ondersoek, indien ingestel, het slegs bestrekking op feite wat voorgelê word aan die Kwazulu Kabinet, en die ondersoekverslag affekteer geen regte of impliseer geen regsgevolge ten aansien van persone nie.

Verdermeer impliseer die woorde dat die drie raadgewers op grond van hul "spesiale kennis van die taal, gebruike en wette van die Zoeloes" aange- stel word, dat die raadgewers se kennis redelik voldoende moet wees om hul le in staat te stel "to deal adequately with the meeting in question".

Volledige ensiklopediese kennis van die taal, gebruike en wette word nie gevisualiseer nie, maar die persone moet ook nie van kleuterskool standaard wees nie.

4. ONDERSOEK DEUR SEKRETARIS

Artikel 11(1) maak voorsiening dat in bepaalde omstandighede die Sekretaris van die Departement van die Hoofminister, Kwazulu, persoonlik of op 'n ander wyse vir die inligting van die Kwazulu Kabinet ondersoek mag instel. Die

ondersoek is nie verpligtend nie en handel oor die voorstelling van feite. Die doel van die ondersoek self is nie om 'n beslissing te gee "affecting rights or involving legal consequences to persons", nie.²⁷³

5. BEVOEGDHEDE VERLEEN AAN RAADGEWER/ONDERSOEK KOMITEE

In beide artikels 10(2) en 11(2) word aan die triumviraat- en eenmanondersoekkomitee, onderskeidelik, die magte wat by wet aan magistraatshoue verleen word vir die dagvaarding van getuies, hul ondervraging onder eed, en om die voorlegging van dokumente af te dwing, van toepassing gemaak.²⁷⁴ Die relevante bepalings van die Wet op Landdroshoue is dus toe-²⁷⁵paslik.

EVALUERING

Daar is geen noodsaak dat 'n kaptein in die Kwazulu Wetboek omskryf moet word nie. In die praktyk word die veelvuldige aard van 'n kapteinskap deur etnoloë, juriste en in 'n mindere mate, deur die regspraak goed uiteengesit.²⁷⁶

Die Kwazulu Kabinet se administratiewe toepassing van Zoeloeregtelike opvolgingsreëls dat erflede kapteinskappe in ere gehou word,²⁷⁷ is realisties. Indien die Umdeni-familie²⁷⁸ van 'n stam geraadpleeg word, sal geskille in die opvolging van kapteinskappe tot die minimum beperk word.

'n Goeie middeweg word gevolg deur nie in artikel 18 te bepaal dat die Kwazulu Kabinet noodwendig slegs die regmatige opvolger tot 'n kapteinskap sal

aanstel. Indien dit wel gedoen was sou 'n veelvoud van eise deur aspirant kandidate tot kapteinskappe die lig gesien het en onnodige gedingvoering sou die gevolg wees.

Artikels 10 en 11 lewer verder geen probleme in die praktyk op nie.

VERWYSINGS

1. Artikels 5 tot 11 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie R151 van 1987, kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Vergelyk De Clercq (1975) 50; Erasmus 23.
3. Erasmus 28-9; Myburgh (1986) 75-77.
4. Kwazulu Wet No. 8 van 1974.
5. Die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
6. Sien artikel 3 van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
7. Wet No. 8 van 1974 (Kwazulu).
8. Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974, artikels 3 en 5.
9. Ibid, artikel 6.
10. Ibid, artikel 6.
11. Ingevolge artikel 11 van die Wet.
12. Reader (1966) 296; Olivier et al (1989) 580; Prinsloo (1983) 240-2.
13. Artikels 12 en 20 van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
14. Prinsloo (1983) 240.
15. Mdumane v Mtshakule 1948 NAC 28 (C&O).
16. Vir die bespreking van die begrip "n Swarte" sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
17. Sien in hierdie verband bladsy 24 van hierdie verhandeling.

18. Ingevolge artikel 20(1)(a)(i) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 12 van die Eerste Bylae van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971. Vergelyk ook S v Mngadi 1971(2) SA 220 (N), en sien Labuschagne (1974) 38-41.
19. Ingevolge artikel 20(1)(a)(ii) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 12 van die Eerste Bylae van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971.
20. Die misdrywe gemeld in die Derde Bylae tot die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
21. Dit geld slegs ten aansien van Swart persone.
22. Sien voetnota 20.
23. Mits daartoe deur die Minister van Justisie (Kwazulu) gemagtig.
24. Ingevolge Kwazulu Wet No. 6 van 1973.
25. Kwazulu Wet No. 7 van 1974.
26. Vergelyk Olivier et al (1989) 587; Prinsloo (1983) 249-50.
27. Vergelyk Goewermentskennisgewing No. 12 van 1979, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 5 van 1980. Vir 'n volledige bespreking van strafregspiegeling deur kapteins en hoofmanne sien Olivier et al (1989) 585-8; Prinsloo (1983) 240, 244-51 266-76; Labuschagne (1974) 38-47.
28. Aangestelde of erkende kapteins is bespreek op bladsye 79 tot 85 van hierdie verhandeling.
29. Ingevolge artikel 12(1)(a) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 12 van die Eerste Bylae van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971.
30. Wie Swart persone is, is bespreek op bladsye 19 tot 22 van hierdie verhandeling.
31. Die term "regsgebied" verwys na "stamgebied" en is bespreek op bladsye 23 en 24 van hierdie verhandeling.
32. Artikel 12(2) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
33. Olivier et al (1989) 590.
34. Artikel 12(1) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
35. Geregtelike skeiding is na die inwerkingtreding van die Wet op Egskeiding No. 70 van 1979 nie meer in die Suid-Afrikaanse reg van toepassing nie.

36. Aldus artikel 50(1) van die Kwazulu Wetboek word 'n gebruikelike huwelik deur 'n magistratuurshof ontbind, en by implikasie is dit laasgenoemde hof wat 'n nietigverklaringsbevel uitreik (sien artikel 55 van die Kwazulu Wetboek). Sien ook Hlenqwana v Maphumulu 1972 BAC 58 (N-E) 63.
37. Olivier et al (1989) 590; Prinsloo (1983) 157-8; Bekker (1989) 41-6; Whitfield 23-31; Ishabalala v Zwane 1947(1) PH R10 (N&T) en vergelyk Monete v Setshuba 1948 NAC 22 (C&O). Sien verder Mogale v Mogale 1912 TPD 96; Sikoane v Mogale and others 1930 NAC 25 (N&T); Yeni v Jala 1953 NAC 32 (N-E); Mkize v Mnguni 1952 NAC 242 (N-E).
38. Goewermentskennisgewing R2082 van 1967.
39. Sien Olivier et al (1989) 590-3; Prinsloo (1983) 256-66; Bekker (1989) 15-21.
40. Die bepalings van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974 en die Hoofwet waarna in paragrawe 2 en 3 op bladsye 39 en 41 verwys is, word nie in hierdie verhandeling geëvalueer nie. Dit sal 'n afsonderlike ondersoek regverdig.
41. De Clercq (1975) 51; Vir 'n volledige beskrywing van die struktuur van 'n Zoeloestam en sy gesagsinstansies sien Holleman (1948) 2-22; Krige (1950) 217-20; Vilakazi (1965) 79-86; Reader (1966) 253-273; De Clercq (1975) 51-67.
42. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
43. Ibid.
44. In die Engelse teks word die woord "chief's deputy" gebruik. Dit is nie duidelik waarom in Afrikaans die term "kapteinsgevolmagtigde" nie aangewend word nie.
45. Dit impliseer dat 'n indoe-na nie soos in tradisionele Zoeloereg regspraak kan beoefen nie, maar dat hy net in 'n arbitrerende hoedanigheid siviele geskille kan besleg.
46. Kragtens die bepalings van artikel 20(1)(a) en 20(1)(a)(ii) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 12 van die Eerste Bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
47. Kragtens die bepalings van artikel 12(1)(a) en 12(2) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 12 van die Eerste Bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
48. Vergelyk Mkize v Mtinkulu 1944 NAC 14 (N&T).
49. Aldus artikel 17(1) van die Natalse Kode (Proklamasie R195 van 1966) was aanstellings voorheen aan die goedkeuring van 'n kommissaris onderhewig. Dit is nie meer die geval nie.

50. Sien die definisie van "Sekretaris" in artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
51. Artikel 6(3) van die Kwazulu Wetboek.
52. Ibid.
53. Sien artikel 1 van die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek.
54. Sien die bespreking op bladsye 79 tot 84 van hierdie verhandeling.
55. Verontagsaming van derglike bevel is met 'n boete van hoogstens vyftig rand strafbaar, vide artikel 7(2) van die Kwazulu Wetboek. 'n Regsplig word aan onderdane in artikel 7(1) opgelê terwyl die nie-nakoming van 'n regmatige bevel kragtens artikel 117(1) van die Kwazulu Wetboek 'n misdryf is. Sien ook Stafford en Franklin 47.
56. Vergelyk artikels 3(1) en 6(1)(a) en (b) van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974.
57. Vergelyk Reader (1966) 255-6; Myburgh (1986) 29.
58. Soos byvoorbeeld die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974 en die Kwazulu Wetboek. Sien ook S v Moshesh 1962(2) SA 264 (ECD) waarin 'n opdrag van 'n kaptein aan stamgenote as regmatig beskou is omdat die funksie deur middel van wetgewing (Proklamasie 110 van 1957) aan kapteins en hoofmanne opgedra was. Daar moet egter in gedagte gehou word dat artikel 2(9) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 197 na die wettige uitvoering van onder andere 'n kaptein se ampspligte verwys en nie-nakoming van bevel wat in die verband uitgereik is, is ook 'n misdryf. Administratiefregtelike bevel wat ingevolge artikel 2(9) van Wet No. 38 van 1927 strafbaar is, word nie in hierdie verhandeling bespreek nie.
59. R v Skade 1957(3) SA 315 (ECD).
60. Die tradisionele gebruik.
61. Vandag kom dit meermale voor. 'n Kaptein sal veral sy stamsekretaris gebruik om die kennisgewing uit te skryf.
62. Indoenas of stampolisie of bodes (messengers).
63. Ingevolge artikel 7(2) van die Kwazulu Wetboek.
64. R v Mazibuko and others 1945 NPD 276.
65. Ishehla v Komane and others 1971 BAC 83 (N-E).
66. Sien die bespreking van stamgenote op bladsy 22 van hierdie verhandeling.
67. Nkomo v Tele 1936 NAC 77 (N&T) 78.

68. Prinsloo (1983) 91: Artikel 6(1)(f) van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974 bepaal onder andere dat kapteins die veiligheid van bona fide reisigers in hul gebied moet verseker. Dit beteken dat Zoeloeregtelike opdragte in die verband aan stamgenote gegee kan word, watter opdragte regmatig kan wees en die nie-nakoming daarvan sal ingevolge artikel 7(2) van die Kwazulu Wetboek strafbaar wees. Vergelyk R v Skade 1957(3) SA 315 (ECD). Word egter geredeneer dat die opdrag 'n uitoefening van 'n statutêre plig is, is die nie-nakoming van die bevel ooreenkomstig artikel 2(9) van Wet No. 38 van 1927 in 'n magistraatshof vervolgbaar.
69. Vergelyk Prinsloo (1983) 185; Myburg (1986) 89.
70. Sien onder andere die volgende Proklamasies: R196 van 1967 - Beperking, Beheer en Verbetering van Vee en van Veeboerdery en Landbouhulpbronne in Swart Gebiede; R197 van 1967 - Beheer oor Sekere Aangeleenthede met betrekking tot Landbou in Swart Gebiede; R199 van 1967 - Regulasies Betreffende die Beskerming van Werk in Swart Gebiede; R200 van 1967 - Regulasies Betreffende Gemeenskapdienste in Swart Gebiede; R201 van 1967 - Regulasies Betreffende Gemeenskaplike verantwoordelikheid in Swart gebiede; R268 van 1968 - Beheer van Vergaderings, Byeenkomste of Samekomste in Swart Gebiede; R188 van 1969 - Regulasies Betreffende Grond in Swart Gebiede; R96 van 1970 - Gesondheidsaangeleenthede - Swart Gebiede.
71. In hierdie verhandeling word oortredings van artikel 2(9) van Wet 38 van 1927 nie bespreek nie.
72. Sien die bespreking in die vorige paragraaf, sowel as die bespreking van artikel 7 in paragraaf 4.1 op bladsy 51 van hierdie verhandeling.
73. Vergelyk artikels 12, 19, 20, 22 en 23 van die Kwazulu Wetboek.
74. Vergelyk artikels 3(1) en 6(1) en 6(1)(a), (b), (c) en (d) van Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974; Sien ook Reader (1966) 254; De Clercq (1975) 145; Erasmus 245.
75. Artikel 7(1).
76. Die woord "moet" (Engels "shall") is gebruik.
77. Hierdie funksie is ook aan kapteins in artikel 6(1)(g) en (h) van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974 opgedra. In die geval van pligsversuim kan hulle van wangedrag, kragtens artikel 11 van die gemelde wet, aangekla word.
78. Reader (1966) 251-5; De Clercq (1975) 145; Bruwer 183; Prinsloo (1983) 34, 80-92; Erasmus 22; Olivier et al (1989) 580.
79. Vir 'n breedvoerige bespreking van die vereistes wat gestel word vir die bepaling of 'n administratiewe handeling regsgeldig is, sien Prinsloo (1983) 152-7 en Wiechers (1984) 172-258.

80. S v Ngidi 1969(1) SA 411 (N).
81. De Clercq (1975) 331-2.
82. Ibid 351, 353.
83. Ibid 351.
84. Ibid 365.
85. Reader (1966) 255; Myburgh (1986) 29,84-6.
86. Zungu v Buthelezi 1939 NAC 30 (N&T). Op bladsy 31 is gestel dat "under Native Law and Custom a chief may call upon his tribesmen to render assistance in building and removing his kraal".
87. Bruwer 148-9.
88. Schapera 201, 249-50.
89. So 'n besluit is strydig met staatsgedragslyn; Sien Mogale v Strydom en andere 1955(2) SA 265 (T).
90. Ngubane v Hemu 16 NLR(1895) 239. Om gebede te verbied is net so onmoontlik as om die vlug van voëls te reël, aldus die beslissing.
91. Nkomo v Cele 1936 NAC 77 (N&T).
92. S v Ngidi 1969 (1) SA 411 (N).
93. As hoof van die uitvoerende gesag van 'n stam is die kaptein vir die handhawing van die openbare orde en veiligheid in sy stamgebied verantwoordelik. Sien Prinsloo (1983) 82-3; Reader (1966) 254-5.
94. Kwazulu Wet No. 8 van 1974, artikel 6(1)(g) en (h).
95. Sien voetnotas 46 en 47.
96. Ingevolge artikel 11 van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974.
97. In die Engelse teks is die woorde "any assembly of armed persons" gebruik.
98. Die woorde is nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie.
99. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal (1984)).
100. The Concise Oxford Dictionary (Sykes (1983)).
101. Sien S v Mafako 1964(4) SA 708 (T); S v Mkize and another 1965(2) SA 273 (N); S v Wood 1976(1) SA 703 (A).

102. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal (1984)).
103. R v Ishayitsheni and others 1918 TPD 23; R v Cele and others 1958(1) SA 145 (N); R v Segopotsi and others 1960(2) SA 439 (T).
104. R v Hugo 1926 AD 268 te 271.
105. Hayne and Co v Kaffrarian Steam Mills Co Ltd 1914 AD 363 te 371.
106. S v Wood 1976(1) SA 703 (A) 706.
107. Ibid.
108. Ibid 707.
109. R v Nxumalo 1960(2) SA 442 (N). Meer as twee persone maar minder as agt persone is as onvoldoende beskou om 'n (gewapende) byeenkoms uit te maak. Sien in die verband R v Mcuru 1938 NPD 229; R v Sabe 1938 TPD 136; Hunt (1970) 78-9.
110. Hunt (1970) 79.
111. Vergelyk S v Mafako 1964(4) SA 708 (T) 710-11; S v Khumbisa and others 1984(2) SA 670 (N).
112. Prinsloo (1983) 179-81, Reader (1966) 255.
113. R v Cule 1948(4) SA 893 (N).
114. R v Nwalana and others 1935 NPD 695; R v Khumbisa and others 1984 (2) SA 670 (N) 679.
115. Vergelyk R v Alberts 1942 AD 135; S v Mafako 1964(4) SA 708 (T).
116. Sien bladsy 54 van hierdie verhandeling.
117. Odendaal (1984).
118. Sykes (1983).
119. In die gebruik daarvan in artikel 7(1) van die Kwazulu Wetboek.
120. S v Wood 1976 (1) SA 703 (A) 706.
121. Vergelyk ook R v Charangwa 1962(3) SA 710 (R); R v Heyns and others 1958(4) SA 253 (E).
122. Sien die bespreking op bladsy 55 van hierdie verhandeling.
123. Vergelyk S v Mayers 1970(3) SA 720 (RA) 722.
124. Sien onder andere R v Ishayitsheni 1918 TPD 136; R v Wilkens en andere 1941 TPD 276; R v Cele and others 1958(1) SA 145 (N). Alhoewel hier-

die sake na die misdryf "openbare geweld" verwys, dien hulle as voorbeeld van wanneer 'n byeenkoms of vergadering oproerig is.

125. Sien bladsy 9 van hierdie verhandeling.
126. Die term verwys na 'n stamgebied. Laasgemelde is op bladsy 9 van hierdie verhandeling bespreek.
127. Odendaal (1984).
128. Aldus die Concise Oxford Dictionary beteken "unrest" onder andere "disturbance, agitation", en "lawlessness" beteken "where law is non-existent or inoperative; regardless of, disobedient to, uncontrolled by, law; unbridled, licentious".
129. S v Cooper 1976(2) SA 875 (T) 878; S v Manong 1979(4) SA 429 (O) 435.
130. Die aktiwiteite is gemeld in artikel 7(1)(a), (b) en (c) van die Kwazulu Wetboek.
131. Vergelyk United Democratic Front v Theron 1984(1) SA 315 (K) 322-3.
132. Vergelyk R v Jopp 1949(4) SA 11 (W) 13-14; Arnold v Race Classification Appeal Board 1967(2) SA 267 (C) 272; S v Fusaro 1972(3) SA 218 (RA) 219-20. S v Turrel 1973(1) SA 248 (C) 259; Rooodepoort Munisipaliteit v Moroeng 1973(1) SA 732 (T) 735; S v Concalves 1975(2) SA 51 (T).
133. Sien bladsy 54 van hierdie verhandeling.
134. 'n "Group", aldus die "Concise Oxford Dictionary", beteken "a number of persons or things standing near together, knot, cluster; belonging or classed together or forming a whole; form into a group; place in a group".
135. Sien bladsy 59 van hierdie verhandeling.
136. Vergelyk Zungu v Buthelezi 1939 NAC 30 (N&T); R v Mazibuko and others 1945 NPD 276; Prinsloo (1983) 85.
137. R v Mazibuko and others 1945 NPD 276.
138. Artikels 6(1)(g) en (h) van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974.
139. Wet No. 38 van 1927.
140. Sien voetnota 58.
141. Sien bladsy 51 van hierdie verhandeling.
142. Ingevolge artikel 2(9) van Wet 38 van 1927, gelees met artikel 6(1)(g) of (h) van die Kwazulu Wet op Kapteins en Hoofmanne No. 8 van 1974.

143. Artikel 7(1), gelees met artikels 7(2) en 117 van die KwaZulu Wetboek.
144. Sien R v Manasewitz 1933 AD 165; R v Long 1958 (1) SA 115 (A); S v Moodie 1962(1) SA 587 (A); S v Mkhuzangwe 1987(3) SA 248 (O).
145. Sien paragraaf 2 en 4.1 op bladsy 49 en 51 van hierdie verhandeling.
146. Sien paragraaf 4.2 op bladsy 53 van hierdie verhandeling.
147. Sien paragraaf 4.3 op bladsy 59 van hierdie verhandeling.
148. Sien paragraaf 2 op bladsy 49 van hierdie verhandeling.
149. Ibid.
150. Sien paragraaf 4.2.1 op bladsy 54 van hierdie verhandeling.
151. Sien ook paragraaf 6 op bladsy 64 van hierdie verhandeling.
152. 1976(1) SA 703 (A).
153. Sien paragraaf 4.3 op bladsy 59 van hierdie verhandeling.
154. Sien paragraaf 4.3.2 op bladsy 60 van hierdie verhandeling.
155. Sien artikel 6(1)(h) van Wet 8 van 1974.
156. Sien paragraaf 1 op bladsy 39 van hierdie verhandeling.
157. Sien paragraaf 4.3.3 op bladsy 60 van hierdie verhandeling.
158. Sien paragraaf 4.3.4.1 op bladsy 61 van hierdie verhandeling.
159. Mits die bedoeling is om 'n samekoms van 'n groter getal persone te verbied. Sien bladsy 55 van hierdie verhandeling.
160. Mits die bedoeling is om die byeenkoms van twee of meer persone te verbied. Sien bladsy 55 van hierdie verhandeling.
161. Sien kommentaar op bladsy 65 van hierdie verhandeling.
162. Sien bladsy 66 van hierdie verhandeling.
163. Ibid.
164. Ibid.
165. Sien bladsy 65 van hierdie verhandeling.
166. Bladsye 38 tot 44 van hierdie verhandeling.
167. Vergelyk S v Thooe 1973(1) SA 175 (O).

168. S v Tromp 1966(1) SA 646 (N); Snyman (1984) 295.
169. Vergelyk R v Robberts 1959(3) SA 706 (SWA); 1959(4) SA 554 (A) 557-8. Sodanige oortreder oortree wel of artikel 7(1) aan die Natalse Wetboek of artikel 2(9) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
170. 1923 AD 551 op 555.
171. Sien ook R v Kaplan 10 SC 259, 263; S v Tromp 1966(1) SA 646 (N) 653; S v Ihooe 1973(1) SA 179 (O); Vergelyk ook Hashe v Cape Town Municipality and others 1927 AD 380; R v Ngaleka 1941 TPA 302, 304; R v Nhlapo 1958(3) SA 142 (T); S v Thompson 1968(3) SA 425 (OK) 426.
172. Magistraatshowe geniet ingevolge artikel 108 van die Landdroshowe Wet No. 32 van 1944 wetlike beskerming teen minagting in facie curiae.
173. Sien Milton (1968) 387-91; Spiro (1969) 65-74; Van Winsen et al (1979) 651; Hunt (1971) 174.
174. Vergelyk Attorney-General v Crockett 1911 TPD 891; Martin v French Hairdressing Saloons Ltd 1950(4) SA 325 (W); en Kotze v Kotze 1953(2) SA 184 (C).
175. 1968(3) SA 70 (AD) 77. Sien ook Hiemstra (1981) 313.
176. Van Winsen et al (1979) 651; Sien ook Snyman (1984) 299.
177. 'n Kapteinshof het nie die bevoegdheid om 'n oortreder tot gevangenisstraf te verwys nie.
178. Per de Villiers JP in Verkouteren v Savage 1918 TPD 143.
179. Dit beteken "om 'n besondere handeling te doen of nie te doen nie, of 'n saak te lewer". Sien Van Winsen et al (1979) 653.
180. Van Winsen et al (1979) 653; Snyman (1984) 299.
181. Ibid.
182. Goewermentskennisgewing R2082 van 1967.
183. Hunt (1971) 178; Snyman (1984) 291.
184. Van Winsen et al (1971) 651; Hunt (1971) 190-1; Snyman (1984) 296-9.
185. 1960(1) SA 284 (N) 285.
186. Sien ook S v Majozi 1970(1) SA 794 (N); R v Vass 1946 1 PH K9 (GM).
187. R v Dumezweni 1961(2) SA 751 (A) 755.
188. Vergelyk Prinsloo (1983) 282.

189. Hunt (1971) 179-98; Snyman (1984) 291-9. Sien ook Prinsloo (1983) 202-4.
190. No. 38 van 1927.
191. Sien R v Majosi 1971(1) SA 794 (N).
192. No. 38 van 1927. Dit word dus geag dat die ondersoek en die daaropvolgende skuldigbevinding en vonnis 'n strafsak was. Sien ook Olivier et al (1989) 586-7; Labuschagne (1974) 43; R v Ntwana 1961(3) SA 123 (OK) 125.
193. Sien bladsy 71 van hierdie verhandeling.
194. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
195. Sien die bespreking van paragraaf 6 hieronder op bladsy 77 van hierdie verhandeling.
196. Mens rea.
197. Met betrekking tot mens rea sien Burchell en Hunt (1970) 108-48 en Snyman (1984) 110-8; 154-60.
198. Reader (1966) 301; Myburgh (1969) 147.
199. Vergelyk Prinsloo (1983) 222.
200. Ibid.
201. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
202. Die korrekte Afrikaanse woord is "huishoudelike" en nie "huislike" nie. Vergelyk met artikel 1 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg.
203. Artikel 1 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg verwys ook na "dorpe", dit wil sê "in dorpe, sendingstasies of op privaat gronde". Aangesien in Kwazulu ook Swart dorpe is, behoort die wetgewer ook die term "dorpe" in die omskrywing in te voeg.
204. Bruwer 61-63; Holleman (1952) 6-8.
205. Bekker en Coertze (1982) xxi, 71; Whitfield 268-9; Stafford en Franklin 167-8; Golden en Gelfand 27.
206. Bladsy 70.
207. Bladsy 167.
208. Hierdie is 'n verwysing na die indlunkulu-, inqadi-, en ikhohlwa-huise wat op bladsye 312 en 313 van hierdie verhandeling bespreek word.
209. Bladsy 61.

210. Derglike familiewonings kom tans nog algemeen voor in die landelike gebiede van Kwazulu.
211. Sien ook Bekker en Coertze (1982) xxi.
212. Bruwer 61 meld dat die omheining as simbool van die geslote heiligdom van die Zoeloepatriarg dien. Sien ook Whitfield 268.
213. Sien Proklamasie R196 van 1967, die Proklamasie op Verbeteringsgebiede.
214. Rowers jaag die oortreder en ter beskerming van sy lewe neem hy tot die familiewoning van 'n kaptein of hoofman toevlug. Noodweer, aldus Myburgh (1969) 1955, is aan die Inheemse gewoontereg bekend.
215. 'n Renoster jaag die "oortreder" en om homself te beskerm betree hy die familiewoning van 'n kaptein of hoofman.
216. Tydens 'n storm sien die "oortreder" dat 'n deur van 'n huis afgewaai sal word. Hy betree die familiewoning en trek die deur toe.
217. 'n Bevoegde persoon het hom aangesê om op die bepaalde plek werk te verrig.
218. Sien artikel 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika No. 110 van 1983.
219. The Concise Oxford Dictionary (1983).
220. Ibid.
221. Sien hieromtrent die bespreking van familiewoning op bladsy 73 van die verhandeling.
222. Prinsloo (1983) 221-2.
223. R v Steenkamp 1960(3) SA 680 (N); R v Gumbi 1962(1) SA 188 (D&C).
224. Ingevolge artikel 9 van die Kwazulu Wetboek.
225. Sien paragraaf 4.1 op bladsy 75 van hierdie verhandeling.
226. Ibid.
227. Zungu v Buthelezi 1939(1) PH (R) 34 NAC; Labuschagne (1974) 42-3.
228. Coertze (1968) 288.
229. Coertze (1968) 15.
230. Sonder die "kop" is die stam "dood".
231. Toe sy moeder getroud is, het die stam die "lobolo" gelewer.

232. Coertze (1968) 15.
233. Myburgh (1986) 42; Whitfield 353-4;
234. Vir 'n algemene bespreking van die drieledige indeling van staatsmagte, sien Fick (1973) 1-22 en Kachelhoffer (1972) 1-12; Sien ook Myburgh (1986) 75.
235. Erasmus 28; Myburgh (1986) 75; Prinsloo (1983) 51.
236. Erasmus 28-9; Whitfield 269; Reader (1966) 254-5; Myburgh (1986) 80-1; Prinsloo (1983) 34, 61-2.
237. Erasmus 33, Myburgh (1986) 76-7; Prinsloo (1983) 58-60.
238. Erasmus 34-5; Prinsloo (1983) 59.
239. Sien bladsye 41 tot 44 van hierdie verhandeling. Sien ook Bekker (1989) 12-13, 28-29; Reader (1966) 296-7.
240. Olivier et al (1989) 580.
241. Prinsloo (1983) 26, 34.
242. Matope v Day 1923 AA 397; Rathibe v Reid and others 1927 AA 74; Stafford en Franklin 46.
243. Prinsloo (1983) 28.
244. Sien artikel 2(7) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 22 en item 27 van die Eerste bylae van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971.
245. Die Swart Administrasie Wet.
246. In geval van konflik in die bepalings van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 (die Hoofwet) en die Kwazulu Wetboek, geld die bepalings van die Hoofwet. Sien artikel 5 van die Kwazulu Wetboek.
247. Mathibe v Union Government and others 1925 AA 81; Minister of Native Affairs and another v Buthelezi 1961(1) SA 766 (D&C); Buthelezi v Minister of Bantu Administration and Development and another 1961(4) SA 835 (A); Sien ook Prinsloo (1983) 44.
248. Buthelezi v Minister of Bantu Administration and Development and another 1961(4) SA 835 (A) 841; R v Phakane 1956(3) SA 638 (ED) 639.
249. Kwazulu Wet No. 8 van 1974. Sien voetnota 70 ten opsigte van ander statutêr geordende bepalings wat op aangestelde kapteins van toepassings is.
250. Vergelyk Mamogalie v Minister van Naturellesake 1961(1) SA 467 (A) 474; Rogers 12; Prinsloo (1983) 91.

251. Sien Bevu v Laduna 1900 NHC 22; Puputa v Lokotwayo 1900 NHC 40; Mpungose v Mpungose 1933 NAC 11 (N&T).
252. Vergelyk artikel 10(1) van die Kwazulu Wetboek.
253. Die "Kwazulu Government Instructions" lui dat "No descendant or other relative of a deceased chief has a definite legal right to succeed to a chieftainship but it is the practice ... in the ordinary course, to recommend for appointment as successor to a chief the person who, but for the discretionary power vested in the Cabinet would be entitled to succeed. Only for good and sufficient reasons are the claims of such persons overruled." (Laasgemelde sinsnede kan verwys na 'n geval waar die aangewese opvolger die Kwazulu Kabinet misken of ondermyn).
254. "Kwazulu Government Instructions".
255. Vergelyk Minister of Native Affairs and another v Buthelezi 1961(1) SA 766 (D&C); Prinsloo (1983) 45.
256. Die umdeni-familie is 'n belangrike faktor by die benoeming van 'n erfopvolger, en 'n aanstelling geskied in die reël slegs na sodanige familie van 'n stam vergader, die aspek bespreek, en 'n voorstel gemaak het.
257. Prinsloo (1983) 45.
258. Kragtens artikel 2(8) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 27 van die Eerste Bylae tot die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971. In gevalle van geskille of met betrekking tot beleidsaspekte mag die Hoofminister, in sy diskresie, die aangeleentheid na die Kwazulu Kabinet vir 'n beslissing verwys.
259. Kragtens artikel 2(7) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, gelees met artikel 22 en item 27 van die eerste Bylae tot die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971. Vergelyk ook Mathibe v Union Government and others 1925 AA 81; Olivier et al (1989) 497.
260. R v Ngwevela 1954(1) SA 123 (AD) 131; Sekhukhune v Minister of Native Affairs 1958(2) SA 425 (T); Monakgatla v Minister of Native Affairs 1959(1) SA 686 (T); Minister van Naturellesake v Monnakgotla 1959(3) SA 517 (A) 521-2; Moepi v Minister of Bantu Administration and Development 1965(1) SA 533 (T).
261. Sien voetnota 254. Hulle word aangestel deur die Hoofminister ingevolge artikel 2(8) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 27 van die Eerste Bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971. Sien ook die laaste sin in voetnota 258.
262. In die vorige Natalse Wetboek van Zoeloereg (Proklamasie R195 van 1967) is 'n hoofman wel omskryf.

263. In die Kwazulu Wetboek word die terms kaptein en hoofman konsekwent naas-aanmekaar gebruik. Sien byvoorbeeld die eerste tien artikels van die gemelde wetboek.
264. "Kwazulu Government Instructions".
265. Kragtens artikels 20 en 12 van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 27 van die Eerste Bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
266. "Kwazulu Government Instructions".
267. Kragtens artikel 2(8) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927, gelees met artikel 21 en item 27 van die Eerste Bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
268. Sien bladsy 83 van hierdie verhandeling.
269. Die Kwazulu Kabinet "kan" aldus artikel 10(2) ondersoek instel.
270. Vergelyk Minister of Native Affairs and another v Buthelezi 1961(1) SA 766 (D&C) 771.
271. Vergelyk Ishabalala and others v Minister Bantu Administration and Development 1967(4) SA 194 (N).
272. Ibid 195.
273. Minister of Native Affairs and another v Buthelezi 1961(1) SA 766 (D&C) 771.
274. Artikel 10(2) gebruik die woord "magte" en artikel 11(2) die woord "bevoegdhede". Laasgemelde woord kan in beide gevalle aangewend word.
275. Sien veral artikels 51 (verkryging van getuies en strafoplegging op nie-verskyning en voorlegging van dokumente), en 112 (afneem van eed) van die Wet op Landdroshowe No. 32 van 1944, en reël 128 (ondervraging van getuies) van die Reëls van Landdroshowe (Goewermentkennisgewing R1008 van 2 Junie 1968, soos gewysig).
276. Sien paragraaf 1.1 op bladsy 79 van hierdie verhandeling.
277. Sien paragraaf 1.2 op bladsy 81 van hierdie verhandeling.
278. Sien voetnota 256.

Persoonlike status in juridiese sin het betrekking op die posisie wat 'n regs subjek in die juridiese werklikheid beklee, of die rol wat 'n persoon in die regsverkeer speel, of die funksies wat 'n persoon in die hoedanigheid van regs subjek vervul.² In die Suid-Afrikaanse reg beteken dit dat alle persone noodwendig regs subjekte is,³ maar dat hulle regsbevoegdheid deur 'n verskeidenheid faktore, soos byvoorbeeld domisilie en nasionaliteit, ouderdom, geslag, ras, geestestoestand, ekonomiese beletsels soos verkwistende neigings en insolvensie, buite-egtelikheid en adoptiewe status,⁴ en die huwelik, beïnvloed kan word. Hierdie faktore speel ook 'n rol in 'n regs subjek se handelings- en verskyningsbevoegdheid.

In Zoeloereg word die status van 'n persoon ook deur faktore soos ouderdom, geslag, gesinsrang, volgorde van geboorte binne die gesin, egtheid of onegtheid, aanneming, huwelikstaat, verwantskap, en geestesgesteldheid,⁵ beïnvloed.⁶ Veral 'n vrou was aan veel beperkinge onderhewig, terwyl 'n familiehoof se status soortgelyk was as dié van die gemeenregtelike meerderjarige en sy huisgenote aan sy gesag en beheer onderworpe was.⁷

In artikels 12 tot 16 van die Kwazulu Wetboek word onder meer eiendomsverkryging, meerderjarigheidsouderdom, handelingsbevoegdheid van minderjariges, en lidmaatskap van kinders geregleer. Gevolglik word in hierdie hoofstuk die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlins bespreek.

Elke Swarte is familiehoof of huisgenoot.

12. Elke Swarte is (sic) of h familiehoof of h huisgenoot onderworpe aan die familiehoof in alle familiesake.

Artikel 12 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. SWARTE
2. FAMILIEHOOF
3. HUISGENOOT ONDERWORPE AAN FAMILIEHOOF
4. FAMILIESAKE

1. SWARTE

8

h "Swarte" is reeds bepaal.

- 9
2. FAMILIEHOOF

h Familiehoof word as "die eienaar of persoon belas met die toesig oor h
 10
 familiewoning" omskryf. Voorvereiste om as h familiehoof te kwalifiseer
 11
 is h familiewoning, en h "familiewoning" is reeds bepaal.

By alle Swart stamme vorm die gesin, wat normaalweg uit die familiehoof en
 12
 sy vrou of vrouens en hul kinders bestaan, die belangrikste eenheid, en
 13
 die gesin is gewoonlik in h familiewoning gevestig. h Familiehoof is
 14
 gewoonlik h manlike Swart persoon en "may and does include the head of a
 kraal, and also the person who is lawfully in control of a family after the
 death of the head of the family, being his heir or, if the heir is a minor,
 15
 the legal guardian of the heir until the latter becomes emancipated".

Lede van die vroulike geslag kan ook as familiehoofde kwalifiseer.¹⁶

Verder moet die term "eienaar", soos in die omskrywing van 'n familiehoof¹⁷ gebruik, nie 'n streng juridies gemeenregtelike betekenis gegee word nie.

Aldus die Kwazulu Wetboek is hutte roerende eiendom en dit behoort aan die¹⁸ persoon wat dit opgerig het, indien hy 'n meerderjarige was. Daar is ook¹⁹ beslis dat, indien 'n familiehoof grond met geld afkomstig van die bates van verskeie huise in die familiewoning aangekoop het, elke huis proporsioneel tot sy bydrae eienaar van die grond is. Die term "eienaar"²⁰ is dus meer 'n beheersreg wat in die familiehoof gesetel is.

3. HUISGENOOT ONDERWORPE AAN FAMILIEHOOF

'n "Huisgenoot" is "met betrekking tot 'n familiewoning enigiemand wat gewoonlik daarin woon, en sluit die hoof van 'n familie in wat in 'n²¹ familiewoning onder die beheer van 'n familiehoof woon".

Solank as wat 'n persoon gewoonlik in die familiewoning woon (en nie tydelik nie, byvoorbeeld 'n besoeker) sal hy as 'n huisgenoot geag word, en sluit hulle die familiehoof en sy vrou(ens) en kinders in, hetsy laasgemeldes²² getroud is aldan nie, en enige ander persone, getroud aldan nie, en hulle is aan die gesag en beheer van die familiehoof onderworpe. Indien 'n getroude persoon en sy gesin, afgesien van hul verwantskap aan die familiehoof, in die familiewoning van 'n familiehoof woonagtig is, word die eersgemelde getroude persoon nie as 'n familiehoof geag nie, maar word hy²³ as 'n huisgenoot beskou.

'n Huisgenoot is onderworpe aan 'n familiehoof. Hy is dus onderdanig aan
 die familiehoof in familiesake, en is aan die familiehoof gehoorsaamheid
 verskuldig.²⁶ Daar moet egter onderskei word tussen die lede van die
 familie van die familiehoof en 'n nie-verwant wat in die familiewoning van
 die familiehoof woonagtig is. Die nie-verwant, hetsy getroud aldan nie, is
 in 'n mate onder beheer van die familiehoof met betrekking tot die
 huishoudelike reëls van die familiewoning, maar die familiehoof is nie
 regsbevoegd om deel te neem in of in te meng in die sake of eiendom van die
 nie-verwant wat in sy familiewoning woonagtig is nie.²⁷ Bekker (1989)²⁸
 meld dat 'n familiehoof "at the most, if he did not like the way they lived
 or behaved, or if they neglected or refused to obey his behests, whether
 reasonable or not, or if his attempts to gain any kind of control over or
 rights in the family or its property were resisted, he could compel them to
 leave his family home, or they might leave it of their own accord"²⁹

4. FAMILIESAKE

"Familiesake" word nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie. Dit is egter
 duidelik dat dit die familiehoof en die huisgenote van 'n familiewoning se
 regte, verpligtinge en funksies wat binne die gesinsverband uitgeoefen en
 deur die gesamentlike gesinsverband begrens word, omvat.³⁰

5. EVALUERING

Artikel 12, op sigself, is op Zoeloereg gebaseer,³¹ maar gelees met arti-
 kels 14 en 16 van die Kwazulu Wetboek, omvat dit 'n belangrike wysiging van
 Zoeloereg. Voor die inwerkingtreding van die Kwazulu Wetboek van 1981³²

het vroulike persone slegs as familiehoofde gekwalifiseer indien hulle ge-
³³emansipeer was. Die emansipasie-bepaling is geskrap ³⁴ en 'n familiehoof
 is dus óf 'n manlike óf vroulike Swart persoon wat beheer en toesig uitoefen
 oor 'n familiewoning, en dit sluit 'n persoon in wat regmatig sodanige beheer
 uitoefen hangende die meerderjarigheidswording van 'n regmatige minderjarige
³⁵opvolger.

Ek stem saam met ons skrywers dat aan die term eienaar, in die omskrywing
³⁶van 'n familiehoof, nie 'n gemeenregtelike uitleg gegee moet word nie. ³⁷
³⁸Die term dui meer 'n "beheersreg" aan.

Die wetgewer het, myns insiens, verstandig opgetree deur nie die begrip
 "familiesake" te omskryf nie. Hierdie is 'n breë begrip wat deur die
 regspraak, met inagneming van Zoeloereg en -gebruik, in gepaste gevalle
 verklaar kan word. Gedagtig daaraan dat 'n familiehoof in die uitoefening
 van sy beheersreg in familiesake nie despoties optree nie, en dat hy sy
 huisgenote se ³⁹gesamentlike belang in die familiewoning se sake en belange
 in ag neem, hou familiesake, myns insiens, onder andere verband met
 regsverhoudinge tussen -

- (a) die familiehoof en sy vrou of vrouens (huweliksreg) en hul statusinde-
⁴⁰ling;
- (b) 'n voog en diegene onder sy voogdyskap; ⁴¹
- (c) die familiehoof en diegene onder sy gesag; ⁴²
- (d) die familiehoof en huisgenote met betrekking tot sy beheersreg oor
⁴³huiseiendom;
- (e) die familiehoof en jonger seuns en broers met betrekking tot die beta-

ling van lobolo vir hul eerste eggenote;

- (f) vader, voog of familiehoof en minderjariges en laasgemelde se onregmatige daade.⁴⁵

Fasette van persone-, sake-, kontrakte- en verbintenisreg tree na vore wat almal, deur hul verband met die onderworpenheid van huisgenote aan die familiehoof in alle familiesake, saamgebind word.

AANBEVELING

46

Daar word aanbeveel dat 'n familiehoof as "die persoon belas met die beheer en toesig oor 'n familiewoning" omskryf word.

Eiendomsregte.

13. Enige persoon kan roerende eiendom verkry, en enige Swarte kan onroerende eiendom verkry, maar hierdie reg is, vir sover dit eiendom van die familie van 'n familiehoof betref, onderworpe aan die bepalings van artikel 19.

Artikel 13 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ENIGE PERSOON
2. ROERENDE EIENDOM
3. ENIGE SWARTE
4. ONROERENDE EIENDOM
5. VERKRY
6. ONDERWORPE AAN BEPERKINGS

1. ENIGE PERSOON

"Enige persoon" in sy teksverband⁴⁷ beteken "elke of alle"⁴⁸ persone, ongeag hul geslag.⁴⁹ In die verband moet in gedagte gehou word dat die Kwa-⁵⁰zulu Wetboek slegs op burgers van Kwazulu van toepassing is.

2. ROERENDE EIENDOM

Roerende eiendom is daardie sake wat met behoud van hul vorm van een plek⁵¹ na 'n ander beweeg of verplaas kan word, watter massa dit ook al het. Aldus die Kwazulu Wetboek is tradisionele wonings, dit wil sê hutte, ook⁵² roerende goedere.

3. ENIGE SWARTE

'n "Swarte" is reeds bepaal.⁵³

Enige Swarte kan onroerende eiendom verkry, terwyl enige persoon roerende⁵⁴ eiendom kan verkry.

4. ONROERENDE EIENDOM

Onroerende eiendom is daardie sake wat nie sonder verandering van vorm of⁵⁵ beskadiging van die saak van een plek na 'n ander beweeg kan word nie.

5. VERKRY

Die woord "verkry" in die gewone regs-kundige sin beteken verkryging van dominium,⁵⁶ maar hierdie betekenis kan nie summier in alle gevalle van eiendomsverkryging toegepas word nie. In artikel 13 word gemeld dat eiendomsreg sover dit eiendom van die familie van 'n familiehoof betref,⁵⁷ onderworpe aan die bepalings van artikel 19 is, en die Kwazulu Wetboek onderskei verder tussen familie-,⁵⁸ huis-⁵⁹ en persoonlike eiendom.⁶⁰ Voor die afkondiging van die Kwazulu Wetboek van 1981, is daarop gewys dat die woord wat gebruik word, "verkry", en nie "besit" is nie.⁶¹ Daar moet egter in gedagte gehou word dat laasgemelde uitspraak gelewer is toe Swart vrouens as ewigdurende minderjariges geag was,⁶² wat sedert die inwerkingtrede van die Kwazulu Wetboek van 1981 nie meer die geval is nie.⁶³
⁶⁴

In die Zoeloereg het 'n weerlegbare vermoede teen persoonlike eiendom gegeld,⁶⁵ en indien 'n huisgenoot beweer dat die eiendom persoonlike eiendom was, moet hy bewys lewer dat dit die geval is.⁶⁶

Aangesien manlike sowel as vroulike Swart persone bo die ouderdom van een-en-twintig jaar as meerderjarig beskou word,⁶⁷ kan hulle goedere verkry waaroor die gesinshoof geen beheers- of beskikkingsreg het nie. Dit is dus moontlik dat 'n meerderjarige huisgenoot 'n aparte vermoëns-eenheid kan hê waaroor 'n gesinshoof geen inspraak het nie.⁶⁸ Daar is gemeld⁶⁹ dat die vermoede steeds geld dat eiendom in 'n familiewoning aan die familiehoof behoort "and property claimed by an inmate will be not executable only if it can be established that the dominium in such property had vested in him

with the express or implied consent of the kraalhead".

6. ONDERWORPE AAN BEPERKINGS

Die verkryging van persoonlike eiendom, roerend of onroerend, is, sover dit die eiendom van lede van die familie van 'n familiehoof betref, onderworpe aan die bepalings van artikel 19. Die bepalings van artikel 19 is in hoofstuk VI van hierdie verhandeling bespreek.

EVALUERING

Dit is nie duidelik waarom die wetgewer verkies het om die term "enige persoon" in plaas van "enige Swarte" in artikel 13 te gebruik nie. Die Natalse Kode van Zoeloereg gebruik die term "enige Swarte". Aangesien die Kwazulu Kode slegs op burgers van Kwazulu van toepassing is, kan vir eenvormigheidsredes die woorde "enige Swarte" in plaas van "enige persoon" gebruik word.

Artikel 13, gelees met artikel 14 van die Kwazulu Wetboek, wyk van tradisionele Zoeloereg af. Swart vroulike persone is voorheen as voortdurende minderjariges beskou, en kon, met enkele uitsonderings, nooit roerende of onroerende eiendom verkry of besit nie. Aangesien 'n Swart vrou nou 'n meerderjarige word wanneer sy trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik, kwalifiseer sy dus om eiendomsreg op roerende of onroerende sake te vestig.

Dit is ook duidelik dat met uitsondering van die voorbehoudsbepaling vervat

in artikel 13, 'n meerderjarige, hetsy manlik of vroulik, wat roerende of onroerende goedere verkry dominium daarop vestig.⁸¹

Die Zoeloeregtelike vermoede dat eiendom in 'n familiewoning aan die familienhoof behoort,⁸² funksioneer na my mening steeds, maar die vereiste dat sy eiendomsreg met die uitdruklike of stilswyende goedkeuring van die familienhoof gevestig moet word,⁸³ behoort nie nagevolg te word nie. Die wetgewer vereis nie sodanige beperking nie, en mits dit sy bedoeling was, sou hy dit uitdruklik gestel het.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die woorde "enige persoon" in artikel 13 met die woorde "enige Swarte" vervang word.⁸⁴

Meerderjarigheidsouderdom.

14. Behoudens die bepalings van die Wet op Meerderjarigheid, 1972 (Wet 57 van 1972) word 'n burger 'n wetlike meerderjarige wanneer hy trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik en vir die toepassing van hierdie subartikel word ouderdom, waar bewys ontbreek, bepaal en aangeteken deur die Kommissaris of Magistraat, wie se beslissing afdoende is.

Artikel 14 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. BURGER
2. WETLIKE MEERDERJARIGE WANNEER HY TROU OF DIE OUDERDOM VAN EEN-EN-TWINTIG JAAR BEREIK
 - 2.1 Trou
 - 2.2 Ouderdom van een-en-twintig jaar bereik
3. OUDERDOM, WAAR BEWYS ONTBREK, BEPAAL EN AANGETEKEN DEUR MAGISTRAAT

1. BURGER

Die Kwazulu Wetboek omskryf ⁸⁵ h "burger" as h persoon wat h burger van Kwazulu is ingevolge die Wet op Burgerskap van Nasionale State, 1970 (Wet 26 van 1970)".

Burgerskap in die Kwazulu Wetboek omskryf moet nie met burgerskap wat staatsregtelik, in sy wydste sin, dui op h sekere verbondenheid van h individu tot h bepaalde gebied of staat waaruit sekere wedersydse regte en ver-⁸⁶pligtinge voortvloei, verwar word nie. ⁸⁷Basson en Viljoen dui aan dat burgerskap van Kwazulu alleen bestaanbaar is indien dit met Suid-Afrikaanse ⁸⁸burgerskap gepaard gaan, ⁸⁹maar Venter (1975) toon tereg aan dat ingevolge bestaande wetgewing dit moontlik is dat h nie-burger van die Republiek van Suid-Afrika burgerskap van h gebiedsowerheid in Suid-Afrika kan verkry.

Die Wet ⁹⁰op Burgerskap van Nasionale State ⁹¹skep burgerskap, in enger ⁹²betekenis, aan h Swart persoon wat onder andere, h burger is van h gebied waarvoor h gebiedsowerheid of h wetgewende vergadering ingestel ⁹³is. ⁹⁴Vir Kwazulu is h wetgewende vergadering ingestel.

Die wet skep ten opsigte van Kwazulu burgerskap en gepaardgaande kompetensies, regte en verpligtinge, waaronder "die stemreg in daardie gebied" en "alle ander regte, voorregte en voordele --- onderhewig aan al die ⁹⁵pligte, verpligtinge en verantwoordelikhede van burgerskap", ingereken is.

Ten einde vir Kwazulu burgerskap te kwalifiseer moet h kandidaat h Swarte wees, nie h verbode immigrant in Suid-Afrika wees nie, en aan een van die

volgende vereistes voldoen:

- (a) Geboorte in die gebied uit ten minste een ouer wat 'n burger van die gebied is; of
- (b) Vyf jaar domisilium in die gebied; of
- (c) Taalvaardigheid in die taal (wat ook 'n dialek insluit) wat gepraat word deur die Swart bevolking in die gebied; of
- (d) Verwantskap met 'n lid van die Swart bevolking in die gebied; of
- (e) Vereenselwiging met 'n deel van die Swart bevolking in die gebied; of
- (f) Verbondenheid aan 'n deel van die Swart bevolking in die gebied weens 'n bepaalde kultuur- of rasse-agtergrond; of
- (g) 'n Voormalige burger van een van die onafhanklike Transkei/Bophuthatswana/Venda/Ciskei lande wees wat ook voorheen 'n Suid-Afrikaanse en tuislandburger was en wie burgerskap van 'n tuisland deur die Minister van Ontwikkelingshulp op aanbeveling van, in hierdie geval, die Kwazulu Owerheid verleen is, welke persone dan ook weer Suid-Afrikaanse burgers deur geboorte word.

97

98

Die wet op Burgerskap van Swart State maak verder voorsiening vir die uitreiking van burgerskapsertifikate; besware of appelle na die Minister of 'n beamppte deur hom aangewys; en verlies van burgerskap indien burgerskap van 'n ander nasionale staat, onafhanklike Swart staat, of enige ander land verkry word.

99

100

101

102

2. WETLIKE MEERDERJARIGE WANNEER HY TROU OF DIE OUDERDOM VAN EEN-ENTWINTIG JAAR BEREIK

103

Die opheffing van 'n burger van Kwazulu se minderjarige status deur

huweliksluiting of deur bereiking van die ouderdom van een-en-twintig
¹⁰⁴jaar, is een van die belangrikste wysigings wat deur die Kwazulu Wetboek
 van 1981 aangebring is. Hierdeur is die status van Swart vroue radikaal
¹⁰⁵gewysig.

2.1 Trou

Sowel 'n manlike as 'n vroulike burger word meerderjarig wanneer hy of sy
¹⁰⁶trou. Die woord "trou" word nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie,
 maar die terme "gebruiklike huwelik" en "siviele huwelik" word wel be-
¹⁰⁷paal. Die woord "trou" word aldus Church (1983), ¹⁰⁸as 'n "common deno-
¹⁰⁹minator" aangewend, en verwys na sowel 'n gebruiklike as siviele huwelik.

Die statusverandering van 'n vroulike burger omvat beperkinge wat nie op
¹¹⁰manlike burgers van toepassing is nie. Mits sy 'n gebruiklike huwelik of
¹¹¹siviele huwelik binne gemeenskap van goed aangaan, is sy onder die
¹¹²maritale mag van haar eggenoot. In die geval van 'n siviele huwelik
 buite gemeenskap van goed, kan die maritale mag van die eggenoot deur 'n
¹¹³voorhuwelikse kontrak uitgesluit word.

'n Manlike burger is dus meerderjarig wanneer hy trou terwyl 'n vroulike
 burger onder die maritale mag van haar eggenoot is, behoudens die geval
¹¹⁴waar die maritale gesag uitgesluit is.

2.2 Ouderdom van een-en-twintig jaar bereik

'n Manlike sowel as vroulike burger van Kwazulu word meerderjarig sodra hy

of sy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik.

Dit omvat dat 'n ongetroude vroulike persoon nie meer onder voogdy van haar familiehoof is nie.

3. OUDERDOM, WAAR BEWYS ONTBREEK, BEPAAL EN AANGETEKEN DEUR MAGISTRAAT

Dit kan gebeur dat die ouderdom van 'n Swart persoon nie bekend is nie, in welke geval 'n magistraat direkte getuienis kan aanhoor om sy ouderdom te bepaal. Daar is ook kliniese hulpmiddels wat aangewend kan word om 'n persoon se ouderdom te bepaal, soos na die ontwikkeling van sy gebit op te let en met X-strale vas te stel in hoeverre ossifikasie (verharding van die gebeente) ingetree het.

Nadat 'n magistraat die ouderdom vasgestel het, word sy beslissing as afdoende bewys van die ouderdom beskou.

Artikel 14 dui aan dat 'n magistraat die ouderdom moet aanteken, maar meld nie waar dit aangeteken moet word nie.

EVALUERING

Artikel 14 verhoog die status van Swart vroulike burgers van Kwazulu, inderdaad sodanig, dat dit Zoeloereg hervorm.

Die statutêre bepaling is loofwaardig, maar Dlamini waarsku dat gewaak moet word teen verandering wat nie "in accord with the practices of the

people" is nie, want "this will weaken the law because of the people's failure to comply with it".¹²³

Die Kwazulu Wetboek is van toepassing op burgers van Kwazulu, en derhalwe is dit korrek dat die wetgewer die woord "burger" in artikel 14 gebruik.¹²⁴

Alhoewel dit nie duidelik is waar 'n magistraat die ouderdom wat hy bepaal moet aanteken nie,¹²⁵ het 'n praktyksreël in die verband reeds ontstaan.¹²⁶

Bevoegdheid van minderjarige om kontrakte aan te gaan.

15. 'n Minderjarige is nie bevoeg om 'n kontrak aan te gaan nie, uitgesonderd met die uitdruklike of stilswyende bystand of toestemming van sy voog en 'n kontrak andersins deur 'n minderjarige aangegaan, is nie geldig of bindend nie tensy bewys word dat dit ten voordele is van sodanige minderjarige of van die familiewoning waartoe hy behoort: Met dien verstande dat daar nie van sodanige minderjarige of sy familiewoning verwag word om 'n teenprestasie te lewer nie.

Artikel 15 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. MINDERJARIGE
2. KONTRAKTE
3. UITDRUKLIKE OF STILSWYENDE BYSTAND OF TOESTEMMING VAN VOOG
4. TENSY TOT SY OF SY FAMILIEWONING SE VOORDEEL EN NIE 'n TEENPRESTASIE GELEWER MOET WORD NIE

1. MINDERJARIGE

Hierdie statutêre bepaling is op die Suid-Afrikaanse gemenereg gebaseer.¹²⁷

Die woord minderjarige het op Swart persone¹²⁸ tussen die ouderdom van sewe

jaar en die meerderjarigheidsouderdom betrekking.

2. KONTRAKTE

’n Kontrak, in sy eenvoudigste vorm is ’n ooreenkoms tussen twee persone waarvolgens een persoon (die skuldeiser) van die ander persoon (die skuldenaar) ’n prestasie kan vorder. Die prestasie wat die skuldenaar aan die skuldeiser moet lewer kan bestaan uit te gee, te doen of nie te doen nie.¹³⁰

Bekker (1989)¹³¹ en Olivier et al (1989)¹³² bespreek Swart skuldereg ooreenkomste volledig.

3. UITDRUKLIKE OF STILSWYENDE BYSTAND OF TOESTEMMING VAN VOOG

Bekker (1989)¹³³ is van mening dat ’n voog nie aanspreeklik is vir ’n kontrak deur ’n minderjarige aangegaan sonder sy bystand of toestemming nie.¹³⁴ Hulle meld dat hy slegs aanspreeklik sal wees indien hy "authorised (it) or --- has expressly or impliedly approved (it), or from which he has consciously derived benefit".¹³⁵

Die toestemming van die minderjarige se voog hoef nie uitdruklik gegee te word nie, maar kan ook deur sy gedrag afgelei word. Indien die toestemming verleen is, is die voog, en nie die minderjarige, aan die kontrak gebonde.¹³⁶

In hierdie verband meld Bekker (1989)¹³⁷ dat ’n familiehoof nie aanspreek-

lik sal wees vir die "debt of a minor inmate contracted under the law of the land, for the action would be brought under that system, which has no principle to support a claim against a minor's guardian".

Die feit dat dit die familiehoof is wat aan die kontrak gebonde is, word deur artikel 22 van die Kwazulu Wetboek gestaaf. Die artikel meld onder andere dat "n familiehoof --- verkry regte en is onderworpe aan verpligtinge ingevolge kontrakte deur sy huisgenote gesluit met sy uitdruklike of stilswyende magtiging".

Hierdie laaste bepaling is blykbaar in konflik met die beginsel vervat in artikel 13 van die Kwazulu Wetboek wat bepaal dat enige persoon roerende eiendom en enige Swarte onroerende eiendom kan verkry, watter reg, vir sover dit die eiendom van huisgenote betref, onderworpe aan die bepalings van artikel 19 is.

4. TENSY TOT SY OF SY FAMILIEWONING SE VOORDELE EN NIE n TEENPRESTASIE GELEWER MOET WORD NIE

Hierdie artikelskomponent verwys na n minderjarige se handelingsbevoegdheid om sekere kontrakte sonder die toestemming of bystand van sy voog te sluit, byvoorbeeld, n skenkingsooreenkoms waarby die minderjarige of sy familie-
 139 140
 woning die ontvanger van die geskenk is.

Deur die byvoeging van die voorbehoudsbepaling tot artikel 15, naamlik "dat daar nie van sodanige minderjarige of sy familiewoning verwag word om n
 141
 teenprestasie te lewer nie", het die wetgewer verseker dat die Engels-

regtelike "benefit"-teorie nie weer herleef nie.

EVALUERING

Artikel 15 is, na my mening, 'n samevatting van die Suid-Afrikaanse reg sowel as Zoeloereg. Die vasstelling van 'n bepaalde ouderdom waarop 'n minderjarige 'n meerderjarige word, is gebaseer op die Suid-Afrikaanse reg, terwyl die aanspreeklikheid van 'n familiehoof vir kontrakte van 'n minderjarige, aangegaan met die toestemming van die familiehoof, op Zoeloereg gebaseer is.¹⁴³

Die bepaling in artikel 22 vervat, kom inderdaad daarop neer dat huisgenote, ongeag hulle ouderdom, ook as minderjariges geag word, en dit is strydig met die beginsel in artikel 13 van die Kwazulu Wetboek vervat.¹⁴⁴

Die reg kan nie aan Swartes verleen word om roerende of onroerende goedere te verkry nie, onderhewig daaraan dat indien hulle huisgenote is wat met die toestemming van die familiehoof kontrakte aangaan, die familiehoof vir hulle kontrakte aanspreeklik is nie.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 15 behoue bly, maar dat die wetgewer die woorde "'n familiehoof verkry regte en is onderworpe aan verpligtinge ingevolge kontrakte deur 'n minderjarige gesluit met sy uitdruklike of stilswyende magtiging" in artikel 15 bygevoeg, terwyl dié sinsnede in artikel 22 geskrap word.

Huise en families waarvan minderjariges lede word.

16. (1) 'n Kind gebore uit 'n ongetroude Swart vrou wat nie 'n familiehoof is nie word 'n lid van die huis van die moeder van sodanige vrou en is onderworpe aan die familiehoof: Met dien verstande dat indien sodanige vrou met die vader van die kind trou, sodanige kind lid word van die huis wat deur sodanige huwelik tot stand gebring word.
- (2) 'n Kind gebore uit 'n getroude vrou gedurende die bestaan van 'n huwelik deur haar aangegaan, word lid van die huis deur haar huwelik (sic) tot stand gebring.
- (3) 'n Kind gebore uit 'n weduwee wat nie 'n familiehoof is nie, word lid van die huis van so 'n weduwee.
- (4) 'n Kind gebore uit 'n geskeide vrou wat nie 'n familiehoof is nie, word 'n lid van die huis van sodanige geskeide vrou se moeder: Met dien verstande dat waar die kind verwek word voor die ontbinding van die huwelik, sodanige kind 'n lid word van die huis van sy moeder in die vader se familiewoning.
- (5) In geval van 'n latere huwelik tussen die ouers van 'n kind gebore uit 'n weduwee of geskeide vrou na verloop van tien maande vanaf die datum waarop sy weduwee geword het of van haar egskeiding, na gelang van die geval, word sodanige kind, ondanks die bepalings van subartikel (3) en (4) lid van die huis wat deur sodanige huwelik tot stand gebring is.
- (6) 'n Kind gebore uit 'n ongetroude vrou, weduwee of geskeide vrou, nadat sy familiehoof geword het, is lid van sodanige familie.

145

'n "Familiehoof" en 'n "huis" is bepaal. Artikel 16 is duidelik uiteengesit en geen verdere kommentaar word benodig nie.

VERWYSINGS

1. Artikels 12 tot 16 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie No. R151 van 9 Oktober 1987, kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Van der Vywer en Joubert (1985) 53.
3. Ibid 4.

4. Ibid 4, 54.
5. Whitfield 47-80; Stafford en Franklin 59-74; Bekker (1989) 47-9, 59-63, 229-41.
6. Whitfield 48, 274-6; Stafford en Franklin 59-63, 113; Bekker en Coertze (1982) 12, 58-63, 110, 214-5, 220-1.
7. Bekker en (1989) 12-13.
8. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
9. Die Natalse Wetboek van Zoeloereg, Proklamasie R195 van 1967, het die term "kraalhoof" gebruik.
10. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
11. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
12. Bekker (1989) 69.
13. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
14. 'n Swarte ongeag sy huweliksvorm kan as 'n familiehoof kwalifiseer, dit wil sê ook hulle wat 'n siviele huwelik aangegaan het.
15. Bekker (1982) 72. Sien ook Bekker (1989) 71.
16. Ibid. Sien ook artikels 14 en 16 van die Kwazulu Wetboek.
17. Bekker (1989) 13 voetnota 24.
18. Sien ook die bespreking van artikel 114 op bladsy 443 van hierdie verhandeling.
19. Vergelyk Sitole v Sitole 1938 NAC 35 (N&T); Mzimela v Mzimela 1941 NAC 8 (N&T); Njokwe v Njokwe 1946 NAC 88 (N&T); Zulu v Zulu 1947 NAC 14 (N&T).
20. Sien ook Whitfield 254.
21. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
22. Vergelyk Magaga v Mhlongo 1944 NAC 74 (N&T).
23. Bekker (1982) 71. Die familiehoof van 'n familiewoning is egter nie regsbevoegd om deel te neem aan of in te meng in die aangeleenthede of eiendom van 'n gesin wat in sy familiewoning woonagtig is nie, maar sodanige gesin is aan die reëls wat in die familiewoning geld, onderworpe. (Bekker (1989) 71.)
24. Vergelyk die betekenis van "onderworpe" in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal (1984)).

25. Ibid.
26. Sien ook artikel 22 van die Kwazulu Wetboek.
27. Bekker (1989) 71.
28. Ibid.
29. Vergelyk ook Makoba v Makoba 1945 NAC 29 (N&T).
30. Ibid 72.
31. Ibid.
32. Kwazulu Wet No. 6 van 1981.
33. Ingevolge artikel 28 van die Natalse Kode van Zoeloereg Proklamasie No. R195 van 1967.
34. Deur die Kwazulu Wetboek van 1981.
35. Vergelyk die bespreking in paragraaf 2 op bladsy 102 van hierdie verhandeling.
36. In artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
37. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 102 van hierdie verhandeling.
38. Ibid.
39. Vergelyk Bekker (1989) 70.
40. Sien artikels 39-42, 52-54, 60-61, 72-80 van die Kwazulu Wetboek.
41. Sien artikels 29-31 van die Kwazulu Wetboek.
42. Sien artikels 17, 24, 25 en 27 van die Kwazulu Wetboek.
43. Sien artikels 22 en 23 van die Kwazulu Wetboek.
44. Sien artikels 68 en 69 van die Kwazulu Wetboek.
45. Sien artikel 106 van die Kwazulu Wetboek.
46. Sien paragraaf 5 op bladsy 104 van hierdie verhandeling.
47. Vergelyk R v Hugo 1926 AD 268; Clan transport Co. (Ltd) and others v Road Services Board and others 1956(4) SA 26 (SR); S v Robinson 1975(4) SA 438 (RAD) 441-2.
48. Verklarende Handreksboek van die Afrikaanse Taal (Edendaal (1984)).
49. Steyn (1981) 170-1.

50. Church (1983) 100 voetnota 4.
51. Aldus van der Merwe (1979) 30. Voorbeelde van roerende goedere is onder andere meubels, motors, skepe en diere.
52. Sien artikel 114 van die Kwazulu Wetboek.
53. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
54. Aldus die bewoording in artikel 13 van die Kwazulu Wetboek.
55. Van der Merwe (1979) 30. Voorbeelde is afgebakende grond, plante en bome en gesaaides wat reeds wortelgeskiet het (sien Medalie van Botha 1913 TS 774,778; Pike v Kockott 1934 EDL 160, 166, Barnett and others v Rudman and another 1934 AD 203, 210), of geboue, grenspale en ander installasies wat op kunsmatige wyse aan die grond verbind is, asook alles wat stewig aan hierdie geboue of installasies verbind is. (sien MacDonald Ltd v Radin NO and the Potchefstroom Dairies and Industries Co (Ltd) 1915 AD 454; Theatre Investments Pty Ltd v Butcher Brothers Ltd 1978(3) SA 682 (A); en Delpont en Olivier (1985) 41-3).
56. Sien Transvaal Investment Co Ltd v Springs Municipality 1922 AD 337 te 341; S v Botha 1966(4) SA 635 (A) te 640.
57. Sien paragraaf 6 hierna en die bespreking van artikel 19 op bladsye 134 tot 141 onderskeidelik van hierdie verhandeling.
58. Sien artikel 20 van die Kwazulu Wetboek.
59. Sien artikel 21 van die Kwazulu Wetboek.
60. Sien die omskrywing van "familie-eiendom" in artikel 1(1) van die Kwazulu Wetboek, en vergelyk met Olivier et al (1989) 140-8.
61. Masuku v Kunene 1940 NAC 79 (N&T) 81-2.
62. Ibid.
63. Aldus artikel 14 van die Kwazulu Wetboek is Swart persone van die vroulike geslag meerderjarig wanneer hulle trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik. Sien die bespreking van die gemelde artikel op bladsye 110 tot 115 van hierdie verhandeling.
64. Die gemelde Wetboek se datum van inwerkingtrede was 29 Oktober, 1982.
65. Olivier et al (1989) 147.
66. Cili v Cili 1935 NAC 32 (N&T); Mcunu v Mcunu 1939 NAC 28 (N&T); Magago v Mhlongo 1944 NAC 74 (N&T); Zulu v Mhlongo 1951 NAC 302 (N-E); Mlaba v Mvelase 1951 NAC 314 (N-E) Radebe v Bhengu 1954 NAC 126 (N-E).
67. Sien artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.

68. Vergelyk die Transkeise beslissing van Mlangeni v Macala 1947 NAC 1 (C&O) 3-4. Sien ook Dlamini (1983-3)19.
69. Ibid.
70. Ibid. Sien ook Chinchi v Diamond 3 NAC 110 (1916).
71. Sien hieromtrent die bespreking van artikel 19 van die KwaZulu Wetboek op bladsy 134 tot 141 van hierdie verhandeling.
72. 'n Familiehoof is bepaal. Sien bladsy 107 van hierdie verhandeling.
73. Sien bladsy 134 van hierdie verhandeling.
74. Sien paragraaf 1 op bladsy 107 van hierdie verhandeling.
75. Artikel 12 van Proklamasie R151 van 1967.
76. Vergelyk Olivier et al (1989) 145-8 en Bekker (1989) 72.
77. Bekker en Coertze (1982) 12, 141; Olivier et al (1989) 638.
78. Swart vrouens gemansipeer ingevolge artikel 28 van die Natalse Wetboek van 1967 kon wel eiendomsreg op roerende en onroerende eiendom vestig.
79. Vergelyk die posisie van die getroude vrou bespreek op bladsy 113 van hierdie verhandeling.
80. Wat verwys na artikel 19, en bespreek is op bladsy 134 tot 141 van hierdie verhandeling.
81. Sien paragraaf 5 op bladsy 108 van hierdie verhandeling.
82. Ibid.
83. Vergelyk bladsy 108 van hierdie verhandeling en die beslissing in Mlangeni v Macala 1947 NAC 1 (C&O).
84. Vergelyk die bespreking op bladsy 107 van hierdie verhandeling.
85. Artikel 1 van die KwaZulu Wetboek.
86. Erasmus 171. Vir 'n uitvoerige beskrywing van die term "burgerskap" sien Wiechers (1981) 344-56; Venter (1978) 326-343.
87. 345.
88. Vergelyk Venter (1975) 239-40. Hy meld onder andere dat "Suid-Afrikaanse Bantoe is statutêr Suid-Afrikaanse burgers (ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap No 44 van 1940) en word statutêr veronderstel om tegelyk burgers van die een of ander Bantoetuisland binne die Republiek te wees". Sien ook Van der Vyver en Joubert (1985) 130-1.

89. Bladsye 223 ev; Sien ook Basson en Viljoen (1987) 345 Van der Vyver en Joubert (1985) 132.
90. Wet No 26 van 190.
91. Van der Vyver en Joubert (1985) 132 is van mening dat die relevansie van burgerskap van 'n nasionale staat nog nie duidelik uitgekristalliseer het nie, terwyl Basson en Viljoen (1987) 345 aandui dat burgerskap in enger betekenis alleen geregverdig kan word indien dit seker is dat onder andere die selfregerende gebied tot volwaardige state kan groei, wanneer burgerskap in sy wydste betekenis ook verbesonder sal word.
92. 'n Swart persoon is iemand wat 'n Swarte is binne die bedoeling van die Bevolkingsregistrasiewet No. 30 van 1950 (Artikel 1).
93. Artikel 2(2) van Wet No. 26 van 1970.
94. Kwazulu selfregerende nasionale staat se grondwet proklamasie is R70 van 30-3-1972 soos gewysig deur R286 van 10-11-1972; R110 van 27-4-1973; R81 van 26-4-1974; R152 van 27-6-1975; R222 van 22-10-1976; R52 en R59 van 1-4-1977; R225 van 23-9-1977; R275 van 21-10-1977; R328 van 25-11-1977; R23 van 29-9-1979; R222 van 28-10-1979; R19 van 23-1-1981; R116 van 19-6-1981; R251 van 11-12-1981; R46 van 26-3-1982; R109 van 18-6-1982; R116 van 2-7-1982; R223 van 19-11-1982; R56 - R57 van 22-4-1983; R118 van 12-8-1983; R48 van 25-3-88, saamgelees met R11, R12 en R13 van 28-1-1977 en GK 2197 van 28-10-1977.
95. Artikels 2(1) en (3) van Wet No. 26 van 1970.
96. Artikel 3 van Wet No. 26 van 1970. Venter (1975) 148-49 en (1978) 538-41 is van mening dat aangesien die selfregerende gebiede se burgerskap nie gereël word deur die Grondwet van die Nasional State (Wet No. 21 van 1971) en ook nie deur hul onderskeie Grondwet Proklamasies nie, die bestaan van burgerskap van selfregerende gebiede hoogs twyfelagtig is. Sien ook Van der Vyver en Joubert (1985) 287-9.
97. Basson en Viljoen (1982) 344.
98. Wet No. 26 van 1970.
99. Artikel 5, Wet No. 26 van 1970.
100. Minister van Ontwikkelingshulp en Administrasie.
101. Artikel 9, Wet No. 26 van 1970.
102. Artikel 4, Wet No. 26 van 1970.
103. Manlik sowel as vroulik.
104. Ingevolge die bepalings van Artikel 2 van die Wet op Meerderjarigheidsonderdom No. 57 van 1972 kan 'n persoon wat die ouderdom van 18 jaar bereik het by die Hooggeregshof aansoek doen om meerderjarig ver-

- klaar te word. Vergelyk in die verband Van der Vyver en Joubert (1985) 138-9.
105. Voor hierdie wysiging is Swart vroue, behalwe indien hulle geëmansipeer is ingevolge artikel 28 van die Natalse Kode van Zoeloereg van 1967, as ewigdurende minderjariges geag (vergelyk Olivier et al (1981) 619-20, Bekker en Coertze (1982) 12, 141; Church (1983) 100; Dlamini (1983-1) 384 Hlophe (1984) 163. Die nuwe bepaling is dus 'n afwyking van Zoeloereg. Sien ook Bekker (1989) 141.
 106. Die Engelse teks gebruik die woorde "on marriage".
 107. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
 108. Bladsy 102.
 109. Sien ook Dlamini (1983-1) 388-9.
 110. 'n Gebruiklike huwelik word op bladsy 193 van hierdie verhandeling bespreek.
 111. 'n Siviele huwelik word op bladsy 189 van hierdie verhandeling bespreek.
 112. Artikel 27(3) van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Dlamini (1983-1) 388-9.
 113. Ibid.
 114. Deur middel van 'n voorhuwelikse kontrak. Vir 'n bespreking van die implikasies van die maritale mag van die man sien Van der Vyver en Joubert (1985) 232-72; 581-87.
 115. Maar 'n vrou kan onderworpe aan die maritale mag van haar man wees, afhangend van die vorm van haar huwelik, indien sy by bereiking van die ouderdom getroud is.
 116. Maar indien sy in die familiewoning woonagtig is, is sy as huisgenoot onderworpe aan die familiehoof in alle familiesake (artikel 12 van die Kwazulu Wetboek) Sien ook Church (1983) 101; Dlamini (1983-3) 19-20.
 117. Byvoorbeeld die getuienis van ouers.
 118. Vergelyk S v Mohlobane 1969(1) SA 561(A) 567; S v Seleka en andere 1976(1) SA 675(T) 689-90; S v Rooi en andere 1976(2) SA 580(A) 583-4; S v Ngoma 1984(3) SA 666 (A) 672; Vergelyk ook artikel 337 van die Strafproseswet No. 51 van 1977, en artikel 54 van die Wet op Kinder-sorg No. 74 van 1983. Sien ook Van der Vyver en Joubert (1985) 136.
 119. Sien artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
 120. In die praktyk oorhandig die magistraat 'n brief aan die betrokke persoon waarin gemeld word dat sy geboortedag vir doeleindes van

artikel 14, op 'n bepaalde datum vasgestel is.

121. Sien ook Dlamini (1983-2) 235.

122. Dlamini (1983-1) 348.

123. Ibid.

124. Wie 'n burger is, is bepaal in paragraaf 1 op bladsy 111 van hierdie verhandeling.

125. Sien paragraaf 3 op bladsy 114 van hierdie verhandeling.

126. Sien voetnota 114.

127. Veral gesien in lig van die bepaling van artikel 14 van die Kwazulu Wetboek. Zoeloereg self het nie die individualistiese benadering van die gemereg geken nie. Die handelende partye was gesinne en gesingsgroepe namens wie die gesinshoof opgetree het. Vergelyk Bekker (1989) 69-77. Olivier et al (1989) 137-40; Church (1983) 101. In tradisionele Zoeloereg was die onderskeiding tussen minder- en meerderjarige nie paslik nie. Vergelyk Myburg (1981) 233.

128. Natuurlike persone.

129. Persone onder die ouderdom van sewe jaar is handelings- en verskyningsonbevoeg.

130. Sien De Wet en Van Wyk (1978); Van der Vyver en Joubert (1985) 140.

131. Bladsye 332-41.

132. Bladsye 543-79.

133. Bladsy 81.

134. Hy is nie 'n party tot die ooreenkoms nie, nóg het hy sy toestemming daartoe verleen.

135. Bekker (1989) 81.

136. In ons gemeenereg is die minderjarige, en nie die voog, aan die kontrak gebonde. Sien Van der Vyver en Joubert (1985) 147.

137. Bladsye 81-2.

138. Sien die bespreking van artikel 13 op bladsye 106 tot 110 van hierdie verhandeling.

139. 'n "Familiewoning" is reeds bepaal. Sien bladsy 74 van hierdie verhandeling.

140. 'n Minderjarige van 18jarige ouderdom kan ook 'n versekeringskontrak

sluit (artikel 37 van die Versakeeringswet No. 27 van 1943). Vergelyk Van der Vyver en Joubert (1985) 145.

141. Die voorbehoudsbepaling is nuut want dit het nie in die voorganger van artikel 15, naamlik artikel 17 van die KwaZulu Wetboek van 1981, verskyn nie.
142. Wat in Edelstein v Edelstein NO and another 1952(3) SA 1 (A) verwerp is.
143. Vergelyk paragrawe 1 en 3 op bladsye 115 en 116 van hierdie verhandeling.
144. Sien die bepaling van artikel 13 op bladsy 106 van hierdie verhandeling.
145. Sien bladsye 102 en 299 van hierdie verhandeling.

HOOFSTUK VI
¹
 FAMILIEHOOFDE

In Zoeloereg is die gesin van primêre belang,² en aan die hoof van die gesin is 'n familiehoof.³ Aangesien die familiehoof sy gesin na buite⁴ verteenwoordig, tree hy as hooforgaan van die gesinseenheid op. Artikels 17 tot 26 van die Kwazulu Wetboek omvat dan ook bepaalde bevoegdhede, regte en verpligtinge wat op 'n familiehoof van toepassing is.

In hierdie hoofstuk word die bevoegdhede, regte en verpligtinge van familiehoofde ten aansien van hul beheer oor familiewonings, administrasie van boedels van minderjarige erfgename, reg op die verdienstes van lede van hul gesinne, toesig en beheer oor huiseiendom, verantwoordelikheid vir die gedrag van huisgenote, arrestasiebevoegdheid van persone wat sekere oortredings in die onmiddellike omgewing van die familiewoning pleeg, bevoegdheid om minderjarige huisgenote redelike lyfstraf toe te dien, en hul aanstellingsbevoegdheid om geskikte en bevoegde persone aan te stel om in hul afwesigheid as familiehoof op te tree, nagegaan. Die regsimplikasies en gevolge van hierdie statutêre reëlins word bespreek.

Familiehoofde.

17. Iemand is hoof van 'n familiewoning kragtens die feit dat hy of -

- (a) die eienaar daarvan is; of
- (b) die voog is gedurende die minderjarigheid van die erfgenaam ooreenkomstig die bepalinge van artikel 29; of
- (c) die voog is wat aangestel is deur die Kommissaris of Magistraat, of die Sekreteris onder die omstandighede in artikels 29 en 30 omskryf.

Artikel 17 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. EIENAAR
3. FAMILIEWONING
4. VOOG OOREENKOMSTIG ARTIKEL 29
5. VOOG AANGESTEL DEUR MAGISTRAAT OF SEKRETARIS

1. FAMILIEHOOF

5

h "Familiehoof" is reeds bepaal.

2. EIENAAR

6

Die begrip "eenaar" is reeds bespreek.

3. FAMILIEWONING

7

h "Familiewoning" is reeds bepaal.

4. VOOG OOREENKOMSTIG ARTIKEL 29

8

In die bespreking van artikel 29 is hierdie aangeleentheid behandel.

5. VOOG AANGESTEL DEUR MAGISTRAAT OF SEKRETARIS OOREENKOMSTIG ARTIKEL 29
EN 30

9

In die bespreking van artikels 29 en 30 is hierdie aangeleentheid behandel.

EVALUERING

Daar is in die evaluering van artikel 12 aangetoon dat die term "eienaar" 'n beheersreg aandui,¹⁰ en aanbeveel¹¹ dat 'n familiehoof as "die persoon belas met die beheer en toesig oor 'n familiewoning", omskryf word. Derhalwe is dit nodig dat artikel 17(a) van die Natalse Wetboek paslik gewysig word.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 17(a) as volg gewysig word,¹² naamlik:

17. "Iemand is hoof van 'n familiewoning kragtens die feit dat hy 'of -

(a) die persoon belas met die beheer en toesig daarvan is".

Administrasie van boedels tydens minderjarigheid van erfgename.

18. (1) In die geval vermeld in artikel 17(b) -

(a) kan die erfgenaam beheer oor die familiewoning aanvaar as hy ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 mondig word of andersins op sodanige vroeër tydstip as wat die Kommissaris of Magistraat of die kaptein bepaal;

(b) administreer die familiehoof die algemene boedel gedurende die minderjarigheid van die erfgenaam tensy anders bepaal ingevolge paragraaf (a), asook sodanige huiseiendom as wat in die familiewoning is onderskeidelik ten voordele van die toekomstige familiehoof en huiserfgename en is onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van 'n gewone familiehoof.

(2) In die geval vermeld in artikel 17 (c) administreer die familiehoof gedurende die tydperk van sy aanstelling die algemene boedel asook sodanige huiseiendom as wat daar in die familiewoning is en is onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van 'n gewone familiehoof.

Artikel 18 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ERFGENAAM KAN BEHEER OOR FAMILIEWONING AANVAAR
 - 1.1 By mondigwording of
 - 1.2 Vroeër tydstip deur magistraat of kaptein bepaal
2. FAMILIEHOOF ADMINISTREER GEDURENDE MINDERJARIGHEID VAN ERFGENAAM
 - 2.1 Algemene boedel
 - 2.2 Huiseiendom
3. TOT VOORDEEL VAN TOEKOMSTIGE FAMILIEHOOF EN HUISERFGENAME
4. ONDERWORPE AAN PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'n GEWONE FAMILIEHOOF

1. ERFGENAAM KAN BEHEER OOR FAMILIEWONING AANVAAR

13

Artikel 18 het nog nie voor ons howe gedien nie en ons skrywers verwys slegs oorsigtelik daarna.

In daardie gevalle waar 'n voog ooreenkomstig artikel 29 van die Kwazulu Wetboek deur 'n magistraat (in die geval van 'n minderjarige erfgenaam wat nie 'n kaptein is nie) of die sekretaris (in die geval van 'n minderjarige erfgenaam wat 'n kaptein is) aangestel is, kan die erfgenaam in die twee bepaalde gevalle hierna bespreek, beheer oor die familiewoning aanvaar.

"Beheer oor die familiewoning" impliseer dat hy onderworpe aan die pligte en verantwoordelikhede van 'n gewone familiehoof is.

1.1 By mondigwording

19

Mondigwording beteken die bereiking van meerderjarigheid deur óf te trou óf die ouderdom van een-en-twintig jaar, te bereik.

1.2 Vroeër tydstip deur magistraat of kaptein bepaal

²¹
Bekker en Coertze (1982) meld dat h "Heir may assume control on attaining majority or otherwise at such time as the commissioner or the chief may determine".

2. FAMILIEHOOF ADMINISTREER GEDURENDE MINDERJARIGHEID VAN ERFGENAAM

Hetsy h familiehoof aangestel is ooreenkomstig artikels 29 of 30 van die Kwazulu Wetboek, ²² administreer hy in die tydperk van sy ²³ voogdy die algemene boedel sowel as huiseiendom ten voordele van die toekomstige ²⁴ familiehoof en huiserfgename.

2.1 Algemene boedel

In die Kwazulu Wetboek word h "algemene boedel" nie omskryf nie. Die ²⁵ gemelde Wetboek tref wel h onderskeid tussen familie-eiendom en ²⁶ huiseiendom, en bepaal dat h familiehoof eienaar is van familie-eiendom ²⁷ en dat hy toesig en beheer oor huiseiendom het.

²⁸
Familie-eiendom is bepaal .

2.2 Huiseiendom

²⁹
Huiseiendom is bepaal.

3. TOT VOORDEEL VAN TOEKOMSTIGE FAMILIEHOOF EN HUISERFGENAAM

Die "toekomstige familiehoof" is die minderjarige erfgenaam vir wie die
³⁰
 voog optree.

Hierdie artikelkomponent moet met artikel 31 van die Kwazulu Wetboek saam-
³¹
 gelees word.

4. ONDERWORPE AAN PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'n GEWONE FAMILIEHOOF

Beide artikels 18(1)(b) en (2) van die Kwazulu Wetboek stel dit duidelik
 dat die voog wat as familiehoof optree, onderworpe aan die pligte en ver-
 antwoordelikhede van 'n gewone familiehoof is. In die verband is die bepa-
³²
 lings van artikels 20 en 21 van die Kwazulu Wetboek toepaslik.

EVALUERING

Artikel 18, in die geheel gesien, lewer geen probleme in die praktyk nie.
³³

Dit is egter nie duidelik aan watter vereiste 'n minderjarige moet voldoen
 "om op sodanige vroeër tydstip as wat die magistraat of kaptein bepaal",
³⁴
 beheer oor die familiewoning te kan aanvaar. 'n Magistraat of kaptein
 moet in sy besluitneming 'n diskresie toepas. 'n Kaptein behoort sy diskre-
 sie in lig van die toepaslike gebruik en gewoonte toe te pas, maar ons
 regs krywers en etnoloë het hierdie aspek nog nie ondersoek nie.

Faktore wat 'n magistraat en 'n kaptein in 'n dergelyke ondersoek in ag moet
³⁵

neem, moet gerig wees op die erfgenaam se vermoë om die regte en verpligtinge van 'n gesinshoof uit te voer. Daar sal na my mening op die volgende faktore gelet moet word, naamlik, die ouderdom van die erfgenaam, sy karakter, opvoeding, en spaarsame gewoontes, die agtergrond tot die aansoek en die noodsaak dat die regte en verpligtinge van 'n familiehoof deur hom uitgevoer moet word. Goeie en genoegsame redes sal die magistraat of kaptein in staat stel om sy diskresie uit te oefen.

36

Die gebruik van die term "algemene boedel" is ook nie volkome duidelik nie. Aangesien die Kwazulu Wetboek 'n onderskeid tussen familie- en huiseiendom tref, ³⁷ maar slegs die term huiseiendom in artikels 18(1)(b) en 18(2) gebruik, blyk dit dat die term "algemene boedel" na "familie-eiendom" verwys.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die term "algemene boedel" deur "familie-eiendom" vervang word in artikels 18(1)(b) en 18(2) van die Kwazulu Wetboek.

Verdienstes van minderjarige kinders.

19. (1) 'n Familiehoof is geregtig op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy familie en sodanige verdienstes moet allereers vir die onderhoud en voordeel van die huis waaruit dit afkomstig is en vir algemene familiedoeleindes deur hom aangewend word.
- (2) Hoewel 'n familiehoof groot ruimte toegelaat word om met die verdienstes vermeld in subartikel (1) na goeddunke te handel is dit hom nie geoorloof om een huis ten koste van 'n ander te bevoordeel nie.

- (3) 'n Familiehoof wat onbillik handel by die uitoefening van sy regte kragtens hierdie artikel kan, na 'n administratiewe ondersoek deur die Kommissaris of Magistraat of die kaptein beveel word om hom daarvan te onthou en 'n familiehoof wat versuim om sodanige bevel te gehoorsaam is skuldig aan misdryf.

Artikel 19 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. GEREKTIG OP REDELIKE AANDEEL VAN VERDIENSTE VAN LEDE VAN SY FAMILIE
 - 2.1 Verdienste
 - 2.2 Redelike aandeel
 - 2.3 Lede van sy familie
3. AANWENDING VAN VERDIENSTES
4. NIE GEORLOOF 'n HUIS TEN KOSTE VAN 'n ANDER TE BEVOORDEEL NIE
5. ADMINISTRATIEWE ONDERSOEK

1. FAMILIEHOOF

38

'n Familiehoof is reeds bepaal.

2. GEREKTIG OP REDELIKE AANDEEL VAN VERDIENSTE VAN LEDE VAN SY FAMILIE

Die Kwazulu Wetboek bepaal onder andere dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy familie. 39

Hierdie bepaling moet saamgelees word met artikel 14 van die Kwazulu Wetboek, wat bepaal dat enige persoon roerende eiendom en enige Swarte onroerende eiendom kan verkry, maar dat hierdie reg, vir sover dit die eiendom van die familie van 'n familiehoof betref, onderworpe aan die bepa-

40

lings van artikel 19 is.

Zoeloereg het blykbaar oorspronklik vereis dat die verdienste van al die inwoners van die familiewoning aan hul betrokke huis behoort. In Mkwanazi v Zulu⁴¹ is gemeld dat "The kraal is regarded as a joint association to the funds of which the inmates contribute and from which funds the obligations of the family and members are met ---". Al die inwoners van die familiewoning was onder beheer van die familiehoof, en individuele eiendomsreg was 'n uitsondering op die reël.⁴²

Die huidige Kwazulu Wetboek konstateer nie meer die oorspronklike Zoeloereg nie, want die algemene reël tans is dat alle burgers eiendom onderworpe aan sekere beperkings, kan verkry.⁴³

2.1 Verdienste

Die verdienste wat in artikel 19 ter sprake is, omvat salarisse en lone wat lede van die familie vir hulle arbeid verdien,⁴⁴ skenkings wat lede van die familie ontvang,⁴⁵ landbouprodukte verbou op landerye van 'n vrou of enige lid van 'n betrokke huis,⁴⁶ en enigiets wat by wyse van ruil of verkoop deur middel van hierdie produkte verkry is.⁴⁷

2.2 Redelike aandeel

Die artikel bepaal dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy familie. Wat 'n redelike aandeel van die verdienstes is, is nie duidelik nie.

48

In Dlamini v Dhlamini is 'n seun se loon direk aan sy vader betaal, en met die seun se terugkeer is 'n vers aan hom oorhandig. Later, met die aangaan van 'n gebruikelike huwelik, het die vader drie beeste tot sy lobolo bygedra. Die hof dui aan dat die familiehoof "discharged (his liabilities) with reasonable liberty".⁴⁹

Geen hofbeslissings waarin 'n familiehoof 'n lid van sy familie gedagvaar het vir 'n redelike aandeel van sy verdienstes is gerapporteer nie. Ons skrywers meld ook nie wat as 'n "redelike aandeel" beskou word nie.

2.3 Lede van sy familie

Daar moet in gedagte gehou word dat die woorde "lede van sy familie" gebruik word, en nie "huisgenote" soos omskryf in die Kwazulu Wetboek⁵⁰ nie. Huisgenote is reeds bepaal,⁵¹ en sluit in persone wat nie noodwendig lede van die familie van 'n familiehoof is nie.⁵²

Gerapporteerde hofbeslissing is gebaseer op beide die Natalse Wetboek van 1932 en 1967 wat beide onder andere bepaal het dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van "die ander lede van sy familie en enige ander kraalgenote".⁵³ Die dat hulle aandui dat die verdienstes van "inmates" van 'n familiewoning aan die huise waaraan hulle behoort, toekom.⁵⁴

55

56

Olivier et al (1981)⁵⁵ en Bekker en Coertze (1982)⁵⁶ verwys ook na die verdienstes van die ander lede van die familie en van enige ander huisgenote.

57

Die Natalse Wetboek dui aan dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die minderjarige lede van sy familie.

3. AANWENDING VAN VERDIENSTES

58

59

Ons skrywers en howe is dit eens dat die verdienstes van die lede van die familie van die familiehoof aan die huise waaraan hulle behoort, toekom.

Hierdie verdienstes wat primêr as huiseiendom beskou word, moet allereers vir die onderhoud en voordeel van die huis waaruit dit afkomstig is en vir die algemene familiedoelindes deur die familiehoof, aangewend word.⁶⁰

Gewoonlik wanneer 'n familiehoof die verdienstes van sy seuns ontvang, help hy die jonger seuns om die lobolo vir hul eerste vrouens te vind, maar hierdie is 'n morele en nie 'n regsplig nie.⁶¹

4. NIE GEOORLOOF 'n HUIS TEN KOSTE VAN 'n ANDER TE BEVOORDEEL NIE

Dit is 'n grondliggende beginsel dat 'n familiehoof nie een huis ten koste van 'n ander mag verryk of verarm nie.⁶² Die effek van hierdie beginsel is dat hy nie eiendom van die een huis na 'n ander mag oordra of 'n huis ten koste van 'n ander bevoordeel nie, maar indien dit gebeur ontstaan daar 'n skuldverhouding tussen die twee huise, tensy 'n teenoorgestelde bedoeling duidelik blyk.⁶³

57

Die Natalse Wetboek dui aan dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die minderjarige lede van sy familie.

3. AANWENDING VAN VERDIENSTES

58

59

Ons skrywers en howe is dit eens dat die verdienstes van die lede van die familie van die familiehoof aan die huise waaraan hulle behoort, toekom.

Hierdie verdienstes wat primêr as huiseiendom beskou word, moet allereers vir die onderhoud en voordeel van die huis waaruit dit afkomstig is en vir die algemene familiedoelindes deur die familiehoof, aangewend word.

Gewoonlik wanneer 'n familiehoof die verdienstes van sy seuns ontvang, help hy die jonger seuns om die lobolo vir hul eerste vrouens te vind, maar hierdie is 'n morele en nie 'n regsplig nie.

4. NIE GEORLOOF 'n HUIS TEN KOSTE VAN 'n ANDER TE BEVOORDEEL NIE

Dit is 'n grondliggende beginsel dat 'n familiehoof nie een huis ten koste van 'n ander mag verryk of verarm nie. Die effek van hierdie beginsel is dat hy nie eiendom van die een huis na 'n ander mag oordra of 'n huis ten koste van 'n ander bevoordeel nie, maar indien dit gebeur ontstaan daar 'n skuldverhouding tussen die twee huise, tensy 'n teenoorgestelde bedoeling duidelik blyk.

5. ADMINISTRATIEWE ONDERSOEK

Artikel 19(3) bepaal uitdruklik dat 'n familiehoof wat onbillik handel in die uitoefening van sy regte ingevolge artikel 19, aan 'n administratiewe ondersoek voor 'n magistraat of kaptein onderwerp kan word. Indien die kaptein beveel word om hom te onthou van onbillike optrede en hy versuim om die bevel te gehoorsaam, is hy skuldig aan 'n misdryf.⁶⁴

Ons skrywers en die houe het hulle nog nie oor hierdie artikel uitgelaat nie.⁶⁵

EVALUERING

Die Kwazulu en die Natalse Wetboek verskil wesenlik van mekaar.⁶⁶ Die Kwazulu Wetboek bepaal dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy familie, met ander woorde minderjariges ingeslote, terwyl die Natalse Wetboek bepaal dat hy geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die minderjarige lede van sy familie, met ander woorde die verdienstes van meerderjarige familieledes is uitgesluit. Hierdie reëling is onaanvaarbaar. Dieselfde reëling behoort te geld hetsy binne of buite die gebied van Kwazulu.

Die Kwazulu Wetboek wyk af van oorspronklike Zoeloereg sowel as van die bepalings van die Natalse Wetboek van 1932 en 1967, deurdat 'n familiehoof nie meer geregtig is op die verdienstes van minderjariges en 'n redelike aandeel van die verdienste van ander inwoners nie.⁶⁷ 'n Familiehoof is tans slegs geregtig op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy fa-

milie, en lede van sy familie sluit nie alle huisgenote in nie.⁶⁸ Nie-verwante persone en gesinne wat in 'n familiewoning woonagtig is, se verdienste is dus uitgesluit van die beheersreg van 'n familiehoof.

Die bepalings van artikel 15 in ag geneem,⁶⁹ sal vermag word dat 'n familiehoof geregtig is op al die verdienstes van minderjarige lede van sy familie. In kontrakte waarop Zoeloereg van toepassing is, is die familiehoof, en nie die minderjarige nie,⁷⁰ gebonde. As gevolg van die algemene beginsel gestel in artikel 13,⁷¹ naamlik dat enige persoon roerende eiendom en enige Swarte onroerende eiendom kan verkry, onderworpe aan die bepalings van artikel 19, wil dit blyk dat dit die wetgewer se bedoeling is dat selfs minderjariges 'n persoonlike vermoë kan verkry, wat losstaande van die huiseiendom is. Dié dat artikel 19 slegs verwys na die feit dat 'n familiehoof geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die lede van sy familie.

Dieselfde reëling met betrekking tot die verdienstes van minderjariges geld ten opsigte van ander lede van die familie van 'n familiehoof. Hy is geregtig op 'n redelike aandeel van die verdienstes van hulle almal.

Indien die verdienstes van meerderjarige lede van die familie van die familiehoof alles persoonlike vermoëns is, en 'n redelike aandeel daarvan nie aan die huise waaraan hulle behoort toeval nie, sal die beheers- en onderhoudspelig van die familiehoof aan bande gelê word.

Die bepaling van artikel 19 van die KwaZulu Wetboek, in teenstelling met die bepaling in die Natalse Wetboek, is meer in ooreenstemming met die

Zoeloeregtelike beginsel, en behoort nagevolg te word.

Alhoewel dit nie duidelik is wat 'n redelike aandeel van die verdienstes is waarop 'n familiehoof geregtig is nie, sal hierdie aspek deur onderlinge gebruik bepaal word. Daar is geen noodsaak dat dit nader omskryf word nie.

Die administratiewe ondersoek gemeld in artikel 19(3) sal slegs plaasvind nadat 'n belanghebbende lid van die familie 'n klag by die magistraat of kaptein aanhangig gemaak het. In 'n derglike ondersoek is dit noodsaaklik dat die magistraat of kaptein die audi alteram partem reël toepas, waarna hy sal beslis of die familiehoof met betrekking tot die aspek in geskil onbillik handel, of nie. Indien bevind word dat die familiehoof onbillik handel, moet 'n bevel uitgereik word dat die familiehoof hom moet onthou van onbillik te handel, met betrekking tot die aspek in geskil. Indien die familiehoof die bevel verontagsaam, kan hy strafregtelik vervolg word waarna hy skuldig bevind kan word.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat -

- (a) die wetgewers van Kwazulu en die Republiek van Suid-Afrika samesprekings sal moet voer om 'n eenvormige bepaling in artikel 19(1) te werkstellig;
- (b) die bepaling van artikel 19(1) van die Kwazulu Wetboek nagevolg word.

Familiehoof is eienaar van familie-eiendom en het toesig en beheer oor huiseiendom.

20. Die familiehoof is die eienaar van alle familie-eiendom en sy familiewoning. Hy beskik in die opsig oor bewaring en beheer van die eiendom wat aan die huise van sy verskillende vrouens verbonde is en kan dit na goeddunke vir sy persoonlike benodigdhede en behoeftes, vir algemene familiedoeleindes of vir die onthaal van besoekers aanwend. Hy kan sodanige eiendom gebruik, omruil, uitleen of op 'n ander wyse vervreem of daaroor beskik ten voordele of in belang van die huis waaraan dit verbonde is, maar indien hy eiendom wat aan een huis verbonde is ten voordele of ten behoeve van enige ander huis in die familiewoning gebruik, rus (sic) daar op sodanige ander huis 'n verpligting om dit of die gelyke waarde daarvan terug te besorg.

Familiehoof moet huiseiendom afsonderlik hou en geskille besleg.

21. Die familiehoof is verplig om die boedels van die verskillende huis in sy familiewoning afsonderlik te hou en alle geskille in verband daarmee te besleg.

Artikels 20 en 21 word in die volgende artikelskomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. EIENAAR
 - 2.1 Familie-eiendom
 - 2.2 Familiewoning
3. BEWARING EN BEHEER
 - 3.1 Huiseiendom
4. PERSOONLIKE EIENDOM

1. FAMILIEHOOF

'n "Familiehoof" is bepaal.

2. EIENAAR

Artikel 20 bepaal onder andere dat 'n familiehoof die eienaar van alle familie-eiendom asook die familiewoning is.

In die bespreking van artikel 12 van die Kwazulu Wetboek is aangetoon dat 'n familiehoof in 'n streng juridiese westerse betekenis, nie die "eienaar" van die familiewoning is nie.⁷⁶ 'n Familiehoof is in die reël ook nie "eienaar" van die grond waarop 'n familiewoning gevestig is nie,⁷⁷ behalwe indien dit grond is wat in privaatbesit is.⁷⁸

Familie-eiendom,⁸⁰ aldus Bekker en Coertze (1982),⁸¹ "behoort" aan die familiegroep en beheer daarvoor word in die reël deur die familiehoof, in oorleg met senior lede van die familiegroep, uitgeoefen. In Mpungose v Mpungose⁸² is gestel dat "The Native social system regards the family as whole and all members of the family participate in its possessions. The head of the family is virtually a trustee or director of the possessions of the family, and not, as in common law, the owner. There has been a change in the outlook in our courts under the influence of the common law which has stamped itself upon the Code in this respect, to regard the head of the kraal as the full owner of all such property in his own personal rights subject to obligations".

⁸³ Olivier et al (1989) meld dat 'n familiehoof onbepaalde beskikkingsreg oor die familie-eiendom het.

⁸⁴ Whitfield verklaar dat familie-eiendom "belongs to the kraalhead

absolutely" en dat hy 'n onbepaalde beskikkingsreg daaroor het. Stafford en Franklin⁸⁵ dui ook aan dat familie-eiendom die persoonlike eiendom van die familiehoof⁸⁶ is.

2.1 Familie-eiendom

Die Kwazulu Wetboek omskryf⁸⁷ "familie-eiendom" as "al die eiendom in 'n familiewoning uitgesonderd (i) eiendom wat aan enige besondere huis van daardie familiewoning begiftig is of spesiaal daaraan verbonde is, en (ii) die persoonlike eiendom van enige mondiges huisgenoot of van enige huisgenoot wat nie aan die familiehoof verwant is of tot hulle behoort nie.

Familie-eiendom bestaan uit:

- (a) Verdienste en goedere deur die familiehoof verkry, byvoorbeeld arbeid⁸⁸ of dienste deur hom gelewer;
- (b) Erfgoed die familiehoof toegeval;⁸⁹
- (c) Skenkings en toewysings aan die familiehoof;⁹⁰
- (d) Skadevergoeding of boetes geïm ten aansien van onregmatige dade teen die familiehoof gepleeg of teen die vee of ander goedere wat tot die familie-eiendom behoort;⁹¹
- (e) Beeste wat hom mag toekom uit die lobolo wat vir sy kleindogters gelewer mag word;⁹²
- (f) Persoonlike besittings van die familiehoof;⁹³
- (g) Lobolo-beeste aan die familiehoof teruggelewer by die ontbinding van 'n huwelik met 'n eggenote;⁹⁴
- (h) Eiendomsreg in onroerende goed, mits dit deel van die familie-eiendom⁹⁵ is;

(i) Landbouprodukte indien die bewerkbare grond familie-eiendom is;⁹⁶

h Weerlegbare vermoede bestaan dat beeste in h familiewoning aan die familiehoof behoort, maar die bewyslas rus op diegene wat beweer dat die eiendomsreg daarop in hom gesetel is.⁹⁷

2.2 Familiewoning

h "Familiewoning" is bepaal.⁹⁸

3. BEWARING EN BEHEER

Ons skrywers⁹⁹ sowel ons howe,¹⁰⁰ is dit eens dat huiseiendom¹⁰¹ in h familiewoning wat poligamies van aard is, aan die familiehoof, die eggenote en haar kinders gesamentlik behoort en dat die beheersreg in die familiehoof gesetel is.

Die beheersreg beteken dat die familiehoof die huiseiendom in belang van en tot voordeel van die betrokke huis moet aanwend, en dat hy nie een huis ten koste van h ander mag verryk, of een huis ten voordele van h ander huis of van iemand anders mag verarm nie.¹⁰²

Sy beheers- en bewaringsreg verplig hom om die boedels van die verskillende huise in die familiewoning afsonderlik te hou, en waar die vermoëns van een huis ten voordele van h ander huis aangewend word, ontstaan daar h skuldverhouding tussen die twee huise, tensy die teenoorgestelde bedoeling duidelik blyk.¹⁰³

3.1 Huiseiendom

"Huiseiendom" is "die eiendom wat aan enige huis in 'n familiewoning begiftig is of spesiaal daaraan verbonde is. Sodanige eiendom word verkry deur donasies, toedeling of deur die ontvangs van lobolo ten opsigte van die meisies van die huis." ¹⁰⁴

Huiseiendom bestaan uit:

- (a) Die verdienstes van die lede van die huis, ¹⁰⁵ behalwe in soverre dit persoonlike eiendom is; ¹⁰⁶
- (b) Landbouprodukte verbou op bewerkbare grond wat aan die huis toegewys is, asook enigiets wat deur middel van die produkte verkry is ¹⁰⁷ (byvoorbeeld by wyse van ruil of verkoop);
- (c) Lobolo ontvang ten opsigte van die dogters van die huis, behalwe indien die lobolo dien om 'n skuld te delg of regtens na die hoofhuis ¹⁰⁸ moet gaan;
- (d) Skuldvergoeding of boetes geïm ten aansien van onregmatige dade teen die dogters of vrouens van 'n huis; ¹⁰⁹
- (e) Donasies aan 'n huis. ¹¹⁰

4. PERSOONLIKE EIENDOM

Die Kwazulu Wetboek bepaal uitdruklik dat 'n manlike of vroulike Swarte meerderjarig is wanneer hy of sy trou, of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik ¹¹¹ en dat enige Swarte eiendom, hetsy roerende of onroerende eiendom kan verkry, ¹¹² watter reg, vir sover dit die familie van die familiehoof betref, ¹¹³ onderworpe aan die bepalinge van artikel 19 is.

Lede van die familie van 'n familiehoof kan dus 'n persoonlike vermoë besit
 waaroor 'n familiehoof geen beheers- of beskikkingsreg het nie. 'n Weerleg-
 bare vermoede geld dat eiendom in 'n familiewoning aan die familiehoof be-
 hoort, maar die bewyslas rus op diegene wat beweer dat die eiendomsreg
 daarop in hom gesetel is.¹¹⁴

EVALUERING

Artikel 20 onderskei tussen familie-eiendom, huiseiendom en persoonlike
 eiendom.¹¹⁵

Dit is duidelik dat alle meerderjarige Swart persone, manlik sowel as vrou-
 lik, eiendomsreg kan vestig op roerende en onroerende eiendom, onderworpe
 aan die bepalings van artikel 19 van die Kwazulu Wetboek.¹¹⁶

Ons skrywers en howe bevestig dat huiseiendom aan 'n besondere huis behoort,
 en dat die familiehoof slegs 'n bewarings- en beheersreg daaroor het.¹¹⁷
 Hierdie aspek word Zoeloeregtelik beheer en lewer nie probleme in die prak-
 tyk nie.

Die bepaling dat 'n familiehoof die eienaar van alle familie-eiendom en van
 die familiewoning is,¹¹⁸ is vatbaar vir kritiek. In hierdie verhandeling
 is aangedui dat 'n familiehoof in 'n juridiese westerlike betekenis nie die
 eienaar van die familiewoning is nie.¹¹⁹ 'n Familiehoof het 'n beheersreg
 oor die familiewoning en is nie die eienaar daarvan nie,¹²⁰ en derhalwe is
 aanbeveel dat 'n "familiehoof" as "die persoon belas met die beheer en
 toesig oor 'n familiewoning" omskryf word.¹²¹

Ons gemeenregtelike individualistiese benadering van eiendomsreg het blykbaar die wetgewer beïnvloed met die bepaling dat 'n familiehoof die eienaar van alle familie-eiendom is. Whitfield en Stafford en Franklin stel dit onomwonde dat familie-eiendom aan die familiehoof behoort, en dat dit persoonlike eiendom is terwyl Olivier et al (1989) aandui dat die familiehoof onbeperkte beskikkingsreg daaroor het.¹²³ Bekker en Coertze huldig 'n teenoorgestelde mening, naamlik dat die familie-eiendom aan die familie-groep behoort, maar dat 'n beheers- en beskikkingsreg deur die familiehoof daaroor uitgeoefen word.¹²⁴

Zoeloeregtelik blyk die benadering van Bekker en Coertze korrek te wees.¹²⁵

Die omskrywing van familie-eiendom in die Kwazulu Wetboek dui dat 'n familiehoof ook persoonlike eiendom kan besit.¹²⁶ Indien die familiehoof eienaar van die familie-eiendom en sy persoonlike eiendom is, is daar geen rede om tussen familie- en persoonlike eiendom te onderskei nie. Die Kwazulu Wetboek kon in daardie geval slegs tussen huiseiendom, persoonlike eiendom van die familiehoof en persoonlike eiendom van ander huisgenote, onderskei het.

In ons gemenereg is die trustkonsep moontlik die regsfiguur wat die familiehoof se toesig en beheersbevoegdheid die beste illustreer.¹²⁸

Zoeloeregtelik het 'n kaptein nie eiendomsreg op familie-eiendom gevestig nie, en dit blyk dat dit ook nie die bedoeling van die Kwazulu Wetboek is nie. 'n Familiehoof het wel, namens die familiegroep, 'n beheersbevoegdheid sonder dominium oor die familie-eiendom.¹²⁹

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die eerste sin in artikel 20 as volg gewysig word:

"h Familiehoof beheer die familie-eiendom en die familiewoning".

Huisgenote is onder beheer van familiehoof.

22. Afgesien van geslag of ouderdom staan die huisgenote onder die beheer van en is hulle gehoorsaam ten opsigte van alle familiesake aan die familiehoof verskuldig.

Artikel 22 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. HUISGENOTE
2. ONDER BEHEER VAN EN GEHOORSAAM
3. FAMILIESAKE.
4. FAMILIEHOOF

1. HUISGENOOT

130

"Huisgenote" is bepaal.

2. ONDER BEHEER VAN EN GEHOORSAAM

Artikel 12 van die KwaZulu Wetboek stel dit uitdruklik dat elke Swarte is óf h familiehoof óf h huisgenoot onderworpe aan die familiehoof in alle familiesake.

131

"Onderworpe" beteken "onderdanig aan, onderhewig aan" terwyl "onder beheer" aandui dat h persoon "onder toesig, kontrole" is, en "gehoorsaam" beteken

"voorskrifte van 'n meerdere uitoefen; onderworpe aan".¹³²

3. FAMILIESAKE.

"Familiesake" is bepaal.¹³³

4. FAMILIEHOOF

'n "Familiehoof" is bepaal.¹³⁴

EVALUERING

Artikels 22 en 12 van die Kwazulu Wetboek oorsleuel mekaar. Aangesien die woorde "onder beheer van" en "gehoorsaam aan" in die woord "onderworpe aan"¹³⁵ omvat word, is dit duidelik dat artikel 22 oorbodig is.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 22 geskrap word.

Familiehoof is verantwoordelik vir gedrag van huisgenote en vir kontrakte deur minderjarige huisgenote.

23. 'n Familiehoof is aan sy kaptein verantwoordelik vir die goeie gedrag van sy huisgenote, en verkry regte en is onderworpe aan verpligtings ingevolge kontrakte deur sy huisgenote gesluit met sy uitdruklike of stilswyende magtiging.

Artikel 23 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF AAN KAPTEIN VERANTWOORDELIK VIR GEDRAG VAN HUISGENOTE

2. VERKRY REGTE EN IS ONDERWORPE AAN VERPLIGTINGS INGEVOLGE KONTRAKTE DEUR HUISGENOTE GESLUIT MET SY UITDRUKLIKE OF STILSWYENDE MAGTIGING

1. FAMILIEHOOF AAN KAPTEIN VERANTWOORDELIK VIR GEDRAG VAN HUISGENOTE

136

Ons skrywers verwys slegs na hierdie bepaling van artikel 23, maar geen regsimplikasies en -gevolge word bespreek nie. Die besondere gedeelte van artikel 23 het ook nog nie direk voor ons howe vir 'n beslissing gedien nie.

Artikel 102 van die Kwazulu Wetboek verwys spesifiek na 'n familiehoof, voog of vader se aanspreeklikheid vir die onregmatige daade van minderjarige huisgenote.
137

2. VERKRY REGTE EN IS ONDERWORPE AAN VERPLIGTINGS INGEVOLGE KONTRAKTE DEUR HUISGENOTE GESLUIT MET SY UITDRUKLIKE OF STILSWYENDE MAGTIGING

138

Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek verwys na "minderjarige inwoners" van die familiewoning en nie na "huisgenote" nie.
139 140

Hierby moet in ag geneem word dat alle Swartes by die aangaan van 'n huwelik of by die bereiking van een-en-twintigjarige ouderdom, meerderjarig word.
141 Artikel 15 van die Kwazulu Wetboek bepaal verder dat die uitdruklike of stilswyende bystand van 'n voog van 'n minderjarige nodig is vir die totstandkoming van 'n regsgeldige kontrak.
142

Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is deur die Staatspresident onderteken.

EVALUERING

Dit blyk dat die eerste gedeelte¹⁴³ van artikel 23 verband hou met die onderhorigheid van onderdane aan hul kapteins.¹⁴⁴ 'n Familiehoof as onderdaan is as verteenwoordiger van sy gesin, aan sy kaptein aanspreeklik vir onder andere die goeie gedrag van sy (die familiehoof) huisgenote. Administratiefregtelik, ingevolge artikel 7, blyk dit dat 'n kaptein 'n familiehoof opdrag kan gee om beheer oor sy huisgenote uit te oefen in gevalle waar hulle gedrag nie "goeie gedrag" verteenwoordig nie, en indien die familiehoof die bevel van die kaptein nie nakom nie, dit wil sê versuim om die gedrag van sy huisgenote te beheer, kan teen hom in die stamhof opgetree word.¹⁴⁵

Die laaste gedeelte¹⁴⁶ van artikel 23 het op minderjarige inwoners van 'n familiewoning en nie op die huisgenote van 'n familiewoning, betrekking.¹⁴⁷ Die feit dat huisgenote meerderjarig word wanneer hulle trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik, tesame met die feit dat die Staatspresident die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek onderteken het, dui daarop dat die gebruik van die term "huisgenote" in artikel 23 van die Afrikaanse teks van die Kwazulu Wetboek foutief is.¹⁴⁸

In artikel 15 van die Kwazulu Wetboek is bepaal dat vir die geldige totstandkoming van 'n kontrak deur 'n minderjarige, sy voog se uitdruklike of stilswyende magtiging nodig is,¹⁴⁹ en in die evaluering¹⁵⁰ van artikel 15 is daarop gewys dat 'n familiehoof nie aanspreeklik gehou kan word vir kontrakte aangegaan deur huisgenote anders as minderjariges nie.¹⁵¹ Die dat

aanbeveel is dat hierdie laaste gedeelte ¹⁵² van artikel 23 by artikel 15
gevoeg word en in artikel 23 geskrap word.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die eerste gedeelte ¹⁵³ van artikel 23 behoue bly,
maar dat die tweede gedeelte ¹⁵⁴ van die artikel geskrap word en by artikel
¹⁵⁵ 15 gevoeg word.

Familiehoof kan oortreders arresteer.

24. Ondanks andersluidende bepalings in enige ander wet, kan 'n familiehoof in die onmiddellike omgewing van sy familiewoning enige persoon summier arresteer wat sy gesag trotseer of die vrede verstoort of onder redelike verdenking staan dat hy enige oortreding teenoor 'n persoon of in verband met eiendom begaan het of gepoog het om dit te begaan. Enigeen wat aldus gearresteer word, moet so gou as moontlik aan 'n polisiebeampte oorhandig word sodat daar volgens wet met hom gehandel kan word.

Artikel 24 is duidelik, maar die volgende twee artikelkomponente word bespreek:

1. ONMIDDELIKE OMGEWING VAN SY FAMILIEWONING
2. GEARRESTEERDE AAN POLISIEBEAMPTTE OORHANDIG SODAT VOLGENS WET MET HOM GEHANDEL KAN WORD

1. ONMIDDELIKE OMGEWING VAN SY FAMILIEWONING

In die Afrikaanse teks verskyn die woorde "onmiddellike omgewing" terwyl die woorde "within the precincts" in die Engelse teks gebruik word. Die
¹⁵⁶
Zoeloe bewoording kom met dié van die Engelse teks ooreen.

Dieselfde woordgebruik kom in artikel 9 van die Kwazulu Wetboek voor.

2. GEARRESTEERDE AAN POLISIEBEAMPTO OORHANDIG SODAT VOLGENS WET MET HOM GEHANDEL KAN WORD

Hierdie aspek het nog nie voor ons howe gedien nie en geen skrywer het artikel 24 bespreek nie.

Die feit dat 'n gearresteerde aan polisiebeampte oorhandig word sodat volgens wet met hom handel kan word impliseer dat die gearresteerde in 'n magistraatshof verhoor sal word.

EVALUERING

Behalwe die verskil tussen die Afrikaanse woorde "onmiddellike omgewing" en die Engelse woorde "within the precincts" lewer die ander bepalings van artikel 24 nie probleme nie. Die Engelse woorde "within the precincts" blyk die korrekte bedoeling van die wetgewer te wees.

Dit is nie duidelik waarom 'n beweerde oortreder voor 'n magistraatshof, en nie 'n stamhoof, vervolg moet word nie. Hierdie is 'n geval waar oorweeg kan word om die regsmag van 'n kapteinshof uit te brei om 'n oortreding van artikel 24 van die Kwazulu Wetboek in te sluit.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat -

- (a) in die Afrikaanse teks die woorde "in die onmiddellike omgewing" met "binne die gebied" vervang word;
- (b) ondersoek ingestel word of die regsrag van 'n kapteinshof nie uitgebrei moet word om ook 'n oortreding van artikel 24 van die Kwazulu Wetboek in te sluit nie.

Familiehoof kan redelike lyfstraf toedien.

- 25. 'n Familiehoof kan die minderjarige huisgenote in sy familiewoning redelike, maar nie oormatige lyfstraf nie, toedien met die doel om hulle tereg te wys en om vrede te bewaar en orde daarin te handhaaf.

Die bepalings van artikel 25 is duidelik, maar die volgende artikelkomponent word bespreek:

1. REDELIKE, MAAR NIE OORMATIGE LYFSTRAF NIE, TOEDIEN

1. REDELIKE, MAAR NIE OORMATIGE LYFSTRAF NIE, TOEDIEN

Ter handhawing van sy gesag en dissipline is 'n familiehoof ¹⁵⁹gemagtig om redelike en matige lyfstraf op minderjarige huisgenote ¹⁶⁰van sy familiewoning uit te oefen.

¹⁶¹Die tuguitoefening moet matig wees, en wat "matig" is, hang af van die omstandighede van elke geval, soos byvoorbeeld die aard van die oortreding, die ouderdom, geslag, bou en gesondheidstoestand van die minderjarige, en ¹⁶²die mate van die geweld wat gebruik is.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 25 waarin 'n familiehoof gemagtig word om minderjarige huisgenote 'n redelike en matige lyfstraf toe te dien, is duidelik ¹⁶³ en ek gaan akkoord met ons howe en skrywers se aanduiding van wat matige lyfstraf is.

Familiehoof kan iemand aanstel om in sy afwesigheid waar te neem.

26. 'n Familiehoof kan 'n geskikte en bevoegde persoon aanstel om in sy afwesigheid as familiehoof te ageer en iemand aldus aangestel, tree gedurende die tydperk van sy aanstelling in dieselfde hoedanigheid as 'n familiehoof op vir die toepassing van hierdie Wet. en by ontstentenis van sodanige aanstelling, moet die erfgenaam, of as die erfgenaam 'n minderjarige is, sy moeder, toesig hou oor die familiewoning gedurende die afwesigheid van die familiehoof: Met dien verstande dat, sou omstandighede dit vereis, die Kommissaris of Magistraat, gedurende die afwesigheid van die familiehoof, 'n geskikte persoon kan magtig om alle sodanige stappe te neem, met inbegrip van die instelling van 'n aksie as wat nodig mag wees om die eiendom van die afwesige familiehoof of van minderjarige huisgenote te beskerm.

Artikel 26 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. PERSOON AANSTEL OM IN SY AFWESIGHEID TE AGEER
3. OPTREDE VAN AANGESTELDE PERSOON
4. ERFGENAAM OF, INDIEN MINDERJARIG, MOEDER HOU OOR FAMILIEWONING TOESIG
5. MAGISTRAAT PERSOON MAGTIG OM EIENDOM IN FAMILIEWONING TE BESKERM

1. FAMILIEHOOF

'n "Familiehoof" is bepaal.

2. PERSOON AANSTEL OM IN SY AFWESIGHEID TE AGEER

Indien 'n familiehoof tydelik sy familiewoning verlaat kan hy 'n geskikte en bevoegde persoon aanstel om in sy afwesigheid as familiehoof te ageer. Gewoonlik stel hy 'n familielid aan maar 'n nie-verwant, byvoorbeeld 'n buurman, kan ook aangestel word. Bekker (1989) onderskei in die algemeen tussen 'n "eye" en 'n "keeper", maar Stafford en Franklin en die gerapporteerde sake wat in Natal van toepassing is, maak nie melding van so 'n onderskeid nie.

3. OPTREDE VAN AANGESTELDE PERSOON

Die aangestelde persoon tree gedurende die tydperk van sy aanstelling in dieselfde hoedanigheid as 'n familiehoof op; hy is in beheer van die familiewoning en tree in belang van die huisgenote op. Indien 'n gebruik vereis dat hy 'n bok vanuit die familie-eiendom moet slag tydens die siekte van 'n minderjarige huisgenoot is sy optrede regmatig. Hy is slegs aanspreeklik mits hy in sy eie belang of op nalatige wyse opgetree het.

4. ERFGENAAM OF, INDIEN MINDERJARIG, MOEDER HOU DOR FAMILIEWONING TOESIG

By ontstentenis van die aanstelling van 'n persoon om gedurende die afwesigheid van 'n familiehoof as familiehoof op te tree, moet die erfgenaam of, as laasgemelde 'n minderjarige is, sy moeder toesig oor die familiewoning gedurende die afwesigheid van die familiehoof, hou.

Die vraag ontstaan of 'n persoon wat deur die familiehoof aangestel word om

as familiehoof te ageer, in 'n sterker posisie is as die erfgenaam wat by ontstentenis van 'n aanstelling deur die afwesige familiehoof, as familie-¹⁸⁰ hoof optree. Die aangestelde persoon tree op in dieselfde hoedanigheid as 'n familiehoof, terwyl die erfgenaam of, indien hy minderjarige is, sy moeder slegs toesig¹⁸¹ oor die familiewoning gedurende die afwesigheid van die familiehoof het. Die woord "toesig" dui¹⁸² "opsig, sorg, bewaking" aan, terwyl "take charge" beteken¹⁸³ dat 'n familiehoof "assume(s) control or direction" van die familiewoning. Die woord "beheer" sluit in die "bestuur, toesig en kontrole" van die familiewoning, maar "toesig" sluit nie¹⁸⁴ noodwendig "beheer" in nie.

5. MAGISTRAAT PERSOON MAGTIG OM EIENDOM IN FAMILIEWONING TE BESKERM

'n Magistraat kan, indien omstandighede dit vereis, 'n geskikte persoon magtig om, gedurende die afwesigheid van 'n familiehoof, alle stappe te neem, met inbegrip van die instelling van 'n aksie,¹⁸⁶ om die eiendom van die afwesige familiehoof of van minderjarige huisgenote te beskerm.¹⁸⁷ Hierdie geskikte persoon kan 'n lid van die vroulike geslag wees.¹⁸⁸

Die magistraat, na 'n ondersoek en mits hy tevrede is dat 'n derglike aanstelling wenslik is, sal in die reël 'n geskikte persoon skriftelik magtig om gedurende die tydperk van die afwesigheid van die familiehoof die betrokke eiendom te beskerm.¹⁸⁹

Die persoon deur 'n magistraat aangestel se taak is om die eiendom van die afwesige familiehoof of van 'n minderjarige te beskerm, en nie om as 'n familiehoof te ageer tydens die afwesigheid van die familiehoof nie.¹⁹⁰

EVALUERING

In daardie gevalle waar 'n familiehoof 'n persoon aanstel om tydens sy afwesigheid as 'n familiehoof te ageer, is die bepalings van artikel 26 duidelik. Met betrekking tot die onderskeid tussen 'n "eye" en 'n "keeper" is daar nie eenstemmigheid nie. Hierdie aspek verdien 'n afsonderlike
191
ondersoek.

Die gebruik van die Afrikaanse woord "toesig" teenoor die Engelse woord "take charge" in artikel 26, is nie korrek nie. Die woord "take charge"
192
het 'n breër konnotasie as "toesig hou", en laasgemelde woorde behoort deur "beheer neem" vervang word.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die woorde "toesig hou" in artikel 26 met die woorde "beheer neem" vervang word.

VERWYSINGS

1. Die bepalings van artikels 17 tot 26 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie R151 van 9 Oktober 1987, kom met die bepalings wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Dit is 'n kenmerk van nie-gespesialiseerde regstelsels. Vergelyk Van Warmelo (1969) 146; Church (1983) 101; Dlamini (1983-3) 21.
3. Bekker (1989) 69.
4. Olivier et al (1989) 137.
5. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.

6. Sien paragraaf 2 en die evaluering van artikel 12 op bladsye 101 en 103 onderskeidelik, van hierdie verhandeling.
7. Sien paragraaf 3.1 op bladsy 73 van hierdie verhandeling.
8. Sien bladsy 175 van hierdie verhandeling.
9. Sien bladsye 175 en 176 van hierdie verhandeling.
10. Sien bladsy 105 van hierdie verhandeling.
11. Sien bladsy 106 van hierdie verhandeling.
12. Om in ooreenstemming met die wysiging in artikel 12 aanbeveel, te wees. Sien die aanbeveling ten aansien van artikel 12, op bladsy 106 van hierdie verhandeling.
13. Stafford en Franklin 75-6; Bekker (1989) 71, 229.
14. Sien die bespreking van artikel 29 op bladsy 175 van hierdie verhandeling.
15. 'n "Erfgenaam" is bespreek in Hoofstuk XI van hierdie verhandeling. Sien bladsye 331 tot 350.
16. Sien bladsye 131 en 132 van hierdie verhandeling.
17. Artikel 18(1)(a) van die Kwazulu Wetboek. Sien ook paragraaf 4 hieronder op bladsy 133 van hierdie verhandeling.
18. Vergelyk artikel 18(1)(b) en (2) van die Kwazulu Wetboek.
19. Sien artikel 14, en veral paragraaf 2.1 op bladsy 113 van hierdie verhandeling.
20. Sien artikel 14, en veral paragraaf 2.2 op bladsy 113 van hierdie verhandeling.
21. Bladsy 228. Sien ook Bekker (1989) 229.
22. Sien die bespreking van artikels 29 en 30 op bladsye 175 en 176, onderskeidelik, van hierdie verhandeling.
23. Dit kan wees gedurende die minderjarigheid van die erfgenaam (artikel 17(b)) of die vroeër tydstip wat die erfgenaam beheer oor die familiewoning aanvaar (artikel 18(1)(a)) of tot sy skorsing (artikel 30).
24. Artikels 18(1)(b) en (2) van die Kwazulu Wetboek.
25. Vergelyk artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
26. Ibid.

27. Sien artikels 20 en 21 van die Kwazulu Wetboek.
28. Sien die bespreking van artikel 20 van die Kwazulu Wetboek op bladsy 143 van hierdie verhandeling.
29. Sien bladsy 146 van hierdie verhandeling.
30. Vergelyk artikel 17(b) en (c) van die Kwazulu Wetboek.
31. Artikel 31 word op bladsy 176 van hierdie verhandeling bespreek.
32. Hierdie artikels word op bladsye 142 tot 149 van hierdie verhandeling bespreek.
33. Sedert die inwerkingtreding van die Natalse Wetboek van Bantoereg, Proklamasie No 168 van 1932, is sy voorganger, artikel 34, nie in die howe in geskil geplaas nie.
34. Vergelyk artikel 18(1)(a), sowel as paragraaf 1.2 op bladsy 132 van hierdie verhandeling.
35. Indien geen stamgebruik of -gewoonte bestaan nie.
36. In artikels 18(1)(b) en (2). Sien ook paragraaf 2.1 op bladsy 132 van hierdie verhandeling.
37. Sien paragraaf 2.1 op bladsy 132 van hierdie verhandeling.
38. Bladsy 102 van hierdie verhandeling.
39. Artikel 19(1). Die Kwazulu Wetboek van 1981 het dieselfde bepaal, terwyl die Natalse Wetboek van 1985 (artikel 19) bepaal dat hy geregtig is op 'n redelike aandeel van die verdienstes van die minderjarige lede van sy familie. Die Natalse Wetboek van 1932 en 1967 het bepaal (artikel 35(1)) dat 'n familiehoof geregtig is op die verdienste van sy minderjarige kinders en 'n redelike aandeel van die verdienstes van die ander lede van sy familie en enige ander kraalgenote.
40. Vir 'n bespreking van artikel 14 sien bladsye 110 tot 115 van hierdie verhandeling. Wat minderjariges betref sien die bespreking van artikel 15 op bladsye 114 tot 117 van hierdie verhandeling.
41. 1938 NAC 258 (N&T) 260.
42. Bekker (1989) 72; Mkwanazi v Zulu 1938 NAC 258 (N&T) 260; Masuku v Kunene 1940 NAC 79 (N&T); Krige 177.
43. Sien artikels 13 en 15 van die Kwazulu Wetboek.
44. Olivier et al (1989) 141; Bekker (1989) 72-3; Whitfield 283-4; Zonbeyane v Hkonidhli 1917 NHC 135; Mkwanazi v Zulu 1938 NAC 258 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1934 NAC 21 (N&T); Sitole v Sitole 1945 NAC 50 (N&T).

45. Mkwanazi v Mkwanazi 1945 NAC 112 (N&T); Masuku v Kunene 1940 NAC 79 (N&T); Mpungose v Shandu 1956 BAC 180 (N-E).
46. Olivier et al (1989) 142; Bekker (1989) 73.
47. Ibid. Sien ook Mtetwa v Mtetwa 1939 NAC 65 (N&T).
48. 1934 NAC 21 (N&T).
49. Bladsy 23.
50. Vergelyk artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
51. Sien bladsy 103 van hierdie verhandeling.
52. Ibid.
53. Artikel 35 van beide Wetboeke.
54. Vergelyk Mkwanazi v Zulu 1938 NAC 258 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1934 NAC 21 (N&T); Sitole v Sitole 1945 NAC 50 (N&T).
55. Bladsy 132. Vergelyk ook Olivier et al (1989) 141-2.
56. Bladsy 74. Vergelyk ook Bekker (1989) 73.
57. Artikel 19.
58. Olivier et al (1989) 141-2; Bekker en Coertze (1982) 74; Krige 177; Whitfield 283; Bekker (1989) 73.
59. Nhlabati v Lubungu 1907 NHC 52; Macabangwana v Nompola 1902 NHC 52; Zombeyane v Mkomidhli 1917 NHC 135; Mtetwa v Mtetwa 1939 NAC 65 (N&T); Mkwanazi v Zulu 1938 NAC 258 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1934 NAC 21 (N&T); Sitole v Sitole 1945 NAC 50 (N&T); Mkwanazi v Mkwanazi 194 NAC 112 (N&T); Tshozi v Tshozi 1941 NAC 92 (N&T); Masuku v Kunene 1940 NAC 79 (N&T); Mpungose v Shandu 1956 BAC 180 (N&E).
60. Sien artikel 19(1) van die Kwazulu Wetboek en vergelyk met Olivier et al (1989) 140-1; Bekker (1989) 73-5; en die sake in voetnota 59 vermeld.
61. Sien ook artikel 64(2) van die Kwazulu Wetboek, sowel as die bespreking van artikel 64 op bladsy 274 van hierdie verhandeling.
62. Olivier et al (1989) 151; Bekker (1989) 135; Whitfield 286-7. Die indeling van en tot standkoming van "huise" word in Hoofstuk X van hierdie verhandeling bespreek.
63. Vir verdere besonderhede sien Olivier et al (1989) 151-4; Bekker (1989) 134-40; Whitfield 236-23.
64. Artikel 19(3) van die Kwazulu Wetboek.

65. Artikel 19(3) moet nie met artikel 30 van die Kwazulu Wetboek verwar word nie. Laasgemelde artikel word op bladsy 176 van hierdie verhandeling bespreek.
66. Vergelyk artikel 19 van beide wetboeke.
67. Vergelyk paragrawe 2, 2.1, 2.2 en 2.3 op bladsye 135 tot 137 van hierdie verhandeling. Die Natalse Wetboek van 1985 wyk ook af van oorspronklike Zoeloereg sowel as die bepalings vervat in artikel 35 van sy voorgangers.
68. Vergelyk paragraaf 2.3 op bladsy 137 van hierdie verhandeling.
69. Vir die bespreking van artikel 15 sien bladsye 115 tot 117 van hierdie verhandeling.
70. Vergelyk paragraaf 3 en die evaluering van artikel 15 op bladsye 116 tot 118 van hierdie verhandeling.
71. Vir 'n bespreking van artikel 13, sien bladsye 106 tot 110 van hierdie verhandeling.
72. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 135 van hierdie verhandeling.
73. Vergelyk paragraaf 2.2 op bladsy 136 van hierdie verhandeling.
74. Ooreenkomstig artikel 117(1), gelees met artikel 118, van die Kwazulu Wetboek.
75. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
76. 'n Familiewoning is bepaal. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
77. Vergelyk paragraaf 2 en die evaluering en aanbeveling in die bespreking van artikel 12 op bladsye 102 en 104 onderskeidelik van hierdie verhandeling.
78. Die vergunning om op Trustgrond te woon word deur 'n magistraat ingevolge artikel 49 van Proklamasie R188 van 1969 verleen.
79. Olivier et al (1989) 144.
80. Bepaal in paragraaf 2.1 hieronder op bladsy 143 van hierdie verhandeling.
81. Bladsye 71 en 75. Sien ook Bekker (1989) 72 en 74.
82. 1946 NAC 37 (N&T) 40. Vergelyk ook Sigila v Masumba 1940 NAC 42 (C&O) 47.
83. Bladsy 149.
84. Bladsy 286 en 350.

85. Bladsy 82.
86. Sien ook Ndayimana v Nkunuzini 1913(1) NHC 151; Mtetwa v Mtetwa 1934 NAC 19 (N&T); Mcunu v Mcunu 1916 NHC 116; Ntukwini v Miso 1917 NHC 216, 238.
87. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
88. Bekker (1989) 72; Olivier et al (1989) 143; Ndayimona v Nkunuzini 1913(1) NHC 151.
89. Bekker (1989) 72; Olivier et al (1989) 143; Mapumulo v Mapumulo 1913(2) NHC 8; Maleva v Maleva 1913(2) 1913(2) NHC 68; Mxokozeli v Msingamkwenyana 1914 NHC 99; Mfeka v Mfeka 1917 NHC 174; Myeza v Myeza 1924 NHC 1; Mvelase v Mvelase 1928 NHC 1; Mpungose v Mpungose 1933 NAC 11 (N&T); Sitole v Sitole 1938 NAC 35 (N&T); Mvundhla v Mvundhla 1940 NAC 72 (N&T); Butelezi v Butelezi 1942 NAC 74 (N&T); Radebe v Radebe 1943 NAC 54 (N&T); Butelezi v Butelezi 1948 NAC 85 (N-E); Vundla v Vundla 1960 NAC 47 (N-E).
90. Olivier et al (1989) 143; Mhlungu v Mhlungu 1950 NAC 192 (N-E); Shandu v Shandu 1956 NAC 134 (N-E).
91. Olivier et al (1989) 144.
92. Ibid.
93. Ibid; Sechabela v Mahlafuna 1944 NAC 64 (N&T).
94. Olivier et al (1989) 144; Iabeta and another v Mabuza 1937 NAC 87 (N&T).
95. Olivier et al (1989) 144. Sien ook artikel 13 van die Kwazulu Wetboek.
96. Bekker (1989) 72.
97. Cili v Cili 1935 NAC 32 (N&T) 33; Mcunu v Mcunu 1939 NAC 28 (N&T); Butelezi v Butelezi 1953 NAC 158 (N-E) 160. Die vermoede is eweseer op eiendom van toepassing.
98. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
99. Olivier et al (1989) 148; Bekker (1989) 74; Whitfield 286, 350; Stafford en Franklin 82-3.
100. Dali v Siyeza 1914 NHC 197; Xulu v Xulu 1916 NHC 191; Mkwintshi v Nkomidhli 1919 NHC 24; Mvelase v Mvelase 1928 NHC 1; Mcunu v Mcunu 1916 NHC 116; Mpungose v Mpungose 1946 NAC 37 (N&T); Ngcobo v Ngcobo 1946 NAC 14 (N&T); Mhlungu v Mhlungu 1950 NAC 192 (N-E).
101. Huiseiendom is bepaal in paragraaf 3.1 hieronder op bladsy 146 van hierdie verhandeling.

102. Olivier et al (1989) 148-9; Bekker (1989)75; Whitfield 350; Stafford en Franklin 82-3; Ndayinana v Nkunzini 1913 NHC 151; Masango v Masango 1938 NAC 38 (N&T); Mbuli v Mbuli 1939 NAC 85 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1940 NAC 74 (N&T); Masuku v Kunene 1940 NAC 79 (N&T); Tshozi v Tshozi 1941 NAC 92 (N&T); Qwabe v Qwabe 1945 NAC 101 (N&T); Mhlungu v Mhlungu 1950 NAC 192 (N-E).
103. Vir 'n volledige bespreking sien Olivier et al (1989) 148-54; Bekker (1989) 72-7.
104. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
105. Olivier et al (1989) 141; Sien ook artikel 19 van die Natalse Wetboek.
106. Vergelyk artikel 13 van die Kwazulu Wetboek.
107. Olivier et al (1989) 142; Mtetwa v Mtetwa 1939 NAC 65 (N&T).
108. Olivier et al (1989) 142; Tshozi v Tshozi 1941 NAC 92 (N&T); Mpun-gose v Mpungose 1946 NAC 37 (N&T).
109. Bekker (1989) 72-3.
110. Ntunkwini v Miso 1917 NHC 216, 238.
111. Artikel 14.
112. Artikel 13.
113. Artikel 19 is bespreek op bladsye 134-141 van hierdie verhandeling.
114. Vergelyk Butelezi v Butelezi 1953 NAC 158 (N&T) 160; Cili v Cili 1953 NAC 32 (N&T) 33 en Mcunu v Mcunu 1939 NAC 28 (N&T). Sien ook para-graaf 5 en die evaluering van artikel 13 op bladsye 107 en 108 van hierdie verhandeling.
115. Vergelyk veral die omskrywing van "familie-eiendom" in artikel 1 van die Kwazulu Wetboek, en paragraaf 2 op bladsy 144 van hierdie verhan-deling.
116. Vergelyk paragraaf 4 op bladsy 146 van hierdie verhandeling.
117. Vergelyk paragraaf 3 en 3.1 op bladsye 145 en 146 van hierdie verhan-deling.
118. Artikel 20.
119. Vergelyk paragraaf 2 en die evaluering en aanbeveling in die bespre-king van artikel 12 op bladsye 102, 104 en 106, en paragraaf 2 in die bespreking van artikel 20 op bladsy 143 van hierdie verhandeling.
120. Sien die evaluering van artikel 12 op bladsy 104 van hierdie

verhandeling.

121. Sien bladsy 106 van hierdie verhandeling.
122. Vergelyk Siyila v Masumba 1940 NAC 42 (C&O) 47; Mpungose v Mpungose 1946 NAC 37 (N&T) 40. Sien ook paragraaf 2 op bladsy 142 van hierdie verhandeling.
123. Sien paragraaf 2 op bladsy 143 van hierdie verhandeling.
124. Ibid.
125. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
126. Hy is ook 'n meerderjarige huisgenoot.
127. Honorè bespreek die regsfiguur volledig.
128. Hierdie is 'n aangeleentheid wat 'n afsonderlike ondersoek regverdig.
129. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 143 van hierdie verhandeling.
130. Sien bladsy 103 van hierdie verhandeling.
131. Sien die bespreking van artikel 12 en veral van paragraaf 3 op bladsy 103 van hierdie verhandeling.
132. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal (1984)).
133. Sien die bespreking van paragraaf 4 en die evaluering van artikel 12 op bladsy 104 van hierdie verhandeling.
134. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
135. Vergelyk paragraaf 3 in die bespreking van artikel 12 en paragraaf 2 op bladsye 103 en 149 onderskeidelik, van hierdie verhandeling.
136. Whitfield 293; Bekker (1989) en Olivier et al (1989) verwys slegs na die laaste gedeelte van artikel 23.
137. Vir 'n bespreking van artikel 102, sien bladsy 409 van hierdie verhandeling.
138. Artikel 23.
139. "Minor inmate".
140. Dieselfde verskil is in artikel 22 van die Natalse Wetboek aanwesig.
141. Artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
142. Sien die bespreking van artikel 15 op bladsye 115 tot 118 van hierdie verhandeling.

143. Paragraaf 1 op bladsy 151 van hierdie verhandeling.
144. Vergelyk paragrawe 2 tot 4.1 in die bespreking van artikel 7 op bladsy 50 tot 54 van hierdie verhandeling.
145. Vergelyk paragrawe 3 en 4.1 in die bespreking van artikel 7 op bladsy 51-54 van hierdie verhandeling.
146. Sien paragraaf 2 op bladsy 151 van hierdie verhandeling.
147. Ibid.
148. Ibid. Vergelyk ook artikel 13 van die Kwazulu Wetboek.
149. Sien die bespreking van artikel 15 op bladsy 115 tot 118 van hierdie verhandeling.
150. Sien bladsy 118 van hierdie verhandeling.
151. Sien die aanbeveling met betrekking tot artikel 15 op bladsy 118 van hierdie verhandeling.
152. Paragraaf 2 in die bespreking van artikel 23 op bladsy 151 van hierdie verhandeling.
153. Paragraaf 1 op bladsy 151 van hierdie verhandeling.
154. Paragraaf 2 op bladsy 151 van hierdie verhandeling.
155. Vergelyk die aanbeveling met betrekking tot artikel 15 op bladsy 117 van hierdie verhandeling. Die Zoeloeregtelike beginsel dat 'n familiehoof regte verkry en onderworpe is aan verpligtinge ingevolge kontrakte deur sy minderjarige huisgenote gesluit met sy uitdruklike of stilswyende magtiging (sien paragraaf 3 in die bespreking van artikel 15 op bladsy 116 van hierdie verhandeling) behoort logieserwys by die regulerende bepaling, artikel 15, gevoeg te word.
156. In artikel 24 van die Natalse Wetboek is die woordgebruik soortgelyk as dié vervat in die Kwazulu Wetboek.
157. Sien paragraaf 4.1 in die bespreking van artikel 9 op bladsy 75 van hierdie verhandeling. Die betekenis van "within the precincts" is daarin uiteengesit.
158. Sien artikel 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika No. 110 van 1983.
159. Artikel 41 van die Natalse Kode van 1967 het na huisgenote en nie na minderjarige huisgenote, verwys.
160. Sien met betrekking tot die magtiging van ouers, voogde en persone in loco parentis om matige lyfstraf toe te dien R v Janke 1913 TPD 382; R v Scheepers 1915 AD 337; R v Liebenberg 1917 OPD 67; R v Roux 1932

- OPD 59; R v Theron 1936 OPD 166; S v Lekgatshe 1982(3) SA 104 (B).
161. R v Theron 1936 OPD 166; R v Jacobs 1941 OPD 7; Hiltonian Society v Crofton 1952(3) SA 130 A 134; S v Booysen 1977(2) PH H148 (K).
162. R v Janke 1913 TPD 382; R v Scheepers 1915 AD 337; R v Jacobs 1941 OPD 7; S v Legatshe 1982(3) SA 104 (B). Sien ook Snyman (1986) 145 en Burchell en Hunt (1986) 366-68.
163. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 155 van hierdie verhandeling.
164. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
165. Artikel 26; Stafford en Franklin 91, Bekker (1989) 90.
166. Bekker (1989) 90; Mdontsa v Fumbalele 1946 NAC 68 (C&O);
167. Mafuleka v Mvubu 1941 NAC 119 (N&T).
168. 4 NAC 130.
169. Bladsy 90.
170. 'n "Eye" vervul die rol van 'n toesighouer, terwyl die "keeper" in beheer van die familiewoning is.
171. Bladsy 91-2.
172. Mafuleka v Mvubu 1941 NAC 119 (N&T); Nkosi v Sikosana 1942 NAC 78 (N&T); Mabaso v Mkize 1938 NAC 34 (N&T); Dlamini v Dlamini 1950 NAC 253 (N-E); Linda v Linda 1945 NAC 42 (N&T).
173. Enkele informante naamlik mnre AEB Dhlohdhlo en SS Luthuli, dosente aan die Instituut vir Staatsdiens en Beroepsopleiding Universiteit van Zoeloeland, is van mening dat 'n aanstelling ooreenkomstig artikel 26 selde in die praktyk gebeur. Soms indien 'n familiehoof vir 'n kort-stondige periode afwesig is, sal hy 'n nabygeleë buurman vra om 'n oog oor sy familiewoning te hou, maar die persoon is nie 'n aanstelling ooreenkomstig artikel 26 nie. Hy sal slegs na die familiewoning kom om te verneem of alles goed en wel is en of hy hulp kan verleen. 'n Persoon aangestel ooreenkomstig artikel 26 sal sy intrek neem in die familiewoning om sodanig die verpligtinge van 'n familiehoof te verrig. Hierdie aangeleentheid verdien 'n verdere ondersoek, en indien so 'n geval voor ons howe dien sal van die getuies van 'n "deskundige" gebruik gemaak moet word.
174. Vir meer besonderhede sien Bekker (1989) 90-92; Stafford en Franklin 91-92.
175. Mafuleka v Mvubu 1941 NAC 119 (N&T); Nkosi v Sikosana 1942 NAC 78 (N&T).
176. Nggulungu v Nggulungu 1947 NAC 84 (N&T).

177. Kgumare v Kgumare 1948 NAC 21 (C&O); Linda v Linda 1945 NAC 42 (N&T).
178. Artikel 26; Bekker (1989) 91.
179. Artikel 26; Artikel 43(1) van die Natalse Kode van 1967 het aangedui dat 'n minderjarige se voog, en nie sy moeder nie, toesig oor die familiewoning moet hou.
180. Vergelyk artikel 26.
181. Die Engelse teks gebruik die woorde "take charge".
182. Odendaal (1984).
183. Sykes (1983).
184. Vergelyk Odendaal (1984). Vergelyk ook S v Skhosana 1973(1) SA 322 (O).
185. Artikel 26.
186. Met betrekking tot die prosedure ten aansien van die instelling en verdediging van 'n aksie teen 'n afwesige familiehoof sien Bekker (1989) 91-2; Mabaso v Mkize 1938 NAC 34 (N&T); Lehasa v Cewane 1947 NAC 132 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1950 NAC 253 (N-E).
187. Bekker (1989) 145.
188. Ibid.
189. Bekker en Coertze (1982) 219.
190. Sien die bewoording van die voorbehoudsbepaling tot artikel 26.
191. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 157 van hierdie verhandeling en voetnota 173 in hierdie hoofstuk.
192. Vergelyk paragraaf 4 op bladsy 157 van hierdie verhandeling.

Voogdyskap het betrekking op die persoonlike status wat 'n regssubjek in die regsverkeer bekleed.² In ons individualistiese westerse regstelsel omvat die regsfiguur van voogdyskap die gesag wat in een persoon gesetel is om in belang en tot die voordeel van 'n ander, veral minderjariges, op te tree.³ In die inheemse reg is voogdy 'n subjektiewe reg wat die groepslede met mekaar deel, en ofskoon die familiehoof die meeste bevoegdhede oor die huisgenote het, is daar nie sprake van 'n uitsluitende voogdy van een persoon oor 'n ander nie.⁴

In artikels 27 tot 34 van die Kwazulu Wetboek word onder meer voogdyskap, die skorsing van voogde, hul verantwoordelikhede, en ander diverse bepalings beheer.⁵ Swart vroue se status is deur die Kwazulu wetgewer verhoog en voogdyskap kan deur hulle uitgeoefen word.⁶ Alhoewel gemeenregtelike beginsels deur die wetgewer in verband met voogdyskap en die gepaardgaande status van Swart vroue nagevolg word, het die wetgewer ook toepaslike Zee-loeregtelike beginsels behou.⁷

In hierdie hoofstuk word gevolglik die regsimplikasie en -gevolge van die statutêre reëlins bespreek.

Voogdyskap.

27. (1) 'n Vader is die regtige voog van sy egte minderjarige kinders gebore uit sy huwelik.
- (2) 'n Ongehuide moeder is die regtige voog van haar buite-egtelike minderjarige kind: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van artikel 71 (2) (b) van die Kinderwet 1960 (Wet 33 van 1960), 'n buite-egtelike kind van 'n minder-

jarige dogter onder die voogdy van sy moeder se voog val totdat sy moeder meerderjarigheid ingevolge artikel 14 bereik.

- (3) 'n Getroude vrou is onder die maritale mag van haar eggenoot: met dien verstande dat die eggenoot se maritale mag in 'n siviele huwelik buite gemeenskap van goedere deur 'n voorhuwelikse kontrak uitgesluit kan word.
- (4) 'n Weduwee is die wettige voog van al haar minderjarige kinders.
- (5) Indien by aansoek goeie redes aangevoer word, kan die hof, in 'n geding om egskeiding, uitsluitlike voogdyskap oor die minderjarige kinders uit die huwelik aan die moeder toeken.

Artikel 27 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VADER WETTIGE VOOG VAN SY EGTE MINDERJARIGE KINDERS GEBORE UIT SY HUWELIK
2. ONGEHUDE MEERDERJARIGE MOEDER WETTIGE VOOG VAN HAAR BUIITE-EGTELIKE MINDERJARIGE KIND EN WEDUWEE WETTIGE VOOG VAN HAAR MINDERJARIGE KINDERS
3. VOOG VAN ONGEHUDE MINDERJARIGE MOEDER IS VOOG VAN HAAR BUIITE-EGTELIKE MINDERJARIGE KIND
4. HOF, IN EGSKEIDINGSGEDING, VOOGDYSKAP OOR MINDERJARIGE KINDERS AAN MOEDER TOEKEN

1. VADER WETTIGE VOOG VAN SY EGTE MINDERJARIGE KINDERS GEBORE UIT SY HUWELIK

'n Vader is die natuurlike voog van sy egte minderjarige kinders gebore uit sy huwelik.

Die woord "huwelik" word nie in die KwaZulu Wetboek omskryf nie, maar die

terme "gebruiklike huwelik" en "siviele huwelik" word wel bepaal.⁹ Die woord "huwelik" word as 'n "common denominator" aangewend,¹⁰ en verwys na sowel 'n gebruiklike as siviele huwelik.

2. ONGEHUDE MOEDER WETTIGE VOOG VAN HAAR BUIE-EGTELIKE MINDERJARIGE KIND EN WEDUWEE WETTIGE VOOG VAN HAAR MINDERJARIGE KINDERS

Volgens Zoeloereg was 'n Swart vrou 'n ewigdurige minderjarige¹¹ wat onder die voogdyskap en sorg van 'n familiehoof of senior manlike verwant van die familiehoof, indien hy oorlede was, geval het.¹²

Die Kwazulu Wetboek van 1981 het haar status verander deur te bepaal dat sy 'n meerderjarige is wanneer sy trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik.¹³

Voorts is 'n meerderjarige vrou nie meer onder voogdyskap van enige persoon nie, en is 'n ongehude meerderjarige vrou (moeder) die wettige voog van haar buite-egtelike minderjarige kinders,¹⁴ en 'n weduwee die wettige voog van haar minderjarige kinders.¹⁵

Church (1983)¹⁶ dui aan dat 'n meerderjarige ongehude moeder die voog van haar buite-egtelike kind is, maar indien sy in haar vader se familiewoning woonagtig is, is sy 'n huisgenoot onderworpe aan die familiehoof in alle familiesake.¹⁷ Haar familiehoof is geregtig op 'n redelike aandeel van haar verdienste,¹⁸ en in die geheel gesien is dit nie duidelik tot watter mate, indien enige, sy onderworpe aan die familiehoof, veral in die lig van die duidelike bepalings betreffende voogdyskap, is nie.

3. VOOG VAN ONGEHUDE MINDERJARIGE MOEDER IS VOOG VAN HAAR BUIE-EGTELIKE KIND

Die algemene beginsel was dat kinders wat by 'n ongehude meisie verwek was, lid van die huis waaraan die moeder behoort en onderworpe aan die familie-¹⁹ hoof was.

Die huidige bepaling is dat 'n ongehude minderjarige meisie se buite-egtelike kind onder die voogdy van sy moeder val, maar wanneer die moeder meerderjarig word,²⁰ is sy die voog van haar minderjarige kind.²¹

Indien 'n kinderhof 'n aannemingsbevel toestaan,²² is die aannemende ouerpaar die voog van sodanige kind.

4. HOF, IN EGSKEIDINGSGEDING, KAN VOOGDYSKAP OOR MINDERJARIGE KINDERS UIT DIE HUWELIK AAN DIE MOEDER TOEKEN

'n Aksie om egskeiding ten opsigte van 'n gebruikelike verbinding word in die²⁸ magistraatshof ingestel.

Gewoonlik, nadat 'n egskeidingsbevel toegestaan is, val die minderjarige²⁴ kinders gebore uit 'n gebruikelike huwelik, onder die voogdy van hul vader,²⁵ maar die bewaringsplig van jong kinders kan aan hul moeder oorgedra word.

Die Kwazulu Wetboek bepaal nou uitdruklik dat 'n hof die uitsluitlike voogdyskap oor die minderjarige kinders uit die huwelik aan die moeder mag toe-²⁶ ken. Goeie redes vir 'n derglike bevel moet aan die magistraatshof voor-

gelê word,²⁷ en die belange van die minderjarige kind is 'n belangrike faktor.²⁸

EVALUERING

Artikel 27, op sigself beskou, is duidelik. Zoeloeregtelik was voogdyskap in die patrilineale linie gevestig, en hierdie artikel verteenwoordig een van die belangrike bydraende bepalings wat die status van die Swart vrou verhoog.²⁹

Die bepaling dat 'n ongehude meerderjarige moeder en 'n weduwee die wettige voogde van hul minderjarige kinders is, is in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse reg, maar Church dui tereg aan dat die behoud van Zoeloeregtelike beginsels 'n anomalie kan veroorsaak.³⁰ Die minderjarige kinders val onder die voogdyskap van hul moeders, maar as huisgenote is hulle onderworpe aan die familiehoof³¹ in alle familiesake.³² Indien die gemeenregtelike inhoud van voogdy toegepas word,³³ is ek van mening dat die magte en bevoegdhede van 'n familiehoof, indien die ongehude meerderjarige moeder of weduwee nie 'n familiehoof is nie, beperkend deur ons howe uitgelê sal word sodat dit nie die bevoegdhede en kompetensies van 'n wettige voog sal uitsluit nie.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die KwaZulu Regeringsdiens 'n komitee aanstel met die opdrag om die anomalie met betrekking tot voogdy oor minderjarige kinders wat nie in 'n familiehoof gesetel is nie, en hul (die kinders se)

onderworpenheid aan hom in alle familiesake te ondersoek en die nodige wetswysiging(s) voor te stel.

Voogdyskap in gevalle waar wettige voog sterf of onbevoeg is.

28. Ingeval die wettige voog van 'n minderjarige oorlede of onbevoeg is, hetsy as gevolg van kranksinnigheid, swaksinnigheid, gevangenisstraf of andersins, vir 'n tydperk van meer as 'n jaar, gaan die voogdyskap van sodanige minderjarige-

- (a) indien die vader van sodanige minderjarige sy wettige voog is, oor op die moeder van sodanige minderjarige;
- (b) indien die moeder van sodanige minderjarige gebore uit die huwelik, sy wettige voog is, oor op die grootvader aan vaderskant van sodanige minderjarige;
- (c) indien die ongehude moeder van sodanige minderjarige sy wettige voog is, oor op die grootvader aan moederskant van sodanige minderjarige;
- (d) indien die moeder van sodanige minderjarige sy wettige voog is ingevolge 'n bevel van die hof, oor op die grootvader aan moederskant van sodanige minderjarige, en
- (e) indien die moeder van sodanige buite-egtelike minderjarige ongehude, 'n weduwee of geskei is en haar eie familiewoning gestig het, oor op die grootvader aan moederskant van sodanige minderjarige:

Met dien verstande dat die Kommissaris of Magistraat, by aansoek en sou omstandighede dit vereis, enige geskikte persoon kan aanstel om as voog van sodanige minderjarige waar te neem totdat sodanige minderjarige meerderjarigheid ingevolge artikel 14 bereik.

Die bepalings in artikel 26 is duidelik en geen verdere kommentaar word
34
benodig nie.

Dood van familiehoof.

29. (1) Indien die erfgenaam by die afsterwe van 'n familiehoof, uitgesonderd 'n kaptein, te jonk is om die posisie te aanvaar, val die familiewoning onder die sorg van die moeder van die minderjarige erfgenaam: Met dien verstande dat,

indien omstandighede dit vereis, die Kommissaris of Magistraat by die uitoefening van sy administratiewe funksies kragtens hierdie Wet enige ander geskikte persoon kan aanstel as voog van die erfgenaam en om beheer van die familiewoning oor te neem.

- (2) Indien die erfgenaam by die afsterwe van 'n familiehoof wat 'n kaptein is, te jonk is om die posisie te aanvaar, kan die Sekretaris 'n geskikte persoon aanstel as voog van die erfgenaam en om beheer van die familiewoning oor te neem.
- (3) Voogdyskap ingevolge hierdie artikel verval sodra die erfgenaam die beheer van die familiewoning aanvaar, soos in artikel 18 bepaal.

Skorsing van familiehoof of voog.

30. (1) 'n Familiehoof of voog, belas met die voogdy of beheer van enige persoon of die beheer en bewaring van die eiendom van sodanige persoon teen wie 'n klagte ingedien word dat hy dwaas of roekeloos gehandel het ten opsigte van sodanige persoon of eiendom en wat by ondersoek deur die Kommissaris of Magistraat as ongeskik vir sy posisie bevind word, kan daaruit geskors word en sodanige persoon kan onder die voogdyskap of beheer en sodanige eiendom onder die administrasie van 'n ander persoon geplaas word deur die Kommissaris of Magistraat, of deur die Sekretaris as sodanige familiehoof 'n kaptein is en sodanige voog deur die Sekretaris aangestel is.
- (2) Klagtes ingevolge subartikel (1) kan deur enige persoon wat belang by die saak het, ingebring word, en moet administratief afgehandel word.

Die bepalings van artikels 29 en 30 is duidelik en geen verdere kommentaar word benodig nie.

35

Sekerheid kan van voogde verlang word.

31. (1) Enige persoon wat die voogdyskap van 'n minderjarige aanvaar of daarin aangestel is, is verantwoordelik vir die behoorlike en getroue administrasie van sodanige minderjarige se boedel en van hom kan vereis word om sodanige sekerheid te stel as wat die kommissaris of magistraat nodig of raadsaam mag ag.
- (2) Enige persoon wat onderworpe is aan voogdyskap ten opsigte van of sy persoon of sy eiendom kan sonder die bystand van 'n

curator ad litem 'n saak teen sy voog instel, tensy die hof anders gelas.

Artikel 31 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. BEHOORLIKE EN GETROUE ADMINISTRASIE VAN MINDERJARIGE SE BOEDEL
2. VOOGDELING KAN SONDER BYSTAND VAN 'n CURATOR AD LITEM 'n SAAK TEEN SY VOOG INSTEL, TENSY HOF ANDERS BELAS

1. BEHOORLIKE EN GETROUE ADMINISTRASIE VAN MINDERJARIGE SE BOEDEL

'n Voog moet rekenskap gee van die administrasie van 'n minderjarige se boedel wat onder sy beheer is. Dit beteken nie dat 'n rekening opgestel en voorgelê moet word nie, maar dat hy verantwoording moet doen wanneer daar-
³⁶
 toe versoek.

Indien 'n voog in gebreke bly om enige eiendom na 'n aanmaning terug te
³⁷
 lewer, is hy aanspreeklik vir enige skade wat mag intree.

2. VOOGDELING KAN SONDER BYSTAND VAN 'n CURATOR AD LITEM 'n SAAK TEEN SY VOOG INSTEL, TENSY HOF ANDERS GELAS

³⁸
 In Nxumalo v Nxumalo is beslis dat 'n minderjarige "need not be assisted in an action of this nature unless the court considers it necessary that a
³⁹
 curator ad litem should be appointed, and so directs". 'n Verwant van die minderjarige is nie bevoeg om namens die minderjarige 'n aksie teen die voog
⁴⁰
 in te stel nie, behalwe indien 'n hof so gelas. Daar word nie gemeld in watter omstandighede 'n hof so sal gelas nie.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 31 is duidelik en ek gaan akkoord met die stellings en beslissings van ons skrywers en hof.⁴¹

Dit blyk dat ons hof slegs sal gelas dat 'n minderjarige deur 'n curator ad litem bygestaan word mits die minderjarige se jeugdige leeftyd, verstandelike ontwikkeling of die kompleksiteit van die geval sodanig vereis.

Voogde moet vergunning kry om regstappe in te stel.

32. Enige voog wat sonder voorafgaande vergunning van die Kommissaris of Magistraat 'n aksie ten behoeve van 'n persoon onder sy voogdyskap of boedel onder sy administrasie instel, kan deur die hof gelas word om die koste in verband daarmee te betaal.

Artikel 32 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VOORAFGAANDE GOEDKEURING VAN MAGISTRAAT NODIG
2. VOOG KAN DEUR DIE HOF GELAS WORD OM KOSTE TE BETAAL

1. VOORAFGAANDE GOEDKEURING VAN MAGISTRAAT NODIG

⁴² 'n Wettige ⁴³ of aangestelde voog behoort alvorens hy 'n aksie ten behoeve van 'n persoon onder sy voogdyskap of 'n boedel onder sy administrasie instel, die voorafgaande vergunning van die magistraat te verkry.⁴⁴ Vol-
doen hy nie aan hierdie voorskriftelike bepaling nie, kan 'n hof wat die aksie verhoor gelas dat hy die koste in verband met die aksie betaal.⁴⁵

2. VOOG KAN DEUR DIE HOF GELAS WORD OM KOSTE TE BETAAL

Normaalweg indien 'n aksie deur of teen 'n voogdeling ingestel word, moet die voog die voogdeling bystaan, en is die voog nie in sy persoonlike hoedanigheid aanspreeklik vir koste in die geding wat teen die minderjarige toegestaan is nie.⁴⁶ Indien hy egter in sy hoedanigheid as voog, onagsaam en roekeloos, sonder die nodige toestemming van die magistraat, 'n aksie instel,⁴⁷ kan hy deur die hof gelas word om die koste te betaal de bonis propriis.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 32 is duidelik en ek vereenselwig my met die uiteensetting daarvan deur ons hof.

Voogde kan redelike besoldiging eis.

33. (1) Voogde kan 'n redelike besoldiging eis vir sorg en ywer aan die dag gelê by die beheer van sake aan hul beheer toevertrou, en in die geval van 'n geskil word sodanige besoldiging deur die Kommissaris of Magistraat vasgestel.
- (2) As voogde op eie koste kinders moes onderhou, word daar gewoonlik 'n bees vir elke kind toegelaat, maar die Kommissaris of Magistraat kan sodanige addisionele besoldiging toelaat as wat hy redelik en billik ag.

Artikel 33 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. REDELIKE BESOLDIGING EIS (VIR SORG EN YWER AAN DIE DAG GELÊ)
2. BESOLDIGING EIS INDIEN OP EIE KOSTE KINDERS MOES ONDERHOU

1. REDELIKE BESOLDIGING EIS (VIR SORG EN YWER AAN DIE DAG GELÊ)

Ons skrywers lewer geen kommentaar op die toepassing van artikel 33(1) nie,⁴⁸ en die enigste beslissing wat toepaslik is, is Kanyile v Maqubane waarin⁴⁹ beslis is dat 'n voog geregtig is op 'n besoldiging vir sy dienste. Daar word nie gemeld wat 'n redelike besoldiging is nie.

2. BESOLDIGING EIS INDIEN OP EIE KOSTE KINDERS MOES ONDERHOU

In Msomi v Msomi⁵¹ is beslis dat 'n voog nie op isondlo⁵² geregtig is waar "(he) had the use of the estate property to maintain the deceased's wife⁵³ and children".

Stafford en Franklin⁵⁴ meld, met verwysing na Mqumbi v Bhatat,⁵⁵ dat indien 'n voog die boedel aangewend het om die huisgenote van die oorledende te onderhou, hy nie geregtig op isondlo is nie. 'n Voog is dus slegs geregtig op isondlo ingevolge artikel 33(2) indien hy op eie koste die kinders van 'n⁵⁶ oorledene onderhou het.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 33 is duidelik. Dié dat ons skrywers dit nie nodig ag om dit te bespreek nie, en dit nie voor ons hof geskil was⁵⁷ nie. Ons hof sal 'n judisiële diskresie in 'n bepaalde geval moet uitoefen om te bepaal wat 'n "redelike besoldiging" is, waarop 'n voog vir sy sorg en ywer aan die dag gelê by die beheer van sake aan sy beheer toevertrou, geregtig is.

Die bepaling van artikel 33(2) is duidelik veral in lig van die Msomi-be-
 58 slissing. Daar moet egter gelet word dat 'n magistraat, benewens die
 bees wat gewoonlik vir elke kind toegelaat word, sodanige addisionele be-
 59 soldiging kan toelaat as wat hy redelik en billik ag.

Persone wat toesig eis.

34. (1) Enige persoon wat as voog aanspraak maak op die bewaring van
 'n minderjarige, kan daarom aansoek doen by die Kommissaris
 of Magistraat wat gemagtig is om, na behoorlike ondersoek
 sodanige bevel te gee as wat hy reg en billik ag.

(2) Minderjariges is die voogdelinge van die Hooggeregshof in sy
 hoedanigheid as Oppervoog.

Artikel 34 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ENIGE PERSOON WAT AS VOOG OP BEWARING VAN 'n MINDERJARIGE AANSPRAAK MAAK
 KAN DAAROM AANSOEK DOEN BY DIE MAGISTRAAT

2. HOOGGEREGSHOF OPPERVOOG VAN MINDERJARIGE

1. ENIGE PERSOON WAT AS VOOG OP BEWARING VAN 'n MINDERJARIGE AANSPRAAK MAAK
 KAN DAAROM AANSOEK DOEN BY DIE MAGISTRAAT

Daar is 'n onderskeid ⁶⁰ tussen voogdy ⁶¹ en bewaring, ⁶² maar artikel 34(1)
 het nie betrekking op 'n egskeidingsbevel waar die hof voogdy aan een
 deelgenoot en bewaring van die minderjarige kinders aan die ander
 63 deelgenoot toegeken het nie.

Beide Whitfield ⁶⁴ en Stafford en Franklin ⁶⁵ meld dat artikel 34(1) na 'n
 administratiewe ondersoek verwys, en dat 'n magistraat bevels wat in verband
 staan met artikels 28 en 30 mag uitreik. Nie-nakoming van die bevel is,

volgens Whitfield,⁶⁶ minagting van die hof, terwyl Stafford en Franklin⁶⁷ meld dat dit aanleiding kan gee tot 'n vervolging ooreenkomstig artikel 2(9) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927.

Artikel 34(1) het nog nie voor ons howe vir 'n beslissing gedien nie.

2. HOOGGEREGSHOF OPPERVOOG VAN MINDERJARIGES

Volgens ons gemene reg is die hooggeregshof die oppervoog van alle⁶⁸ minderjariges.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 34 is duidelik, en ek gaan met ons skrywers akkoord dat die ondersoek gemeld in artikel 34(1) administratief van aard is, en dat dit in verband staan met bevel wat 'n magistraat ooreenkomstig artikels 28 en 30⁶⁹ mag uitreik.

Whitfield se mening dat die nie-nakoming van 'n bevel deur 'n magistraat uitgereik tot 'n aanklag van minagting van die hof aanleiding kan gee, is foutief. Minagting van die hof verwys na die skending van die waardigheid, aansien, eer, reputasie en gesag van 'n geregshof,⁷⁰ en 'n administratiewe orgaan fungeer nie as 'n geregshof nie.

Stafford en Franklin se medeling dat die nie-nakoming van die bevel tot 'n vervolging ooreenkomstig artikel 2(9) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 aanleiding kan gee, geniet nie my ondersteuning nie. Die Natalse

Wetboek self kriminaliseer sodanige versuim, en 'n oortreder behoort dus in-
 71
 gevolge die gemelde Wetboek vervolg te word.

VERWYSINGS

1. Artikels 27 tot 35 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg afgekondig in Proklamasie No. R151 van 9 Oktober 1987, kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Sien bladsy 101 van hierdie verhandeling.
3. Vergelyk Church (1983) 101; Hahlo (1985) 388-9; Van der Vyver en Joubert (1985) 55 ev;
4. Church (1983) 101; Hammond - Tooke (1974) 303; Church (1979) 323.
5. Sien die Aanhef tot die Kwazulu Wetboek van 1982; Bekker en Coertze (1983) 285.
6. Church (1983) 100; Hlophe (1984) 164; Dlamini (1983-3) 21; Bekker en Coertze (1983) 288-90.
7. Church (1983) 101.
8. Bekker (1989) 229. Die bepaling is basies soortgelyk as dié vervat in artikel 44(1) van die Natalse Wetboek van 1967.
9. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
10. Church (1983) 102.
11. In bepaalde gevalle kon sy geëmansipeer word. Vergelyk artikel 28 van die Natalse Wetboek van 1967.
12. Olivier et al (1989) 138-9; Bekker (1989) 13, 110, 215, 221; Whitfield 50; Stafford en Franklin 15, 59, 182; Church (1983) 101; Hlophe (1984) 163; Dlamini (1983-1) 388.
13. Vergelyk artikel 14 van die Kwazulu Wetboek; Olivier et al (1989) 6-8.
14. Artikel 27(2); Church (1983) 101; Bekker en Coertze (1983) 289.
15. Artikel 27(4); Church (1983) 101; Dlamini (1983-1) 388; Bekker en Coertze (1983) 289.
16. Bladsy 101.
17. Vergelyk artikel 12.

18. Vergelyk artikel 19.

19. Oliver et al (1989) 463; Bekker (1989) 230; Dube v Kunene 1903 NHC 70; Ngata v Msaba 1905 NHC 50; Tshiliza v Ntshongweni 1908 NHC 10; Mantjose v Jase 1914 AD 144; Tembekwayo v Mlife 1933 NAC 52 (N&T); Mjadu v Ntuli 1935 NAC 38 (N&T); Njapa v Makanya 1937 NAC 146 (N&T); Ndella v Butelezi 1941 NAC 38 (N&T); Mlotsha v Ndwandwe 1950 NAC 190 (N-E); Mkize v Memela 1953 NAC 18 (N-E).

20. Ingevolge artikel 14.

21. Sien artikel 27(2).

22. Sien die verwysing na die Kinderwet in artikel 27(2). Die Kinderwet No 33 van 1960 is in die geheel herroep deur die Wet op Kindersorg No 27 van 1983, behalwe vir sover dit betrekking het op die aanstelling van proefbeambtes en die oprigting, instandhouding en bestuur van nywerheidskole en verbeteringskole. Artikel 71(2)(b) van die Kinderwet 1960 se ooreenstemmende bepaling in die Wet op Kindersorg 1983 is artikel 18(4)(b).

23. Sien artikel 50.

24. Bekker (1989) 207.

25. Ingevolge artikel 83 van die Natalse Wetboek van 1967, was 'n hof die verpligting opgelê om duidelike bevels en opdragte betreffende die bewaring van jong kinders en enige nodige voorsiening vir hul onderhoud te gee. Die bewaringsplig, en nie voogdy nie, van jong kinders kon dus aan hul moeder oorgedra word. Sien ook Mkize v Mkize 1951 NAC 336 (N-E); Gumede v Gumede 1955 NAC 85 (N-E); Mdakane v Mdakane 1956 NAC 155 (N-E); Masuku v Masuku 1968 BAC 20 (N-E). Sien ook artikel 54 van die KwaZulu Wetboek.

26. Artikel 27(5). Die toekenning van uitsluitlike voogdyskap oor haar minderjarige kinders gebore uit die huwelik aan die moeder is 'n afwyking van Zoeloereg, maar gaan gepaard met die verhoogde status wat aan 'n Swart vrou verleen is (Vergelyk die Aanhef tot die KwaZulu Wetboek van 1981).

27. Hierdie reëling, wat met die Suid-Afrikaanse statutêre reg ooreenstem, is gebaseer op die ou artikel 5(1) van die Wet op Huweliksangeleenthede No. 37 van 1953. (Artikel 5(1) is in 1979 vervang deur die huidige artikel 5(1) - vide artikel 16(a) van Wet No. 70 van 1979).

28. Vergelyk Hoekstra v Hoekstra 1945 EDL 224; Leibbrandt v Leibbrandt 1946 2 PH B 78 (N); Williams v Williams 1946 CPD 49; Price v Price 1946 CPD 59; Thompson v Thompson 1946 CPD 231; Walters v Walters 1949(3) SA 206(0); Dempster v Dempster 1953(4) SA 515(N); Hornby v Hornby 1954(1) SA 493(0); Furtuna v Furtuna 1955(3) SA 348 (AD); Pretorius v Pretorius 1954(4) SA 210(1); Heber v Sellar 1955(2) SA 95(N); Van den Berg v Van den Berg 1959(4) SA 259(N); Hubert v Hubert 1960(3) SA 181(0); Forbes v Forbes 1960(1) SA 875(D); Mashaoane v Mashaoane

1962(1) SA 628(D); Mehmeyer v Nel en 'n ander 1976(4) SA 966(W).

29. Vergelyk paragrawe 2 en 3 op bladsye 172-3 van hierdie verhandeling.
30. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 172 van hierdie verhandeling.
31. Dit wil sê, indien die moeders nie die familiehoofde is nie.
32. Familiesake is nie omskryf nie maar in die evaluering van artikel 12 op bladsy 104 van hierdie verhandeling is 'n aanduiding gegee wat as familiesake geag mag word.
33. Sien Van der Vyver en Joubert (1985) 96 ev; Church (1983) 101; Church (1979) 326; Hammond - Tooke (1974) 303.
34. In in re Ex Parte Lungsiki 1911 NHC 19 is gedurende die afwesigheid van 'n melaatse in 'n inrigting vir melaatses, 'n curator bonis as administrateur van sy boedel aangestel.
35. Indien gepoog word om 'n familiehoof of voog te skors moet hy daarvan in kennis gestel word. Die audi alteram partem reël moet nagekom word. (Vergelyk In re Estate of Late Mdadasa 1903 NHC 75.)
36. Whitfield 281; Stafford en Franklin 95.
37. Ibid. Sien ook Ntulizwe v Komfe 1921 AD 276.
38. 1952 NAC 20 (N&T). In hierdie saak het 'n senior manlike verwant namens die minderjarige 'n aksie teen laasgemelde se voog ingestel vir die teruglewering van drie beeste wat die voog vir sy eie doeleindes gebruik het.
39. Bladsy 21.
40. Ibid.
41. Vergelyk paragrawe 1 en 2 op bladsy 177 van hierdie verhandeling.
42. Artikels 27 en 28 van die Kwazulu Wetboek.
43. Artikels 28, 29 en 30 van die Kwazulu Wetboek.
44. Artikel 32 van die Kwazulu Wetboek. Hierdie artikel word nie deur Bekker (1989) en Olivier et al (1989) bespreek nie.
45. Ibid.
46. Sien Nyatikazi v Bhengu 1931 NAC 32 (N&T); Bhulose v Tabete 1932 NAC 22 (N&T); Xulu v Ntobha 1947 NAC 32 (N&T); Ncunu v Nkabini 1938 NAC 29 (N&T).
47. Vergelyk Ngozwane v Ngozwane 1946 NAC 88 (C30). Sien ook Stafford en

Franklin 96.

48. 1941 NAC 43 (N&T) 44.

49. In casu is beeste, bokke en geld geëis wat vir die onderhoud van die huisgenote van 'n wettige voog oor 'n tydperk van langer as 10 jaar aangewend was, maar die saak is deur die Appèlhof vir Kommissarishof na die Kommissarishof terug verwys vir 'n beslissing. In die Kapteinshof was 3 beeste as isondlo aan die eiser toegestaan en dit mag wees dat dit as 'n "redelike besoldiging" aanvaar was.

50. Die isondlo- gebruik is op bladsy van hierdie verhandeling bespreek.

51. 1950 NAC 150 (N-E).

52. Sien voetnota 50.

53. Sien ook Mgumbi v Bhatata 1932 NAC 57 (C&O) wat met goedkeuring in Msomi v Msomi supra aangehaal is.

54. Bladsy 282.

55. Sien voetnota 49 hierbo.

56. Stafford en Franklin 282; Msomi v Msomi 1950 NAC 150 (N-E).

57. Vergelyk paragrawe 1 en 2 op bladsy 180 van hierdie verhandeling.

58. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 180 van hierdie verhandeling.

59. Sien artikel 33(2) van die KwaZulu Wetboek.

60. Sien paragraaf 4 in die bespreking van artikel 27 op bladsy 173 van hierdie verhandeling.

61. Die ouerlike gesag ten aansien van die boedel en regsoptrades van die kind.

62. Die ouerlike gesag oor die persoon van die kind.

63. Slegs 'n bevoegde hof kan so 'n bevel wysig. Dit kan nie administratief deur 'n magistraat verander word nie.

64. Bladsy 282.

65. Bladsy 98.

66. Bladsy 282.

67. Bladsy 98.

68. Vir 'n volledige bespreking, veral ten aansien van die hooggeregshof se bevoegthede en 'n verskoldenheid van bevels in verband met minderjariges

uit te reik en sodoende verskeie reëlins in verband met minderjariges te tref en af te dwing, sien Van der Vyver en Joubert (1985) 623-8.

69. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 181 van hierdie verhandeling.
70. Sien die bespreking van artikel 8 op bladsy 67 van hierdie verhandeling.
71. Vergelyk artikels 117(1) en 118 van die Kwazulu Wetboek.

SIVIELE EN GEBRUIKLIKE HUWELIKE EN VERWANTE VERBINTENISSE¹

In Suid-Afrika is daar verskillende volke wat uiteenlopende beskouings aangaande die huwelik en gesinsverhoudings huldig, en die maatreëls wat 'n besondere volk of gemeenskap vir die regulering van die huwelik en gesinsverhouding tref, hou verband met die kulturele, morele en godsdienstige opvattinge van die betrokke volk of gemeenskap.² In die verband word onderskei tussen die westerse monogame huwelikstelsel en die inheemsereg se poligame huwelik.³

Die inheemse huweliksregsreëls is in die reël ongeskrewe, maar in die Kwazulu Wetboek word die aangeleentheid statutêr gereël. Die Kwazulu Wetboek erken drie tipes van huwelike, te wete 'n siviele-,⁵ gebruiklike-⁶ en ukuvusa⁷ huwelik, en die bepalings van artikels 36 tot en met 55 is op die gebruiklike- en ukuvusa-huwelik van toepassing. Die ukungena-verbinding word ook statutêr gereël.⁸ In hierdie hoofstuk word die wetgewing, gewoonte en regspraak wat op die totstandkoming, ontbinding en nietigverklaring van 'n gebruiklike huwelik en aanverwante verbintenisse betrekking het, in ag geneem, en die verbandhoudende regsgevolge bepaal. Die vermoënsregtelike gevolge van 'n siviele huwelik word ook bepaal.

'n Siviele huwelik tussen burgers het die gevolge van huwelik buite gemeenskap van goedere.

35. (1) 'n Siviele huwelik tussen burgers, na die inwerkingtreding van hierdie Wet, het, behoudens die bepalings van artikel 79(2), die wetlike gevolge van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere tussen eggenotes: Met dien verstande dat die toekomstige eggenotes, ter eniger tyd binne een maand voor die bevestiging van hul huwelik gesamentlik voor 'n Kommissaris of Magistraat of 'n ander huweliksbevestiger (wat hiermee gemagtig word om daardie verklaring te attesteer) kan ver-

klaar dat dit hulle voorneme en begeerte is dat gemeenskap van goedere en van wins en verlies in hul huwelik ingesluit is behalwe met betrekking tot grond in 'n lokasie wat onder erfpag besit word, welke grond van die gemeenskap uitgesluit is.

- (2) 'n Deelgenoot aan 'n gebruiklike huwelik mag nie 'n siviele huwelik aangaan nie: Met dien verstande dat die deelgenote aan 'n enkelvoudige gebruiklike huwelik met mekaar 'n siviele huwelik mag aangaan.

Artikel 35 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. 'n SIVIELE HUWELIK TUSSEN BURGERS
2. DEELGENOTE AAN 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK MAG NIE 'n SIVIELE HUWELIK AANGAAN NIE, BEHALWE DEELGENOTE AAN 'n ENKELVOUDIGE GEBRUIKLIKE HUWELIK

1. 'n SIVIELE HUWELIK TUSSEN BURGERS

Artikel 35(1) is op die bepalings van artikel 22(6) van die Hoofwet⁹ geskoei. Laasgemelde artikel wat vir siviele huwelike ten opsigte van¹⁰ Swartes in Suid-Afrika geld, is deur die Kwazulu Wet herroep, en 'n¹¹ soortgelyke bepaling¹² is ten opsigte van die gebied onder die beheer van Kwazulu gepromulgeer.

'n "Siviele huwelik" is "'n huwelik aangegaan ingevolge die Huwelikswet, 1961¹³ (Wet 25 van 1961)", dit wil sê 'n westerse monogame huwelik.

¹⁴
'n "Burger" is bepaal.

'n Siviele huwelik tussen burgers van Kwazulu, na die inwerkingtreding van¹⁵ artikel 35(1), het die regsgevolge van 'n huwelik buite gemeenskap van

goedere tussen eggenotes. Indien die voorgename eggenotes die gemeenskap van goedere en van wins en verlies wil laat intree, moet die toekomstige eggenotes, binne een maand voor die bevestiging van die huwelik, die gesamentlike verklaring voorgeskryf in artikel 35(1), aflê.¹⁶

Alhoewel h vrou meerderjarig word wanneer sy trou,¹⁷ bepaal die Kwazulu Wetboek dat haar huwelik buite gemeenskap van goedere is, en in die verband is beslis¹⁸ dat alhoewel gemeenskap van goedere en wins en verlies uitge-¹⁹laat is, die maritale mag van die eggenoot behoue bly.

Die vermoënsregtelike gevolge van h siviele huwelik word deur die gemenerereg²⁰ beheer. Bekker en Coertze (1983)²¹ meld dat, in die geval van h siviele huwelik buite gemeenskap van goedere, h eggenote se vermoënsregtelike posisie verbeter is want sy is nou op h kindsdeel of R50 000, watter bedrag ookal die grootste is, uitgesonderd huiseiendom wat volgens Zoeloereg ver-²²erf word behalwe indien daar geen manlike erfgenaam is nie, geregtig.

Die regsgevolge van h siviele huwelik buite gemeenskap van goedere of binne gemeenskap van goedere en van wins en verlies is buite die bestek van²³ hierdie verhandeling.

2. DEELGENOOT AAN h GEBRUIKLIKE HUWELIK MAG NIE h SIVIELE HUWELIK AANGAAN NIE, BEHALWE DEELGENOTE AAN h ENKELVOUDIGE GEBRUIKLIKE HUWELIK

²⁴ h "Gebruiklike huwelik" is bepaal.

Deelgenote, manlik of vroulik, in meervoudige gebruiklike huwelike mag nie

'n party tot 'n siviele huwelik wees nie, maar die deelgenote aan 'n enkel-
voudige gebruiklike huwelik mag met mekaar 'n siviele huwelik aangaan.

²⁶
²⁷ Dlamini (1983-3) stel die posisie as volg: "This implies that he cannot marry one of the partners and thereby discard the rest of his wives. Alternatively, he cannot marry a third party thereby discarding all his customary wives. ... it is implicit that he can only marry one of his customary wives by civil rites if he divorces the others".

²⁸
Dlamini (1983-3) is voorts van mening dat indien 'n deelgenoot in 'n meervoudige gebruiklike huwelik 'n siviele huwelik aangaan, laasgemelde
²⁹ huwelik ongeldig is.

Indien die deelgenote van 'n enkelvoudige gebruiklike huwelik 'n siviele huwelik aangaan, ontstaan die vraag of die siviele huwelik die gebruiklike
³⁰ huwelik ontbind. In 'n meerderheidsuitspraak in Kumalo v Jonas ³¹ is beslis dat die siviele huwelik nie die gebruiklike huwelik beëindig het nie; dit het slegs "sekere vermoënsregtelike (en miskien ander) gevolge meegebring."
³² ³³ Prinsloo (1987) is van mening dat die beslissing 'n korrekte toepassing van die tersaaklike inheemse regsreël is, en dat dit ook geregtigheid laat geskied. ³⁴ Büchner (1984) is ook van mening dat die beslissing geregtigheid laat geskied.

EVALUERING

In die uitoefening van sy bevoegdheid om die huweliksreg van Kwazulu
³⁵ statutêr te reël, het die wetgewer met betrekking tot siviele huwelike, die bepalinge van artikel 35 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927

nagevolg. 'n Belangrike verskil egter is dat deur die herroeping van artikel 22(6) van Wet 38 van 1927, die bepalings van Goewermentskennisgewing R34 van 1966 nie in Kwazulu geld nie.³⁶ Sy boedel vererf nou volgens die gemenereg.³⁷

Die bepalings van artikel 35(2) is duidelik.³⁸ Dlamini stel dit onomwonde dat indien 'n deelgenoot 'n meervoudige gebruiklike huwelik aangaan, laasgamelde huwelik ongeldig is.³⁹ Na my mening is so 'n huwelik nietig ab initio.⁴⁰

My mening is dat 'n enkelvoudige gebruiklike huwelik nie deur 'n daaropvolgende siviele huwelik ontbind word nie.⁴¹ Die meerderheidsbeslissing in Kumalo v Jonas sowel as Prinsloo (1987) en Büchner (1981) ondersteun die geregtigheidsbeginsel,⁴² en veral omdat 'n deelgenoot in 'n meervoudige gebruiklike huwelik in Kwazulu verbied word om 'n siviele huwelik aan te gaan, is daar geen rede waarom die daaropvolgende siviele huwelik nie as 'n verstewiging van die huweliksband geag kan word nie.⁴³

'n Onuithoudbare posisie is dat in Kwazulu 'n deelgenoot aan 'n meervoudige gebruiklike huwelik nie 'n siviele huwelik mag aangaan nie, maar in Natal (dit wil sê buite die Kwazulu-gebied) geld dieselfde reëling nie.⁴⁴

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat, met betrekking tot die bepalings van artikel 35(2) van die Kwazulu Wetboek, die wetgewers van Kwazulu en die Republiek van Suid-Afrika onderhandel om 'n eenvormige bepaling in Kwazulu en die gebiede

buite Kwazulu, maar in Natal, te bewerkstellig.

Gebruiklike huwelike.

36. (1) 'n Gebruiklike huwelik is, behoudens die noodsaaklike vereistes waarvoor in artikel 38(1) voorsiening gemaak word, 'n siviele kontrak aangegaan deur en tussen voornemende deelgenote en duur voort tot die oorlyde van die eerssterwende tensy dit eerder deur 'n bevoegde hof nietig verklaar of ontbind word.
- (2) Veelwywige gebruiklike huwelike word erken.
- (3) Nieteenstaande enige bepalinge in enige ander wet, word enige gebruiklike huwelik, soos in die Hoofwet omskryf, wat aangegaan is tussen burgers van Kwazulu hetsy voor die eerste dag van November 1932, of daarna tot tyd en wyl die nodige offisiële getuies aangestel was, geag geldig te wees en word dit vir alle doeleindes as 'n gebruiklike huwelik kragtens die bepalinge van hierdie Wet beskou.
- (4) 'n Manlike persoon mag nie 'n gebruiklike huwelik met 'n ander vrou gedurende die bestaan van 'n geldige siviele huwelik sluit nie.

Artikel 36 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GEBRUIKLIKE HUWELIK
2. SIVIELE KONTRAK AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN VOORNEMENDE DEELGENOTE
3. DUUR VOORT TOT DIE OORLYDE VAN DIE EERSSTERWENDE TENSY DIT EERDER DEUR
'n BEVOEGDE HOF NIETIG VERKLAAR OF ONTBIND WORD
4. VEELWYWIGE GEBRUIKLIKE HUWELIKE WORD ERKEN
5. GELDIGHEID VAN GEBRUIKLIKE HUWELIKE VOOR 1 NOVEMBER 1932 AANGEGAAN

1. GEBRUIKLIKE HUWELIK

Die Natalse Wetboek omskryf 'n gebruiklike huwelik as "n gebruiklike verbinding soos omskryf in die Hoofwet, met dien verstande dat dit aangegaan

is ooreenkomstig die essensiële vereistes by hierdie Wet voorgeskryf." ⁴⁶

In die Hoofwet ⁴⁷ is 'n "gebruiklike verbinding" omskryf as "die samelewe van 'n man en 'n vrou in 'n egtelike verhouding ooreenkomstig Swartreg en -gebruik, waar nóg die man nóg die vrou 'n party is by 'n bestaande huwelik."

'n Gebruiklike huwelik is onbestaanbaar met 'n siviele huwelik. 'n Manlike persoon mag nie 'n gebruiklike huwelik met 'n ander vrou gedurende die bestaan van 'n geldige siviele huwelik sluit nie, ⁴⁸ en gedurende die bestaan van 'n gebruiklike huwelik mag 'n deelgenoot nie 'n siviele huwelik aangaan nie (behalwe in die geval waar die deelgenote aan 'n enkelvoudige ⁴⁹ gebruiklike huwelik met mekaar 'n siviele huwelik aangaan).

In die Suid-Afrikaanse reg word erkenning verleen aan sekere gevolge van 'n gebruiklike huwelik, maar die gebruiklike huwelik het nie die status van 'n huwelik" nie. ⁵⁰ Church ⁵¹ (1983) is van mening dat dit die wetgewer se bedoeling is om die gebruiklike huwelik tot die status van 'n "huwelik" te verhef, ⁵² maar Dlamini dui die teendeel aan. Hy meld dat die Kwazulu Wetboek steeds die definisie van 'n gebruiklike huwelik volg soos omskryf in Artikel 35 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, en dat deelgenote in bepaalde gevalle 'n siviele huwelik mag aangaan. Hy sluit af deur te sê: "If a customary marriage were of equal standing with a civil marriage, ⁵³ there would be no need for resorting to this course of action".

2. SIVIELE KONTRAK AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN VOORNEMENDE DEELGENOTE

Die woorde "siviele kontrak" beteken 'n "privaatregtelike (burgerlike) ooreenkoms". ⁵⁴ Church (1983) ⁵⁵ ondersteun nie die gebruik van die woorde 'n

"siviele kontrak" nie, en Dlamini (1983-1) dui aan dat hierdie woorde die rol van die onderskeie familie-groepe in 'n gebruiklike huwelik misken.

Die verhoogde status van 'n vrou beteken dat sy, en nie meer haar vader of voog, die kontrakterende party in 'n gebruiklike huwelik is.

3. DUUR VOORT TOT DIE OORLYDE VAN DIE EERSSTERWENDE TENSY DIT EERDER DEUR 'N BEVOEGDE HOF NIETIG VERKLAAR OF ONTBIND WORD

Dlamini (1983-1) meld dat Zoeloeregtelik die dood van die manlike deelgenoot nie 'n gebruiklike huwelik beëindig het nie. Die weduwee was geregtig om in die familiewoning van die oorledene aan te bly, en deur die erfgenaam onderhou te word, "and to be entitled to an ukungena consort."

In navolging van die westerse individualisme is die kontrakterende partye die deelgenote aan die gebruiklike huwelik, en soos 'n siviele huwelik word dit deur die oorlye van die eerssterwende deelgenoot beëindig.

Artikels 48 en 49 aan die KwaZulu Wetboek gee 'n uiteensetting van die gronde vir egskeiding en die nietigverklaring van 'n gebruiklike huwelik.

4. VEELWYWIGE GEBRUIKLIKE HUWELIKE WORD ERKEN

Veelwywige gebruiklike huwelike word in die KwaZulu Wetboek erken, maar is onderworpe aan die bepalings van artikel 35(2).

5. GELDIGHED VAN GEBRUIKLIKE HUWELIKE VOOR 1 NOVEMBER 1932 AANGEGAAN

Artikel 36(3) is 'n oorgangsbepaling waarvolgens gebruiklike huwelike wat nie aan die bepaling van artikel 57(3) van die Natalse Wetboek van 1932 voldoen het nie, wettig geag was. Stafford en Franklin⁶⁵ meld dat de facto gebruiklike huwelike wat nie met 'n openbare verklaring aan 'n offisiële getuie plaasgevind het nie, ongeldig verklaar was en dat die statutêre reëling in 1932 nodig was om derglike huwelike as wettig te ag.⁶⁶

EVALUERING

Dlamini dui tereg aan dat 'n gebruiklike huwelik nie tot die status van 'n siviele huwelik verhef is nie.⁶⁷

Die gebruik van die woorde "siviele kontrak" is onelegant en dui slegs aan dat daar 'n "ooreenkoms" tussen die voornemende deelgenote tot die gebruiklike huwelik moet wees.⁶⁸ Die opheffing van die status van 'n Swart vrou⁶⁹ het die wetgewer verplig om die gebruiklike huwelik afhanklik van die toestemming van die voornemende deelgenote te maak.⁷⁰

Die reël dat 'n gebruiklike huwelik voortduur tot die oorlyde van die eerssterwende deelgenoot, is nie in navolging van Zoeloereg nie,⁷¹ maar dit beteken nie dat 'n ukungena-verbinding nie aangegaan mag word nie. Met die afsterwe van 'n manlike deelgenoot kan in bepaalde omstandighede 'n ukungena-verbinding aangegaan word.⁷² Die kinders gebore uit hierdie verbinding word gereken asof hulle werklik kinders van die oorlede eggenoot is.⁷³

Die Kwazulu Wetboek bepaal verder dat 'n ukungena- verbinding ontbind kan
 74 word, en dit impliseer die bestaan van 'n regsgeldige verbinding. 75
 Gevolglik blyk dit dus dat die woorde "duur voort tot die oorlyde van die
 eerssterwende" in artikel 36(1) van die Kwazulu Wetboek nie 'n ukungena
 76 -verbinding belet nie, en nie interpretasieprobleme sal veroorsaak nie.

Die ander aspekte met betrekking tot die bepalings van artikel 36 is
 duidelik deur ons skrywers en howe uiteengesit.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat in artikel 36(1) die woord "ooreenkoms" die woorde
 "siviele kontrak" vervang.

Partye tussen wie gebruiklike huwelike nie verbied is nie.

37. 'n Gebruiklike huwelik word nie belet tussen -

- (a) 'n man en sy eggenote se suster; of
- (b) 'n weduwee of geskeide vrou en haar oorlede of vorige egge-
 noot se broer.

Artikel 37 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VERBODE HUWELIKE

1. VERBODE HUWELIKE

Alhoewel die huwelike in artikels 37(a) en (b) nie belet word nie is daar
 onder die Zoeloe sekere verbode huwelike en dié word deur Olivier et al

(1981) bespreek.⁷⁷ In Mnguni v Kumalo⁷⁸ is daarop gewys dat alhoewel artikel 37(b)⁷⁹ voorsiening maak vir 'n gebruikelike huwelik tussen 'n "weduwee of geskeide vrou en haar oorlede of vorige eggenoot se broer", so-⁸⁰ danige huwelik vreemd is aan Zoeloereg. Daar is gemeld dat ukungena is "the normal and only possible means of access of an approved member of the deceased's family to his widow". Nietemin is sodanige gebruikelike huwelik⁸¹ tans gewettig.

In tradisionele Zoeloereg het die beginsel ook gegeld dat 'n manlike persoon⁸² nie 'n gebruikelike huwelik met sy oorlede broer se suster mag sluit nie,⁸³ maar ingevolge die Kwazulu Wetboek is sodanige huwelik toelaatbaar.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 37 is duidelik, en geen verdere kommentaar word benodig nie.

Vereistes van gebruikelike huwelik.

38. (1) Die vereistes van 'n gebruikelike huwelik is -

- (a) die toestemming van die vader of voog van die voorgenome eggenote indien sy 'n minderjarige is, welke toestemming nie onredelik weerhou mag word nie;
 - (b) die toestemming van die vader of voog van die voorgenome eggenoot indien hy 'n minderjarige is;
 - (c) 'n openbare verklaring deur die voorgenome eggenote aan die offisiële getuie by die viering van die huwelik dat die huwelik uit eie vrye wil en met haar toestemming geskied.
- (2) Die blote feit dat die toestemming van haar vader of voog nie nodig is nie ten opsigte van die aangaan van 'n gebruikelike huwelik deur 'n meerderjarige vrou, moet nie so vertolk

word dat dit die aanspraak van iemand wat geregtig is op lobolo, betaalbaar deur haar voorgename eggenoot ten opsigte van sodanige meerderjarige vrou, benadeel nie.

- (3) Die toestemming van die vader of voog is nie noodsaaklik ten opsigte van die aangaan van 'n gebruikelike huwelik deur 'n burger wat meerderjarig is of wat andersins ingevolge die bepalings van hierdie Wet kontrakte namens homself kan aangaan nie.

Kommissaris of Magistraat kan ondersoek instel.

39. Die Kommissaris of Magistraat kan administratief 'n klagte ondersoek dat 'n vader of voog sy toestemming tot 'n voorgename gebruikelike huwelik onredelik weerhou het, en indien hy, as gevolg van sodanige ondersoek, tevrede is dat daar geen regmatige beletsel in die weg is nie, kan hy magtig dat die huwelik voortgaan en sodanige bevel betreffende die betaling van lobolo verleen as wat hy billik ag.

Artikel 38 en 39 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VEREISTES

- 1.1 Toestemming van vader of voog van die voorgename eggenote indien sy minderjarig is, welke toestemming nie onredelik weerhou mag word nie
- 1.2 Toestemming van vader of voog van die voorgename eggenoot indien hy 'n minderjarige is
- 1.3 Openbare verklaring van die voorgename eggenote aan die offisiële getuie

2. VERMOEDENS IN VERBAND MET DIE BESTAAN VAN 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK

3. VADER OF VOOG VERBEUR NIE SY AANSPRAAK OP LOBOLO WAAR MEERDERJARIGE DOGTER TOESTEM TOT 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK NIE

1. VEREISTES

Artikel 38(1) stel essensiële vereistes vir die totstandkoming van 'n regsgeldige gebruikelike huwelik. Die onderneming om lobolo te lewer is nie

'n essensiële vereiste nie. Die nie-nakoming van enige van die vereistes

hierna bespreek bring mee dat geen regsgeldige gebruiklike huwelik tot stand kom nie, dit wil sê so 'n huwelik is nietig ab initio.⁸⁵

1.1 Toestemming van vader of voog van die voorgename eggenote indien sy minderjarig is, welke toestemming nie onredelik weerhou mag word nie

'n Meerderjarige voornemende vroulike deelgenoot het nie die toestemming van haar vader of voog nodig vir die aangaan van 'n gebruiklike huwelik nie.⁸⁶

Die vader of voog se toestemming is slegs nodig indien sy minderjarig is, en indien dié ontbreek, kom geen regsgeldige gebruiklike huwelik tot stand nie.⁸⁷

'n Vader of voog se toestemming kan uitdruklik of stilswyend geskied.⁸⁸

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n voog 'n vroulike Swart persoon insluit.⁸⁹

Indien 'n vader of voog van 'n minderjarige voornemende eggenote sy toestemming onredelik weerhou, kan 'n magistraat 'n derglike klag administratief ondersoek. Indien hy na sodanige ondersoek tevrede is dat daar geen regmatige beletsel teen die gebruiklike huwelik is nie, kan hy die huwelik magtig en sodanige bevel betreffende die betaling van lobolo verleen as wat hy billik ag.⁹⁰

1.2 Toestemming van vader of voog van die voorgename eggenoot indien hy 'n minderjarige is

Indien die voorgename eggenoot minderjarig is, is die toestemming van sy

91
vader of voog nodig. Die bepalings van artikel 39 is ook van toepassing
indien die vader of voog sy toestemming op 'n onredelike wyse weerhou.⁹²

1.3 Openbare verklaring van die voorgename eggenote aan die offisiële getuie

93
Indien daar by die viering van die gebruikelike huwelik nie 'n openbare
94
verklaring deur die bruid gedoen word nie, of indien sy weier om so 'n
verklaring te doen, ontstaan daar geen regsgeldige gebruikelike huwelik
95
nie. Die afwesigheid van 'n offisiële getuie by die viering van 'n
gebruikelike huwelik wat daartoe lei dat die bruid nie die verklaring aflê
96
nie, het tot gevolg dat geen gebruikelike huwelik tot stand kom nie. Waar
'n verklaring afgelê is aan 'n persoon wat almal aanvaar het as 'n amptelike
offisiële getuie, maar hy later blyk nie die nodige status te hê nie, is
97
beslis dat, indien die ander vereistes gestel in artikel 38(1) nagekom
is, 'n geldige gebruikelike huwelik tot stand gekom het.

Ons hoef erken egter dat dit nie noodsaaklik is dat daar 'n viering van 'n
gebruikelike huwelik moet wees nie, en dat die bruid noodwendig haar
98
toestemming by so 'n viering moet gee nie. In Mdhlalose v Nkosi⁹⁹ is
gemeld dat indien dit vanuit die getuienis duidelik is dat die bruid "was
in no way coerced, the fact that her consent to the union was not pro-
claimed at a public gathering, cannot in any way invalidate the union."

100
In Hlenqwa v Mapumulo is aanvaar dat daar geen viering van die gebruik-
like huwelik nog 'n verklaring aan 'n offisiële getuie gedoen was nie, maar
die hof het die vermoede dat waar twee persone vir 'n lang tyd openlik as

man en vrou saamleef, daar geag word 'n gebruiklike huwelik is, toegepas.

2. VERMOEDENS IN VERBAND MET DIE BESTAAN VAN 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK

Dikwels moet ons howe, veral waar die belangrikste partye (en getuies) tot die huweliksooreenkoms reeds oorlede is, beslis of 'n geldige gebruiklike huwelik bestaan. In die bepaling of aan die vereistes vir 'n gebruiklike huwelik voldoen is, het sekere algemene praktykreëls ontwikkel:

- (a) Indien 'n man en 'n vrou openlik saamleef, is daar 'n weerlegbare vermoede dat hulle dit doen as deelgenote in 'n gebruiklike huwelik, en nie in 'n losse verhouding nie.¹⁰²
- (b) Indien twee persone openlik in 'n normale huweliksverband saamleef, is daar 'n weerlegbare vermoede dat dit met die man en die vrou se toestemming geskied, en dat die vrou se vader of voog sy toestemming tot die gebruiklike huwelik verleën het.
- (c) Indien die vader of voog van die meisie lobolo-beeste in ontvangs geneem het, is daar 'n onweerlegbare vermoede dat hy toestemming tot die gebruiklike huwelik verleen het.
- (d) Indien twee persone vir 'n lang tyd openlik as man en vrou saamleef, sonder dat haar vader op enige wyse propeer ingryp het, die samewoning met sy toestemming geskied het.¹⁰³
- (e) Indien 'n meisie se vader 'n aksie instel vir die lewering van lobolo, is daar 'n onweerlegbare vermoede dat hy tot die gebruiklike huwelik toegestem het.¹⁰⁴

3. VADER OF VOOG VERBEUR NIE SY AANSPRAAK OP LOBOLO WAAR MEERDERJARIGE DOGTER TOESTEM TOT 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK NIE

Die lewering van of 'n ooreenkoms tot lobolo, is nie 'n vereiste tot 'n regsgeldige gebruiklike huwelik nie,¹⁰⁵ maar die instelling is "embedded in the social attitudes of the people. As a result, Zulus cannot conceive of a relationship as a valid marriage without the delivery of lobolo, or at least an agreement to deliver it".¹⁰⁶

Die Kwazulu Wetboek erken derhalwe die aanspraak van die vader of voog van 'n meerderjarige bruid, alhoewel eersgenoemde se toestemming tot 'n gebruiklike huwelik nie 'n vereiste is nie, op die lobolo wat ten opsigte van sy dogter betaalbaar is.¹⁰⁷ Hy kan daarop aandring dat die lobolo op die dag van die viering van die gebruiklike huwelik gelewer word.¹⁰⁸

EVALUERING

Die beslissing in Hlengwa v Mapumulo¹⁰⁹ is foutief. Aangesien die hof bevind het dat geen verklaring aan 'n offisiële getuie gedoen was nie, en dus die bepalings van artikel 39(c) nie nagekom is nie, kon hy nie die huwelik as regsgeldig verklaar nie. Die vermoede deur die hof toegepas, naamlik dat waar twee persone vir 'n lang tyd openlik as man en vrou saamleef daar geag word 'n gebruiklike huwelik aangegaan is, is 'n weerlegbare vermoede,¹¹⁰ en die feit dat bevind is dat geen verklaring aan 'n offisiële getuie gedoen is nie, weerlê juis die vermoede.

Verder is die bepalings van artikels 38 en 39 duidelik deur ons skrywers en

howe uiteengesit en ek vereenselwig my daarmee.

Datum van gebruiklike huwelik moet aan kaptein gerapporteer word en fooie betaalbaar.

40. (1) Wanneer 'n gebruiklike huwelik gereël is, moet die betrokke familiehoof of partye aan die kaptein of die kaptein se plaasvervanger of die hoofman, wat die offisiële getuie moet gelas om op die tyd en plek van die viering aanwesig te wees, kennis gee van die dag wat vir die viering van sodanige huwelik bepaal is.
- (2) Die voorgenome eggenoot van elke gebruiklike huwelik moet, voor die viering daarvan, aan die kaptein of sy goedgekeurde bode 'n bedrag van vier rand betaal en aan die offisiële getuie 'n bedrag van vier rand ter vergoeding van sy dienste.
- (3) Wanneer 'n gebruiklike huwelik gereël is in 'n gebied buite die regsgebied van 'n kaptein, moet die betrokke familiehoof of partye aan die offisiële getuie kennis gee van die dag en plek wat vir sodanige huwelik bepaal is en die voorgenome eggenoot van sodanige gebruiklike huwelik moet, voor die viering daarvan, 'n bedrag van vier rand aan die offisiële getuie betaal ter vergoeding van sy dienste.

Artikel 40 is duidelik en lewer geen probleme in die praktyk nie.

Aanstelling en ontslag van offisiële getuies.

41. (1) Kapteins en hoofmanne, is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n toereikende getal offisiële getuies om, wat betref die viering van gebruiklike huwelike, aan die vereistes van die stamme of gemeenskappe onder hul regsmag te voldoen, vir die behoorlike nakoming deur die lede van sodanige stamme of gemeenskappe van die regulasies betreffende sodanige huwelike en vir die behoorlike kennisgewing aan die Kommissaris of Magistraat deur die offisiële getuies, van alle sodanige huwelike: Met dien verstande dat in dorpe en gebiede wat nie binne die regsgebied van 'n kaptein of hoofman val nie die Kommissaris of Magistraat onder wie se regsmag sodanige dorp of gebied val, verantwoordelik is vir die aanstelling van sodanige getuies.
- (2) 'n Kaptein kan, indien grondige redes aangevoer word en met die goedkeuring van die Kommissaris of Magistraat die aanstelling van enige offisiële getuie wat onder sy regsmag

val, beëindig en wanneer daartoe gelas deur die Kommissaris of Magistraat moet hy enige sodanige aanstelling beëindig en die aanstelling van 'n offisiële getuie deur die Kommissaris of Magistraat aangestel, kan deur laasgenoemde beëindig word indien grondige redes voorgelê word.

- (3) Die Kommissaris of Magistraat hou 'n register van alle offisiële getuies in sy regsgebied en sodanige register bevat alle sodanige detail en inligting as wat deur die Hoofminister bepaal word.

Artikel 41 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE
2. TOEREIKENDE GETAL OFFISIËLE GETUIES AANSTEL
3. MAGISTRAAT OFFISIËLE GETUIES AANSTEL VIR GEBIEDE BUITE REGSGEBIED VAN KAPTEIN OF HOOFMAN
4. GEBRUIKLIKE HUWELIK
5. BEËINDIGING VAN AANSTELLING

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE

111

Kapteins en hoofmanne is reeds bepaal.

2. TOEREIKENDE GETAL OFFISIËLE GETUIES AANSTEL

'n "Offisiële getuie" word in die Kwazulu Wetboek as "n persoon as sodanig aangestel kragtens artikel 41 om te fungeer by die viering van "gebruiklike
 112
 huwelike" omskryf. Die hooftaak van 'n offisiële getuie is om die pligte vervat in artikel 42 van die Kwazulu Wetboek, uit te voer.

Die Kwazulu Wetboek beperk nie die getal offisiële getuies wat deur 'n kap-

val, beëindig en wanneer daartoe gelas deur die Kommissaris of Magistraat moet hy enige sodanige aanstelling beëindig en die aanstelling van 'n offisiële getuie deur die Kommissaris of Magistraat aangestel, kan deur laasgenoemde beëindig word indien grondige redes voorgelê word.

- (3) Die Kommissaris of Magistraat hou 'n register van alle offisiële getuies in sy regsgebied en sodanige register bevat alle sodanige detail en inligting as wat deur die Hoofminister bepaal word.

Artikel 41 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE
2. TOEREIKENDE GETAL OFFISIËLE GETUIES AANSTEL
3. MAGISTRAAT OFFISIËLE GETUIES AANSTEL VIR GEBIEDE BUITE REGSGEBIED VAN KAPTEIN OF HOOFMAN
4. GEBRUIKLIKE HUWELIK
5. BEËINDIGING VAN AANSTELLING

1. KAPTEINS EN HOOFMANNE

111

Kapteins en hoofmanne is reeds bepaal.

2. TOEREIKENDE GETAL OFFISIËLE GETUIES AANSTEL

'n "Offisiële getuie" word in die Kwazulu Wetboek as "n persoon as sodanig aangestel kragtens artikel 41 om te fungeer by die viering van gebruiklike huwelike" omskryf. ¹¹²

Die hooftaak van 'n offisiële getuie is om die pligte vervat in artikel 42 van die Kwazulu Wetboek, uit te voer.

Die Kwazulu Wetboek beperk nie die getal offisiële getuies wat deur 'n kap-

tein of hoofman aangestel mag word nie. Die enigste vereiste is dat 'n toereikende getal offisiële getuies aangestel moet word en 'n toereikende getal sal aan hand van die behoeftes van die stam of gemeenskappe, onder beheer van die kaptein bepaal word.

Die wyse waarop en wie as offisiële getuies aangestel word, is nie bepaal nie. Die bedoeling is blykbaar dat 'n individuele kaptein of hoofman daarvoor sal besin. In Cebekulu v Cebekulu was die offisiële getuie nie beskikbaar nie, en het 'n ander persoon namens hom by die viering as 'n offisiële getuie opgetree. Almal het laasgemelde persoon as die offisiële getuie aanvaar en die hof het beslis dat 'n geldige gebruiklike huwelik tot stand gekom het. Die hof meld onder meer dat "as this office (official witness) is a public one there is a presumption that the person acting in it has been properly appointed and this presumption is a very strong one indeed". Omdat die persoon oor 'n tydperk van dertien jaar telkemale namens die offisiële getuie opgetree het, is ook aangedui dat die kaptein hom stilswyend aangestel het.

'n Kaptein of hoofman kan 'n offisiële getuie slegs in die gebied wat onder sy beheer is, dit wil sê sy stamgebied, aanstel.

3. MAGISTRAAT OFFISIËLE GETUIES AANSTEL VIR BUIE REGSGEBIED VAN KAPTEIN OF HOOFMAN

Hierdie is 'n administratiewe bevoegdheid wat aan 'n magistraat verleen is, sodat die vereiste gestel in artikel 42(1)(c) van die Kwazulu Wetboek nagekom kan word in dorpe of gebiede wat nie binne die regsgebied van 'n kaptein

122
val nie.

4. GEBRUIKLIKE HUWELIK

123
'n Gebruiklike huwelik is reeds bepaal.

5. BEËINDIGING VAN AANSTELLING

Alhoewel 'n magistraat nie die aanstelling van 'n offisiële getuie deur 'n
kaptein of hoofman goedkeur nie, ¹²⁴ is sy goedkeuring nodig indien 'n kap-
tein die aanstelling van enige offisiële getuie wat onder sy regsmag val,
¹²⁵ beëindig. Verder moet 'n kaptein, indien deur die magistraat daartoe ge-
¹²⁶ las, die aanstelling van 'n offisiële getuie beëindig.

'n Offisiële getuie wat deur 'n magistraat aangestel is se diens kan, indien
¹²⁷ grondige redes voorgelê word, deur die magistraat beëindig word.

EVALUERING

Die bepalinge van die artikel lewer nie probleme in die praktyk nie.
Artikel 41(2) van die Kwazulu Wetboek bevat 'n effektiewe kontrolemaatreël
in die gevalle waar vooroordele by kapteins of hoofmanne aanwesig mag wees,
¹²⁸ en hulle offisiële getuies se aanstellings wil beëindig.

¹²⁹
Probleme wat mag ontstaan kan effektief deur die regspraak opgelos word.

Pligte van offisiële getuies.

42. Die offisiële getuie moet in 'n vroeë stadium van die plegtigheid die vrou in die openbaar vra (sic) of dit uit eie vrye wil en met haar toestemming is dat sy die gebruikelike huwelik met die voorgename eggenoot aangaan. Indien die vrou weier om haar toestemming aan te kondig, of verklaar dat sy nie instem nie, of andersins onwillig skyn te wees om die voorgename huwelik aan te gaan, moet die offisiële getuie onverwyld alle verrigtings in verband met die plegtigheid verbied en, indien nodig, die vrou onder sy beskerming neem en die saak onmiddellik aan die Kommissaris of Magistraat rapporteer.

Die bepalings van artikel 42 is duidelik en geen kommentaar word benodig nie. Daar moet in gedagte gehou word dat indien die vrou weier om haar toestemming aan te kondig, of te verklaar dat sy nie instem nie, of andersins onwillig skyn te wees om die voorgename gebruikelike huwelik aan te gaan, nie aan die vereiste in artikel 38(1)(c) van die Kwazulu Wetboek voldoen word nie, en dus geen gebruikelike huwelik tot stand kom nie.

Bron van lobolo moet in openbaar verklaar word.

43. Op 'n geleë tydstip gedurende die plegtigheid moet die bruidegom of sy vader, of sy famieliehoof, of iemand anders wat die lobolo ten opsigte van die huwelik bygedra het aan die offisiële getuie in die openbaar die bron of bronne verklaar waaruit die lobolo geneem of verkry is, ten einde die onderstaande besonderhede daar en dan vas te stel en te bepaal met die oog daarop om dit daarna aan te teken in die register in artikel 44 vermeld -
- (a) die lobolo betaalbaar aan en werklik ontvang deur die party wat daarop geregtig is;
 - (b) die bron waaruit die lobolo verkry is;
 - (c) waar skuld gemaak is ten opsigte van die betaalde lobolo, die naam van die persoon of huis waaraan dit terugbetaal moet word en die wyse van terugbetaling;
 - (d) waar enige saldo van lobolo nog verskuldig is, die tyd wanneer en wyse waarop dit betaal moet word;
 - (e) as geen lobolo betaal is nie, die aard van die ooreenkoms waarvolgens die verpligting, indien enige, nagekom moet

word;

- (f) as daar 'n affiliasie van die eggenote gaan wees, die naam van die vrou aan wie se huis sy geaffilieer word en die doel van sodanige affiliasie; en
- (g) as die verbinding 'n ukuvusa (sic) gaan wees, die naam van die oorledene en die doel waarvoor sodanige huwelik aangegaan word.

Register van gebruiklike huwelik.

- 44. 'n Register van gebruiklike huwelike word in die kantoor van die Kommissaris of Magistraat bygehou in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 1 van hierdie Wet en is te alle paslike tye kosteloos ter insae van iedereen wat belang het by enige inskrywing daarin.

Die bepalinge van artikels 43 en 44 is duidelik, en geen verdere kommentaar word benodig nie.

Registrasie van gebruiklike huwelike.

- 45. (1) Binne een maand na die viering van enige gebruiklike huwelik, moet die offisiële getuie wat die viering ingevolge artikel 40(1) bygewoon het, die deelgenote van so 'n gebruiklike huwelik en die vaders of voogde van minderjarige deelgenote of, indien nodig, die verteenwoordigers van sodanige vaders of voogde by die kantoor van die Kommissaris of Magistraat vergesel om al die inligting te verstrek wat nodig is ten einde sodanige registrasie op 'n behoorlike en deeglike wyse te laat geskied. Die deelgenote onderteken die register nadat die inskrywings daarin aan hulle verduidelik is.
- (2) Die Kommissaris of Magistraat kan na die verstryking van een maand, die registrasie van enige gebruiklike huwelik wat nog nie geregistreer is nie met of sonder die verskyning van die deelgenote, hulle vaders of voogde of hul verteenwoordigers of die offisiële getuie gelas.
- (3) Registrasie van 'n gebruiklike huwelik in 'n register van gebruiklike huwelike word aanvaar as afdoende bewys van daardie huwelik, en sodanige registrasie kan bewys word deur die voorlegging van die register of van 'n afskrif van die betrokke inskrywing daarin, gesertifiseer deur die beampte in wie se bewaring sodanige register gehou word.
- (4) Die juistheid van 'n inskrywing in 'n register van gebruiklike huwelike betreffende enige verpligting op 'n huis wat ont-

staan deur of by die totstandbrenging daarvan, kan binne een jaar na so die Kommissaris of Magistraat in teenwoordigheid van die belanghebbende partye betwis word deur iemand wat 'n direkte belang by so 'n inskrywing het.

- (5) Iedereen wat, met die doel om dit in die register van gebruiklike huwelike te laat inskryf, enige valse bewering of verklaring maak of laat maak met betrekking tot enige saak in verband met 'n verpligting op 'n huis wat ontstaan uit of veroorsaak word deur 'n gebruiklike huwelik, is skuldig aan 'n misdryf.
- (6) Die blote feit dat 'n gebruiklike huwelik nie ingevolge subartikel (1) geregistreer is nie affekteer op geen wyse die geldigheid van sodanige gebruiklike huwelik nie en in die geval van 'n dispuut is bewys van die vereistes genoem in artikel 38(1) ook bewys van die bestaan van sodanige gebruiklike huwelik.

Die bepalings van artikel 45 is duidelik en slegs die volgende artikelkomponente word bespreek:

1. NIE-REGISTRASIE VAN GEBRUIKLIKE HUWELIK
2. REGISTRASIE AFDOENDE BEWYS VAN GEBRUIKLIKE HUWELIK
3. JUISTHEID VAN REGISTER BETREFFENDE VERPLIGTINGS VAN 'n HUIS

1. NIE-REGISTRASIE VAN GEBRUIKLIKE HUWELIK

Dit kan gebeur dat die offisiële getuie en die partye tot die gebruiklike huwelik nalaat om die huwelik te registreer. Ons howe het besluit dat die
131
nie-registrasie nie die geldigheid van die gebruiklike huwelik raak nie.

Die partye sal deur die gebruik van veral mondelinge getuienis moet bewys
132
dat wel aan die vereistes van artikel 38(1) voldoen is.

2. REGISTRASIE AFDOENDE BEWYS VAN GEBRUIKLIKE HUWELIK

Hierdie aspek word duidelik in artikel 45(3) uiteengesit, maar Bekker¹³³ (1989) dui aan dat "the register may be impugned by proof that the registration of a union was procured by fraud or mistake".

3. JUISTHEID VAN REGISTER BETREFFENDE VERPLIGTINGS VAN 'N HUIS

Die feit dat artikel 45(4) bepaal dat in 'n tydperk van een jaar belanghebbende partye 'n inskrywing betreffende enige verpligting op 'n huis¹³⁴ wat ontstaan deur of by die totstandbringings daarvan kan betwis, beteken dat die register nie noodwendig afdoende bewys is van die inskrywings daarin vervat nie. Die stelreël omnia praesumuntur rite esse acta is van toepassing, en indien die inskrywing in dispuut nie voldoende deur genoegsame getuienis bewys word nie, sal die register aanvaar word as bewys¹³⁵ van die inskrywings.

Na afloop van 'n jaar kan die inskrywings nie meer betwis word nie. Die belanghebbende party se "dilatoriness will be held against him if, when the fact becomes an issue in a civil action, he then seeks to impugn its¹³⁶ correctness".

EVALUERING

Die bepalings van artikel 45 is duidelik en in daardie gevalle waar onsekerheid heers,³⁷ is die implikasies en gevolge duidelik deur ons skrywers en howe uiteengesit.

Sertifikaat van gebruiklike huwelik moet gratis uitgereik word.

46. Die deelgenote van 'n gebruiklike huwelik moet by behoorlike registrasie van die huwelik elkeen deur die registrerende beamppte gratis voorsien word van 'n sertifikaat van die huwelik in die vorm in Aanhangsel 2 van hierdie Wet voorgeskryf.

Registrasie van lobolo betaal na gebruiklike huwelik.

47. Enige betaling van lobolo na die registrasie van 'n gebruiklike huwelik kan in teenwoordigheid van die belanghebbende partye of hul verteenwoordigers in die register vermeld in artikel 44 ingeskryf word.

Die bepalings van artikels 46 en 47 is duidelik en geen kommentaar word benodig nie.

Gronde vir egskeiding ten opsigte van gebruiklike huwelike.

48. (1) 'n Egskeidingszaak ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik kan deur sowel die een as die ander deelgenoot op enige van onderstaande gronde ingestel word -

- (a) owerspel deur die ander deelgenoot;
- (b) voortdurende weiering deur die ander deelgenoot om huweliksregte te verleen;
- (c) moedswillige of kwaadwillige verlating deur die ander deelgenoot;
- (d) voortdurende ernstige wangedrag deur die ander deelgenoot;
- (e) dat die ander deelgenoot 'n tydperk van gevangenisstraf van minstens vyf jaar uitdien;
- (f) dat toestande sodanig is dat dit die voortdurende saamlewe van die deelgenote ondraaglik en gevaarlik maak.

- (2) Die eggenote by gebruiklike huwelike kan daarbenewens 'n egskeidingszaak teen haar eggenoot instel op grond van -

- (a) ernstige wreedheid of mishandeling deur haar eggenoot;
- (b) aantygings van towery of ander ernstige beskuldigings deur die eggenoot teen haar ingebring.

Artikel 48 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GRONDE VIR EGSKEIDING BESKIKBAAR VIR BEIDE DEELGENOTE

1.1 Owerspel

1.2 Voortdurende weiering om aan huweliksregte te voldoen

1.3 Moedswillige of kwaadwillige verlating

1.4 Voortdurende ernstige wangedrag deur die ander deelgenoot

1.5 Gevangenisstraf van minstens vyf jaar

1.6 Toestande sodanig is dat dit die voortdurende saamlewe ondraaglik en gevaarlik maak

2. ADDISIONELE GRONDE BESKIKBAAR VIR 'n VROULIKE DEELGENOOT

2.1 Ernstige wreedheid of mishandeling

2.2 Aantygings van towery of ander ernstige beskuldigings

1. GRONDE VIR EGSKEIDING BESKIKBAAR VIR BEIDE DEELGENOTE

Alhoewel die egskeidingsgronde verskil van die tradisionele gronde vir ontbinding van 'n gebruiklike huwelik, ¹³⁸ vorm hulle 'n vasgestelde en duidelike eenheid, en 'n litigant sal in sy aansoek slaag mits hy voldoende bewys lewer dat een of meer van die gronde aanwesig is.

Die forum vir 'n egskeidingsaksie ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik is ¹³⁹ die magistraatshof, en die aksie kan deur sowel die een of die ander ¹⁴⁰ deelgenoot ingestel word. 'n Kapteinshof is nie bevoegd om 'n gebruiklike ¹⁴¹ huwelik te ontbind nie.

Die egskeidingsgronde geënumereer in artikels 48(1)(a), (b), (c) en (e) kom in 'n groot mate met die gronde vir egskeiding ten opsigte van siviele

huwelike wat in die Suid-Afrikaanse gemeneereg gegeld het tot en met die¹⁴²
inwerkingtrede van die Wet op Egskeiding No 70 van 1979, ooreen.

1.1 Owerspel

Die term "owerspel" is nie in die Kwazulu Wetboek omskryf nie. Volgens die Suid-Afrikaanse gemeneereg is dit die "vrywillige geslagsverkeer tussen 'n getroude persoon en 'n ander persoon wat nie eersgenoemde se eggenoot of¹⁴³
eggenote is nie".

'n Eggenoot wat 'n derde verkrag, pleeg owerspel, maar 'n eggenote wat verkrag word deur 'n derde pleeg nie owerspel nie, aangesien die geslagsverkeer nie¹⁴⁴
vrywillig is nie.

Indien die ander deelgenoot owerspel oogluikend toegelaat het of¹⁴⁵
gekondoneer het, verval die egskeidingsgrond as 'n eisorsaak.

'n Hof sal nie 'n ontbindingsbevel gebaseer op owerspel verleen indien die partye tot die gebruikelike huwelik toestem dat owerspel plaasgevind het¹⁴⁶
nie; die beweerde owerspel moet voldoende bewys word. 'n Enkele daad van owerspel deur die eggenote word gewoonlik ook nie noodwendig as 'n¹⁴⁷
voldoende grond vir ontbinding aanvaar nie.

1.2 Voortdurende weiering om aan huweliksregte te voldoen

Hierdie egskeidingsgrond kom neer op repudiasie van die gebruikelike huwelik, en is 'n geldige grond vir ontbinding van die gebruikelike

huwelik.

1.3 Moedswillige of kwaadwillige verlating

In die Natalse Wetboek van 1967 het die woord "kwaadwillige" ("malicious") nie voorgekom nie. Klaarblyklik is hierdie woord in die Kwazulu Wetboek ingevoeg sodat dit ooreen kan kom met die gemeenregtelike egskeidingsgrond van kwaadwillige verlating.

149

In Ledimo v Ledimo is verklaar dat "kwaadwillige verlating bestaan uit objektiewe en subjektiewe faktore: 'n feitlike weggaan of nie-nakoming van die egtelike verpligting gepaard met 'n vaste voorneme om die huweliksverhouding te beëindig". Hierdie dictum geld ten aansien van moedswillige en kwaadwillige verlating. Die volgende twee vereistes moet aanwesig wees alvorens 'n eiser in sy aksie sal slaag, naamlik:

- (a) 'n factum-vereiste; d.w.s. 'n werklike feitlike verlating deur die verweerder of sodanige gedrag as wat 'n verbreking van die gebruiklike huwelik daargestel het; en
- (b) 'n animus-vereiste, naamlik die bedoeling van die skuldige gade om die gebruiklike huweliksverhouding te beëindig.

150

Gevolgtrek fundeer blote tussenpose afwesighede, vergesel met nalatigheid om die ander deelgenoot van die nodige lewensmiddele te voorsien, nie verlating nie. Kom die deelgenote onderling ooreen om apart te woon, onthef die reëling nie die manlike deelgenoot van sy verpligting om sy eggenote te onderhou nie, en is 'n egskeidingsbevel, gebaseer op grond van moedswillige verlating en weiering om huweliksregte te verleen, uitge-

151

reik.

1.4 Voortdurende ernstige wangedrag deur die ander deelgenoot

Die Kwazulu Wetboek omskryf nie wat die aard van die wangedrag moet wees nie. In Mdukuza v Malibase¹⁵³ is beweer dat die vrou gereeld laat tuiskom na die bywoning van bierpartye, dat sy ongehoorsaam en gevaarlik is, en dat sy by een geleentheid haar man se klere aan die brand gestee het. Die hof het beslis dat haar gedrag nie op voortdurende ernstige wangedrag neerkom nie, aangesien die voorkoms van geïsoleerde insidente oor 'n uitgebreide tydperk nie genoegsame gronde bied vir so 'n aanklag nie.

1.5 Gevangenisstraf van minstens vyf jaar

In 'n besondere geval¹⁵⁵ was die respondent ter dood veroordeel. Sy vonnis was, sonder medewete van sy vroulike deelgenoot, versag en hy het elf jaar gevangenisstraf gedien. Na sy vrylating het eiseres 'n aksie om ontbinding van die gebruikelike huwelik ingestel. Die hof was tevrede dat sy binne 'n redelike tyd ageer het, en beslis dat "though these misdeeds were not directed against her personally they directly resulted in the state of affairs which entitled her to a divorce".¹⁵⁶

1.6 Dat toestande sodanig is dat dit die voortdurende samelewe ondraaglik en gevaarlik maak¹⁵⁷

Artikel 48(1)(f) van die Natalse Wetboek van 1987¹⁵⁷ gebruik die woorde "ondraaglik of gevaarlik maak", terwyl die Zulu-teks van die Kwazulu

Wetboek van 1985 die woorde "kakusebekezeleki noma sekunengozi", gebruik.
 158
 "Noma" beteken "of". Die Engelse teks gebruik die term "or". Aangesien
 die Natalse Wetboek van 1987 in die Afrikaanse en Engelse tale ook die
 159
 woorde "of" en "or" onderskeidelik gebruik, is dit duidelik dat die kor-
 160
 rekte woord in die Afrikaanse taal "of" moet wees.

161
 In Mbhata v Mbhata is dit gestel dat die gronde van egskeiding, geënume-
 reer in artikel 48, onbekend aan Zoeloereg was, en dat die wetgewer nie
 bedoel het om egskeidings te beperk tot dié wat bekend is aan ons gemenereg
 162
 nie. Chadwick J meld onder andere in Dikazana v Nozinga dat "I think
 when it comes to the knowledge of the court that a man and a woman cannot
 live together in harmony, that it is much better that they should be
 separated and that the woman should get relief".

Ingevolge hierdie egskeidingsgrond is egskeidings toegestaan waar bewys is
 dat die gebruiklike huwelik ongelukkig ("unhappy") is en dat die deelgenote
 163
 gedurig stry, en dat melaatsheid van een van die party die voortdurende
 164
 samelewe ondraaglik en gevaarlik maak.

2. ADDISIONELE GRONDE BESKIKBAAR VIR 'n VROULIKE DEELGENOOT

Benewens die gronde van egskeiding wat aan beide deelgenote beskikbaar
 165
 is, is daar twee addisionele gronde van egskeiding aan vroulike deelge-
 166
 note beskikbaar.

2.1 Ernstige wreedheid of mishandeling

Ons howe se uitgangspunt is dat afdoende bewys van ernstige wreedheid of mishandeling voorgelê moet word,¹⁶⁷ alvorens 'n aksie om 'n egskeiding sal slaag.¹⁶⁸

2.2 Aantygings van towery of ander ernstige beskuldigings

'n Aantying van towery is 'n grond vir 'n egskeiding ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik,¹⁶⁹ maar die aantying moet deur die eggenoot gemaak word, of indien die aantying deur 'n derde party gemaak is, moet die eggenoot hom uitdruklik of stilswyend daarmee vereenselwig.¹⁷⁰

EVALUERING

Artikel 48 is duidelik deur ons skrywers en howe uiteengesit, en ek vereenselwig my met hulle uiteensetting.

Gronde vir nietigverklaring van gebruiklike huwelik.

49. 'n Deklarasie van nietigverklaring ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik kan aangevra word vir en verkry word deur of ten behoeve van sowel die een as die ander deelgenoot op enige van onderstaande gronde -

- (a) kranksinnigheid van die ander deelgenoot ten tyde van die viering van die huwelik;
- (b) impotensie of ander permanente (sic) liggaamlike gebrek by die ander deelgenoot waardeur die volvoering van die huwelik verhinder word;
- (c) die afwesigheid van enige van die vereistes van 'n gebruiklike huwelik soos in artikel 38(1) uiteengesit;

- (d) die feit dat die vrou ten tyde van die viering van die huwelik kragtens 'n siviele huwelik of gebruikelike huwelik die eggenote, van 'n ander man was; of
- (e) die feit dat die man die eggenoot van 'n ander vrou kragtens 'n siviele huwelik was:

Met dien verstande dat 'n deklarasie van nietigverklaring ten opsigte van 'n gebruikelike huwelik op grond van die kranksinnigheid van een van die deelgenote nie verkry kan word nie tensy die feit van sodanige kranksinnigheid onbekend was aan die ander deelgenoot ten tyde van die viering van die huwelik en tensy die saak ingestel word binne 'n redelike tyd na die viering van die huwelik.

Artikel 49 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. KRANKSINNIGHEID TEN TYDE VAN DIE VIERING VAN DIE HUWELIK
2. IMPOTENSIE
3. AFWESIGHEID VAN ENIGE VAN DIE VEREISTES VIR 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK
4. VROU REEDS 'n EGGENOTE VAN 'n ANDER MAN KRAGTES 'n SIVIELE OF GEBRUIKLIKE HUWELIK
5. MAN REEDS DIE EGGENOOT VAN 'n ANDER VROU KRAGTENS 'n SIVIELE HUWELIK

1. KRANKSINNIGHEID TEN TYDE VAN DIE VIERING VAN DIE HUWELIK

Artikel 49(a), gelees met die voorbehoudsbepaling tot artikel 49, is duidelik.
171

2. IMPOTENSIE

Impotensie is 'n grond vir die nietigverklaring van 'n gebruikelike huwelik.
172

3. AFWESIGHEID VAN ENIGE VAN DIE VEREISTES VIR 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK

By ontstentenis van enige van die vereistes van 'n gebruiklike huwelik is die gebruiklike huwelik nietig ¹⁷³ ab initio.

4. VROU REEDS 'n EGGNOTE VAN 'n ANDER MAN KRAGTENS 'n SIVIELE OF GEBRUIKLIKE HUWELIK

Artikel 35(2) bepaal dat 'n deelgenoot van 'n meervoudige gebruiklike huwelik ¹⁷⁴ nie 'n siviele huwelik mag aangaan nie. Indien die vrou 'n party tot 'n siviele huwelik is, is die sluiting van 'n tweede siviele huwelik volgens die ¹⁷⁵ gemenerereg 'n misdad, te wete bigamie.

5. MAN REEDS DIE EGGNOOT VAN 'n ANDER VROU KRAGTENS 'n SIVIELE HUWELIK

Artikel 36(4) bepaal dat 'n manlike persoon nie 'n gebruiklike huwelik met 'n ¹⁷⁶ ander vrou gedurende die bestaan van 'n siviele huwelik mag sluit nie. Indien die manlike persoon 'n party tot 'n siviele huwelik is, is die sluiting van 'n tweede siviele huwelik volgens die gemenerereg 'n misdad, te wete ¹⁷⁷ bigamie.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 49 is duidelik, en die toepassing daarvan lewer nie probleme in die praktyk nie.

Pligte van partye wat egskeiding verlang.

50. (1) 'n Eggenote (sic) wat van haar eggenoot wil skei, moet, wanneer sy haar eggenoot se familiewoning verlaat, dadelik die persoon wat lobolo vir haar ontvang het, indien enige, of sy regsopvolger in kennis stel, en by verklaring van haar weiering om met haar eggenoot saam te leef en haar voorneme om te skei, moet sodanige persoon so spoedig (sic) doenlik probeer om die deelgenote met mekaar te versoen en indien die poging tot versoening misluk, kan die eggenote, in die hof van die Kommissaris of Magistraat stappe neem vir die verkryging van 'n egskeiding.

(2) 'n Eggenoot wat wil skei, moet die persoon wat lobolo vir die vrou ontvang het of sy regsopvolger van sy voorneme in kennis stel, welke persoon so spoedig doenlik 'n poging moet aanwend om die deelgenote met mekaar te versoen en indien die poging tot versoening misluk, kan die eggenoot in die hof van die Kommissaris of Magistraat stappe neem vir die verkryging van 'n egskeiding.

Artikel 50 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VERSOENING

2. FORUM VIR EGSKEIDINGSAKSIE IN 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK

1. VERSOENING

Alvorens 'n vroulike ¹⁷⁸ of manlike ¹⁷⁹ deelgenoot aan 'n gebruiklike huwelik 'n aksie vir egskeiding instel, is dit noodsaaklik dat 'n versoeningspoging moet plaasvind. ¹⁸⁰ Die persoon wat die lobolo vir die eggenote ontvang het, of sy regsopvolger, is die aangewese persoon wat moet probeer om die twee deelgenote te versoen.

Indien die poging tot versoening misluk, kan die eggenote ¹⁸¹ of die eggenoot ¹⁸² die aksie om egskeiding instel.

Indien 'n aksie om egskeiding voor die versoeningspoging ingestel word, sal
 die geding uitgestel word om aan die versoeningsverpligting te voldoen;
 indien dit misluk, mag met die egskeidingsgeding voortgegaan word.

Die versoeningsverpligting verval indien die eggenote verdwyn het en nie
 opgespoor kan word nie.

Bekker en Coertze (1982) dui verder aan dat indien 'n lobolo-ontvanger of
 sy regsopvolger deur 'n eggenoot in kennis gestel is van sy voorneme om 'n
 egskeidingsgeding in te stel, maar hy bly in gebreke of weier om 'n
 versoeningspoging te bewerkstellig, dit blykbaar as 'n mislukte poging
 beskou sal word, en die eggenoot mag met die instelling van die aksie
 voortgaan.

2. FORUM VIR EGSKEIDINGSAKSIE IN 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK

'n Egskeidingsaksie ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik word in die
 magistraatshof, wat met die nodige jurisdiksie bekleë is, ingestel.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 50 is duidelik en ek vereenselwig my met die me-
 nings en beslissings van ons skrywers en hofe.

Bevele met betrekking tot lobolo.

51. Ondanks die bepalinge in artikel 54 vervat, word geen bevel om
 lobolo terug te gee of te verbeur in enige geding vir die
 ontbinding van 'n gebruiklike huwelik toegestaan nie, tensy die

persoon wat lobolo vir die vrou ontvang het of sy regsopvolger as 'n party by die geding gedagvaar is nie.

Artikel 51 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ONDANKS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 54
2. LOBOLO-ONTVANGER OF SY REGSOPVOLGER AS PARTY TOT GEDING DAGVAAR

1. ONDANKS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 54

Die bepalinge van artikel 54(b), naamlik dat 'n hof duidelike en uitdruklike bevel met betrekking tot die teruggawe van lobolo aan die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger moet gee, is imperatief, maar die bevel kan slegs gegee word indien die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger as 'n party by die eg-skeidingsgeding gedagvaar word.

'n Gebruiklike huwelik is 'n siviele kontrak tussen die toestemmende deelge-
 188
 note, en een van die deelgenote kan, nadat aan die versoeningsverplig-
 ting voldoen is, die ander party om 'n egskending in die magistraatshof dag-
 189
 vaar.

Die lobolo-ooreenkoms is 'n ooreenkoms tussen die vader of voog (lobolo-
 190
 ontvanger van die vrou en die eggenoot (of sy vader/voog), en derhalwe
 is dit nodig dat die lobolo-ontvanger (of sy regsopvolger) as 'n party tot
 191
 die egskendingsgeding gedagvaar moet word, mits die eggenoot die terug-
 gawe van die lobolo-beeste (of 'n gedeelte daarvan) eis. Indien die egge-
 noot slegs 'n aksie om ontbinding van die gebruiklike huwelik instel, daag
 192
 hy sy eggenote as alleen-verweerder.

2. LOBOLO-ONTVANGER OF SY REGSOPVOLGER AS PARTY TOT GEDING DAGVAAR

193

Daar is aangedui dat die lobolo-ontvanger 'n party is tot die ooreenkoms om lobolo te lewer en dat hy dus in sy hoedanigheid as medeverweerder gedagvaar moet word deur die eggenoot, indien laasgemelde die lobolo (of 'n ¹⁹⁴deel daarvan) met die instelling van die egskedingsaksie terug eis.

Indien die lobolo-ontvanger oorlede is, is sy regsopvolger die aangewese ¹⁹⁵persoon wat gedagvaar moet word.

196

Olivier et al (1981) is ook van mening dat 'n eggenoot, nadat hy 'n egskedingsbevel teen sy eggenote verkry het, 'n afsonderlike aksie teen die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger kan instel vir die teruggawe van die ¹⁹⁷gelewerde lobolo.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 51 is duidelik en ek vereenselwig my met die menings en beslisinge van ons skrywers en houe.

Teruggawe van lobolo.

52. Die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik deur egskeding moet, uitgesonderd in die geval van 'n dekreet in 'n regsding van die eggenote op grond van onregmatige dade, wandade of nalatigheid van die eggenoot, vergesel gaan van die teruggawe aan die eggenoot van minstens een bees of die waarde daarvan deur die persoon wat lobolo vir die vrou ontvang het of sy regsopvolger waar hy gedagvaar is soos in artikel 51 bepaal word.

Artikel 52 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. EGSKEIDINGSBEVEL VERGESEL GAAN VAN DIE TERUGGAWE VAN MINSTENS EEN BEES OF DIE WAARDE DAARVAN
2. UITGESONDERD IN DIE GEVAL VAN 'n DEKREET IN 'n REGSGEDING VAN DIE EGGENOTE OP GROND VAN ONREGMATIGE DADE, WANDADE OF NALATIGHEID VAN DIE EGGENOOT

1. EGSKEIDINGSBEVEL VERGESEL GAAN VAN DIE TERUGGAWE VAN MINSTENS EEN BEES OF DIE WAARDE DAARVAN

198

Stafford en Franklin dui aan dat die beginsel beliggaam in artikel 51 in ooreenstemming met Zoeloereg is, want die teruggawe van 'n bees is "the visible symbol of dissolution".

'n Egskeidingsbevel waarin beveel word dat 'n bees (of meer lobolo) teruggee moet word, is slegs moontlik indien die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger as mede-verweerder gedagvaar word.¹⁹⁹ Die hof kan nie suo moto beveel dat lobolo teruggegee moet word nie.²⁰⁰

Die algemene reël is dat indien die eggenoot 'n egskeidingsaksie ingestel het, en die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger as mede-verweerder gedagvaar is, sal die hof beveel dat minstens een bees aan hom teruggegee word,²⁰¹ maar die bepaling van artikel 52 is nie imperatief nie.²⁰² Die hof het 'n diskresie waar dit duidelik is dat die skuld vir die verbrokkeling van die gebruikelike huwelik aan die ander deelgenoot toegeskryf kan word,²⁰³ in watter geval die teruggawe van meer as een bees beveel kan word.²⁰⁴

In gevalle waar die eggenote 'n egskeidingsgeding instel en dit blyk dat albei deelgenote skuld het, maar die uitsonderingsklousule gemeld in artikel 52 nie van toepassing is nie, ²⁰⁵ het die hof steeds 'n diskresie in verband met die teruggawe van die lobolo. ²⁰⁶

2. UITGESONDERD IN DIE GEVAL VAN 'N DEKREET IN 'N REGSGEDING VAN DIE EGGENOTE OP GROND VAN ONREGMATIGE DADE, WANDADE OF NALATIGHEID VAN DIE EGGENOOT

In die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is die woorde "wrongful acts, misdeeds or omissions" gebruik. ²⁰⁷ Die woorde "nalatigheid" en "omissions" ²⁰⁸ verskil in betekenis. Wat presies onder die begrip "onregmatige daade, wandade of nalatigheid" verstaan word, is nie duidelik nie. Daar is onder meer beslis dat verwaarlosing van 'n eggenote nie 'n onregmatige daad of wan- ²⁰⁹ daad is nie, ²¹⁰ maar dat owerspel, ²¹¹ of die weiering van huweliksregte, ²¹² 'n onregmatige daad is. Gevangenisstraf ²¹³ en voortdurende twiste wat tot die verbrokkeling van die gebruikelike huwelik lei, ²¹⁴ is as wandade bestempel.

Wanneer 'n aksie deur die eggenote ingestel word, ²¹⁵ en die hof 'n egskeidingsbevel weens die "onregmatige daade, wandade of nalatigheid" van die eggenoot verleen, moet die hof beveel dat al die reeds gelewerde lobolo ²¹⁶ verbeur word, dit wil sê, geen lobolo word teruggegee nie.

EVALUERING

Die betekenis van die begrip "onregmatige daade, wandade of 'n nalatigheid"

(²¹⁷"wrongful acts, misdeeds or omissions"), is onduidelik. Die woorde
²¹⁸"onregmatige daad" en "wrongful acts" kom ooreen, en die twee woorde
 verwys in die reël na die gebied van die reg insake die onregmatige
²¹⁹daad.

"Wandade" ("misdeeds") is nie 'n woord wat algemeen in die regstaal voorkom
 nie. Dit het 'n breë betekenis en sluit in "barbaarse, slegte, verkeerde
²²⁰daad; wanpraktyke; wangedrag". Dit verwys nie noodwendig na strafreg-
 telike oortredings nie, en gevalle van "wandade" kan selfs "onregmatige
²²¹daad" fundeer. Vanuit die gerapporteerde hofbeslissings, blyk die
 woord "wandade" na ander handelinge wat nie op "onregmatige daad" neerkom
 nie, te verwys.

Die woorde "nalatigheid" en "omissions" kom nie ooreen nie. "Nalatigheid"
²²²word in Engels as "negligence" vertaal, terwyl "omissions" in Afrikaans
 as 'n "nalate, late, versuim of nie-doen" vertaal word. ²²³Dit blyk dat dit
²²⁴die bedoeling van die wetgewer was om die woord "omissions" te gebruik,
²²⁵maar die gebruik daarvan is onnodig. Boberg meld in die verband dat
 "today it is accepted that an omission amounts to conduct no less than a
 positive act does". "Nalatigheid" ("omissions") kan dus in artikel 52 ge-
 skrap word.

Verder blyk dit dat ons howe by die bepaling van watter deelgenoot vir die
 verbroekeling van die gebruiklike huwelik verantwoordelik is, die
²²⁶skuldbeginsel toepas. Die begrip "onregmatige daad (of) wandade" is 'n
 aanwysing wat toegepas word om te bepaal of die eggenoot die skuldige deel-
 genoot is. Die "onregmatige daad (of) wandade" hoef inderdaad nie teen die

vroulike deelgenoot gerig te word nie; dit kan teen derdes gerig wees, maar dit moet 'n aanleidinggewende faktor tot die verbrokkeling van die gebruiklike huwelik wees. ²²⁷ Die begrip sluit dan ook misdrywe in wat teen die eggenote of teen derdes gepleeg is, en wat aanleiding tot die verbrokkeling van die huwelik gee. ²²⁸ Dit blyk dus dat die woord "wandade" ²²⁹ betrekking het op "misdrywe".

Voorts vereenselwig ek my met die uiteensetting van artikel 52 soos deur ons skrywers en die hof aangedui.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat in artikel 52 die begrip "onregmatige daade, wandade of nalatigheid" vervang word met die woorde "onregmatige daade of misdrywe".

Toesig oor minderjarige kinders.

53. By die ontbinding van enige gebruiklike huwelik kan die hof sodanige bevel uitreik met betrekking tot die toesig en onderhoud van die minderjarige kinders uit sodanige huwelik gebore as wat billik en dienstig is.

Duidelike en uitdruklike bevele moet gegee word met betrekking tot sekere aangeleenthede.

54. Wanneer 'n egskeidingsbevel toegestaan word, moet die hof duidelik en uitdruklike bevele en opdragte gee wat betref onderstaande sake -

- (a) behoudens die bepalinge van artikel 27(5) die toesig van die minderjarige kinders van die huwelik en enige nodige voorsiening vir hul onderhoud;
- (b) die getal beeste, indien daar is, wat deur die persoon wat lobolo vir haar ontvang het of sy regsopvolger, indien sodanige persoon gedagvaar is as 'n party ingevolge artikel 51 aan die eggenoot teruggegee moet word.

Artikels 53 en 54 word in die volgende artikelskomponente bespreek:

1. BY ONTBINDING VAN ENIGE GEBRUIKLIKE HUWELIK KAN HOF BEVEL UITREIK
2. WANNEER 'n EGSKEIDINGSAKSIE TOEGESTAAN WORD MOET HOF BEVEL UITREIK
3. MINDERJARIGE KINDERS
4. TOESIG EN ONDERHOUD
 - 4.1 Voogdy
 - 4.2 Toesig
 - 4.3 Onderhoud
5. LOBOLO TERUGBETAALBAAR

1. BY ONTBINDING VAN ENIGE GEBRUIKLIKE HUWELIK KAN HOF BEVEL UITREIK

Artikel 36(1) bepaal onder meer dat 'n gebruiklike huwelik voortduur tot die oorlyde van die eerssterwende deelgenoot, tensy dit eerder deur 'n bevoegde hof nietig verklaar of ontbind word.

By die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik deur die oorlyde van die eerssterwende deelgenoot, is geen bevel van 'n hof nodig nie. ²³⁰ Indien 'n egskeidingsbevel toegestaan word, is artikel 54 van toepassing.

²³¹ 'n Deklarasie van nietigverklaring ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik, ontbind nie die gemelde huwelik nie. ²³² So 'n huwelik is nietig ab initio.

Artikel 55 verwys na die bevel wat 'n hof by die nietigverklaring van 'n gebruiklike huwelik mag uitreik.

²³³ Die woord "kan", in artikel 53, dui aan dat die bepaling direktief is, ²³⁴ en dit is in stryd met die woord "moet" wat in artikel 54 gebruik word.

2. WANNEER 'n EGSKEIDINGSAKSIE TOEGESTAAN WORD MOET HOF BEVEL UITREIK

Die woord "moet"²³⁵ dui aan dat die bepalinge van artikel 54 imperatief is.²³⁶ Wanneer 'n hof 'n gebruikelike huwelik ontbind deur 'n egskeidingsaksie toe te staan, moet dit duidelike en uitdruklike bevels gee met betrekking tot die sake in artikel 54(a) en (b) gemeld. Die hof sal so 'n beslissing slegs lewer indien die aspek gemeld in artikel 54(a) en (b) in geskil is.²³⁷

3. MINDERJARIGE KINDERS

Minderjarige kinders van die gebruikelike huwelik verwys na manlike of vroulike kinders wat nog nie die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het nie, en ongetroud is.²³⁸

4. TOESIG EN ONDERHOUD

Indien die toesig of onderhoud van die minderjarige kinders in geskil is,²³⁹ is 'n hof genoodsaak om duidelike en uitdruklike bevels en opdragte te gee wat betref die toesig van die minderjarige kinders van die huwelik, en enige nodige voorsiening vir hul onderhoud. Indien dit in geskil is, kan die hof ook uitsluitlike voogdyskap oor die minderjarige kinders uit die huwelik aan die moeder toeken.²⁴⁰

4.1 Voogdy

'n Vader is normaalweg die wettige voog van sy minderjarige kinders gebore

241
 uit 'n gebruikelike huwelik, maar indien goeie redes aangevoer word, kan 'n
 242
 hof voogdyskap oor hierdie kinders aan die moeder toeken. Dit beteken
 243
 dat die vrou die lobolo-geregtigde van vroulike minderjarige kinders is.

4.2 Toesig

Die toesig van die minderjarige kinders uit 'n huwelik kan aan die vroulike
 244
 deelgenoot toegeken word, alhoewel die manlike deelgenoot hulle voog is.

245
 Die feit dat die toesig van minderjarige kinders aan 'n persoon anders as
 die wettige voog toegeken word, beteken nie dat die wettige voog van sy
 246
 regte, byvoorbeeld die reg tot lobolo in sy dogters, ontnem word nie.

Hy verloor wel dié regte indien die voogdyskap aan die moeder toegeken was
 247
 ingevolge artikel 27(5) van die Kwazulu Wetboek.

By die bepaling of die toesig van die minderjarige kinders aan die vroulike
 deelgenoot toegeken moet word, is die oorwegende faktor die belange van die
 248
 kind.

4.3 Onderhoud

Indien die onderhoud van kinders wat aan die toesig van die vroulike
 deelgenoot toegewys is, in geskil is, mag die hof 'n bevel uitreik wat
 bepaal in watter mate die ander deelgenoot tot hul onderhoud moet bydra.

249
 In Kumalo v Dhladhla is aangedui dat:

"The legislature has seen fit to graft on to the Code of Native
 Law a provision which under basic Native Law was unknown and it
 must now be accepted that under Native Law as practised in Natal

an order for maintenance is competent when added to an order for the dissolution of a customary union.

This is apart from any other provision in other statutes for the maintenance of children in need of support and it would seem that the requisites (such as ability to pay, etc.), governing the granting of an order would be those necessary under the Common Law".

5. LOBOLO TERUGBETAALBAAR

250

Mits die teruglewering van lobolo in geskil is, laat die hof hom lei, in die bepaling van die getal beeste wat aan die eggenoot teruggegee moet word, deur die volgende beginsels: (a) die getal beeste gelewer; (b) die aantal kinders uit die huwelik gebore; (c) die skuldbeginsel, dit wil sê die mate van blaam wat op elk van die deelgenote rus; (d) die waarskynlikheid dat die eggenote weer sal trou en, indien wel, die getal beeste wat haar vader of voog waarskynlik vir haar sal ontvang; (e) die lengte van die tydperk wat die twee deelgenote saamgewoon het.

251

Die regsplig rus op die lobolo-ontvanger of sy regmatige opvolger om die lobolo aan die eggenoot terug te lewer, en nie op die vrou nie.

252

EVALUERING

Dit is duidelik dat artikels 53 en 54 nie op tradisionele Zoeloereg gebaseer is nie.

253

'n Gebruiklike huwelik word ontbind deur die dood of 'n egskeidingsbevel, en in beide hierdie gevalle is daar spesifieke bepalings wat geld in verband met voogdy, toesig en die onderhoud van minderjarige kinders uit die huwelik, sowel as ten aansien van die teruglewering van lobolo.²⁵⁴ Daar is ook spesifieke bepalings met betrekking tot die nietigverklaring aan 'n gebruiklike huwelik.²⁵⁵ Dit blyk dus dat die bepalings van artikel 53 oorbodig is en dat dié artikel geskrap kan word.

Die bepalings van artikel 54 is duidelik, en ek vereenselwig myself met die uiteensetting daarvan soos deur ons skrywers en die hof aangedui.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 53 geskrap word.

Bevele van hof by nietigverklaring van gebruiklike huwelik.

55. By nietigverklaring van enige gebruiklike huwelik gelas die hof die teruggawe van die lobolo asook die werklike aanwas van die beeste, en reik sodanige bevel uit as wat hy mag goed vind wat betref die terugbetaling van die werklike koste wat met die huwelik gepaard gaan. Behalwe in die geval waar die vrou ontmaagd is beveel die hof ook dat die ngqutu-bees teruggegee word.

Die bepalings van hierdie artikel is duidelik, en benodig geen kommentaar.²⁵⁶ nie.

Ukungena verbinding.

56. (1) Die vereiste by ukungena is -

(a) dat die verbinding aangegaan word vir die een of ander

van die doeleindes vermeld in die woordomskrywing van *ukungena* in artikel 1;

- (b) dat die verbinding aangegaan word met die vrye toestemming van die vrou;
 - (c) dat dit 'n familiereëling moet wees wat aangegaan moet word met die goedkeuring van die hoof van die familie, en, in die geval van 'n kaptein, waar dit gepaard gaan met die verwekking van 'n erfgenaam van die kapteinskap, met die goedkeuring van die meerderheid van die stam;
 - (d) dat geen lobolo ten opsigte van die verbinding betaal word nie.
- (2) Die afstammelinge uit 'n *ukungena* word gereken asof hulle werklik kinders van die oorlede eggenoot is.
 - (3) 'n *Ukungena* kan te eniger tyd deur sowel die een as die ander party ontbind word.

Artikel 56 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VEREISTES

1.1 Omskrewe doelstelling

1.2 Onderneem deur die oorlede eggenoot se volle of halfbroer of ander manlike familielid aan vaderskant

1.3 Vrye toestemming van die vrou

1.4 Familiereëling

1.5 Geen lobolo betaalbaar

2. KINDERS GEREKEN WERKLIKE KINDERS VAN DIE OORLEDE EGGENOOT

3. ONTBINDING VAN UKUNGENA-VERBINDING

1. VEREISTES

Die *ukungena*-gebruik kom algemeen voor onder die Swart volkere in Suid-Afrika, en die Kwazulu Wetboek reël die aangeleentheid statutêr. Daar word onder meer bepaalde vereistes vir die regsgeldige totstandkoming van 'n

ukungena-verbinding gestel.

1.1 Omskrewe doelstelling

258

Die Kwazulu Wetboek omskryf "ukungena" as "n verbinding met 'n weduwee wat onderneem word ten behoeve van haar oorlede eggenoot deur sy volle of halfbroer of ander manlike familielid van vaderskant vir die doel om -

- (i) ingeval sy geen seun by haar oorlede eggenoot het nie, 'n erfgenaam te verwek om die eiendom of die eiendomsregte wat aan die huis van so 'n weduwee verbonde is, te erf, of
- (ii) ingeval sy sodanige seun het, die nominale nakomeling van die oorledene te vermeerder."

259

Bekker (1989) dui aan dat die hoofdoelmerk van 'n ukungena-verbinding normaalweg is om 'n erfgenaam vir 'n oorlede familiehoof, wat geen seuns het nie, te verwek, terwyl 'n ukuzalela-verbinding aangegaan word om die nominale nakomelinge van die oorledene te vermeerder.

'n Hof moet oortuig wees dat daar onder andere aan die omskrewe doelstelling voldoen is, alvorens bevind sal word dat 'n ukungena-verbinding tot stand gekom het.

260

1.2 Onderneem deur die oorlede eggenoot se volle of halfbroer of ander manlike familielid aan vaderskant

261

262

Ons houe en skrywers dui onomwonde aan dat dit nie gebruikelik is dat 'n manlike persoon, anders as die oorlede eggenoot se volle of halfbroer of

'n manlike familielid aan vaderskant, 'n ukungena-verbinding met die weduwee aangaan nie. Indien dit gebeur, is daar 'n vermoede dat 'n ukungena-verbinding nie aangegaan is nie.²⁶³

In 'n uitsonderlike geval is 'n ukungena-verbinding as geldig beskou alhoewel die manlike persoon 'n nie-verwant was.²⁶⁴

1.3 Vrye toestemming van die vrou

Die vrou se toestemming is 'n vereiste vir die totstandkoming van 'n geldige ukungena-verbinding.²⁶⁵ Met die oorlye van haar eggenoot is die huwelik tussen haar en die oorledene ontbind,²⁶⁶ en is sy 'n meerderjarige.²⁶⁷ Olivier et al (1989)²⁶⁸ is van mening dat sy die keuse van die familieledede van die oorledene kan verwerp. Verkies sy 'n ander familielid, anders as die familieledede se keuse, is 'n ukungena-verbinding steeds onderworpe aan die toestemming van die familieledede.

1.4 Familiereëling

Bekker en Coertze (1982)²⁶⁹ stel dit onomwonde dat 'n ukungena-verbinding "is not valid unless it is sanctioned by the nearest male relatives of the deceased at a meeting of the family group seperaly convened for approving a consort for the widow".²⁷⁰

Indien 'n familiehoof sy toestemming tot 'n ukungena-verbinding onredelik weerhou nadat dit deur 'n familievergadering goedgekeur is, sal 'n hof nie die verbinding ongeldig verklaar nie.²⁷¹

Waar 'n ukungena-verbinding gereël word vir die verwekking van 'n erfgenaam
 vir 'n kapteinskap, is die familiereëling nie voldoende nie; ²⁷² die goed-
 keuring van die meerderheid van die stam moet verkry word. ²⁷³

1.5 Geen lobolo betaalbaar

Indien lobolo betaal word kom geen ukungena-verbinding tot stand nie, maar
²⁷⁴ wel 'n gebruikelike huwelik.

2. KINDERS GEREKEN WERKLIKE KINDERS VAN DIE OORLEDE EGGENOOT

Die kinders uit 'n geldige ukungena-verbinding gebore, word beskou as die
²⁷⁵ werklike kinders van die oorledene. Is die verbinding ongeldig, volg
 dit dat die kinders daaruit gebore nie as dié van die oorledene beskou word
²⁷⁶ nie.

3. ONTBINDING VAN UKUNGENA-VERBINDING

'n Ukungena-verbinding kan te eniger tyd deur óf die vrou óf die betrokke
 man beëindig word. Die tussenkoms van 'n hof is nie nodig om 'n ontbinding
²⁷⁷ te bewerkstellig nie.

²⁷⁸ Olivier et al (1989) dui aan dat 'n ukungena-verbinding nie 'n "huwelik"
 is nie, en daarom is die bepaling met betrekking tot die verlening van 'n
 egskeidingsaksie ten opsigte van 'n gebruikelike huwelik, nie van toepassing
 nie.

EVALUERING

'n Ukungena-verbinding is 'n aanverwante verbintenis wat uit Zoeloereg en -gebruik voortspruit. Dit is nie 'n erkende huwelik soos 'n siviele-, gebruiklike- of ukuvusa-huwelik nie. Dié dat die KwaZulu Wetboek bepaalde vereistes vir die verbinding stel, en nie die bepalings van artikels 36 tot 55 op die ukungena-verbinding van toepassing gemaak het nie.

Die statutêre vereistes van artikel 56 is duidelik deur ons skrywers en die hof uiteengesit en ek vereenselwig my daarmee.

Ukuvusa verbindings.

57. (1) 'n Ukuvusa word erken as 'n gebruiklike huwelik vir die toepassing van artikels 36 tot en met 55 van hierdie Wet.
- (2) Die uitwerking van ukuvusa is om 'n afsonderlike en volkome onafhanklike boedel in naam van die oorledene in die lewe te roep.

Artikel 57 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. PLAASVERVANGENDE VERBINDING WAT AS 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK ERKEN WORD

2. VEREISTES

- 2.1 Die verbinding is aangegaan vir en ten behoeve van 'n oorledene deur sy wettige erfgenaam of ander verantwoordelike persoon
- 2.2 Die verbinding word deur die gebruikmaking van die oorledene se eiendom of die eiendom van die wettige erfgenaam of 'n ander verantwoordelike persoon, aangegaan
- 2.3 Eggenote is die eggenote van die oorledene
- 2.4 Doel is om oorledene se boedel te vermeerder of te hernieu of sy naam te verewig en hom van 'n erfgenaam te voorsien

3. AFSONDERLIKE EN ONAFHANKLIKE BOEDEL IN NAAM VAN OORLEDENE IN DIE LEWE GEROEP

1. PLAASVERVANGENDE VERBINDING WAT AS 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK ERKEN WORD

Die Kwazulu Wetboek omskryf ²⁸¹ ukuvusa as "'n vorm van plaasvervangende verbinding aangegaan wanneer die wettige erfgenaam of ander verantwoordelike persoon gebruik maak van eiendom wat aan 'n oorlede persoon behoort of sy eie eiendom om 'n eggenote te neem ten einde die boedel van sodanige oorlede persoon te vermeerder of te hernieu of sy naam te verewig en hom van 'n erfgenaam te voorsien."

Hierdie erkende verbinding is in Tekeka v Ciyana ²⁸² deur Regter-president Campbell as volg toegelig: "The custom of ukuvusa is resorted to when a deceased person has left property, but no one to perpetuate his name, his natural heir (generally his full or half brother) from natural affection, but more likely from superstitious fear, and in order to appease the spirits (amandhlozi), would, instead of appropriating the property altogether, take of the deceased's cattle and marry a wife who would be known as the deceased's wife, and whose children would be known as his children so as to preserve his name from extinction. The house or houses so established rank ²⁸³ as minor or subordinate houses of the surviving brother's kraal".

Die ukuvusa-verbinding word ooreenkomstig artikel 57 as 'n gebruiklike huwelik erken vir die doeleindes van artikels 36 tot en met 55 van die Kwazulu Wetboek. Dit het volgens artikel 57(2) die uitwerking om "'n afsonderlike en volkome onafhanklike boedel in naam van die oorledene in die lewe

te roep", terwyl artikel 43(g) daarvoor voorsiening maak dat besonderhede oor die naam van die oorledene en "die doel waarvoor die verbinding aangegaan word", aan die offisiële getuie meegedeel moet word met die oog op inskrywing in die register van gebruiklike huwelike. ²⁸⁴

2. VEREISTES

Die bepalings van die Kwazulu Wetboek stel dit duidelik dat die volgende vereistes, dit wil sê benewens die vereistes gestel in artikel 38(1), ten aansien van 'n ukuvusa-verbinding geld:

2.1 Die verbinding is aangegaan vir en ten behoewe van 'n oorledene deur sy wettige erfgenaam of 'n ander verantwoordelike persoon

Die aanleidinggewende faktor tot die aangaan van 'n ukuvusa-verbinding is dat 'n ongetroude erfgenaam gesterf het, en dat sy wettige erfgenaam of 'n ander verantwoordelike persoon die oorledene se boedel wil vermeerder of hernuwe of sy naam te verewig, en hom van 'n erfgenaam te voorsien. ²⁸⁵ Die verbinding word primêr aangewend wanneer die oorledene te sterwe gekom het ²⁸⁶ voordat hy 'n huwelik aangegaan het.

Die verbinding word in die naam van die oorledene aangegaan. Ons het hier met 'n fiksie te doen, naamlik dat die eggenote die eggenote van die oorledene is, en dat die kinders deur die biologiese vader verwek, as die kinders van die oorledene beskou word. ²⁸⁷

Normaalweg word die verbinding deur die oorledene se wettige erfgenaam

288
aangegaan, maar 'n "ander verantwoordelike persoon" mag dit ook aangaan.
Laasgemelde persoon moet blykbaar 'n affiniteitsbelang met die familie van
die oorledene hê, want die biologiese vader is in die reël 'n manlike ver-
289
want van die oorledene, wat deur die oorledene se familie vir dié doel
290
aangewys is.

2.2 Die verbinding word deur die gebruikmaking van die oorledene se eiendom of die eiendom van die wettige erfgenaam of 'n ander verantwoordelike persoon, aangegaan

291
Dlamini (1984-2) meld dat "if a man dies a bachelor leaving property his
natural heir will, instead of appropriating the property altogether, take
some of it and use it to lobolo a wife who he marries as a wife of the
292
deceased ..."

Normaalgewoos word die eiendom van die oorledene gebruik as lobolo vir die ver-
293
binding, maar die wettige erfgenaam of die verantwoordelike persoon mag
294
sy eie eiendom ook vir die doel aanwend.

2.3 Eggenote is die eggenote van die oorledene

295
Die eggenote moet tot die ukuvusa-verbinding toestem, en sy word as die
296
eggenote van die oorledene beskou.

2.4 Doel is om oorledene se boedel te vermeerder of te hernieu of sy naam te verewig en hom van 'n erfgenaam te voorsien

Die ukuvusa-verbinding, wat as 'n gebruikelike huwelik gesluit en erken word, kan vir enige van drie doeleindes aangegaan word, naamlik (a) om die "boedel" van die oorledene te vermeerder; of (b) sy boedel te hernuwe; of (c) sy naam te verewig en hom van 'n erfgenaam te voorsien. Indien daar reeds 'n erfgenaam is, word die verbinding nie aangegaan nie.

3. AFSONDERLIKE EN ONAFHANKLIKE BOEDEL IN NAAM VAN OORLEDENE IN DIE LEWE GEROEP

Die uitwerking van die ukuvusa-gebruik is dat 'n afsonderlike huis en 'n afsonderlike selfstandige huisvermoë geskep word. Die erfopvolger van die oorledene is die eienaar van die vermoëns deur die oorledene nagelaat, en hy (die erfopvolger) besluit of hy enige van die vermoëns aan die ukuvusa-huis wil beskikbaar stel. Die ukuvusa-huis het geen reg op die vermoëns nie. Aangesien die ukuvusa-eggenote en -huis, en die kinders uit die ukuvusa-verbinding gebore as dié van die oorledene beskou word, volg dit dat die oudste seun uit so 'n verbinding gebore, die erfopvolger van die huis is. Laasgemelde erfopvolger het geen regte ten opsigte van die vermoë van sy biologiese vader nie.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 57 is duidelik deur ons skrywers en die hof uiteengesit en ek vereenselwig my daarmee.

VERWYSINGS

1. Die bepalings van artikels 36 tot 57 van die Natalse Wetboek van Zee-
loereg afgekondig in Proklamasie R151 van 9 Oktober 1987, kom basies
met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk be-
spreek word, ooreen. Die bepalings van artikels 35 van die Kwazulu-
Wetboek is nie in die Natalse Wetboek beliggaam nie. Die bepaling van
artikel 35(2) van die Kwazulu Wetboek kom nie in die Natalse Wetboek
voor nie, en dit veroorsaak dat daar nie eenvormigheid is nie. (Sien
voetnota 31)
2. Vergelyk Van der Vyver en Joubert (1985) 448,451; Olivier et al (1989)
9; Bekker (1989) 96.
3. Sien ook Labuschagne (1985) 12.
4. Bekker (1989) 96.
5. Artikel 35.
6. Artikel 36.
7. Artikel 57.
8. Artikel 56.
9. Die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
10. Sien artikel 119 van die Kwazulu Wetboek.
11. Artikel 35(1).
12. Die bevoegdheid vir die herroeping van artikel 22(6) van die Hoofwet,
sowel as die reëling met betrekking tot siviele huwelike van burgers
van Kwazulu in die gebied van Kwazulu, is in artikel 3, gelees met item
26 van Bylaag I, in die Grondwet van die Nasionale State 21 van 1971,
verleën.
13. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
14. Sien bladsy 111 van hierdie verhandeling.
15. Artikel 35(1) kom woordeliks ooreen met artikel 39(1) van die Kwazulu
Wetboek van 1981, en die se datum van inwerkingtreding is 29 Oktober
1982.
16. Dlamini (1983-3) 25; Bekker en Coertze (1983) 290.
17. Sien artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
18. Sien Ex parte Minister of Native Affairs: in re Molefe v Molefe 1946

AD 315; Mtshali v Gwala 1960(1) SA 597 (A).

19. Sien Church (1983) 102; Dlamini (1983-3) 25-6;
20. Bekker en Coertze (1983) 290; Labuschagne (1985) 13.
21. Ibid.
22. Sien artikel 79(2), gelees met artikel 81(5), van die Kwazulu Wetboek.
23. Vir volledige besonderhede verwys na Olivier et al (1989) 251-2, 264-7; Bekker (1989) 249-52; Bekker en Coertze (1983) 290.
24. Sien die bespreking van artikel 36 op bladsy 193 van hierdie verhandeling.
25. Voor die inwerkingtreding van die Kwazulu Wet van 1981, dit wil sê 29 Oktober 1985, kon 'n manlike deelgenoot wel met 'n vrou, anders as 'n deelgenoot in 'n gebruikelike huwelik, 'n siviele huwelik aangaan mits aan die bepalings van artikel 22 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, voldoen is. Vergelyk ook Bekker en Coertze (1982) 264.
26. Bekker en Coertze (1983) 290.
27. Bladsy 26.
28. Ibid 28.
29. Sien ook Dlamini (1983-2) 254.
30. Die vraag is nie slegs van teoretiese belang nie. In Kumalo v Jonas 1982 ACCC 111 (S) het die eiser 'n siviele huwelik met sy vroulike deelgenoot in 'n gebruikelike huwelik aangegaan. Hy stel 'n aksie in teen 'n derde op grond van owerspel gepleeg gedurende die bestaan van die gebruikelike huwelik. Normaalweg is dit gevestigde inheemsregtelike gebruik dat 'n manlike deelgenoot se verhaalsreg teen 'n owerspelige derde afhanklik is van die bestaan van die gebruikelike huwelik ten tye dat stappe geneem word teen die derde. (Vergelyk Mayile v Makawula 1953 BAC 262 (S); Olivier et al (1989) 322; Bekker (1989) 370.)
31. 1982 ACCC 111 (S). Hierdie beslissing het betrekking op die gebiede in die Republiek van Suid-Afrika buite Kwazulu waar die inheemsereg ongeskrewe is, of die Natalse Wetboek van toepassing is. In die gebiede kan 'n manlike deelgenoot in 'n meervoudige gebruikelike huwelik, 'n siviele huwelik met een van sy deelgenote of 'n derde party aangaan, in watter geval die ander gebruikelike huwelike ontbind word. In Kwazulu is sodanige siviele huwelik ongeldig (sien artikel 35(2) van die Kwazulu Wetboek). Ten opsigte van die Zoeloe in Natal en Kwazulu, is daar dus nie eenvormigheid nie.
32. Bladsye 116 en 118.
33. Bladsy 244. Met betrekking tot die gebiede buite Kwazulu is Prinsloo

se mening nie op 'n juridiese uitleg van toepaslike wetgewing gebaseer nie. Hy dui onder meer aan (bladsy 244) dat indien 'n manlike deelgenoot in 'n meervoudige gebruiklike huwelik met een van sy vroue 'n siviele huwelik aangaan, die gebruiklike huwelik met sy ander vroue ontbind word, maar dat dié reël nie geld in die geval waar 'n manlike deelgenoot in 'n enkelvoudige gebruiklike huwelik met sy deelgenoot 'n siviele huwelik aangaan nie.

34. Bladsye 190-1. Met betrekking tot die gebiede buite Kwazulu, na 'n analise van die bestaande wetgewing kom hy tot die gevolgtrekking dat die gebruiklike huwelik in die Kumalo v Jonas supra geval met die aangaan van die siviele huwelik ontbind is. Hy meld dat (bladsye 191) "indien 'n manlike deelgenoot in 'n meervoudige gebruiklike verbintenis met een van sy vroulike deelgenote 'n huwelik aangaan, behoort nie net die gebruiklike verbintenis met die ander vroulike deelgenote as ontbind geag word nie, terwyl die ander as 'n verstewiging van die huweliksverbinding beskou word nie. Die beginsel is dan inkonsekwent".
35. Sien voetnota 12.
36. Ingevolge hierdie regulasie, waar 'n Swarte, in die geval van 'n siviele huwelike buite gemeenskap van goedere, sonder testament sterf, het sy boedel volgens Swartreg en -gebruik vererf.
37. Sien paragraaf 1 op bladsy 189 van hierdie verhandeling.
38. (1983-3) 28, (1983-2) 254.
39. Sien paragraaf 2 op bladsy 190 van hierdie verhandeling.
40. Veral in lig van die verbodsbepaling vervat in artikel 35(2).
41. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 190 van hierdie verhandeling.
42. Ibid.
43. Vergelyk artikel 35(2) van die Kwazulu Wetboek. Buite Kwazulu is daar nie 'n soortgelyke reëling nie. Indien 'n deelgenoot 'n aksie vir owerspel wil instel, soos in die Kumalo v Jonas-geval, wat gedurende die bestaan van die gebruiklike huwelik gepleeg is, behoort hy nie as gevolg van die latere siviele huwelik die aksie ontnem te word nie.
44. Sien voetnota 31.
45. Artikel 1.
46. Sien artikel 38 vir die essensiële vereistes van 'n gebruiklike huwelik.
47. Artikel 35 van Wet 38 van 1927.
48. Artikel 36(4) van die Kwazulu Wetboek. Sien Olivier et al (1989) 248; Bekker (1989) 109. Sien ook Mlumbi and another v Salayi 1930 NAC 20 (C&O); Matee v Njongwana 1 NAC 272; Tutu v Tutu 2 NAC 167; Moshesh

v Matee 4 NAC 78; Ntonga v Dulusela 4 NAC 80; Gwalata v Gwalata 1932 NAC 51 (N&T); Ntseki v Ntseki 1933 NAC 61 (C&O); Vergelyk S v Dudla 1977(2) PH (H) 143 (N).

49. Sien die bespreking van artikel 35(2) in paragraaf 2 op bladsy 190 van hierdie verhandeling.
50. Vir meer besonderhede sien Van der Vyver en Joubert (1985) 453-6; Bekker (1989) 61-4; Dlamini (1983-1) 386.
51. Bladsy 102.
52. (1983-3) 27.
53. Ibid.
54. Odendaal (1984).
55. Bladsy 102.
56. Bladsy 385.
57. In oorspronklike Zoeloereg was die onderskeie familie-groepe die "kontrakterende" partye en nie noodwendig die deelgenote nie (Bekker (1989) 93; Olivier et al (1989)9).
58. Ingevolge artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
59. Dlamini (1983-1) 385-6; Vergelyk ook Mchunu v Masoka 1962 BAC 7 (N-E).
60. Bladsy 385.
61. Vergelyk ook Bekker (1989) 117, 176, 215-6.
62. Dlamini (1983-1) 385-6.
63. Artikel 36(2). Sien ook Dlamini (1983-1) 386, (1983-3) 26, (1984-2) 77.
64. Sien paragraaf 2 in die bespreking van artikel 35 op bladsy 190 van hierdie verhandeling.
65. Bladsye 103-4.
66. Vir volledige besonderhede sien Stafford en Franklin 103-4; Whitfield 157-8.
67. Vergelyk paragraaf 1 op bladsye 193 van hierdie verhandeling.
68. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 194 van hierdie verhandeling.
69. Sien artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.

70. Hierdie reëling is 'n afwyking van Zoeloereg (Dlamini (1983-1)) 385.
71. Vergelyk paragraaf 3 op bladsy 195 van hierdie verhandeling.
72. Sien die bespreking van artikel 56 op bladsy 233 van hierdie verhandeling.
73. Artikel 56(2) van die Kwazulu Wetboek.
74. Artikel 56(3).
75. Indien daar aan die vereistes van artikel 56(1) voldoen word, kom 'n ukungena-verbinding tot stand.
76. Vergelyk paragraaf 3 op bladsy 195 van hierdie verhandeling.
77. Vir 'n volledige bespreking sien bladsye 11-13 en die hofbeslissings daarin vermeld. Sien ook Bekker (1989) 294; Stafford en Franklin 105-7; Whitfield 158-59.
78. 1938 NAC 177 (N&T) 179-80.
79. Voorheen artikel 58(b) van die Natalse Wetboek van 1932.
80. Bladsy 179.
81. Ingevolge artikel 37(b).
82. Vergelyk Nkosi and another v Mkwanaazi 1945 NAC 32 (N&T); Olivier et al (1989) 529-30.
83. Artikel 37(a).
84. Olivier et al (1989) 45, 55; Bekker en Coertze (1982) 117; Hlope 166-7; Bekker (1989) 117.
85. Olivier et al (1989) 52; Bekker (1989) 119; Mchlalose v Kaba 1938 NAC 43 (N&T) 45-6.
86. Sien artikel 38(3) van die Kwazulu Wetboek; Hlope (1984) 164-5; Dlamini (1983-3) 28, (1983-1) 385; (1984-2) 76.
87. Linda v Shobo 1959 NAC 22 (N-E); Mchunu v Masoka 1964 BAC 7 (N-E).
88. Olivier et al (1989) 47; Bekker (1989) 118.
89. Vergelyk artikels 27 en 28 van die Kwazulu Wetboek.
90. Artikel 39; Bekker (1989) 118; Olivier et al (1981) 41.
91. Bekker (1989) 118; Olivier et al (1989) 46; Sikosana v Mhlongo 1948 NAC 29 (N-E).

92. Sien voetnota 90.
93. In artikel 42 word die woord "plegtigheid" gebruik.
94. Soos bepaal in artikel 42.
95. Olivier et al (1989) 51; Bekker (1989) 119; Mfanombana v Fana 1922 NAC 26; Ngcobo v Masango 1936 NAC 26 (N&T); Mdhlalose v Kaba 1938 NAC 43 (N&T); Ngema v Ndhlela 1938 NAC 210 (N&T); Ndhlovu v Kumalo 1938 NAC 101 (N&T); Ndhlovu v Mbata 1952 NAC 13 (N-E).
96. Olivier et al (1989) 51; Bekker (1989) 119. Mdhlalose v Kaba 1938 NAC 43 (N&T).
97. Khulu v Mlambo 1960 NAC 76 (N-E); Sien ook Cebekulu v Cebekulu and others 1963 BAC 48 (N-E).
98. Mdhlalose v Nkosi 1940 NAC 25 (N&T); Nxumalo v Zulu 1941 NAC 70 (N&T); Malinga v Msezane 1944 NAC 13 (N&T). In hierdie gevalle was 'n verklaring aan 'n offisiële getuie gedoen, alhoewel daar nie 'n viering van die gebruikelike huwelik was nie.
99. 1940 NAC 25 (N&T) 26.
100. 1972 BAC 58 (N-E).
101. Vergelyk Olivier et al (1989) 56-9; Bekker (1989) 121; Stafford en Franklin 108-9.
102. Tarr v Estate Tarr 1941 NAC 82 (N&T); Nene v Nene 1942 NAC 34 (N&T); Kumalo v Estate Kumalo 1942 NAC 31 (N&T).
103. Ngobese v Zikali 1936 NAC 5 (N&T); Guna v Nzuza 1937 NAC 60 (N&T); Nxumalo v Zulu 1941 NAC 70 (N&T); Kumalo v Estate Kumalo 1942 NAC 31 (N&T); Ngcobo v Masango 1936 NAC 26 (N&T); Cili v Cili 1944 NAC 29 (N&T); Mdhletshe v Kunene 1945 NAC 52 (N&T); Sikosana v Mhlango 1948 NAC 20 (N-E); Mjoli v Kubone 1951 NAC 370 (N-E); Ntuli v Dlamini 1953 NAC 54 (N-E); Ntombela v Ntombela and another 1953 NAC 254 (N-E); Dhlamini v Gwena 1954 NAC 189 (N-E).
104. Mdhletshe v Kunene 1945 NAC 52 (N&T).
105. Olivier et al (1989) 58; Bekker en Coertze (1982) 117; Dlamini (1983-1) 387; Bekker (1989) 117.
106. Dlamini (1983-1) 387, (1984-2) 76.
107. Ibid.
108. Ibid. Sien ook artikel 58(1) van die Kwazulu Wetboek.
109. Sien die bespreking in paragraaf 1.3 op bladsy 201 van hierdie verhandeling. Vergelyk ook Bekker (1989) 119 voetnota 139.

110. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 202 van hierdie verhandeling.
111. Sien bladsy 79 en 83 van hierdie verhandeling.
112. Artikel 1 van die KwaZulu Wetboek.
113. Bekker (1989) 118 voetnota 137.
114. Bekker en Coertze (1976) 601.
115. Cebekulu v Cebekulu 1964 BAC 48 (N-E) 51. Die goedkeuring van die aanstelling deur 'n magistraat is nie nodig nie. Die kaptein behoort slegs die magistraat van die aanstelling in kennis te stel.
116. Ibid.
117. Indien 'n huweliksfeestelikheid plaasvind in die afwesigheid van 'n offisiële getuie en die meisie nie die verklaring in die Wetboek voorgeskryf, gedoen het nie, kom geen geldige gebruiklike huwelik tot stand nie (Mdhlalose v Kaba 1938 NAC 43 (N&T)).
118. Bladsy 52. Vergelyk ook Ngema v Ndhlela 1938 NAC 210 (N&T) 214.
119. Ibid.
120. Stamgebied is bepaal. Sien bladsy 9 van hierdie verhandeling.
121. Bekker en Coertze (1976) 601-2, (1982) 398-9.
122. Hierdie bepaling het nie in die Natalse Wetboek van 1967 verskyn nie (artikel 17).
123. Sien bladsy 193 van hierdie verhandeling.
124. Sien voetnota 5.
125. Grondige rede vir die ontslag van 'n offisiële getuie deur 'n kaptein word as vereiste in artikel 41(2) gestel. Sien Cebekulu v Cebekulu 1964 BAC 48 (N-E) 52.
126. Artikel 42(2) van die KwaZulu Wetboek.
127. Ibid.
128. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 207 van hierdie verhandeling.
129. Vergelyk Cebekulu v Cebekulu 1964 BAC 48 (N-E).
130. Sien paragraaf 1.3 in die bespreking van artikel 33 op bladsy 201 van hierdie verhandeling.
131. Guma v Nzuza 1937 NAC 60 (N&T); Ndhlovu v Shongwe 1940 NAC 66 (N&T); Nxumalo v Zulu 1941 NAC 70 (N&T); Sikosana v Nhlongo 1948 NAC 20 (N-

- E); Ntombela v Ntombela and another 1953 NAC 254 (N&E); Khulu v Mhlambo 1960 NAC 76 (N-E). Sien ook Olivier et al (1989) 56; Bekker (1989) 120-1.
132. Sikosana v Mhlongo 1948 NAC 20 (N-E); Xulu v Kumalo 1955 NAC 10 (N-E).
133. Bladsy 120 voetnota 145. Sien ook Masinyana v Dlamini 1978 ACCC 31 (N-E).
134. Byvoorbeeld die status van 'n vrou in haar familiewoning.
135. Bekker (1989) 120.
136. Ibid 120-1. Sien ook Qwabe v Qwabe 1945 NAC 101 (N&T); Nzuza v Ngema 1944 NAC 98 (N-E); Shabalala v Shabalala 1953 NAC 35 (N-E); Dhlamini v Gcwensa 1954 NAC 189 (N-E).
137. Sien paragrawe 1 tot 3 hierbo bespreek.
138. Sien Hahlo en Kahn (1960) te 323 waar hulle meld dat: "Not all the rules so expressed in the Code in fact mirrored existing tribal laws. A number were purely administrative, such as those relating to the registration of customary unions. Others altered native law, such as the fixing of the grounds of divorce relating to customary unions. Sien ook Bekker (1989) 174; Bryant (1967) 601; Hammond - Tooke (1974) 194, 303; De Clerq (1975) 370-74; Bekker (1976-1) 343; Olivier et al (1989) 164; Dlamini (1983-1) 348.
139. Artikel 105(1) van die Kwazulu Wetboek; Bekker (1989) 204; Olivier et al (1989) 207; Mlaba v Myeni 1942 NAC 6 (N&T); Bekker (1976-1) 351.
140. Artikels 36(1) en 48(1) en (2) van die Kwazulu Wetboek; Bekker (1989) 206.
141. Hlenqwa v Maphumulo 1972 BAC (N-E) 58 te 63; Olivier et al (1989) 208.
142. Sien Hahlo (1969) 358; Olivier et al (1989) 268-9. Die huidige egskeidingsgronde vervat in die Wet op Egskeiding No 70 van 1979 is die onherstelbare verbrekking van die huwelik (art. 4) en die geestes ongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid van 'n party by die huwelik (art. 5).
143. Barnard en Cronje (1979) 273; Hahlo (1969) 366 meld dat "it is (the) voluntary sexual intercourse between a spouse and a person other than the offender's husband or wife".
144. Barnard en Cronje (1979) 273.
145. Barnard en Cronje (1979) 274; Bekker (1989) 204; Hahlo (1969) 376; Zulu v Zulu 198 NAC 48 (T&N).

146. Bekker (1989) 204; Olivier et al (1989) 208-9; Bekker (1976-1) 351; Stafford en Franklin 128; Mhwanyana v Mkwanyana 1947 NAC 106 (N&T).
147. Sien Ngema v Ngema 1942 NAC 27 (N&T); Mahaye v Luthuli 1952 NAC 279 (N-E).
148. Ishangase v Mtembu 1928 NHC 14; Olivier et al (1979) 197.
149. 1940 OPD 65 te 71.
150. Sien Barnard en Cronje (1979) 275. Vergelyk ook Mabaso v Ndabankulu 1915 NHC 147, Nomapondo v Tandabantu 1913(1) NAC 56; Msomi v Msomi 1932 NAC 25 (N&T).
151. Nomapondo v Tandabantu 1913 NHC 95; Matopi v Ndabankulu 1915 NHC 147; Bekker (1976-1) 352.
152. Ishongwana v Kumalo 1914 NHC 173.
153. 1913(2) NHC 100. Sien ook Matobela v Ntombini 1917 NHC 163.
154. Bladsy 100.
155. Mlambo v Makoba 1946 NAC 2 (N&T).
156. Ibid.
157. Die Engelse weergawe lui "that conditions are such as to render the continuous living together of the partners insupportable or dangerous".
158. In Proklamasie R195 van 1967 het dieselfde setfout in die Afrikaanse en Engelse tale voorgekom.
159. Sien ook die gebruik van "or" en "nomsa" in die Engelse en Zoeloe tale van die Kwazulu Wetboek.
160. Nie "en" nie.
161. 1940 NAC 41 (N&T).
162. 1916 NHC 211.
163. Mkize v Mkize 1941 NAC 125 (N&T).
164. Mbhata v Mbhata 1940 NAC 41 (N&T).
165. Artikel 48(1).
166. Artikel 48(2).
167. Vergelyk Petrus v Alice 1916 NHC 85; Undini v Mngadi 1917 NHC 34;

Finywase v Jakobina 1910 NHC 115.

168. In Myeni v Dlamini 1937 NAC 141 (N&T) het die eggenote haar deelgenoot op vyf geleenthede verlaat nadat hy haar geslaan het, maar die hof beslis dat ernstige wreedheid nie bewys is nie. In Mbanjwa v Mbanjwa 1952 NAC 247 (N-E) is bevind dat 'n eggenoot se onbeheerbare humeur, sy gereelde aanrandings van sy gade en sy dreigemente van liggaamlike beserings, ernstige wreedheid of mishandeling is.
169. Vergelyk Olivier et al (1989) 210; Bekker (1989) 205; Petrus v Alice 1916 NHC 85; Ngubane v Ngubane 1937 NAC 27 (N&T); Nyaka v Nyaka 1947 NAC 16 (N&T).
170. Butelezi v Mbata 1947 NAC 12 (N&T).
171. Hierdie artikel word slegs deur Olivier et al (1989) 221, en Bekker (1989) 213, aangehaal.
172. Sien Jesetina v Bila 1920 NHC 63.
173. Mdhlalose v Kaba 1938 NAC 43 (N&T).
174. In Kwazulu is so 'n siviele huwelik ongeldig. Sien paragraaf 2 in die bespreking van artikel 35 op bladsy 190 van hierdie verhandeling.
175. Van der Vyver en Joubert (1985) 486.
176. 'n Gebruiklike huwelik sal dus nietig ab initio wees. Sien paragraaf 1 in die bespreking van artikel 36 op bladsy 193 van hierdie verhandeling.
177. Van der Vyver v Joubert (1985) 486.
178. Sien artikel 50(1) van die Kwazulu Wetboek.
179. Sien artikel 50(2) van die Kwazulu Wetboek.
180. Die bepalinge van artikel 50(1) en (2) is imperatief. Vergelyk Olivier et al (1989) 211-2; Bekker (1976-1) 354; Bekker (1989) 206; Stafford en Franklin 134; Mkonza v Mkalipe 1933 NAC 39 (N&T); Ngubane v Ngubane 1937 NAC 27 (N&T); Ndhlovu v Zaca 1937 NAC 110 (N&T).
181. As 'n meerderjarige (vergelyk artikel 14 van die Kwazulu Wetboek) kan die eggenote self 'n aksie om egskeiding instel. Dit is 'n afwyking van Zoeloereg, want voorheen moes sy deur haar vader of voog of 'n curator ad litem bygestaan word.
182. Artikel 50(1) en (2) van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Olivier et al (1989) 211-2; Bekker (1989) 206; Stafford en Franklin 134.
183. Nxumalo v Nxumalo 1940 NAC 36 (N&T); Mkize v Ngqulunga 1941 NAC 25 (N&T); Zwane v Nkosi 1942 NAC 2 (N&T); Kumalo v Kumalo 1947 NAC 107 (N&T); Nyaka v Nyaka 1947 NAC 16 (N&T).

184. Nxumalo v Nxumalo 1940 NAC 46 (N&T); Gwala v Mbamba 1941 NAC 122 (N&T); Zwane v Nkosi 1942 NAC 2 (N&T); Mtshali v Mtshali 1949 NAC 119 (N-E); Cele and another v Cele 1957 NAC 144 (N-E).
185. Kambula and another v Kambula 1946 NAC 7 (N&T). In hierdie saak is die stelsel lex non cogit ad impossibilia toepas.
186. Bladsy 204, voetnota 209. Sien ook Bekker (1989) 206, voetnota 210.
187. Vergelyk artikel 50(1) en (2).
188. Sien artikels 36(1) en 38 van die Kwazulu Wetboek.
189. Sien artikel 50, gelees met artikel 48, van die Kwazulu Wetboek.
190. Bekker (1989) 110-11; Olivier et al (1989) 230-1.
191. As mede-verweerder.
192. Olivier et al (1989) 213.
193. Sien paragraaf 1 op bladsy 223 van hierdie verhandeling.
194. Sien ook Bekker (1989) 207, 213; Qwabe v Qwabe 1953 NAC 211 (N-E); Mnanyandu v Dladla 1978 ACCC 64 (N-E).
195. Artikel 51.
196. Bladsy 200. Sien ook Bekker (1989) 207.
197. Sien Xulu v Mtetwa 1946 NAC 32 (N&T); Ndaba v Mazibuko 1946 NAC 65 (N&T); Hasoka v Hcunu 1951 NAC 327 (N-E). Vergelyk ook Coka v Kumalo 1946 NAC 92 (N&T) waar 'n teenoorgestelde standpunt ingeneem is. Die foutiewe aanneme is blykbaar gebaseer dat die bepalings van artikel 83(c) van die Natalse Wetboek van 1932 (nou artikel 54(b) van die Kwazulu Wetboek) imperatief is, en nie slegs direktief nie. (Sien Olivier et al (1989) 213-4 voetnota 95; Bekker (1989) 208; Sikakane v Shandu 1959 NAC 71 (N-E).)
198. Bladsy 138.
199. Sien paragraaf 1 in die bespreking van artikel 51 op bladsy 223 van hierdie verhandeling. Vergelyk ook artikel 52.
200. Sikakane v Shandu 1959 NAC 71 (N-E).
201. Msomi v Msomi 1932 NAC 25 (N&T); Ndhlovu v Ndhlovu and another 1954 NAC 183 (N-E).
202. Dlamini v Ntuli 1977 BAC 273 (N-E). Sien ook Ikize v Ikize 1941 NAC 125 (N&T).

203. Sien ook paragraaf 2 hieronder op bladsy 226 van hierdie verhandeling.
204. Dlamini v Ntuli 1977 BAC 273 (N-E). In limine is beslis dat aangesien die eggenoot die skuldige persoon is, hy nie op enige teruggawe van lobolo geregtig is nie.
205. Sien paragraaf 2 hieronder op bladsy 256 van hierdie verhandeling.
206. Sien Olivier et al (1989) 216; Bekker (1989) 210; Petrus v Alice 19 NHC 85; Mkize v Mkize 1941 NAC 125 (N&T).
207. Dieselfde woorde word in artikel 52 van die Natalse Wetboek gebruik.
208. Vergelyk Odendaal (1984); Sykes (1983); Olivier et al (1989) 215-6.
209. Manunda v Nomalumbo 1920 NHC 67.
210. Dlamini v Ntali 1977 BAC 273 (N-E).
211. Tshangase v Mtemba 1928 NHC 14.
212. Mlambo v Makobo 1946 NAC 2 (N&T); Mbanjwa v Mbanjwa 1952 BAC 247 (N&T).
213. Mkize v Mkize 1941 NAC 125 (N&T).
214. Ons howe gee geen aanduiding watter doen of late "nalatigheid" ("omissions") daarstel nie.
215. Die Afrikaanse teks van artikel 52 praat van "in 'n regsgeeding van die eggenote", terwyl die Engelse teks die woorde "at the suite of the wife" gebruik.
216. Mkize v Mkize 1941 NAC 125 (N&T); Mlambo v Makoba 1946 NAC 2 (N&T); Mbanjwa v Mbanjwa 1952 NAC 247 (N-E).
217. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 226 van hierdie verhandeling.
218. Vergelyk Kritzinger et al (1981).
219. "The law of delict".
220. "Misdeed" beteken "a wrong action, a crime, an evil deed, outrage, atrocity". Vergelyk Sykes (1983); Kritzinger (1981); Hiemstra en Gonin (1981).
221. Vergelyk paragraaf 2 op bladsy 226 van hierdie verhandeling.
222. Kritzinger et al (1981); Hiemstra en Gonin (1981).
223. Ibid.

224. Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is deur die Staatspresident onderteken.
225. Bladsy 210.
226. Sien paragraaf 1 en 2 op bladsy 225 en 226 onderskeidelik, van hierdie verhandeling.
227. Mlambo v Makoba 1946 NAC 2 (N&T); Mbanjwa v Mbanjwa 1952 NAC 247 (N-E).
228. Ibid.
229. Dit wil sê, strafregtelike oortredings.
230. Artikels 27, 28, 29 en 33 van die Kwazulu Wetboek is van toepassing.
231. Ingevolge artikel 49 van die Kwazulu Wetboek.
232. Met ander woorde, dit word van regsweë beskou asof dit nie aangegaan was nie.
233. Die Engelse teks gebruik die woord "may".
234. Die Engelse teks gebruik die woord "shall".
235. Ibid.
236. Sien Kumalo v Dhladhla 1956 NAC 3 (N-E).
237. Sikakane v Shandu 1959 NAC 71 (N&T). In die geval van teruglewering van die lobolo moet die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger gedagvaar word, anders is dit nie in geskil voor die hof nie. Dieselfde beginsel geld ten aansien van toesig en onderhoud van minderjarige kinders gebore uit die huwelik; is dit nie ter sake dienend nie, dit wil sê nie in die pleitstukke vervat nie, sal die hof nie 'n bevel daaromtrent lewer nie. Die artikel is dus slegs imperatief indien die aspekte gemeld in artikel 54(a) en (b) in die pleitstukke ter beslissing geplaas is.
238. Vergelyk artikel 14 van die Kwazulu Wetboek en die bespreking daarvan op bladsy 110 van hierdie verhandeling. Die Natalse Wetboek van 1967 het na "jongkinders", en nie na "minderjarige kinders", verwys. Dit het 'n probleem veroorsaak by bepaling wie as "jongkinders" beskou moet word. Vergelyk Mdakane v Mdakane 1956 NAC 155 (N-E).
239. Sien voetnota 236, en paragraaf 2 hierbo op bladsy 230 van hierdie verhandeling.
240. Artikel 54(a), gelees met artikel 27(5), van die Kwazulu Wetboek.
241. Sien artikel 27(1) van die Kwazulu Wetboek, en paragraaf 1 in die bespreking van artikel 27 op bladsy 171 van hierdie verhandeling.

242. Sien artikels 54(a) en 27(5) van die Kwazulu Wetboek, en paragraaf 4 in die bespreking van artikel 27 op bladsy 173 van hierdie verhandeling. Vir volledige besonderhede oor voorgdy en toesig, sien Hahlo (1985) 387-96.
243. Die man verbeur dus sy regte op die minderjarige kinders. Vergelyk artikel 59(1) van die Kwazulu Wetboek.
244. Bekker en Coertze (1982) 205; Bekker (1989) 207. Ingevolge artikel 27(5) is dit ook moontlik dat die voorgdyskap aan die vroulike deelgenoot toegeken kan word.
245. Die bewaringsplig.
246. Bekker (1989) 207.
247. Sien artikel 59(1). Hierdie regsreëling is nie in ooreenstemming met Zoeloereg nie (vergelyk Bekker (1989) 207).
248. Vergelyk Mkize v Mkize 1951 NAC 336 (N-E); Gumede v Gumede 1955 NAC 85 (N-E); Mdakane v Mdakane 1956 NAC 155 (N-E); Masuku v Masuku 1968 BAC 20 (N-E).
249. 1955 NAC 3 (N-E).
250. Vergelyk paragraaf 2 en 4 op bladsye 230 tot 232 van hierdie verhandeling.
251. Masoka v Mcunu 1951 NAC 327 (N-E); Mahaye v Lutuli 1952 NAC 279 (N-E). Vir spesifieke gevalle sien Stafford en Franklin 140-1; Bekker en Olivier (1982) 206-10; Zalukazi v Mtwazi 1904 NHC 45; Manundu v Nomalumbo 1920 NHC 67; Mpunga v Mtetwa 1922 NHC 10; Nyatikazi v Bhengu 1931 NAC 32 (N&T); Msomi v Msomi 1932 NAC 25 (N&T); Mkize v Mkize 1941 NAC 125 (N&T); Gasela v Lutilu 1941 NAC 28 (N&T); Ndhlovu v Ndhlovu and another 1954 NAC 183 (N&T); Nzuza v Kumalo 1953 NAC 78 (N-E); Nqobobo v Zulu 1964 BAC 116 (N-E).
252. Mkize v Mkize 1951 NAC 360 (N-E).
253. Vergelyk spesifiek paragrawe 3, 4 en 5 op bladsye 230 en 232 van hierdie verhandeling. Die ontbinding van 'n gebruiklike huwelik was eerder 'n familie-aangeleentheid gewees en 'n beroep op 'n geregshof was onbekend.
254. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 229 van hierdie verhandeling.
255. Ibid.
256. Bekker (1989) 213 dui tereg aan dat die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger as 'n party tot die aksie gedagvaar moet word. Die hof kan nie suo moto 'n bevel tot teruglewering van die lobolo, asook die werklike aanwas van die beeste, lewer nie. Vergelyk Cele v Cele 1944 NAC 20 (N&T); Mbanjwa v Mbanjwa 1952 NAC 247 (N-E).

257. Vir 'n volledige bespreking oor die redes vir en toepassing van die gebruik, sien Olivier et al (1989) 519-35; Bekker (1989) 286-94; Stafford en Franklin 117-25; Whitfield 164-7, 183; Krige 181-2; Braadvedt 113 ev.; Dlamini (1984-2) 80-4.
258. In artikel 1.
259. Bladsy 290. Sien ook Xulu v Xulu 1943 NAC 88 (N&T) 90; Mpungose v Mpungose 1946 NAC 37 (N&T) 38; Stafford en Franklin 120.
260. Stafford en Franklin 118-9.
261. Mtuli v Mtuli 1938 NAC 80 (N&T); Gumede v Qwabe 1939 NAC 17 (N&T) Dhlamini v Dhlamini 1941 NAC 64 (N&T) 67-9.
262. Bekker en Coertze (1982) 286-7; Olivier et al (1989) 527-8; Stafford en Franklin 122; Bekker (1989) 291-2.
263. Oliver et al (1989) 528; Mthuli v Mtuli 1938 NAC 80 (N&T) 81. Slegs die betrokke manlike verwant mag met die weduwee ngena, en nie 'n ander manlike verwant nie. Sien Zulu v Zulu 1945 NAC 27 (N&T).
264. Geen manlike verwante van die oorledene kon gevind word om by die weduwee te ngena nie. Sien Rogqza v Mahakana 1905 NHC 18.
265. Mhlongo and Mhisi v Sibeko 1937 NAC 34 (N&T) 37; Whitfield 164; Dlamini (1984-2) 84.
266. Sien artikel 36 van die Kwazulu Wetboek.
267. Vergelyk artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
268. Bladsy 527-8.
269. Bladsy 235. Sien ook Bekker (1989) 290.
270. Vergelyk ook Olivier et al (1989) 527; Stafford en Franklin 121; Bekker (1989) 292.
271. Dlamini v Dhlamini 1946 NAC 54 (N&T) 55. Alhoewel die Kwazulu Wetboek nie formaliteite of seremoniële handelingte voorskryf nie, is dit wel gebruiklik. Sien onder meer Whitfield 165; Krige 168-9; Gotshongo v Rex 1913(1) NAC 24 op 26; Kunene v Kunene 1938 NAC 159 (N&T); Nkosi and another v Mkwazazi 1945 NAC 32 (N&T) 34.
272. Die umdeni tref die reëlings; Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 79 van hierdie verhandeling.
273. Sien artikel 56(1)(c) van die Kwazulu Wetboek.
274. Mlangwana v Jantoni 1918 NHC 121; Zwane v Zwane 1937 NAC 7 (N&T); Dube v Dube 1937 NAC 144 (N&T); Nkosi and another v Mkwazazi 1945 NAC 32 (N&T); Whitfield 167.

275. Xulu v Xulu 1943 NAC 94 (N&T); Mpungose v Mpungose 1946 NAC 37 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1946 NAC 54 (N&T); Dlamini (1984-2) 81.
276. Mnguni v Kumalo 1938 NAC 177 (N&T); Dhlamini v Dhlamini 1946 NAC 54 (N&T).
277. Mhlongo and another v Sibeko 1937 NAC 34 (N&T) 36; Vergelyk ook Luthuli v Luthuli 1930 NAC 132 (N&T) 133; Dlamini (1984-2) 81.
278. Bladsy 530.
279. Artikel 57.
280. Vergelyk artikel 57 en sien paragraaf 3 op bladsy 237 van hierdie verhandeling.
281. Artikel 1.
282. 1902 NHC 13.
283. Die ukuvusa-verbinding word deur verskeie Swart volkere toegepas. Sien Olivier et al (1989) 447-8, 535-7; Bekker (1989) 290-4; Ellenberger en McGregor 277. Harries 43; Krige 182; Schapera 134; Marwick 138; Ashton 195.
284. Vergelyk Olivier et al (1989) 535; Stafford en Franklin 126; Dlamini (1984-2) 89; Mrau v Ngwanya 1911 NHC 145.
285. Tekeka v Ciyana 1902 NHC 13; Dayingubo v Niyona 1907 NHC 1; Mlanjeni v Nodwengu 1909 NHC 84; Mrau v Ngwanya 1911 NHC 145; Mpengula v Mgqwayi 1919 NHC 65; Macaleni v Jiji 1920 NHC 84; Mapumulo v Mapumulo 1932 NAC 27 (N&T); Cindi v Cindi 1939 NAC 38 (N&T); Mbuyazi v Mbuyazi 1954 NAC 196 (N-E); Mapumulo v Mapumulo 1940 NAC 132 (N&T).
286. Olivier et al (1989) 534.
287. Cindi v Cindi 1939 NAC 38 (N&T); Dlamini (1984-2) 89.
288. Tekeka v Ciyana 1902 NHC 13; Dayingubo v Niyoma 1907 NHC 1; Nyawo v Nyawo 1944 NAC 46 (N&T); Cindi v Cindi 1939 NAC 38 (N&T).
289. Wenslik h broer van die oorledene. Sien Mbuyazi v Mbuyazi 1954 NAC 196 (N&T).
290. Sien die sake in voetnota 287 gemeld.
291. Bladsy 89.
292. Vergelyk ook Tekeka v Ciyana 1902 NHC 13; Braadvedt 111.
293. Dayingubo v Nyoma 1907 NHC 1; Mrau v Ngwanya 1911 NHC 145.
294. Vergelyk artikel 1 van die Kwazulu Wetboek (omskrywing van ukuvusa).

295. Vergelyk artikel 38(1) van die Kwazulu Wetboek.
296. Dlamini (1984-2) 89; Stafford en Franklin 125; Whitfield 169; Olivier et al (1989) 536; Bekker (1989) 294; Mlangeni v Nodwengu 1909 NHC 84; Mrau v Ngwanya 1911 NHC 145; Nyano v Nyano 1944 NAC 46 (N&T); Mbuyazi v Mbuyazi 1954 NAC 196 (N&T).
297. Olivier et al (1989) 535-6; Whitfield 168.
298. Mpengula v Mgqwayi 1919 NHC 65; Macaleni v Jij; 1920 NHC 84.
299. Dit staan die erfopvolger van die oorledene vry om meer as een ukuvu-sa-verbinding vir en ten behoewe van die oorledene aan te gaan. Vergelyk Mlangeni v Nodwengu 1909 NHC 84.
300. Tekeka v Ciyana 1902 NHC 13; Dayinqubo v Niyona 1907 NHC 1; Mlangeni v Nodwengu 1909 NHC 84; Olivier et al (1989) 536; Stafford en Franklin 126.
301. Cindi v Cindi 1939 NAC 38 (N&T); Mapumulo v Mapumulo 1940 NAC 132 (N&T).

Alhoewel die Kwazulu wetgewer nie 'n lobolo-ooreenkoms as 'n vereiste vir 'n geldige gebruiklike huwelik stel nie, is 'n derglike ooreenkoms wel geldig en afdwingbaar. Die lobolo-instelling het vir die Zoeloe 'n religieuskulturele betekenis en derhalwe is die instelling behou, met 'n veranderde of aangepaste inhoud.²

In artikels 58 tot 67 reguleer die Kwazulu Wetboek onder andere die datum van betaling en aflewering van lobolo, die ontvangs en bedinging van lobolo deur sekere vroulike persone, die omvang van lobolo betaalbaar vir vroue in sekere kategorië, die gebruik van familie- en huiseiendom vir lobolo, eise vir die verhaal van lobolo, en die lewering en verwante aspekte met betrekking tot ngquthu-beeste.

In hierdie hoofstuk word die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlings bespreek.

Datum van betaling en aflewering van lobolo en doodgaan van lobolo beeste.

58. (1) By ontstentenis van 'n andersluidende ooreenkoms, is die lobolo ten opsigte van 'n huwelik op die dag van die viering van sodanige huwelik betaalbaar. Beeste of lewende hawe wat voor daardie dag afgelewer word, word beskou as sis-beeste en enige aanwas of vermindering van sodanige beeste of lewende hawe voor die dag van die viering maak die wins of verlies uit, na die geval mag wees, van die persoon deur of ten behoeve van wie aflewering geskied het.
- (2) As daar van die lobolo-beeste of lewende hawe doodgaan binne veertien dae vanaf die viering van die huwelik of vanaf die aflewering, watter ookal die jongste datum is, en hul dood behoorlik gerapporteer is, moet sulke beeste of lewende hawe vervang word, deur die persoon deur of ten behoeve van wie aflewering geskied het.

Artikel 58 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. LOBOLO

2. BEESTE VOOR DAG VAN HUWELIKSVIERING GELEWER AS SISA-BEESTE BESKOU

2.1 Aanwas of vermindering van lobolo-beeste wins of verlies van leweraar

2.2 Vervanging van gevrekte lobolo-beeste

1. LOBOLO

"Lobolo" word in die Kwazulu Wetboek omskryf³ as "beeste of ander eiendom wat die voorgename eggenoot, sy ouer, voog of ander persoon akkoord gaan om aan die ouer of voog van die voorgename eggenote te lewer met die oog op 'n voorgename gebruikelike of siviele huwelik".

Die woorde "akkoord gaan" laat die vraag ontstaan of die lobolo-ooreenkoms 'n "kontrak" is. Simons⁴ is van mening dat 'n lobolo-ooreenkoms nie 'n kontrak⁵ is nie, terwyl Dlamini (1983-4)⁶ aandui dat dit wel 'n kontrak is wat aangegaan word deur die betrokke partye met die bedoeling om regsgevolge te skep.

Alhoewel daar uiteenlopende menings oor die betekenis en funksie van lobolo⁷ bestaan, is statutêre erkenning aan die gebruik verleen.⁸

Dit staan die partye tot die lobolo-ooreenkoms vry om te bepaal wanneer die lobolo gelewer sal word, en dit is slegs indien geen ooreenkoms aangegaan is, dat die lobolo ten opsigte van 'n huwelik op die dag van die viering van sodanige huwelik betaalbaar is.⁹

2. BEESTE VOOR DAG VAN HUWELIKSVIERING GELEWER AS SIZA-BEESTE BESKOU

Lobolo-beeste wat voor die dag van die huweliksviering gelew¹⁰er word, word as siza-beeste beskou, en is onderhewig aan die voorskrifte wat die siza-¹¹ooreenkoms beheers.

Die eiendomsreg in die beeste is gevestig in die persoon wat hulle gelew¹²er het, en op die dag van die huweliksviering gaan die eiendomsreg regstreeks oor op die lobolo-ontvanger.

2.1 Aanwins of vermindering van lobolo-beeste wins of verlies van leweraar

Enige aanwins in die beeste voor die dag van die huweliksviering is die eiendom van die persoon wat hulle gelew¹³er het, en dit word as addisionele lobolo-beeste ingereken. 'n Lobolo-leweraar wat toestem daartoe of oogluikend toelaat dat die lobolo-ontvanger die beeste aanwend asof hy (die lobolo-ontvanger) die eienaar is, kan nie daarna die beeste terugeis op ¹⁴grond daarvan dat hulle siza-beeste-is nie.

Die persoon wat die beeste gelew¹⁵er het, dra ook die risiko van verliese. Vrek van die beeste of gaan hulle op 'n ander wyse verlore is dit sy verlies, maar indien die lobolo-ontvanger in gebreke bly om die vrekke of verlies aan die persoon wat die beeste gelew¹⁶er het te rapporteer, moet hy (die lobolo-ontvanger) hulle vervang.

2.2 Vervanging van gevrekte lobolo-beeste

Artikel 58(2) bepaal dat indien enige van die lobolo-beeste doodgaan binne 14 dae nadat hulle gelewer is of na die viering van die huwelik (wat ook al die jongste datum is) en hul dood aan die leweraar gerapporteer is, moet ander beeste in hulle plek gegee word. Die onus rus op die ontvanger om enige vrekte onder die beeste aan die leweraar te rapporteer, en hy moet die vel vir inspeksie hou of na die leweraar neem.¹⁷

EVALUERING

Dlamini (1983-4) se uitgangspunt dat die lobolo-ooreenkoms 'n kontrak¹⁸ daarstel word ondersteun. Dit is duidelik dat die betrokke partye tot die ooreenkoms 'n afdwingbare kontrak beding. Die lewering van lobolo kan, gegrond op die kontrak, by wyse van 'n regsaksie afgedwing word.

Die bepalings van artikel 58 is verder duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Sekere vroue kan lobolo beding en ontvang.

59. (1) Vrouens genoem in artikel 27(2) en (4) en 'n geskeide vrou wat ingevolge artikel 27(5) bekleed is met die uitsluitlike voogdyskap van die kinders gebore uit haar vorige huwelik, van lobolo beding en ontvang vir hulle dogters.
- (2) Behoudens die bepalings van artikel 16 kan 'n ongehuide moeder, 'n weduwee of geskeide vrou wat haar eie familiewoning gestig het, vir lobolo beding en dit ontvang ten opsigte van dogters uit haar gebore nadat sy haar eie familiewoning gestig het en sodanige lobolo vorm deel van die familie-eiendom van sodanige vrou.

Artikel 59 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. SEKERE VROUENS KAN LOBOLO BEDING EN ONTVANG

1. SEKERE VROUE KAN LOBOLO BEDING EN ONTVANG

Die volgende vroue kan lobolo beding en ontvang:

- (a) 'n Ongehude meerderjarige moeder;¹⁹
- (b) 'n Weduwee;²⁰
- (c) 'n Geskeide vrou aan wie uitsluitlike voogdyskap oor die minderjarige kinders uit die huwelik toegeken is;²¹
- (d) 'n Meerderjarige ongehude moeder, 'n weduwee of 'n geskeide vrou wat 'n familiehoof is.²²

Voor die verlening van meerderjarige status aan 'n swart vrou,²³ was sy as 'n ewigdurende minderjarige geag,²⁴ en kon sy nie lobolo beding en ontvang nie. Hierdie handelingsonbevoegdheid is nou opgehef, en bepaalde Swart vroue mag²⁵ lobolo beding en ontvang.

Indien die vroulike persoon wat lobolo beding en ontvang 'n familiehoof is, vorm die lobolo wat ontvang word deel van die familie-eiendom van sodanige vrou.²⁶ Waar die vrou nie 'n familiehoof is nie, is die lobolo wat ontvang word nie persoonlike eiendom nie, maar is dit huiseiendom.²⁷

EVALUERING

Die bepalings van artikel 59 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings van ons skrywers.

Lobolo moet bestaan uit beeste of hulle ekwivalent in ander vee, geld of eiendom.

60. Lobolo bestaan uit redelik middelslag beeste of hul ekwivalent in eiendom, en vir die doeleindes van enige geskil word die waarde van iedere (sic) lobolo-bees beskou een honderd rand te wees.

Artikel 60 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. AARD VAN LOBOLO

2. VIR DIE DOELEINDES VAN ENIGE GESKIL WORD DIE WAARDE VAN IEDERE LOBOLO-BEES BESKOU AS EEN HONDERD RAND TE WEES

1. AARD VAN LOBOLO

Die gebruiklike lobolo-medium is beeste, maar vandag word dit aangevul met
 28
 ander vee, eiendom en/of geld. In stedelike gebiede veral, word geld ge-
 29
 lewer. Dit staan die betrokke partye vry om oor die samestelling van die
lobolo te beding. Waar beeste gelewer word, bestaan hulle uit 'n mengsel
 30
 van groot en klein, oud en jonk. 'n Bul en osse mag deel uitmaak van lo-
bolo, en wanneer 'n koei met 'n kalf gelewer word, word die kalf as 'n addi-
 31
 sionele bees beskou.

2. VIR DIE DOELEINDES VAN ENIGE GESKIL WORD DIE WAARDE VAN IEDERE LOBOLO-BEES BESKOU AS EEN HONDERD RAND TE WEES

Die wetgewer het nie die geldwaarde van 'n lobolo-bees vasgestel nie. Dit
 staan die partye vry om 'n alternatiewe geldwaarde vir lobolo-beeste te
 32
 33
 beding. In die verband meld Dlamini (1983-4) dat "There is, however,
 no uniform method of fixing the monetary value of each beast. This de-

pende entirely upon agreement between the parties to negotiation".

Die bepalings van artikel 60 is slegs van toepassing waar 'n geldwaarde lobolo-beeste verteenwoordig, en 'n geskil ontstaan oor die getal beeste wat ³⁴ deur die geldwaarde verteenwoordig word.

³⁵
In Msimango v Sitole is aangedui dat die lobolo-ontvanger nie 'n keuse het of hy die lobolo-beeste of hul geldwaarde wil ontvang nie. Die keuse om beeste te lewer of kontant te betaal, berus by die leweraar (die eggenoot in die besondere geval).

Dit is slegs in gevalle waar lobolo-beeste in geskil is dat hulle waarde as R100 beskou word. In ander gevalle moet die geldwaarde afdoende bewys ³⁶ word.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 60 is duidelik, en ek vereenselwig my met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Lobolo betaalbaar vir vroue in sekere kategorië.

61. (1) Die lobolo vir 'n meisie of vrou word bepaal volgens die rang of posisie van haar vader of voog en by ooreenkoms vasgestel maar mag nie die skaal in onderstaande tabel voorgeskryf te bowe (sic) gaan nie:-

Vir 'n vrou wat die dogter is van	Maksimum getal beeste as lobolo
(a) 'n Kaptein	onbeperk
(b) die seun, broer of oom van 'n kaptein	15 stuks

- (c) 'n Kaptein se plaasvervanger, hoofman of offisiële getuie 15 stuks
- (d) enige ander Swarte 10 stuks

- (2) In enige geval van twyfel moet die lobolo nie tien stuks beeste of die ekwivalent daarvan te bowe (sic) gaan nie.
- (3) Wanneer 'n weduwee 'n gebruikelike huwelik aangaan, moet die lobolo ten opsigte van die huwelik betaal word aan die huis waartoe sy behoort het in die familiewoning van haar oorlede eggenoot.
- (4) In die geval van 'n geskil word die lobolo betaalbaar ten opsigte van 'n geskeide vrou of weduwee, as sy 'n huwelik aangaan, bepaal deur die Kommissaris of Magistraat maar mag nie ten aansien van 'n geskeide vrou vyf stuks beeste of die ekwivalent daarvan te bowe (sic) gaan nie indien op grond van die wandade van haar vorige eggenoot by die egskeiding geen beeste teruggee is nie.
- (5) Die lobolo waaromtrent ooreengekom is en die wyse van betaling moet in die register van gebruikelike huwelike aangeteken word.

Sekere persone skuldig aan misdryf.

- 62. Iedereen wat meer lobolo ontvang as dié wat bepaal is in die skaal in artikel 61 voorgeskryf, is skuldig aan 'n misdryf.

Artikels 61 en 62 word in die volgende artikelskomponente bespreek:

- 1. MAKSIMUM GETAL BEESTE BETAALBAAR
- 2. LOBOLO TEN OPSIGTE VAN WEDUWEE BEHOORT AAN HUIS WAARTOE SY BEHOORT HET IN DIE FAMILIEWONING VAN HAAR OORLEDE EGGENOOT
- 3. MISDRYF INDIEN MEER AS DIE BEPAALDE GETAL LOBOLO ONTVANG WORD

- 1. MAKSIMUM GETAL BEESTE BETAALBAAR

Tradisioneel was daar nie 'n beperking op die lobolo nie, maar die eskalasie van die lobolo-aanvraag het daartoe gelei dat die wetgewer moes ingryp en

beperkings instel.

Die getal beeste in artikel 61 voorgeskryf is maksimum getalle. Die partye tot die ooreenkoms kan ooreenkom om minder beeste te lewer. Aangesien die leweringsverpligting op 'n ooreenkoms gebaseer is, kan die lobolo-ontvanger nie die eggenoot later verplig om die getal in ooreenstemming met dié in artikel 61 vermeld, te bring nie.

In Magaraga v Kanyile is aangedui dat waar die vader van 'n meisie meer lobolo geëis het as wat die Wetboek voorskryf, en die voorgenome eggenoot die groter getal onder protes gelewer het, kan hy 'n aksie instel waarin hy die getal beeste wat die voorgeskrewe aantal oorskry, terugeis. Indien hy egter vrywilliglik meer beeste gelewer het en dit nie geregistreer het nie, kan hy die oortollige getal nie terugeis nie. Beide partye is in pari delicto en kan hulle nie op die ooreenkoms beroep nie.

Die status van die meisie se vader bepaal die maksimum aantal beeste wat kragtens artikel 61 gelewer mag word.

Die beeste betaalbaar vir 'n kapteinsdogter is onbeperk, en dit is noodsaaklik dat voor die huwelik 'n ooreenkoms bereik moet word oor die presiese getal wat gelewer moet word. Die hof het obiter aangedui dat twintig tot veertig beeste gewoonlik voldoende is, behalwe in die geval van kapteins van die hoogste rang.

'n Gewone stamlid wat as 'n indoena aangestel word, kan nie 'n eis instel dat ten aansien van sy dogter wat voor sy aanstelling getroud is, haar lobolo

van tien na vyftien beeste verhoog word nie.⁴³ 'n Indoena is geregtig op 'n maksimum van vyftien beeste, maar as hy sy status verloor kan hy slegs die getal beeste eis wat op 'n gewone stamlid van toepassing is.⁴⁴ Dit is in ooreenstemming met die reël dat sy status tydens sy dogter se huweliksluiting die beslissende faktor by bepaling wat die maksimum toelaatbare getal beeste is, wat betaalbaar is.⁴⁵

In Mkize v Mdunge⁴⁶ is beslis dat aangesien 'n indoena se aanstelling beëindig is, hy nie op vyftien lobolo-beeste geregtig is nie. Hierteenoor is in Mngadi v Ngcamu⁴⁷ beslis dat "once the parentage of a girl has raised her lobolo value she does not loose that value no matter who is the rightful recipient and no matter what his rank".⁴⁸

⁴⁹ Dlamini (1983-4) dui aan dat laasgemelde beslissing foutief is. Indien die vader se status tydens die huweliksluiting van die dogter haar lobolo bepaal, kan nie ook gestel word dat haar lobolo onveranderd bly na haar vader se statusverandering nie. Lobolo is juis veranderlik afhangende van die status van die vader, en indien die Mngadi v Ngcamu-beslissing nagevolg word sal dit beteken dat indien 'n gewone stamlid tot die status van 'n indoena verhef word, hy nie op vyftien lobolo-beeste geregtig is nie.⁵⁰

Die beperking ten opsigte van die maksimum getal beeste geld ten aansien van 'n gebruiklike en siviele huwelik.⁵¹

2. LOBOLO TEN OPSIGTE VAN WEDUNEE BEHOORT AAN HUIS WAARTOE SY BEHOORT MET
IN DIE FAMILIEWONING VAN HAAR OORLEDE EGGENOOT

⁵²
Bekker (1982) meld dat indien 'n wedunee 'n gebruikelike humoliek aangaan,
"the lobolo belongs to the house to which she belonged at her late hus-
band's family home".

Lobolo ten opsigte van haar word beding deur haar oorlede eggenoot se
⁵³
erfgenaam of laasgamelde, indien hy minderjarig is, se voog.

3. MISDRYF INDIEN MEER AS DIE BEPAALDE GETAL LOBOLO ONTVANG WORD

⁵⁴
Alhoewel bepaal word dat dit 'n misdryf vir iedereen is om meer lobolo te
ontvang as dié wat in artikel 61 bepaal is, is geen gerapporteerde hofbe-
slissings hieromtrent beskikbaar nie.

⁵⁵
In 1973 is verslag gedoen dat artikel 62 deur onbruik afgeskryf is, maar
om moontlike gevalle van uitbuiting te voorkom, is die artikel behou.

EVALUERINGS

Daer word akkoord gegaan met Dlamini (1983-4) dat die beslissing in Ingadi
⁵⁶ v Ngweni foutief is, en dat die beslissing in Ikize v Ndunze ⁵⁷ nagevolg
⁵⁸
moet word.

In die Afrikaanse teks van artikel 61(1)(c) van die KwaZulu Wetboek is die
woord "indoena" weggelaat, terwyl dié woord in die Engelse teks gebruik

word. Die woord word ook in die Afrikaanse en Engelse tekse van die Nataalse Wetboek gebruik. Dit is dus duidelik dat sy regtating in die Kwezulu Wetboek h oorsig is.

Die bepalinge van artikels 61 en 62 is duidelik, en ek gaan akkoord met die monings en beslissings van ons skrywers en hore.

Daar is ook geen rede waarom die beskerming verleen in artikel 62 herroep moet word nie.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat in artikel 61(1)(c) die woord "indcena" tussen die woorde "hoofman" en "of offisiële getuie" ingevoeg word.

Ontvanger van lobolo moet beskerming en asiel verleen.

63. Die persoon aan wie lobolo gelewer word is gebonde om, ingevolge die ontvangs daarvan en as daar gegronde rede voor bestaan, aan die vrou ten opsigte van wie sodanige lobolo afgelower (sic) is beskerming en asiel te verleen.

Artikel 63 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. LOBOLO-ONTVANGER IS GEBONDE OM BESKERMING EN ASIEL TE VERLEEN

1. LOBOLO-ONTVANGER IS GEBONDE OM BESKERMING EN ASIEL TE VERLEEN

Artikel 63 het nog nie voor ons hore vir 'n beslissing gedien nie. Bekker⁵⁹ en Coertze (1982) dui aan dat h eggenote se voog altyd as heer

beskermheer optree. Indien sy swak behandel of verwaarloos word, kan sy haar altyd na haar voog wend wat haar sal onderhou en 'n versoening probeer bewerkstellig.⁶⁰

Die woord "gebonde" beteken "nie vry nie, verplig", terwyl die woord "bound"⁶² beteken⁶³ "(to) exercise authority, impose constraint or duty on, to (do something)". Uit die woorde blyk dit dat deur 'n verpligting op die lobolo-ontvanger geplaas word om, as daar grondige rede bestaan, aan die vrou beskerming en asiel te verleen.

Ons skrywers meld nie of hierdie verpligting regtens afdwingbaar is nie.

EVALUERING

Artikel 63 is 'n bevestiging van 'n Zoeloeregtelike verpligting. Statutêr word 'n lobolo-ontvanger die plig opgelê om, indien daar grondige rede voor bestaan, aan 'n vrou ten opsigte van wie hy lobolo ontvang het, beskerming en asiel te verleen. Die artikel verwys slegs na die lobolo-ontvanger en nie na sy regsopvolger nie. Volgens Zoeloereg was 'n regsopvolger ook gebonde om in 'n derglike geval beskerming en asiel aan 'n vrou te verleen, en aangesien artikel 63 Zoeloereg navolg is dit blykbaar 'n oorsig dat nie na die regsopvolger verwys is nie.⁶⁴

Normaalweg wanneer 'n eggenote haar eggenoot se familiewoning verlaat (byvoorbeeld as gevolg van mishandeling of verwaarloosing) keer sy na haar voog (lobolo-ontvanger of sy regsopvolger) terug, wat 'n versoeningspoging sal aanwend. Misluk die poging, mag met 'n egskeidingsgeding voortgegaan

66

word. In hierdie tydperk verleen die lobolo-ontvanger in die reël beskerming en asiel aan die vrou. Die vraag ontstaan of hierdie regsplig afdwingbaar is?

My mening is dat die regsplig wel afdwingbaar is. Die lobolo-ontvanger of sy regsopvolger se nalate om sy toepaslike prestasie te lewer, het as teen-⁶⁷ kant dat hy verplig kan word om te presteer, veral as die vrou kan bewys dat daar 'n grondige rede vir die lewering van die beskerming en asiel be-⁶⁸ staan, en dat sy skade as gevolg van die nalate gelei het.

Die gerieflikste remedie tot beskikking van die vrou is die interdik.⁶⁹ Die doel van die interdik is om benadeling te voorkom of te vermy en is nie gerig op die vergoeding van skade of nadeel nie, maar juis op die beperking⁷⁰ of vermyding daarvan.

Voorts bepaal artikel 117(1) van die Kwazulu Wetboek dat enige Swarte wat enige plig of verpligting deur die Wetboek opgelê, verontagsaam of in gebreke bly om dit na te kom, aan 'n misdryf skuldig is. In artikel 63 is 'n verpligting die lobolo-ontvanger opgelê om, as daar gegronde rede voor bestaan, aan die vrou beskerming en asiel te verleen. Nie-nakoming van⁷¹ hierdie verpligting kan dus tot 'n strafregtelike vervolging lei.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat in artikel 63 die woorde "of sy regsopvolger" tussen die woorde "gelewer word" en "is gebonde" ingevoeg word.

Hulp aan jonger seuns en broers met lobolo vir eerste vrou.

64. (1) Met die betaling van lobolo vir hul eerste eggenote word jonger seuns gewoonlik deur die familiehoof en jonger broers gewoonlik deur die oudste broer of die erfgenaam van hul huis, met goedkeuring van die familiehoof, bygestaan.
- (2) Die verlening van sodanige hulp, soos vermeld in subartikel (1), kan nie by wet afgedwing word nie, maar waar bewys kan word dat 'n jonger seun of broer gereeld bygedra het tot die onderhoud van sy huis ingevolge 'n ooreenkoms dat hy voorsien sou word van lobolo of 'n deel daarvan vir 'n eggenote, word aan hom die reg verleen om 'n redelike gedeelte van die verdienstes aldus deur hom bygedra, te verhaal as die familiehoof, die oudste broer of erfgenaam, na gelang van die geval, weier of versuim om so 'n ooreenkoms na te kom.
- (3) Hulp wat 'n familiehoof uit familie-eiendom aan enige seun verleen het om 'n eggenote te verkry deur die geheel of 'n gedeelte van die lobolo by te dra, is 'n skenking en lê geen verpligting op die indlunkulu nie tensy die teendeel duidelik ten tyde van die viering van die huwelik gestipuleer is.
- (4) Waar huiseiendom gebruik word vir die doel vermeld in subartikel (3) rus daar 'n verpligting op die huis wat deur die huwelik tot stand gebring word om 'n terugbetaling te doen.

Artikel 64 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. HULP MET LOBOLO NIE 'n AFDWINGBARE REGSPLIG NIE

1.1 Behalwe in die geval van 'n ooreenkoms

2. HULP UIT FAMILIE-EIENDOM 'n SKENKING

3. HULP UIT HUISEIENDOM SKEP 'n VERPLIGTING TOT TERUGBETALING

3.1 Huiseiendom aangewend as lobolo vir seuns van dieselfde huis

3.2 Huiseiendom aangewend as lobolo vir seuns van 'n ander huis

1. HULP MET LOBOLO nie 'n AFDWINGBARE REGSPLIG NIE

Tradisioneel was dit die gebruik dat 'n vader sy seuns gehelp het met die

lobolo vir hul eerste eggenote, maar tans is die eggenoot verantwoordelik⁷² vir die lewering van lobolo vir al hul vrouens.

Daar is beslis dat daar geen regsplig rus op 'n familiehoof om lobolo te verskaf vir sy seuns of ouer broers vir hul jonger broers nie. Dit mag wel gebruiklik wees dat sodanige hulp verleen word indien die seun of kraalgenoot 'n redelike aandeel van sy verdienstes aan die familiehoof oorhandig het, maar die verpligting is slegs 'n morele verpligting en is nie afdwingbaar⁷³ nie. 'n Aanmaning deur 'n familiehoof aan 'n ouer seun dat hy lobolo vir sy jonger broer moet verskaf, vestig steeds slegs 'n morele verpligting⁷⁴ op die ouer broer. Geen regsplig rus ook op 'n familiehoof om lobolo te verskaf vir die verdere eggenotes van 'n seun nie, behalwe indien⁷⁵ hy hom deur 'n ooreenkoms daartoe verbind het.

In daardie gevalle waar 'n seun of kraalgenoot 'n redelike aandeel van hul verdienstes aan hul familiehoof oorhandig het, voldoen die familiehoof aan sy verpligting indien hy 'n deel van die seun se lobolo betaal, alhoewel dit⁷⁶ veel minder as die seun se bydrae is.

1.1 Behalwe in die geval van 'n ooreenkoms

Artikel 64(2) kwalifiseer die nie-afdwingbare verpligting wat op 'n familiehoof rus. Hierdie artikel bepaal dat daar 'n ooreenkoms tussen 'n seun en 'n familiehoof moet wees waarin die familiehoof onderneem om die seun met sy⁷⁷ lobolo of deel daarvan te help, alvorens die verpligting afdwingbaar is.

⁷⁸
In Masuku v Ndaba⁷⁸ het 'n kraalgenoot onderneem om vir die verweerder werk te verrig met die verstandhouding dat die verweerder lobolo sal lewer wan-

neer hy 'n huwelik aangaan. Met die nie-nakoming van sy verpligting het die kraalgenoot 'n aksie teen die verweerder ingestel, en daar is beslis dat die aksie gebaseer is op 'n ooreenkoms, en nie op die bepalings van artikel 64(2) ⁷⁹ nie.

Dit is onwaarskynlik dat 'n familiehoof 'n ooreenkoms, soos in artikel 64(2) ⁸⁰ gemeld, met 'n jong seun sal aangaan. Die bewyslas dat 'n derglike ooreenkoms bestaan, rus dus op die seun ⁸¹, en sodanige bewering moet bo 'n oorwig van waarskynlikhede bewys word. ⁸² Stafford en Franklin ⁸³ is van mening dat alhoewel die familiehoof se aanspreeklikheid op 'n ooreenkoms gebaseer is, "the courts will probably infer an implied agreement when considerable contributions have been made and the inmate has relied on lobolo being provided" ⁸⁴

Alhoewel die balans van lobolo deur middel van 'n regsaksie geëis kan word, ⁸⁵ is dit nie duidelik of 'n familiehoof deur sy direkte of indirekte medewerking met die aanvanklike lobolo-ooreenkoms vir sy seun se eerste eggenote, sonder dat hy uitdruklik sy aanspreeklikheid vir die balans van die lobolo repudieer, hom stilswyend aanspreeklik vir die lewering van die balans van die lobolo stel? Dit is egter duidelik dat indien getuienis bewys dat dit wel sy bedoeling was, hy aanspreeklik vir die lewering van die balans is. ⁸⁶

2. HULP UIT FAMILIE-EIENDOM 'n SKENKING

Indien 'n familiehoof hulp uit familie-eiendom aan 'n seun verleen om 'n eggenote te verkry, is hierdie hulp 'n skenking, ⁸⁷ en is die lobolo nie

terugvorderbaar nie tensy die teendeel duidelik ten tyde van die viering
 van die huwelik gestipuleer is.⁸⁸ Waar die lobolo as 'n lening beskikbaar
 gestel is, is die lening terugbetaalbaar vanuit die lobolo wat ontvang word⁸⁹
 tydens die huwelik van die oudste dogter van die deelgenote.

Olivier et al (1981)⁹⁰ dui verder aan dat die woord "op" in artikel 64(3)
 in die sinsnede "geen verpligting op die indlunkulu nie" klaarblyklik 'n⁹¹
 vertaalfout is, en "teenoor" of "ten gunste van" moet lees.

3. HULP UIT HUISEIENDOM SKEP 'n VERPLIGTING TOT TERUGBETALING

3.1 Huiseiendom aangewend as lobolo vir seuns van dieselfde huis

Artikel 64(4) het betrekking op huiseiendom wat aangewend word as lobolo
 vir die seuns van ander huise in die familiewoning. Gevolglik is dit nie
 van toepassing waar huiseiendom aangewend word as lobolo vir seuns van die-⁹²
 selfde huis nie.⁹³ In dié verband is aangedui dat "an obligation to re-
 fund the lobolo paid on behalf of inmates in the same house can only arise
 out of a spesific undertaking to do so, or when it was spesifically stipu-
 lated at the time of the payment of the lobolo that it was a loan and not a
 gift".

3.2 Huiseiendom aangewend as lobolo vir seuns van 'n ander huis

Waar huiseiendom aangewend word as lobolo vir 'n seun van 'n ander huis,
 ontstaan daar 'n skuldverhouding tussen die huis wat die lobolo lewer en die⁹⁴
 huis wat tot stand gekom het. Laasgemelde huis is verplig om die skuld

te delg, ongeag of 'n openbare aankondiging te dien effekte tydens die ⁹⁵viering van die huwelik gemaak is.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 64(1)(b) en (3) is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en die hove. Die vertaal-⁹⁶fout gemeld deur Olivier et al (1981) behoort reggestel te word.

Artikel 64(4) onderskei nie voldoende tussen huiseiendoms wat aangewend word as lobolo vir seuns van dieselfde huis en seuns van ander huise in 'n meer-⁹⁷voudige familiewoning nie. Soos dit tans lees is enige huis wat gestig word deur die gebruikmaking van 'n alreeds gestigde huis se huiseiendoms, verplig tot terugbetaling, ongeag daarvan of die seun 'n lid van die betrokke huis is of nie. Hierdie reëling is nie 'n korrekte weergawe van Zoeloe-⁹⁸reg nie, en die wetgewer behoort die aangeleentheid reg te stel.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat -

- (a) die vertaalfout in artikel 64(3) reggestel word deur die sinsnode "geen verpligting op die indlunkulu" met die sinsnode "geen verpligting ten gunste van die indlunkulu", te vervang;
- (b) artikel 64(4) as volg gewysig word:

"Waar huiseiendom gebruik word vir die doel vermeld in subartikel (3) en die seun is 'n lid van die huis wie se eiendom gebruik word, rus daar geen verpligting op die huis wat deur die huwelik tot stand

gebring word om 'n terugbetaling te doen nie, tensy die teendeel duidelik ten tyde van die viering van die humelik gestipuleer is";

(c) artikel 64(5) bygevoeg word, wat as volg bepaal:

"Daar huiseiendom gebruik word vir die doel vermeld in subartikel (3) en die seun is lid van 'n huis anders as dié wie se eiendom gebruik word, rus daar 'n verpligting op die huis wat deur die humelik tot stand gebring word om 'n terugbetaling te doen".

Gebruik van familie- en huiseiendom as lobolo.

65. (1) Waar 'n familienhoof, familie-eiendom vir lobolo gebruik met die doel om 'n huis in sy familiewoning tot stand te bring, rus daar geen verpligting op die huis aldus tot stand gebring vir die teruggawe van sodanige eiendom nie tensy die teendeel duidelik ten tyde van die viering (sic) van die humelik gestipuleer is.

(2) Waar huiseiendom gebruik word vir die doel aangedui in subartikel (1), rus daar 'n verpligting op die huis aldus tot stand gebring om 'n terugbetaling te doen.

(3) Enige sodanige stipulasie waarna in subartikel (1) verwys word, kan in die register van gebruklike humelike aangeteken word.

(4) 'n Verpligting wat ontstaan ingevolge die onstandighede vermeld in hierdie artikel moet hy onstentenis van 'n uitdruklike ooreenkoms tot die teendeel, vereffen word uit die lobolo van die dogters van die huis wat tot stand gebring is deur die betrokke humelik en die erfgenoot van sodanige huis bly aanspreeklik tot die skuld betref is.

Artikel 65 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF GEBRUIK FAMILIE-EIENDOM AS SY LOBOLO

2. FAMILIEHOOF GEBRUIK HUISEIENDOM AS SY LOBOLO

1. FAMILIEHOOF GEBRUIK FAMILIE-EIENDOM AS SY LOBOLO

99

’n Familiehoof is in beheer van familie-eiendom. Waar hy familie-eiendom vir lobolo gebruik om ’n ander huis in sy familiewoning te vestig, is niks terugbetaalbaar deur die huis aldus tot stand gebring nie, tensy die teenoorgestelde duidelik tydens die viering van die betrokke huwelik gestipuleer is.

Volgens artikel 65(3) kan so ’n stipulasie in die register van gebruikelike huwelike opgeneem word. Indien gestipuleer word dat ’n skuld ontstaan, bepaal artikel 65(4) dat so ’n skuld vereffen word uit die lobolo verkry uit die dogters gebore uit die betrokke huwelik tensy daar ’n teenoorgestelde ooreenkoms is.

2. FAMILIEHOOF GEBRUIK HUISEIENDOM AS SY LOBOLO

101

Indien ’n familiehoof huiseiendom vir lobolo gebruik met die doel om ’n huis in sy familiewoning tot stand te bring, rus daar ’n verpligting op die huis aldus tot stand gebring om ’n terugbetaling te doen aan die huis wat die lobolo gelewer het.

103

Die bepalings van artikels 65(3) en (4) is ook hier van toepassing.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 65 is duidelik, en die toepassing daarvan in die praktyk lewer nie probleme nie.

Eise vir die verhaal van lobolo en ander eise.

66. (1) Vorderings vir die betaling van lobolo word in Kwazulu erken: Met dien verstande egter dat sodanige erkenning nie op 'n vordering wat ontstaan uit 'n huwelik aangegaan in Kwazulu voor die derde dag van November 1909, van toepassing is nie.
- (2) Enige ooreenkoms getref vir die betaling van lobolo volgens die skaal voorgeskryf by artikel 61 ten opsigte van die dogter van 'n kaptein se plaasvervanger en wat aangegaan is voor die eerste dag van November 1932, word as geldig en bindend beskou en enige betalings dienooreenkomstig gedoen, mag nie verstoort word nie.
- (3) Indien 'n vrou binne twaalf maande vanaf die datum waarop sy 'n huwelik aangegaan het, sterf sonder dat sy 'n oorlewende nakomeling uit die huwelik nalaat, kan 'n gedeelte van die lobolo wat nie die helfte van die getal beeste wat afgelewer is ten opsigte van die huwelik te bowe gaan nie, na goeddunke van die Kommissaris of Magistraat, verhaal word, maar indien daar 'n oorlewende nakomeling uit die huwelik is, is geen lobolo verhaalbaar nie.
- (4) Geen eis ingevolge subartikel (3) wat voor 1 November 1932 in Kwazulu ontstaan het, word erken nie.
- (5) Geen eis op betalings onderskeidelik bekend as imvulamlomo, ubikibiki, inhlawulo, umnyobo, ingqaqamazinyo, isikwehlela en dergelike, ten opsigte van enige voorgenome huwelik word erken nie en waar sodanige betalings geskied het, kan die Kommissaris of Magistraat gelas dat dit beskou word as deel van die lobolo of dat dit aan die party of partye deur wie dit betaal is, terugbetaal moet word.
- (6) Sodanige betalings waarna in subartikel (5) verwys word kan, indien die voorgenome huwelik nie plaasvind nie, verhaal word deur die party wat dit betaal het.

Artikel 66 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VORDERINGS VIR DIE BETALING VAN LOBOLO WORD IN KWAZULU ERKEN
2. SODANIGE ERKENNING NIE VAN TOEPASSING OP 'n HUWELIK AANGEGAAN IN KWAZULU .
VOOR DIE DERDE DAG VAN NOVEMBER 1909
3. VERHAALBAARHEID VAN LOBOLO INDIEN VROU BINNE TWAALF MAANDE VANAF DATUM
WAAROP HUWELIK AANGEGAAN IS, STERF

1. VORDERINGS VIR DIE BETALING VAN LOBOLO WORD IN KWAZULU ERKEN

Artikel 66(1) is die magtigende bepaling waarvolgens vorderings vir die betaling van lobolo in Kwazulu erken word. Die houe is boonop nie bevoeg om te verklaar dat lobolo of 'n ander derglike gebruik met die beginsels van staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid in stryd is.

2. SODANIGE ERKENNING NIE VAN TOEPASSING OP 'n HUWELIK AANGEGAAN IN KWAZULU VOOR DIE DERDE DAG VAN NOVEMBER 1909

Voor 3 November 1909 in Natal was artikel 182 van die Natalse Kode van 1891 van toepassing, en hiervolgens kon lobolo-vorderings nie in 'n hof verhaal word nie. Hierdie beperking is in 1910 gedeeltelik opgehef, terwyl die Natalse Kode van 1932 geen beperkings met betrekking tot lobolo-vorderings gestel het nie.

Stafford en Franklin meld verder dat artikel 11(1) van Wet 38 van 1927 lobolo gewettig het, maar dat dit nie verhoed dat beperkinge wel daarop geplaas kan word nie. In die Natalse Kode en die Kwazulu Wetboek kan wel beperkings daarop geplaas word.

Die Natalse Kode van 1891 was nie in Zoeloeland van toepassing nie, en gevolglik kon lobolo-vorderings ten aansien van gebruikelike huwelike aangegaan voor 3 November 1909 wel in die houe geleë in Zoeloeland bereg word.

3. VERHAALBAARHEID VAN LOBOLO INDIEN VROU BINNE TWAALF MAANDE VANAF DATUM WAAROP HUWELIK AANGEGAAN IS, STERF

Die bepalings van artikel 66(3) is nie volkome op Zoeloereg en -gebruik
 gebaseer nie.¹¹² Alhoewel 'n basies soortgelyke bepaling in die Natalse
 Kode van 1891 verskyn het,¹¹³ het die lobolo teruglewerbaar in die bepaalde
 omstandighede, verskil.¹¹⁴ Die bepalings van artikel 94 van die Natalse
 Kode van 1932, het op 1 November 1932 in werking getreë,¹¹⁵ en derhalwe
 word geen eis ingevolge artikel 66(3) wat voor 1 November 1932 in Kwazulu
 ontstaan het, erken nie.¹¹⁶

Dit is slegs indien 'n eggenote binne 12 maande vanaf die datum waarop sy 'n
 huwelik aangegaan het, sterf sonder dat sy 'n oorlewende nakomeling uit die
 huwelik nalaat, dat 'n gedeelte van die lobolo verhaalbaar is, en dan mag¹¹⁷
 dit nie meer as die helfte van die lobolo wat afgelewer is, oorskry nie.¹¹⁸
 Die beginsel wat toegepas word met betrekking tot die teruggawe van 'n
 helfte van die lobolo, is dat eers bepaal moet word tot hoeveel lobolo die
 betrokke partye ooreengekom het. As die volle lobolo gelewer is, moet die
 helfte teruggegee word. Indien meer as die helfte van die ooreengekome lo-
bolo gelewer is, moet alles wat meer as die helfte is, teruggegee word.
 Waar minder as die helfte van die ooreengekome lobolo gelewer is, moet die
 persoon wat die lobolo lewer (gewoonlik die eggenoot, sy vader of voog) 'n
 verdere aantal beeste lewer sodat die lobolo-ontvanger minstens die helfte¹¹⁹
 van die lobolo ontvang.

Die betekenis van die sinsnede "na goeddunke van die magistraat" in artikel
 66(3) is nog nie deur ons howe bespreek of beslis nie.

¹²⁰
In Gazu v Zulu is beslis dat slegs die eggenoot van die oorlede vrou (en nie sy vader nie) die reg het om 'n aksie in te stel vir die teruggawe van 'n deel van die lobolo.

EVALUERING

¹²¹
Daar is gemeld dat die Natalse Kode van 1891 nie in Zoeloeland van toepassing was nie, en dat lobolo-vorderings ten aansien van gebruikelike huwelik aangegaan voor 3 November 1909 wel in die howe geleë in Zoeloeland bereg kon word.

¹²²
Artikel 66(1) bepaal nou egter uitdruklik dat wat Kwazulu betref, vorderings vir die betaling van lobolo wat ontstaan het uit 'n huwelik aangegaan voor die derde dag van November 1909, nie erken word nie. Die howe in Kwazulu sal dus sulke eise nie bereg nie.

¹²³
Die betekenis van die sinsnede "na goeddunke van die magistraat" in artikel 66(3) impliseer dat 'n magistraat 'n judisiële diskresie uitoefen, en dat hy nie noodwendig moet beveel dat die helfte van die gelewerde lobolo teruggelewer moet word nie. Die wetgewer het blykbaar voorsien dat daar omstandighede aanwesig mag wees, waarvolgens beslis kan word dat minder as ¹²⁴ die helfte van die gelewerde lobolo terugvorderbaar is.

Die bepalings van artikel 66 is verder duidelik, en ek vereenselwig my met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Ngquthu-beeste.

67. (1) As 'n vrou vir die eerste maal 'n huwelik aangaan, kan, behalwe lobolo, die ngquthu-bees geëis word tensy dit reeds betaal is ten opsigte van die vrou se verleiding deur die eggenoot of tensy die vrou voorheen deur 'n ander persoon as die eggenoot verlei was.
- (2) Die ngquthu-bees moet aan die moeder van die vrou, as sy nog lewe, betaal word, en tesame met die aanwas daarvan word dit haar eiendom om deur haar aangewend te word ten voordele van haar huis of na goeëdunke en uitgesonderd vir haar persoonlike skulde mag daarop nie beslag gelê word nie.
- (3) As die moeder van die vrou geskei is ingevolge 'n saak deur haar eggenoot ingestel of as sy, sonder dat haar eggenoot daaraan skuld het, sy familiewoning opsetlik verlaat of opgee, verval en hou haar reg op om te bestaan in en op die ngquthu-bees, wat die eiendom word van die huis waartoe sy behoort het.
- (4) As die vrou se moeder nie meer leef nie, is die ngquthu-bees betaalbaar aan die huis waartoe sy behoort het en tesame met die aanwas daarvan word dit die eiendom van daardie huis.
- (5) Die ngquthu-bees word vir die toepassing van artikel 59 nie as lobolo beskou nie en is nie by ontbinding deur oorlyde of egskeiding, van die huwelik ten opsigte waarvan dit betaal is, verhaalbaar nie.

Artikel 67 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. NGQUTHU-BEES
2. EIENDOMSREG IN DIE NGQUTHU-BEES

1. NGQUTHU-BEES

Benewens lobolo lewer die voornemende eggenoot gewoonlik 'n bees, die ngquthu-bees, aan die moeder van sy voornemende eggenote behalwe indien dit reeds deur hom betaal is as gevolg van die seduksie van die meisie of sy vantevore deur 'n ander persoon geseduseer is.

Die Kwazulu Wetboek omskryf die "ngquthu-bees" as "n bees wat betaalbaar is deur die eggenoot of verleier, na gelang van die geval, aan 'n vrou of aan die huis waartoe sy behoort, by die aangaan van 'n gebruikelike of siviele huwelik of by die verleiding van haar dogter".

127

Die ngquthu-bees vorm nie deel van lobolo nie, en met die ontbinding van 'n huwelik is dit nie terugbetaalbaar nie. In die geval dat 'n huwelik nietig verklaar word, kan dit wel terugbetaalbaar wees.

130

Daar is verskeie menings oor die betekenis van die ngquthu-bees. Krige dui aan dat die bees aan die moeder betaalbaar is "in respect of the hymen of the girl", met ander woorde, uit dankbaarheid dat sy na die maagdelikheid van haar dogter omgesien het. De Clercq is van mening dat die bees as kompensاسie dien vir die pyn en lyding van die moeder tydens die geboorte van haar dogter. Dlamini, alhoewel hy van mening is dat die bees aanvanklik na die maagdelikheid van die dogter verwys het, meld "today the emphasis is not on the protection of virginity, but on the mother's contribution in the education of the daughter. Today, unlike in the past, the protection of virginal chastity has remained a fiction".

Die lewering van die bees deur die voornemende eggenoot of in die geval van seduksie, is regtens afdwingbaar.

2. EIENDOMSREG IN DIE NGQUTHU-BEES

Die ngquthu-bees en sy aanwas is die eiendom van die betrokke meisie (eggenote) se moeder, en sy kan dit aanwend tot die voordeel van haar

135

huis. Indien die moeder van die meisie (eggenote) oorlede of geskei is, sonder dat haar eggenoot skuld aan die egskeiding het, of indien sy die familiewoning opsetlik verlaat of opgee, verval haar reg op die ngquthu-¹³⁶ bees, en word dit die eiendom van die huis waartoe sy behoort het.

Die moeder vestig haar eiendomsreg op die ngquthu-bees, in die geval van seduksie, wanneer die bees gelewer word, maar in die geval van lobolo-¹³⁷ lewering sodra die betrokke bees uitgewys is.

138

Alhoewel artikel 13 nie voor 1981 in werking getree het nie, het ons¹³⁸ howe reeds beslis dat die eiendomsreg van die ngquthu-bees in die moeder¹³⁹ van die meisie (eggenote) gevestig was, en dat daarop nie beslag gelê¹⁴⁰ kan word vir die skulde van die familiehoof nie.

Aangesien die eiendomsreg van die bees in die moeder gevestig is, mag sy¹⁴¹ dit vervreem, slag of na goëddunke daaroor beskik. Sy het die nodige¹⁴² bevoegdheid 'n aksie vir die lewering van die ngquthu-bees in te stel.

Die ngquthu-bees word nie as lobolo beskou nie, en by die ontbinding van 'n¹⁴³ huwelik ten opsigte waarvan dit gelewer is, is dit nie verhaalbaar nie.

Indien nie oor die ngquthu-bees en sy aanwas gedurende die leeftyd van die moeder beskik is nie, word dit met haar oorlyde die eiendom van die huis waaraan sy behoort het, en word dit deur die opvolger van die besondere¹⁴⁴ huis geërf.

EVALUERING

145

Die algemene uitgangspunt blyk te wees dat die ngquthu-bees aan die moeder van 'n meisie lewerbaar is omdat sy na die maagdelikheid van die meisie omgesien het.

146

Vandag het dit blykbaar 'n veranderde betekenis.

Die bepalings van artikel 67 is verder duidelik, en ek vereenselwig my met die menings en beslissings van ons skrywers en die howe.

VERWYSINGS

1. Artikels 58 tot 67 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg afgekondig in Proklamasie No. R151 van 9 Oktober 1987, kom met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Vergelyk artikel 38 van die Kwazulu Wetboek. Hlope (1984) 167 stel dit uitdruklik dat die Kwazulu Wetboek "affects a departure from African law because it contemplates a customary marriage being contracted without the payment of lobolo, whereas according to indigenous law, the two things go hand in hand". Sien ook Dlamini (1983-1) 387; Labuschagne (1985) 14.
3. Artikel 1.
4. Bladsy 5.
5. Volgens hom vloei aanspreeklikheid uit die huweliksooreenkoms, en nie uit 'n afsonderlike ooreenkoms nie.
6. Bladsye 315-9.
7. Dié aspek word nie in hierdie verhandeling behandel nie, maar vir 'n breedvoerige bespreking sien Olivier et al (1989) 98-102; Bekker (1989) 149-50; Stafford en Franklin 145-6; Dlamini (1983-4) 166-94; Labuschagne (1985) 14-16.
8. Sien artikel 1 van Wet No. 45 van 1988 waarin verklaar word dat geen hof bevoegd is om te verklaar dat die lobolo- bogadi- of ander derglike

gebruik met die beginsels van staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid in stryd is nie

9. Artikel 58(1). Sien Dlamini (1983-1) 387; Stafford en Franklin 146.
10. Artikel 58(1); Olivier et al (1989) 25; Bekker (1989) 99.
11. Vir 'n bespreking van die siza-ooreenkoms sien bladsy 439 van hierdie verhandeling.
12. Sikoloza v Moya 1908 NHC 60; Somzamana v Civejile 1912(2) NHC 40; Sigqungwana v Mdhlume 1915 NHC 151; Kanyile v Zinyengo 1917 NHC 128; Zungu v Zungu 1923 NHC 11; Zuma v Sibiya 1923 NHC 60; Hlenqua v Kwela 1926 NHC 13; Dwayi v Bhakumbuso 1926 NHC 23; Magwaza v Magwaza 1937 NAC 3 (N&T); Ndhlovu v Kumalo 1938 NAC 101 (N&T); Nene v Xakaza 1938 NAC 96 (N&T); Mtembu v Mngwaba 1940 NAC 67 (N&T); Mzimela v Mkhwanazi 1941 NAC 12 (N&T); Myeni v Myeni 1956 NAC 89 (N&T); Zulu v Zulu 1957 NAC 6 (N&T).
13. Ooreenkomstig artikel 58(1); Vergelyk Mzimela v Mkhwanazi 1941 NAC 12 (N&T).
14. Die lewering van die beeste word dan as 'n lening beskou. Vergelyk Ntuli v Nala 1925 NHC 23; Sibiya v Mkhwanazi 1925 NHC 1.
15. Artikel 58(1); Olivier et al (1989) 26; Bekker (1989) 100.
16. Palane v Mabango 1934 NAC 67 (N&T); Simelane v Sugasie 1935 NAC 45 (N&T); Ndhlovu v Zondi 1938 NAC 84 (N&T).
17. Dola v Ben 1916 NHC 35; Ndhlovu v Zondi 1938 NAC 84 (N&T); Mpanza v Shezi 1950 NAC 169 (N-E).
18. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 261 van hierdie verhandeling.
19. Artikel 59(1). Sien paragraaf 2 in die bespreking van artikel 27(2) op bladsy 172 van hierdie verhandeling.
20. Ibid.
21. Sien paragraaf 4 in die bespreking van artikel 27(5) op bladsy 173 van hierdie verhandeling.
22. Artikel 59(2). 'n Familiehoof is bepaal. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
23. Volgens artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
24. Sien voetnota 105 in Hoofstuk 5 op bladsy 125 van hierdie verhandeling.
25. Ingevolge artikel 59. Sien ook Dlamini (1983-4) 262; (1983-1) 389-90.
26. Artikel 59(2). Familie-eiendom is bepaal. Sien paragraaf 2.1 op blad-

- sy 144 van hierdie verhandeling.
27. Bekker en Coertze (1983) 291.
 28. Bekker (1989) 151-3; Olivier et al (1981) 57; Dlamini (1983-4) 223.
 29. Ibid.
 30. Ibid. Sien ook Nkosi v Mlota 1939 NAC 59 (N&T); Kumalo v Moswetta 1946 NAC 74 (N&T).
 31. Dlamini (1983-4) 224.
 32. Nzuza v Kumalo 1958 NAC 78 (N-E). Dlamini (1983-4) 242-3 gee 'n aantal voorbeelde waar deur middel van 'n ooreenkoms die geldwaarde van lobolo-beeste tussen R60 en R300 gewissel het.
 33. Bladsy 231.
 34. Msimango v Sitole 1940 NAC 33 (N&T); Olivier et al (1989) 72. In die Engelse teks word die woorde "for the purpose of any dispute" gebruik. Vir 'n bespreking van die betekenis wat hieraan geheg moet word, sien Nzaza v Kumalo 1958 NAC 78 (N-E). Menge (President) sê in die verband: "It seems to be impossible to make sense of this section unless one reads into it after the words 'five pounds' (nou een honderd rand) some such qualification as 'in the absence of proof or agreement on the value' In other words the value assigned by a party to lobolo cattle may by virtue of the provisions of section 86 (nou artikel 60) be disputed if it does not exceed £5 (nou R100)".
 35. 1940 NAC 33 (N&T). Die eggenoot was gelas om vyf lobolo-beeste of hul alternatiewe waarde van R10 elk, te lewer.
 36. Mkwanazi v Mncube 1933 NAC 8 (N&T); Ncube v Makanya and another 1948 NAC 8 (N&T); Zulu v Ngubane 1960 NAC 6 (N-E); Xakaza v Tshabalala 1943 NAC 50 (N&T).
 37. Natal Marriage Law 1 of 1869; Tans artikel 61 van die Kwazulu Wetboek. Sien Dlamini (1983-4) 229-30; Vilakazi (1962) 63; Olivier et al (1989) 75.
 38. Xulu v Magwaza 1954 NAC 140 (N-E).
 39. 1940 NAC 5 (N&T).
 40. Mdhluli v Zuma 1938 NAC 164 (N&T).
 41. Die status van die persoon wat as voog optree (byvoorbeeld na die afsterwe van haar vader) of die lobolo ontvang, is nie die kriterium nie. Vergelyk Rulumende v Majivabu 1903 NAC 27; Magwaza v Kanyile 1940 NAC 5 (N&T); Mngadi v Ngcamu 1955 NAC 117 (N-E).

42. Mkwanazi v Mdhletshe 1939 NAC 155 (N&T).
43. Xolo v Pehlukwayo 1948 NAC 10 (N&T). 'n Indoena is gelykgestel aan 'n kaptein se plaasvervanger. (Sien Mngadi v Ngcamu 1955 NAC 117 (N-E) 120.)
44. Mkize v Mtimkulu 1944 NAC 14 (N&T); Mkize v Mdunge 1951 NAC 283 (N-E).
45. Dlamini (1983-4) 233.
46. 1951 NAC 283 (N-E).
47. 1955 NAC 117 (N-E).
48. Die meisie se vader wat 'n aangestelde kapteinsverteenvoerder was, het uit die amp bedank voor sy afsterwe.
49. 234.
50. Ibid.
51. Ibid. Sien ook Olivier et al (1989) 75; Stafford en Franklin 150.
52. Bladsy 224. Vergelyk ook Dlamini (1983-4) 369; Stafford en Franklin 152.
53. Bekker (1989) 224. Artikel 59 verwys slegs na die bedinging en ontvangs van lobolo deur bepaalde Swart vroue ten opsigte van hulle dogters. Dié artikel magtig nie die vrouens om lobolo ten opsigte van hulle self te beding en te ontvang nie.
54. Artikel 62, gelees met artikel 118, van die Kwazulu Wetboek.
55. Kwazulu Select Committee (1978) 39-40.
56. 1955 NAC 117 (N-E).
57. 1951 NAC 283 (N-E).
58. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 267 van hierdie verhandeling.
59. Bladsy 149. Sien ook Bekker (1989) 150.
60. Ibid. Aldus die gemelde skrywers is die reg op beskerming (en asiel) 'n uitvloeisel van die lobolo-ooreenkoms.
61. Odendaal (1984).
62. Gebruik in die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek.
63. Sykes (1983).
64. In artikels 50, 51 en 52 word uitdruklik na die "regsopvolger" verwys.

65. Artikel 50(1).
66. Sien die bespreking van artikel 50 op bladsy 221 van hierdie verhandeling.
67. Vergelyk Van der Vyver en Joubert (1985) 31-2.
68. Die regsplig bestaan nieteenstaande die feit dat die vrou 'n meerderjarige is (sien artikel 14 van die KwaZulu Wetboek). Dit is twyfelagtig of 'n vrou haar lobolo-ontvanger privaatregtelik sal aanspreek.
69. Die enigste vereiste hiervoor is 'n regskrenking of 'n dreigende regskrenking. (Sien Van der Merwe en Olivier 250).
70. Van der Merwe en Olivier 250-1.
71. Ingevolge artikel 117(1) gelees met artikels 63 en 118, van die KwaZulu Wetboek.
72. Bekker (1989) 160; Harris 64; Dlamini (1983-4) 277-8. Tradisioneel het die seun in sy vader se familiewoning gewoon en het hy sy inkomste aan sy vader oorhandig. Daar was 'n regsplig op die vader om hom te onderhou, en omdat die seun nie eiendom gehad het nie, was hy ten volle afhanklik van die hulp van sy vader, wat die lewering van lobolo ingesluit het. (Sien veral Dlamini (1983-4) 278-9; Olivier et al (1989) 80-1.)
73. Mketengo v Ncatshana 1903 NHC 23; Novuka v Nyamazana 1908 NHC 73; Bahube v Mnukwa 1911 NHC 217; Magidigidi v Sangula 1912 (1) NHC 33; Mtobhoyi v Nkolongwana 1914 NHC 190; Faya v Faya 1924 NHC 28; Mangele v Mangele 1940 NAC 71 (N&T); Langa v Langa 1931 NAC 39 (N&T); Fynn v Fynn 1937 NAC 99 (N&T); Dhludhla v Dube 1937 NAC 1 (N&T); Dubazana v Dubazana 1953 NAC 154 (N-E).
74. Faya v Faya 1924 NHC 23.
75. Langa v Langa 1930 NAC 39 (N&T); Fynn v Fynn 1937 NAC 99 (N&T); Olivier et al (1981) 72; Bekker (1989) 161.
76. Dhlamini v Dhlamini 1934 NAC 21 (N&T); Biyela v Biyela 1935 NAC 1 (N&T); Mtetwa v Mtetwa 1944 NAC 51 (N&T); Nasuku v Ndaba 1954 NAC 128 (N-E).
77. Stafford en Franklin 153; Olivier et al (1989) 83.
78. 1954 NAC 128 (N-E).
79. Destyds artikel 92(2) van die Natalse Kode van 1932.
80. Dhludhla v Dube 1937 NAC 1 (N&T).
81. Mtetwa v Mtetwa 1944 NAC 51 (N&T).

82. Dhludhla v Dube 1937 NAC 1 (N&T).
83. Bladsy 153.
84. Die "contributions" verwys na bydrae ingevolge artikel 19(1) van die Kwazulu Wetboek.
85. Deur die lobolo-ontvanger.
86. Bekker (1989) 163.
87. Die Engelse teks van artikel 64(3) stel uitdruklik dat die lobolo "is a gift and creates no liability to the indlunkulu".
88. Ngcobo v Ngcobo 1931 NAC 48 (N&T); Ngema v Ngema 1950 NAC 213 (N-E); Nkosi v Tenjekwayo 1938 NAC 94 (N&T).
89. Mcunu v Mcunu 1946 NAC 48 (N&T); Mhlungu v Mhlungu 1950 NAC 377 (N-E); Dubazana v Dubazana 1953 NAC 154 (N-E); Hlongwane v Hlongwane 1956 NAC 86 (N-E).
90. Bladsy 85, voetnota 97.
91. Die sinsnede in die Engelse teks lui "creates no liability to the indlunkulu".
92. Habana v Dulela 1900 NHC 17; Sitole v Sitole 1943 NAC 17 (N&T); Kumalo v Kumalo 1953 NAC 4 (N-E); Ntuli v Ntuli 1946 NAC 58 (N&T); Dlamini (1983-4) 295.
93. Ngema v Ngema 1950 NAC 213 (N&T).
94. Sitole v Sitole 1940 NAC 115 (N&T); Tshozi v Tshozi 1941 NAC 92 (N&T); Qwabe v Qwabe 1945 NAC 101 (N&T); Mhlungu v Mhlungu 1950 NAC 192 (N-E); Shandu v Shandu 1956 NAC 134 (N-E). 'n Skuldverhouding word gevestig selfs indien 'n ander huis lobolo lewer aan die algemene opvolger of ander seun van die indlunkulu (Dlamini (1983-4) 310, voetnota 85).
95. Ntombela v Ntombela 1930 NAC 42 (N&T). Hierdie beslissing is ingevolge die Natalse Kode van 1891, wat nie 'n bepaling soortgelyk as artikel 92(2) van die Natalse Kode van 1932 (tans artikel 64(4) van die Kwazulu Wetboek) gehad het nie, gelewer. Dlamini (1983-4) 310 dui aan dat die beslissing Zoeloereg korrek weergee.
96. Sien paragraaf 2 op bladsy 276 van hierdie verhandeling.
97. Vergelyk paragrawe 3.1 en 3.2 op bladsy 277 van hierdie verhandeling.
98. Sien paragraaf 3 op bladsy 277 van hierdie verhandeling.
99. Sien bladsy 143 van hierdie verhandeling.

100. Olivier et al (1981) 472; Bekker (1989) 137-8.
101. Vir 'n bespreking van "huiseiendom" sien bladsy 146 van hierdie verhandeling.
102. Sien Krige 179; Bekker (1989) 135-6; Maganu v Maganu 1934 NAC 14 (N&T); Madlala v Madlala 1945 NAC 40 (N&T).
103. Die ethula-gebruik word op bladsy 316 van hierdie verhandeling bespreek.
104. Vir 'n volledige bespreking met betrekking tot die erkenning van die lobolo-instelling in Suid-Afrika, sien Dlamini (1983-4) 103-42.
105. Sien die voorbehoudsbepaling van artikel 11(1) van Wet 38 van 1927, en met betrekking tot die Republiek van Suid-Afrika, soos vervang deur artikel 54A van Wet 32 van 1944, en herroep en vervang deur artikel 1(1) van Wet 45 van 1988.
106. Dlamini (1983-4) 122; Stafford en Franklin 160.
107. Deur Natal Wet No. 7 van 1910.
108. Artikel 93 van die Natalse Kode van 1932.
109. Bladsy 160-1.
110. Maar wel die Natalse Kode van 1878.
111. Stafford en Franklin 161.
112. Indien 'n vrou onvrugbaar was of kinderloos sterf, het die eggenoot, in die tradisionele Zoeloe-samelewing, sy lobolo teruggeëis. Gewoonlik was dit gebruikelik om saam met die bruid 'n jonger suster te stuur, die inhlanzi of insila, wat vir die suster kinders moet baar ingeval sy onvrugbaar is, of in haar plek moet tree indien sy kinderloos te sterwe sou kom. As die vrou gedurende die bevalling sou sterf en geen ander kinders gebore was nie, is 'n deel van die lobolo teruggegee. Vergelyk Krige 61, 156, Stafford en Franklin 162, 181; Olivier et al (1989) 106-7; Masondo v Shoba 1936 NAC 39 (N&T); Gidja v Yingwana 1944 NAC 4 (N&T).
113. Artikel 181.
114. Dlamini (1983-4) 141; Olivier et al (1989) 107, voetnota 23.
115. Artikel 66(3) van die Kwazulu Wetboek is op artikel 94 van die Natalse Kode van 1932 gebaseer.
116. Sien artikel 66(4) van die Kwazulu Wetboek.
117. Mbuyazi v Mbuyazi 1954 NAC 196 (N-E).

118. Cele v Xolo 1956 NAC 15 (N&T).
119. Sien ook Olivier et al (1989) 107-8.
120. 1951 NAC 307 (N&T).
121. Sien paragraaf 2 op bladsy 282 van hierdie verhandeling.
122. Dit wil sê, ongeag of die distrikte voorheen in die gebied van Zoeloeland geval het of nie.
123. In die Engelse teks word die sinsnede "in the discretion of the magistrate", gebruik.
124. Die eggenote se dood te wyte aan die skuld of nalatigheid van die eggenoot, mag moontlik 'n invloed hê op die lobolo teruglewerbaar.
125. Bekker (1989) 350-1; Olivier et al (1989) 160; Dlamini (1983-4) 457.
126. Artikel 1.
127. Ook bekend as die inkomo kanina wentombazane, inkomo yhlanga, inkomo yesifociya, inkomo yokugholisa of umqholisa, by verskillende Zoeloe-stamme. Sien Dlamini (1983-4) 457; De Clercq 226; Reeder 189.
128. Dlamini (1983-4) 457.
129. Artikel 55 van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Qulo v Qulo 1940 NAC 4 (N&T); Ngcobo v Kumalo 1942 NAC 47 (N&T); Sibiya v Sibisi 1946 NAC 60 (N&T); Mlaba v Mvelase 1951 NAC 314 (N&T); Radebe v Bhengu 1954 NAC 126 (N-E); Mpungose v Shandu 1956 NAC 180 (N-E); Ndlovu v Phetha 1964 BAC 101 (N-E); Mbanjwa v Mbanjwa 1964 BAC 122 (N-E); Khanyile v Zulu 1966 BAC 122 (N-E); Ndebele v Ndebele 1971 BAC 70 (N-E); Myende v Chilya 1973 BAC 304 (N-E).
130. Bladsy 158.
131. Vergelyk ook Bekker (1989) 351; Dlamini (1983-4) 460.
132. Bladsy 227.
133. Bladsy 461.
134. Nomcimbi v Vayivayi 1921 NHC 1; Mbutho v Cele 1977 ACCC 247 (N-E).
135. Artikel 67(2); Sibiya v Sibisi 1946 NAC 60 (N&T).
136. Artikels 67(3) en (4).
137. Sien Buyiza v Ntombela 1939 NAC 93 (N&T); Zulu v Mhlongo 1951 NAC 302 (N&T). Dit is gebruikelik dat die ngquthu-bees saam met lobolo gelewer word, en die eggenoot of die bruid se vader wys die betrokke bees uit

tydens 'n familie-vergadering. Die bees kan ook in 'n geldwaarde (kontant) betaal word.

138. Dié artikel veruys na eiendomsbesit van roerende en onroerende goedere. Sien bladsy 106 van hierdie verhandeling.

139. Zulu v Mlomo 1951 NAC 302 (N-E); Mhlaba v Mvelase 1951 NAC 314 (N-E); Khenyile v Zulu 1966 SAC 35 (N-E).

140. Redebe v Shengu 1954 NAC 126 (N-E).

141. Qulo v Qulo 1940 NAC 4 (NAT); Mbanjwa v Mbanjwa 1964 NAC 122 (N-E).

142. Vergelyk artikel 14. Vergelyk ook Sibiya v Sibisi 1946 NAC 60 (NAT); Mbutho v Cele 1977 ACCC 247 (N-E).

143. Artikel 66(5).

144. Mdebele v Mdebele 1971 SAC 79 (N-E).

145. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 205 van hierdie verhandeling.

146. Ibid.

Daar is reeds gemeld dat 'n-gebruiklike huwelik poligaam van aard is,² en dat 'n eggenoot se vrou of vrouens hulle in 'n familiewoning vestig.³ In hierdie verband word dan ook onderskei tussen 'n enkelvoudige huisgesin,⁴ 'n meervoudige huisgesin⁵ en 'n samegestelde huisgesin,⁶ wat in 'n familiewoning woonagtig is.⁷

In 'n meervoudige gesin het elke eggenote normaalweg 'n eie status en rang,⁸ en vorm sy 'n bepaalde "huis"⁹ wat 'n aparte vermoënsregtelike eenheid in die familiewoning uitmaak. Die status en rang wat aan 'n eggenote toegeken is, bepaal in 'n groot mate haar sosiale aansien, haar verhouding tot die ander "huise" van haar eggenoot, en die status van haar kinders ten opsigte van die opvolgingsreg in die familiewoning.

Artikels 68 tot 78 van die KwaZulu Wetboek reël onder meer die totstandbring van senior of geaffilieerde huise, die indeel van familiewonings in afdelings, die status van eerste, tweede en daaropvolgende vroue van burgers sowel as van kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom, en ander relevante aangeleenthede. In hierdie hoofstuk word gevolglik die regsimplikasies en -gevolge van die statutêre reëlings bespreek.

Totstandbring van senior of geaffilieerde huise.

68. (1) (a) Wanneer ook al 'n-gebruiklike huwelik aangegaan word deur 'n familiehoof, word 'n huis wat behoudens die bepalinge van paragrafe (b) en (c), of 'n senior of 'n geaffilieerde huis is, vir die eggenote van die huwelik tot stand gebring.

- (b) Behoudens die bepalinge van paragraaf (c) is daar nie meer as twee senior huise in 'n familiewoning nie en die ander huise is met die een of ander daarvan geaffilieer, hetsy deur die outomatiese uitwerking van die grondbeginsel maarvolgens affiliasie plaasvind, naamlik dat 'n junior huis geaffilieer word met die senior huis wat die lobolo verskaf vir die eggenote van sodanige junior huis of by openbare verklaring deur die familiehoof ten tyde van die viering van die huwelik.
- (c) In die familiewonings van kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom kan daar drie senior huise wees en die ander huise in die familiewoning is met die een of ander daarvan geaffilieer, soos in paragraaf (b) aangedui.
- (2) Behalwe die huise van die familiehoof se verskillende vrouens, kan 'n familiewoning uit die huise van familiebetrekkings van die familiehoof asook uit dié van nie-verwantes wat daar geduld word, bestaan. 'n Arm familielid hetsy getroud of ongetroud kan sy huis en eiendom in die familiewoning hê. 'n Behoeftige Swarte kan, vir dienste aan die familiewoning gelewer, as teenprestasie die reg vir die gebruik van 'n sekere getal beste ontvang asook die reg om 'n huis in die familiewoning te bewoon. Die huis van enige sodanige Swarte neem 'n ondergeskikte plek in die familiewoning in.
- (3) By ontstentenis van affiliasie, is die verskillende huise in 'n familiewoning afsonderlik en onafhanklik van mekaar en kan elkeen sy eie eiendom en eiendomsregte verkry.

Artikel 68 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GEBRUIKLIKE HUWELIK

2. FAMILIEHOOF

3. HUISE

4. SENIOR HUISE

4.1 Van gewone stamlede

4.2 Van kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom

5. GEAFFILIEERDE HUISE

6. FAMILIEWONING

1. GEBRUIKLIKE HUWELIK

h "Gebruiklike huwelik" is bepaal.¹⁰

2. FAMILIEHOOF

h "Familiehoof" is bepaal,¹¹ maar in die bespreking van hierdie artikel word onderskei tussen familiehoofde wat gewone stamlede is,¹² en familiehoofde wat kapteins of ander persone met rang, invloed of rykdom is.¹³

3. HUISE

h "Huis" word omskryf¹⁴ as "die familie en eiendom, regte en status, wat begin met, verbonde is aan en ontstaan uit die gebruiklike huwelik van enige Swart vrou".

Wanneer h gebruiklike huwelik aangegaan word met h Swart vrou, ontstaan¹⁵ daar h "huis", wat in die meervoudige huisgesin h eie status en rang het,¹⁶ en h aparte vermoënsregtelike eenheid vorm.

4. SENIOR HUISE

In artikel 68(1)(a) onderskei die KwaZulu Wetboek slegs tussen twee tipe huise, naamlik senior en geaffilieerde huise. h Verdere onderskeid met betrekking tot "huise" is tussen "kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom" en persone wat nie in hierdie kategorieë val nie, en wat

gerieflikheidshalwe "gewone stamlede" genoem kan word.

4.1 Van gewone stamlede

Dit is duidelik dat 'n gewone stamlid hoogstens twee senior huise in sy
 17
 familiewoning kan hê. Die eerste eggenote met wie hy 'n gebruikelike huwe-
 18
 19
 lik aangaan, is sy vernaamste eggenote en haar huis is die indlunkulu.

Die ander senior huis wat 'n gewone stamlid in sy familiewoning kan hê, is
 20
 die ikhohlwa.

4.2 Van kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom

Kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom kan drie senior huise
 21
 22
 in hul familiewoning hê, te wete die indlunkulu, ikhohlwa en iqadi.

Die sinsnede "ander persone met rang, invloed of rykdom" is nie omskryf
 nie, en word nóg deur ons skrywers nóg ons howe bepaal.

5. GEAFFILIEERDE HUISE

Daar is gemeld dat gewone stamlede twee senior huise en kapteins en ander
 persone van rang, invloed en rykdom drie senior huise in hul familiewoning
 23
 kan vestig. Elke verdere "huis" wat deur 'n gebruikelike huwelik gevestig
 24
 word, word as 'n junior huis beskou, en aan 'n senior huis geaffilieer.

"Affiliasie" word omskryf ²⁵ as die "aanhanklikheid van een of meer junior huise aan 'n senior of superieure huis, hetsy die indlunkulu, die ikhohlwa of die iqadi, ten einde voorsiening te maak teen 'n gebrek aan 'n erfgenaam in sodanige senior of superieure huis, en het "geaffilieer" 'n ooreenstemmende betekenis". Die hoofdoel van affiliasie is dus om 'n erfopvolger te verskaf in die betrokke senior huis waaraan die junior huis geaffilieer ²⁶ is.

Affiliasie geskied normaalweg volgens die grondbeginsel dat 'n junior huis geaffilieer word met die senior huis wat die lobolo verskaf vir die eggenote van sodanige junior huis, of by openbare verklaring deur die ²⁷ familiehoof ten tyde van die viering van die gebruiklike huwelik.

Indien 'n senior huis lobolo verskaf het vir die eggenote van 'n junior huis, is daar 'n weerlegbare vermoede dat die junior huis aan die senior huis ²⁸ geaffilieer is.

'n Junior huis kan aan 'n senior huis geaffilieer word, maar nie aan 'n ander ²⁹ junior huis of geaffilieerde huis nie. Dit volg dus dat 'n senior huis ³⁰ nie aan 'n junior huis geaffilieer kan word nie.

6. FAMILIEWONING

³¹ 'n "Familiewoning" is bepaal. In 'n familiewoning kan daar ook huise van verwante van 'n familiehoof asook dié van nie-verwante wees. Die huise van ³² sodanige Swartes neem 'n ondergeskikte plek in die familiewoning in.

Die sinsnede "by ontstentenis van affiliasie" in artikel 68(3) verwys, al-
³³
 dus Olivier et al (1989), na die huise van derglike verwante van 'n
 familiehoof sowel as nie-verwante. Die betekenis van artikel 68(3) is der-
 halwe dat, behalwe in die geval van 'n huis wat aan 'n senior huis geaffi-
 lieer is, elke huis in 'n familiewoning afgeskei en onafhanklik van mekaar
³⁴
 is, en elkeen kan sy eie eiendom en eiendomsregte verkry. 'n Ukuvusa-huis
³⁵
 sal ook hieronder resorteer.

³⁶
 Stafford en Franklin is van mening dat die sinsnede "by ontstentenis van
 affiliasie" misleidend en onnodig is, "because the position as stated in
 the rest of the sub-section applies whether there has been affiliation or
 not". Affiliasie affekteer nie die eiendomsregte in 'n betrokke huis nie,
 net soos dit nie die posisie van die betrokke huis se erfgenaam affekteer
 nie. In Shandu v Shandu
³⁷
 is ook beslis dat in Zoeloereg een of meer huise
 die indlunkulu- of ikhohlwa-afdeling kan uitmaak, maar dat elke huis in
 daardie afdeling 'n eie afsonderlike en onderskeidende entiteit het.

EVALUERING

Die sinsnede "by ontstentenis van affiliasie" in artikel 68(3), blyk onno-
³⁸
 dig te wees. Elke huis in 'n familiewoning is 'n aparte vermoënsregtelike
 eenheid, en kan sy eie eiendom en eiendomsregte verkry. Die huis-erfgenaam
³⁹
 volg elk op in huiseiendom. Ek vereenselwig my met die mening van* Staf-
⁴⁰
 ford en Franklin en die beslissing van Shandu v Shandu.

Die sinsnede "ander persone met rang, invloed of rykdom", is 'n breë begrip,
 wat nie maklik bepaalbaar is nie. Die kontemporêre beskouing sal enigsins

anders wees as wat oorspronklik daarmee bedoel was. "Rykdom" was tradisioneel bepaal deur die getal beeste wat 'n familiehoof besit het, maar vandag is dit nie die geval nie.

'n Persoon met "rang of invloed" is blykbaar diegene wat ingevolge artikel 61 geregtig is op lobolo van meer as tien beeste, dit wil sê, nie 'n familiehoof wat 'n gewone stamlid is nie. 'n Persoon met "rykdom" is waarskynlik 'n familiehoof, wat deur die inwoners van die gebied waarin hy woonagtig is, as "ryk" beskou word.

Verder is die bepalinge van artikel 68 duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 68(3) gewysig word om as volg te lees:

"Die verskillende huise in 'n familiewoning is afsonderlik en onafhanklik van mekaar, en elkeen kan sy eie eiendom en eiendomsregte verkry".

Status van eerste vrou van burgers.

69. Met burgers anders as kapteins by erfopvolging is die eerste eggenote die vernaamste eggenote en haar huis is die indlunkulu.

Artikel 69 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. BURGERS, ANDERS AS KAPTEINS BY ERFOPVOLGING
2. EERSTE EGGENOTE IS DIE VERNAAMSTE EGGENOTE EN HAAR HUIS IS DIE INDLUNKULU

1. BURGERS, ANDERS AS KAPTEINS BY ERFOPVOLGING

in "Burger" is reeds bepaal,⁴¹ maar volgens hierdie artikel is kapteins by⁴² erfopvolging uitgesluit.

2. EERSTE EGGENOTE IS DIE VERNAAMSTE EGGENOTE EN HAAR HUIS IS DIE
INDLUNKULU

in Burger, anders as in kaptein by erfopvolging,⁴³ het nie die bevoegdheid om⁴⁴ die status van sy hoofvrou na willekeur te bepaal nie. Sy eerste eggenote met wie hy in gebruikelike huwelik aangaan, is sy ver naamste vrou (sy⁴⁵ hoofvrou), en haar huis is die indlunkulu. Hierdie bepaling is impera-⁴⁶tief.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 69 is duidelik, en ek vereenselwig my met die menings en beslissings van ons skrywers en hore.

Status van vroue van gewone burger geneem na eerste vrou.

70. (1) Die status van vrouens wat geneem is deur in gewone burger na die eerste vrou en dié van hul huise is afhanklik van die feit of daar enige formele aankondiging (sic) of verklaring van status deur die familiehoof ten tyde van die viering van die gebruikelike huwelik gemaak is, al dan nie.
- (2) As geen sodanige formele aankondiging gemaak is nie, volg die tweede eggenote in rang op die ver naamste eggenote en word haar huis in senior huis met rang onmiddellik naas die indlunkulu; huise deur later gebruikelike huwelike tot stand gebring, word geaffilieer met die indlunkulu of die ander senior huis soos in artikel 68(1)(b) aangedui.

Aankondiging van status van tweede en daaropvolgende vroue.

72. (1) Wanneer 'n familiehoof 'n tweede eggenote neem en by die viering van sodanige gebruiklike huwelik 'n formele aankondiging of verklaring maak betreffende haar status en dié van haar huis, word sy gewoonlik die vernaamste ikhohlwa-eggenote verklaar en word die ikhohlwa tot stand gebring.
- (2) Die huise tot stand gebring deur gebruiklike huwelike aangegaan deur die familiehoof na die totstandkoming van die ikhohlwa word gewoonlik of met die indlunkulu of die ikhohlwa geaffilieer, ooreenkomstig die grondbeginsel waarop affiliasie plaasvind of by openbare verklaring deur die familiehoof ten tyde van die viering van die huwelik.

Artikels 70 en 72 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GEMONE BURGER
2. FAMILIEHOOF
3. STATUS VAN VROUENS GEMEEN (DEUR 'n GEMONE BURGER) NA EERSTE VROU AFHANKLIK VAN FORMELE AANKONDIGING OF VERKLARING TEN TYDE VAN DIE VIERING VAN DIE GEBRUIKLIKE HUWELIK
4. HUISE DEUR LATERE GEBRUIKLIKE HUWELIKE WORD GEAFFILIEER MET DIE INDLUNKULU OF DIE ANDER SENIOR HUIS
5. ONTSTENTENIS VAN ENIGE FORMELE VERKLARING

1. GEMONE BURGER

Artikel 70 gebruik die term "gewone burger", terwyl artikel 69 die term ⁴⁷ "burgers" ⁴⁸ gebruik. 'n "Burger" is bepaal, ⁴⁹ maar die term "gewone burger" verwys blykbaar na 'n gewone stamlid, ⁵⁰ dit wil sê 'n manlike burger van KwaZulu wat nie 'n kaptein by erfopvolging is nie.

2. FAMILIEHOOF

Artikel 72 gebruik die term "familiehoof". 'n "Familiehoof" is bepaal.⁵¹
 Ons skrywers dui nie aan waarom in hierdie artikel die term "familiehoof",
 en in artikel 70 die term "gewone burger", gebruik word.

3. STATUS VAN VROUENS GENEEM (DEUR 'n GEWONE BURGER) NA EERSTE VROU
 AFHANKLIK VAN FORMELE AANKONDIGING OF VERKLARING TEN TYDE VAN DIE
 VIERING VAN DIE GEBRUIKLIKE HUWELIK

'n Familiehoof, wat 'n gewone burger is,⁵² kan by wyse van 'n formele
 aankondiging of verklaring van status tydens die viering van 'n gebruiklike
 huwelik sy tweede eggenote as ikhohlwa-eggenote verklaar,⁵³ of 'n ander sta-
 tus (dié van junior huis geaffilieer aan die indlunkulu) aan haar toeken.⁵⁴

4. HUISE DEUR LATERE GEBRUIKLIKE HUWELIKE WORD GEAFFILIEER MET DIE
INDLUNKULU OF DIE ANDER SENIOR HUIS

Elke verdere gebruiklike huwelik vestig 'n huis wat as 'n junior huis beskou
 word wat óf aan die indlunkulu óf aan die ander senior huis geaffilieer
 is.⁵⁵ Affiliësie vind plaas wanneer 'n junior huis geaffilieer word met 'n
 senior huis wat die lobolo vir die eggenote van die junior huis verskaf
 het, of by wyse van 'n openbare verklaring deur die familiehoof ten tyde van
 die viering van die gebruiklike huwelik.⁵⁶

5. ONTSTENTENIS VAN ENIGE FORMELE VERKLARING

Daar is gemeld dat 'n gewone stamlid se eerste eggenote sy indlunkulu-huis⁵⁷ vestig. Indien 'n familiehoof tydens die gebruikelike huwelik met sy tweede eggenote geen formele aankondiging of verklaring tydens die viering van die huwelik maak nie, stel die tweede eggenote 'n tweede senior huis daar, wat in rang onmiddellik na die indlunkulu is, dit wil sê die ikhohlwa-huis⁵⁸ vestig.

In Dhlamini v Dhlamini⁵⁹ is aangedui dat die bepaling van artikel 70(2), naamlik dat 'n tweede eggenoot by ontstentenis van 'n formele verklaring tydens die viering van die gebruikelike huwelik 'n ikhohlwa-huis vestig, strydig met die bepalings van artikel 71 is.⁶⁰ Kerr (1976)⁶¹ wys egter daarop dat artikel 71 indikatief is, en dat daar nie 'n werklike konflik tussen artikels 70(2) en 71 is nie.

Ons houe het aangedui⁶² dat die verwysing na die woord "senior huis" in artikels 68(2), 70(2) en 81(2) misleidend is; indien daar nie 'n ikhohlwa- of iqadi-huis is nie, is dit onseker na watter ander senior huis verwys kan word.⁶³ Kerr (1976)⁶⁴ stel dit egter onomwonde dat daar slegs drie senior huise⁶⁵ kan wees, en dat daar geen aanduiding is dat die Wetgewer bedoel het om 'n nuwe kategorie van 'n senior huis daar te stel nie.

Kerr (1976)⁶⁶ dui ook aan dat alhoewel bepaal word dat 'n ikhohlwa-huis gestig word wanneer 'n formele aankondiging of verklaring tydens die viering van 'n huwelik gemaak word,⁶⁷ of by ontstentenis van 'n verklaring 'n tweede eggenote deur 'n gewone burger geneem word,⁶⁸ 'n ikhohlwa-huis ook stilswyend

69

gevestig kan word.

70

Bekker (1989) verwys na die tweede eggenote gemeld in artikel 70(2), as die "senior wife bearing no distinctive name". Eggenotes van gebruikelike huwelike daarna aangegaan, is geaffilieer aan die indlunkulu of die gemelde senior vrou (huis).⁷¹ Hy wys daarop dat voor die inwerkingtrede van die Natalse Wetboek van 1932, so 'n tweede eggenote nie noodwendig 'n ikhohlwa-huis gevestig het nie. Sy en die eggenotes van gebruikelike huwelike na haar huwelik aangegaan, het in senioriteit op die indlunkulu gevolg in tydsorde van hul huwelike.⁷²

73

Olivier et al (1989) meld dat die eerste eggenote die indlunkulu is, en dat ander eggenotes se status deur die tydsorde van hul huwelik bepaal word, maar verwys wel na 'n "tweede senior vrou" wat in rangorde volg op die hoofvrou en haar huis. Hulle dui egter nie onomwonde aan dat sy 'n ikhohlwa-huis vestig nie.

74

EVALUERING

75

Artikel 70 gebruik die term "gewone burgers", terwyl artikel 72 na "familiehoofde"⁷⁶ verwys. In effek verwys beide terme na "familiehoofde wat nie kapteins by erfopvolging" is nie.⁷⁷ Daar is geen rede waarom verskillende terme gebruik moet word nie. Indien beweer word dat die term "familiehoofde" na "persone met rang, invloed of rykdom" verwys, behoort die Wetgewer so 'n bedoeling uitdruklik te stel. Die Kwazulu Wetboek bepaal egter slegs dat die gemelde kategorie van persone drie senior huise mag tot stand bring,⁷⁸ maar reël nie dat die status van hul vroue soos die van kap-

teins by erfopvolging, bepaal mag word nie. Dit is derhalwe nodig dat die woorde "gewone burger" en "familiehoof" in artikels 70 en 72, paslik gewysig word.

79

Ek gaan verder met Kerr (1976) akkoord dat daar nie 'n wesenlike konflik tussen artikels 70(2) en 71 is nie, en dat die wetgewer nie 'n nuwe kategorie van 'n senior huis in die Kwazulu Wetboek gestel het nie, dit wil sê die enigste senior huise is die indlunkulu, ikhohlwa en iqadi. Die gebruik van die woorde "senior huis met rang", soos gestel in Dhlamini v Dhlamini,⁸⁰ is misleidend. Dié dat Bekker (1989) verwys na "a senior wife bearing no distinctive name", en Olivier et al (1989) 'n doelmatigheidsuitleg volg.⁸¹

Aangesien die wetgewer dus slegs drie huise met rang in 'n familiewoning erken en blykbaar nie die bedoeling het om 'n huis bekend as 'n "tweede senior vrou", wat in rangorde volg op die indlunkulu en aan wie huise geaffilieer kan word, te skep nie,⁸² is dit nodig dat artikel 70(2) effektief gewysig word.

83

Verder is daar outoriteit dat 'n tweede eggenote nie noodwendig 'n ikhohlwa-huis vestig nie, maar dat eggenotes getroud na die indlunkulu, in rang volg op die indlunkulu volgens die tydsorde van hul huwelike.⁸⁴

Hierdie aangeleentheid verdien 'n ondersoek deur die wetgewer.

AANDEVELING

Aangesien ek van mening is dat die korrekte uitleg van artikels 70 en 72 van die Kwazulu Wetboek⁸⁴ is dat daar slegs drie huise met rang in 'n familiewoning is,⁸⁵ en dat by ontstentenis van 'n formele aankondiging of verklaring tydens die viering van 'n gebruikelike huwelik met sy tweede eggenote, sy die ikholwa-huis vestig, word aanbeveel dat artikels 70 en 72 ge-⁸⁶skrap word, en deur 'n artikel 70 vervang word wat as volg lees:

70(1) Die status van vrouens wat geneem is deur 'n familiehoof wat 'n burger anders as 'n kaptein by erfopvolging is, na die eerste vrou en dié van hul huise is afhanklik van die feit of daar enige formele aankondiging of verklaring van status deur die familiehoof ten tyde van die viering van die gebruilike huwelik gemaak is, aldan nie.

70(2) Indien geen sodanige afkondiging gemaak is met betrekking tot die status van 'n tweede vrou nie, word sy gewoonlik die vernaamste ikhohlwa-eggenote en word die ikhohlwa tot stand gebring.

70(3) Die huise tot stand gebring deur gebruikelike huwelike na die tweede vrou, word gewoonlik of met die indlunkulu of die ikhohlwa geaffilieer, soos in artikel 68(1)(b) aangedui.

Verder word aanbeveel dat die Kwazulu wetgewer 'n kommissie aanstel om die volgende vraagpunte te ondersoek:

(a) Is dit korrek dat 'n familiehoof wat nie 'n kaptein by erfopvolging is, se tweede eggenote, by ontstentenis van enige formele aankondiging of

verklaring tydens die viering van die gebruiklike huwelik, in ikhohlwa-huis vestig?

- (b) Behoort sodanige familiehoof se eggenotes, met wie gebruiklike huwelike aangegaan word na die eerste eggenote, nie in status te volg op die indlunkulu volgens die tydsorde van hul huwelik nie?

Formele aankondiging van voorneme om familiewoning in afdelings te verdeel.

71. (1) In Formele aankondiging of verklaring van status ten tyde van die viering van 'n gebruiklike huwelik word gemaak ingevolge die voorneme van die familiehoof om sy familiewoning in afdelings te verdeel, waarvan daar vier kan wees. Hierdie afdelings is -

- (a) die indlunkulu-afdeling - bestaande uit die indlunkulu met sy geaffilieerde huise;
- (b) die ikhohlwa-afdeling - bestaande uit die ikhohlwa met sy geaffilieerde huise;
- (c) die iqadi-afdeling - bestaande uit die iqadi met sy geaffilieerde huise;
- (d) 'n ondergeskikte afdeling - bestaande uit huise van 'n familieledede en nie-verwante, wat gewoonlik 'n ondergeskikte plek in die familiewoning inneem.

(2) Die kinders van enige vrou wie se status formeel aangekondig of verklaar is, soos vermeld in subartikel (1), word nie in hul status of regte deur die latere egskedding of oorlyde van sodanige vrou benadeel nie.

Artikel 71 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. FORMELE AANKONDIGING OF VERKLARING VAN STATUS
3. INDLUNKULU-AFDELING
4. IKHOHLWA-AFDELING
5. IQADI-AFDELING

6. ONDERGESKIKTE AFDELING

7. STATUS VAN KINDERS NIE BENADEEL NIE

1. FAMILIEHOOF

87
 'n "Familiehoof" is bepaal, maar in hierdie artikel moet onderskei word tussen familiehoofde wat gewone stamlede is, en familiehoofde wat kapteins of persone met rang, invloed of rykdom is. Gewone stamlede kan slegs twee 88 senior huise in sy familiewoning hê, naamlik die indlunkulu en ikhohlwa, terwyl kapteins of persone met rang, invloed of rykdom drie senior huise, 89 te wete 'n indlunkulu, ikhohlwa en igadi, in hul familiewoning kan hê.

2. FORMELE AANKONDIGING OF VERKLARING VAN STATUS

'n Familiehoof kan deur 'n formele aankondiging of verklaring van status tydens die viering van 'n gebruikelike huwelik, sy voorneme te kenne gee om 90 91 sy familiewoning in afdelings te verdeel. Kerr (1976) wys egter daarop dat dit moontlik is dat 'n familiehoof nadat hy 'n paar eggenotes getrou het, 92 so 'n indeling kan reël. Volgens hom is die bepalings van artikel 71 93 slegs indikatief.

3. INDLUNKULU-AFDELING

94
 Die "Indlunkulu" is omskryf as "die 'groot huis' - die vernaamste huis in 'n familiewoning; die ligging daarvan bepaal die ligging van die ander huise en met sy geaffilieerde huise vorm dit die indlunkulu-afdeling van die familiewoning".

Slegs kapteins by erfopvolging se eerste oggenote het nie noodwendig die status van indlunkulu nie;⁹⁵ in ander gevalle is 'n familiehoof se eerste vrou se huis die indlunkulu.⁹⁶ 'n Verdeling van 'n familiewoning affekteer nie die posisie van die indlunkulu nie.⁹⁷

4. IKHOHLWA-AFDELING

Die KwaZulu Wetboek omskryf⁹⁸ "ikhohlwa" as "die linkerhandse senior huis van 'n familiewoning wat verdeel is in afdelings soos omskryf in artikel 71 en wat met sy geaffilieerde huise die ikhohlwa-afdeling vorm; dit word gewoonlik met familie-eiendom tot stand gebring en waar 'n uitdruklike verklaring tot die teendeel ontbreek, geskied geen teruggawe van sodanige eiendom nie".⁹⁹

5. IQADI-AFDELING

Die KwaZulu Wetboek omskryf¹⁰⁰ die iqadi as "die regterhandse senior huis van 'n familiewoning wat verdeel is in afdelings soos omskryf in artikel 71 en wat by sy geaffilieerde huise die iqadi-afdeling vorm; vir opvolgingsdoeleindes volg dit in rang op die indlunkulu-afdeling".

Slegs familiehoofde wat kapteins of persone met rang, invloed of rykdom is,¹⁰¹ kan 'n iqadi-huis vestig.

6. ONDERGESKIKTE AFDELING

Hierdie afdeling bestaan uit die huise van arm familieleden en nie-verwante,

wat gewoonlik 'n ondergeskikte plek in die familiewoning inneem.

7. STATUS VAN KINDERS NIE BENADEEL NIE

Kinders van 'n vrou, wie se status afgekondig of verklaar is, word nie in hul status of regte deur die latere ontbinding van die gebruikelike huwelik of die oorlye van hul moeder benadeel nie. Die huis wet deur die gebruikelike huwelik tot stand gebring is, bly voortbestaan en die kinders behou hul status en regte in en ten opsigte van sodanige huis.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 71 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en houe.

Verklaring van status van derde vrou as iqadi vrou.

73. 'n Familiehoof kan by die neem van sy derde of enige daaropvolgende eggenote die totstandbringings van die iqadi met die vrou as (sic) vernameste iqadi-eggenote aankondig en in hierdie geval word huise, tot stand gebring by later gebruikelike huwelike aangegaan deur die familiehoof, of met die indlunkulu of die ik-hohlwa of die iqadi geaffilieer ooreenkomstig die grondbeginsel waarop affiliasie plaasvind of by openbare verklaring deur die familiehoof ten tyde van die viering van die huwelik.

Artikel 73 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. IQADI-EGGENOTE

1. FAMILIEHOOF

105
 'n "Familiehoof" is bepaal, maar in hierdie artikel verwys die woord na familiehoofde wat "kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom" 106
 is.

2. IQADI-EGGENOTE

107
 Die iqadi is bepaal. Vir doeleindes van algemene erfopvolging is hierdie huis volgende in rang na die indlunkulu, alhoewel die iqadi-eggenote 108
 gewoonlik eers na die ikhohlwa-eggenote, getrou word.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 73 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings van ons skrywers.

Junior huise is geaffilieer met senior huise.

74. (1) 'n Geaffilieerde junior huis word geïdentifiseer en gegropeer met die senior huis waarmee dit geaffilieer is, maar affiliasie op sigself raak nie die eiendom en eiendomsregte van die geaffilieerde huis nie.

(2) 'n Geaffilieerde huis ethula aan die senior huis waarmee dit geaffilieer is.

Artikel 74 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GEAFFILIEERDE JUNIOR HUISE WORD GEIDENTIFISEER EN GEGROEPEER MET DIE SENIOR HUIS WAARMEE DIT GEAFFILIEER IS
2. AFFILIASIE RAAK NIE DIE EIENDOM EN EIENDOMSREGTE VAN DIE GEAFFILIEERDE

HUIS NIE

3. ETHULA

1. GEAFFILIEERDE JUNIOR HUISE WORD GEIDENTIFISEER EN GEGROEPEER MET DIE SENIOR HUIS WAARMEE DIT GEAFFILIEER IS

109

Hierdie artikelkomponent is reeds bespreek.

2. AFFILIASIE RAAK NIE DIE EIENDOM EN EIENDOMSREGTE VAN DIE GEAFFILIEERDE HUIS NIE

110

Hierdie artikelkomponent is reeds bespreek.

3. ETHULA

111

Ethula word omskryf as "vir sover dit by wet toepasbaar is, die gebruik waarby 'n junior huis 'n verpligting opgelê word vir die terugbetaling van lobolo wat van 'n senior huis mag geneem gewees het om sodanige junior huis tot stand te bring. Die lobolo van die oudste dogter van sodanige junior huis word gewoonlik aangedui as die bron waaruit die aanspreeklikheid gedelg moet word, maar die gebruik word nie erken as synde van toepassing op die oorhandiging van die "ethula" meisie self as 'n pand vir betaling nie".

112

Die ethula-gebruik is volledig deur ons skrywers en howe bespreek.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 74 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en houe.

Status van vroue van kapteins by erfopvolging.

75. (1) Die status van die vrouens van 'n kaptein by erfopvolging belas met die toesig oor 'n stam, word nie verklaar nie tot na die kaptein sy vernaamste eggenote geneem het, wat gewoonlik later in die lewe as die eerste en tweede eggenotes geneem word.
- (2) Die lobolo van die vernaamste eggenote van 'n kaptein by erfopvolging word gewoonlik geheel en al of gedeeltelik deur die stam bygedra en haar status word in die openbaar aangekondig.
- (3) (a) Van 'n kaptein word vereis, wanneer hy sy vernaamste vrou neem, om aan die Sekretaris (sic) deur die Kommissaris of Magistraat die name van sy verskillende vrouens asook die status van elkeen te rapporteer.
- (b) Van 'n kaptein word vereis om onmiddellik aan die Sekretaris deur die Kommissaris of Magistraat die geboorte van die eersgebore seun van sy vernaamste vrou te rapporteer en, ingeval sodanige seun voor hom sterf, sy dood.
- (c) Enige rapport gemaak ingevolge paragraaf (a) moet aangeteken en geattesteer word deur die amptenaar aan wie dit gedoen is en moet onderteken word deur die kaptein of sy behoorlike gemagtigde verteenwoordiger in die teenwoordigheid van minstens twee getuies. Enige sodanige rapport moet as streng vertroulik behandel word.
- (4) Indien 'n kaptein by erfopvolging, wat die eggenoot van verskillende eggenotes is, sterf sonder dat hy sy vernaamste vrou geneem het, is dit die plig van die oudstes van die stam om te vergader en status aan die weduwees toe te ken, die vernaamste eggenote aan te stel en die ikhohlwa, die iqadi en junior huise te bepaal of op ander gebruiklike en wettige wyse die rang van iedere huis vas te stel.

Artikel 75 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. KAPTEIN BY ERFOPVOLGING
2. BELAS MET DIE TOESIG OOR 'n STAM
3. STATUS VAN VROUENS
4. BEPALING VAN STATUS BY AFSTERWE VAN KAPTEIN BY ERFOPVOLGING WAAR HOOFVROU NIE GENEEM IS NIE

1. KAPTEIN BY ERFOPVOLGING

113

'n "Kaptein by erfopvolging" is bepaal.

2. BELAS MET DIE TOESIG OOR 'n STAM

Artikel 75 is slegs van toepassing op 'n kaptein by erfopvolging wat belas ¹¹⁴ is met die toesig oor 'n stan. ¹¹⁵ In Zulu v Zulu is gestel dat 'n kaptein by erfopvolging "(who) was not reinstated on his return from banishment and for the purpose of the code, he cannot be regarded as an hereditary chief in charge of a tribe".

3. STATUS VAN VROUENS

Die status van die eggenotes van 'n erflike kaptein wat belas is met die toesig van 'n stan, word in die reël eers verklaar nadat hy sy hoofvrou ¹¹⁶ geneem het. Sy hoofvrou word gewoonlik na die eerste en tweede eggenotes geneem. Haar lobolo word gewoonlik geheel of gedeeltelik bygedra ¹¹⁷ deur die stan en haar status word in die openbaar afgekondig.

4. BEPALING VAN STATUS BY AFSTERWE VAN KAPTEIN BY ERFOPVOLGING WAAR HOOFVROU NIE GENEEM IS NIE

Waar 'n erflike kaptein sterf voordat hy 'n hoofvrou getrou het, kom die ouer lede van die stam byeen om vanuit sy eggenotes 'n hoofvrou te benoem en die ander twee senior huise en die junior huise te bepaal, of "op ander 118
gebruiklike en wettige wyse die rang van iedere huis vas te stel".

EVALUERING

Die bepalings van artikel 75 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Familiehoof kan sy familiewoning in subwonings verdeel.

76. (1) 'n Familiehoof kan te eniger tyd, behoudens enige regulasies betreffende die toekenning van persele vir die oprigting van woonhuise of geboue, die verskillende afdelings van sy familiewoning in subwonings afskei en verdeel.
- (2) Enige sodanige afskeiding of verdeling waarna in subartikel (1) verwys word, maak in geen geval inbreuk op die beheer, bevel, regte en gesag van die familiehoof nie, wat gedurende sy lewe die verantwoordelike hoof en enigste gesag is sowel in sy familiewoning as in die subwonings deur sodanige afskeiding of verdeling daargestel.

Artikel 76 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEHOOF
2. BEHOUDENS ENIGE REGULASIES BETREFFENDE DIE TOEKENNING VAN PERSELE VIR
DIE OPRIGTING VAN WOONHUISE OF GEBOU
3. VERSKILLENDE AFDELINGS VAN SY FAMILIEWONING IN SUBWONINGS AFSKEI EN
VERDEEL

4. SODANIGE AFSKEIDING OF VERDELING MAAK GEEN INBREUK OP DIE DEHEER, BEVEL, REGTE EN GESAG VAN DIE FAMILIEHOOF NIE

1. FAMILIEHOOF

119
 'n "Familiehoof" is bepaal, en in hierdie geval verwys dit na familiehoofde wat gewone stamlede is, sowel as kapteins en ander persone met rang, invloed of rykdom.

2. BEHOUDENS ENIGE REGULASIES BETREFFENDE DIE TOEKENNING VAN PERSELE VIR DIE OPRIGTING VAN WOONHUISE EN GEBOUE

Wanneer 'n familiehoof die verskillende afdelings van sy familiewoning in subwonings afskei en verdeel, is sodanige afskeiding en verdeling onderworpe aan die bepalinge van toepaslike regulasies in KwaZulu wat betrekking het op die toekenning van persele vir die oprigting van
 120
 woonhuise en geboue.

3. VERSKILLENDE AFDELINGS VAN SY FAMILIEWONING IN SUBWONINGS AFSKEI EN VERDEEL

121
 'n Familiehoof kan te eniger tyd die verskillende afdelings van sy
 122
 familiewoning in subwonings afskei en verdeel, en elders vestig.

4. SODANIGE AFSKEIDING OF VERDELING MAAK GEEN INBREUK OP DIE BEHEER, BEVEL, REGTE EN GESAG VAN DIE FAMILIEHOOF NIE

Met die afskeiding of verdeling en vestiging van 'n afdeling van 'n
 123
 familiewoning in 'n subwoning, verbeur die familiehoof nie sy beheer,
 124
 bevel, regte en gesag in en oor die subwoning nie.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 76 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Huisgenote kan familiewoning onder sekere omstandighede verlaat.

77. (1) Enige mondige huisgenoot kan, na kennisgewing aan die familiehoof en die kaptein, die familiewoning verlaat en, behoudens enige regulasies betreffende verwyderings en die toekenning van persele vir die oprigting van woonhuise of geboue, sy eie afsonderlike en onafhanklike familiewoning in dieselfde of enige ander distrik stig of hy kan hom aansluit by en 'n huisgenoot word van 'n ander familiewoning.
- (2) 'n Ontertifde manspersoon kan sy eie familiewoning stig of met die goedkeuring van die hoof van sodanige familiewoning, hom aansluit by en 'n huisgenoot word van 'n ander familiewoning as dié van die familiehoof wat hom onterf het.

Artikel 77 is duidelik en benodig geen kommentaar nie.

Eiendom van meisie wat gebruiklike huwelik aangaan.

78. Wanneer 'n meisie 'n gebruiklike huwelik aangaan, kan haar vader haar goed of beeste gee en dit word dan die eiendom van en behoort aan die huis wat deur sodanige huwelik tot stand gebring is.

Artikel 78 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. WANNEER 'n MEISIE 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK AANGAAN
2. GOED EN BEESTE DEUR VADER GEGEE WORD EIENDOM VAN EN BEHOORT AAN DIE HUIS WAT DEUR SODANIGE HUWELIK TOT STAND GEBRING IS

1. WANNEER 'n MEISIE 'n GEBRUIKLIKE HUWELIK AANGAAN

Die Kwazulu Wetboek bepaal ¹²⁵ dat 'n manlike en vroulike burger ¹²⁶ meerderjarig word wanneer hy of sy trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik, ¹²⁷ en dat 'n getroude vrou onder die maritale mag van haar eggenoot is. ¹²⁸ Verder is enige persoon, dit wil sê, ook 'n vroulike ¹²⁹ persoon, geregtig om roerende eiendom te verkry en te besit. 'n Vroulike persoon kan dus 'n aparte vermoënsseenheid hê waaroor 'n gesinshoof geen ¹³⁰ inspraak het nie. Hierteenoor is daar egter ook "huiseiendom" waaroor ¹³¹ die familiehoof wel 'n beheersreg uitoefen.

2. GOED EN BEESTE DEUR VADER GEGEE WORD EIENDOM VAN EN BEHOORT AAN DIE HUIS WAT DEUR SODANIGE HUWELIK TOT STAND GEBRING IS

Wanneer 'n meisie 'n gebruiklike huwelik aangaan, is dit gebruikelik dat haar vader of ander familieleden haar een of meer beeste gee wat saam met haar sal gaan na haar nuwe verblyfplek. Die belangrikste is die ubulungu-¹³² bees, ¹³³ wat behoort aan die huis wat deur die huwelik tot stand gebring word.

'n Eggenote kan nie na goëddunke en op eie gereg met huiseiendom handel nie, ¹³⁴ of in haar eie naam optree in 'n geding rakende die ubulungu-bees nie.

Die betekenis van die ubulungu-bees is deur ons skrywers en howe bepaal.

EVALUERING

In die toepassing van hierdie artikel sal ons howe deeglik tussen persoonlike- en huiseiendom moet onderskei. Alleen goed of beeste wat as huiseiendom beskou word, sal aan die huis behoort wat deur die huwelik tot stand gebring is.

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

VERWYSINGS

1. Artikels 68 tot 78 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg afgekondig in Proklamasie R151 van 9 Oktober 1987, kom basies net die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Sien artikel 36(2) van die Kwazulu Wetboek.
3. 'n "Familiewoning" is bepaal. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling. Dit kan gebeur dat 'n seun en sy eggenote hulle eers in die familiewoning van sy vader vestig, maar mettertyd sal hy sy eie familiewoning vestig. Dit kom geleidelik tot stand namate hy ouer word, sy gesin toeneem, hy meer vroue trou, hy ekonomies meer welvarend word, en ander mense ook by hom kom inwoon.
4. 'n Man met sy enkele eggenote en hulle kinders.
5. 'n Man met sy verskeie eggenotes en hulle kinders.
6. 'n Man, sy een of meer eggenotes en hul kinders, en nog ander familieleden of vreemdelinge.
7. Olivier et al (1981)113; Stafford en Franklin 167.
8. 'n "Huis" is bepaal op bladsy 299 hierna.
9. Olivier et al (1989)122; Stafford en Franklin 167.
10. Sien bladsy 193 van hierdie verhandeling.

11. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
12. Sien paragraaf 4 en 4.1 op bladsye 299 en 300 van hierdie verhandeling.
13. Sien paragraaf 4 en 4.2 op bladsye 299 en 300 van hierdie verhandeling.
14. Artikel 1 van die KwaZulu Wetboek.
15. Sigcau v Sigcau 1944 AD 67 te 71; Shandu v Shandu 1956 NAC 134 (N-E).
16. Olivier et al (1989)122.
17. Artikel 68(1)(b).
18. Sy hoofvrou.
19. Artikel 69. Sien ook Olivier et al (1989)123. 'n Gewone stamlid het nie die bevoegdheid om die status van sy hoofvrou na willekeur te bepaal nie. Vergelyk Quabe v Quabe 1939 NAC 3 (N&T); Sangweni v Sangweni 1945 NAC 103 (N&T); Ntshangase v Ntshangase 1946 NAC 32 (N&T); Shange v Shange 1947 NAC 40 (N&T); Nkwanyana v Nkwanyana 1958 NAC 4 (N-E).
20. Sien die bespreking van artikel 72 op bladsy 305 hieronder.
21. Sien Olivier et al (1989)126; Kerr (1976)173; Bekker (1989)131; Stafford en Franklin 176.
22. Vergelyk artikels 68(1)(c), 71 en 75 van die KwaZulu Wetboek.
23. Vergelyk paragrawe 4.1 en 4.2 op bladsy 300 van hierdie verhandeling.
24. Olivier et al (1989)124-5; Bekker (1989)131.
25. Artikel 1 van die KwaZulu Wetboek.
26. In die algemeen in verband met affiliasie sien Molife v Molife 1934 NAC 33 (N&T); Sitole v Sitole 1938 NAC 35 (N&T); Sibisi v Sibisi 1942 NAC 55 (N&T); Mangele v Mangele 1953 NAC 193 (N-E).
27. Artikel 68(1)(b). Sien ook Laduna v Shevu 1905 NHC 93; Kerr (1976) 180.
28. Sibisi v Sibisi 1942 NAC 55 (N&T). Sien ook Molife v Molife 1934 NAC 33 (N&T); Shandu v Shandu 1956 NAC 134 (N-E). Diegene wat affiliasie beweer, moet dit bewys. Sien Ntanimidwa v Mpunya 1918 NHC 27; Zungu v Zungu 1949 NAC 95 (N-E).
29. Ngcobo v Ngcobo 1926 NHC 1; Sibisi v Sibisi 1942 NAC 55 (N&T); Ngcobo v Ngcobo 1947 NAC 47 (N&T).
30. Mqikeni v Mtsokobezi 1915 NHC 40; Dungumuzi v Zuya 1915 NHC 95.

31. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
32. Artikel 68(2).
33. Bladsy 115.
34. Ibid; Kerr (1976) 181.
35. Ibid.
36. Bladsy 169.
37. 1956 NAC 134 (N-E).
38. Vergelyk die mening van Stafford en Franklin en die beslissing in Shandu v Shandu, in paragraaf 6 op bladsy 301 van hierdie verhandeling.
39. Sien artikel 81(3) van die KwaZulu Wetboek.
40. Sien voetnota 38.
41. Sien bladsy 111 van hierdie verhandeling.
42. Die status van vroue van 'n kaptein by erfopvolging word gereël in artikel 75.
43. 'n "Erfkaptein" is bepaal. Sien bladsy 79 van hierdie verhandeling. Vergelyk ook artikel 75.
44. Sien voetnota 17 en die sake daarin gemeld.
45. Sien ook Stafford en Franklin 172-3; Bekker (1989) 131; Kerr (1976) 168.
46. Ntshangase v Ntshangase 1946 NAC 32 (N&T).
47. Met betrekking tot die betekenis wat aan hierdie term geheg word, sien paragraaf 1 in die bespreking van artikel 69 op bladsy 304 van hierdie verhandeling.
48. Sien bladsy 111 van hierdie verhandeling.
49. Sien paragrawe 4 en 4.1 op bladsye 299 en 300 van hierdie verhandeling.
50. Dit kan nie na persone met rang, invloed of rykdom verwys nie, want ingevolge artikel 68(1)(c) kan laasgemeldes slegs drie senior huise in hul familiemoning vestig.
51. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
52. Sien paragraaf 1 op bladsy 305 van hierdie verhandeling.
53. Vergelyk met artikel 72(1).

54. Olivier et al (1989) 124; Kerr (1976) 174; Dhlamini v Dhlamini 1939 NAC 95 (N&T); Butelezi v Butelezi 1944 NAC 23 (N&T).
55. Olivier et al (1989) 124.
56. Artikel 68(1)(b). Sien ook Laduna v Bhevu 1905 NHC 93. Die term "affiliësie" is bepaal in paragraaf 5 in die bespreking van artikel 68 op bladsy 300 van hierdie verhandeling. Vergelyk ook artikel 72(2).
57. Artikel 69.
58. Olivier et al (1989) 124: Dat 'n ikhohlwa-huis tot stand gebring word, word bevestig deur die laaste sinsnede van artikel 70(2). Junior huise kan slegs aan die indlunkulu of ikhohlwa geaffilieer word.
59. 1939 NAC 95 (N&T) 102-3.
60. Artikel 71 verwys na 'n formele aankondiging of verklaring wanneer 'n familiewoning in afdelings verdeel word. Sien bladsy 312 van hierdie verhandeling.
61. Bladsy 176.
62. Dhlamini v Dhlamini 1939 NAC 95 (N&T) 103.
63. Vergelyk ook Olivier et al (1989) 124, sowel as die bespreking van artikel 81(2).
64. Bladsy 174.
65. Naamlik die indlunkulu, ikhohlwa en iqadi, soos bepaal in artikel 71.
66. Bladsy 176.
67. Volgens artikels 71 en 72(1).
68. Volgens artikel 70(2).
69. Mcunu v Mcunu 1918 AD 323 te 329; Shandu v Qwabe 1938 NAC 138 (N&T) 140-1, maar sien ook die assessore se antwoorde in Nkwanyana v Nkwanyana 1958 NAC 4 (N-E) 9. Blykbaar is dit belangrik om te bepaal waar sy in die familiewoning gevestig word.
70. Bladsy 277.
71. Bladsy 129.
72. Olivier et al (1989) 128-9; Dhlamini v Dhlamini 1939 NAC 95 (N&T) 103; Ntshangase v Ntshangase 1946 NAC 32 (N&T); Ntombela v Ntombela 1953 NAC 219 (N-E); Shandu v Shandu 1956 NAC 134 (N-E).
73. Bladsy 442.

74. Bladsy 124.
75. Sien paragraaf 1 op bladsy 305 van hierdie verhandeling.
76. Sien paragraaf 2 op bladsy 306 van hierdie verhandeling.
77. Artikel 75 verwys spesifiek na die status van vroue van kapteins by erfopvolging.
78. Sien artikel 68(1)(c).
79. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 307 van hierdie verhandeling.
80. Ibid.
81. Ibid.
82. Dit wil sê, addisioneel tot die ikhohlwa-huis.
83. Sien bladsye 307 en 308 van hierdie verhandeling.
84. Gelees met artikels 68, 69, 71 en 73 van die Kwazulu Wetboek.
85. Naamlik die indlundlunkulu, ikhohlwa en iqadi. Laasgemelde huis is slegs te vinde in die familiewonings van kapteins, en persone met rang, invloed of rykdom.
86. Vergelyk die evaluering van artikels 70 en 72 op bladsy 308 van hierdie verhandeling.
87. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
88. Vergelyk artikel 68(1)(b), en sien paragraaf 4.1 op bladsy 300 van hierdie verhandeling.
89. Vergelyk artikel 68(1)(c), en sien paragraaf 4.2 op bladsy 300 van hierdie verhandeling.
90. Olivier et al (1989) 127.
91. Bladsy 176.
92. Sien Ntukwini v Miso 1917 NHC 216; Mcunu v Mcunu 1918 AD 323.
93. Kerr 176.
94. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
95. Artikel 69.
96. Artikel 75.
97. Ntshangase v Ntshangase 1946 NAC 32 (N&T).

98. Artikel 1.
99. Sien verder artikels 70, 72 en 75 met betrekking tot die vestiging van die ikhohlwa-huis of -afdeling.
100. Artikel 1.
101. Artikel 68(1)(c). Sien ook artikel 73 en 75.
102. Vergelyk artikels 71(1)(d) en 68(2).
103. Olivier et al (1989) 128.
104. Bekker (1989) 175.
105. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
106. Vergelyk met artikel 68(1)(c).
107. Sien paragraaf 5 in die bespreking van artikel 71 op bladsy 313 van hierdie verhandeling.
108. Kerr (1976) 176; Olivier et al (1989) 127; Krige 41.
109. Sien paragraaf 5 in die bespreking van artikel 68 op bladsy 300 van hierdie verhandeling.
110. Sien paragraaf 6 in die bespreking van artikel 68 op bladsy 301 van hierdie verhandeling.
111. Artikel 1 van die Kwazulu Wetboek.
112. Sien Krige 180; Whitfield 1962-4, 527-30; Kerr (1976) 206-7; Olivier et al (1989) 125-6; Bekker (1989) 132, 138; Citamazi v Mayekela 1905 NHC 78; Zinto v Nyamana 1905 NHC 136; Mapumlo v Mapumlo 1913 (2) NHC 8; Dali v Siyeza 1914 NHC 197; Bulose v Bulose 1916 NHC 164; Mtetwa v Mtetwa 1928 NHC 17; Mpungose v Mpungose 1934 NAC 54 (N&T); Ndhlela v Ndhlela 1939 NAC 91 (N&T); Sitole v Sitole 1940 NAC 115 (N&T); Mtetwa v Mtetwa 1943 NAC 15 (N&T); Madhlala v Madhlala 1945 NAC 40 (N&T); Shezi v Shezi 1946 NAC 33 (N&T); Shoyiza v Shoyiza 1951 NAC 309 (N-E); Mangele v Mangele 1953 NAC 193 (N-E); Shezi v Shezi 1954 NAC 137 (N-E).
113. Sien paragraaf 1.2 in die bespreking van artikels 10 en 11 op bladsy 81 van hierdie verhandeling.
114. Zulu v Zulu 1938 NAC 265 (N&T).
115. Ibid 207.
116. Olivier et al (1989) 126; Bekker (1989) 132.
117. Puputa v Lokotwayo 1900 NHC 40; Bevu v Laduma 1900 NHC 27; Mpungose

v Mpungose 1933 NAC 11 (N&T).

118. Sien Bevu v Laduma 1900 NHC 22; Ngcobo v Ngcobo 1947 NAC 47 (N&T). Vergelyk ook paragraaf 1.2 in die bespreking van artikels 10 en 11 en voetnota 256 op bladsye 81 en 99 van hierdie verhandeling.
119. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
120. Die toepaslike regulasies is onder andere die volgende Proklamasies: R188 van 1969 - Regulasies betreffende Grond in Swart Gebiede; R196 van 1967 - Beperking, Beheer en Verbetering van Vee en van Veeboerdery en Landbouhulpbronne in Swart Gebiede.
121. Die afdelings gemeld in artikel 71.
122. Sien Ntukweni v Miso 1917 NHC 216; Nyawo v Nyawo and another 1951 NAC 378 (N-E).
123. Voorheen h "subkraal" genoem.
124. Sien sake in voetnota 113 genoem, asook Olivier et al (1989) 127; Holleman (1952) 7.
125. Artikel 14.
126. h "Burger" is bepaal. Sien paragraaf 1 in die bespreking van artikel 14 op bladsy 111 van hierdie verhandeling.
127. Sien paragraaf 2.1 in die bespreking van artikel 14 op bladsy 113 van hierdie verhandeling.
128. Artikel 27(3).
129. Artikel 13. Vergelyk bladsye 106 tot 110 van hierdie verhandeling. Voorheen, ingevolge die bepalings van die Natalse Wetboek van 1967, was sy h voortdurende minderjarige.
130. Vergelyk paragraaf 4 en die evaluering van artikel 20 op bladsy 146 en 147 van hierdie verhandeling.
131. Vergelyk paragraaf 3 in die bespreking van artikel 20 op bladsy 145 van hierdie verhandeling.
132. Ook bekend as die endisa-bees. Met die oog op die huweliksfeesvierings word soms ook h isigodo-bees, h hlambisa-bees, en h ishoba-bees na die kraal van die bruidegom gestuur. Vergelyk Olivier et al (1989) 156; Mtshali v Mhlongo 1944 NAC 71 (N&T); Vilakazi v Nkambule 1944 NAC 57 (N&T).
133. Sien Ntamane v Nkosi 1935 NAC 20 (N&T); Matshali v Mhlongo 1944 NAC 71 (N&T); Vilakazi v Nkambule 1944 NAC 57 (N&T).
134. Masando v Butelezi 1949 NAC 118 (N-E).

135. Sien Olivier et al (1989) 156-61; Stafford en Franklin 179-80; Bekker (1989) 148-9; sake gemeld in voetnotas 132 tot 134.

Die Zoeloe se huwelikstelsel is poligaam van aard.² Afgesien daarvan of 'n familiewoning in afdelings ingedeel is,³ word aan 'n vrou gewoonlik 'n status⁴ ten tye van die viering van 'n gebruikelike huwelik toegeken, en haar huis vorm 'n aparte vermoënsregtelike eenheid binne die raamwerk van die familiewoning.⁵ 'n Familiehoof het gedurende sy leeftyd 'n beheersreg oor die familie- en huisvermoë uitgeoefen,⁶ en dit volg dat Zoeloereg 'n stelsel⁷ moes volg waarin, by oorlye van die familiehoof, hy in status in die familie- sowel as huiseiendom opgevolg kan word. Dit moes inderdaad aanpas by en 'n weerspieëling wees van die huwelikstelsel, die gesinsamestelling en die breë familiebegrip wat in die Zoeloesamelewing aangetref word.

In artikels 79 tot 82 van die Kwazulu Wetboek word die vererwing van eiendom en die opvolging in status van 'n oorlede familiehoof statutêr gereël. In hierdie hoofstuk word dus die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlins bespreek.

In die bespreking van artikel 85 van die Kwazulu Wetboek word van die gewone stelsel in hierdie verhandeling gevolg, afgewyk.⁸ Die sub-artikels van artikel 85, met die uitsondering van artikel 85(1), sal sonder 'n kantopskrif aangehaal word.

Testate en intestate vererwing van sekere eiendom.

79. (1) Oor familie-eiendom en persoonlik eiendom kan by testament beskik word.
- (2) Oor huiseiendom kan nie by testament beskik word nie en by oorlyde van die familiehoof moet enige sodanige eiendom,

behoudens die bepalinge van artikel 81(5), ingevolge Zoeloe-reg oorgaan en beredder word.

- (3) Ondanks enige bepaling in enige ander wet vervat, vererf die boedel van 'n burger wat volgens siviele reg getroud is, ingevolge die bepalinge van die Erfopvolgingswet, 1934 (Wet 13 van 1934), soos gewysig.

Artikel 79 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIE-EIENDOM
2. PERSOONLIKE EIENDOM
3. BY TESTAMENT BESKIK WORD
4. HUISEIENDOM INGEVOLGE ZOELOEREG OORGAAN EN BEREDDER WORD
5. BOEDEL VAN 'n BURGER WAT VOLGENS SIVIELE REG GETROUD IS, VERERF INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ERFOPVOLGINGSWET 13 VAN 1934

1. FAMILIE-EIENDOM

9

"Familie-eiendom" is bepaal.

2. PERSOONLIKE EIENDOM

10

"Persoonlike eiendom" is bepaal.

3. BY TESTAMENT BESKIK WORD

'n "Testament" is 'n vrywillige, skriftelike wilsuiking waarin die erflater met voldoening aan alle tersaaklike wetsvereistes en formaliteite, verklaar en bepaal wat na sy afsterwe met sy nalatenskap moet gebeur.

Testamentêre beskikking was onbekend in Zoeloereg, en derhalwe moet 'n geldige testament voldoen aan die vereistes gestel in die Wet op Testamente 13 7 van 1953, wat op 1 Januarie 1954, in werking getree het.

Alle burgers, manlik sowel as vroulik, is bevoegd om 'n testament op te stel, maar daarin mag hulle slegs oor familie- en persoonlike eiendom beskik. Indien hulle in die testament oor huiseiendom beskik, is sodanige beskikking regtens onafdwingbaar, maar dit affekteer nie die regsgeldigheid van die ander beskikkinge in die testament nie. 14

4. HUISEIENDOM INGEVOLGE ZOELOEREG OORGAAN EN BEREDDER WORD

15

"Huiseiendom" is bepaal. Hieroor mag nie in 'n testament beskik word nie, 16 en sodanige eiendom vererf volgens Zoeloereg.

5. BOEDEL VAN 'n BURGER WAT VOLGENS SIVIELE REG GETROUD IS, VERERF INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ERFOPVOLGINGS WET 13 VAN 1934

Artikel 79(3) stel dit duidelik dat die boedel van 'n burger wat volgens siviele reg getroud is, in daardie gevalle waar nie by wyse van 'n testament oor sy eiendom beskik is nie, ingevolge die bepalinge van die Erfopvolgingswet 13 van 1934, vererf word. Die boedel vererf dus volgens 17 die Suid-Afrikaanse intestate erfreg.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 79 is duidelik, en ek gaan akkoord met die

menings en beslissings van ons skrywers en hore.

Erfopvolging en erfenis volg die reël van eersgeboortereg

80. Behoudens die bepalings van artikels 10 en 81 volg erfopvolging van die status en posisie van familiehoof en die erfenis van sodanige familie-eiendom as wat nie by testament oor beskik is nie, die reël van eersgeboortereg.

Artikel 80 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. REËL VAN EERSGEBORTEREG

Artikel 80 bevestig die beginsel dat indien 'n familiehoof nie by testament oor familie-eiendom beskik het nie, opvolgingsreg op eersgeboortereg gebaseer is, dit wil sê, die oudste seun (of sy oudste manlike afstammeling) is die persoon wat die oorledene opvolg.¹²

EVALUERING

Die bepalings van artikel 80 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en hore.

Erfopvolging indien familiehoof gebruiklike huwelik aangegaan het.

81. (1) Behoudens die bepalings van artikel 10 word, by die oorlyde van 'n familiehoof wat 'n gebruiklike huwelik aangegaan het en wie se familiewoning in afdelings (sic) verdeel is soos in artikel 71 omskryf, gaan erfopvolging, wat of algemeen kan wees, d.w.s. erfopvolging van die status en posisie van familiehoof en sodanige familie-eiendom as wat nie by testament oor beskik is nie, of spesiaal, d.w.s. erfopvolging van huiseiendom, ingevolge artikel 23 van die Hoofwet en die regulasies daarkragtens gemaak, slegs oor op en deur tussenkoms van manspersone coreenkomstig die volgende tabel -

- (a) die oudste seun van die indlunkulu of, as hy dood is, sodanige oudste seun se manlike senior afstammeling;
- (b) by ontstentenis van sodanige oudste seun of enige manlike afstammeling deur hom, die tweede seun van die indlunkulu, of, as hy dood is, sy manlike senior afstammeling, ensovoorts, deur die seuns van die indlunkulu en hul manlike afstammeling in behoorlike volgorde van senioriteit;
- (c) as daar geen seun of manlike afstammeling van enige seun van die indlunkulu is nie, die oudste seun van die huis wat die eerste geaffilieer is met die indlunkulu of sy manlike senior afstammeling, ensovoorts, deur die seuns van sodanige eerste geaffilieerde huis en hul manlike afstammeling in behoorlike volgorde van senioriteit;
- (d) as daar geen seun of manlike afstammeling is van enige seun van die huis wat eerste met die indlunkulu geaffilieer is nie, die oudste seun van die huis wat die tweede met die indlunkulu geaffilieer is of sy manlike senior afstammeling, ensovoorts huis en hul manlike afstammeling in behoorlike volgorde van senioriteit en deur die verskillende geaffilieerde huise in die volgorde van hul affiliasie;
- (e) as daar geen erfgenaam in die indlunkulu of in enige huis daarmee geaffilieer is nie, word toevlug geneem tot die iqadi vir 'n algemene erfgenaam en daarna tot die geaffillieerde qadi-huise, in die volgorde van hul affiliasie met die iqadi. As daar geen erfgenaam in enige iqadi-huis is nie, word toevlug geneem tot die ikhohlwa en later tot die geaffilieerde khohlwa-huise, in die volgorde van hul affiliasie;
- (f) as daar nie 'n erfgenaam in die qadi- of khohlwa-afdelings van die familiewoning is nie, die vader van die oorledene of, as hy dood is, die familiehoof se oudste broer van dieselfde huis of sy manlike senior afstammeling, ensovoorts, deur die broers van daardie huis en hul manlike afstammeling in die volgorde van senioriteit;
- (g) as daar nie 'n broer van dieselfde huis of manlike afstammeling van enige sodanige broer is nie, die oorledene se oudste broer van die aanverwante of geaffilieerde huis van hoër rang of die volgende rang, na gelang van die geval, of sy manlike senior afstammeling, ensovoorts, deur die broers van sodanige aanverwante of geaffilieerde huis en hul manlike afstammeling, in volgorde van senioriteit, en daarna deur die broers van die oorblywende huise in volgorde van rang,

en hul manlike afstammelinge;

- (h) as daar geen broer van die oorledene of manlike afstameling van enige broer van enige huis is nie, die grootvader van vaderskant en waar dié ontbreek, moet die voorafgaande beginsels op dergelike wyse toegepas word totdat die manlike linies van naasbestaandes sowel bloedverwante in die sylinie as assendente, uitgeput is.

Die bepalings van artikel 81(1) wat handel oor die opvolging in (a) die status van die familiehoof, (b) die familie-eiendom, en (c) die huiseiendom van die indlunkulu waar die familiehoof sy familiewoning in afdelings verdeel het soos in artikel 71 gemeld, is duidelik, en lewer nie probleme in die praktyk nie.

81. (2) By die oorlyde van 'n familiehoof wie se familiewoning nie in afdelings verdeel is soos in artikel 71 omskryf nie, word die erfgenaam van sy posisie as sodanig, van die familie-eiendom as dit nie by testament bemaak is nie en andersins ingevolge artikel 23 van die Hoofwet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, ingevolge Zoeloereg beredder moet word, en van die eiendom van die indlunkulu, bepaal ooreenkomstig die beginsels voorgeskryf in subartikel (1) uitgesonderd dat daar in sodanig geval geen iqadi of ikhohlwa is nie en die senior huise die rangsvolgorde inneem ooreenkomstig die prioriteit van hul totstandkoming, met die gevolg dat as daar geen erfgenaam in (sic) die indlunkulu of in enige huis daarmee geaffilieer, is nie, toevlug tot die volgende senior huis en sy geaffilieerde huise in die volgorde van hul affiliasie, ensovoorts, geneem moet word.

Artikels 81(2) en 81(3) word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. FAMILIEWONING NIE IN AFDELINGS VERDEEL IS NIE
2. FAMILIE-EIENDOM AS DIT NIE BY TESTAMENT BEMAAK IS NIE
3. EN ANDERSINDS INGEVOLGE ARTIKEL 23 VAN DIE HOOFWET EN DIE REGULASIES DAARKRAGTENS UITGEVAARDIG
4. ERFGENAAM VAN SY POSISIE AS SODANIG, VAN DIE FAMILIE-EIENDOM EN VAN DIE

EIENDOM VAN DIE INDLUNKULU

5. UITGESONDERD DAT DAAR IN SODANIGE GEVAL GEEN IQADI OF IKHOHLUA IS NIE EN DIE SENIOR HUISE DIE RANGSVOLGORDE INNEEM OOREENKOMSTIG DIE PRIORITEIT VAN HUL TOTSTANDKOMING

1. FAMILIEWONING NIE IN AFDELINGS VERDEEL IS NIE

Artikel 81(2) handel oor die gevalle waar 'n familiewoning nie in afdelings
 20
 ingevolge artikel 71, ingedeel is nie.

2. FAMILIE-EIENDOM AS DIT NIE BY TESTAMENT BENAAK IS NIE

Familie-eiendom kan by wyse van 'n testament bewillig word,²¹ maar indien dit nie sodanig bewillig is nie of slegs ten dele bewillig is, en die familiewoning is nie in afdelings verdeel nie, vererf die geheel of gedeelte van die familie-eiendom wat nie bewillig is nie ingevolge die bepalings van artikel 81(2).

3. EN ANDERSINDS INGEVOLGE ARTIKEL 23 VAN DIE HOOFWET EN DIE REGULASIES DAARKRAGTENS UITGEVAARDIG

Die "Hoofwet" is die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, is vervat in Goewermentskennisgewing R34 van
 22
 1966.

Artikel 23(1) van die Hoofwet bepaal onder meer dat huiseiendom volgens Swartreg vererf. Sodanige eiendom, in 'n familiewoning wat nie in afdelings

ingedeel is nie, vererf dus volgens Zoeloereg, ooreenkomstig die bepalinge van artikel 81(2)

4. ERFGENAAM VAN SY POSISIE AS SODANIG, VAN DIE FAMILIE-EIENDOM EN VAN DIE EIENDOM VAN DIE INDLUNKULU

By oorlyde van 'n familiehoof wie se familiewoning nie in afdelings ooreenkomstig artikel 71 verdeel is nie, volg die erfgenaam die ooreedene op in die familie-eiendom en die eiendom van die indlunkulu. Die reël van eersgeboortereg word toegepas, en die beginsels van artikel 81(1) is van toepassing.

5. UITGESONDERD DAT DAAR IN SODANIGE GEVAL GEEN IQADI OF IKHOHLWA IS NIE EN DIE SENIOR HUISE DIE RANGSVOLGORDE INNEEM OOREENKOMSTIG DIE PRIORITEIT VAN HUL TOTSTANDKOMING

Daar moet in gedagte gehou word dat artikel 81(2) verwys na 'n familiewoning wat nie in afdelings verdeel is nie, met ander woorde daar is, soos in die artikelkomponent onder bespreking gemeld, nie iqadi- of ikhohlwa-afdelings in die familiewoning nie.

26

In Dhlamini v Dhlamini is aangedui dat die verwysing na 'n "senior huis", veral wanneer daar nie 'n iqadi of ikhohlwa huis is nie, misleidend is. Daar is nie sekerheid na watter ander senior huis verwys kan word nie. Kerr (1976) meld dat daar geen aanduiding is dat die wetgewer 'n nuwe kategorie van 'n senior huis wou daarstel nie.

27

28

29
Bekker (1989) meld dat wanneer 'n familiewoning nie in afdelings verdeel
30
is nie, is die eerste eggenote die hoofvrou (indlunkulu) en is die tweede
eggenote "a senior wife bearing no distinctive name". Die ander eggenotes
is dan geaffilieer aan die hoofvrou (indlunkulu) of die ander senior vrou
31
(huis). Hy meld dat tradisioneel geen affiliasie van junior huise
plaasgevind het voordat 'n familiehoof 'n ikhohlwa-huis gevestig het nie,
maar die effek was "the same as if the Houses of the minor wives were affi-
liated to the Great House in order of their marriage".

32
Olivier et al (1989) is ook van mening dat aangesien die eerste vrou van
33
'n familiehoof sy indlunkulu is, die ander "senior vrou(e)" se status
34
bepaal word deur die tydsorde van die huwelik, maar verwys tog na die
stigting van 'n "tweede senior huis, wat in rangorde volg op die hoofvrou en
35
haar huis".

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die beslissing in Dhlamini v Dhlamini en Kerr (1976)
dat die verwysing na die term "senior huise" misleidend is, en dat die
wetgewer nie bedoel het om 'n nuwe kategorie van 'n senior huis daar te stel
36
nie. Die doelmatigheidsuitleg van Olivier et al (1989) is nie
37
aanvaarbaar nie, sowel as Bekker (1989) se stelling dat die tweede egge-
38
note "a senior wife bearing no distinctive name" is.

Die Kwazulu Wetboek stel dit duidelik dat 'n gewone familiehoof se
familiewoning uit twee senior huise, te wete die indlunkulu en ikhohlwa, en

h keptein en ander persone met rang, invloed of rykdom se familiewoning uit drie senior huise, te wete die indlunkulu, ikhohlwa en iqadi, kan bestaan.
39

Die skepping van 'n nuwe kategorie van 'n senior huis is onnodig en teenstrydig met Zoeloereg. Die tradisionele Zoeloberegtelike posisie is deur Bekker (1989) uiteengesit,⁴⁰ en die wetgewer behoort oor die aangeleentheid te besin en die bewoording van artikel 32(2) te verbeter.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die KwaZulu wetgewer die volgende wysiging aan die laaste gedeelte van artikel 31(2) oorweeg:

31(2) "----- uitgesonderd dat daar in sodanige geval geen iqadi of ikhohlwa is nie en die ander eggenotes se huise die rangsvolgorde ineen ooreenkomstig die tydsorde van hul huwelike, met die gevolg as daar geen erfgenaam in die indlunkulu is nie, toevlug tot die ander huise in volgorde
41
van hul senioriteit geneem moet word.

31. (3) (a) By die oorlyde van 'n familiehoof bly en berus die eiendom, regte en aansprake van die verskillende huise by die onderskeie erfgenaam daarvan.

(b) Erfopvolging tot die eiendomsregte en aansprake van enige ander huis as die indlunkulu word beheer deur die beginsels voorgeskryf in subartikel (1): Met dien verstande dat by die bepaling van die erfgenaam die bepaalde betrokke huis eers uitgewin moet word en daarna die aanverwante of geaffilieerde huise, indien daar is, in volgorde van rang of affiliasie alvorens toevlug tot die indlunkulu-erfgenaam, geneem word.

(c) As die afdelings van 'n familiewoning geskei is in

subwonings, soos in artikel 76 voorgeskryf, word die erfgename van die verskillende huise by oorlyde van die familiehoof die familiehoofde van die onderskeie subwonings.

Artikel 81(3), wat na die opvolging van huiseiendom verwys, is duidelik en
42
lewer geen probleme in die praktyk nie.

81. (4) Wanneer persoonlike eiendom ingevolge artikel 23 van die Hoofwet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, volgens Zoeloereg moet oorgaan, word erfopvolging tot sodanige eiendom beheer deur die beginsels voorgeskryf in subartikel (1): Met dien verstande dat, by die bepaling van die erfgenaam die naaste familie van die oorledene eers uitgewin moet word, dan die huis waartoe die oorledene behoort het en daarna die aanverwante of geaffilieerde huise, indien daar is, in volgorde van rang of affiliasie alvorens toevlug tot die indlunkulu-erfgenaam geneem word.

Die bepalings van artikel 81(4), wat verwys na persoonlike eiendom wat ingevolge artikel 23 van die Hoofwet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig volgens intestate Zoeloereg moet vererf, is duidelik, en lewer
43
geen probleme in die praktyk nie.

81. (5) Ingeval daar geen manlike erfgenaam is nie, vererf enige eiendom, hetsy familie-, huis- of persoonlike eiendom wat ingevolge artikel 23 van die Hoofwet en regulasies daarkragtens uitgevaardig volgens Zoeloereg moet oorgaan, volgens die reg aangaande intestate erfopvolging soos van toepassing op siviele huwelike.

Artikel 81(5) word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. GEEN MANLIKE ERFGENAAM DAN VERERF EIENDOM VOLGENS DIE REG AANGAANDE
INTESTATE ERFOPVOLGING SOOS VAN TOEPASSING OP SIVIELE HUWELIKE

1. GEEN MANLIKE ERFGENAAM DAN VERERF EIENDOM VOLGENS DIE REG AANGAANDE INTESTATE ERFOPVOLGING SOOS VAN TOEPASSING OP SIVIELE HUWELIKE

In daardie gevalle waar familie-, huis- of persoonlike eiendom volgens Zoeloereg vererf moet word, maar daar geen manlike erfgenaam is nie sal die eiendom vererf word volgens die reg aangaande intestate erfopvolging "applicable to marriages out of community of property and as applied in South Africa".⁴⁴ Dit beteken dat vroulike persone begunstigdes kan wees.⁴⁵

EVALUERING

Die bepalings van artikel 81(5) is duidelik, en ek gaan akkoord met die mening van ons skrywers.

81. (6) (a) Die magistraat of Kommissaris van die distrik waar die oorlede eggenoot gewoon het, kan, indien die bates in die boedel nie by testament bemaak is nie, op versoek van die oorledene se weduwee en by kennisgewing aan die erfgenaam volgens Zoeloereg en -gewoonte of die lede van die familie van die oorlede eggenoot waar dit blyk dat geen sodanige erfgenaam bestaan nie, administratief ondersoek instel na die boedel met spesifieke verwysing na die omvang van die bates en laste, die omvang van die weduwee se bydrae tot die verkryging van sodanige bates, die bydrae of andersins van sodanige erfgenaam of sodanige familie tot sodanige bates of die welsyn van die oorledene se huisgesin en ander tersaaklike aangeleenthede, en, indien hy tevrede is dat die weduwee verontreg sou word en van die vrugte van haar arbeid ontnem sou word as die bates na die erfgenaam sou oorgaan en die weduwee aan die genade van sodanige erfgenaam oorgelaat sou wees, kan hy 'n bevel uitreik dat die boedel vererf volgens die reg aangaande intestate erfopvolging soos van toepassing op siviele huwelike.
- (b) Die Magistraat of Kommissaris van die distrik waar die oorlede ouer gewoon het kan, indien die bates in die boedel nie by testament bemaak is nie, op versoek van

enige kind van die oorledene en by kennisgewing aan die erfgenaam volgens Zoeloereg en -gewoonte of die lede van die familie van die oorlede vader waar dit blyk dat geen sodanige erfgenaam bestaan nie, administratief ondersoek instel na die boedel met spesifieke verwysing na die omvang van die bates en laste, die bydrae of andersins van sodanige erfgenaam of sodanige familie tot sodanige bates of die welsyn van die oorledene se familie en ander tersaaklike aangeleenthede, en, indien hy tevrede is dat enige kind van die oorledene verontreg sou word as die bates na die erfgenaam sou oorgaan en dat sodanige kind of kinders aan die genade van die erfgenaam oorgelaat sou wees, kan hy 'n bevel uitreik dat die boedel vererf volgens die reg aangaande intestate erfopvolging soos van toepassing op siviele huwelike.

- (c) 'n Erfgenaam volgens Zoeloereg en gewoonte of die lede van die oorlede vader se familie wat verontreg voel deur 'n beslissing van die Magistraat of Kommissaris kan by die Sekretaris appèl aanteken teen sodanig beslissing en as enige van die voornoemde persone verontreg voel deur die Sekretaris se beslissing kan appèl aangeteken word by die Minister wie se beslissing afdoende is.
- (d) 'n Appèl teen 'n beslissing ingevolge hierdie artikel word binne 'n tydperk van 21 dae nadat sodanige beslissing geneem is, aangeteken: Met dien verstande dat indien die persoon by wie appèl ingevolge paragraaf (c) aangeteken kan word, tevrede is dat daar genoegsame gronde bestaan, hy, in sy diskresie, sodanige tydperk kan verleng.
- (e) Ondanks enige ander bepalings in hierdie Wet vervat is 'n addisionele- en assistent-magistraat of -kommissaris nie gemagtig om 'n bevel ingevolge paragrafe (a) of (b) te maak nie: Met dien verstande dat die Sekretaris van Justisie, wanneer hy dit ookal nodig ag, 'n addisionele magistraat of -kommissaris kan magtig om sodanige bevele te maak.

Die bepalings van artikel 81(6) wat administratief van aard is, is duidelik

46

en benodig geen kommentaar nie.

81. (7) Ondanks die bepalings van subartikel (1), (2) en (3) kan 'n aangebore idioot nie die rang van 'n erfgenaam aanneem nie tensy die boedel beredder word ingevolge subartikel (6) (a)

of (b). Die onderhoud van so 'n persoon is ten laste van die huis waartoe hy behoort tensy die boedel beredder word ingevolge subartikel (6) (a) of (b).

Die bepalinge van artikel 81(7) is duidelik, en benodig geen kommentaar nie.

81. (8) 'n Erfgenaam wat eiendom erf, hetsy familie-, huis- of persoonlike eiendom word aanspreeklik gehou vir skulde ten aansien daarvan slegs ten bedrae van die bates wat hy erf.

Artikel 81(8) word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. AANSPREEKLIK GEHOU VIR SKULDE TEN AANSIEN DAARVAN SLEGS TEN BEDRAE VAN DIE BATES WAT HY ERF

1. AANSPREEKLIK GEHOU VIR SKULDE TEN AANSIEN DAARVAN SLEGS TEN BEDRAE VAN DIE BATES WAT HY ERF

47
'n Erfgenaam is nie aanspreeklik vir al die skulde van die oorledene nie.
Indien hy niks erf nie, dit wil sê, sowel 'n algemene opvolger as 'n erfgenaam in 'n huis, is hy geensins aanspreeklik vir enige van die skulde van die oorledene nie. 48
Indien hy wel geërf het, is hy aanspreeklik tot die bedrag van die erfgoedere. 49 Daar rus 'n verpligting op die erfgenaam om skulde wat aan die oorledene verskuldig is, in te vorder, maar versuim hy in die plig kan hy nie die verweer gebruik dat hy niks geërf het nie, en 50
dus nie vir die skulde aanspreeklik gehou kan word nie.

Die erfgenaam is voorts aanspreeklik vir skuld wat uit 'n siviele vonnis teen die oorledene voortvloei, en nie voor die dood van die oorledene

51

gedelg is nie. Hy kan nie strafregtelik vervolgt word vir oortredings
52
van die oorledene nie.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 81(8) is duidelik, en ek vereenselwig my met die menings en beslissings van ons skrywers en hore.

81. (9) (a) (i) 'n Kind kan, op aansoek by die kaptein, deur sy vader onterf word weens die feit dat hy weier om onder sy vader se beheer te staan of as hy deur ernstige wangedrag sy familie in die skande gestee het of weier om op redelike wyse by te dra tot die onderhoud van die familie, of weens 'n ander goeie en genoegsame rede.
- (ii) Sodanige aansoek moet deur die kaptein ondersoek word, met behoorlike kennisgewing aan die kind, wat die reg van appèl teen dié beslissing van die kaptein tot die Kommissaris of Magistraat het.
- (iii) Waar die applikant 'n kaptein is, word die aansoek aan die Hoofminister gerig, wat daaroor na goeddunke beslis.
- (b) Die status, stem of aanspraak van 'n kind ten aansien van die familie of eiendom van sy huis of sy vader se familiewoning verval geheel en al by sy onterwing.

Artikel 81(9) word in die volgende artikelkomponente behandel:

1. OP AANSOEK BY KAPTEIN
2. ONTERF
 - 2.1 Weens feit dat hy weier om onder sy vader se beheer te staan
 - 2.2 Ernstige wangedrag sy familie in die skande gestee het
 - 2.3 Weier om op redelike wyse by te dra tot die onderhoud van die familie
3. DIE STATUS, STEM OF AANSPRAAK VAN 'n KIND TEN AANSIEN VAN DIE FAMILIE OF

EIENDOM VAN SY HUIS OF SY VADER SE FAMILIEWONING VERVAL GEHEEL EN AL BY SY ONTERWING

1. OP AANSOEK BY KAPTEIN

Wanneer 'n vader sy seun wil onterf moet hy 'n aansoek rig aan die kaptein, watter aansoek deur die kaptein ondersoek moet word, met behoorlike kennisgewing aan die kind,⁵³ wat 'n reg van appèl teen die beslissing van die kaptein tot die magistraat het.⁵⁴ Indien die vader 'n kaptein is, moet die aansoek aan die Hoofminister van Kwazulu gerig word.⁵⁵

Olivier et al (1989)⁵⁶ meld dat wanneer 'n vader sy seun wil onterf hy die lede van sy familiegroep kan byeenroep en met hulle die klagtes teen sy seun bespreek. Na die raadpleging versoek hy die kaptein om die seun op te roep om redes aan te toon waarom hy nie onterf sal word nie. As die kaptein oortuig is dat die onterwing geregverdig is, sal hy, handelende in 'n administratiewe hoedanigheid,⁵⁷ sodanige bevel uitvaardig. As die seun nie opdaag om homself te verweer nie, kan so 'n bevel in sy afwesigheid gegee word.

Alleen seuns kan op hierdie wyse onterf word.⁵⁸

2. ONTERF

'n Vader kan alleen 'n seun wat hom na sy oorlye sal opvolg in bepaalde omstandighede onterf, dit wil sê, uit die opvolgingsreg uitskakel.⁵⁹

2.1 Weens feit dat hy weier om onder sy vader se beheer te staan

Geen gerapporteerde beslissing in Natal of Kwazulu verwys na hierdie omstandigheid as 'n grond vir onderwing nie. Olivier et al (1989)⁶⁰ meld egter dat as 'n seun se optrede onversoenbaar is met die normale verhouding tussen seun en vader, byvoorbeeld hy rand sy vader aan, jaag sy vader uit dié se familiewoning, hy is ongehoorsaam aan sy vader en behandel hom sleg, is daar voldoende grond vir onderwing.

2.2 Ernstige wangedrag sy familie in die skande gestee het

Hierdie omstandigheid sluit in die openbaring van ernstige karakterswakhede, skuldigmaking aan misdrywe, herhaalde pleging van diefstal, en 'n verkwister te wees.⁶¹

2.3 Weier om op redelike wyse by te dra tot die onderhoud van die familie

Veral indien die seun in 'n posisie is om 'n redelike aandeel van sy verdienstes⁶² aan sy vader by te dra en hardnekkig weier om dit te doen, kan hy deur sy vader onterf word.⁶³

3. DIE STATUS, STEM OF AANSpraak VAN 'n KIND TEN AANSIEN VAN DIE FAMILIE OF EIENDOM VAN SY HUIS OF SY VADER SE FAMILIEWONING VERVAL GEHEEL EN AL BY SY ONTERWING

Die effek van onderwing is dat die seun nie van sy vader kan erf nie, hetsy in familie-eiendom hetsy in huiseiendom, en ook nie sy vader in status as

64

familiehoof kan opvolg nie.

Die nuwe erfgenaam en opvolger in die plek van die onterfde seun, is die seun wat na die onterfde volg in die opvolgingslinie. Die familiehoof of vader mag nie na willekeur enige ander persoon in die posisie aanwys nie. 65

66

Bekker (1989) wys daarop dat die seun van 'n onterfde seun nie onterf word deur dieselfde handeling waardeur sy vader onterf word nie. Hy behou sy opvolgingsreg in die familiegroep. 67

Die KwaZulu Wetboek maak nie voorsiening dat 'n vader sy onterfde seun in status kan herstel nie, dit wil sê, sy onterwingshandeling kan herroep nie. 68

Kerr (1976) wys egter daarop dat sodanige herroeping inheemsregtelik moontlik is. 'n Vader kan 'n kaptein versoek om sodanige bevel ter syde te stel, en in lig van die bepalinge van artikel 105(3) is sodanige herinstelling wel moontlik.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 31(9) is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissing van ons skrywers en houe.

Onder sekere omstandighede moet eiendom van ongetroude vrou onder haar kinders verdeel word.

32. Ondanks die bepalinge van enige ander wet, wanneer 'n vrou wat nooit getroud was nie, of wat geskei of tot weduwee gemaak is en nie daarna 'n siviele of gebruikelike huwelik aangegaan het nie, intestaat of gedeeltelik intestaat sterf, moet soveel van die eiendom in haar boedel as waaroor sy nie by testament beskik het nie, in gelyke dele onder haar oorlewende kinders, indien enige,

verdeel word.

Artikel 82 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. EIENDOM IN HAAR BOEDEL

1. EIENDOM IN HAAR BOEDEL

Artikel 82 verwys na 'n vrou wat nooit getroud was nie, of 'n geskeide vrou of weduwee wat nie weer 'n siviele of gebruikelike huwelik aangegaan het nie, en intestaat of gedeeltelik intestaat gesterf het. Haar intestate of gedeeltelik intestate boedel word in gelyke dele onder haar oorlewende kinders, indien enige, verdeel.⁶⁹

Die woorde "eiendom in haar boedel" kan alleen na persoonlike eiendom verwys, aangesien huiseiendom kragtens artikel 81(3) vererf word.⁷⁰

Die moontlikheid bestaan dat die erfopvolger tot die oorledene se huiseiendom uitgesluit kan word, behalwe indien hy 'n kind van die vrou is, in watter geval hy op 'n kindsdeel geregtig sal wees.⁷¹

EVALUERING

Dit is duidelik dat artikel 82 slegs na persoonlike eiendom verwys. Die eiendom in die boedel van die oorlede vroulike persoon word in gelyke dele onder haar oorlewende kinders verdeel, dit wil sê, manlike sowel as vroulike kinders.

Ek gaan akkoord met die menings van ons skrywers.

VERWYSINGS

1. Artikel 79 tot 82 van die Natalse Wetboek kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Sien artikel 36(2).
3. Volgens artikel 71.
4. Met betrekking tot stamlede sien artikels 68, 69, 70 en 72, en met betrekking tot kapteins by erfopvolging sien artikel 75.
5. Sien artikels 68 en (veral) 74(1).
6. Sien artikels 12, 17, 19, 20 en 21.
7. In ons gemenerereg is daar nie sprake van opvolging in die "status" van die oorledene nie.
8. Die kantopskrif van elke artikel is onmiddellik bo die artikel geplaas, waarna die artikel aangehaal is.
9. Sien bladsy 144 van hierdie verhandeling.
10. Sien bladsy 146 van hierdie verhandeling.
11. Bouwer 411-2; Isakow 21.
12. Olivier et al (1989) 437; Stafford en Franklin 184.
13. Bouwer 413; Isakov 23; Olivier et al (1981) 486; Bekker en Coertze (1982) 316. Sien ook artikel 23(9) van die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
14. Bekker (1989) 316.
15. Sien bladsy 146 van hierdie verhandeling.
16. Olivier et al (1989) 503; Bekker (1989) 316; Gudase v Swales NO and another 1956 NAC 140 (N-E).
17. Bekker en Coertze (1983) 292. Vir 'n vollediger bespreking oor intestate erfopvolging sien Bouwer 391-410; Isakow 369-374.
18. Olivier et al (1989) 437; Bekker (1989) 273; Kerr (1976) 126; Butelezi v Butelezi 1944 NAC 23 (N&T).

19. Vergelyk Olivier et al (1989) 440-2; Bekker (1989) 276-7.
20. Artikel 85(2); Olivier et al (1989) 442.
21. Sien artikel 79(1).
22. Suite Kwazulu is Goewermentskennisgewing R200 van 1987 van toepassing.
23. Olivier et al (1989) 504-5.
24. Artikel 81(2).
25. Sien paragraaf 1 op bladsy 337 van hierdie verhandeling.
26. 1939 NAC 95 (N&T).
27. Ibid.
28. Bladsy 174.
29. Bladsy 277.
30. Uitgesonderd 'n kaptein by erfopvolging.
31. Bekker (1989) 277.
32. Bladsy 442.
33. Uitgesonderd 'n kaptein by erfopvolging.
34. Bladsy 124.
35. Hulle meld in voetnota 11 van bladsy 124 dat as hierdie konstruksie aanvaar word, word dit makliker om artikel 81(2) van die Kwazulu Wetboek te verklaar.
36. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 338 van hierdie verhandeling.
37. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 338 van hierdie verhandeling.
38. Ibid.
39. Vergelyk die bespreking van artikels 68, 70, 71, 72, 73 en 75.
40. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 338 van hierdie verhandeling.
41. Dat indien geen aanwysing van status ingevolge artikel 70 plaasgevind het nie, volg erfopvolgers die senioriteit van hul moeders se huise ooreenkomstig die tidsorde van die gebruikelike huwelike.
42. Vir verdere besonderhede sien Olivier et al (1989) 441-2; Bekker (1989) 276-7; Kerr (1976) 204-5 en 217.

43. Vir verdere besonderhede sien Stafford en Franklin 189; Bekker (1989) 276-7; Olivier et al (1989) 441-2; 506-7. Die "Hoofwet" is die Swart Administrasiewet 38 van 1927 en die regulasies daaronder uitgevaardig is in Goewermentskennisgewing R34 van 1966, vervat. Daar moet gelet word dat die Kwazulu Wetboek regulasies 2(c), (d) en (e) van dié gemelde goewermentskennisgewing herroep het. (Sien die bylae vermeld in artikel 119 van die Kwazulu Wetboek.)
44. Bekker en Coertze (1983) 293.
45. Die bepalings van die Erfopvolgingswet 13 van 1934 is van toepassing. Sien ook voetnota 17. Die bepalings van artikel 81(5) is nie op Zoeloereg gebaseer nie.
46. Bekker en Coertze (1983) 292-3.
47. Tradisioneel was hy wel, vergelyk Kanyile v Zinyongo 1917 NHC 128; Ntuli v Ntuli 1921 AD 276; Ntulizwe v Komfe 1921 NHC 6.
48. Dhlamini v Zwane 1947 NAC 10 (N&T); Zulu v Mdletshe 1952 NAC 203 (N-E).
49. Ngema v Mncube 1947 NAC 40 (N&T); Mbatha v Mabaso 1970 BAC 27 (N-E).
50. Kumalo v Kumalo 1936 NAC 81 (N&T).
51. Mbatho v Mabaso 1970 BAC 27 (N-E).
52. Rex v Nene 1944 NPD 74.
53. In navolging van die audi alteram partem reël.
54. Artikel 81(9)(a)(i) en (ii).
55. Artikel 81(9)(a)(iii).
56. Bladsye 477-8. Sien ook Bekker (1989) 304.
57. Sien ook Bekker (1989) 304; Dela v Dela 1938 NAC 69 (N&T).
58. Olivier et al (1989) 477-8.
59. Olivier et al (1989) 474.
60. Bladsy 474.
61. Ibid.
62. Ooreenkomstig artikel 19(1).
63. Olivier et al (1989) 474.
64. Olivier et al (1989) 481.

65. Sitole v Sitole 1938 NAC 35 (N&T); Butelezi v Butelezi 1944 NAC 24 (N&T); Njokwe v Njokwe 1947 NAC 18 (N&T); Kerr (1976) 152.
66. Bladsy 306. Sien ook Olivier et al (1989) 484-5.
67. Sien Mashaya v Mashaya 1945 NAC 83 (N&T).
68. Bladsy 156. Vergelyk ook Bekker (1989) 306.
69. Artikel 82. Hierdie is 'n afwyking van Zoeloereg.
70. Bekker en Coertze (1983) 293.
71. Ibid.

HOOFSTUK XII

GENEES- EN KRUIEKUNDIGES EN VROEDVROU¹

Die funksies van genees- en kruiekundiges is onafskeidbaar verbonde aan die Zoeloe se tradisionele religieus-magiese opvattinge,² en in Hoofstuk 11 van die Kwazulu Wetboek beheer die wetgewer die praktyk deur middel van wetgewing.³ Terselfdertyd word die rol van die vroedvrou ook statutêr beheer. In hierdie hoofstuk word die tersaaklike gewoonte, wetgewing en regspraak in oënskou geneem om te bepaal wat die huidige reg met betrekking tot genees- en kruiekundiges en vroedvroue is. Regsaspekte wat ondersoek word het veral betrekking op die vereistes om regmatig as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou te praktiseer, hernuwing van lisensies, heffing van diensfooie, aanspreeklikheid vir nalatige optrede, die verbod om die titel "dokter" of "apteker" aan te neem of dienste of imithi yesintu te adverteer, en ander relevante aangeleenthede.

Genees- en kruiekundiges en vroedvroue moet gelisensieer wees en hernuwing van lisensies.

83. (1) Swart genees- en kruiekundiges en vroedvroue is onderskeidelik bekend as *izinyanga zokwelapha* (diegene wat bedrewe is in gesondmaking) en *izinyanga zemithi* (kruiekundiges) en *ababelethisi* (vroedvroue) en enige Swarte kan as sodanige vir wins praktiseer as hulle behoorlik gelisensieer is, maar nie anders nie.
- (2) Ondanks enige andersluidende wetsbepalings word 'n lisensie om te praktiseer as 'n Swart genees- of kruiekundige of 'n Swart vroedvrou nie uitgereik nie tensy die magtiging van die Minister van Gesondheid en Welsyn vir die uitreiking daarvan vooraf verkry is nie.
- (3) 'n Lisensie uitgereik ingevolge subartikel (2) is geldig vir 'n tydperk van een jaar vanaf datum van uitreiking: Met dien verstande dat sodanige lisensie, op aansoek binne een maand na sy vervaldatum en by betaling van die voorgeskrewe fooi, vir verdere tydperke van een jaar hernu kan word deur die Kommissaris of Magistraat van die distrik waar die lisensiehouer praktiseer.

- (4) Die bepalings van die Wet op Homeopate, Naturopate, Osteopate en Kruiekundiges, 1974 (Wet 52 van 1974), die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepes, 1914 (Wet 56 van 1974) en die Wet op Verpleging, 1957 (Wet 69 van 1957), word nie so uitgelê dat dit afbreuk doen aan die reg wat 'n Swart genees- of kruiekundige of 'n Swart vroedvrou besit uit hoofde van 'n lisensie uitgereik soos in subartikel (2) bedoel.

Lisensiefooie om as genees- of kruiekundige of vroedvrou te praktiseer.

84. (1) Die bedrag jaarliks betaalbaar vir 'n lisensie om as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou te praktiseer is ses rand en 'n Swarte kan as sowel 'n geneeskundige as 'n kruiekundige of as die een of die ander praktiseer in die hele distrik waarvoor sodanige lisensie uitgereik is: Met dien verstande egter dat as die houer van 'n lisensie 'n verdere bedrag van twee rand betaal, die Kommissaris of Magistraat van enige ander distrik in KwaZulu, na goeddunke kan maak deur 'n toepaslike aantekening op sodanige lisensie, en die houer kan daarna ook in daardie distrik praktiseer.
- (2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) (sic) kan enigiemand wat 'n lisensie hou om as 'n genees- of kruiekundige of 'n vroedvrou dwarsdeur Kwazulu te praktiseer, voortgaan om gedurende die geldigheidsduur van sy bestaande lisensie of hernuwing daarvan aldus te praktiseer.

Gelisensieerde genees- en kruiekundige of vroedvrou kan fooi eis.

85. (1) 'n Behoorlike gelisensieerde genees- of kruiekundige of 'n vroedvrou kan 'n fooi (ulugxa) eis vir dienste gelewer.
- (2) 'n Eis ten opsigte van dienste gelewer deur 'n kruiekundige of 'n vroedvrou word nie in 'n geregshof erken nie, tensy bewys van die uitreiking van 'n lisensie aan sodanige persoon gelewer word.
- (3) 'n Ongelisensieerde genees- of kruiekundige of vroedvrou kan geen geld of vergoeding eis ten opsigte van dienste deur hom gelewer nie.

Artikels 83 tot 85 word in die volgende artikelskomponente bespreek: *

1. VEREISTES

1.1 Lisensiëring

1.2 Swart persoon

1.3 Persoonlike hoedanigheid

1.4 Vir wins

1.5 Praktiseer

2. HERNUWING VAN LISENSIE

3. LISENSIEFOOI

4. GEEN AFBEUR AAN REG OM AS GENEES- OF KRUIEKUNDIGE OF VROEDVROU OP TE TREE

5. FOOIE

1. VEREISTES

Artikel 83(1) maak slegs voorsiening vir die lisensiëring van isinyanga⁴ zokwelapha (diegene wat bedrewe is in gesondmaking - hierna genoem genees-⁵ kundiges), isinyanga zemithi⁵ (kruiekundiges) en ababelethisi⁶ (vroedvroue) wat hul beroepe vir gewin praktiseer. Die artikel is inderdaad so ingeklee dat enige swarte wel as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou ongelisensieerd mag praktiseer, maar dan mag hy of sy nie vir gewin praktiseer of 'n fooi vir dienste gelewer (ulugxa)⁷ hef nie. Ongelisensieerde genees- of kruiekundiges of vroedvroue oortree artikel 83(1) slegs indien hulle vir gewin praktiseer.⁸

Die vereistes vir regmatige optrede ingevolge artikel 83(1) is (1) lisensiëring alvorens (2) 'n swart persoon (3) as genees- of kruiekundige of vroedvrou (persoonlike hoedanigheid) (4) vir gewin mag (5) praktiseer.

1.1 Lisensiëring

Die lisensiëring van genees- en kruiekundiges en vroedvroue is 'n

administratiewe funksie. Die toepaslike (nuwe) lisensie word slegs uitgereik nadat die nodige magtiging van die Minister van Gesondheid en Welsyn vir die uitreiking daarvan verkry is.⁹

Lisensiëring (of hernuwing van lisensiëring) van 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou is lokaliteitsgebonde. 'n Lisensie word ingevolge artikels 83(3) en 84(1) uitgereik vir die distrik waarin die lisensiehouer praktiseer.

Die bepaling in artikel 84(2) wat verwys na 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou wat dwarsdeur Kwazulu praktiseer, het slegs betrekking op 'n lisensiehouer wat sodanige lisensie ingevolge artikel 121 van die Natalse Kode van Naturellereg afgekondig in Proklamasie No. 168 van 1932 verkry het.

1.2 Swart persoon

Alleen 'n swart persoon mag as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou gelisensieer word. 'n "Swart persoon" is reeds bepaal.¹⁰

1.3 Persoonlike hoedanigheid

'n Lisensie word aan Swart applikante in persoonlike hoedanigheid uitgereik.¹¹ In Alexander v Native Commissioner, Durban¹² is daarop gewys dat daar 'n persoonlike verhouding tussen die applikant (inyanga) en sy pasiënt moet wees, en dat die professie van 'n geneeskundige nie deur bemiddeling van 'n handelsmaatskappy beoefen kan word nie.

Na analogie van S v Sibanda,¹³ 'n geval waar 'n ongekwalfiseerde werknemer 'n inspuiting aan 'n pasiënt toegedien het, en 'n fooi geën het vir en ten behoewe van sy prinsipaal ('n mediese praktisyn) se besigheid, kan die persoonlike verhouding gesien word in lig van die volgende dictum:

"A member of the public, having decided to pay for treatment is entitled to receive it at the hands of a person qualified to¹⁴ administer it".

1.4 Vir wins

Die woord "wins" (in Engels "for gain") word in die Verklarende Handwoor-¹⁵deboek van die Afrikaanse taal omskryf as:

"wat 'n mens win; voordeel wat jy behaal; (handel) verkoopprijs min inkooprijs plus onkoste".

Aldus die Oxford Dictionary beteken die woord "for gain"¹⁶

"(To) obtain or secure; make a profit, be benefited, improve or advance in some respect".

Dit impliseer dus dat 'n voordeel (bestaande uit geld en/of materiële goedere) gewoonlik uit 'n positiewe diensverrigting, behaal word.

In R v Higginson¹⁷ het die vraag ontstaan of 'n persoon wat sy dienste kosteloos lewer, maar, om nie 'n finansiële verlies te ly nie, betaling ontvang om die kostes van medisyne wat gewoonlik vir medisinale behandeling aangewend word, te dek, vir wins praktiseer? Daar is beslis dat 'n persoon nie vir wins praktiseer indien hy nie beoog om 'n finansiële gewin of enige ander materiële voordele vir homself te bekom nie, en verder dat die woord

wins ("for gain") in sy gewone betekenis ... "involves, besides payment, an
 18
 element of accretion".

1.5 Praktiseer

In die beoefening van hul beroep is die onderskeid tussen 'n genees- en
 19
 kruiekundige nie duidelik onderskeibaar nie. In R v Ngcobo dui die
 hof egter aan dat die- "functions of a native medicine man and herbalist
 include the functions, or some of the functions, of each of two
 professions, the profession of "medical practitioner" and the profession of
 "chemist and druggist" which, according to European laws and customs, are
 20
 normally recognised as separate and distinct".

Die behandeling deur 'n genees- en kruiekundige kan verskeie vorms aanneem.
 Om te bepaal of 'n persoon inderdaad geneeskunde beoefen, is in R v
 21
Sakutemba algemene riglyne neergelê. Vir beoefening van die beroep is
 daar elemente soos diagnose, advies, voorskrif of behandeling. Een van die
 elemente is nie noodwendig deurslaggewend nie, maar in gepaste
 omstandighede mag een daarvan as die beoefening van die beroep beskou word.
 Die gedrag van die praktisyn moet in die geheel in oënskou geneem word.

22
 'n Genees- of kruiekundige kan selfs 'n operasie uitvoer. Daar is gemeld
 dat geneeskundiges "do not recognise the distinction between surgery and
 medical treatment, both branches are part of the healing art", en
 voorts dat "they are by law entitled to prescribe, dispense and administer
 23
 medicine and perform operations in surgery whenever necessary."

Die operasies wat hier ter sprake is, is nie die westerse tipe van operasie soos die verwydering van 'n blindederm nie, maar dit is meer eksterne snitte in aangetaste liggaamsdele en dan word self of poeier daarin gevryf, of "kwaad" word uit die snitte gesuig vir die behandeling van swere en absesse.
24

Die beoefening van die beroep omvat verdermeer die voorbereiding, voorskrif en verkoop van imithi yesintu.
25

2. HERNUWING VAN LISENSIE

Artikel 83(3) bepaal dat 'n lisensie vir een jaar geldig is, en dat dit binne een maand na sy vervaldatum deur die magistraat van die distrik waar die lisensiehouer praktiseer, hernu kan word.

26
Slegs 'n magistraat van die distrik waar die lisensiehouer praktiseer het die bevoegdheid om 'n lisensie te hernu. In daardie gevalle waar 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou ook in 'n ander distrik praktiseer, moet die aansoek om hernuwing om in daardie distrik voort te gaan om te praktiseer aan die magistraat van daardie distrik gerig word.
27

Die Kwazulu Wetboek maak nie uitdruklik vir laat-aansoeke om hernuwing van lisensies voorsiening nie. Dit impliseer dat indien 'n aansoek om hernuwing nie binne een maand van sy vervaldatum gerig word nie, die lisensie verval en aansoek om 'n lisensie de novo gedoen moet word.

By berekening van die datum waarop 'n aansoek om hernuwing gerig moet word,

moet die gemeenregtelike wyse van tydsberekening toegepas word, naamlik dit²⁸
 moet volgens die computatio civilis-metode bereken word. Dit beteken dat
 die berekening met insluiting van die kalenderdag waarop die gebeure plaas-
 gevind het en uitsluiting van die laaste dag van die voorgeskrewe tydperk²⁹
 geskied. Indien 'n lisensie dus op 14 April 1987 uitgereik is, is 13 Mei
 1988 die laaste dag van die hernuwingsaansoek.

Hernuwing geskied nie outomaties nie. 'n Magistraat het by hernuwing 'n dis-
 kresie om uit te oefen. So is daar beslis dat 'n veroordeling van 'n inyanga
 op 'n klag van bedrog met betrekking tot die verkoop van een van sy
 preparate 'n voldoende rede sou wees vir weiering om die lisensie te³⁰
 hernu.

3. LISENSIEFOOI

Die lisensiefooi (sowel as hernuwingslisensiefooi) om as 'n genees- of
 kruiekundige of genees- en kruiekundige of vroedvrou te praktiseer is R6,00
 vir die distrik waarin die lisensie uitgereik is om in te praktiseer, en
 R2,00 vir enige ander addisionele distrik waarin die lisensiehouer
 praktiseer.

4. GEEN AFBREUK AAN REG OM AS GENEES- OF KRUIEKUNDIGE OF VROEDVROU OP TE TREE

Die bepaling vervat in artikel 83(4) dien as 'n beskermingsmaatreël vir
 gelisensieerde genees- en kruiekundiges en vroedvroue. Indien hulle
 gelisensieerd is en die funksies wat onafskeidbaar verbonde is aan hul kul-

turele gemeenskap uitvoer, is hulle nie aan die statutêre reëlings, soos byvoorbeeld registrasieprosesse en prosedures, byhou van voorgeskrewe registers, opvoedkundige kwalifikasies, tugbevoegdheid van professionele rade, wangedrag ondersoek en so meer, soos voorgeskryf in die wetgewing³¹ waarna verwys is in artikel 83(4), onderhewig nie.

5. FOOIE

Die vordering van 'n fooi (uluqxa) vir dienste gelewer is statutêr in artikel 85(1) georden. Tradisioneel het betaling in twee fases geskied. Aanvanklik is 'n uqxha of ulugxha (dit is die stok waarmee hy die medisyne opgraaf, wat tradisioneel 'n bok of kalf was)³² geëis, en as die behandeling doeltreffend was is 'n addisionele fooi betaalbaar. (Afhangend van die erns van die siekte kan dit 'n stuk grootvee of meer wees.) Deesdae is die ulugxha dikwels 'n geldsom wat van geval tot geval wissel. Dit is betaalbaar voor die behandeling in aanvang neem en indien genesing volg, kan 'n verdere fooi geëis word.³³

Slegs 'n gelisensieerde genees- of kruiekundige of vroedvrou kan 'n fooi³⁴ eis, en in sodanige eis moet die applikant bewys lewer dat hy³⁵ gelisensieerd is.

Wanneer 'n pasiënt wel betaling aan 'n ongelisensieerde inyanga of vroedvrou³⁶ gemaak het en die bedrag wil terugeis, geld die stelreël ex turpi vel iniusta causa non oritur actio.³⁷ Die kontrak is ingevolge artikel 85(3) onwettig en nie een van die partye kan die ander kontraktueel op grond van³⁸ 'n ooreenkoms aanspreek nie. Mits die eis om terugvordering op ongeregver-

digde verryking gebaseer is, geld die stelreel in pari delicto portior
³⁹ est conditio possidentis. Indien beide partye ewe skuldig was sal be-
 taling nie teruggeëis kan word nie, maar indien bewys word dat die partye
 nie ewe skuldig was nie, kan die onskuldige partye wel die betaling te-
⁴⁰ rugeis.

Genees- of kruiekundige vakleerlinge ⁴¹ is ongelisensieerd en kan vir
⁴² dienste gelewer geen fooie eis nie.

EVALUERING

⁴³ Die professie van genees- en kruiekundige en vroedvrou vervul 'n behoefte.
 Hierdie praktyk is statutêr georden sodat genees- en kruiekundiges en
 vroedvroue wat vir gewin praktiseer, gelisensieer moet wees. Alhoewel die
 vereistes gestel in artikel 83(1) nie veel probleme in die praktyk oplewer
 nie, word gevind dat gelisensieerde genees- en kruiekundiges en vroedvroue
⁴⁴ eerder die uitsondering as die reël is. Ongelisensieerde genees- en
 kruiekundiges en vroedvroue mag hul professie beoefen solank as wat hulle
⁴⁵ nie vir gewin praktiseer nie. Hulle is egter nie van lisensiëring af-
⁴⁶ hanklik om hul fooie te in nie. Hulle pasiënte vergoed nietemin vir hul
 dienste, veral omdat hulle bang is dat hulle hul dienste van hom en sy fa-
⁴⁷ milie sal weerhou. Die professie van genees- en kruiekundige en vroed-
 vrou word dus nie effektief beheer nie.

Die vasstelling van 'n lisensie- en hernuwingslisensiefooie in die wet
⁴⁸ self, impliseer dat die betrokke artikel gewysig sal moet word indien
 enige van die fooie verhoog of verlaag word.

Die Kwazulu Wetboek swyg oor die genees- en kruiekundige vakleerling.

Die duur van sy vakleerlingskap of die dienste wat hy mag lewer word nie aangeraak nie.

AANBEVELING

Aangesien die lisensiëringstelsel nie effektief is nie, word aanbeveel dat Kwazulu ondersoek instel na 'n registrasiestelsel wat as vereiste vooropstel dat alle genees- en kruiekundiges en vroedvroue geregistreer moet wees alvorens hulle mag praktiseer. 'n Eenvoudige stelsel kan ontwerp word met behoud van die beskermingsmaatreëls vervat in artikel 83(4) van die Kwazulu Wetboek.

Die professie kan voorts in afsonderlike wetgewing beheer word, en hoef nie noodwendig in die Kwazulu Wetboek georden te word nie.

Die huidige praktyk is om nie lisensie- en hernuwingsfooie in 'n wet self te bepaal nie. Daar word aanbeveel dat artikel 84(1) gewysig word om te bepaal dat lisensie- en hernuwingsfooie sodanig is as wat van tyd tot tyd by goewermentskennisgewing bepaal sal word.

Daar bestaan nie 'n noodsaak dat genees- en kruiekundige vakleerlinge deur wetgewing beheer word nie. Die bestaande gebruik en gewoonte beheer die aangeleentheid voldoende.

Aanspreeklikheid vir nalatigheid.

86. As 'n genees- of kruiekundige of 'n vroedvrou growwe of strafbare foute begaan of hom skuldig maak aan nalatigheid wat slegte resultate tot gevolg het, kan hy siviël gedagvaar word vir skade afgesien van enige kriminele aanklag wat teen hom ingebring kan word.

Artikel 86 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GROWWE OF STRAFBARE FOUTE OF NALATIGHEID WAT SLEGTE RESULTATE TOT GEVOLG HET
2. AFGESIEN VAN ENIGE KRIMINELE AANKLAG

1. GROWWE OF STRAFBARE FOUTE OF NALATIGHEID WAT SLEGTE RESULTATE TOT GEVOLG HET

'n Genees- of kruiekundige of vroedvrou is deliktueel aanspreeklik indien hy growwe of strafbare foute begaan of nalatig is, en sodanige optrede slegte resultate tot gevolg gehad het.

Daar is geen gerapporteerde sake waarin deliktuele eise teen genees- of kruiekundiges of vroedvroue ingestel is nie.

Die bewoording van artikel 86 is identies aan die vervat in die ou Natalse Wetboek van Bantoereg.⁵¹ Blykbaar beteken die woorde "growwe of strafbare foute" en "nalatigheid" niks meer as "dolus" en "culpa"⁵² nie, en die bewoording "slegte resultate tot gevolg gehad het", verwys na "vermoënskade of persoonlikheidskrenking".⁵³

In ons regsletteratuur is veel oor die toepassing van die begrippe dolus⁵⁴

55
 en culpa geskryf en by beoordeling van eise ingestel ingevolge artikel 86 sal ons howe die beginsels wat normaalweg in deliktuele aksies van toepassing is, toepas.

2. AFGESIEN VAN ENIGE KRIMINELE AANKLAG

Artikel 86 stel dit duidelik dat indien 'n deliktuele aksie teen 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou ingestel is, 'n kriminele aanklag ook teen die dader ingestel kan word.⁵⁶

EVALUERING

Daar word saamgestem dat die woorde "growwe of strafbare foute" en "nalatigheid" na "dolus" en "culpa", onderskeidelik, verwys, en dat die woorde "slegte resultate tot gevolg gehad het" na "vermoënskade of persoonlikheidskrenking" verwys.⁵⁷ In die moderne reg onderskei ons tussen opset (dolus) en nalatigheid (culpa)⁵⁸ en daar is geen rede waarom die woorde in artikel 86 nie gebruik kan word nie. Voorts om aanspreeklik te wees op grond van 'n onregmatige daad, moet 'n persoon vir die eiser òf skade of persoonlikheidskrenking veroorsaak het.⁵⁹

Die laaste sinsnede van artikel 86, naamlik "afgesien van enige kriminele aanklag wat teen hom ingebring kan word", is oorbodig. Die instelling van 'n aksie wat op 'n onregmatige daad gebaseer is, vrywaar nie 'n verweerder teen 'n strafregtelike vervolging nie.⁶⁰

AANBEVELING

61

Daar word aanbeveel dat artikel 86 as volg gewysig word:

"'n Genees- of kruiekundige of 'n vroedvrou wat skuldiglik of nalatiglik aan 'n ander vermoënskade of persoonlikheidskrenking veroorsaak, kan siviël gedagvaar word."

Oortreding van artikel 83 'n misdryf.

87. Enige Swarte wat strydig met die bepalings van artikel 83 as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou praktiseer, is skuldig aan 'n misdryf.

In hierdie artikel word 'n oortreding van artikel 83 gekriminaliseer.

EVALUERING

In lig van die algemene misdryf en strafbepalings wat in artikel 90 vervat is, blyk hierdie bepaling onnodig te wees.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 87 geskrap word.

Genees- of kruiekundige mag nie die titel "dokter" of "apteker" aanneem nie.

88. (1) 'n Swarte wat as 'n genees- of kruiekundige gelisensieer is, mag nie die titel van "dokter" of "apteker" of enige ander benaming genoem in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepes, 1974 (Wet 56 van 1974) aanneem nie.

- (2) 'n Swarte wat as 'n genees- of kruiekundige gelisensieer is, kan slegs medisyne bekend as "Imithi yesintu" voorskryf, daarin handel dryf of dit verkoop en wel slegs aan 'n persoon wat sy bona-fide- pasiënt is en wat onder sy persoonlike behandeling is.
- (3) Geen gelisensieerde genees- of kruiekundige of vroedvrou mag in enige koerant, boek, pamflet, omsendbrief, plakkaat, brief of ander dokument 'n advertensie publiseer of laat publiseer of aan enigiemand stuur of aflewer of oordra, of toesien dat dit aan enigiemand gestuur of afgelewer of oorgedra word wat 'n verwysing na of 'n beskrywing van "Imithi yesintu" bevat, of wat meld dat hy as 'n genees- of kruiekundige of 'n vroedvrou praktiseer of daartoe geregtig is om as sulks te praktiseer nie, of waarin hy enigiemand nooi om hom te kom raadpleeg of sy medisyne te koop of om van sy dienste op hoegenaamd enige manier gebruik te maak nie; ook mag sodanige advertensie nie deur middel van visuele of klankproses geskied nie.
- (4) Vir die toepassing van subartikel (3) (sic) beteken "Imithi yesintu" 'n vloeistof of stof wat geneeskundige waarde sou hê en wat gemeng, voorberei of vervaardig is, of gemeng, voorberei of vervaardig sou wees deur 'n Swarte wat nie 'n geregistreerde apteker (sic) en drogis of 'n geregistreeerde mediese praktisyn is nie en wat -
 - (a) na bewering in staat is om vir enigiemand rykdom of sukses in enige onderneming of besigheid te besorg of as 'n liefdesdrank gebruik sou kan word, of bedoel is om in 'n menslike wese kenmerke te verwerk soos moed, vrees, wanhoop, krag, swakheid, aangetrokkenheid tot of afkeer van 'n ander persoon of 'n soortgelyke kenmerk, of immuniteit of weerstand teen of vatbaarheid vir vyandelike magte, bonatuurlike magte, toordery of onnatuurlike siektes; of
 - (b) wat werklik of na bewering verkry is van of bestaan uit die vet of enige ander liggaamsdeel of ingewande van 'n mens, dier, insek, reptiel of enige ander ding of 'n bonatuurlike, legendariese of mitiese wese, of dit werklik of na bewering bevat.

Artikel 88 word in die volgende artikelkomponente bespreek.

1. GEBRUIK VAN DIE TITEL DOKTER OF APTEKER OF ANDER ONGEORLOOFDE BENAMING
2. SLEGS MEDISYNE BEKEND AS IMITHI YESINTU VOORSKRYF

3. ADVERTERING VAN DIENSTE EN GENEESMIDDELE 'n MISDRYF

1. GEBRUIK VAN DIE TITEL DOKTER OF APTEKER OF ANDER ONGEORLOOFDE BENAMING

'n Genees- of kruiekundige mag nie die titel van "dokter" of "apteker" of enige ander benaming gemeld in artikel 36(1)(e) of 37(1) (e) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepes van 1974 aanneem nie.⁶² In R v Sithole⁶³ is die beskuldigde weens 'n oortreding van artikel 37(b) van Wet 13 van 1928⁶⁴ aangekla omdat sy pasiënte hom as "dokter" aangespreek het en hy geen poging aangewend het om hulle te korrigeer nie. Hy is onskuldig bevind omdat hy geen handeling verrig het om die titel vir homself toe te eien of op te eis nie.

In R v Griffin⁶⁵ is die beskuldigde skuldig bevind aan 'n oortreding van artikel 37(b) van Wet 13 van 1928 omdat sy as 'n ongeregistreerde apteker die benaming "Arcade Medicines en Toilet Requisites" (laasgemelde twee woorde in kleiner druk) op haar sakeperseel gebruik het.⁶⁶

2. SLEGS MEDISYNE BEKEND AS IMITHI YESINTU VOORSKRYF

Slegs medisyne bekend as imithi yesintu mag voorgeskryf, verhandel of verkoop word, en dan slegs aan 'n bona fide- pasiënt wat onder die genees- of kruiekundige se persoonlike behandeling is.

Imithi yesintu⁶⁷ was voorheen algemeen bekend as Bantoemedisyne, en dit beteken -

"Medicines such as natives can make for themselves by comparatively simple process, not requiring a high degree of scientific skill, out of the natural substances of the country which are available to them."

69

Bryant dui aan dat die Zoeloegenees- of kruiekundige 'n groot verskeidenheid medisinale plante tot hul beskikking het, en hy het 'n lys bevattende 240 van sodanige plante opgestel en meen dat daar miskien nog 240 is.

Medisyne anders as imithi yesintu kan nie deur 'n genees of kruiekundige verkoop word nie, behalwe indien 'n toepaslike handelslisensie vir die verkoop daarvan uitgereik is.

70

Kasterolie is byvoorbeeld nie imithi yesintu

71

nie. Slegs waar imithi yesintu voorgeskryf, verhandel of verkoop word, is 'n geneeskundige geregtig om die middele van die moderne wetenskap te gebruik (bv 'n stetoskoop) om 'n diagnose te maak.

72

Die verkope van imithi yesintu is verder beperk deurdat slegs aan 'n bona fide-pasiënt wat onder die genees- of kruiekundige se persoonlike behandeling is voorgeskryf, verhandel of verkoop mag word.

73

Die riglyne gestel in R v Sakutemba kan aangewend word om te bepaal of 'n pasiënt 'n bona fide-pasiënt onder behandeling van 'n genees- of kruiekundige is. 'n Agent wat 'n salaris ontvang kan nie namens die genees- of kruiekundige optree en sy funksies verrig nie.

74

3. ADVERTERING VAN DIENSTE EN GENEESMIDDELE 'n MISDRYF

'n Genees- of kruiekundige of vroedvrou mag nie sy of haar dienste of imithi yesintu in 'n advertensie publiseer of laat publiseer nie, welke handeling 'n misdryf is.⁷⁵ Die doel van artikel 88(3) is:

"(to) prohibit the advertisement by a medicine man of his remedies and of the fact that he was practising in order to prevent his touting for patients or customers ...".⁷⁶

Die gewone betekenis van "publiseer" is aanvaar as "to make publicly or generally known"⁷⁷ op die wyse soos in artikel 88(3) voorgeskryf.⁷⁸ Daar is bevind dat die versending van 'n omsendbrief of plakkaat advertering is,⁷⁹ want dit was vir algemene en openbare inligting bedoel.

Imithi yesintu wat vir die doeleindes van artikel 88(3) nie geadverteer mag word nie, is breedvoerig in artikel 88(4) omskryf.

EVALUERING

Die bepalinge van artikel 88 is duidelik, en die implementering en toepassing daarvan is onder beheer.⁸⁰

Verdienste van vrouegeneeskundige of vroedvrou behoort aan haar. •

89. Die gelde en verdienste van 'n vrouegeneeskundige of vroedvrou behoort aan haar en sy kan met bystand van haar eggenoot of voog 'n aksie vir die verhaling daarvan instel, indien sodanige bystand nodig is.

Artikel 89 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. GELDE EN VERDIENSTE
2. VROEGENEESKUNDIGE OF VROEDVROU
3. AKSIE INSTEL

1. GELDE EN VERDIENSTE

Die gelde en verdienste wat geëis mag word, is reeds bespreek.⁸¹

2. VROEGENEESKUNDIGE OF VROEDVROU

Genees- en kruiekundiges en vroedvroue is reeds bepaal,⁸² maar artikel 89 het spesiaal op swart vrouens wat as genees- en kruiekundiges en vroedvroue praktiseer, betrekking. Die artikel verwys slegs na 'n vrouegeneeskundige⁸³ of vroedvrou en nie na 'n vrouekruiekundige nie.

3. AKSIE INSTEL

Aangesien Swart persone (die vroulike geslag ingeslote) wetlik meerderjarig⁸⁴ is wanneer hulle trou of die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik, en gevolglik met die nodige verskyningsbevoegdheid bekleed is, sal hulle meestal self 'n aksie vir die verhaling van gelde en verdienste instel.

EVALUERING

Die weglating van die woord vrouekruiekundige is blykbaar 'n oorsig, want⁸⁵ die professie is nie tot mans beperk nie. Mits die artikel vir uitleg

voor ons howe kom, is dit wenslik dat 'n wysigende uitleg toegepas word en
 86
 die woord vrouekruiekundige in die artikel ingelees sal word.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die Kwazulu wetgewer die woord "vrouekruiekundige" in artikel 89 invoeg.

Misdrywe en strawwe.

90. (1) Enige Swarte wat enige van die bepalings van hierdie Hoofstuk oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en kan by skuldigbevinding gevonniss word tot 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of by wanbetaling, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of tot sowel sodanige boete as gevangenisstraf.
- (2) Die hof wat enige Swarte van 'n oortreding van die bepalings van subartikel (1) (sic) of van die Wet op Onderdrukking van Toorkuns, 1957 (Wet 3 van 1957), skuldig bevind, kan, benewens enige ander straf wat sodanige hof kan opleë die lisensie van sodanige Swarte om as 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou te praktiseer, intrek.

Hierdie artikel is duidelik en benodig slegs die volgende kommentaar:

- (a) Die algemene strafbepaling vervat in artikel 90 verwys na enige oortreding van of versuim om aan enige van die bepalings vervat in artikels 83 tot 89 van die Kwazulu Wetboek te voldoen.
- (b) Die woord "kan" in artikel 90(2) dui aan dat 'n hof 'n diskresie het of dit by vonnisoplegging 'n lisensie van 'n genees- of kruiekundige of vroedvrou sal intrek, welke diskresie uit die aard van die saak 'n judisiële diskresie is.
 87

VERWYSINGS

1. Die bepalings van artikels 83 tot 90 van die Natalse Wetboek van Zee-
loereg, afgekondig in Proklamasie No. R151 van 9 Oktober 1987, kom met
die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek
word, ooreen.
2. Bekker (1976-2) 99; Reader (1966) 253-4; Bruwer 150-1; Krige 292.
3. Artikels 83 tot 90 van die Kwazulu Wetboek.
4. Die enkelvoud is inyanga yokwelapha
5. Die enkelvoud is inyanga yemithi
6. Die enkelvoud is umbelethisi.
7. Vergelyk artikel 83(1), gelees met artikel 85(3), van die Kwazulu Wet-
boek.
8. Die Kwazulu Wetboek maak nie voorsiening vir die izinyanga zokubhula
(diegene wat bedrewe is in waarsêery of diagnose - ook bekend as isan-
goma of isanusi) nie. Hul aktiwiteite is ingevolge artikel 3 van
die Wet op die Onderdrukking van Townry No. 3 van 1957 onregmatig.
Sien Bekker (1976-2) 89-90.
9. In die praktyk kom dit daarop neer dat 'n aansoekvorm normaalweg via 'n
distrikskantoor aan die Departement van Gesondheid en Welsyn (Kwazulu)
gestuur word, tesame met aanbevelings van stam- en streekowerhede (of
aangewese beheerrade in gebiede waar nie stam- of streeksowerhede inge-
stel is nie, bv. dorpsrade of superintendente van Swart dorpe waar
dorpsrade nie ingestel is nie) en polisieverslae. Die Departement van
Gesondheid en Welsyn verwittig die applikant van die tyd en datum
waarop hy voor 'n paneel van gewoonlik drie gelisensieerde en praktise-
rende inyangas moet verskyn (aangestel deur die gemelde departement
handelend op advies van die "Inyanga's National Association") vir 'n on-
derhoud, welke paneel 'n bekwaamheidsaanbeveling vir deursending aan die
Minister voorlê.
10. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
11. Vir die bespreking van die term "Swart persoon" sien bladsy 19 van
hierdie verhandeling.
12. 1945 NPD 337.
13. 1978(3) SA 217(R).
14. Ibid 222
15. Odendaal (1984) 1363.

16. Sykes (1983) 402-403.
17. 1953(3) SA 296 (SR).
18. Ibid.
19. 1941 AD 412 te 426. Sien ook R v Cele 1943 AD 123 te 134.
20. Sien Stafford en Franklin 205.
21. 1945(1) PH H4 (SR).
22. Msongelwa v Mpilipili 1919 NAC 84; Stafford en Franklin 207; Whitfield 540.
23. Sien ook R v Cele 1943 AD 123 te 133.
24. Vergelyk Krige 332; Bekker (1976-2) 92-93.
25. R v Ngcobo 1941 AD 412; Milton en Fuller 438.
26. 'n Magistraat word in die Kwazulu Wetboek omskryf as 'n magistraat aangestel ingevolge die Wet op Landdroshowe 1944 (No 32 van 1944) en sluit 'n addisionele en assistent magistraat in.
27. Die Natalse Wetboek van Zoeloereg vereis dat 'n lisensie deur 'n "distriksbeampte" hernu moet word. Laasgenoemde word omskryf as "'n beampte in die Staatsdiens deur die Direkteur-generaal (van die Departement Ontwikkelings-beplanning) as sodanig aangewys". Hierdie persoon hoef nie noodwendig 'n magistraat in 'n distrik te wees nie, maar sal gewoonweg 'n beampte in 'n magistraatskantoor wees (aldus mededeling deur die gemelde departement).
28. Die Minister van Polisie v De Beer 1970(2) SA 712 (T) 714.
29. Sien ook Steyn (1981) 169.
30. Alexander v Native Commissioner, Durban 1946 NPD 418; Stafford en Franklin 206.
31. In die RSA is die Wet op Homeopate, Naturopate, Osteopate en Kruie kundiges No. 52 van 1974 herroep deur die Wet op Geassosieerde Gesondheidsberoepes No. 63 van 1982, welke wet nie in Kwazulu van toepassing is nie. Ingevolge artikel 30(1)(b) van die Grondwet van die Nasionale State mag die Kwazulu Wetgewende Vergadering ooreenkomstig item 31 B van Skedule 1 van die Wet wette maak betreffende gesondheid, gesondheidsdienste- en aanverwante beroepe, maar die bevoegdheid is nie uitgeoefen nie, en gevolglik geld Wet No. 52 van 1974 steeds in Kwazulu (aldus artikel 30(3) van Wet No. 21 van 1971). Sien ook S v Heavyside 1976(1) SA 584(A).
32. Callaway 295-296, voetnota 58.

33. Bekker (1976-2) 94.
34. Artikel 85(1).
35. Artikel 85(2). Sien ook Jalimana v Mqayekana 1913 NHC 32, en Mfinyezi v Sobantu 1917 NHC 265.
36. Dit gebeur selde want die kliënt het betaal omdat hy bang is vir die gevolge wat mag voortspruit en die inyanga mag sy dienste van die kliënt en sy familie weerhou; vergelyk Gelfand 63.
37. Volgens die stelreël ontstaan geen verbintenisse uit 'n ongeoorloofde ooreenkoms nie. Die ooreenkoms is kragteloos, en nie een van die partye tot die ooreenkoms kan die ander op die ooreenkoms aanspreek nie. Sien De Wet en Van Wyk (1978) 81; Joubert 151.
38. De Wet en Van Wyk (1978) 80-81; Coaker en Schultz 310-322; Kennedy v Steenkamp 1936 CPD 17; Froman v Robertson 1971(1) SA 115(A); Reynolds v Kinsey 1959(4) SA 50 (FC); Cape Dairy and Livestock Auctioneers v Sim 1924 AD 167; Langham N.O. v Milne N.O. 1962(4) SA 574 (N); Warren v Pirie (Pty) Ltd SA 1959(1) SA 419 (E); Du Plessis v Joubert 1966 (4) SA 60 (O).
39. Hierdie reël lui dat waar twee partye ewe skuldig is, is die persoon wat in besit is in die sterkste posisie. Sien De Wet en Van Wyk (1978) 81; Joubert 152-3.
40. De Wet en Van Wyk (1978) 82-83; Levy v Katz 1914 WLD 88; Wylock v Milford Investments (Pty) Ltd 1962(4) SA 298(K); Minister van Justisie v Van Heerden 1960(3) SA 377 (O); Minister van Justisie v Van Heerden 1961(3) SA 25 (O). Vergelyk verder Jajbhay v Cassim 1939 AD 537; Peterson v Jajbhay 1940 TPD 182; Padayacke v Lebese 1942 TPD 10; Roots Central Africa (Pty) Ltd v Mundawarara and Another 1972(2) SA 451 (R). Bhyats Departmental Store (Pty) Ltd v Dorklerk Investments (Pty) Ltd 1975(4) SA 881(A);
41. Die Zoeloebenaming is uhlaka (enk.), izinhlaka (mv).
42. Vir meer besonderhede oor sodanige vakleerlinge sien Bryant (1960) 10; Bekker (1976-2) 93-94; R v Mfeka 1939 NPD 118.
43. Sien aangehaalde werke in voetnota 2.
44. Bekker (1976-2) 99-100.
45. Sien paragraaf 1 op bladsy 356 van hierdie verhandeling.
46. Bekker (1976-2) 94.
47. Ibid.
48. Sien artikel 84(1) van die Kwazulu Wetboek.

49. Sien paragraaf 5 op bladsy 362 van hierdie verhandeling.
50. Die lisensiefooie vervat in artikel 84(1) van die Kwazulu Wetboek.
51. Proklamasie No. R195 van 1967 (Artikel 123).
52. Bekker (1976-2) 95.
53. Vergelyk Van der Walt (1979) 20.
54. Van der Merwe en Olivier (1980) 119 ev; Van der Walt (1979) 60-65; R v Kewelram 1922 AD 213; R v Jolly and Others 1923 AD 176; S v Buthelezi 1963 2 PH H 238 (D); S v Masilela 1968(2) SA 558 (A); S v Nyongano and Edson 1975 1 PH H 42 (R); S v Siqwahla 1967(4) SA 566 (A).
55. Van der Merwe en Olivier (1980) 131 ev; Van der Walt 65 ev.; Mckerron 25 ev; Van Wyk v Lewis 1924 AD 438; Jones N.O. v Santam 1965(2) SA 542 (A); Van der Merwe v Austin 1965(1) SA 43 (T); Kruger v Coetzee 1966 (2) SA 428 (A); S v Mkwanazi 1967(2) SA 592 (N); S v Van As 1976(2) SA 921(A); Parbhoo and another v Shield Insurance Co. 1982(1) SA 673 (A); AA Mutual Insurance Association Ltd v Manjani 1982(1) SA 790(A). Roxa v Mtshayi 1975(3) SA 761 (A); Weber v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk 1983 (1) SA 382 (A).
56. Die kriminele aksie sal deur die Staat ingestel word en afhangende van die oortreding kan dit misdrywe soos moord, strafbare manslag, aanranding met die opset om ernstig te beseer, of aanranding, omvat.
57. Sien die bespreking op bladsy 365 van hierdie verhandeling.
58. Een van die twee vorme moet aanwesig wees om 'n dader deliktueel aanspreeklik te stel.
59. Sien Van der Merwe en Olivier (1980) 181 ev.
60. Sien van Zyl en Van der Vyver 366-8.
61. In lig van die evaluering op bladsy 366 van hierdie verhandeling.
62. Wet No. 56 van 1974.
63. 1939 NPD 192.
64. Die vorige Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers No. 13 van 1928. Artikel 37 (b) het basies met die huidige artikel 36(1)(e) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Beroepe No. 56 van 1974 ooreengekom.
65. 1957(2) SA 74 (EDLD).
66. Tans is sodanige gebruik 'n oortreding van artikel 29(1)(b) van die Wet op Aptekers No. 53 van 1974. Sien ook R v Wessels 1960(1) SA 351 (T).
67. Sien die gebruik van die term in die Natalse Wetboek van Bantoereg,

Proklamasie R195 van 1967.

68. Per Feetham J.A. in R v Ngcobo 1941 AD 412 te 428. Sien ook R v Ngcobo 1943 AD 118.
69. Bryant (1960) 84.
70. Sien artikel 22A van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe No. 101 van 1965.
71. R v Masikane 1948(4) SA 544 (N); R v Alexander 1954(3) SA 383 (N).
72. R v Sithole 1939 NPD 192; R v Ndowonde 1945 2 PH K 118(N); R v Ndhlovu 1942 NPD 397.
73. Sien die bespreking op bladsye 359 en 360 van hierdie verhandeling.
74. R v Sithole 1938 NPD 354; vergelyk ook R v Roux 1934 EDL 50, en R v Lazarus 1937 2 PH K 89.
75. Artikel 88(3) en (4), gelees met artikel 90, van die Kwazulu Wetboek.
76. R v Hlatshwayo 1938 NPD 410.
77. S v Kiley 1962(3) SA 318 (T) te 322; S v Lawrence 1975(4) SA 825 (A) te 828; S v Du Plessis 1981(3) SA 382 (A) te 403; S v Marais 1983(1) 1028 (T) te 1032.
78. Dit wil sê, in enige koerant, boek, pamflet, omsendbrief, plakkaat, brief of ander dokument of deur middel van (n) visuele of klankproses.
79. R v Alexander 1954(3) SA 383 (N). Vergelyk egter met R v Hlatshwayo 1938 NPD 410.
80. Soos blyk uit ons regspraak en die menings van ons juriste en etnoloë, soos aangedui in paragrawe 1, 2 en 3 op bladsye 368 tot 371 van hierdie verhandeling.
81. Sien paragraaf 5 op bladsy 362 van hierdie verhandeling.
82. Sien paragraaf 1 op bladsy 356 van hierdie verhandeling.
83. In die Engelse teks is die woord "herbalist" ook weggelaat.
84. Ingevolge artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
85. Krige 297 voetnota 1.
86. Steyn (1981) 58 ev.
87. Du Toit 117-8.

In die Suid-Afrikaanse reg word 'n "onregmatige daad" in die algemeen omskryf as "n onregmatige en skuldige handeling wat aan 'n ander skade of persoonlikheidsnadeel veroorsaak"². In die tradisionele Zoeloereg was deliktuele aanspreeklikheid nie so individualisties van aard gewees nie, maar was die groep aanspreeklik vir delikte wat deur die lede van die groep gepleeg is.³

Alhoewel die Kwazulu Wetboek die individualistiese benadering van die Suid-Afrikaanse reg volg,⁴ word 'n vader, voog of familiehoof in bepaalde omstandighede aksessoor aanspreeklik gehou vir die onregmatige daade van minderjariges.⁵

Artikels 91 tot 104 van die Kwazulu Wetboek verwys na die statutêre reëling van sekere onregmatige daade, en in hierdie hoofstuk word die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlings bespreek.

Enige onregmatige daad teen Swarte fundeer aksie vir skadevergoeding.

91. Behoudens die uitdruklike andersluidende bepalings van hierdie Hoofstuk, fundeer die pleging van 'n onregmatige daad teen enige Swarte 'n aksie deur sodanige Swarte vir skadevergoeding teen die oortreder.

Artikel 91 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. BEHOUDENS DIE UITDRUKLIKE ANDERSLUIDENDE BEPALINGS VAN HIERDIE HOOFSTUK
2. ONREGMATIGE DAAD
3. ENIGE SWARTE

4. SKADEVERGOEDING

1. BEHOUDENS DIE UITDRUKLIKE ANDERSLUIDENDE BEPALINGS VAN HIERDIE HOOFSTUK

⁶
 Stafford en Franklin dui aan dat die woorde "andersluidende bepalings" betrekking het op die persone wie inderdaad deur 'n onregmatige daad benadeel is. In die geval van verleiding van of onwettige gemeenskap met 'n ongetroude vrou ⁷ is haar vader of voog die benadeelde aangesien haar lobolo-⁸ waarde verlaag word. In owerspelgevalle is die eggenoot die benadeelde, terwyl in ontvoeringsgevalle die eggenoot, vader of voog die benadeelde ⁹ is. In geen van die gemelde gevalle kan die ongetroude vrou, eggenote of ¹⁰ minderjarige 'n aksie gebaseer op Zoeloereg instel nie.

¹¹
 Daar is ook aangedui dat bogenoemde artikelkomponent betrekking het op onregmatige dade wat kragtens Zoeloereg ageerbaar is, maar wat nie spesifiek in Hoofstuk 12 van die Kwazulu Wetboek statutêr gereël word nie. Die volgende ageerbare onregmatige dade kragtens artikel 91 is deur ons howe bereg:

- ¹²
 (i) Die verwydering van 'n omheining van 'n bewerkbare perseel;
- (ii) Die aanmatiging van 'n ander om sekere handeling wat die prerogatief van 'n algemene opvolger is, te verrig aan die voorvaderlike graf-¹³ te;
- (iii) Die onregmatige gebruik van 'n ander se bewerkbare persele, waardeur die vreedsame gebruik daarvan deur die regmatige eienaar onmoontlik ¹⁴ maak is;

- (iv) Aanranding;¹⁵
- (v) Onsedelike aanranding op die eggenote (in 'n gebruiklike huwelik)
 van 'n Swart persoon;¹⁶
- (vi) Die onregmatige besitsontneming van beeste en hul besering.¹⁷

Oliver et al (1989)¹⁸ is verder van mening dat diefstal¹⁹ ook 'n ageerbare onregmatige daad ingevolge artikel 91 van die Kwazulu Wetboek kan wees.

2. ONREGMATIGE DAAD

Myburgh (1969)²⁰ dui aan dat die reg insake die onregmatige daad daarop ingestel is om die onregmatige skending van regsbeskermende belange aan te dui en te reël dat 'n benadeelde vir die skending van sy belange vergoed word.²¹ Wanneer 'n onregmatige daad gepleeg word het die benadeelde 'n persoonlike reg om vergoeding teen die dader te vorder.²² 'n Onregmatige daad onderstel dus 'n regsband tussen die dader en die benadeelde indien aan die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid voldoen word. In die algemeen word aanvaar dat die vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid die volgende is,²³ naamlik 'n handeling, onregmatigheid, skuld, skade of persoonlikheidsnadeel, en kousaliteit.²⁴

Die Kwazulu Wetboek²⁵ beskerm die subjektiewe regte van Swartes en die skending daarvan gee aanleiding tot deliktuele aanspreeklikheid.²⁶

3. ENIGE SWARTE

'n "Swarte" is reeds bepaal.²⁷ "Enige Swarte" in sy teksverband²⁸ beteken

"elke of alle"²⁹ Swartes, ongeag hul geslag,³⁰ en hoef nie noodwendig 'n burger van Kwazulu in te sluit nie.

4. SKADEVERGOEDING

³¹Myburgh (1969) is van mening dat die Swartreg vier soorte regte erken, te wete saaklike regte (in liggaamlike sake), verbintenisskeppende regte (tot voldoening), voogdy of gesag (oor persone), en persoonlikheidsregte (ter beskerming van die persoonlike integriteit). 'n Skending van die eersgenoemde drie regte gee aanleiding tot vermoënskade en die aksie om skadevergoeding is gerig op die vergoeding van die skade. In die geval van 'n skending van 'n persoonlikheidsreg is die aksie om skadevergoeding gewoonlik gerig op genoegdoening. Skending van persoonlikheidsregte soos in die geval van iniuria, laster of aanranding kan ook aanleiding gee tot vermoënskade en in sodanige gevalle kan beide vergoeding of genoegdoening geëis word.

In die praktyk word normaalweg nie in die pleitstukke aangedui dat vermoënskade of genoegdoening geëis word nie.³² Bekker (1989)³³ meld dat "damages for actionable wrongs, brought under customary law and custom, are in fact fines or penalties fixed by custom or usage; thus, once the wrongful conduct has been proved, the prescribed fine or penalty is normally awarded as a matter of course; and obviously, under such a system of law there is no room for special damages, which are unknown."

EVALUERING

Die bepalings van artikel 91 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en hofe.

Hof bepaal quantum in 'n aksie weens laster

92. In 'n aksie vir skadevergoeding weens laster of 'n ander onreg hoef die eiser geen spesifieke bedrag te eis nie, dit word aan die hof oorgelaat om die bedrag ten opsigte daarvan te bepaal.

Artikel 92 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. GEEN SPESIFIEKE BEDRAG TE EIS NIE, DIT WORD AAN DIE HOF OORGELAAT OM DIE BEDRAG TE BEPAAL

1. GEEN SPESIFIEKE BEDRAG TE EIS NIE, DIT WORD AAN DIE HOF OORGELAAT OM DIE BEDRAG TE BEPAAL

In enige aksie gebaseer op 'n onregmatige daad waarin skadevergoeding geëis word, is dit nie nodig dat die eiser 'n spesifieke bedrag moet eis nie. Die ³⁴ bedrag van skadevergoeding word aan die diskresie van die hof oorgelaat.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 92 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en hofe.

Eerskennis is onregmatige daad

93. (1) Eerskennis is 'n onregmatige daad.

(2) Iedere kwaadwillige bewering waarby kwade gedrag aan enige persoon toegeskryf word, is laster: Met dien verstande dat as iemand die karakter van 'n ander beswadder in die loop van 'n hewige twis en binne 'n kort tydjie daarna in die openbaar om verskoning vra, geen aksie om skadevergoeding daardeur gefundeer word nie: Met dien verstande voorts dat geen aksie vir laster gefundeer word nie as die gebesigde woorde ten aansien van die eiser of klaer te goeder trou en nie met voorbedagte kwaadwilligheid nie tot enige gesaghebbende persoon gerig was.

(3) In 'n aksie vir skadevergoeding weens eerskennis moet die gewraakte bewerings wesenlik in die dagvaarding of verklaring uiteengesit word, maar 'n vertaling van die woorde hoef nie noodwendig by te gaan nie.

Ongetroude meisie geregtig op skadevergoeding

94. Enige ongetroude meisie, wie se kuisheid deur iemand in die openbaar ontken, bespot of in twyfel getrek is, is geregtig op skadevergoeding.

Artikel 93 en 94 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. EERSKENNIS

2. KWAADWILLIGE BEWERING WAARBY KWADE GEDRAG AAN ENIGE PERSOON TOEGESKRYF WORD

3. VERWEERSGRONDE

3.1 Karakter van 'n ander beswadder in die loop van 'n hewige twis en binne 'n kort tydjie daarna in die openbaar om verskoning vra

3.2 Gebesigde woorde ten aansien van die eiser of klaer te goeder trou en nie met voorbedagte kwaadwilligheid nie tot enige gesaghebbende persoon gerig was

4. VERTALING VAN DIE WOORDE HOEF NIE NOODWENDIG BY TE GAAN NIE

5. ONGETROUDE MEISIE, WIE SE KUISHEID DEUR IEMAND IN DIE OPENBAAR ONTKEN, BESPOT OF IN TWYFEL GETREK IS

1. EERSKENNIS

Artikel 93(1) dui aan dat eerskennis (laster) 'n onregmatige daad is. Die woord "eerskennis" word nie omskryf nie, en die Kwazulu Wetboek en sy voorgangers dui nie aan of Zoeloereg³⁵ of die gemenereg van toepassing is nie.³⁶ Olivier et al (1989)³⁷ dui aan dat die meeste gevalle van laster wat as sodanig in die gemenereg onderskei word, ingevolge artikel 93(1)³⁸ ageerbaar is.

Ons howe huldig teenoorgestelde menings. In Mbata v Ntanzi³⁹ is obiter aangedui dat die bepalings van artikel 93⁴⁰ 'n weergawe van die beginsels van die gemenereg is. Aldus die beslissing in Mkize v Mkize⁴¹ is die bepalings van artikel 93 'n samevatting van die Zoeloereg insake laster en is 'n bewering slegs lasterlik indien dit 'n kwaadwillige bewering ("malicious statement") is en kwade gedrag ("evil conduct") aan 'n persoon⁴² toeskryf.

Ons howe poog nie om 'n onderskeid tussen die bepalings van artikels 93(1) en (2) te tref nie; dit word as 'n geheel saamgelees.⁴³ In Biyela v Shamase⁴⁴ is inderdaad beslis dat artikel 93(1)⁴⁵ "states that defamation is an actionable wrong importing common law",⁴⁶ maar dat artikel 93(2)⁴⁷ "makes its application restrictive to a malicious statement alleging evil conduct".

2. KWAADWILLIGE BEWERING WAARBY KWADE GEDRAG AAN ENIGE PERSOON TOEGESKRYF
 48
 WORD

Die betekenis van die woorde "kwaadwillige bewering" 49 en "kwade gedrag" 50 is onduidelik. Volgens die gemenereg is "animus iniuriandi" 'n vereiste in 51 'n lasteraksie, maar die vraag ontstaan of die kode iets addisioneel tot die gewone gemeenregtelike vereiste vereis? Animus iniuriandi kan kortliks omskryf word as "die geestesgesteldheid om die bepaalde gevolg te wil, met 52 die wete dat die gewilde gevolg onregmatig sal wees". In Mkize v Conco 53 verklaar die hof dat die woord kwaadwillig nie omskryf is nie, maar "for the purpose of this judgement I will assume in favour of the appellant that it bears the wider meaning ... viz, that of any improper or indirect motive." Dit impliseer dus dat die woorde met opset gebruik word en die oogmerk of doel van die woorde wat gebruik word, is om die beledigde te 54 krenk.

Die kwaadwillige bewering moet verder "kwade gedrag" ("evil conduct") aan 55 enige persoon toeskryf. Olivier et al (1989) is van mening dat die woord "kwade gedrag" (evil conduct) die indruk wek dat die Wetboek iets anders as 56 slegs lasterlike skending van karakter in gedagte het. In Mkize v Mkize 57 is aangedui dat die gebruik van verkleineerde woorde nie "kwade gedrag" 58 toegeskryf nie, terwyl in Mkize v Conco 59 beslis is dat 'n bewering van diefstal wel "kwade gedrag" daarstel. In Biyela v Shamase 60 is gemeld dat "the evil conduct must be interpreted mainly in relation to witch- 61 craft", 62 maar in Mbatha v Sibiya 63 is hierdie mening nie onderskryf nie. Aldus laasgemelde saak is aangedui dat beledigende woorde wat nie "kwade 64 gedrag" toeskryf, nie ingevolge artikel 93 aageerbaar is nie.

3. VERWEERSGRONDE

Olivier et al (1989)⁶⁵ is van mening dat die verweersgronde gemeld in artikel 93(2) waarskynlik uit die gemenereg afkomstig is, maar meld dat daar onsekerheid is of die gemeenregtelike verwere van regverdiging, privilegie, billike kommentaar, rixa, en die algemene verweer van volenti non fit iniuria, aangewend kan word in aksies ingestel ingevolge artikel 93 van die Kwazulu Wetboek. Labuschagne (1975)⁶⁷ is van mening dat die gemenereg se verwere lakunes in artikel 93 mag aanvul.

Ons howe het ook teenstrydige standpunte ingeneem. In Myeni v Mabuyakulu⁶⁸ dui die hof aan dat die twee verwere (gemeld in artikel 93(2)) ander verwere uitsluit,⁶⁹ maar omdat die verweer "regverdiging" (justification) bekend is in die Swartreg, "this court will accordingly view the present appeal in the light of any defence available additional to the two mentioned in section 132 of the Code."⁷⁰ In Lupele v Zulu⁷¹ dui die hof aan, sonder bespreking, dat die gemenereg se verwere nie herroep is nie. Die aanvaarbare standpunt blyk te wees dat artikel 93(2) gebaseer is op die gemenereg en dat die gemeenregtelike verwere toegepas kan word, veral waar lakunes bestaan.⁷²

3.1 Karakter van 'n ander beswadder in die loop van 'n hewige twis en binne 'n kort tydjie daarna in die openbaar om verskoning vra

Weinig inligting is beskikbaar oor hierdie eerste verweersgrond gemeld in artikel 93(3) van die Kwazulu Wetboek. In Mtalane v Ngcobo⁷³ het twee vroue in 'n hewige twis skeldtaal gebesig en mekaar se karakter beswadder.

Die verweerder het nie apologie aangeteken nie en kon haar dus nie op die verweersgrond beroep nie. Die hof verwys egter na die gemenereg (privilegie en rixa) en bevind dat die verweerder nie aanspreeklik is nie, selfs indien sy nie om verskoning gevra het nie. In Nirenda v Ciliza is die eiser se karakter beswadder en het die verweerder daarna apologie aangeteken. Die verweersgrond was ontoepaslik omdat die beswadding nie tydens 'n twis plaasgevind het nie.

Die verweersgrond dui aan dat verskoning 'n kort tydjie na 'n hewige twis ("heated quarrel") in die openbaar gevra moet word. Dit is nie duidelik wat 'n "kort tydjie" ("short period") is nie, maar blykbaar impliseer dit dat 'n party of die partye "kort na" die hewige twis verskoning vir hul optrede in die openbaar moet vra.

3.2 Gebesigde woorde ten aansien van die eiser of klaer te goeder trou en nie met voorbedagte kwaadwilligheid nie tot enige gesaghebbende persoon gerig was

Die tweede verweersgrond gemeld in artikel 93(2) van die Kwazulu Wetboek het die uitwerking dat mededelings wat gerig word aan 'n gesaghebbende persoon geprivilegeerd is. Die privilegie geld slegs indien so 'n gesaghebbende persoon binne die bestek van sy gesag optree.

'n Gesaghebbende persoon is in die reël 'n kaptein of hoofman, maar kan ook 'n familiehoof wees. In Pungula v Sithole is gemeld dat "attention is invited to the law on the subject which is that any person who has a duty or interest to make a report may do so to any person who has a

corresponding duty or interest to receive it. This would in certain circumstances include a kraalhead".

Die privilegie is verder gekwalifiseer deurdat die mededeling "te goeder trou en nie met voorbedagte kwaadwilligheid" aan die gesaghebbende persoon gerig moet wees.⁸² Die privilegie verval indien die mededeling nie so gerig is nie.⁸³

Die vraag ontstaan of met die woorde "voorbedagte kwaadwilligheid" ("express malice") meer bedoel word as wat die begrip animus iniuriandi omvat.⁸⁴ In Japa v Sandani and another verklaar die hof: "Here it should be mentioned that in the opinion of this court the terms "express malice" used in the sub-section referred to means something more than the ordinary "animus injuriandi" of our law. It is in fact an English term meaning actual ill-⁸⁵ feeling or malice in the popular and general sense". Iets meer as die animus iniuriandi van die Suid-Afrikaanse lasterreg word vereis.⁸⁶

Benewens die twee verweersgronde in artikel 93 (2) van die Kwazulu Wetboek, is daar verskeie sake waarin die gemeenregtelike verweer volenti non fit iniuria ook toegepas is.⁸⁷

4. VERTALING VAN DIE WOORDE HOEF NIE NOODWENDIG BY TE GAAN NIE

Nieteenstaande die bepalinge van artikel 93(3) het ons houe beslis dat as 'n praktyksreël 'n vertaling van die gewraakte woorde in die dagvaarding ingesluit moet word,⁸⁸ of anders moet getuienis oor die betekenis daarvan gelei word.⁸⁹

5. ONGETROUDE MEISIE, WIE SE KUISHEID DEUR IEMAND IN DIE OPENBAAR ONTKEN, BESPOT OF IN TWYFEL GETREK IS

Olivier et al (1989)⁹⁰ dui aan dat dit wil voorkom asof die ontkenning van die kuisheid van 'n ongetroude meisie onder die Zoeloe in Natal 'n onregmatige daad was. Artikel 94 verwys spesifiek na 'n "ongetroude meisie", maar dié term is nie omskryf nie.⁹¹ Die woord "ongetroud" is duidelik, maar die woord "meisie" kan verwys na 'n "kind van die vroulike geslag" of 'n "ongetroude jong vrou".⁹² In Biyela v Thamase⁹³ word ook die term "a young unmarried girl" gebesig.

Ons howe is nie eensgesind of die opsetsvereiste kwaadwilligheid ("malice")⁹⁴ of animus iniuriandi⁹⁵ is nie. In Biyela v Shamase⁹⁶ is obiter aangedui dat die beginsels vervat in artikel 93 nie van toepassing is nie, dit wil sê dat die eiser nie kwade gedrag ("evil conduct") aan die kant van die verweerder hoef te bewys nie. Aldus die hof is 'n aksie ingestel ingevolge artikel 94 'n "claim sui generis". Hierteenoor is in Mvuba v Chiliza⁹⁷ aangedui dat artikel 94 deur artikel 93 gekwalifiseer word, en dat kwaadwilligheid ("malice") 'n vereiste is.⁹⁸

EVALUERING

Dit is duidelik dat die bepalings van artikel 93 nie regsekêrheid in die hand werk nie; dié dat ons howe teenoorgestelde menings huldig.⁹⁹ Aangesien dit Swartes vrystaan om lasteraksies ingevolge die gemenereg te be-¹⁰⁰reg, blyk dit dat die wetgewer 'n eiesoortige tipe lasteraksie wou daarstel wat ook in die kapteinshowe kon toepassing vind. Vir die doeleindes

is van die gemenerereg gebruik gemaak, maar die toepassing daarvan is beperk tot kwaadwillige bewerings waarby kwade gedrag aan 'n persoon toegeskryf word.¹⁰¹ Die beslissing dat artikels 93(1) en (2) saamgelees moet word,¹⁰² blyk dus korrek te wees.

Die gebruik van die woorde "kwaadwillige bewering" ("malicious statement") en "kwade gedrag" ("evil conduct") is nie van suiwer gemeenregtelike afkoms nie; dit is van Engelsregtelike oorsprong. Die wetgewer het verder ook nie rekening gehou met die ontwikkeling van die begrip animus iniuriandi in ons regspraak nie.¹⁰³

Die twee verweersgronde gemeld in artikel 93(2) is ook nie die enigste twee geldende verweere nie.¹⁰⁴

Alhoewel die woorde "ongetroude meisie" in artikel 94 probleme in die praktyk mag oplewer,¹⁰⁵ blyk dit, veral in lig van die duidelike onderskeid tans getref tussen minderjarigheid en meerderjarigheid in die Kwazulu Wetboek,¹⁰⁶ dat ons hoewe moontlik kan besluit dat die gemelde woorde na 'n "ongetroude minderjarige meisie" verwys.

In die geheel gesien is die toepaslike regsbeginsele, insluitende die verweersgronde, vervat in artikel 93 van die Kwazulu Wetboek nie duidelik nie, en behoort dit hersien te word.¹⁰⁷

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die Kwazulu wetgewer die lasteraksie, soos omskryf

en uiteengesit in artikel 93 van die KwaZulu Wetboek, laat ondersoek met inagneming van die huidige ontwikkeling van die gemeenereg en Zoelosreg.

Vernietiging van gesaaides deur beeste of ander vee fundeer aksie vir skadevergoeding.

95. In Aksie vir skadevergoeding teen die eienaar van beeste of ander vee of die persoon wat sodanig vee in sy bewaring en beheer het, word gefundeer deur die vernieling van kultuurgewasse deur sodanige vee, tensy sodanige skade veroorsaak is deur die bydraende nalatigheid van die eienaar van die kultuurgewasse.

Betreding fundeer nie aksie vir skadevergoeding tensy dit met spesiale skade gepaard gaan.

97. Onregmatige betreding van bewerkte lande fundeer nie in aksie vir skadevergoeding nie, tensy sodanige betreding met spesiale skade gepaard gaan.

Artikels 95 en 97 word in die volgende artikellkomponente bespreek:

1. EIENAAR
2. BEWARING EN BEHEER
3. VERNIELING VAN KULTUURGEMASSE
4. BYDRAENDE NALATIGHEID VAN DIE EIENAAR VAN DIE KULTUURGEMASSE
5. BETREDING MET SPESIALE SKADE GEPAARD GAAN
6. KWAZULU SKUTWET

1. EIENAAR

In die algemeen kan gestel word dat in "eienaar" eiendomsreg op in bepaalde regeobjek het, en in hierdie geval is dit beeste of ander vee.

2. BEWARING EN BEHEER

Gewoonlik het die eienaar bewaring ("custody") en beheer ("control") oor sy beeste en vee, maar die bewaring en beheer kan ook in 'n ander persoon gesetel wees. ¹⁰⁹ Bewaring vorms in die reël na die fisiese beheer van 'n saak ¹¹⁰ ten behoeve van 'n ander persoon. ¹¹¹ Die woord "beheer" ("control") impliseer dat 'n persoon toegig daartoe het en die werksaamhede daarvan beheer. ¹¹²

Die feit dat die eienaar en beheerder van die vee 'n minderjarige is, ¹¹³ verhoed nie dat 'n aksie teen hom ingestel kan word nie.

3. VERNIELING VAN KULTUURGEMASSE

Die vernieling van kultuurgemasse deur die beeste of vee fundeer die aksie ¹¹⁴ op skadevergoeding. Daar is 'n verpligting op die eienaar van vee dat hulle behoorlik opgepas word, selfs in die wintermaande indien bewerkbare ¹¹⁵ grond onder winterbewerking is.

Indien die kultuurgemasse van 'n persoon deur die vee van 'n ander verniel is, is dit nie nodig dat hy moet bewys dat die verweerder nalatig was ¹¹⁶ nie.

Gewoonlik word die eienaar van die vee in kennis gestel dat kultuurgemasse verniel is, maar hierdie is nie 'n vereiste nie. Sodanige verslag kan geloofwaardigheid heg aan die eiser se weergawe, terwyl 'n verduin hoogsens ¹¹⁷ agterdog teen die eiser kan wek.

4. BYDRAENDE NALATIGHEID VAN DIE EIENAAR VAN DIE KULTUURGEWASSE

In Mlondo v Mlondo¹¹⁸ is beslis dat indien dit die gebruik in 'n betrokke omgewing is om die produkte op die bewerkbare grond te laat bly totdat klaar geoes is, vestig sodanige prosedure nie bydraende nalatigheid nie.

5. BETREDING MET SPESIALE SKADE GEPAARD GAAN

Artikel 97 stel dit duidelik dat betreding as sodanig nie aanleiding tot 'n aksie gee nie; spesiale skade moet bewys word. Die skade moet dus¹¹⁹ kwantifiseerbaar wees en deur die eiser bewys word.

6. KWAZULU SKUTWET

Die Kwazulu Skutwet 8 van 1980 moet in samehang met die Kwazulu Wetboek uitgelê word. Die Kwazulu Skutwet maak voorsiening vir die instelling van¹²⁰ skutte en die aanstelling van skutmeesters, sowel as 'n besondere prosedure wat gevolg word met die skut van vee en die betaling van skadevergoeding.¹²¹

Die wet ontnem egter nie 'n persoon van sy skadevergoedingsaksies verleen ingevolge die Kwazulu Wetboek nie, behalwe indien die persoon 'n kaptein of hoofman versoek het om die skade te bepaal, in watter geval dit geag word¹²² dat die persoon afstand gedoen het van sy reg om skadevergoeding te eis.

EVALUERING

Die bepalings van artikels 25 en 27 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en houe.

Nalatige stig of beheer van veldbrand fundeer aksie vir skadevergoeding.

26. Wanneer as gevolg van nalatigheid aan die kant van enige persoon 'n veldbrand gestig (sic) of nie behoorlik beheer word nie, skade deur enigemand anders gely word, kan 'n aksie vir skadevergoeding teen die persoon wat vir sodanige brand verantwoordelik was, ingestel word.

Artikel 26 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. NALATIGHEID
2. AKSIE VIR SKADEVERGOEDING INSTEL TEEN PERSOON DAT VIR SODANIGE BRAND VERANTWOORDELIK WAS

1. NALATIGHEID

Nalatigheid is die vermyt wat 'n toerekeningsvatbare dader wat nie opsetlik gehandel het nie, tref, omdat sy optrede nie voldoen aan die gedragsnorm wat van 'n redelike mens geverg word nie en hy dus 'n gevolg tot nadeel van 'n ander veroorsaak het.¹²³

Artikel 26 vermye eloge na die vermyt van nalatigheid en nie na "dolus" as opsetverreikte nie. Indien 'n dader 'n brand gestig het omdat hy 'n bepaalde gevolg gewil het, kan 'n aksie wel teen hom ingestel word ingevolge artikel 24, en nie ingevolge artikel 26 nie.¹²⁴

In 'n aksie om skadevergoeding ingevolge artikel 96 rus die bewyslas op die eiser om te bewys dat die verweerder nalatig was.¹²⁵

2. AKSIE VIR SKADEVERGOEDING INSTEL TEEN PERSOON WAT VIR SODANIGE BRAND VERANTWOORDELIK WAS

Volgens Olivier et al (1989)¹²⁶ is dit 'n algemene reël in die Swartreg dat 'n persoon aanspreeklik is vir skade wat veroorsaak is deur 'n brand wat hy gestig het of nalatig was deur dit nie te blus nie of nie behoorlik te beheer nie.¹²⁷

In Ndhlovu and another v Hlongwa¹²⁸ het 'n voogdeling terwyl hy in die familiewoning van sy voog (familiehoof) woonagtig was, op versoek van die familiehoof 'n veldbrand gestig, maar nie behoorlike beheer daaroor gehou nie. Die hof beslis dat skadevergoeding van die voogdeling geëis kan word omdat hy vir die veldbrand verantwoordelik was, sowel as van die familiehoof omdat hy aanspreeklik is ten opsigte van die onregmatige dade deur sy voogdeling gepleeg terwyl laasgemelde in dieselfde familiewoning woonagtig is.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 96 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en houe.

Verleiding van ongetroude vrou fundeer aksie vir skadevergoeding.

98. (1) Die verleiding van 'n ongetroude vrou gee aanleiding tot 'n aksie teen die verleier vir 'n ngquthu-bees as skadevergoeding. Bo en behalwe sodanige bees kan nog 'n bees toegeken word as skadevergoeding ten opsigte van iedere swangerskap: Met dien verstande dat indien sodanige kind of kinders gebore word gedurende die bestaan van 'n verlowing geen aksie vir skadevergoeding erken sal word nie, tensy die huwelik nie plaasvind nie: Met dien verstande voorts dat indien die verleier met die vrou trou, ander betalings as die ngquthu-bees ten aansien van haar verleiding as deel van die lobolo beskou moet word.
- (2) Iedereen wat ongeoorloofde gemeenskap het met 'n geskeide vrou of weduwee as gevolg waarvan sy swanger word staan bloot aan betaling van skadevergoeding aan die persoon geregtig om lobolo vir haar te eis; sodanige skadevergoeding moet, ten opsigte van elke swangerskap, hoogstens een bees wees. In die geval van 'n latere huwelik tussen die partye, word enige betaling van skadevergoeding as deel van die lobolo beskou.
- (3) Enige eis om skadevergoeding ten opsigte van die verleiding van of onwettige gemeenskap met 'n ongetroude vrou verval by die dood van sodanige vrou, tensy haar dood te wyte is aan die bevalling wat op sodanige verleiding of onwettige gemeenskap volg.

Artikel 98 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VERLEIDING VAN 'n ONGETROUDE VROU
2. NGQUTHU-BEES AS SKADEVERGOEDING
3. NOG 'n BEES TOEKEN AS SKADEVERGOEDING TEN OPSIGTE VAN IEDERE SWANGERSKAP
4. INDIEN KIND OF KINDERS GEBORE WORD GEDURENDE DIE BESTAAN VAN 'n VERLOWING WORD GEEN AKSIE VIR SKADEVERGOEDING ERKEN NIE, TENSY DIE HUWELIK NIE PLAASVIND NIE
5. INDIEN DIE VERLEIDER MET DIE VROU TROU WORD ANDER BETALINGS AS DIE NGQUTHU-BEES TEN AANSIEN VAN HAAR VERLEIDING AS DEEL VAN DIE LOBOLO BESKOU
6. ONGEORLOOFDE GEMEENSAP MET 'n GESKEIDE VROU OF WEDUWEE AS GEVOLG WAAR-

VAN SY SWANGER WORD

7. VERLEIDING VAN OF ONWETTIGE GEMEENSKAP MET 'n ONGETROUDE VROU

1. VERLEIDING VAN 'n ONGETROUDE VROU

In ooreenstemming met die tradisionele Zoeloereg bepaal die Kwazulu Wetboek dat die verleiding van 'n ongetroude vrou aanleiding gee tot 'n aksie teen die verleier vir 'n ngquthu-bees as skadevergoeding.¹²⁹

Alhoewel ons skrywers die term "seduksie" algemeen gebruik wanneer hierdie artikel bespreek word, dui Olivier et al (1989) aan dat die term in sy enger betekenis gebruik word.¹³⁰ Labuschagne (1983)¹³¹ toon aan dat die woord "deflorasie" meer toepaslik in die inheemse reg is, aangesien verleiding nie 'n wesenlike vereiste is nie.¹³² Dlamini (1984-3)¹³³ wys daarop dat in die Zoeloereg die term seduksie na die deflorasie van 'n maagd sowel as die swangermaking van 'n ongetroude vrou, verwys. Alhoewel die term "deflorasie" van 'n maagd korrek is, maan hy dat daar in gedagte gehou moet word dat die term "seduksie" in die inheemse reg nie dieselfde betekenis het as die term in die gemenerereg nie.¹³⁴

Seduksie (deflorasie) kan slegs ten opsigte van 'n maagd gepleeg word.¹³⁵ Daar word vermoed dat 'n ongetroude vrou, wat nie 'n weduwee of geskeie vrou is nie, 'n maagd is, en die teendeel moet deur die verweerder bewys word.¹³⁶

Die prosesregtelike aspekte met betrekking tot die voorverhoor- en verhoorstadium is duidelik deur ons skrywers uiteengesit.¹³⁷

2. NGQUTHU-BEES AS SKADEVERGOEDING

138

Die ngquthu-bees is reeds bespreek.

3. NOG 'n BEES TOEKEN AS SKADEVERGOEDING TEN OPSIGTE VAN IEDERE SWANGERSKAP

Die Kwazulu Wetboek maak in artikel 98(1) voorsiening dat, onderhewig aan ¹³⁹ die hierna gestelde voorbehoude, . . . nog 'n bees (benewens die ngquthu-bees) toegeken kan word as skadevergoeding ten opsigte van iedere swangerskap van sodanige ongetroude vrou. Hierdie bees staan bekend as die mvimba-bees. ¹⁴⁰

141

Die artikel gebruik die woorde "iedere swangerskap", en dit beteken dat 'n bevestigde swangerskap voldoende grond is vir 'n afdwinging van die aksie. 'n Miskraam is 'n bevestiging van swangerskap en sal nie afbreuk doen aan 'n ¹⁴² eis om skadevergoeding nie.

Hierdie artikelkomponent is verder breedvoerig deur ons skrywers ¹⁴³ bespreek.

4. INDIEN KIND OF KINDERS GEBORE WORD GEDURENDE DIE BESTAAN VAN 'n VERLOWING WORD GEEN AKSIE VIR SKADEVERGOEDING ERKEN NIE, TENSY DIE HUWELIK NIE PLAASVIND NIE

144

Oliver et al (1989) ¹⁴⁴ dui aan dat die "verlowing" 'n bona fide verlowing in ooreenstemming met die Zoeloereg moet wees, anders geld die ¹⁴⁵ voorbehoudsbepaling nie. Hulle meld dat die ratio van die voorbehoudsbepaling daarin lê dat indien daar 'n verlowing is, daar 'n

aanname is dat 'n huwelik sal volg, en dat die volle lobolo dus gelewer sal word indien dit nog nie gedoen is nie. Materialiseer die aanname nie, dan het die vader van die meisie die reg om skadevergoeding te eis vir die swangerskappe wat veroorsaak is, want die lobolo wat hierna verkry sal word, gaan minder wees.

146

5. INDIEN DIE VERLEIER MET DIE VROU TROU WORD ANDER BETALINGS AS DIE NGQUTHU-BEES TEN AANSIEN VAN HAAR VERLEIDING AS DEEL VAN DIE LOBOLO BESKOU

147

Olivier et al (1989) meld dat hierdie voorbehoudsbepalings van toepassing is in daardie gevalle waar daar nie 'n verlowing bestaan wanneer die vrou swanger gemaak word. Daar is geen aanname dat 'n huwelik sal volg en die volle lobolo gelewer sal word; derhalwe moet die vereiste 'skadevergoeding betaal word. Vind 'n huwelik wel plaas, word die gelewerde skadevergoeding as deel van die lobolo beskou.

6. ONGEOORLOOFDE GEMEENSKAP MET 'n GESKEIDE VROU OF WEDUWEE AS GEVOLG WAARVAN SY SWANGER WORD

Kragtens artikel 98(2) is die geslagsgemeenskap met 'n geskeide vrou of weduwee nie 'n delik nie, maar wel haar swangermaking. Daar word verwys na die "ongoorloofde gemeenskap" met 'n geskeide vrou of weduwee. "Illicit intercourse" is in R v M as volg uitgelê: Die enigste geslagsomgang deur Swartreg en -gebruik gesanksioneer, is omgang tussen 'n eggenoot en eggenote, behalwe geslagsomgang in 'n ukungena-verbinding. Die term "illicit" soos aangewend in artikel 115(g) word gebruik in die sin

van "improper or irregular or not sanctioned by law, rule or custom". Gesl¹⁵³slagsgemeenskap met 'n ongetroude meisie is dus as "onwettig" beskou.

"Illicit intercourse", aldus artikel 115(1)(g) van die Kwazulu Wetboek, verwys dus na "onwettige geslagsomgang" met, onder andere 'n geskeide vrou of weduwee (wat nie in 'n ukungena-verbinding staan nie) en is die oortreder¹⁵⁴ strafregtelik aanspreeklik.

Die vraag is of dieselfde interpretasie aan die woord "illicit intercourse" soos dit gebruik word in artikel 98(2), gegee kan word? Hierdie vraag is¹⁵⁵ nog nie deur ons howe beantwoord nie, maar Olivier et al (1989) is van¹⁵⁶ mening dat so 'n interpretasie anomolië laat ontstaan.

7. VERLEIDING VAN OF ONWETTIGE GEMEENSAP MET 'N ONGETROUDE VROU

Artikel 98(3) het betrekking op die uitwissing van 'n vorderingsreg. Eerstens bepaal die artikel dat 'n eis om skadevergoeding vir die verleiding¹⁵⁷ (deflorering) van 'n ongetroude vrou (maagd)¹⁵⁸ met haar dood verval. In¹⁵⁹ Dlamini v Nkosi and another, 'n geval van verleiding met swangerskap, is beslis dat indien 'n eis ingestel is voor die dood van die ongetroude vrou,¹⁶⁰ kan dit tot sy einde voortgesit word.¹⁶¹ Olivier et al (1989) is van mening dat hierdie stelling die Swartreg korrek weergee, maar wys daarop dat in die lig van die uitdruklike bepaling in artikel 98(3), dit twyfelagtig is of die beslissing in die Dlamini-saak na seduksie-gevalle (deflorasie) uitgebrei kan word.

Tweedens bepaal artikel 98(3) dat 'n eis om skadevergoeding vir die

verleiding (deflorering) van 'n ongetroude vrou (maagd) met haar dood
verval, tensy haar dood te wyte is aan die bevalling wat op sodanige
verleiding volg. Daar is aangedui dat die hof ¹⁶² beslis het dat in 'n geval
van verleiding met swangerskap, 'n eis tot sy einde voorgesit word indien ¹⁶³
sodanige eis ingestel is voor die dood van die ongetroude vrou. Daar ¹⁶⁴
moet 'n direkte verband tussen die dood en die bevalling wees.

Laastens bepaal artikel 98(3) dat die eis om skadevergoeding vir die onwet-
tige ("illicit") gemeenskap met 'n ongetroude vrou met haar dood verval,
tensy haar dood te wyte is aan die bevalling wat op die onwettige gemeen-
skap volg. Die woord "onwettige ("illicit") gemeenskap" verwys blykbaar na ¹⁶⁵
'n misdryf gepleeg ingevolge artikel 115(1)(e) van die Kwazulu Wetboek.

Verleiding van 'n ongetroude vrou (en nie noodwendig 'n maagd nie) is 'n mis-
dryf ingevolge artikel 115(1)(e) van die Kwazulu Wetboek, en is ook 'n on-
regmatige daad, ¹⁶⁶ wat in die omstandighede gestel in artikel 98(3) tot die ¹⁶⁷
uitwissing van 'n vorderingsreg lei.

EVALUERING

Dit is korrek dat die term "seduksie" in die Zoeloereg en die gemenereg
inhoudelik verskil. ¹⁶⁸ Ek gaan akkoord met ons skrywers en howe dat
artikel 98(1) voorsiening vir twee onregmatige dade maak, naamlik (i) die
deflorasie van 'n maagd ten opsigte waarvan 'n nguthu-bees as skadevergoeding
betaalbaar is, en (ii) die swangermaking van 'n ongetroude vrou (hetsy 'n
maagd aldan nie) ten opsigte waarvan 'n mvimba-bees as skadevergoeding be-
taalbaar is. ¹⁶⁹

Alhoewel artikel 93(1) korrek in die praktyk toegepas word, behoort die beoordeling daarvan verbeter te word sodat duidelik tussen die twee onregmatige dade onderskei kan word.

Die voorbehoude tot artikel 93(1) lewer in die praktyk geen probleme nie.¹⁷⁰

Die onregmatige daad ingevolge artikel 93(2) is die swangermaking van 'n geskeide vrou of weduwee, en nie die "ongesoorloofde gemeenskap" nie. Die Engelse teks gebruik die term "illicit intercourse", en indien die korrekte uitleg van hierdie term "onwettige gemeenskap" is, is die gebruik van die woord "ongesoorloofde gemeenskap" onvanpas. Ingevolge artikel 115(1)(c) is onder andere die onwettige gemeenskap met enige vrou (wat 'n geskeide vrou en weduwee insluit) 'n misdryf en indien artikel 93(2) na hierdie "onwettige gemeenskap" verwys, is 'n primêr onregmatige handeling as 'n misdryf strafbaar, en kan dit ook tot 'n aksie om skadevergoeding aanleiding gee.¹⁷¹

Ek gaan verder akkoord met die menings van ons skrywers en hore.

AANBEVELINGS

Daar word aanbeveel dat die -
(i) beoordeling van artikel 90(1) verbeter word.¹⁷²

(ii) dit duidelik in artikel 93(2) gestel word dat die onregmatige daad¹⁷³ die swangermaking van 'n geskeide vrou of weduwee is.

Owerspel fundeer aksie vir skadevergoeding

99. Enige Swarte wat owerspel pleeg met 'n getroude vrou, is aanspreeklik vir betaling van skadevergoeding aan die eggenoot: Met dien verstande dat geen aksie vir skadevergoeding ontvanklik sal wees in die geval van oogluikende toelating deur die eggenoot of indien die vrou en haar man tydens die owerspel nie as man en vrou saamgeleef het nie.

Vrou en egsbreker kan gevoeg word in aksie vir egskeiding

100. Enige Swarte wat sy vrou met wie hy 'n gebruikelike huwelik aangegaan het, dagvaar vir egskeiding op grond van haar owerspel, kan, as die ander party in die owerspel bekend is, tegelykertyd en in dieselfde aksie skadevergoeding van sodanige party eis.

Artikels 99 en 100 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ENIGE SWARTE
2. OWERSPEL
3. OOGLUIKENDE TOELATING
4. NIE AS MAN EN VROU SAAMLEEF

1. ENIGE SWARTE

174

'n "Swarte" is bepaal. In sy teksverband verwys "enige Swarte" na 'n Swart persoon van die manlike geslag.

175

2. OWERSPEL

176

Olivier et al (1989) dui aan dat dit 'n algemene reël is dat geslagsgemeenskap met 'n getroude vrou deur iemand anders as die manlike deelgenoot in die gebruikelike huwelik, 'n onregmatige daad is wat aanleiding tot 'n aksie vir skadevergoeding gee.

177

Owerspel is nie 'n misdryf¹⁷⁸ nie, maar is wel 'n grond vir egskeiding ten opsigte van 'n gebruiklike huwelik.¹⁷⁹

Die manlike deelgenoot van die gebruiklike huwelik mag slegs 'n aksie vir skadevergoeding weens owerspel teen die verweerder instel mits 'n geldige gebruiklike huwelik tussen hom (die deelgenoot) en sy eggenote bestaan¹⁸⁰ het.

'n Eis vir skadevergoeding kan ingestel word vir elke daad van owerspel, maar normaalweg wanneer die eerste eis teen die verweerder ingestel word, het dit betrekking op al die daade van owerspel wat tot dan toe plaasgevind het. 'n Nuwe daad van owerspel na litis contestatio verskaf grond vir die¹⁸¹ volgende aksie.

Die voorverhoorprosedure,¹⁸² instel van 'n siviele aksie om skadevergoeding, bewyslas en die quantum van skadevergoeding is deur ons skrywers en howe¹⁸³ bepaal.

3. OONGLUIKENDE TOELATING

In die Swartreg is oogluikende toelating ("connivance") 'n erkende verweer¹⁸⁴ in owerspelaksies.¹⁸⁵ Bekker (1989) meld dat die doel van skadevergoeding is om die eggenoot te kompenseer en die owerspeler af te skrik, maar indien dit duidelik is dat dit nie as 'n afskrikmiddel dien nie sal geen skadevergoeding aan die eggenote toegelaat word nie, "for he cannot be permitted to gain by his wife's immorality".

4. NIE AS MAN EN VROU SAAMLEEF

Die tweede verweer waarvoor artikel 99 voorsiening maak, is dat die eiser en sy eggenote tydens die owerspel nie as man en vrou saamgeleef het nie.

Die woorde "nie as man en vrou saamleef" moet nie streng literêr uitgelê word nie. In Kanyile v Ndebele¹⁸⁶ is aangedui dat "It is clear, that the criterion is not the actual living apart, nor does the fact rest entirely on the action of one of the spouses only. There must be some acquiescence of the estrangement by the innocent spouse or some blame or negligence on his part which will disentitle him to sue".

Olivier et al (1989),¹⁸⁷ na 'n ontleding van die beslissings van ons howe, kom tot die gevolgtrekking dat die woorde dui op die bereiking van 'n toestand in die verhouding van die eggenoot en eggenote wat gewoonweg ooreenkomstig Zoeloereg sou kon lei tot 'n egskeiding van die gebruikelike huwelik, al is daar nog nie stappe gedoen om die egskeiding te bewerkstellig nie.¹⁸⁸

Dit staan 'n eggenoot vry om sy vrou se misstap te kondoneer, en dit affekteer nie sy reg van aksie teen die owerspeler nie.¹⁸⁹

EVALUERING

Die bepalinge van artikels 99 en 100 is duidelik. Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Ontvoering van kind, eggenote of voogdeling fundeer aksie vir skadevergoeding

101. Iedereen wat die eggenote, minderjarige kind of voogdeling van 'n ander oorhaal om haar familiewoning te verlaat sonder toestemming van haar eggenoot, vader of voog onderskeidelik, is aanspreeklik vir die betaling van skadevergoeding aan sodanige vrou se eggenoot, kind se vader of voogdeling se voog, na gelang van die geval: Met dien verstande dat geen aksie ontvanklik sal wees nie as die afwesigheid alleen in verband staan met die verlowingsbesoek van 'n meisie aan die familiewoning van 'n voorgenome eggenoot.

Artikel 101 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ONTVOER
2. OORHAAL OM FAMILIEWONING TE VERLAAT SONDER TOESTEMMING
3. AFWESIGHEID ALLEEN IN VERBAND STAAN MET DIE VERLOWINGSBESOEK

1. ONTVOER

Die Engelse teks van artikel 101 gebruik die woorde "Any person abducting the wife, minor child or ward of another", terwyl 'n vertaling van hierdie woorde nie in die Afrikaanse teks voorkom nie.

191

Die ontvoering van 'n ongetroude meisie is ook 'n misdryf.

"Ontvoering" is nie beperk tot sy gemeenregtelike betekenis nie, maar die gewone betekenis van die woord moet toegepas word. In Shabangu v Nkosi is 'n ongetroude meisie fisies en teen haar wil na die familiewoning van die ontvoerder geneem waar sy vir 15 dae aangehou was. Daar is beslis dat sy ontvoer was. In Goba v Kumalo is egter beslis dat om skuiling aan 'n verloofde te gee wie se vader poog om haar te oorreed om met

’n ander persoon ’n gebruikelike huwelik aan te gaan, nie ontvoering ingevolge artikel 101 is nie.

Olivier et al (1989)¹⁹⁶ is van mening dat die bona fide ukuthwala van ’n meisie nie kragtens artikel 101 ’n onregmatige daad is nie.

2. OORHAAL OM FAMILIEWONING TE VERLAAT SONDER TOESTEMMING

In Tshabalala v Xakaza¹⁹⁷ het ’n Swarte skriftelik ’n ongetroude meisie versoek om na hom te kom en geld vir haar vervoer beskikbaar gestel. Die hof het beslis dat sy oorgehaal is om haar familiewoning te verlaat sonder die toestemming van haar vader.

Indien ’n derde ’n eggenoot se gade wegneem van sy familiewoning sonder sy toestemming,¹⁹⁸ is die eggenoot se aangewese remedie ’n aksie om skadevergoeding ingevolge artikel 101 van die Kwazulu Wetboek.¹⁹⁹

Die persoon wat ’n reg het op die aksie vir skadevergoeding weens "ontvoering" of "die oorhaal om die familiewoning sonder toestemming te verlaat" is die eggenoot indien die betrokke persoon sy eggenote is, of die vader of voog indien die betrokke persoon ’n minderjarige of voogdeling is.²⁰⁰

3. AFWESIGHEID ALLEEN IN VERBAND STAAN MET DIE VERLOWINGSBESOEK

Geen aksie is ingevolge artikel 101 ontvanklik indien die afwesigheid alleen in verband staan met die verlowingsbesoek van ’n meisie aan die

familiewoning van h voorgename eggenoot.

In Moyana v Mooti is dit duidelik gestel dat waar h besoek h bona fide verlowingsbesoek is, is daar geen eis vir skadevergoeding nie.

EVALUERING

Dit is duidelik dat die Afrikaanse teks van artikel 101 nie volledig is nie, en dit behoort reggestel te word.

Die bepalinge van artikel 101 is verder duidelik en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en hore.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die KwaZulu Wetgewer die Afrikaanse teks van artikel 101 in ooreenstemming met die Engelse teks bring, dit wil sê tussen die eerste twee woorde "Iedereen" en "wat" die woorde "wat die eggenote, minderjarige kind of voogdeling van h ander ontvoer of", invoeg.

Vader, voog of familiehoof aanspreeklik vir onregmatige dade van minderjariges

101. (1) h Voog is aanspreeklik ten opsigte van die onregmatige dade deur sy voogdeling gepleeg terwyl sodanige voogdeling in dieselfde familiewoning woonagtig is.

(2) h Vader is aanspreeklik ten opsigte van die onregmatige dade gepleeg deur sy minderjarige kinders terwyl sodanige kinders in dieselfde familiewoning woonagtig is.

(3) h Familiehoof is aanspreeklik ten opsigte van die onregmatige dade gepleeg deur h minderjarige huisgenoot van

sy familiewoning terwyl sodanige huisgenoot in dieselfde familiewoning woonagtig is.

- (4) Regsgedinge wat ontstaan uit 'n onregmatige daad waarna in subartikel (1), (2) of (3) verwys word moet ingestel word teen sodanige minderjarige gesamentlik met sy voog, vader of die familiehoof, na gelang van die geval.

Artikel 102 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. VOOG - VOOGDELING
2. VADER - MINDERJARIGE KINDERS
3. FAMILIEHOOF - MINDERJARIGE HUISGENOOT VAN SY FAMILIEWONING
4. ONREGMATIGE DADE
5. DIESELFDE FAMILIEWONING WOONAGTIG IS

1. VOOG - VOOGDELING

Wie voogde is, ²⁰⁵ is in die Kwazulu Wetboek bepaal. Die Engelse teks van artikel 102(1) gebruik die woorde "minor ward", terwyl die Afrikaanse teks die woord "voogdeling" gebruik. Die korrekte woord in die Afrikaanse teks ²⁰⁶ behoort "minderjarige voogdeling" te wees.

²⁰⁷ 'n Voog is dus akseessoor aanspreeklik ²⁰⁸ vir die onregmatige daade ²⁰⁹ deur sy minderjarige voogdeling gepleeg terwyl sodanige voogdeling in dieselfde familiewoning woonagtig is.

2. VADER - MINDERJARIGE KINDERS

'n Vader is akseessoor aanspreeklik vir die onregmatige daade gepleeg deur sy minderjarige kinders terwyl sodanige kinders in dieselfde familiewoning

woonagtig is. (Minderjarige kinders is bepaal. ²¹⁰ Labuschagne en Visser
²¹¹ (1976) toon aan dat 'n vader nie aanspreeklik kan wees vir die
²¹² onregmatige daad van 'n kind wat doli incapax is nie.

3. FAMILIEHOOF - MINDERJARIGE HUISGENOOT VAN SY FAMILIEMONING

'n "Familiehoof," ²¹³ 'n "huisgenoot" ²¹⁴ en 'n "familieuning" ²¹⁵ is bepaal.

'n "Minderjarige huisgenoot" ²¹⁶ verwys na 'n huisgenoot wat nog nie
²¹⁷ meerderjarigheid bereik het nie.

4. ONREGMATIGE DAAD

'n Familiehoof, vader of voog is slegs aanspreeklik vir Zoeloesgewoonteregte-
 like delikte en vir dié delikte wat in Hoofstuk 12 van die KwaZulu Wetboek
²¹⁸ genoem word. In KwaZulu en Natal geld die aanspreeklikheid ook vir aan-
 banding gepleeg deur die minderjarige huisgenote, kinders en voogdelin-
²¹⁹ ge.

²²⁰ Labuschagne en Visser (1976) dui aan dat 'n familiehoof, vader of voog
 die autorities of noodwendig aanspreeklik is vir die onregmatige daad van
 minderjarige huisgenote, kinders of voogdelinge nie. Daar moet eers aan al
 die vereistes van artikel 132 voldoen word. Hul aksessore aanspreeklikheid
 geld slegs tot die persoon wat skade gely het. Die persoon wat skade gely
 het, het die keuse om hom aan te spreek of nie, en die delikpleger self kan
 nie eis dat die familiehoof, vader of voog die skadevergoeding moet betaal
²²¹ nie.

Geen aksessore aanspreeklikheid kan ontstaan as gevolg van misdade gepleeg
 222
 deur die minderjarige huisgenote, kinders of voogdelinge nie.

5. DIESELFDE FAMILIEWONING WOONAGTIG IS

Die aanspreeklikheidsgrondslag is dat die minderjarige huisgenoot, kind of
 voogdeling in "dieselfde familiewoning" as die familiehoof, vader of voog
 223
 "woonagtig" moet wees ten tyde van die pleging van die onregmatige daad.

'n Familiehoof, vader of voog is aksessor aanspreeklik indien die minderja-
 rige huisgenoot, kind of voogdeling in "dieselfde familiewoning woonagtig"
 224
 is.

225
 Die begrip "woonagtig" is reeds bepaal.

In artikels 102(1)(2) en (3) word in elke geval die woorde "in dieselfde
 familiewoning woonagtig is", gebruik en daar kan aanvaar word dat hierdie
 226
 woorde in elk van die sub-artikels dieselfde betekenis sal hê. Daar
 moet egter in gedagte gehou word dat 'n familiehoof meer as een
 227
 familiewoning kan hê. Voorheen is beslis dat 'n familiehoof aanspreeklik
 is indien die delikpleger woonagtig is in 'n familiewoning waarvan die
 betrokke familiehoof die eienaar is. Dit is nie relevant in watter
 228
 familiewoning die familiehoof self woonagtig is nie. Dit is twyfelagtig
 of ons howe, in lig van die bewoording van artikel 103(3), wat ooreenkom
 met dié vervat in artikels 102(1) en (2), bereid sal wees om 'n uitgebreide
 betekenis aan die woorde "in dieselfde familiewoning woonagtig is" te gee.

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissing van ons skrywers en howe. Zoeloeregtelik blyk dit egter gewens te wees dat 'n familiehoof aksessoor aanspreeklik behoort te wees vir die onregmatige daade van sy minderjarige huisgenote solank as wat laasgemelde minderjariges in 'n familiewoning woonagtig is waaroor die familiehoof beheersreg uitoefen.²²⁹

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die Kwazulu wetgewer 'n ondersoek instel na die implikasies van artikel 102(3), en indien bevind word dat 'n familiehoof aksessoor aanspreeklik gestel moet word vir die onregmatige daade van minderjarige huisgenote wat in 'n familiewoning woonagtig is wat onder die beheer van 'n familiehoof is, die nodige wysiging te reël.

Huisgenoot kan nie familiehoof vir skadevergoeding aanspreek nie

103. 'n Huisgenoot kan nie die familiehoof vir skadevergoeding weens 'n onregmatige daad van die familiehoof dagvaar nie, maar hy kan by die Kommissaris of Magistraat aansoek doen om bevry te word van die beheer van die familiehoof of kan aansoek doen om beskerming ten opsigte van sy persoonlike eiendom of om sodanige ander verligting as wat nodig mag wees.

Artikel 103 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. HUISGENOOT
2. FAMILIEHOOF
3. NIE VIR SKADEVERGOEDING WEENS 'n ONREGMATIGE DAAD DAGVAAR NIE
4. KAN BY MAGISTRAAT AANSOEK DOEN OM BEVRY TE WORD VAN DIE BEHEER VAN DIE

FAMILIEHOOF OF AANSOEK DOEN OM BESKERMING TEN OPSIGTE VAN SY
 PERSOONLIKE EIEDOM OF SODANIGE ANDER VERLIGTING AS WAT NODIG MAG WEES

1. HUISGENOOT

²³⁰
 h "Huisgenoot" is bepaal.

2. FAMILIEHOOF

²³¹
 h Familiehoof is bepaal.

3. NIE VIR SKADEVERGOEDING WEENS h ONREGMATIGE DAAD DAGVAAR NIE

²³²
 Aangesien h huisgenoot onderworpe is aan h familiehoof in familiesake,
²³³
 en h familiehoof h beheersreg oor die familiewoning uitoefen, veroorsaak
²³⁴
 hierdie groepsverbandopset die opvatting dat h huisgenoot nie h
²³⁵
 deliktuele aksie teen h familiehoof kan instel nie. Die huisgenoot
 "behoort" aan die familiehoof en kan hom nie vir skadevergoeding weens h
²³⁶
 onregmatige daad dagvaar nie.

4. KAN BY MAGISTRAAT AANSOEK DOEN OM BEVRY TE WORD VAN DIE BEHEER VAN DIE
 FAMILIEHOOF OF AANSOEK DOEN OM BESKERMING TEN OPSIGTE VAN SY
 PERSOONLIKE EIENDOM OF SODANIGE ANDER VERLIGTING AS WAT NODIG MAG WEES

Hierdie remedie is nie deur ons skrywers bespreek nie, en daar is geen
²³⁷
 gerapporteerde beslissings.

EVALUERING

Artikelkomponente 1 tot 3 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings²³⁸ en beslissings van ons skrywers en howe. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n verontregte wel ingevolge die gemenereg 'n familiehoof kan aanspreek vir onregmatige daade deur laasgenoemde teen die veronregte ge-²³⁹pleeg.

Daar is geen ander bepaling van die Kwazulu Wetboek wat betrekking het op die bevryding van 'n huisgenoot van die beheer van 'n familiehoof nie. Hierdie remedie gemeld in artikel 103 is klaarblyklik 'n administratiewe ondersoek wat deur 'n magistraat uitgevoer kan word nadat dit vasstaan dat²⁴⁰ die familiehoof 'n onregmatige daad teen 'n huisgenoot gepleeg het.

Die "beheersreg" van 'n familiehoof in familiesake en oor die familiewoning²⁴¹ is bespreek, en 'n "huisgenoot" is nie noodwendig 'n bloedverwant of onder²⁴²voogdy van die familiehoof nie. Die ondersoek waarna verwys word in artikels 19(3), 28, 29(1) en 30 van die Kwazulu Wetboek, is dus²⁴³ ontoepaslik. Mits die veronregte persoon onder die voogdy van die familiehoof is, is dit twyfelagtig of die remedie van "bevryding van die beheer van die familiehoof" toegestaan kan word, terwyl hy (die familiehoof)²⁴⁴ sy voogdyskap oor die voogdeling behou. Indien die huisgenoot 'n nie-verwant of getroude inwoner in die familiewoning is, sal 'n derglike aansoek die groepsverhouding in die familiewoning versteur, en bes²⁴⁵moontlik die veronregte noop om die familiewoning te verlaat.

My mening is dat 'n bevel waarvolgens 'n huisgenoot "bevry is van die beheer van die familiehoof", vaag is, en dat 'n magistraat duidelik sal moet aandui watter handeling nie deur die familiehoof ten opsigte van die huisgenoot verrig mag word nie.

Die remedie dat 'n huisgenoot by 'n magistraat aansoek kan doen om "beskerming ten opsigte van sy persoonlike eiendom", verwys ook na 'n administratiewe ondersoek deur die magistraat. Mits so 'n bevel uitgereik word, is dit nie duidelik wat die implikasies is indien die familiehoof dit
246
verontagsaam.

Die remedie van "sodanige ander verligting as wat nodig mag wees", is onduidelik en vaag. 'n Afsonderlike ondersoek word inderdaad geregverdig om aan die hand van Zoeloereg die implikasies en gevolge van die drie gemelde remedies na te gaan.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat 'n ondersoek ingestel word na die regsgevolge en implikasies van veral die remedies waarna verwys is in artikel 103, sowel of die behoud van die artikel in die Kwazulu Wetboek nodig is.

Onwettige of onregmatige dade deur kapteins, hoofmanne en ander Swart beamptes

104. As 'n kaptein se plaasvervanger of ander Swart beampte onwettige of onregmatige dade pleeg, stel hy hom bloot aan die betaling van skadevergoeding aan die veronregte persoon wat hom vir sodanige vergoeding in die hof van die Kommissaris of Magistraat met regsmag, maar nie in die hof van 'n kaptein nie, kan dagvaar.

Artikel 104 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. NIE IN DIE HOF VAN 'n KAPTEIN DAGVAAR

1. NIE IN DIE HOF VAN 'n KAPTEIN DAGVAAR

'n Hof van 'n kaptein kan 'n siviele saak waarin 'n hoofman, kaptein se plaasvervanger of ander Swart beamppte die eiser of verweerder is, verhoor. Artikel 104 is slegs van toepassing waar 'n kaptein of hoofman 'n onwettige of onregmatige daad in sy offisiële kapasiteit pleeg.

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

VERWYSINGS

1. Artikels 91 tot 104 van die Natalse Wetboek van Zoeloereg, afgekondig in Proklamasie No. R151 van 9 Oktober 1987, kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Van der Merwe en Oliver (1980)1; Van der Walt 2.
3. Vir verdere besonderhede sien Myburgh (1969) 145-7; Hammond-Tooke (1974) 146; Krige 223; Maree (1980) 27-31; Labuschagne en Visser (1975) 159-65 (1976) 142; Olivier et al (1989) 273; Bekker (1989) 342.
4. Sien spesifiek artikel 91 en in die algemeen Hoofstuk 12 van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Bekker (1989) 342.
5. Sien die bespreking van artikel 102 in hierdie hoofstuk. Sien ook Labuschagne en Visser (1975) 159-65 (1976) 140-7.
6. Bladsy 211.

7. Ingevolge artikel 98 van die Kwazulu Wetboek. Sien ook Phefo v Raikana 1942 NAC 16 (N&T).
8. Sien artikel 99 van die Kwazulu Wetboek.
9. Sien artikel 101 van die Kwazulu Wetboek.
10. Stafford en Franklin 211, wys egter daarop dat 'n aksie deur hulle ingevolge die gemenerereg, nie uitgesluit is nie.
11. Vergelyk Matibela v Keswa 1936 NAC 21 (N&T) 25; Mhlungu v Mhlungu 1965 BAC 39 (N-E).
12. Matibela v Keswa 1936 NAC 21 (N&T).
13. Mhlungu v Mhlungu 1965 BAC 39 (N-E).
14. Mamisi and another v Ngcobo 1960 NAC 7 (N-E).
15. Sien Sipongomana v Nkuku and others 1901 NHC 26; Mbata v Mbata 1937 NAC 75 (N&T); Nkwanazi v Vundhla 1938 NAC 86 (N&T); Mgadi v Magwaza 1945 NAC 87 (N&T); Dhlamini and Others v Ngubane 1948 NAC 14 (N&T); Nzuzu v Biyela and others 1951 NAC 319 (N&T); Ngcwabe v Myeza 1951 NAC 389 (N-E); Mvelase v Njokwe and others 1961 NAC 46 (N-E); Mbata and others v Kubeka 1964 BAC 103 (N-E); Mncube v Zulu and another 1966 BAC 31(N-E). Sien veral die bespreking in Mvelase v Njokwe and others 1961 NAC 46 (N-E). Vir 'n bespreking van die verskille tussen aanrandingsaksies ingestel kragtens Zoeloereg en die gemenerereg sien Olivier et al (1989) 382-6.
16. Ntshangase v Gwala 1940 NAC 13 (N&T).
17. Xulu and others v Sikakane 1964 BAC 111 (N-E).
18. Bladsye 378-80.
19. Mits 'n kompenserende boete nie teen die dader ooreenkomstig die Strafproseswet toegeken is nie.
20. Bladsye 145-6.
21. Sien ook Maree 23-27.
22. Ibid 24. Sien ook Zulu v Mtetwa 1954 NAC 198 (N-E).
23. In lig van die omskrywing van 'n onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg. Sien voetnota 1.
24. Maree 24-7 meld dat hierdie vereistes ook in Zoeloereg voorkom, maar dat daar 'n lakune in die regsliteratuur is, veral met betrekking tot die vereistes van opset (dolus en culpa) en kousaliteit. Sien ook Myburgh (1969) 147-7. Maree 26 is van mening dat 'n dader slegs aanspreeklik is indien daar "is a causal relationship between the con-

duct of the wrongdoer and the harm suffered by the plaintiff" en verder (33) "It would seem that the "direct or proximate consequences" principle as a test for causality is used in the Zulu law ...". Hierdie is 'n aangeleentheid wat inderdaad 'n afsonderlike ondersoek regverdig.

25. Artikels 91 tot 104.
26. Sien sake gemeld in voetnotas 12 to 17; Maree 29, 31; Bekker (1989) 342.
27. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
28. Vergelyk R v Hugo 1926 AD 268; Clan Transport Co. (Ltd) and others v Road Services Board and others 1956(4) SA 26 (SR); S v Robinson 1924(4) SA 438 RAD 441-2
29. Odendaal (1984).
30. Steyn (1981) 170-1.
31. 145-6. Sien ook bladsye 148-54.
32. Sien artikel 92 van die Kwazulu Wetboek.
33. Bladsy 345.
34. Bekker (1989) 345; Olivier et al (1989) 349; Stafford en Franklin 214; Maree 33; Mamisi and another v Ngcobo 1960 NAC 7 (N-E); Mvelase v Njokwe and two others 1961 NAC 46 (N-E).
35. Gegewens of eerskennis (laster) 'n ageerbare aksie in tradisionele Zoeloereg was, is onseker (Olivier et al (1989) 358-9 en Bekker (1989) 343) en dié aspek verdien 'n afsonderlike ondersoek.
36. Buite Kwazulu en Natal is daar geen probleem nie. Alle lasteraksies, uitgesonderd 'n aksie weens beweerde toordery, word ooreenkomstig die gemeenereg bereg. Sien Olivier et al (1989) 359-62, 373; Matsomatso v Mqubulu 1938 NAC 103 (N&T) 105; Mansa and another v Temba 1938 NAC 115 (N&T) 116; Mnyabli v Nyewe 1940 NAC 5 (C&O) 8; Mtolo v Poswa 1950 NAC 253 (5) 254; Nopanjwa v Mhlambiso 1954 NAC 98(S) 100.
37. Bladsy 363.
38. Dit beteken dus dat die gemeenregtelike definisie van laster van toepassing is, en dat die beginsels en verwele van dié regstelsel toegepas moet word. Vir 'n volledige bespreking van gemeenregtelike "laster" sien Van der Merwe en Olivier (1980) 394-446; McKerron 170-207; Burchell 34-288.
39. 1945 NAC 98 (N&T).
40. Artikel 132 van die Natalse Wetboek van 1932 kom ooreen met die bepalinge van artikel 93 van die Kwazulu Wetboek.

41. 1948 NAC 39 (N&T).
42. Sien ook Mkize v Conco 1953 NAC 226 (N-E) 228; Mkize v Blose 1964 BAC 64 (N-E).
43. Sien Mkize v Conco 1953 NAC 226 (N-E); Mkize v Mkize 1948 NAC 39 (N-E); Myeni v Mabuyakulu 1936 NAC 52 (N&T).
44. 1979 BAC 258 (N-E) 261.
45. Voorheen artikel 132(1) van die Natalse Wetboek van 1967.
46. Voorheen artikel 132(2) van die Natalse Wetboek van 1967.
47. Sien ook Labuschagne (1975) 33-4.
48. Die Engelse teks gebruik die woorde "Malicious statement alleging evil conduct on the part of any person".
49. "Malicious statement".
50. "Evil conduct".
51. Labuschagne (1975) 34.
52. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley 1977(3) SA 394 (A) 403; Burchell 166.
53. 1953 NAC 22 (N-E) 28.
54. Vergelyk Craig v Voortrekkerpers Bpk 1963(1) SA 149 (A) 156. Die woorde word gebesig "(in) ill will or spite towards the plaintiff or any direct or indirect or improper motive in the defendants mind at the time of publication, which is the sole or dominant motive for publishing the words complained of". Sien Burchell 250.
55. Bladsy 363.
56. 1948 NAC 39 (N-E).
57. Die gewraakte woorde was "she chases any women, a barren little thing".
58. 1953 NAC 226 (N-E).
59. Daar is beweer dat die eiser bokke gesteel het.
60. 1977 BAC 258 (N-E).
61. Daar is beslis dat die woorde "why are you calling me names, you wrotten little vagina", nie kwade gedrag toeskryf nie. Die meeste gevalle van bewerings waarby kwade gedrag aan 'n persoon toegeskryf is, verwys na beskuldigings van toordery. Sien Yoli v Sitendeni 1900 NHC 34; Mahele and another v Mqaikana 1903 NHC 13; Mkize v Mtshikwayo 1918

NHC 36; Miya v Nene 1921 NHC 56; Kafula v Tolinja 1921 NHC 56; Mtewa v Myeni 1922(1) NHC 24; Zungu v Zungu 1942 NAC 3 (N&T); Ngobese v Zuli 1939 NAC 71 (N&T); Mthembu and another v Zungu 1953 NAC 196 (N-E); Makhoba v Makhoba 1966 BAC 28 (N-E); Majola v Ngubane 1970 BAC 36 (N-E).

62. 1982 ACCC 210 (N-E).

63. Die beledigende woorde was dat eiser 'n "hond" is, en dat na sy moeder se geslagsdele verwys is.

64. 'n Beskuldiging dat 'n vrou 'n prostituut is (Pungula v Sitholi 1956 NAC 172 (N-E)), 'n persoon bloedskande pleeg (Nsele v Macube 1974 ACCC 386 (N-E)) 'n owerspeler (Nobusuku v Ngcobo 1917 NHC 177) of 'n homoseksueel is (Nyirenda v Ciliza) 1950 NAC 167 (N-E)), word beskou as woorde wat "kwade gedrag" toeskryf. Skeldtaal (Sibiya v Zondi 1930 NAC 57 (N&T); Mabaso v Mgunu 1941 NAC 45 (N&T)) of die gebruik van die woord towenaar in omstandighede wat eerder 'n bewondering aantoon (Majola v Mnyandu 1943 NAC 12 (N&T)), dui nie "kwade gedrag" aan nie.

65. Bladsy 363-4.

66. Bladsy 371-4.

67. Bladsy 33-4.

68. 1936 NAC 52 (N&T).

69. Blykbaar het die hof die gemeenregtelike verwere in gedagte gehad alhoewel gemeld word dat, "the code does not and cannot embrace all the juristic practices of the natives, ..." (Bladsy 53).

70. Tans artikel 93(2) van die Kwazulu Wetboek.

71. 1938 NAC 40 (N&T). Eiser is in hierdie saak van towerny beskuldig.

72. Vergelyk Twala v Nqogo and another 1968 BAC 10 (N-E).. Sien ook Labuschagne (1975) 34.

73. 1941 NAC 26 (N&T).

74. Ibid 27-8.

75. Vergelyk ook die eienaardige uitspraak van die addisionele lid wat meld dat die eerste voorbehoudbepaling "does not use the term in rixa and appears to contemplate a one-sided defamation and not a quarrel in which both sides have defamed each other".

76. 1950 NAC 167 (N-E).

77. Odendaal (1984).

78. Olivier et al (1989) 365; Majozi v Ngomane 1966 NAC 28 (N-E).

79. Sien Sibisi v Mtshali 1939 NAC 137 (N&T); Zungu v Zungu 1942 NAC 3 (N&T). Vergelyk ook Makhoba v Makhoba 1966 BAC 28 (N-E). 'n Kaptein handel buite die bestek van sy gesag indien hy byvoorbeeld 'n byeenkoms hou waarop bewerings van towerny aangehoor en bespreek word.
80. Sien Japa v Sindani and another 1934 NAC 29 (N&T).
81. 1956 NAC 172 (N-E).
82. Sien Majozi v Ngomane 1941 NAC 116 (N&T); Ndhlovu v Ndhlovu 1943 NAC 38 (N&T); Ngcobo and another v Mdhlalose 1949 NAC 68 (N-E); Nsele v Mncube 1974 ACCC 386 (N-E).
83. In Japa v Sindani and another 1934 NAC 29 (N&T) het 'n meisie byvoorbeeld aan haar kraalgenote en kraalhoof en aan eiser se kraalgenote kwaadwilliglik meegedeel dat eiser haar verlei en swanger gemaak het, terwyl sy geweet het dat die bewering onwaar is. In Gwala v Ishezi 1929 NAC 103 (N&T) is die privilegie ook misbruik toe die verweerder in 'n aanrandingsaak sy optrede probeer regverdig het deur valslik te beweer dat hy die eiser in owerspel betrap het.
84. 1934 NAC 29 (N&T) 32.
85. Vergelyk Miya v Nene 1947 NAC 3 (N&T) en paragraaf 2 op bladsy 386 van hierdie verhandeling.
86. Sien paragraaf 2 op bladsy 386 van hierdie verhandeling. Sien ook La-buschagne (1975) 35.
87. Sien Sosibo v Tshibase 1942 NAC 79 (N&T) 80; Mbata v Ntanzi 1945 NAC 98 (N&T); Miya v Miya and others 1947 NAC 108 (N&T); Makhoba v Makhoba 1966 BAC 28 (N-E) 30; Buthelezi v Magwaza 1970 BAC 33 (N-E) 35.
88. Dube v Tusi 1950 NAC 218 (N-E).
89. Sien egter ook Mosiea v Mosiea 1937 NAC 17 (N&T); Makhoba v Makhoba 1966 BAC 28 (N-E). Vergelyk met Mbambela v Sopihi 1918 NHC 94; Dhlamini v Gwela 1944 NAC 7 (N-T); Bhunge v Ngotshola 1971 BAC 100 (N-E).
90. Bladsy 363.
91. In die enkele gerapporteerde sake waarin die bepalinge van artikel 94 ter sprake gekom het, was die meisies op 'n lewenstadium waartydens hulle aan maagdelikheidsondersoeke onderworpe was. Sien Hawes v Ngcobo 1913 NHC 24; Mvubu v Chiliza 1972 BAC 66 (N-E); Biyela v Shamase 1977 BAC 258 (N-E).
92. Odendaal (1984).
93. 1977 BAC 258 (N-E) 262.

94. Shongwe v Mtetwa 1935 NAC 43 (&T).
95. Ngubane v Ntsipo 1937 NAC 22 (N&T).
96. 1977 BAC 258 (N-E).
97. 1972 BAC 66 (N-E).
98. In hierdie geval het 'n jong meisie haar aan 'n maagdelikheidsondersoek ingevolge stamgebruik onderwerp. Alhoewel die kapteinsvrou beweer het dat sy "n vrou en nie 'n maagd is nie", is bevind dat sy (die kapteinsvrou) sonder kwaadwilligheid ("malice") opgetreë het.
99. Vergelyk paragrawe 1, 2 en 3 op bladsye 385, 386 en 387 van hierdie verhandeling.
100. Nie in kapteinshowe nie.
101. Sien paragraaf 1 op bladsy 385 van hierdie verhandeling.
102. Ibid.
103. Sien paragraaf 2 en 3.2 op bladsye 386 en 388 van hierdie verhandeling.
104. Sien paragrawe 3, 3.1 en 3.2 op bladsye 387 tot 389 van hierdie verhandeling.
105. Sien paragraaf 5 op bladsy 390 van hierdie verhandeling.
106. Sien artikel 14.
107. Dit sal verhoed dat ons howe die volgende uitgangspunt neem, naamlik dat "(as) either system of law could have been applied he (the magistrate) should have exercised his discretion as to which system it would be fairest to apply until he had considered all the evidence led by the parties". (Mkize v Blose 1964 BAC 64 (N-E)).
108. Vir 'n volledige bespreking van eiendomsreg sien Van der Merwe (1979) 109-121.
109. In afwesigheid van die familiehoof van die familiewoning of waar sodanige bewaring en beheer aan 'n ander persoon toevertrou is.
110. Sien R v Fume 1940 OPD 213.
111. R v Binns and another 1961 (2) SA 104 (T).
112. "To hinder or prevent" (Welsh v Kirk 1931 EDC 134); "to direct and regulate" (S v Van Wyk and another 1962(1) SA 627 (N)).
113. Solomon v Babane 1917 NHC 19.
114. Sien artikel 95.

115. Solomon v Babane 1917 NAC 19.
116. Mlondo v Mlondo 1940 NAC 8 (N&T). In hierdie saak is beslis dat die leerstuk res ipsa loquitor van toepassing is.
117. Mahayi v Mhlongo 1942 NAC 58 (N&T).
118. 1940 NAC 8 (N&T).
119. Olivier et al (1989) 346; Shandu v Zwane 1965 BAC 64 (N-E); Cele v Ndokweni 1950 NAC 162 (N&T).
120. Artikels 2 en 4.
121. Artikel 12. Die eienaars van die grond en die vee kan onderling op 'n skadevergoedingsbedrag ooreenkom, of indien nie kan die kaptein of hoofman ingeroep word en sy beslissing met betrekking tot die bedrag is finaal.
122. Sien artikel 12(6) van die Kwazulu Skutwet.
123. Vir 'n volledige bespreking van "nalatigheid" sien Van der Merwe en Olivier 131-52.
124. Sien die bespreking van artikel 91 op bladsy 379 van hierdie verhandeling.
125. Ndhlovu and another v Hlongwa 1952 NAC 27 (N-E). Die hof dui aan dat daar 'n regsplig rus op 'n persoon wat 'n grasbrand beheer om omliggende familiehoofde daarvan te waarsku sodat hulle die nodige teenmaatreëls kan tref om hulle eiedom, indien nodig, te beskerm.
126. Bladsy 350.
127. Sien ook Bekker (1989) 346-7.
128. 1952 NAC 27 (N-E).
129. Artikel 98(1); Olivier et al (1989) 274; Dhlamini (1984-3) 19.
130. Bladsy 274. Daarmee word verwys na die onregmatige ontmaagding van 'n maagd of, anders gestel, die onregmatige geslagsomgang met 'n maagd. Sien ook Butelezi v Magubane 1964 BAC 56 (N-E).
131. Bladsy 13.
132. In die gemeenregtelike aksie weens seduksie is verleiding 'n vereiste.
133. 20.
134. 20-1.
135. Mbanjwa v Rex 1905 NHC 106; Mbgade v Zuma 1949 NAC 128 (N-E).

136. Labuschagne (1983)7; Mnyapa v Hlongwana 1933 NAC 26 (N&T); Mcunu v Gumede 1948 NAC 6 (N&T). Vergelyk met Hlongwa v Ncane 1939 NAC 68 (N&T).
137. Vir volledige besonderhede sien Olivier et al (1989) 275-86; Bekker (1989) 355-64; Dlamini (1984-3) 23-6; Labuschagne (1983) 7-19.
138. Sien paragrawe 1 en 2 in die bespreking van artikel 67 op bladsye 285 tot 287 van hierdie verhandeling.
139. Sien paragrawe 4 en 5 hierna op bladsye 399 en 400 van hierdie verhandeling.
140. Olivier et al (1989) 303.
141. Die Kwazulu Wetboek se voorgangers het die woorde "iedere en elke kind" gebruik.
142. Sien Ndhlovu v Siibisi 1950 NAC 234 (N-E).
143. Sien Olivier et al (1989) 303-6; Bekker (1989) 353-5.
144. Bladsy 305.
145. Ibid.
146. Sien Bekker (1989) 353; Dlamini (1984-3)25; Vergelyk ook Msweli v Hlekwayo 1941 NAC 119 (N&T).
147. Bladsy 305.
148. Die Kwazulu Wetboek van 1981 en die Natalse Wetboek van 1967 het verwys na "onwettige" gemeenskap met 'n geskeide vrou of weduwee as gevolg waarvan 'n kind gebore word. Vergelyk ook Shange v Mpofu 1942 NAC 29 (N&T).
149. "Illicit intercourse". Die Afrikaanse term voorheen gebruik, was "onwettige gemeenskap".
150. Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is deur die Staatspresident onderteken.
151. 1949 (4) SA 975 (N).
152. Sien artikel 115(3) van die Kwazulu Wetboek.
153. Tans gebruik artikel 98 (2) in die Afrikaanse teks die woorde "ongeoorloofde gemeenskap" en nie "onwettige gemeenskap" nie.
154. Vergelyk paragrawe 1.7.1 en 1.7.2 in die bespreking van artikel 115(1)(g) op bladsye 458 en 459 van hierdie verhandeling.
155. Bladsy 339.

156. Hulle verwys na die anomolië op bladsy 339.
157. Vergelyk artikel 98(1) van die Kwazulu Wetboek, en sien paragraaf 1 op bladsy 398 van hierdie verhandeling.
158. Olivier et al (1981) 267; Selepe v Selepe 1936 NAC 32 (N&T).
159. 1954 NAC 175 (N&T).
160. 'n Aanmelding van die swangerskap aan die verleider, tesame met 'n eis om skadevergoeding, kom neer op die instelling van 'n aksie in die Swartreg. Indien 'n saak eenmaal aanhangig gemaak is, kan 'n vader of voog nie sy verhaalreg weens seduksie verloor nie.
161. Bladsy 285-6.
162. Dlamini v Nkosi and another 1954 NAC 175 (N&T).
163. Sien voetnota 160.
164. Beje v Muziwake 1920 NHC 14; Ndhlovu v Sosibo 1937 NAC 102 (N&T); Ziqubu v Mtshali 1951 NAC 285 (N&T).
165. Vergelyk met R v M 1949 (4) SA 975 (N).
166. Ingevolge artikel 98(3).
167. Sien ook Olivier et al (1989) 339.
168. Vergelyk paragraaf 1 op bladsy 398 van hierdie verhandeling.
169. Sien paragraaf 3 op bladsy 399 van hierdie verhandeling.
170. Sien paragrawe 4 en 5 op bladsye 399 en 400 van hierdie verhandeling.
171. Sien paragrawe 6 en 7 op bladsye 400 en 401 van hierdie verhandeling.
172. Sien die evaluering van artikel 98(1) op bladsy 402 van hierdie verhandeling.
173. Ibid.
174. Sien bladsy 19 van hierdie verhandeling.
175. Vergelyk artikel 99. Sien ook Olivier et al (1989) 369-70.
176. Bladsy 308. Sien ook Bekker (1989) 364-5.
177. 'n Ukungena- en ukuvusa-vrou ingeslote (sien artikels 56 en 57 van die Kwazulu Wetboek). In die gemeenereg word "owerspel" omskryf as "die vrywillige geslagsverkeer tussen 'n getroude persoon en 'n ander persoon wat nie eersgenoemde se eggenoot of eggenote is nie". (Vergelyk van der Merwe en Olivier 463). Hierdie omskrywing is nie geheel en al van

toepassing op 'n gebruikelike huwelik nie.

178. Dit was 'n misdryf ingevolge artikel 162(d) van die Natalse Wetboek van 1967.
179. Sien artikel 48(1)(a).
180. Olivier et al (1989) 331, 333; Bekker (1989) 364; Xulu v Nene 1939 NAC 70 (N&T); Cili v Cili 1944 NAC 29 (N&T); Sien egter ook paragrafe 3 en 4 hieronder op bladsye 405 en 406 van hierdie verhandeling. Olivier et al (1989) 331 is van mening dat skadevergoeding slegs aan die manlike deelgenoot van die gebruikelike huwelik betaalbaar is. Sien ook Labuschagne (1986) 337-8.
181. Olivier et al (1989) 325-6; Bekker (1989) 364.
182. Die sogenaamde "taking action" wat die aanmelding van die aangeleentheid by die owerspeler se familiewoning en die eis van die gebruikelike skadevergoeding, behels.
183. Sien Olivier et al (1989) 311-18, 329, 334; Bekker (1989) 365-75; Stafford en Franklin 237-43; Ngobese v Zikali 1936 NAC 5 (N&T); Ndwandwe v Ndwandwe 1939 NAC 11 (N&T); Kumalo v Butelezi 1939 NAC 44 (N&T); Gates v Gates 1939 AD 150; Ndhlovu v Shongwe 1940 NAC 66 (N&T); Mntaka v Ngcobo 1941 NAC 29 (N&T); Xulu v Mcunu 1941 NAC 76 (N&T); Mtembu v Zulu 1944 NAC 47 (N&T); Mtumbe v Rapetso 1944 NAC 55 (N&T); Hlatshwayo v Hlongwane 1946 NAC 88 (N&T); Sibanyone v Maseko 1947 NAC 67 (N&T); Mkwanyana v Mkwanyana 1947 NAC 106 (N&T); Khati v Myende 1950 NAC 230 (N-E); Hlatshwayo v Msibi 1954 NAC 120 (N-E); Gumbi v Gumede 1959 NAC 20 (N-E); Khezwa v Hadebe 1965 BAC 9 (N-E); Nxumalo v Mbuyazi 1967 BAC 31 (N-E); Ngcawe v Tentu 1970 BAC 66 (N-E); Holita v Ntluta 1972 BAC 215 (N-E).
184. Bekker (1989) 375-6; Labuschagne (1986) 342. Vir voorbeelde van oogluikende toelating sien Mgwaba v Fleni 1948 NAC (C&O); Mafastela v Tou 1948 NAC 18 (C&O).
185. Bladsy 365. Sien in die algemeen Labuschagne (1986) 339-41.
186. 1945 NAC 28 (&T).
187. Bladsy 333.
188. Vir 'n volledige bespreking sien Olivier et al (1989) 331-4; Bekker (1989) 376; Ishezi v Mapanga 1933 NAC 35 (N&T); Sitole v Sitole 1936 NAC 39 (N&T); Mahaye v Mabaso 1951 NAC 280 (N-E); Mtiyane v Mate 1957 NAC 45 (N-E); Kheswa v Hadebe 1965 BAC 9 (N-E).
189. Ngcongco v Dikidiki 1913 (1) NHC 131.
190. Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is deur die Staatspresident onderteken.

191. Sien die bespreking van artikel 115(1)(f) op bladsy 457 van hierdie verhandeling.
192. Olivier et al (1989) 357-8.
193. 1941 NAC 118 (N&T).
194. Sien ook Njoko v Majola 1932 NAC 7 (N&T). Vergelyk met Ndhlovu v Sosibo 1937 NAC 102 (N&T).
195. 1951 NAC 345 (N-E).
196. Bladsy 358.
197. 1940 NAC 20 (N&T).
198. Vergelyk met Gumede v Makhathini 1978 ACCC 1 (N-E).
199. Sien ook Bekker (1989) 99.
200. Vergelyk met Nkala v Miya 1935 NAC 4 (N&T).
201. Sodanige besoek is ook ingevolge artikel 115(2), nie 'n misdryf nie.
202. 1914 NHC 54.
203. Sien paragraaf 1 op bladsy 407 van hierdie verhandeling.
204. Dieselfde oorsig is in artikel 101 van die Natalse Wetboek van 1987 te bespeur.
205. Sien artikels 27 tot 30 en 34. Vir 'n volledige bespreking van die aksessore aanspreeklikheid van 'n voog, vader en familiehoof sien Olivier et al (1989) 428-34; Bekker (1989) 82-90.
206. Die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek is deur die Staatspresident onderteken.
207. Sien Labuschagne en Visser (1976) 140-7.
208. Sien paragraaf 4 hieronder op bladsy 411 van hierdie verhandeling.
209. Sien paragraaf 5 hieronder op bladsy 412 van hierdie verhandeling.
210. Sien artikel 14 van die Kwazulu Wetboek.
211. Bladsy 146.
212. Hulle dui tereg aan dat die beslissing in Kaula v Mtimkulu 1938 NAC 68 (N&T) foutief is.
213. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.

214. Sien paragraaf 3 in die bespreking van artikel 12 op bladsy 103 van hierdie verhandeling.
215. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
216. Die Natalse Wetboek van 1967 het na "ongetroude kraalgenote" verwys.
217. Vergelyk artikel 14 van die Kwazulu Wetboek, en sien paragraaf 2 op bladsy 410 van hierdie verhandeling.
218. Lange and another v Kuzwayo 1958 NAC 63 (N-E); Labuschagne and Visser (1976) 146.
219. Langa and another and Kuzwayo 1958 NAC 63 (N-E); Sosiba and others v Maduna 1950 NAC 260 (N-E).
220. Bladsy 146.
221. Sien ook Ncampalala v Ncampalala 1954 NAC 115 (N-E). Dit blyk dat 'n familiehoof se aksessore aanspreeklikheid neerkom op solidêre aanspreeklikheid met die moontlikheid van 'n verhaalsreg teenoor die delikpleger. Sien ook Labuschagne en Visser (1976) 146, voetnota 92.
222. Zungu v Buthelezi 1939 NAC 30 (N&T) 31; Ntindile v Mtshitshimeze and another 1920 NHC 53; Kanyile v Kanyile 1931 NAC 40 (N&T).
223. Vergelyk Mhlongo v Dindi and another 1937 NAC 143 (N&T); Nkosi v Nyembe 1942 NAC 23 (N&T). Sien ook Labuschagne en Visser (1976) 144. Die grondslag blyk verband te hou met die beheeruitoefening van die familiehoof, vader of voog.
224. Sien Kuzwayo and others v Zwane 1948 NAC 11 (N&T).
225. Sien bladsy 24 van hierdie verhandeling.
226. Vergelyk Ngcobo and another v Manyati 1942 NAC 32 (N&T); Nzele and others v Mhlongo 1947 NAC 53 (N&T); Nkosi v Nyembe 1942 NAC 23 (N&T); Tusini and another v Ngubane 1948 NAC 17 (N&T).
227. Tusini and another v Ngubane 1948 NAC 17 (N&T).
228. Die ratio is dat 'n familiehoof nie sy aanspreeklikheid behoort vry te spring slegs omdat hy nie in dieselfde familiewoning as die delikpleger (minderjarige huisgenoot) woonagtig is nie. In Mabaso v Mtinkulu 1915 NHC 124 is obiter aangedui dat "it must be remembered that the inmates of a kraal are a source of wealth to the kraal head, and it is for this reason they are to be held largely responsible for the misdeeds of those under their control".
229. Vergelyk paragraaf 5 op bladsy 412 van hierdie verhandeling.
230. Sien bladsy 103 van hierdie verhandeling.

231. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
232. Sien die bespreking van artikel 12 op bladsye 102 tot 106 van hierdie verhandeling.
233. Sien die bespreking van artikel 20 op bladsye 142 tot 149 van hierdie verhandeling.
234. Vergelyk Myburgh (1969) 145-7.
235. Sien ook Bekker (1989) 87.
236. Die verweer van die familiehoof in Kanyile v Magubane 1941 NAC 43 (N&T).
237. Verskeie magistrate met lang ondervinding in die Swart gebiede van Natal en Kwazulu het my meegedeel dat derglike aansoeke nog nie voor hulle gedien het nie.
238. Vergelyk bladsy 114 van hierdie verhandeling.
239. Vergelyk Bekker (1989) 378.
240. Zoeloeregtelik kan 'n huisgenoot nie 'n familiehoof vir skadevergoeding weens 'n onregmatige daad van die familiehoof dagvaar nie (artikel 103).
241. Sien bladsy 102 tot 106 van hierdie verhandeling.
242. Sien bladsy 103 van hierdie verhandeling.
243. Dit wil sê, die huisgenoot teenoor wie die familiehoof 'n onregmatige daad gepleeg het.
244. Voogdy kan slegs in "bepaalde gevalle" van 'n wettige voog ontnem word. Sien artikel 28, 29 en 30 van die Kwazulu Wetboek. Die pleeg van 'n onregmatige daad deur 'n familiehoof hoef nie noodwendig op die "bepaalde gevalle" betrekking te hê nie.
245. Sien paragraaf 4 in die bespreking van artikel 12 op bladsye 104 tot 106 van hierdie verhandeling.
246. So 'n optrede is nie in die Kwazulu Wetboek gekriminaliseer nie, en die nie-nakoming van 'n administratiewe bevel is nie minagting van die bevel van 'n hof nie.
247. Vergelyk Stafford en Franklin 249.
248. Cele v Cele 1942 NAC 6 (N&T).

SIVIELE PROSEDURE EN DIVERSE BEPALINGS

Artikel 105 van die Kwazulu Wet boek reël spesifiek die regsmag en procedure van hof in Kwazulu wat Zoeloereg toepas, terwyl artikels 106 tot 114 na ander diverse bepalings van 'n privaatregtelike aard verwys.

In hierdie hoofstuk word die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlins bespreek.

Regsmag van hof wat Zoeloereg toepas.

105. (1) Die regsmag en procedure van enige hof in Kwazulu wat Zoeloereg toepas, is soos bepaal in die Hoofwet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.
- (2) Die bepalings van hierdie Wet word nie geag die werking van artikel 11(1) (sic), (2) en (3)(a) van die Hoofwet op enige wyse te raak of daarop inbreuk te maak nie.
- (3) Waar Zoeloereg toegepas word in enige sodanige saak waarna in artikel 11 van die Hoofwet verwys word, kan die hof kennis neem van 'n toepaslike Zoeloegebruik wat nie met die beginsels van openbare beleid of natuurlike geregtigheid strydig is nie hetsy sodanige gebruik in hierdie Wet omskryf en behandel is al dan nie: Met dien verstande dat waar sodanige gebruik aldus omskryf en behandel is, die bepalings van hierdie Wet deurslaggewend is.

Artikel 105 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. DIE REGSMAG EN PROSEDURE VAN ENIGE HOF IN KWAZULU WAT ZOELOEREG TOEPAS,
IS SOOS BEPAAL IN DIE HOOFWET EN DIE REGULASIES DAARKRAGTENS
UITGEVAARDIG
2. WERKING VAN ARTIKEL 11(1), (2) EN (3)(a) VAN DIE HOOFWET NIE GERAAK OF
OP INBREUK GEMAAK NIE
3. HOF KAN KENNIS NEEM VAN 'N TOEPASLIKE ZOELOEGEBRUIK WAT NIE MET DIE

BEGINSELS VAN OPENBARE BELEID OF NATUURLIKE GERECHTIGHEID STRYDIG IS NIE
HETSY SODANIGE GEBRUIK IN HIERDIE WET OMSKRYF EN BEHANDEL IS ALDAN NIE

1. DIE REGSMAG EN PROSEDURE VAN ENIG HOF IN KWAZULU WAT ZOELOEREG TOEPAS,
IS SOOS BEPAAL IN DIE HOOFWET EN DIE REGULASIES DAARKRAGTENS
UITGEVAARDIG

Die appèlvolgorde van howe in Kwazulu wat Zoeloereg in siviele- sowel as
2
strafsake toepas, is as volg:

Appèlafdeling van die Hooggeregshof
Provinsiale of Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof
Landdroshof
Howe van Kapteins en Hoofmanne

Die regsmag en prosedure van die Howe van kapteins en hoofmanne is
3
bespreek.

Die Wetgewende Vergadering van Kwazulu het die bevoegdheid om wette te
4
maak met betrekking tot die instelling en administrasie van en die beheer
5 6
oor laerhowe in Kwazulu.

Die "Hoofwet" is die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1977, en die enig-
ste regulasies daarkragtens uitgevaardig wat nog van krag is, is die Reëls
7
vir Siviele Howe van Kapteins en Hoofmanne.

2. WERKING VAN ARTIKEL 11(1), (2) EN 3(a) VAN DIE HOOFWET NIE GERAAK OF OP INBREUK GEMAAK NIE

Artikel 11(1) van die Hoofwet het erkenning verleen aan Swartreg as 'n regsisteem en die uitoefening van 'n judisiële diskresie in die toepassing daarvan. Hierdie artikel van die Hoofwet is geskrap.

Artikel 11(2) van die Hoofwet het beginsels bevat waarvolgens 'n hof 'n geskil moet besleg wanneer die eiser en die verweerder aan verskillende volkere behoort. Hierdie artikel is geskrap.

Artikel 11(3)(a) van die Hoofwet bepaal dat 'n Swart persoon se handelings- en verskyningsbevoegdheid dieselfde is as dié van 'n Blanke, onderworpe aan die voorbehoude dat (a) enige wetsbepaling wat sodanige bevoegdheid raak in ag geneem moet word; en (b) indien die bestaan of omvang van 'n (beweerde) reg wat 'n Swarte besit of van 'n (beweerde) verpligting wat op 'n Swarte rus, afhang van of gereël word deur Swartreg dan moet sodanige bevoegdheid ooreenkomstig die Swartreg vasgestel word.

Die bepalings van die Kwazulu Wetboek word geag nie die werking van artikels 11(1), (2) en 3(a) van die Hoofwet te affekteer of daarop inbreuk te maak nie.

3. HOF KAN KENNIS NEEM VAN 'n TOEPASLIKE ZOELOEGEBRUIK WAT NIE MET DIE
 BEGINSELS VAN OPENBARE BELEID OF NATUURLIKE GERECHTIGHEID STRYDIG IS
 NIE HETSY SODANIGE GEBRUIK IN HIERDIE WET OMSKRYF EN BEHANDEL IS ALDAN
 NIE

Olivier et al (1989)¹⁶ dui aan dat artikel 105(3) 'n hof in staat stel om
 Zoeloereg toe te pas waar 'n erkende gebruik gevolg word, alhoewel dit nie
 in die Wetboek self omskryf en behandel is nie. Indien die gebruik in die
 Kwazulu Wetboek omskryf en behandel is, is die bepaling van die Wetboek
 deurslaggewend.

Die sinsnede "beginsels van openbare beleid of natuurlike geregtigheid" is
 deur ons skrywers¹⁷ en howe¹⁸ bespreek.

EVALUERING

Die belang van artikel 105(1) is daarin geleë dat dit na die magtigende
 bepaling van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 verwys, waarvolgens
 die bevoegdheid aan kapteins of hoofmanne verleen kan word om straf- en si-
 vielregtelike sake te verhoor en te beslis.¹⁹ Die Swart Administrasie Wet
 38 van 1927, bepaal egter nie die regspraak en prosedure van Landdroshoe,
 wat wel Zoeloereg toepas, in Kwazulu nie. Derhalwe is ek van mening dat
 die sub-artikel slegs na die howe van kapteins en hoofmanne moet verwys.

Met betrekking tot artikel 105(2) van die Kwazulu Wetboek is gemeld dat
 artikels 11(1) en (2) van die Hoofwet geskrap is, en dat slegs artikel
 11(3)(a) behou is.²⁰ Tans verwys artikels 1(1) en 1(3) van die

Wysigingswet op Bewysleer 45 van 1988, na die geregtelike kennisname en toepassing van Swartreg. Dit is dus nodig dat artikel 105(2) van die Kwazulu Wetboek paslik gewysig moet word.

Die bepalings van artikel 105(3) is duidelik, en benodig geen verdere kommentaar nie.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die Kwazulu Wetgewer ondersoek instel om artikels 105(1) en (2) paslik te wysig.

Goeie Zoeloemaniere.

106. Goeie Zoeloemaniere en hul ontsag vir die owerheid vereis die nakoming van onderstaande reëls -

- (a) iedere Swarte behoort, sodra hy 'n hof betree of in die teenwoordigheid van 'n kaptein of meerdere amptenaar kom, of as hy homself onttrek, met die regterhand omhoog en blootshoof die senior amptenaar daar teenwoordig te salueer;
- (b) persone wat kieres of wapens in 'n hof inbring, of in die onmiddellike teenwoordigheid van kapteins of senior amptenare, word geag aan onweloweglike gedrag skuldig te wees en is weens minagting strafbaar;
- (c) ondergeskiktes moet altyd eerste salueer en die meerdere erken die saluut;
- (d) terwyl 'n regter, 'n meerdere regeringsamptenaar of kaptein besig is om te praat, mag niemand hom in die rede val nie, maar sodra hy klaar gepraat het, kan iemand by uitnodiging of vergunning kortliks 'n mening uitspreek omtrent enige punt onder bespreking. Geen sodanige mening mag uitgespreek of enige opmerking gemaak word nadat uitspraak finaal gegee is nie;
- (e) wanneer uitspraak gegee is, moet die partye die hof salueer en verlaat.

Artikel 106 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. GOEIE ZOELOEMANIERE

1. GOEIE ZOELOEMANIERE

21

Stafford en Franklin is van mening dat indien 'n Swart persoon enige van die bevele of opdragte in artikel 106 vervat, nie nakom nie, kan hy ingevolge artikel 117(1) strafregtelik vervolgt word.

Hierdie artikel is nie deur ons skrywers bespreek nie, en geen gerapporteerde beslissings is beskikbaar nie.

EVALUERING

'n Misdryf behoort duidelik omskryf te word, en die elemente daarvan moet
22
nie onduidelik en vaag wees nie.

In artikel 106(a) word die woord "behoort" gebruik, en dit is dus nie 'n gebiedende bepaling wat nagekom moet word nie.

Die bepaling van artikel 106(b) is oorbodig, aangesien 'n kapteinshof ingevolge artikel 8(1) die bevoegdheid het om minagting van die hof in
23
facie curiae en ex facie curiae te bereg. Die hof kan self bepaal wanneer sy waardigheid, eer, reputasie en gesag aangetas word.

Die bepalinge van artikels 106(c), (d) en (e) skep nie substantiewe misdrywe nie, en my mening is dat hierdie bepalinge onnodig is.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat artikel 106 geskrap word.

Swart vroue mag nie as eiendom of goedere behandel word nie.

107. (1) Swart vroue mag in geen geval as eiendom of goedere beskou of behandel word nie, ondanks enige vorderingsregte wat in verband mag staan met of ontstaan uit gebruikelike huwelike wat deur hulle aangegaan is.
- (2) Die blote uitduiding van 'n vrou of meisie as 'n bron waaruit, deur haar lobolo, 'n skuld of verpligting betaal of nagekom moet word, maak nie 'n kontrak wat op suiwer Zoeloereg en -gebruik gebaseer is, ongeldig nie, maar dit is nie op enige ander kontrak van toepassing nie.

Die bepalings van artikel 107 is duidelik, en benodig geen kommentaar
24
nie.

Lewering.

108. (1) Lewering geskied en moet geneem word by die plek van die party wat die goedere verkoop, verruil of moet lewer, tensy 'n spesiale andersluidende vereiste gestel word.
- (2) Konstruktiewe lewering word kragtens Zoeloereg erken.

Gesteelde goedere kan opgeëis word.

109. As eiendom gesteel en deur die dief aan 'n koper te goeder trou vir waarde gelewer is, het die regmatige eienaar die reg om sy eiendom van die besitter terug te vorder.

Enige verkoop is 'n verkoop vir kontant tensy anders ooreengekom.

110. (1) Die verkoop van beeste of goedere deur een Swarte aan 'n ander Swarte word geag vir kontant te wees tensy die partye tot die kontrak anders ooreen gekom het.
- (2) Waar daar teen kontant verkoop is, kan die verkoper, as die koper versuim om te betaal, te eniger tyd binne een maand vanaf die dag van lewering, die terugbesorging van die verkoopte eiendom eis van iemand anders as dan in besit daar-

van, afgesien van enige regte van sodanige persoon. Na een maand het die verkoper slegs die reg om vir die verkoopprys te dagvaar.

- (3) Die vermoede is dat as daar geen spesiale ooreenkoms tot die teendeel is nie, beeste of ander goed wat verkoop of verruil word, gewaarborg is om geen siekte onderlede te hê nie, en dat goedere wat verkoop of verruil word ook gewaarborg is om vry van enige onsigbare fout of gebrek te wees.

Artikels 108 tot 110 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. KONSTURKTIWE LEWERING

1. KONSTRUKTIEWE LEWERING

Die koop- sowel as die ruilooreenkoms is 'n erkende inheemsregtelike ooreenkoms.
25

Dit is nie noodwendig dat 'n koper onmiddellike oordrag van 'n gekoopte saak (byvoorbeeld, beeste of vee) hoef te neem nie. Die betrokke saak kan deur die verkoper, in aanwesigheid van getuies, aan die verkoper aangetoon of selfs noukeurig beskryf word, byvoorbeeld deur kleure, merke, ensovoorts. Met die aantoning of beskrywing is die koopkontrak finaal beklank, en vanaf dié moment is die koper geregtig op enige aandeel, maar dra hy ook die risiko van verlies deur vrekte of diefstal.
26

Hierdie is dus 'n geval van konstruktiewe lewering wat in die gemenerereg bekend staan as constitutum possessorum en traditio longu manu.
27

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Die ander bepalings van artikels 108 tot 110 is duidelik, en benodig geen kommentaar nie.

Aanteel van beeste of ander vee.

111. (1) By ontstentenis van 'n andersluidende ooreenkoms word 'n dragtige koei as een bees gereken.
- (2) Vorderings ten opsigte van aanteel-vee en ander vee word nie toegestaan nie, uitgesonderd in onderstaande gevalle -
 - (a) waar bewys word dat die verweerder ingestem het dat aanteel-vee toegestaan sou word of waar hy erken het dat hy verplig was om daarvan rekenskap te gee;
 - (b) waar beeste en ander vee in bewaring gegee of agtergelaat is, soos in gevalle van sisa;
 - (c) waar voogde die beeste of ander vee van hul voogdelinge vir hul eie doeleindes gebruik het;
 - (d) waar, na werklike of konstruktiewe lewering van teelbeeste of ander vee, hulle toegelaat is om by die verweerder te bly; in sodanige gevalle word vordering ten aansien van aanteel-vee wat ten tyde van die aksie leef, toegelaat.
- (3) By vorderings wat uit sien ontstaan, moet die persoon, aan wie die beeste gegee is ooreenkomstig sisa, op bevredigende wyse verantwoording doen van die oorspronklike getal asook van alle aanwas wanneer hy versoek word om dit te doen; vee wat dood is, mag nie verreken word nie, tensy hy bewys kan lewer dat hy die eienaar van die beeste kennis gegee het van die dood of andersins behoorlik daarvoor verantwoording gedoen het. Die persoon by wie sisa-beeste agtergelaat word, is slegs tot die gebruik daarvan geregtig. Dit is egter gebruikelik dat die eienaar van die beeste af en toe 'n bees uit die aanwas aan die ander party present gee, maar geen aksie kan ingevolge die wet vir lewering van sodanige bees ingestel word sonder bewys van 'n bepaalde ooreenkoms om sodanige present te gee nie.

Artikel 111 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. SISA-GEBRUIK

1. SISA-GEBRUIK

28

Die Kwazulu Wetboek omskryf "sisa" as 'n gebruik waarvolgens beeste of ander vee deur hul eienaar by iemand anders agtergelaat word met die verstandhouding dat sodanige persoon van hulle gebruik kan maak, maar dat die persoon wat hulle daar plaas, die eienaar bly en die aanteelvennig hom toeval".

29

Die siza-gebruik is volledig deur ons skrywers bespreek.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 111 is duidelik, en lewer in die praktyk geen probleme nie.

Lenings tussen Swartes is verhaalbaar en rente.

112. (1) Lenings tussen 'n Swarte en 'n ander Swarte is in enige bevoegde hof verhaalbaar.
- (2) Rente is onbekend in Zoeloereg en partye wat rente eis wat in verband met enige skuld of eis sou opgeloopt het moet 'n duidelike ooreenkoms vir die betaling daarvan bewys.
- (3) 'n Eis ten opsigte van rente mag in geen geval meer bedra as die hoofsom ten opsigte waarvan rente geëis word nie.
- (4) Wanneer die opbrengs van 'n geregtelike verkoping nie toereikend is om 'n vonnis skuld te vereffen nie, moet op die uitstaande saldo van sodanige skuld, totdat dit betaal is, rente teen die koers van elf persent per jaar bereken op 'n maandelikse basis betaal word.

Artikel 112 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. LENINGS
2. RENTE IS ONBEKEND IN ZOELOEREG

1. LENINGS

Leen-ooreenkomste met betrekking tot roerende goedere was bekend aan Zoeloereg en met geld as handelsmiddel word dit op dieselfde grondslag³⁰ as ander roerende goedere behandel. Daar is inderdaad met betrekking tot verbruikleen geen wesenlike verskil tussen Zoeloereg en die gemenerereg³¹ nie, met die voorbehoud egter dat in Zoeloereg rente nie beding mag word³² nie..

2. RENTE IS ONBEKEND IN ZOELOEREG

Die bedinging van rente is heeltemal vreemd aan Zoeloereg.³³ Rente moet beding word om afdwingbaar te wees, maar dit mag nie die hoofsom oorskry nie. By ontoereiktheid van eksekusie mag dit nie meer as 6 % op die balans van die skuld bedra nie.³⁴

In Goba v Mtswalo³⁵ is beslis dat indien 'n verweerder 'n eis om terugbetaling van 'n lening met rente betwis omdat rente in Zoeloereg onbekend is, mag hy nie daarna appelleer op grond daarvan dat die skuld verjaar het nie.³⁶

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en hore.

Insolvensiewette nie van toepassing op Swarte tensy hy 'n handelaar is.

113. (1) 'n Swarte kan nie gebruik maak nie van, of ooreenkomstig 'n insolvensiewet of regulasie ten nadele van vorderings teen hom deur enige ander Swarte behandel word nie, tensy hy 'n handelaar is soos omskryf by die Insolvensie Wet, 1936 (Wet 24 van 1936).
- (2) Behoudens andersluidende bepalings in die Hoofwet of in hierdie Wet, is verjaring in Zoeloereg onbekend, en geen vordering wat uit Zoeloereg ontstaan kan geraak word deur die werking van enige wet op die beperking of verjaring van aksie nie.

Artiekl 113 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. 'n SWARTE KAN NIE GEBRUIK MAAK VAN OF OOREENKOMSTIG 'n INSOLVENSIEWET OF REGULASIE TEN NADELE VAN VORDERINGS TEEN HOM BEHANDEL WORD NIE
2. VERJARING IN ZOELOEREG ONBEKEND

1. 'n SWARTE KAN NIE GEBRUIK MAAK VAN OF OOREENKOMSTIG 'n INSOLVENSIEWET OF REGULASIE TEN NADELE VAN VORDERINGS TEEN HOM BEHANDEL WORD NIE

Indien 'n vorderingsreg gebaseer op Zoeloereg teen 'n Swart persoon gevestig is, kan hy nie die vorderingsreg ontduik deur op die bepalings van die Insolvensiewet staat te maak nie. In Dhlamini v Nhlapo³⁷ is beslis dat in 'n handelstransaksie wat vreemd is aan Swartreg, 'n skuld wel deur insolvensie³⁸ gedelg word.

2. VERJARING IN ZOELOEREG ONBEKEND

39

Verjaring van 'n skuld en 'n vorderingsreg is aan Zoeloereg onbekend.

Versuim om 'n aksie in te stel kan egter die bewyslas oor die bestaan van 'n skuld bemoeilik. Bekker (1989)⁴⁰ dui aan dat as gevolg van versuim "the

probabilities in favour of the defendant's denial of the plaintiff's claim increase with the passage of time, so that a stage may be reached when it can reasonably be held that plaintiff's undue delay is fatal to his case".

Die eiser kan egter nie verbied word om sy aksie in te stel nie, maar sy onnodige versuim kan sy kredietwaardigheid affekteer.⁴¹

In Lequoa v Sipamla⁴² is duidelik tussen verjaring en versuim onderskei, watter onderskeid deur ons howe gehandhaaf word.⁴³

"Verjaring" word volledig deur ons skrywers bespreek.⁴⁴

EVALUERING

Die bepalings van artikel 113 is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Tradisionele wonings van Zoeloes.

114. Tradisionele wonings, algemeen bekend as hutte, en wat van dek-gras of van pale en klei gebou is, of wat as gevolg van hul konstruksie nie permanente strukture is nie, of wat sodanig gebou is dat dit maklik gesloop en verwyder kan word vir heroprigting elders, word geag roerende goedere te wees.

Artikel 114 word in die volgende artikelkomponent bespreek:

1. TRADISIONELE WONINGS (HUTTE) WORD GEAG ROERENDE GOEDERE TE WEES

1. TRADISIONELE WONINGS (HUTTE) WORD GEAG ROERENDE GOEDERE TE WEES

Statutêr skep artikel 114 'n weerlegbare vermoede dat tradisionele

wonings, algemeen bekend as hutte, in die volgende drie omstandighede as
 46
 roerende goedere geag word, naamlik, indien dit -

- (a) van dekgras of van pale en klei gebou is; of
- (b) as gevolg van hul konstruksie nie permanente strukture is nie; of
- (c) sodanig gebou is dat dit maklik gesloop en verwyder kan word vir heroprigting elders.

47

Bekker dui aan dat hutte wat as roerende goedere geag word blykbaar huiseiendom is. Dit is nie die eiendom van 'n kraalhoof nie, maar behoort
 48
 aan die persoon wat dit opgerig het indien hy 'n meerderjarige is.

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

VERWYSINGS

1. Artikels 105 tot 114 van die Natalse Wetboek kom basies met die bepalings van die Kwazulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Kommissarishowe is ingevolge artikel 1 van die Wet op die Afskaffing van Spesiale Howe vir Swartes No. 34 van 1986, afgeskaf.
3. Sien bladsye 41 tot 43 van hierdie verhandeling. Die Reëls vir Straf-howe van Kapteins en Hoofmanne is afgekondig in Kwazulu Goewermentsken-nisgewing 12 van 1979. Die Reëls vir Siviële Howe van Kapteins en Hoofmanne is vervat in Goewermentskennisgewing R2082 van 1967 (RSA).
4. Sien artikel 3, gelees met item 12 van Bylae 1, van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
5. Dit wil sê, Landdroshowe en Howe van Kapteins en Hoofmanne.
6. Die Kwazulu Wet op Magistraatshowe kom basies ooreen met die Wet op Landdroshowe No. 32 van 1944 (RSA). Sien die Kwazulu Wysigingswet op

Magistraatshoue No. 8 van 1982. Die Reëls vir Magistraatshoue is dieselfde wat van toepassing is op Landdroshoue in Suid-Afrika.

7. Sien voetnota 3.
8. Die Swart Administrasie Wet No. 38 van 1977.
9. Sien Olivier et al (1989) 610-11.
10. Dit is vervang deur artikel 54 A in die Wet op Landdroshoue No. 32 van 1944, watter artikel geskrap en vervang is deur artikel 1(1) van die Wysigingswet op Bewysleer No. 45 van 1988.
11. Swart Administrasie Wet No. 38 van 1927.
12. Olivier et al (1989) 635-6.
13. Deur artikel 2 van Wet No. 34 van 1986. Tans is dit beliggaam in artikel 1(3) van die Wysigingswet op Bewysleer No. 45 van 1988.
14. Hierdie artikel is steeds van krag. Sien Olivier et al (1989) 636-40 vir 'n volledige bespreking.
15. Vergelyk artikel 105(2) van die Kwazulu Wetboek.
16. Vergelyk bladsye 304, 337, 373 en 478. Sien ook Bekker (1989) 11, 12 en 41.
17. Vergelyk Olivier et al (1989) 630-4; Bekker (1989) 57-8; Stafford en Franklin 263-7.
18. Hurwitz v Taylor 1926 TPD 92; S v Mukwevho 1983(3) SA 498(V).
19. Artikels 12 en 20 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927.
20. Sien paragraaf 2 op bladsy 433 van hierdie verhandeling.
21. Bladsy 268.
22. Vergelyk Snyman (1984) 38-40, en sien R v Dumegweni 1961(2) SA 751 (A) 757.
23. Sien paragraaf 2.2 in die bespreking van artikel 8 op bladsy 70 van hierdie verhandeling.
24. 'n Meisie kan nie in 'n huwelik gedwing word nie. Sy het 'n keuse of sy 'n huwelik wil aangaan (Gidja v Yingwane 1944 NAC 4 (N&T); Zimande v Sibeko 1948 NAC 21 (S)). Ons howe doog ook nie enige handeling wat op 'n verhandeling van kinders of meisies neerkom nie (Ntombela v Estate Ntombela 1937 NAC 95 (N&T); Notane v Joseph 1937 NAC 12 (N&T); Mhlala v Mhlala 1938 NAC 112 (N&T); Masondo v Masondo 1938 NAC 182 (N&T)).

25. Vir 'n volledige bespreking sien Olivier et al (1989) 544-7; Stafford en Franklin 270-1.
26. Olivier et al (1989) 546; Bekker (1989) 332-3; Keswa v Mkize 1947 NAC 19 (N&T); Sien ook Zondwayo v Nyangani 1940 NAC 36 (C&O).
27. Cebekulu v Xulu 1949 NAC 100 (N-E).
28. Artikel 1.
29. Sien Olivier et al (1989) 567-76; Bekker (1989) 338-41; Stafford en Franklin 273-78; Davel en Labuschagne (1979) 277; (1980) 103.
30. Olivier et al (1989) 549; Bekker (1989) 333; Stafford en Franklin 278-9.
31. Bekker (1989) 332.
32. Artikel 112(2) van die Kwazulu Wetboek.
33. Warosi v Zotimba 1942 NAC 55 (C&O).
34. Olivier et al (1989) 549; Bekker (1989) 57, 333.
35. 1932 NAC 58 (N&T).
36. Sien artikel 113(2) van die Kwazulu Wetboek.
37. 1942 NAC 62 (N&T).
38. In hierdie geval was die verweerder 'n handelaar.
39. Olivier et al (1981) 562; Bekker (1989) 66.
40. Bladsy 66.
41. Mafuleka v Dinga 1945 NAC 54 (N&T); Mkize v Pungula 1946 NAC 11 (N&T); Cebekhulu v Cebekhulu 1947 NAC 78 (N&T); Ntlenzi v Nqunaza 1947 NAC 100 (N&T).
42. 1944 NAC 85 (C&O).
43. Vergelyk Mafuleka v Dinga 1945 NAC 54 (N&T); Mkize v Pungula 1946 NAC 11 (N&T); Nqobo v Nqobo 1946 NAC 14 (N&T); Ntlenzi v Nqunaza 1947 NAC 100 (N&T); Zungu v Mlungwana 1966 PAC 2 (N-E).
44. Sien Olivier et al (1989) 577-9; Bekker (1989) 65-8.
45. Het betrekking het oorlogbare vermoedens sien Tregoe v Goshale 1939 AD 16.
46. In tradisionele Zuluereg is lubbo ook as waarskynlike wondere beskou.

Makoba v Makoba 1945 NAC 29 (T&N).

47. Bladsy 73.

48. Makoba v Makoba 1945 NAC 29 (T&N); Sithole v Cebekulu & Others 1961 NAC 28 (N-E). Sien ook Bulakwana v Nkobonyeli 1932 NAC 43 (C&O).

MISDRYWE EN ALGEMENE STRAFBEPALINGS

Artikels 115 tot 120 van die Kwazulu Wetboek reguleer sekere misdrywe wat gerig is teen die openbare orde, gesag, fatsoenlikheid en sedelikheid, of wat voortspruit uit die regulasies aangaande gebruikelike huwelike en verwante verbintenisse, sowel as ander diverse misdrywe en aangeleenthede.

In hierdie hoofstuk word die regsimplikasies en -gevolge van hierdie statutêre reëlins bespreek.

Misdrywe teen die openbare orde, gesag, fatsoenlikheid, en sedelikheid.

115. (1) 'n Persoon wat -

- (a) valse gerugte versprei wat van sodanige aard is dat daardeur onrus of vrees veroorsaak of die Regering van Kwazulu en sy optrede daardeur geraak word; of
- (b) die gesag van 'n familiehoof trotseer, of 'n familiewoning binnegaan wanneer verlof om dit te doen geweier is, of in of naby 'n familiewoning bly nadat hy versoek is om dit te verlaat; of
- (c) tussen sonder en sonop gevind word dat hy in 'n familiewoning versteek is of daarin of in die onmiddellike omgewing daarvan bespied en nie behoorlik rekenskap van homself kan geen nie; of
- (d) assegaaië, byle, knopkieries of ander gevaarlike wapens na enige fees, dansparty of ander samekoms by hom dra, uitgesonderd 'n lid van die polisie en 'n persoon wat spesiaal daartoe gemagtig is; of
- (e) 'n ongetroude meisie verlei; of
- (f) 'n ongetroude meisie ontvoer; of
- (g) enige vrou uitlok om haar te onttrek aan die beheer of bewaring van haar vader, eggenoot of voogd, of wat onwettige gemeenskap met haar het of probeer hê; of
- (h) opsetlik skuilplek gee aan die vrou, dogter of voogdeling van 'n ander persoon sonder billike of redelike oorsaak,

nadat geëis is dat sy terugbesorg word, is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Geen vrywillige, bona-fide en tydelike besoek van 'n meisie aan die familiewoning van haar minnaar met die oog op verloofskap, is 'n misdryf deur sodanige minnaar nie.

(3) Gemeenskap wat op ukungena volg is nog owerspel nog onwettig.

Artikel 115 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. PERSOON

1.1.1 Valse gerugte versprei

1.1.2 Sodanige van aard is dat daardeur onrus of vrees veroorsaak word

1.1.3 Regering van Kwazulu en sy optrede daardeur geraak word

1.2.1 Gesag van familiehoof trotseer

1.2.2 'n Familiewoning binnegaan wanneer verlof om dit te doen geweier is

1.2.3 In of naby 'n familiewoning bly nadat hy versoek is om dit te verlaat

1.3.1 Tussen sonder en sonop gevind word dat hy in 'n familiewoning versteek is

1.3.2 Daarin of in die onmiddelike omgewing daarvan bespied is

1.3.3 Nie behoorlik rekenskap van homself kan gee nie

1.3.4 Assegaaie, byle, knopkieries of ander gevaarlike wapens by hom dra

1.4.1 Na enige fees, dansparty of ander samekoms

1.4.2 Uitgesonderd 'n lid van die polisie en 'n persoon wat spesiaal daartoe gemagtig is

1.5 'n Ongetroude meisie verlei

1.6 'n Ongetroude meisie ontvoer

1.7.1 Enige vrou uitlok om haar te onttrek aan die beheer of bewaring van haar vader, eggenoot of voog

1.7.2 Onwettige gemeenskap met haar het of probeer hê

1.8 Opsetlik skuilplek gee aan die vrou, dogter of voogdeling van 'n ander persoon, sonder billike of redelike oorsaak, nadat geëis is dat sy terugbesorg word

2. GEMEENSKAP WAT OP UKUNGENA VOLG, IS NÔG OWERSPEL NÔG ONWETTIG

1. PERSOON

'n "Persoon" in sy teksverband beteken "elke of alle" persone, ongeag hul-
le geslag. Alhoewel die Kwazulu Wetboek op burgers van Kwazulu van toepas-
sing is, sluit die woord 'n "persoon" in sy teksverband, ook in persone wat
nie noodwendig Kwazulu burgers is nie.

1.1.1 Valse gerugte versprei

Geen gerapporteerde beslissings wat spesifiek op 'n artikel 115(1)(a)
misdryf betrekking het, is beskikbaar nie.

Aangesien hierdie 'n statutêre misdryf is, volg dit dat ons hore sal vereis
dat mens rea 'n vereiste is.

Aan die sinsnede "valse gerugte versprei", moet sy gewone betekenis gegee
word. Die woord "vals" beteken "onwaar, onjuis, in stryd met die werk-
likheid, verkeerd, onbetroubaar, nie opreg nie." 'n "Gerug" is 'n "onse-
ker, onbevestigde berig, praatjie, storie", terwyl "versprei" beteken
"verder bekend maak, propageer".

1.1.2 Sodanig van aard is dat daardeur onrus of vrees veroorsaak word

Die valse (onware) gerugte wat versprei word, moet sodanig van aard wees dat daardeur onrus of vrees veroorsaak word. Daar is "onrus" as daar "spanning, angs, oproerigheid" in die gebied of deel van die gebied van die Regering van Kwazulu is.¹³ "Vrees" verwys na "angs, bekommernis,¹⁴ onrustigheid".

1.1.3 Regering van Kwazulu en sy optrede daardeur geraak word

Die Regering van Kwazulu is 'n regspersoon.¹⁵ Sy organe is die "Uitvoerende gesag",¹⁶ en sy ministers is met die nodige locus standi in iudicio be-¹⁷ bekleed.

Die magte, funksies en bevoegdhede van die Regering van Kwazulu is statutêr¹⁸ gereël.

EVALUERING

Alhoewel 'n artikel 115(1)(a) misdryf nog nie voor ons hore gedien het nie, blyk dit dat dié misdryf bestaan in 'n opsetlike en wederregtelike verspreiding van onware gerugte wat in aard onrus of vrees in die gebied van die Regering van Kwazulu veroorsaak, of die Kwazulu Regering en sy optrede, dit wil sê die Kwazulu regering as regspersoon en sy magte, funksies en bevoegdhede, raak.¹⁹

Valse gerugte kan mondelings of skriftelik versprei word, en onvat in die

reël onware en oneerlike aantygings. Dit staan enige persoon vry om
 21
 billike en regverdige kritiek te lewer, maar dit is wederregtelik om
 22
 valse gerugte van 'n besondere aard te versprei.

1.2.1 Gesag van familiehoof trotseer

23

'n "Familiehoof" is bepaal. Die woorde "gesag trotseer" beteken dat 'n
 persoon opsetlik die regmatige uitoefening van die gesag van 'n familiehoof
 24
 negeer of teenstaan.

1.2.2 'n Familiewoning binnegaan wanneer verlof om dit te doen geweier is

'n Persoon wat opsetlik en wederregtelik 'n familiewoning binnegaan wanneer
 25
 verlof om dit te doen geweier is, pleeg 'n misdryf. Die woord "binnegaan"
 26
 beteken dat die beskuldigde die familiewoning fisies moes betree het. 27

Die woord "geweier" beteken dat die reghebbende wat weier "is possessed of
 a state of mind flowing from or associated with, an election, decision or
 determination on his part not to assent to, or do, some particular
 28
 thing".

1.2.3 In of naby 'n familiewoning bly nadat hy versoek is om dit te verlaat

Die opsetlike, wederregtelike optrede van 'n persoon om in of naby 'n
 familiewoning te bly nadat hy versoek is om dit te verlaat, fundeer 'n
 29
 misdryf.

EVALUERING

h Artikel 115(1)(b) misdryf kan op drie wyses gepleeg word, dit wil sê wanneer h persoon -

- (a) die gesag van h familiehoof trotseer; of
- (b) h familiewoning binnegaan wanneer verlof om dit te doen geweier is; of
- (c) in of naby h familiewoning bly nadat hy versoek is om dit te verlaat.

Aan die hand van Zoeloereg en -gebruik sal bepaal moet word wanneer h persoon die gesag van h familiehoof trotseer.³⁰ Die persoon wat hierdie gesag trotseer, en dus die beskuldigde kan wees, sluit blykbaar ook die inwoners van h familiewoning in.

Met betrekking tot die ander twee wyses waarop h artikel 115(1)(b) misdryf gepleeg kan word, is dit nie duidelik of slegs die "familiehoof" die beskuldigde toegang tot die familiewoning moet weier, of hom moet versoek om dit te verlaat nie. Na my mening sal dit voldoende wees indien h bevoegde persoon³¹ toegang weier of die versoek rig dat die beskuldigde die familiewoning moet verlaat.

Ek gaan verder akkoord met die betekenis wat ons howe aan die woorde "binnegaan" en "weier" geheg het.³²

1.3.1 Tussen sonder en sonop gevind word dat hy in h familiewoning versteek is

³³
h "Familiewoning" is bepaal, maar die sinsnede "tussen sonder en sonop"

is nie omskryf nie.

34

In Goewermentskennisgewing No. 1738 van 8 November 1957, is tabelle afgekondig met betrekking tot die tye van sononder en sonop by verskillende plekke in Suid-Afrika, en die inhandiging daarvan is toelaatbare getuienis.

35

36

Die woord "versteek", beteken "wegkruip".

1.3.2 Daarin of in die onmiddellike omgewing daarvan bespied is

In die Engelse teks word die woorde "immediate vicinity" nie gebruik nie, maar wel die woorde "about the precincts".

Aangesien die Engelse teks van die Kwazulu Wetboek deur die Staatspresident onderteken is, is die betekenis van die woorde "about the precincts" van deurslaggewende betekenis. "About" beteken "somewhere near, near in degree", en "precinct" beteken "space enclosed by walls or other boundaries of a place or building; boundary". Dit beteken dus dat die beskuldigde naby die familiewoning moes gewees het.

37

38

39

1.3.3 Nie behoorlike rekenskap van homself kan gee nie

Die bewyslas is op die beskuldigde om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat hy goeie rede gehad het om tussen sononder en sonop in die familiewoning versteek te wees, of daarin of in die nabyheid daarvan bespied te word.

40

Indien die beskuldigde nie behoorlike rekenskap van homself kan gee nie, is sy optrede wederregtelik, met ander woorde daar is geen regverdigingsgronde ⁴¹ aanwesig nie.

EVALUERING

In Artikel 115(1)(c) misdryf word gepleeg wanneer 'n beskuldigde opsetlik en wederregtelik (nie behoorlike rekenskap van homself kan geen nie) tussen sonder en sonop gevind word dat hy in 'n familiewoning versteek is, of daarin of naby die familiewoning bespied is.

Alhoewel ek akkoord gaan met die menings en beslissings van ons skrywers en ⁴² howe, blyk dit dat die term "naby" 'n familiewoning 'n wye en vae uitdrukking is. Die fisiese distansie wat die wetgewer hier in gedagte het, kan verskil van geval tot geval, afhangende van die feitlike omstandighede van elke geval.

⁴³
Die Afrikaanse term "onmiddellike omgewing", blyk meer van pas te wees.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die woorde "onmiddellike omgewing" in artikel 115(1)(c) behoue bly, maar dat in die Engelse teks die woorde "within the immediate vicinity" die woorde "about the precincts" vervang.

1.4.1 Assegaaie, byle, knopkieries of ander gevaarlike wapens by hom dra

Bogenoemde artikelkomponent is duidelik, en 'n "gevaarlike wapen" is deur
 44
 ons howe bepaal.

1.4.2 Na enige fees, dansparty of ander samekoms

Artikel 115(1)(d) verbied op sigself nie die besit van enige wapens nie, maar hierdie artikel het slegs betrekking op die dra van die besondere wapens na enige fees, dansparty of samekoms. 'n "Samekoms", wat sinoniem is
 45
 met 'n "byeenkoms", is bepaal.

1.4.3 Uitgesonderd 'n lid van die polisie en 'n persoon wat spesiaal daartoe gemagtig is

Die dra van assegaaie, byle, knopkieries of ander gevaarlike wapens is nie wederregtelik ingevolge artikel 115(1)(d), indien die persoon 'n lid van die
 46
 polisie is, of spesiaal daartoe gemagtig is.

EVALUERING

Die bepalings van artikel 115(1)(d) is duidelik, en behoort nie probleme in die praktyk te lewer nie.

1.5 'n Ongehude meisie verlei

'n Artikel 115(1)(e) misdryf word gepleeg wanneer 'n beskuldigde opsetlik

(mens rea) 'n ongetroude meisie verlei.

Daar moet beweer en bewys word dat die beskuldigde geslagsverkeer met die meisie gehad het. Die ukumetsha-gebruik⁴⁹ is nie geslagsverkeer vir die doeleindes van hierdie misdryf nie.

Dit is duidelik dat die meisie ongetroud moet wees. Aanvanklik was ons⁵⁰ howe van mening dat sy 'n maagd moet wees, maar R v Sindane⁵¹ is maagdelikheid nie as 'n vereiste gestel nie.⁵²

Milton en Fuller (1971) is van mening dat die opsetsvereiste daarin geleë is dat die beskuldigde opsetlik geslagsverkeer met 'n vroulike persoon gewil, wetende dat sy ongetroud is.

EVALUERING

Ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

1.6 'n Ongetroude meisie ontvoer

'n Artikel 115(1)(f) misdryf word gepleeg wanneer 'n beskuldigde opsetlik⁵⁴ (mens rea) 'n ongetroude meisie ontvoer.

Die "ontvoering" ("abduksie") is nie tot sy gemeenregtelike betekenis beperk nie, en derhalwe is dit nie nodig dat die meisie onder 21 jaar moet wees nie.⁵⁵

h Voorvereiste vir "ontvoering", as h misdryf, is dat daar bewys moet word dat die beskuldigde die ongetroude meisie ontvoer het met die bedoeling om met haar h huwelik aan te gaan of geslagsgemeenskap te hê.⁵⁶

EVALUERING

Die beslissing in R v Dhladhla⁵⁷ is gebaseer op die Natalse Kode van 1932, toe h ongetroude meisie as h ewigdurende minderjarige beskou was. Die Kwa-⁵⁸zulu Wetboek reël tans dat vroulike persone meerderjarig word wanneer hulle, onder andere, die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik. Dit is dus twyfelagtig of ons hoë die beslissing van R v Dhladhla en S v Katelane⁵⁹ sal navolg.

Na my mening is die vereistes ten opsigte van die gemeenregtelike misdryf⁶⁰ "abduksie", geheel en al van toepassing.

1.7.1 Enige vrou uitlok om haar te onttrek aan die beheer of bewaring van haar vader, eggenoot of voog

Die woord "uitlok"⁶¹ omvat nie h dreigement van geweld of h blote versoek nie. Daar moet h mate van "oorhaal" of "oorreding" wees, waarvolgens h on-⁶²willigheid of weifeling aan die kant van die vrou oorkom word.

Verder blyk dit dat sy uit die beheer of bewaring van haar vader, eggenoot⁶³ of voog, onttrek moet word. Die onttrekking moet dus mala fide en teen die wil van die vader, eggenoot of voog wees.

1.7.2 Onwettige gemeenskap met haar het of probeer hê

h Poging tot onwettige gemeenskap is ook ingevolge artikel 115(1)(f) h
 misdryf.⁶⁴ Opset, waarvan dolus eventualis die minimum vorm is, is ook h
⁶⁵
 vereiste.

"Onwettige gemeenskap" is blykbaar gemeenskap wat "improper or irregular or
 not sanctioned by law, rule or custom" is.⁶⁶ Gemeenskap anders as tussen
 die deelgenote tot h gebruklike huwelik of h ukungena-verbinding,⁶⁷ is dus
⁶⁸
 onwettig.

⁶⁹
 Volgens Milton en Fuller (1971) word die misdryf gepleeg indien
 gemeenskap met h ongetroude vrou (in omstandighede wat nie verleiding
 ("seduksie") daarstel nie), of h geskeide vrou of h weduwee (behalwe in die
 geval van ukungena) plaasvind.

EVALUERING

Die artikel 115(1)(g) misdrywe is duidelik, en ek gaan akkoord met die
 menings en beslissings van ons skrywers en howe.

1.8 Opsetlik skuilplek gee aan die vrou, dogter of voogdeling van h ander persoon, sonder billike of redelike aansoek, nadat geëis is dat sy terug besorg word

Die wederregtelik is daarin geleë dat h persoon, nadat geëis is dat h vrou,
 dogter of voogdeling terugbesorg word aan die persoon wat regmatige beheer

en bewaring oor hulle het, opsetlik voortgaan om skuilplek aan hulle te
 70
 gee, sonder billike of redelike gronde.

71

Die woord "opsetlik" dui aan dat mens rea aanwesig moet wees.

EVALUERING

Alhoewel daar geen gerapporteerde beslissings met betrekking tot 'n artikel 115(1)(h) misdryf is nie, is die bepaling duidelik en behoort dit nie probleme in die praktyk te lewer nie.

3. GEMEENSAP WAT OP UKUNGENA VOLG IS NÖG OWERSPEL NÖG ONWETTIG

Gemeenskap tussen die twee deelgenote tot 'n ukungena verbinding, is nie
 72
 owerspel nie en is ook nie onwettig nie. Enige ander persoon, anders as die manlike deelgenoot, wat geslagsgemeenskap met die vroulike deelgenoot
 73
 beoefen, pleeg owerspel. Owerspel is nie 'n misdryf ingevolge die Kwazulu Wetboek nie.

EVALUERING

Die bepaling van artikel 115(3) is duidelik, en ek gaan akkoord met die menings en beslissings van ons skrywers en howe.

Misdrywe ingevolge die regulasies aangaande gebruiklike huwelike en verwante verbintenisse.

116. (1) 'n Familiehoof -

- (a) of voog van enige deelgenoot van 'n gebruiklike huwelik wat sodanige huwelik vier of die viering daarvan toelaat, uitgesonderd in die teenwoordigheid van 'n offisiële getuie, of wat sodanige huwelik vier of die viering daarvan toelaat nadat die offisiële getuie sodanige viering stopgesit of die opskorting daarvan gelas het; of
- (b) of ander persoon wat enige meisie of vrou tot die aangaan van 'n huwelik of verwante verbintenisse teen haar wil dwing of poog om te dwing, is skuldig aan 'n misdryf.

- (2) Enige wangedrag of pligsversuim deur 'n offisiële getuie, wat 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet uitmaak, is 'n misdryf en sodanige offisiële getuie kan, benewens enige ander straf wat hom opgelê kan word, deur die Kommissaris of magistraat summier uit sy pos ontslaan word.

Die bepalinge van artikel 116 is duidelik, en benodig geen kommentaar

74

nie.

Diverse misdrywe.

- 117. (1) Enige Swarte wat enige plig, verpligting, bevel of verbod hom deur hierdie Wet opgelê verontagsaam of in gebreke bly om dit na te kom, is skuldig aan 'n misdryf.

- (2) Iedereen wie se natuurlike plig dit is om iemand anders behoorlik van lewensbehoeftes te voorsien en wat versuim of nalaat om sodanige lewensbehoeftes te verskaf, is skuldig aan 'n misdryf.

- (a) Enige Swarte wat 'n assegaai, degenstok (intshumentshu), strydbyl, stok met yster beslaan, staf of skerppuntige stok (ubhoko) of enige ander gevaarlike wapen by hom dra, is, tensy hy besig is met die uitvoering van die een of ander openbare plig of 'n lid is van die polisie, of deur 'n Kommissaris of Magistraat skriftelik daartoe gemagtig is, of op jag of bona fide-nagreis buitekant 'n dorpsgebied is of, ingeval hy 'n staf of 'n skerppuntige stok (ubhoko) dra, 'n bejaarde of swak persoon is wat sodanige staf of stok bona fide gebruik om hom te steun wanneer hy loop, skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding, benewens enige ander straf waaraan hy blootgestel is, kan die hof die wapen of wapens

konfiskeer.

- (b) Die skriftelike magtiging van 'n Kommissaris of Magistraat kan vir die toepassing van subartikel (3)(a) toegestaan word ten opsigte van 'n besondere streek of vir die hele Kwazulu, of kan tot 'n gespesifiseerde tydperk of 'n besondere diens, plig of werk beperk word.
- (4) (a) 'n Familiehoof moet onmiddellik die voorval van enige ernstige misdaad of die dood van enige persoon onder verdagte omstandighede by of naby sy familiewoning, aangee by sy kaptein of hoofman of, as dié deel van die stam waartoe hy behoort onder die toesig van 'n kaptein se plaasvervanger is, by daardie plaasvervanger, tensy dit vir hom geriefliker of gouer is om dit regstreeks by sy kaptein aan te gee, wat hy moet doen as dit die geval is, en die ontvanger van enige sodanige verslag, as dit 'n kaptein, hoofman of 'n kaptein se plaasvervanger is, moet dit sonder versuim aan die Kommissaris of Magistraat of naaste polisiebeampte deurstuur: Met dien verstande dat as die ontvanger 'n kaptein se plaasvervanger is wat nie toesig oor 'n afgesonderde deel van 'n stam hou nie en wat nie kragtens artikel 12 van die Hoofwet gemagtig is om siviele gedinge wat voortspruit uit Zoeloereg en -gebruik te verhoor en te beslis nie, hy die verslag by sy kaptein en, op las van laasgenoemde, by die Kommissaris of Magistraat moet aangee.
- (b) 'n Familiehoof, kaptein, hoofman of kaptein se plaasvervanger wat nalaat of in gebreke bly om aan die bepalinge van subartikel (4)(a) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf.
- (5) Enige Swarte wat weet van, of goeie rede het om die bestaan van 'n aansteeklike of besmetlike siekte onder beeste of ander vee onder sy toesig te vermoed en versuim om sy bure en ander belanghebbendes behoorlik te waarsku teen sodanige siekte of wat, na hy siek beeste of ander vee gekoop of verkry het, hulle in of deur enige lokasie of ander plek aanja wat deur ander gebruik word vir die weiding van vee is, afgesien van sy siviele aanspreeklikheid vir enige skade of verlies aldus veroorsaak, skuldig aan 'n misdryf.

Artikel 117 word in die volgende artikelkomponente bespreek:

1. ENIGE PLIG, VERPLIGTING, BEVEL OF VERBOD DEUR HIERDIE WET OPGELE
VERONTAGSAAM OF IN GEBREKE BLY OM DIT NA TE KOM
2. NATUURLIKE PLIG OM IEMAND ANDERS VAN LEWENSBEHOEFTE TE VOORSIEN

1. ENIGE PLIG, VERPLIGTING, BEVEL OF VERBOD DEUR HIERDIE WET OPGELE VERONTAGSAAM OF IN GEBREKE BLY OM DIT NA TE KOM

Die belangrikheid van artikel 117(1) is daarin geleë dat "it brings within the criminal sanction any of the duties, etc. referred to in the other parts of the code, and which, but for section 167,⁷⁵ would not be offences".⁷⁶

Die plig, verpligting, bevel of verbod deur die Kwazulu Wetboek opgelê,⁷⁷ moet regsgeldig wees, anders word geen misdryf daargestel nie.

⁷⁸
Snyman (1984) stel dit duidelik dat daar vasgestel moet word of die tipe gedrag waarvan die beskuldigde aangekla word deur die reg as 'n misdaad erken word. Onderzoek moet ingestel word of dit nie eerder tot sivielregtelike aanspreeklikheid of administratiewe optredes aanleiding gee nie.⁷⁹

⁸⁰
'n Wetgewer behoort 'n misdryf duidelik te omskryf. Alhoewel die beginsel is dat 'n hof nie 'n vae wet ongeldig kan verklaar nie, volg dit in derglike gevalle eerder 'n interpretasie wat in die guns van die beskuldigde is.⁸¹

2. NATUURLIKE PLIG OM IEMAND ANDERS VAN LEWENSBEHOEFTE TE VOORSIEN

Dit is die natuurlike plig van 'n vader om sy eggenotes en kinders van lewensbehoeftes te voorsien.⁸² Die plig om 'n onegte kind in 'n familiewoning van lewensbehoeftes te voorsien rus op die familiehoof, en nie die natuurlike vader van die kind nie.⁸³

EVALUERING

Die bepalings van artikel 117(1) is breed gestel. Ek is van mening dat die wetgewer 'n misdryf duidelik moet omskryf, sodat dit vir ieder en elk duidelik is watter handeling onregmatig is. Daar behoort van breë en vae algemene misdryfskeppende bepalings weggedoen word, en die wetgewer behoort hom te besin en duidelik te bepaal watter spesifieke commissios en omissios misdrywe daarstel.

Die misdryf in artikel 117(2) geskep, word ten dele deur die Kinderwet⁸⁴ beheer.⁸⁵ Ander wetgewing⁸⁶ plaas ook 'n verpligting op 'n natuurlike vader om sy kinders⁸⁷ te onderhou, en 'n eggenote kan by 'n hof om 'n onderhoudsbevel aansoek doen indien haar eggenoot haar nie van lewensmiddele voorsien nie.⁸⁸ Dit is twyfelagtig of die bepalings van artikel 117(2) huidiglik nodig is, aangesien ander bestaande wetgewing⁸⁹ effektiewer is om 'n vader te verplig om sy onderhoudsplig na te kom.

Die ander bepalings van artikel 117 is duidelik, en benodig geen kommentaar.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die bepalings van artikels 117(1) en (2) geskrap word.

Algemene strafbepaling.

118. By ontstentenis van 'n spesifieke strafbepaling vir enige misdryf in-

gevolge hierdie Wet, kan die hof wat enige persoon skuldig bevind aan sodanige misdryf hom 'n boete van hoogstens tweehonderd rand oplê of hom, by wanbetaling, tot gevangenisstraf van hoogstens ses maande veroordeel.

Artikel 118 is duidelik, en benodig geen kommentaar.

Herroeping van wette.

119. Die Wette in die Bylae vermeld word hierby herroep in die uiteengesit in die derde kolom van die Bylae.

Kort titel.

120. Hierdie Wet heet die Kwazulu-Wet op die Wetboek van Zoeloereg, 1985.

90

Die wette in die Bylae herroep, is as volg:

WETTE HERROEP

NOMMER EN JAAR VAN WET	TITEL VAN WET	IN HOEVERRE HERROEP
Wet 38 van 1927	Die Swart Administrasiewet	Artikel 11(3)(b), 22(6), en 22 ter
Wet 15 van 1979	Kwazulu Algemene Regswysigingswet	Artikel 2
Wet 61 van 1981	Kwazulu-Wet op die Wetboek van Zoeloereg	Die geheel
Wet 17 van 1983	Kwazulu Wysigingswet op die Wetboek van Zoeloereg	Die geheel
Wet 13 van 1984	Kwazulu Wysigingswet op die Wetboek van Zoeloereg	Die geheel
Proklamasie R. 195 van 1967	Wetboek van Zoeloereg	Die geheel behalwe Hoofstuk 2
Goewermentskennisgewing R. 34 van 1966	Regulasies vir die Bereddering en Verdeling van boedels van oorlede Swartes	Regulasies 2(c) (d) en (e)

VERLYSINGS

1. Artikels 115 tot 118 van die Natalse Wetboek kom basies met die bepalings van die Kwasulu Wetboek wat in hierdie hoofstuk bespreek word, ooreen.
2. Vergelyk R v Hugo 1926 AD 268; Clan Transport Co (Ltd) and others v Road Services Board and others 1956(4) SA 26 (SR); S v Robinson 1975(4) SA 438 (RAD) 441-2.
3. Odendaal (1984).
4. Church (1983) 100 voetnota 4.
5. Vergelyk sake in voetnota 2 vermeld. Die misdrywe word dus nie slegs deur Kwasulu burgers gepleeg nie.
6. Hierdie misdryf word ook nie deur ons skrywers bespreek nie.
7. Sien R v Solmonson 1960(4) SA 746 (T) 751; S v Gampel Brothers and Barnett (Pty) Ltd 1978(3) SA 772 (A).
8. Die Engelse teks gebruik die woorde "spreads any false report".
9. Vergelyk Strauss v Strauss 1971(1) SA 585(0) 586.
10. Odendaal (1984).
11. Ibid.
12. Ibid.
13. Odendaal (1984). Sien ook paragraaf 1.2.3 hierna op bladsy 452.
14. Odendaal (1984).
15. Sien artikel 23 van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971; Vergelyk ook Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika v Santam Versekeringsmaatskappy Bpk 1964(1) SA 546 (II).
16. Sien artikel 29 van die Grondwet van die Nasionale State No. 21 van 1971.
17. Vergelyk Government of the Republic of South Africa v Ntsuenyane 1963(2) SA 484 (T).
18. Sien die Eerste bylae van die Grondwet van Nasionale State No. 21 van 1971.
19. Vergelyk paragrawe 1.2.1, 1.2.2 en 1.2.3 op bladsy 452 van hierdie verhandeling.

20. Vergelyk R v Torch Printing and Publishing Co Ltd 1956(1) SA 815(C); In re Phelan (1877) SAR 5; In re Dormer (1881) 4 SAR 64.
21. Met betrekking tot hierdie reg sien In re Phelan (1877) SAR 5.
22. Die besondere aard van die valse gerugte is bespreek in paragraaf 1.1.2 op bladsy 451 van hierdie verhandeling.
23. Sien bladsy 102 van hierdie verhandeling.
24. Artikel 24 verwys onder andere, na die arrestasie bevoegdheid van 'n familiehoof. Sien bladsy 153 van hierdie verhandeling. Daar is nie gerapporteerde beslissings wat verwys na die trotsering van die gesag van 'n familiehoof nie. Hierdie aspek sal aan die hand van Zoeloereg en -gebruik bepaal moet word.
25. Artikel 115(1)(b).
26. 'n "Familiewoning" is bepaal. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
27. Sien R v Kumalo 1944 NPD 197.
28. R v Karrim 1951(4) SA 385 NPD.
29. Ingevolge artikel 115(1)(b). Die Engelse teks is onvolledig gepubliseer. Vergelyk met artikel 115(1)(b) van die Engelse teks van die Natalse Wetboek.
30. Sien voetnota 24 hierbo.
31. Byvoorbeeld 'n persoon wat op gesag van die familiehoof optree, of in die afwesigheid van die familiehoof, sy eggenote(s).
32. Sien paragraaf 1.2.2 op bladsy 452 van hierdie verhandeling.
33. Sien bladsy 73 van hierdie verhandeling.
34. Afgekondig ingevolge artikel 229 van die Strafproseswet No. 51 van 1977.
35. Sien artikel 224 van die Strafproseswet No. 51 van 1977; S v Mphara 1981(2) SA 464 (NC).
36. S v Oosthuizen 1962(4) SA 260 (T). Die woord "conceal" in die Engelse teks, beteken "hiding away".
37. Sien artikel 35 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika No. 110 van 1983.
38. Sykes (1983).
39. Ibid.

40. Vergelyk Ex parte Minister of Justice: In re R v Bolon 1941 AD 345.
41. Snyman (1984).
42. Die Engelse teks gebruik die woord "about". Sien paragraaf 1.3.2 op bladsy 454 van hierdie verhandeling.
43. Vir die betekenis hiervan sien S v Majola 1975 2 SA 727 (A) 731-2.
44. Vergelyk onder meer S v Zamesa 1972(4) SA 263 (C); S v Dyadyana 1976(4) SA 640 (TK); S v Mnguni 1977(3) SA 63 (N); S v Mkhwazi 1976(1) SA 47 (N).
45. Sien paragraaf 4.2.1 in die bespreking van artikel 7 op bladsy 54 van hierdie verhandeling.
46. Sien artikel 117(3) van die Kwazulu Wetboek.
47. Milton en Fuller (1971) 361.
48. Van die manlike geslag.
49. Wat nie werklike penetrasie meebring nie.
50. Vergelyk Olivier et al (1981) 270-1. R v Mbanjwa 1905 NHC 106; R v Ndozi 1909 NHC 5.
51. 1948(2) SA 464(N).
52. Ons gemenereg stel maagdelikheid nie as 'n vereiste nie.
53. Bladsy 362.
54. Hunt (1970) 550.
55. S v Katelane 1973(2) SA 230 (N); R v Dhladhla 1945 NPD 384. In laasgemelde saak is gemeld "but otherwise the word abduction seems to bear the same meaning as at common law". Vir 'n bespreking van gemeenregtelike "abduksie", sien Hunt (1970) 541-9.
56. Rex v Mhlongo and others 1942 NPD 134.
57. 1945 NPD 384. Sien paragraaf 1.6 op bladsy 457 van hierdie verhandeling.
58. Artikel 14.
59. Sien voetnota 55.
60. Ibid.
61. "Entices"; in die Engelse teks.

62. Vergelyk R v R 1958(3) SA 145 (T); R v E 1957(4) SA 61 (GW); R v V 1958(4) SA 49 (T); R v J 1958(4) SA 488 (A).
63. Die oortreder moet nie "goeie gronde" hê om haar te "verweider" uit die regmatige beheer of bewaring van haar vader, eggenoot of voog. Vergelyk McKerron 168-9.
64. Milton en Fuller (1971) 362.
65. Ibid.
66. R v M 1949(4) SA 975 (N).
67. Dit is geoorloof volgens artikel 115(3).
68. Sien Milton en Fuller (1971) 362; R v Radebe 1944 NPD 5; R v Sabela 1952(4) SA 733 (N).
69. Bladsy 362.
70. Vergelyk artikel 115(1)(h). Geen gerapporteerde beslissings is beskikbaar nie.
71. Burchell en Hunt 227.
72. Olivier et al (1989) 336-7. 'n Ukungena-verbinding is bespreek in artikel 56. Sien bladsy 235 van hierdie verhandeling.
73. Sien Rex v Gotshongo 1913 NHC 24; Luthuli v Luthuli 1930 NAC 132 (C&O); Mhlongo and another v Sibeko 1937 NAC 34 (N&T).
74. Vergelyk met artikel 42 van die Kwazulu Wetboek.
75. Nou artikel 117(1).
76. Stafford en Franklin 297. Geen van ons skrywers bespreek die implikasies en gevolge van artikel 117(1).
77. R v Mazibuko 1945 NPD 276.
78. Bladsy 31.
79. Vir 'n bespreking van die legaliteitsbeginsel sien Snyman (1984) 31-9.
80. Snyman (1984) 34-5. In R v Dumezweni 1962(2) SA 751 (A) te 757 meld Steyn CJ dat "it is eminently desirable that there should be a precise definition of an offence and that its elements should not be uncertain".
81. Ibid. Dit wil sê, 'n vae of dubbelsinnige bepaling word streng uitgelê.
82. Lisbet v Bovula 1914 NHC 173.

83. Rex v Nxele 1949(1) SA 375 (N).
84. Vergelyk met artikel 18 van die Kinderwet No. 33 van 1960.
85. Ten opsigte van kinders.
86. Wet op Onderhoud No. 23 van 1963.
87. Onegte kinders ingeslote.
88. Artikel 4(1) van die Wet op Onderhoud No. 23 van 1963.
89. Sien artikel 11 van die Wet op Onderhoud No. 23 van 1963, en artikel 18 van die Kinderwet No. 33 van 1960.
90. Die Bylae tot die Kwazulu Wetboek

B I B L I O G R A F I E

BOEKE EN TYDSKRIFTE

AFKORTINGS:

CILSA - The Comparative and International Law Journal of South Africa

SALJ - The South African Law Journal

THRHR - Tydskrif vir Hedendaags Romeins-Hollandse Reg

TSAR - Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg

Ashton:

Ashton, H The Basuto 1952

Barnard en Cronje:

Barnard, A H en Cronje, D S P Persone en Familiereg 1979

Basson en Viljoen:

Basson, D A en Viljoen, H P Suid-Afrikaanse Staatsreg 1987

Bekker (1975):

Bekker, J C "Regspraak soos beoefen in die noord-oostelike Bantoe-appèlhof" 1975 De Jure 148

Bekker (1976-1):

Bekker, J C "Grounds of divorce in African customary marriages in Natal" 1976 CILSA 346

Bekker (1976-2):

Bekker, J C "Die Zoeloe Genees- en Kruiekundige in die Hedendaagse Reg" 1976 De Jure 89

Bekker (1989):

Bekker, J C Seymour's Customary Law in Southern Africa 1989 *

Bekker en Coertze (1976):

Bekker, J C en Coertze, J J J "The role of official witnesses in African customary marriages in Natal" 1976 De Rebus 601

Bekker en Coertze (1982):

Bekker, J C en Coertze, J J J Seymour's Customary Law in Southern

Africa 1982

Bekker en Coertze (1983):

Bekker, J C en Coertze, J J J "The Kwazulu act on the code of Zulu Law, 1981 1983 THRHR 285

Bennett:

Bennett, T W "Maintenance of minor children: A problem of adapting customary law to meet social change" 1980 Acta Juridica 115

Boberg:

Boberg, P Q R The Law of delicts 1984

Bouwer:

Bouwer, A P J Die beredderingsproses van Bestorwe Boedels 1978

Braadveldt:

Braasveldt, E N "The Zulu custom of Ukuvusa and Ukungena" 1940 THRHR 113

Brookes:

Brookes, E H White Rule in South Africa 1830-1910 1974

Bruwer:

Bruwer, J P Die Bantoe van Suid-Afrika 1956

Bryant (1960):

Bryant, A T Zulu Medicine and Medicine Men 1960

Bryant (1967):

Bryant, A T The Zulu People 1967

Büchner (1980):

Büchner, J J "Definition of a Black Person" 1980 De Rebus 183

Büchner (1982):

Büchner, J J "Inheemse Gewoontereg: Regskepping deur die appèlhowe vir kommissarishowe" 1962 De Rebus 158

Büchner (1983):

Büchner, J J "Die Trekpasgebruik van Inheemse gewoontereg" 1983 De

Rebus 583

Büchner (1984):

Büchner, J J "Word twee deelgenote se gebruiklike huwelik deur hul daaropvolgende huwelik ontbind?" 1984 De Jure 187

Burchell:

Burchell, J M The Law of Defamation in South Africa 1985

Burchell en Hunt:

Burchell, E M en Hunt, P M A South African Criminal Law and Procedure Volume I General Principles of Criminal Law 1970

Callaway:

Callaway, H The Religious System of the Amazulu 1970

Carpenter:

Carpenter, G Introduction to South African Constitutional Law 1987

Church (1979):

Church, J "Guardianship as an incident of the customary law of parent and child" 1979 CILSA 326

Church (1983):

Church, J "A new dispensation for Black women? A note on Act 6 of 1981 (Kwazulu)" 1983 CILSA 100

Coaker en Schultz:

Coaker, J F en Schultz, W P Wille and Millin's Mercantile Law of South Africa 1967

Coertze (1960):

Coertze, P J Inleiding tot die Algemene Volkekunde 1960

Coertze (1968):

Coertze, P J "Verslag van die Komitee insake reorganisasie van Bantoehowe en aanpassing in die Bantoereg" Dept. van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling Januarie 1968

Davel en Labuschagne (1979):

Davel, C J en Labuschagne J M I, "Die Sisa-kontrak" 1979 De Jure 277

Davel en Labuschagne (1980):

Davel, C J en Labuschagne, J M T "Die Sisa-kontrak" 1980 De Jure 108

De Clercq:

De Clercq, J L W Die Familie-, Erf-, en Opvolgingsreg van die Abakwamximela, met verwysing na Prosesregtelike Aspekte (Ongepubliseerde D Phil-Proefskrif, U P 1975)

Delpont en Olivier:

Delpont, H J en Olivier, N J J Sakereg Vonnisbundel 1985

De Wet en Van Wyk:

De Wet, J C en van Wyk, A H Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg 1978

Dlamini (1983-1):

Dlamini, C R M "The transformation of a customary marriage in Zulu Law 1983 CILSA 383

Dlamini (1983-2):

Dlamini, C R M "Recognition of a customary Marriage: A Postscript 1983 De Rebus 235

Dlamini (1983-3):

Dlamini, C R M "The New Legal Status of Zulu Women" Series B No. 37 Publication Series of the University of Zululand

Dlamini (1983-4):

Dlamini, C R M "A Judicial Analysis and critical Evaluation of lobolo in a changing Zulu Society" (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, U Z 1983)

Dlamini (1984-1):

Dlamini, C R M "Maintenance of Minor Children: The role of the courts in updating customary law to meet socio-economic changes" 1984 SALJ 346

Dlamini (1984-2):

Dlamini, C R M "The new legal status of Zulu women and traditional institutions" 1984 Speculum Juris 74

Dlamini (1984-3):

Dlamini, C R M "Seduction in Zulu Law" 1984 THRHR 18

Du Toit:

Du Toit, E Straf in Suid-Afrika 1981

Ellenberger en McGregor:

Ellenberger, D F en McGregor, J C History of Basuto 1912

Erasmus:

Erasmus, M G Die Staatregtelike Ontwikkeling van die Transkei (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, UNISA 1984

Fick:

Fick, J C Die Toepasbaarheid van die leerstelling van die Drieledige Differensiasie van Owerheidsmag met spesifieke verwysing na die Transkeise Politieke Stelsel (Ongebliseerde M Admin-verhandeling, UP 1973

Gelfand:

— Gelfand, M Witch Doctor (The Traditional Medicine Man of Rhodesia) 1964

Golden en Gelfand:

Golden, B en Gelfand, M African Law and Custom in Rhodesia 1975

Gordon:

Gordon, R "A plea for the acceptance of Bantu Law by our courts" 1969 Responsa Meridiana 31

Hahlo (1960):

Hahlo, H R ".... And save us from Codification" 1960 SALJ 432

Hahlo (1969)

Hahlo, H R The South African Law of Husband and Wife 1969

Hahlo (1985)

Hahlo, H R The South African Law of Husband and Wife 1985 •

Hahlo en Kahn:

Hahlo, H R en Kahn, E The Union of South Africa (The Development of its Laws and Constitution) 1960

Hammond-Tooke:

Hammond-Tooke, W D The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa 1974

Harries:

Harries, C L The Law and Customs of the Bapedi, and Cognate tribes of the Transvaal 1929

Hiemstra:

Hiemstra, V G Suid-Afrikaanse Strafprosesreg 1981

Hiemstra en Gonin:

Hiemstra, V G en Gonin, H L Drietalige Regswoordeboek 1981

Hlophe:

Hlophe, J M "The Kwazulu Act on the Code of Zulu Law, 6 of 1981 - a guide to intending spouses and some comments on the custom of Lobolo" 1984 CILSA 163

Holleman

Holleman, F D Bantoe-Regsgemeenskappe (n Diktaat) 1952

Hunt:

Hunt, P M A South African Criminal Law and Procedure Common Law Crimes Volume II 1970

Isakov:

Isakov, L E The Law of Succession through the Cases 1985

Joubert:

Joubert, D J General Principles of the Law of Contract 1987

Kachelhoffer:

Kachelhoffer, G C Die Betekenis van Ondergeskikte Wetgewing in die Administratiefreg in Suid-Afrika (Ongepubliseerde LL.D-Proefskrif, UNISA 1972

Kemp:

Kemp, K J "Die Skuldvereiste by laster: 'n Onlangse belanghebbende beslissing" 1982 De Jure 141

Kerr:

Kerr, A J The customary Law of Immovable Property and of Succession 1976

Khumalo:

Khumalo, J A M The Civil Practice of All Courts for Blacks in Southern Africa 1984

Krige:

Krige, E J The Social Systems of the Zulu 1950

Kritzinger et al:

Kritzinger, M S B Schoonees, P C en Cronje, U J Groot Woordeboek Afrikaans-Engels 1981

Labuschagne (1974):

Labuschagne, J M T Strafregspreekersbevoegdheid van Bantoe-kapteins en -hoofmanne in Suid- en Suidwes-Afrika 1974 De Jure 38

Labuschagne (1975):

Labuschagne, J M T "Aspekte van laster in die Bantoereg" 1975 Speculum Juris 21

Labuschagne (1983):

Labuschagne, J M T "Regspluralisme, Regsakkulturasie, en Deflorasie in die Inheemse Reg" 1983 TSAR 1

Labuschagne (1985):

Labuschagne, J M T "Regsakkulturasie die lobolo-kontrak en 'n gemeenregtelike huwelik" 1985 Speculum Juris 12

Labuschagne (1986):

Labuschagne, J M T "Deinjuryëring van Owerspel" 1986 THRHR 336

Labuschagne en Visser (1975):

Labuschagne, J M T en Visser, D P "Deliktuele Aanspreeklikheidsaksessoriteit in die Bantoereg" 1975 De Jure 159

Labuschagne en Visser (1976):

Labuschagne, J M T en Visser, D P "Deliktuele Aanspreeklikheidsaksessoriteit in die Bantoereg" 1976 De Jure 140

Maree:

Maree, L C J "Observations in delict in Zulu Law" (December) 1980 BULLETIN 23 (Published by Institute for Public Service and Vocational Training, University of Zululand)

Marwick:

Marwick, B A The Swazi 1940

McKerron:

McKerron, R G The Law of Delict 1971

Milton:

Milton, J R L "Defining Contempt of Court" 1968 SALJ 387

Milton en Fuller:

Milton, J R L en Fuller, N M South African Criminal Law and Procedure Vol III Statutory Offences 1971

Myburgh (1969):

Myburgh, A C "Reflections on delict among the South African Bantu in Ethnological and Linguistic Studies in Honour of N J van Warmelo Etnological Publications No 52 1969

Myburgh (1974):

Myburgh, A C "Law and Justice" Hammond-Tooke The Bantu Speaking Peoples of Southern Africa 1974

Myburgh (1981):

Myburgh, A C "Inheemse reg as reg" 1981 THRHR 229

Myburgh (1986):

Myburgh, A C Die Inheemse Staat in Suider Afrika 1986

Odendaal:

Odendaal, F F Schoonees, P C Swanepoel, C J Du Toit, S J en Booyesen, C M Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal 1984

Olivier (1975):

Olivier, W H "Die Staatsregtelike en Volkereg telike omvang van Tuislandburgerskap" 1975 Acta Juridica 273

Olivier et al (1981):

Olivier, N J J Olivier, N J J (Jnr) en Olivier, W H Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes 1981

Olivier et al (1989):

Olivier, N J J Olivier, N J J (Jnr) en Olivier, W H Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes 1989

Prinsloo (1983):

Prinsloo, M W Inheemse Publiekreg in Lebowa 1983

Prinsloo (1984):

Prinsloo, M W "Inheemse Reg: Uitsettingsbevel van 'n Stamhoof" 1984 TSAR 302

Prinsloo (1987):

Prinsloo, M W "Omskepping van 'n Inheemsregtelike huwelik in 'n Gemeenregtelike huwelik" 1987 TSAR 242

Reader:

Reader, D H A Zulu tribe in Transition 1966

Rogers:

Rogers, H Native Administration in the Union of South Africa 1949

Sanders:

Sanders, A J G M South Africa in need of law reform 1981

Schapera:

Schapera, I The Bantu Speaking Tribes of South Africa 1966

Snyman:

Snyman, C R Criminal Law 1984

Spiro:

Spiro, E "Non-Compliance with Order of Court" 1969 SALJ 65

Stafford en Franklin:

Stafford, W G en Franklin, E Principles of Native Law and the Natal Code 1950

Steyn:

Steyn, L C Die Uitleg van Wette 1981

Sykes:

Sykes, J B (ed) The Concise Oxford Dictionary of Current English 1983

Van der Merwe:

Van der Merwe, C G Sakereg 1979

Van der Merwe en Olivier:

Van der Merwe, N J en Olivier, P J J Die Onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse Reg 1980

Van der Vyver en Joubert:

Van der Vyver, J D en Joubert, D Persone- en Familiereg 1985

Van der Walt:

Van der walt, J C Delict: Principles and Cases 1979

Van Winsen et al:

Van Winsen, L de V Eksteen, J P en Cilliers, A C The Civil Practice of the Superior Courts in South Africa 1979

Van Zyl en Van der Vyver (1982)

Van Zyl, F J en Van der Vyver, J D Inleiding tot die Regswetenskap 1982

Venter (1975):

Venter, F "Bantoeburgerskap en tuislandburgerskap" 1975 THRHR 239

Venter (1978):

Venter, F Die Suid-Afrikaanse Bantoestaatsreg (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, P U vir C H O 1978)

Vilakazi:

Vilakazi, A Zulu Transformations 1965

Warner:

Warner, H W A Digest of South African Native Civil Case Law 1961

Welsh (1971):

Welsh, D J The Roots of segregation (Native policy in Colonial Natal

1845-1910) 1971

Whitfield:

Whitfield, G M B South African Native Law 1948

Wiechers (1981):

Wiechers, M Verloren van Themaat Staatsreg 1981

Wiechers (1984):

Wiechers, M Administratiefreg 1984

KWAZULU WETBOEK INDEKS

Artikel	Bladsy	Artikel	Bladsy	Artikel	Bladsy
1	13	25	155	49	218
2	16	26	156	50	221
3	18	27	170	51	222
4	18	28	175	52	224
5	38	29	175	53	228
6	44	30	176	54	228
7	47	31	176	55	233
8	67	32	178	56	233
9	71	33	179	57	238
10	78	34	181	58	260
11	79	35	188	59	263
12	102	36	193	60	265
13	106	37	197	61	266
14	110	38	198	62	267
15	115	39	199	63	271
16	119	40	204	64	274
17	128	41	204	65	279
18	130	42	208	66	281
19	134	43	208	67	285
20	142	44	209	68	297
21	142	45	209	69	303
22	149	46	212	70	304
23	150	47	212	71	311
24	153	48	212	72	305

Artikel	Bladsy

73	314

74	315

75	317

76	319

77	321

78	321

79	331

80	334

81	334

82	348

83	354

84	354

85	354

86	365

87	367

88	367

Artikel	Bladsy

89	371

90	373

91	379

92	383

93	384

94	384

95	392

96	395

97	392

98	397

99	404

100	404

101	407

102	409

103	413

104	416

Artikel	Bladsy

105	431

106	435

107	437

108	437

109	437

110	437

111	439

112	440

113	442

114	443

115	448

116	461

117	461

118	464

119	465

120	465